'n Regshistoriese studie van die finale oorgawe van die Oranje-Vrystaat se konvensionele magte gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)

JH DE BRUIN

'n Regshistoriese studie van die finale oorgawe van die Oranje-Vrystaat se konvensionele magte gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899–1902)

Jan Hendrik de Bruin

B.Iur., LL.B., LL.M. (U.O.V.S.)

Advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika

Voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad *Doctor Legum* in die Fakulteit Regsgeleerdheid,

Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking,

aan die Universiteit van die Vrystaat

Promotor:

Professor doktor J.J. Henning B.Iur., LL.B., LL.D. (U.O.V.S.)

Mede-promotor:

Professor doktor A. Wessels B.A., B.A. Hons., M.A., Ph.D. (U.O.V.S.)

Voorwoord ..... **x**

Begrippe ..... **xii**

Afkortings ..... **xvi**

Hoofstuk 1 Inleiding **1**

1. Inleiding 1
2. Afbakening en struktuur 3
3. Gebrekkige dokumentasie 5
4. Bronne 8
5. Titels, ampte, range en bekendstelling 10

Afdeling A Die oorsake van die oorgawe **12**

Hoofstuk 2 Gebreke in bevel en beheer: Die kiem van die oorgawe **13**

1. Inleiding 13
2. OVS militêre wetgewing 14
3. Die staatspresident 17
   3.1 Opperbevel van die krygsmag 17
   3.2 Die krygskommissie 21
   3.3 Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens eenen oorlog 24
4. Krygsrade en krygsvergaderings 25
5. Krygsorganisasie in 1899 27
6. Die gewysigde bevelstruktuur van 1900 33
7. Gevolgtrekkings 41

Hoofstuk 3 Verowering deur proklamering? **43**

1. Inleiding 43
2. Britse proklamasies 46
   2.1 Proklamasie I van 1900 46
   2.2 Proklamasie III van 1900 50
3. Die OVS reageer op Britse proklamasies 55
4. Wankelende staatsgesag? 56
5. Die voortgesette OVS oorlogspoging 60
6. Verowering van die OVS 62
   6.1 Besetting 63
   6.2 Verowering 64
   6.3 Proklamering 66

6.4 Die situasie in die OVS? 66
7. OVS reaksie op die proklamering 69
8. Rebelle? 70
9. Die beëindiging van die oorlog sonder 'n vredesooreenkoms 72
10. Gevolgtrekkings 74

Hoofstuk 4 Die wankelende staatsgesag 77

1. Inleiding 77
2. OVS uitvoerende gesag 79
2.1 Staatspresident 79
2.2 Regeringsetel 80
2.3 Uitvoerende raad en staatsdiens 81
3. Volksraad 84
4. Howe 87
4.1 Landdroste en landdroshowe 87
4.2 Militêre howe 88
4.3 Hooggeregshof 90
5. Vredespoging 91
6. Britse bestuur in die ORC 92
7. Verraad? 93
8. Gevolgtrekkings 94

Afdeling B Die oorgawe 97

Hoofstuk 5 'n Krygstrategie vir die voortsetting van die oorlog 99

1. Inleiding 99
2. Die topografie van die gebied 100
3. Waarom die Brandwaterkom? 103
4. Militêre geskiktheid 108
5. Krygsmoreel na afloop van die geveg te Bethlehem 110
6. Die formulering van die krygstrategie 111
6.1 Die outeur van die krygstrategie 113
6.2 'n Prioriteit in die Brandwaterkom binne die krygstrategie? 116
6.3 Die geformuleerde krygstrategie 122
6.3.1 Die tweede krygstrategie (3 + 1) 122
(a) Die krygstrategie omskryf 122
(b) Eerste krygsafdeling of hoofmag 123
(c) Tweede of Roux-krygsafdeling 124
(d) Derde of Hattingh-krygsafdeling 125
(e) Die wag of Brandwaterkom-krygsafdeling 127
6.3.2 Die eerste krygstrategie (2+1) 130

(a) Die krygstrategie omskryf 131
(b) Die wysiging van die krygstrategie 132
(c) Offisiere, burgers en regeringsamptenare 134
(d) Die Grobler-/A.M. Prinsloo-alternatief 137
(e) Die P.D. Potgieter-alternatief 139
(f) Ander alternatiewe 141
6.3.3 Geheimhouding 143
6.3.4 Die tweede krygstrategie sonder meer aanvaar 144
6.4 Enkele verdere opmerkings oor die krygstrategie 147
7. Gevolgtrekkings 148

Hoofstuk 6 Die aanstelling van M. Prinsloo as bevelvoerder 152

1. Inleiding 152
2. Rang tot en met die bepaling van die krygstrategie 153
2.1 Die Winburg-kommando 154
2.2 Prinsloo 159
3. Status na bepaling van die krygstrategie 163
3.1 Hoof van die wag 164
3.2 Hoof van 'n kleinere krygsafdeling 166
3.3 Die groter Brandwaterkom-krygsafdeling 167
4. Geskiktheid vir verdere bevel? 168
5. Aanstelling as 'n waarnemende hoofkommandant 173
6. Moontlike kennis van die tweede krygstrategie 176
7. Gevolgtrekkings 178

Hoofstuk 7 Versuim ten opsigte van die krygstrategie 180

1. Inleiding 180
2. Krygsorganisasie voor die vertrek van die staatspresident 182
3. Die hoofmag verlaat die Brandwaterkom 186
4. Die beskuldiging van Amery 189
5. P.H. Roux 192
6. Die geskil tussen Roux en Prinsloo 195
7. Die beslegting van die geskil 198
8. Die uiteinde van die geskil 203
9. Die krygsmoreel in die Brandwaterkom 207
10. Gevolgtrekkings 207

Hoofstuk 8 'n Britse deurbraak en 'n alternatiewe OVS krygstrategie 210

1. Inleiding 210
2. Hunter se krygstrategie 211
3. Die Britse aanvalle 213

3.1 Retiefsnek 214
3.2 Slabbertsnek 216
3.3 Witnek, Nelspoort en Moolmanshoek 219
3.4 Commandonek 220
4. Nauwpoort 220
5. Die derde doelstelling van die eerste krygstrategie misluk 222
6. Krygsmoreel na afloop van die inval van die Brandwaterkom 225
7. 'n Alternatiewe krygstrategie 227
8. Die krygsvergadering te Fouriesburg 229
8.1 Bevel 229
8.2 Die keuse van 'n uitgangsroete 231
8.3 Beweeglikheid van kommando's 234
8.4 Deserteurs, vlugtelinge en krygsgevangenes 235
9. Gevolgtrekkings 236

Hoofstuk 9 Die vooraand van die oorgawe 238

1. Inleiding 238
2. Verdere Britse suksesse 240
3. Verdere verwikkelinge te Nauwpoort 241
4. Verdere bewegings van die OVS krygsafdelings 246
5. Die krysgvergadering van 27 op 28 Julie 1900 248
5.1 Die verkiesing van 'n hoofkommandant 248
5.2 Oorgawe, wapenstilstand of weerstand? 254
5.3 Evaluering van die krygsvergaderingbesluite 257
6. Prinsloo neem die bevel op 28 Julie 1900 oor 258
7. Die Slaapkrans-geveg 260
7.1 Die belang van die stelling te Slaapkrans 260
7.2 Bevelvoerder te Slaapkrans 262
7.3 Die verlies van die Slaapkransstellings 263
8. Die kritiek van Roux teenoor die bevel van Prinsloo 265
8.1 Die keuse van die Slaapkransstellings 265
8.2 Inwerkingstelling van die besluit 266
9. Gevolgtrekkings 268

Hoofstuk 10 Die onderhandelinge op 29 Julie 1900 271

1. Inleiding 271
2. Die militêre situasie na afloop van die geveg te Slaapkrans 273
3. Die besluit om te onderhandel 279
4. Prinsloo se skrywe aan Hunter 280
4.1 Die status van die dokument 281
4.2 Die hoedanigheid waarin Prinsloo die skrywe onderteken 282

4.3 Die bevel van Prinsloo 283
4.4 Wapenstilstand....283
4.5 Bevoegdheid om vrede te sluit of oor te gee 284
5. Die antwoord van Hunter....287
6. Prinsloo se antwoord 288
7. Hunter se antwoord 291
7.1 Persone teenwoordig 292
7.2 Plek van die ontmoeting....292
7.3 Die inhoud van die gesprek....294
8. Prinsloo se finale skrywe 295
9. S.G. Vilonel....296
10. Volmag om te onderhandel 298
11. Waarom het Prinsloo vir Vilonel as onderhandelaar gebruik? 298
12. Finalisering van die oorgawe....300
13. Bekendheid van die onderhandelinge 302
14. Die bedingde voorwaardes....303
15. Gevolgtrekkings....306

Hoofstuk 11 Die oorgawe op 30 Julie 1900 en daarna....309

1. Inleiding....309
2. 'n Dilemma vir Hunter 310
3. Bevel tot oorgawe....314
4. Die nuwe hoofkommandant....318
5. Die oorgawe van Prinsloo....325
6. Verdere oorgawes 329
7. Verdere besluite....330
8. 'n Poging om die oorlog tot 'n einde te bring....332
9. Uitsonderings op die bedingde voorwaardes 334
10. Gevolgtrekkings....336

Afdeling C Die gevolge van die oorgawe....338

Hoofstuk 12 Gevolge, verowering, redes en misdade....339

1. Inleiding....339
2. Die verowering van die OVS 339
2.1 Vereistes vir verowering....339
2.2 Die Vrede van Vereeniging 345
3. Redes vir die oorgawe....347
3.1 Bevel 347
3.2 Status van offisiere....350
3.3 Britse proklamasies....351

3.4 Krygsvergaderings, verkiesings en dissipline 351
3.5 Verkeerde krygstrategie 352
3.6 Die aanstelling van Prinsloo 354
3.7 Versuim om die gewysigde krygstrategie te kommunikeer 355
3.8 Gebruik van persoonlike eiendom in die oorlog 356
4. Gevolge van die oorgawe 357
5. Misdade 359
5.1 Inleiding 359
5.2 Statutêre omskrywing van hoogverraad 360
5.2.1 Die misdaad omskryf 360
5.2.2 Die misdade onderskei 361
(a) 'n Ingesetene 365
(b) Sonder toestemming 366
(c) Vreemde moondheid 366
(d) Doel 367
(e) Die OVS 367
(f) Vryheid en onafhanklikheid 368
5.2.3 Waarom hoogverraad 368
5.2.4 M. Prinsloo 370
5.2.5 Moontlike versagting 372
5.3 *Perduellio* of *crimen maiestatis* 372
5.3.1 Die misdaad omskryf 372
5.3.2 Vorme van gekweste majesteit 379
(a) Oorgawe sonder 'n geldige rede 379
(i) M. Prinsloo 381
(ii) M.T. Steyn 382
(b) Versuim om bevel neer te lê 383
(c) Bevel in die steek laat 386
(d) Die uitvoering van staatsfunksies sonder magtiging 387
(e) Oproer 389
5.4 Verraderlike verstandhouding met die vyand 390
5.5 Pligsversuim 390
5.5.1 C.R. de Wet 391
5.5.2 M. Prinsloo 392
5.5.3 P.H. Roux 393
5.5.4 F.J.W.J. Hattingh 394
5.5.5 J.F. Potgieter 395
5.5.6 Burgers 395
5.6 Oorlogsmisdade 396
6. Die rol van die OVS staatspresident in die oorgawe 397

7. Gevolgtrekkings 401

Hoofstuk 13 Slot 403

Aanhangsel A Kennisgewings en proklamasies uitgevaardig kragtens die bepalings van Wet 34/1899 409

Aanhangsel B Volksraadslede 411

Bronnelys 419

1. Argivale bronne 419
   1.1 The National Archives, Londen, Kew (TNA) 419
   1.2 National Army Museum, Londen (NAM) 420
   1.3 National War Museum of Scotland, Edinburgh (NWMS) 420
   1.4 Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein (OMBR) 420
   1.5 Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB) 421
   1.6 Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (VAB) 422
2. Staatspublikasies 423
   2.1 Wette 423
      2.1.1 OVS 423
      2.1.2 Zuid-Afrikaansche Republiek 424
   2.2 Ander 424
3. Hofuitsprake 425
4. Koerante 425
5. Boeke 426
6. Tydskrifartikels 434
7. Verhandelinge en proefskrifte 437
8. Brosjures 438

Vir Léana, Daniël en Jan-Hendrik

Voorwoord

'n Studie van dié omvang kan nooit sonder die medewerking van talle persone afgehandel word nie. Dit is egter onmoontlik om alle persone by name te noem en te bedank vir hulle besondere bydrae gelewer of rol vervul. Tog wil ek langs hierdie weg 'n paar name uitsonder.

My dank ook aan professor André Wessels, die mede-promotor van hierdie studie. Hy was veral met die bemeestering van die geskiedenis behulpsaam. In hierdie opsig het hy gehelp om dit te ontsluit en so 'n raamwerk daar te stel waarbinne persone en insidente beskryf en beoordeel kon word. Sonder sy waardevolle insette sou die historiese gedeelte van die studie nie tot sy reg gekom het nie.

Aan professor Johan Henning, my promotor en mentor oor jare heen, seker die grootste woord van dank. Sy geloof, bydraes en besondere insette het die studie moontlik gemaak. Hy het nie alleen die rol van studieleier vervul nie, maar ook departementshoof en dekaan. In hierdie hoedanighede het hy aan my, binne 'n klein fakulteit en departement, ruim geleentheid gebied om die studie te voltooi. Sy bydrae gaan ook verder in my eie vorming as akademikus en juris. Daarom, 'n besondere woord van dank.

Ek kan ook nie nalaat om ook my dank aan my alma mater, die Universiteit van die Vrystaat, sowel as die Fakulteit Regsgeleerdheid en kollegas te betoon nie. In die besonder 'n woord van dank aan professor Neels Swanepoel en doktor Daan Müller. Hierdie twee persone was altyd gereed met raad, bystand, vriendskap en tegniese versorging van die studie.

Ander persone wat ook 'n bydrae gelewer het is mevrou Hesma van Tonder van die SASOL-Biblioteek, mejuffrou Laetitia Fourie (navorsingsassistent: 2006-2007), mejuffrou Brunhilde Rossouw (navorsingsassistent: 2008-2009) en meneer Johan Wolfaard (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke). Ook aan meneer en mevrou Dieter en Cathy Drost 'n woord van dank vir hulle hulp met die ontsluiting van die Nederlandse bronne. Die taalversorging van die manuskrip is deur mevrou Ilse Smalberger behartig.

Graag wil ek my eggenoot, Léana, bedank vir haar volgehoue ondersteuning en aanmoediging in die studie. Ek wil graag hierdie werk aan haar en ons twee seuns, Daniël en Jan-Hendrik, opdra.

Die laaste woord van dank aan my Skepper. In die koeltebome van Sy genade is hierdie studie voltooi – daarom ook aan Hom al die eer.

J.H. de Bruin, Bloemfontein, 30 November 2009

Begrippe

Amptelike bronne: Die begrip amptelike bronne is 'n verwysing na Oranje-Vrystaat (OVS) staatsdokumentasie in die vorm van amptelike verslae aan die regering, telegramme en ander amptelike geskrifte.

Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika: Veldmaarskalk lord F.S. Roberts het ten tyde van die gebeure in die aanloop tot, en ook ten tyde van, die oorgawe as Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika diens gedoen.

Dagboeke: Hierdie term verwys na dagboeke gehou deur persone wat tydens die verloop van die oorlog teenwoordig was. Dagboeke bevat dikwels verwysings na mededelings, wat in bepaalde gevalle nie geverifieer kan word nie. Die oogmerk van die skrywer moet ook in baie gevalle, veral ten opsigte van die oorgawe van die konvensionele magte, verreken word.

Eerste krygstrategie: Die eerste krygstrategie verwys na die krygstrategie soos kort na afloop van die geveg te Bethlehem deur C.R. de Wet, in 'n telegram aan die ZAR regering, geformuleer is. 'n Tweede of alternatiewe weergawe van die krygstrategie word deur De Wet in sy herinneringe beskryf, wat na afloop van die oorlog gepubliseer is.[1] Die eerste krygstrategie veronderstel dat die groter Brandwaterkom-krygsafdeling, onder bevel van waarnemende hoofkommandant M. Prinsloo, vir die beskerming van die gebied, vlugtelinge en ander eiendom verantwoordelikheid sou neem.[2]

Geveg te Bethlehem: Die geveg te Bethlehem het op 6 en 7 Julie 1900 plaasgevind. Na afloop van die geveg het die grootste gedeelte van die OVS krygsmag na die gebied, bekend as die Brandwaterkom, teruggeval. 'n OVS krygsafdeling, onder die bevel van waarnemende hoofkommandant F.J.W.J. Hattingh, het hulle in die onmiddellike omgewing van die Brandwaterkom bevind.

Groter Brandwaterkom-krygsafdeling: Hierdie krygsafdeling sou, volgens die eerste krygstrategie, in die Brandwaterkom gestasioneer wees. Dit wil voorkom of hierdie krygsafdeling ook dié van Hattingh ingesluit het.

---

1 Sien tweede krygstrategie, *infra*.

2 Vir 'n volledige bespreking van die eerste krygstrategie sien onderafdeling 6.3.2, hoofstuk 5, *infra*.

Herinneringe: In die studie verwys herinneringe na geskrifte opgestel deur persone, wat tydens die gebeure hieronder bespreek, teenwoordig was. Hierdie geskrifte neem die vorm van boeke, dagboeke, briewe en ander geskrifte aan. Herinneringe kan vir die doel van die studie in twee kategorieë verdeel word, naamlik geskrifte geskryf direk of kort na afloop van die oorlog, of geskrifte geskryf etlike jare na afloop van die oorlog. Ten opsigte van laasgenoemde kategorie is daar die gevaar dat die beskrywings daarbinne vervat gewoonlik die produk van geheue is, wat oor jare heen deur besprekings en die lees van ander geskrifte beïnvloed kon word.

Konvensionele magte: Met konvensionele magte word bedoel die OVS krygsmag soos hoofsaaklik gekonstitueer ooreenkomstig die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet*.[3] Na afloop van die oorlog het hierdie wet steeds as grondslag van die oorblyfsels van die OVS krygsmag gedien. Daar is egter aanpassings, wysigings en verandering gemaak met die doel om die oorblywende magte vir guerillaoorlogvoering te rat.

Konvensionele oorlogvoering: Oppenheim beskryf oorlog as 'n geskil tussen twee of meer state wat deur middel van gewapende magte gevoer word. Die doel van die gewapende geskil is om die ander staat of state deur middel van geweld te dwing om 'n vrede te sluit wat gunstig vir daardie staat is. Guerillaoorlogvoering kan 'n onderdeel van konvensionele oorlogvoering vorm. Ten opsigte van die OVS was guerillaoorlogvoering die enigste wyse van oorlogvoering na Julie 1900. Die oorblyfsels van die OVS krygsmag, wat nie in die oorgawe van 30 Julie 1900 ingesluit is nie, is in klein afdelings verdeel.[4]

Krygsafdeling: 'n Aantal kommando's is in 'n krygsafdeling saamgegroepeer. Hierdie groepering se samestelling het hoofsaaklik op die besluit van òf opperbevelhebber òf opperbevelvoerder òf krygskommissie berus.

Krygsrade: Krygsrade het as krygshowe, kragtens die *Krijgs- en Commandowet*[5] van 1899, opgetree. In talle geskrifte word die begrip krygsrade ook gebruik om na 'n militêre besluitnemingsliggaam te verwys. Ten einde 'n duidelike onderskeid te tref, word laasgenoemde liggaam as 'n krygsvergadering beskryf.

---

3 Wet 10/1899.

4 L. Oppenheim, *International law: a treatise* 2, pp. 60.

5 *Ibid*.

Krygsvergaderings: Talle militêre besluite was die produk van krygsvergaderings. Die gebruik bestaan ook om na sodanige vergaderings as krygsrade te verwys. Met die begrip krygsraad word egter 'n militêre hof, soos in die *Krijgs- en Commandowet*[6] beskryf, veronderstel en nie 'n militêre besluitnemingsliggaam nie. Ten einde deurgaans 'n onderskeid te tref, word na hierdie tipe vergadering as 'n krygsvergadering verwys.

Opperbevelhebber: Om verwarring te voorkom, word 'n onderskeid getref tussen die staatshoof, wat *ex officio* ook as hoof van die krygsmag gedien het, en die persoon wat in bevel van die dag-tot-dag aktiwiteite van die krygsmag gestaan het. Hieronder word na die staatspresident as die opperbevelhebber verwys, terwyl die latere hoofkommandant, kragtens die gewysigde opperbevel, die opperbevelvoerder was.

Opperbevelvoerder: Tot en met Julie 1900 was die staatspresident beide die opperbevelhebber en opperbevelvoerder van die OVS krygsmag. Dit sal duidelik blyk dat De Wet se aansprake op die opperbevelvoerderskap van die krygsmag, voor Julie 1900, twyfelagtig was. Na die oorgawe het De Wet wel as opperbevelvoerder van die OVS krygsmag opgetree.

Oranje-Vrystaat: Daar is drie amptelike skryfwyses van die naam van die Oranje-Vrystaat: Oranjevrijstaat,[7] Oranje Vrijstaat[8] of Oranje Vrystaat.[9] Vir die doel van hierdie studie word daar na die staatkundige entiteit as die Oranje-Vrystaat (OVS) verwys.

Roux-krygsafdeling: Waarnemende hoofkommandant P.H. Roux was die bevelvoerder van die krygsafdeling. In beide weergawes van die krygstrategie (eerste en tweede krygstrategie) het Roux opdrag ontvang om die krygsafdeling uit die Brandwaterkom na sy toegewese operasionele gebied te verskuif, en daar militêre operasies uit te voer.

Staatspresident: Die staatspresident van die OVS, naamlik M.T. Steyn.

Tweede krygstrategie: Die tweede krygstrategie verwys na die krygstrategie, wat na afloop van die geveg te Bethlehem geformuleer is. Hierdie krygstrategie is na alle waarskynlikheid kort na afloop van die eerste krygstrategie geformuleer.[10] Hierdie

---

6 *Ibid*.

7 Sien byvoorbeeld die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* vir die vorm van skryfwyse.

8 Wet 13/1897. Hierdie skryfwyse word ook vanaf 27 Maart 1900 in die staatskoerante van die OVS gebruik.

9 Hierdie skryfwyse word gebruik in die *Constitutie van den Oranje Vrystaat* (1854) wat op 10 April 1854 deur die Volksraad aanvaar is.

10 Sien eerste krygstrategie, *supra*.

krygstrategie en beskrywing daarvan berus hoofsaaklik op die herinneringe van De Wet, wat na afloop van die oorlog gepubliseer is. Die tweede krygstrategie veronderstel dat daar alleen 'n kleiner wag/krygsafdeling in die Brandwaterkom gelaat sou word. Die res van die OVS krygsmag sou in ander gebiede in die OVS militêre operasies onderneem, met die doel om Britse besetting òf te frustreer, òf die Britse besetters te verdryf.[11]

Wag- of Brandwaterkom-krygsafdeling: 'n Wag, waarvan die presiese samestelling onseker is. Die wag sou in die Brandwaterkom stelling inneem, met die doel om die toegangsroetes te beskerm. Sou die Britse magte egter poog om die Brandwaterkom te verower, moes die wag hulle posisies verlaat. Laasgenoemde gebruik van die wag hou ten nouste verband met die tweede krygstrategie, soos deur De Wet geformuleer.

[11] Vir 'n volledige bespreking van die tweede krygstrategie sien onderafdeling 6.3.1, hoofstuk 5, *infra*.

Afkortings

CAC: Churchill Archives Centre

DO: Dominions Office

FO: Foreign Office

GS: Goewermentsekretaris

HG: Hooggeregshof

KG: Kommandant-generaal

NAM: National Army Museum, Londen, Verenigde Koningkryk

NWMS: National War Museum of Scotland, Edinburgh, Verenigde Koningkryk

OMBR: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, Republiek van Suid-Afrika

ORC: Orange River Colony

OVS: Oranje-Vrystaat[12]

s.a: *Sine anno*

TNA: The National Archives, Kew, Londen, Verenigde Koningkryk

TAB: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

UR: Uitvoerende Raad

VAB: Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein, Republiek van Suid-Afrika

Vn: Voetnoot

WO: War Office

ZAR: Zuid-Afrikaansche Republiek

[12] Sien omskrywing van Oranje-Vrystaat, *supra*.

Hoofstuk 1

Inleiding

1. Inleiding

Hierdie studie handel met die oorsake, verloop en gevolge van die finale oorgawe van die Oranje-Vrystaat (OVS) se konvensionele magte gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).[1] Die OVS het as bondgenoot van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) tot hierdie oorlog toegetree.[2] Gedurende die verloop is die OVS spoedig meer direk by die oorlog betrek, deurdat sy grondgebied deur die Britse magte ingeval is.

Die oorgawe van die OVS se konvensionele magte op 30 Julie 1900, is vanuit 'n volkeregtelike perspektief van besondere belang. Die volkereg word gedefinieer as die geheel van reëls voortspruitende uit gebruike en/of konvensies, wat tussen state geld en as regtens afdwingbaar beskou word. Die oorlogsreg is 'n onderafdeling van die volkereg wat in tyde van 'n oorlog geld.[3] In die studie word deurgans na die volkereg verwys, wat ook die oorlogsreg insluit.

Die vraag ontstaan of die OVS krygsmag in sy konvensionele vorm opgehou het om te bestaan. Met konvensionele krygsmag word hier verwys na die OVS krygsmag,

---

1 Wessels verdeel die Anglo-Boereoorlog in vier hooffases: “Die eerste drie hooffases was semikonvensionele fases, naamlik die beperkte Boere-offensief (Oktober-November 1899), die eerste Britse offensief (November 1899-Februarie 1900) en die tweede Britse offensief (Februarie-November 1900). Die vierde hooffase was die guerillafase (Maart 1900-Mei 1902). Aangesien die eerste guerillagevegte reeds tydens die tweede Britse offensief plaasgevind het, kan 'n oorgangsfase (Maart-November 1900) geïdentifiseer word.” A. Wessels, “Militêre krygstrategie tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): 'n herbesinning”, *Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing*, 2001, p. 15. Sien ook A. Wessels, *The phases of the Anglo-Boer War 1899-1902*, pp. 4-19, 22-42; A. Wessels, “Die fases van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): 'n Funksionele indeling”, *Acta Academica*, 1991, pp. 57-60. Vir 'n verdere bespreking sien A. Wessels, “Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase” (proefskrif), 1986. Volgens hierdie indeling het die oorgawe tussen fase 3 en 4 plaasgevind. Op 30 Julie 1900, met die oorgawe in die OVS, het konvensionele oorlogvoering tot 'n einde gekom. Hierna het die gedeelte van die krygsmag, wat nie onderwerp is nie, die oorlog deur middel van guerilla-oorlogvoering voortgesit.

2 S.C. Neff, *War and the law of nations*, pp. 263-264.

3 L. Oppenheim, *International law: a treatise* 1, p. 1. Sien ook Oppenheim, 2, p. 78.

soos gekonstitueer in die vorm van militêre wetgewing.[4] Indien dit wel die geval was, sou die oorgawe daarom die oomblik kan aandui waarop die OVS as staat opgehou het om te bestaan. Ten einde te bepaal of dit wel die geval is, is dit nodig om met die vereistes van die volkereg te handel. Voorts sal met die historiese gebeure gehandel word om te bepaal of daar wel aan die vereistes van die volkereg voldoen is.

Voorts word gepoog om te bepaal of die oorgawe alleen die gevolg van suksesvolle Britse militêre operasies was. Die studie, in die beantwoording van dié vraag, handel met die samestelling van die bevel van die OVS krygsmag, sowel as ander vereistes deur wetgewing bepaal. Die doel is om te bepaal of daar enigsins gebreke in die wetgewing bestaan het en of sodanige gebreke tot die oorgawe aanleiding gegee het. Daarmee tesaam het die Britse oorlogspoging 'n reeks proklamasies ingesluit, wat ten doel gehad het om die OVS oorlogspoging tot 'n einde te bring.

Die studie ondersoek dus ook die proklamasies, met die doel om te bepaal of dit aan die vereistes van die volkereg voldoen het, en of dit in verband met die oorgawe gebring kan word. Voorts word talle bewerings van die pleeg van misdade, sowel as onwettige handelinge wat in verband met die oorgawe staan, gemaak. Ten einde die vrae in die nodige perspektief te plaas, is dit weer eens nodig om met die historiese gebeure aanleidend tot die oorgawe, en die oorgawe self, te handel ten einde te bepaal of hierdie bewerings wel gegrond is.

Voordat verder gegaan word, is dit nodig om kortliks hier die misdade te omskryf. Volgens die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* vind hoogverraad plaas wanneer 'n ingesetene, sonder verlof van die Volksraad, hom tot 'n vreemde moondheid wend met die doel om die OVS in enige opsig van sy vryheid en onafhanklikheid te ontneem, of onder die gesag van 'n vreemde moondheid te plaas.[5]

Geen omskrywing van gekweste majesteit kon in die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* gevind word nie. By gebreke is die *Digesta* en die kommentaar van gemeenregtelike skrywers geraadpleeg, ten einde verdere inhoud daaraan te gee. Vier vorme is moontlik van toepassing op die gebeure. Die eerste is waar 'n bevelvoerder sonder 'n geldige rede sy magte oorgee. Gekweste majesteit vind ook plaas wanneer 'n bevelvoerder versuim om sy bevel te ontruim nadat 'n opvolger

---

4 Die volgende wette is van toepassing: Die *Krijgs- en Commandowet* (Wet 10/1899); die *Wet omtrent het kiezen van Hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet* (Wet 33/1899); *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens oorlog* (Wet 34/1899); *Aanvulling van Hoofdstuk XL* (Wet 13/1897).

5 Artikel 1(A) van Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.

aangewys is. Voorts vind gekweste majesteit plaas waar 'n bevelvoerder sy bevel in die steek laat. Gekweste majesteit kan ook plaasvind waar 'n persoon staatsfunksies verrig, sonder dat hy behoorlik daartoe gemagtig is.[6] Hierdie vorme sal op die gebeure, soos in die studie uiteengesit, van toepassing gemaak word ten einde te bepaal of die misdade wel gepleeg is.

Pligsversuim handel weer met versuim om strikte gehoorsaamheid aan die wettige opdragte van bevelvoerders te betoon.[7] Met verwysing na oorlogsmisdade is slegs een vorm, wat met die oorgawe verband hou, geïdentifiseer naamlik 'n verbreking of skending van 'n oorgawe. Hierdie studie poog verder om te bepaal of die bewerings, dat die oorgawe van onwettige handelinge deurspek is, enigsins gegrond is.

Bewerings van hoogverraad, gekweste majesteit, pligsversuim en onwettige handelinge staan in noue verband tot talle beskrywings van die oorgawe. Gevolglik is dit nodig om te bepaal of hierdie bewerings enigsins regtens verantwoordbaar is. Hierdie aspek noodsaak 'n historiese rekonstruksie van die gebeure, met die doel om te bepaal of bogenoemde misdade wel ter sprake is.

Die bevindinge in die studie kan 'n besondere negatiewe lig op bekende en selfs geliefde historiese figure werp. Juis om hierdie rede is daar gepoog om so volledig moontlik met die historiese sy van die gebeure te handel. Daarmee tesaam is die gevaar groot dat, indien selektief met die gebeure gehandel word, die indruk geskep kan word dat die gebeure op so wyse geplooi is om die bevindinge in die studie te onderskryf.

2. Afbakening en struktuur

Die oorgawe was in die eerste plek die gevolg van bepaalde gebreke wat in die OVS militêre wetgewing bestaan het. Die gebeure in aanloop tot die oorgawe van 30 Julie 1900, staan in direkte verband tot bepaalde besluite wat op die vooraand van die oorlog geneem is. Derhalwe ontstaan die vraag of hierdie gebreke bekend was, en of daar enigsins gepoog is om sodanige gebreke by te lê. Indien nie, gegewe die besondere ernstige aard van die oorgawe, kan die versuim as besonder ernstig uitgewys word.

---

6 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5.3.2(a), hoofstuk 12, *infra*.

7 Artikel 64 (Wet 10/1899).

Die Britse inval in die OVS het verder 'n reeks gebeure tot gevolg gehad, wat sy nadraai in die oorgawe gevind het. Hierdie gebeure sluit 'n aantal Britse proklamasies, sowel as die proklamering van die OVS tot Britse gebied in. Ten einde tot so 'n proklamering oor te gaan, het die volkereg vereis dat die gebied verower moet wees. Dit beteken dat die opponerende magte uit die gebied verdryf, of verslaan moet wees ten tyde van die proklamering daarvan (besetting). Die besettingsmag moes verder die voormalige bewind in die besette gebied met 'n eie bewind vervang het (onderwerping en proklamering). Hierdie vereiste veronderstel dat die voormalige bewind nie meer by magte is om gesag oor die gebied en ondergeskiktes daarvan uit te oefen nie.[8] In hoofstukke 2 tot 4 word met voorafgaande gebeure relevant tot die oorgawe, gehandel.

Hoofstuk 2 handel met die gebreke in die bevel van die OVS krygsmag. In Februarie 1900 het die Britse besetting van die OVS 'n aanvang geneem, met die doel om die OVS te verower. Ten einde met so 'n poging te slaag, het die Britse magte ook bepaalde proklamasies uitgevaardig. Hierdie proklamasies, tesame met die Britse besetting, word in hoofstuk 3 behandel. Hoofstuk 4 bespreek die gevolge van die oorlog vir staatsadministrasie in die OVS. Die doel van die bespreking is om te bepaal of die Britse oorlogspoging ook daarin geslaag het om OVS staatsadministrasie tot 'n einde te bring.

Hoofstukke 3 en 4 het ten doel om aan te stip dat daar regtens 'n plig op bepaalde OVS funksionarisse gerus het om te verseker dat die Britse besetting nie tot die verowering van die gebied aanleiding gegee het nie. Hierdie hoofstukke handel daarom met die uitwerking van die Britse besetting, sowel as die proklamasies, ten einde die uitwerking daarvan binne die oorgawe te verdiskonteer. Sodoende word aangetoon dat, indien die OVS die oorlog wou voortsit, daar op 'n gepaste krygstrategie besluit moes word. Aan die hand van hoofstukke 2, 3 en 4 sal verdere vereistes vir so 'n krygstrategie uiteengesit word. Hierdie bespreking geskied met verwysing na die vereistes van verowering kragtens die bepalings van die volkereg. Hierdie vereistes staan ook in 'n noue verband met militêre krygstrategie en oorlogvoering.

[8] Vir 'n bespreking van die vereistes, sien hoofstukke 3 en 4, *infra.*

Die volgende afdeling handel met die verloop van die oorgawe. In hierdie afdeling word die keuse van 'n krygstrategie beoordeel. Hierdie gedeelte wys daarop dat die krygstrategie, gemeet aan die vereistes van die volkereg, vir die voortsetting van die oorlog gebrekkig was. 'n Verdere oorsaak vir die oorgawe word in die krygstrategie gevind. Dit is daarom nodig om met die handelinge van die OVS staatspresident, sowel as die bevelvoerders van die OVS krygsmag, te handel, om sodoende te bepaal of hulle in die keuse van die krygstrategie vir die oorgawe aanspreeklik is. Ten opsigte van die gebeure is die misdaad van pligsversuim weer ter sprake.

In die tweede gedeelte van die studie word met die gebeure in Julie 1900 gehandel, wat op die formulering van die krygstrategie gevolg het. Aandag word hier spesifiek aan bewerings van hoogverraad, gekweste majesteit, pligsversuim en onwettige/onregmatige handelinge gegee. Ten einde te bepaal of die bewerings juis is, moet daar ook volledig met die oorgawe, vanuit 'n historiese perspektief, gehandel word.

Ten slotte beskryf die studie die voortgesette oorlogspoging in die OVS na afloop van die oorgawe. Ten opsigte van die slotgedeelte, sal bepaalde relevante punte met betrekking tot die verdere verloop van die oorlog, tot en met die beëindiging daarvan op 31 Mei 1902, behandel word.

3. Gebrekkige dokumentasie

Die studie is bemoeilik deur die verlies van amptelike OVS dokumentasie, wat verband hou met die OVS oorlogspoging na die val van Bloemfontein in Maart 1900. Die verlies was die gevolg van die verwoestende oorlog, wat nie alleen sy tol van die burgerlike samelewing geëis het nie, maar ook van amptelike dokumentasie. Amptelike dokumentasie het by verskeie geleenthede in Britse hande geval. Die eerste geleentheid was die val van Bloemfontein. Hoewel die OVS staatsargief, wat tans deel van die Vrystaatse Argiefbewaarplek in Bloemfontein uitmaak, redelik intakt is, blyk dit dat die OVS regering wel bepaalde dokumentasie na Kroonstad verplaas het.[9]

[9] Die notuleboek van die Uitvoerende Raad is duidelike getuienis dat amptelike dokumente na Kroonstad geneem is. Die laaste notule in die boek aangeteken is gedateer 27 April 1900. (Sien Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Uitvoerende Raad (UR17).) Sien ook W.L. von R. Scholtz en I.M.E. Scholtz (reds.), “Dagboek van C.J. Asselbergs”, *Christiaan de Wet-annale* 5, 1978, p. 40. Sien ook W. van

Breytenbach verklaar dat 'n aantal oorlogstelegramme moontlik met die Britse verowering van Kroonstad in die hande van die Britse magte beland het. Volgens Breytenbach is dit ook waarskynlik dat hierdie telegramme nie weer aan die OVS argiewe terugbesorg is nie.[10] Dit is derhalwe nie onmoontlik dat ander dokumente in Kroonstad ook in Britse hande geval het, en nie weer terugbesorg is nie.

Nog was dit nie die einde van die verlies van OVS dokumentasie nie. Daar is aanduidings dat OVS dokumentasie, wat voor die oorgawe in Julie 1900 in die Brandwaterkom versteek is, later deur die Britse magte gevind is.[11] Dit is onmoontlik om aan die hand van die beskikbare bronne te bepaal wat die omvang en inhoud van die dokumente, wat in Julie 1900 in Britse hande geval het, was. Ook kon geen aanduidings gevind word van wat daarna daarmee gebeur het nie.

OVS staatsdokumente het weer in Julie 1901 te Reitz in Britse hande beland tydens die gevangeneming van die persone verbonde aan die Uitvoerende Raad, krygskommissie en ander regeringsamptenare. Lord Kitchener, die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, verklaar in 'n verslag, gedateer 8 Augustus 1901, soos volg met betrekking tot die dokumentasie wat by hierdie geleentheid in Britse hande geval het: “Mr. Steyn’s official papers, and his recent correspondence with the leaders of the Transvaal Boers, were found amongst the captured baggage.”[12] Twee skrywes, wat deel van die gebuite Reitz-dokumente gevorm het, sou later vertaal en gepubliseer word.[13] M.T. Steyn het die verlies van die dokumente aan sy biograaf, N.J. van der Merwe, as betreurenswaardig bestempel.[14]

Ongelukkig gee nòg die verslag, nòg die herinneringe van Steyn, soos deur Van der Merwe gebruik, 'n duidelike beeld van die omvang van die dokumentasie, wat by Reitz verlore gegaan het. Steyn was wel van mening dat die dokumente deel van die oorlogsargief in Londen geword het.[15] W.L. von R. Scholtz verklaar ook in sy proefskrif, wat handel oor *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, dat die

---

10 Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: een beschrijving*, Tweede Tijdvak 1, p. 22.
J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 5, pp. 67 (vn. 6), 168 (vn. 17).

11 VAB, A119/63: G.T. Harmse en C. Henn, “Staatsdokumente”; VAB, A119/8: G.P. Kriek, “Oorgawe van generaal Prinsloo, 29 Julie 1900 en daarna”, p. 6.

12 *Despatches by General Lord Kitchener, dated 9th August, 8th September and 8th October, 1901, relative to military operations in South Africa, including a supplementary despatch, dated 18 October, on the actions at Itala Mount, Fort Prospect, and Moedwill* (Cd. 820), p. 5.

13 Sien *South Africa: further correspondence relating to affairs in South Africa* (Cd. 903), pp. 54-57.

14 N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n lewensbeskrywing* 1, pp. iii-iv.

15 *Ibid*., p. iv.

dokumente na Brittanje geneem is. Dit is ook duidelik dat L.S. Amery, die redakteur van *Times history of the war in South Africa 1899-1902* en F. Maurice, die samesteller van die *History of the war in South Africa 1899-1902*, toegang tot die dokumente gehad het. Volgens Scholtz is die dokumente waarskynlik in 1940, in 'n Duitse lugaanval tydens die Tweede Wêreld oorlog vernietig.[16]

My soektog by The National Archives, Londen, sowel as by die Churchill College, Cambridge en die National Army Museum het weinig resultate in dié verband opgelewer. Hierbo is ook reeds na die twee vertaalde briewe verwys, wat wel opgespoor kon word. Voorts is die *Translation of consular correspondence and other official documents of the late Orange Free State found buried in the Orange River Colony*, soos in April 1902 gepubliseer, gevind.[17] Ook is *Translation of the minutes of the proceedings of the honrle* [sic] *Volksraad in the general sitting commencing on Monday, 2nd April 1900 at 10 A.M.* in The National Archives gevind.[18]

In die argiewe van Amery is ook 'n afskrif van 'n brief, gedateer 9 Desember 1948, gevind waarin die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris gepoog het om die dokumente, soos by Reitz gebuit, te vind.[19] Dit is onseker wat die uitslag van die poging was. Dit wil egter voorkom of bepaalde dokumente van die OVS verlore gegaan het, wat 'n jammerlike leemte in die geskiedskrywing van die OVS laat.

Ten slotte is dit hier nodig om daarop te wys dat die argiewe en publieke rekords van 'n land, kragtens die beginsels van die volkereg, nie vir beslaglegging vatbaar was nie. Die verwydering van die dokumente vanaf Suid-Afrika na Brittanje was daarom strydig met die beginsels wat in beskaafde oorlogvoering gegeld het.[20] Die Britse magte het waarskynlik geglo dat talle van die dokumente nie meer aan die OVS behoort het nie, maar aan die vyandige magte wat hulle in die oorlog teengestaan het. In hierdie opsig het dit dus ook deel van die Britse militêre inligting geword, en nie deel van die Orange River Colony, wat die opvolger van die OVS was, se argief nie.

---

16 W.L. von R. Scholtz, "Generaal Christiaan de Wet as veldheer" (proefskrif), p. 3. Die proefskrif van Scholtz is ook gepubliseer as *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*.

17 Sien The National Archives (TNA), Foreign Office (FO): 881/7786X.

18 Sien TNA, War Office (WO), 32/8092.

19 Sien Churchill Archives Centre (CAC), Amery-versameling (Amel): 1/1/4.

20 S. Baker, *Halleck's international law or rules regulating the intercourse of states in peace and war* 2, pp. 63-64.

4. Bronne

Die studie het die voordeel van 'n ryke nalatenskap van bronne met betrekking tot die volkereg, en spesifiek ook die destyds geldende oorlogsreg. In hierdie opsig is die studie gebaseer op bronne deur sowel Nederlandse as Britse skrywers. Die eerste rede vir die gebruik van Nederlandse bronne is om te verseker dat die volkereg nie alleen aan die hand van die begrip van 'n wêreldmoondheid beskryf word nie, maar ook aan die hand van die begrip van kleinere moondhede, soos Nederland. Die OVS, met sy Romeins-Hollandse agtergrond, het ook bepaalde gemeenskaplikhede met die oud-Nederlandse reg gedeel. Die wyse van vertolking van die volkereg deur Nederland sou daarom ook bepaalde insigte met betrekking tot die vertolking daarvan deur die OVS kon bied.

Die beskrywing van OVS nasionale reg, het aan die hand van wetgewing geskied. In hoofstuk 4 word duidelik daarop gewys dat die staatspresident, vir die doeleindes van die OVS oorlogspoging, oor wetgewende bevoegdhede beskik het. Waar die staatspresident sy wetgewende bevoegdhede uitgeoefen het, is dit in die staatskoerant gepubliseer. Daar bestaan wel voorbeelde van bevoegdhede wat uitgeoefen is, en wat nie in die staatskoerant gepubliseer is nie. Hierdie “publikasies”, veral tydens die latere verloop van die oorlog, kan toegeskryf word aan die feit dat die OVS regering nie meer geredelik toegang tot 'n drukpers gehad het nie.[21] Dit mag ook wees dat staatskoerante in die verloop van die oorlog verlore geraak het. Hoewel die studie hieronder die resultaat van soektogte in talle argiewe verteenwoordig, kan dit wees dat alle manifestasies van die wetgewende bevoegdheid, soos deur die staatspresident uitgeoefen, nie gevind is nie.[22]

Die studie is bemoeilik deur 'n gebrek aan amptelike OVS bronne. Om hierdie rede moes daar van ander bronne, in die vorm van dagboeke, herinneringe en ander geskrifte gebruik gemaak word. Die gebruik van laasgenoemde bronne moes op so 'n wyse geskied dat die navorsingsbevindinge eerstens regtens, en tweedens histories verantwoordbaar is. Ten opsigte van die gebruik van die dokumentasie moes daar bepaalde reëls geformuleer word, met die doel om die geloofwaardige gebruik daarvan te verseker. Hierdie reëls moes onder andere daarvoor voorsiening

---

21 Vir 'n uiteensetting van gevalle waar die staatspresident wel die bevoegdheid gebruik het, sien Aanhangsel A, *infra*.

22 Sien ook onderafdeling 3, *supra*.

maak dat hierdie bronne om verskillende redes ontstaan het, en dat hierdie motiewe nie sonder meer geïgnoreer kon word in die gebruik daarvan nie. So is die uitgangspunt van die Roux-herinneringe byvoorbeeld 'n duidelike poging om sy eie aandeel in die oorgawe te verbloem, en alle aanspreeklikheid voor die deur van hoofkommandant M. Prinsloo te plaas.

Talle geskrifte het jare na afloop van die gebeure verskyn. Hierdie bronne moes veral met omsigtigheid gebruik word omdat dit op geheue gebaseer is, en ook deur vroeëre geskrifte oor die oorlog beïnvloed kon word. Hierdie vorm van herinneringe kon ook deur bepaalde denke, ten tyde van die skryf daarvan, beïnvloed word. Om hierdie redes moes hierdie bronne versigtig hanteer word, maar daar moes ook gewaak word om nie aan alle herinneringe die een of ander motief toe te dig nie.

Verifikasie van dagboeke en herinneringe sou duidelik die maklikste vorm wees om die geldigheid daarvan te toets. Indien geen verifikasie gevind kon word nie, sou die getuienis vervat in sodanige dokumente òf verwerp, òf doodeenvoudig nie gebruik kon word nie. Laasgenoemde alternatief sou die skryf van die studie onmoontlik gemaak het, deurdat bepaalde ongeverifieerde beskrywings dikwels bepaalde leemtes aanvul, wat andersins nie beskryfbaar sou gewees het nie. Laasgenoemde vorm van getuienis word daarom met die nodige omsigtigheid benader, en word ook in die studie aangedui as getuienis, wat alleen in 'n bepaalde bron voorkom. Waar nodig word die redes waarom sulke getuienis verwerp of gebruik word bespreek.

Die studie het voordeel getrek uit die werke van kundige skrywers, wat die geskiedenis van die oorlog beskryf het. Hoofstuk 2 is in hoofsaak die produk van sodanige bevindings. Waar moontlik, is die bronne soos deur die skrywers aangedui, ook nageslaan en die navorsingsbevindinge gekontroleer. In hoofstukke 5 tot 11 is gepoog om so ver as moontlik slegs gebruik te maak van die primêre bronne in die vorm van dagboeke, herinneringe en ander geskrifte van persone wat by die oorgawe betrokke was.

P.J. Delport het reeds 'n M.A.-verhandeling oor *Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog* voltooi. Dié bron verskil in bepaalde opsigte van hierdie studie. Hierdie studie vervat meer uitvoerig bronne betreffende die oorgawe, wat waarskynlik nie tot Delport se beskikking was nie. Hierdie studie handel in die algemeen oor die oorgawe, terwyl Delport meer spesifiek op die rol van

Prinsloo in die oorlog fokus. Ander offisiere en gebeure word daarom slegs deur Delport bespreek waar sodanige bespreking tot die onderwerp van die verhandeling bydra. Laastens wys die studie enkele foute uit wat deur Delport begaan is. Vir doeleindes van die studie word slegs na Delport verwys waar daar van hom verskil word, of waar die argument eie aan sy verhandeling is.

5. Titels, ampte, range en bekendstelling

Die spesifieke hoedanighede waarin persone aan die oorlog deelgeneem het, is besonder problematies. Die beskrywing van persone in die studie word bemoeilik deurdat die militêre struktuur in die OVS deur bewerings van wysigings versluier word.[23] In die studie is daar, veral met betrekking tot hierdie probleem, besluit om titels, ampte en range volgens die 1899 militêre reg, soos gevind in die *Krijgs- en Commandowet*[24] en wysigingswette,[25] aan die hand van die onderstaande reëls te beskryf:

1. Die hoogste OVS rang geoperasionaliseer in die oorlog was dié van hoofkommandant. 'n Hoofkommandant, soos C.R. de Wet, het voor sy aanstelling/verkiesing in dié rang as veggeneraal gefunksioneer. Hierdie rang het De Wet geregtig gemaak op die aanspreekvorm van generaal. Dit wil ook voorkom of persone, wat in die rang van hoofkommandant gefunksioneer het, ook geregtig was om as generaal aangespreek te word. Dit was waarskynlik prakties om die hoofkommandant so van die kommandante verbonde aan sy krygsafdeling te onderskei. Die rang waarbinne persone, soos De Wet, Prinsloo en J.H. Olivier gefunksioneer het, was regstegnies dié van hoofkommandant. Daar word gevolglik in die studie na persone in dié rang as hoofkommandant en nie generaal nie, verwys.

---

23 Vir 'n verdere bespreking, sien hoofstuk 2, *infra*.

24 Wet 10/1899.

25 Sien Wet 13/1897, Wet 33/1899 en Wet 34/1899. Wat Wet 13/1897 betref, moet onthou word dat die *Krijgs- en Commandowet* van 1899, met die uitsondering van enkele artikels, 'n blote herhaling van hoofstuk XL van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* was. In dié opsig sou sekerlik aangevoer kan word dat die inwerkingstelling van Wet 10 van 1899 in effek beteken het dat die wysigingswet van 1897, te same met hoofstuk XL herroep is. Indien dit so aanvaar word, beteken dit dat die OVS geen wetlike begronding gehad het waarop die samewerking van die twee krygsmagte berus het nie. Vir doeleindes word hier aanvaar dat die bedoeling van die wetgewer daarom nie was om die wysigingswet van 1897 met die inwerkingstelling van Wet 10 van 1899 te herroep nie.

2. Persone soos W.J. Kolbe het voor die gebeure in die Brandwaterkom in die rang van veggeneraal gefunksioneer. Dit wil egter voorkom of Kolbe na sy kommandantskap teruggekeer het, en in hierdie hoedanigheid as kommandant gefunksioneer het. Tegnies gesproke sou Kolbe, net soos De Wet, Prinsloo en Olivier, kon aanspraak maak op die aanspreekvorm van generaal. Regstegnies was Kolbe egter 'n kommandant ten tyde van die oorgawe en word daar daarom na hom in die studie as kommandant, en nie generaal nie, verwys. Dit is ook van toepassing op Olivier, wat na afloop van sy hoofkommandantskap as kommandant na sy kommando teruggekeer het.

3. Aan die hand van 1 en 2 hierbo word daar ook hieronder na die rang verwys waarbinne persone, ten tyde van die gebeure in aanloop tot en met die oorgawe op 30 Julie 1900 gefunksioneer het.

Daar is besluit om persone met die eerste verwysing in 'n hoofstuk bekend te stel deur te verwys na die betrokke persoon se amp/rang, voorletter(s) en van. Hierna word daar na die persoon verwys deur slegs van sy van gebruik te maak. Waar meer persone met dieselfde van in die hoofstuk voorkom, word daar in verdere verwysings slegs na die voorletters en van, van die betrokke persoon verwys.

Die uitgangspunt van die studie is dat M.T. Steyn ten tyde van die gebeure in die Brandwaterkom as staatspresident en as staatshoof van die OVS gefunksioneer het. Daar is dus besluit om na Steyn as die staatspresident en opperbevelhebber te verwys, om sodoende die persoon en die amp van Steyn te onderskei. Laasgenoemde reël is egter nie gebruik in die verwysing na hoofkommandante nie, aangesien verskeie persone in die rang in aanloop, en ten tyde van, die oorgawe gefunksioneer het. Die hipotese in die studie is ook dat daar tot en met die oorgawe nie 'n opperbevelvoerder van die OVS krygsmag was nie, maar slegs 'n opperbevelhebber.[26]

[26] Sien hoofstuk 3, *infra*.

Afdeling A

Die oorsake van die oorgawe

Hoofstuk 2

Gebreke in bevel en beheer:

Die kiem van die oorgawe

"[W]ith a faulty command set-up all may well be lost in modern war."[1]

1. Inleiding

Die doel met die bespreking van die bevel van die krygsmag van die Oranje-Vrystaat (OVS) voor en ten tyde van die oorgawe van die konvensionele magte op 30 Julie 1900, is om te bepaal of daar 'n verband tussen die oorgawe en gebreke in die OVS-opperbevel bestaan het. Indien so 'n verband wel gevind kan word, is dit nodig om te bepaal of die gebreke wel bekend was. Die vraag ontstaan voorts ook of daar in so 'n geval enige poging was om die gebreke aan te spreek. Indien nie, het dit beteken dat 'n amptenaar of instansie versuim het om hulle verpligtinge na te kom.

In dié hoofstuk word aangetoon dat die OVS 'n duidelike onderskeid tussen 'n krygsmag in tye van vrede, en 'n krygsmag in tye van oorlog, getref het. In vredestyd was die hoogste militêre rang dié van kommandant, terwyl daar in oorlog addisionele range bestaan het om 'n opperbevel vir die krygsmag te skep. Daar word hier slegs met die bevelstruktuur van die kommando's gehandel. Die artilleriekorps word uitgesluit omdat die korps onbenullig klein en eiesoortig gereël was.[2]

Dit is nodig om 'n oorsig van die ontwikkeling van die OVS militêre wetgewing te bied. Hierdie bespreking poog nie om as 'n volledige en uitvoerige bespreking van die ontwikkeling te dien nie. Dit handel slegs met die versuim om die bevel van die OVS krygsmag na behore te organiseer. Soos later blyk, kan dié versuim as een van

---

1 B.L. Montgomery, *The memoirs of Field-Marshal Montgomery*, p. 51.

2 Vir 'n oorsig van die die artilleriekorps, sien T.P.E. Swemmer, "Die geskiedenis van die Vrystaatse artillerie" (verhandeling).

die redes vir die oorgawe van die konvensionele magte aangestip word. Daarby word die hoofstuk ingesluit om te bepaal wie vir die versuim verantwoordelik was.

2. OVS militêre wetgewing

Op die vooraand van die oorlog was daar geen sprake van die aanpassing, of wysiging, van die militêre regsbedeling, met die oog op 'n moontlike oorlog met Brittanje nie. Die 1899 *Krijgs- en Commandowet*[3] was, met die uitsondering van drie artikels, 'n herhaling van Hoofstuk XL van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* van 1892.[4] Die organisasie van die krygsmag, soos deur dié wet bepaal, kan in kort as die produk van konflikte met swart stamme bestempel word.[5] Die verouderde aard van die OVS militêre wetgewing is verder duidelik wanneer OVS burgers se posisie, rakende moratorium met hul wapenbroers van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) vergelyk word.[6]

Die gebreke in die OVS militêre wetgewing op die vooraand van die oorlog is deur regter J.B.M. Hertzog beskryf. Volgens Hertzog het die Volksraad op die vooraand van die oorlog besef dat die *Krijgs- en Commandowet*[7] die resultaat van konflikte met swart stamme was. Hy beskryf die wetgewing verder as ondoelmatig en ongeskik vir moderne oorlogvoering. Die Volksraad het om hierdie rede enkele wysigings, met die oog op 'n oorlog met Brittanje, aangebring. Die naderende oorlogswolke het dit egter onmoontlik gemaak om betyds voldoende oorweging aan die daarstelling van 'n meer doelmatige wet te gee. Die Volksraad het daarom, volgens Hertzog, besluit om aan die staatspresident, M.T. Steyn, die bevoegdheid te verleen om wysigings gedurende die verloop van 'n moontlike oorlog te maak.[8] Die aanvullings van die

---

3 Wet 10/1899.

4 Sien artikels 39, 40 en 41 (Wet 10/1899). Hierdie artikels handel met die bewaring en uitdeel van ammunisie. Skrywers soos Van der Merwe verklaar dat die *Krijgs- en Commandowet* (Wet 10/1899) nuut was. (N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n lewensbeskrywing* 2, p. 4.) Laasgenoemde aanname blyk duidelik verkeerd te wees.

5 M.C.E. van Schoor (red.), "Gen. J.B.M. Hertzog's war experiences", *Christiaan de Wet-annale* 10, 2000, p. 39.

6 J.J. Henning, "Die ontwikkeling en toepassing van die privileges verleen deur die Moratoriumwet, 1963: 'n regshistoriese en regsvergelykende ondersoek" (proefskrif), p. 216; J.J. Henning en J.H. de Bruin, "Enkele opmerkings oor die *privilegia militum* voor, tydens en na afloop van die Anglo-Boereoorlog", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Mei 2002, p. 172.

7 Wet 10/1899.

8 "When, however, in the spring of 1899 war with Great Britain became imminent it was found that our military laws which had been framed especially for the exigencies and requirements of a war with natives, were both defective and unsuitable. The Volksraad, therefore, partially supplemented and adapted it to the demands of altered circumstances. Finding itself, however, suddenly and unexpectedly confronted with the

bestaande militêre wetgewing, waarna Hertzog verwys, handel in hoofsaak met die *Wet omtrent het kiezen van Hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet*[9] en die *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens oorlog*.[10] Hierdie wetgewing is van besondere belang deurdat dit buitengewone bevoegdhede aan die staatspresident verleen het. Hierdie bevoegdhede sou ook gebruik kon word om enige gebreke in die bevel te hanteer. Die aanvullingswet daarenteen het waarskynlik later ook tot status-vraagstukke aanleiding gegee, wat direk met die oorgawe van 30 Julie 1900 verbind kan word.

Die eerste vier artikels van die aanvullingswet (Wet 33 van 1899) handel oor die verkiesing van hoofkommandante, terwyl artikel 5 met die verdeling en die uitstuur van verdeelde kommando's in verskillende rigtings handel.[11] Volgens dié artikel sou 'n onderafdeling van 'n kommando, wat nie deur die kommandant aangevoer was nie, daarop geregtig wees om 'n tydelike kommandant te verkies. Artikel 5 het daartoe aanleiding gegee dat nuwe kommando's geskep is. Dit het op sy beurt weer in die geval van hoofkommandant M. Prinsloo tot 'n statusvraagstuk aanleiding gegee.[12] Artikels 6, 7 en 8 handel met die kommandering van burgers en goedere.

'n Verdere aanvulling van die bestaande militêre wetgewing word in die *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens eenen oorlog*[13] gevind. Artikel 1 van hierdie wet handel met uitgebreide magte wat aan die staatspresident en uitvoerende raad verleen is om die koste van die oorlog te dra. Artikels 2 en 3 van die *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens eenen oorlog*[14] is egter van groter belang. Hierdie twee artikels verleen uitgebreide magte aan die staatspresident om gedurende die verloop van die oorlog nuwe wette te maak en bestaande wette te herroep of te wysig. Hieronder word meer volledig met hierdie artikels gehandel.[15]

---

sword, the Volksraad, discovering that the spirit of war is not conducive to calm consideration expected from the lawgiver, and, being able to foresee only the possible necessity of further additions and modifications, wisely entrusted to the State President the power to make any changes in the existing laws, or where necessary to suspend any of them during the continuance of hostilities." Van Schoor (red.), "Hertzog", p. 39.

9 Wet 33/1899.

10 Wet 34/1899. Vir verdere bespreking sien onderafdeling 3.3, *infra*.

11 Vir meer in verband met die verkiesing van hoofkommandante, sien onderafdeling 5, *infra*.

12 Vir 'n verdere bespreking, sien hoofstuk 6, *infra*. Die kommandostelsel van die OVS en ZAR is vergelykbaar met 'n feodale weermag. Beide magte word met 'n spesifieke doel gekonstitueer. Sodra hierdie doel verval, keer die soldate terug na hulle onderskeie verpligtinge as burgerlikes. W.S. Holdsworth, "Martial law historically considered", *Law Quarterly Review* 18(2), 1902, p. 42.

13 Wet 34/1899.

14 *Ibid*.

15 Sien onderafdeling 3.3, *infra*.

'n Oorsig van die OVS militêre wetgewing is nie volledig sonder 'n verwysing na Wet 13 van 1897 nie. Hierdie wet het Hoofstuk XL van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*, oftewel die *Krijgs- en Commandowet*,[16] aangevul om uitvoering aan die politieke verbond, wat tussen die OVS en ZAR gesluit is, te gee. Hierdie wet het as die *Aanvulling van Hoofdstuk XL* bekend gestaan. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was die geskil, waaroor die oorlog ontstaan het, 'n geskil tussen die ZAR en Brittanje. Die bespreking van die wet fokus daarom op die posisie van die OVS as bondgenoot van die ZAR binne konteks van hierdie geskil.

Artikel 1 van die aanvullingswet van 1897 het bepaal dat indien die OVS 'n krygsmag ter ondersteuning van die ZAR sou stuur, die OVS krygsmag onder eie vlag en onder bevel van eie offisiere, maar onder die opperbevel van die kommandant-generaal van die ZAR sou dien. Die aanvullingswet van 1897 het voorts ook gehandel met die samestelling van die krygsraad in die geval waar een staat sy krygsmag onder die opperbevel van die ander stel. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n krygsraad, soos voorsien in die aanvullingswet van 1897, 'n militêre geregshof en nie 'n besluitnemingsliggaam, soos in die *Wet voor den krijgsdiens in de Zuid-Afrikaansche Republiek*,[17] was nie. Hierdie wet tref 'n onderskeid tussen krygsrade en krygsgerigte. 'n Krygsraad, kragtens die bepalings van die ZAR-wet, onderskei tussen twee tipes krygsrade, naamlik “een generale of grooten krijgsraad” en “een kleinen of gewonen Krijgsraad”. 'n Groot krygsraad het, volgens die ZAR-wet, in gevalle van hoogste nood en belange byeengekom. Die wet verklaar uitdruklik dat die sittings van 'n grote krygsraad “ook om het plan van de operatiën van een veldtocht, oorlog of commando vast te stellen, en om alles te beslissen, den dag vóór een plaats te hebben grooten veldslag of hoofslag” ingesluit het. Kleiner krygsrade het weer met gewone, daaglikse operasionele aangeleenthede gehandel. Voorts is dit belangrik dat 'n ZAR bevelvoerende offisier nie verplig was om 'n krygsraad te belê nie. Waar hy egter nie so 'n krygsraad byeen geroep het nie, was hy volgens die wet alleen vir die gevolge verantwoordelik. Krygsgerigte daarenteen was 'n militêre hof.[18]

16 Wet 10/1899.
17 Wet 20/1898 (ZAR).
18 Sien artikels 47 en 48 (Wet 20/1898 (ZAR)).

Die OVS *Krijgs- en Commandowet*[19] het nie so 'n onderskeid getref nie en handel alleen met krygsrade, wat as 'n militêre hof gedien het. Laastens is dit interessant om daarop te let dat artikel 7 van die aanvullingswet van 1897 uitdruklik bepaal het dat in geval van 'n gesamentlike oorlog die een staat nie sonder die toestemming van die ander staat vrede kon sluit nie.[20]

3. Die staatspresident

3.1 Opperbevel van die krygsmag

Geen bepaling in die Grondwet van die OVS handel uitdruklik met die opperbevel van die krygsmag nie. Dit is gevolglik nodig om op verwante bepalings te steun om te bepaal in wie die opperbevel van die krygsmag gesetel was. Artikel 31 van die Grondwet het bepaal dat die staatspresident die hoof van die uitvoerende gesag was. Artikels 2 en 3 van die *Krijgs- en Commandowet*[21] het voorts die oproep van kommando's, en die neem van gepaste maatreëls ter verdediging van die staat, die uitsluitlike prerogatief van die staatspresident gemaak. Hoofstuk VIII van die Grondwet het wel vir die verkiesing van 'n kommandant-generaal in tye van oorlog voorsiening gemaak, wat sy bevele van die staatspresident ontvang het. Die *Krijgs- en Commandowet*[22] het die staatspresident egter uitdruklik veroorloof om, sonder tussenkoms van die kommandant-generaal, bevele aan enige bevelvoerende offisier te gee. Bostaande impliseer duidelik dat die staatspresident in tye van vrede, sowel as in tye van oorlog, die opperbevelhebber van die OVS krygsmag was.[23]

Dit sou wel vir die staatspresident moontlik wees om die bevel van die krygsmag aan 'n kommandant-generaal te delegeer, wat as opperbevelvoerder van die krygsmag kon dien. Dit wil voorkom of die staatspresident met die uitbreek van die oorlog besluit het om nie die verkiesing van 'n kommandant-generaal te gelas nie en self as

---

19 Wet 10/1899.

20 Sien die bepalings van Wet 13/1897. Sien ook Van Schoor (red.), "Hertzog", p. 7.

21 Wet 10/1899.

22 *Ibid*.

23 Artikel 52 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*; Artikel 4 (Wet 10/1899). Sien ook Van Schoor (red.), "Hertzog", p. 39; W.P.M. Kennedy en H.J. Schlosberg, *The law and custom of the South African Constitution*, p. 29; L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 2, p. 74; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 1, p. 41; G.R. Visser, "Pres. M.T. Steyn se rol in die Anglo-Boereoorlog" (verhandeling), p. 35.

opperbevelhebber en opperbevelvoerder van die OVS krygsmag te dien.[24] In laasgenoemde geval het dit in effek beteken dat die staatspresident, as opperbevelhebber en opperbevelvoerder, as 'n ondergeskikte van die ZAR kommandant-generaal gedien het. Dit kan ook wees dat die staatspresident die ZAR kommandant-generaal as opperbevelvoerder van die gesamentlike magte gesien het en dit daarom nie nodig geag het om 'n verkiesing van 'n kommandant-generaal in die OVS te gelas nie.[25] In die lig van artikel 1 van die aanvullingswet van 1897[26] wil dit voorkom of laasgenoemde moontlikheid die waarskynlikste is deurdat die OVS die bondgenoot van die ZAR in die oorlog was, en dat die ZAR kommandant-generaal daarom waarskynlik ook as opperbevelvoerder van die gesamentlike magte gedien het. Die presiese reëling, met betrekking tot die gesamentlike oorlogspogings van die republieke, kon egter nie gevind word nie.

Wat die organisasie van die krygsmag betref, is die staatspresident deur 'n krygskommissie bygestaan. Die krygsmag is op sy beurt in afsonderlike afdelings, onder bevel van hoofkommandante as bevelvoerders, georganiseer. Hoofkommandante sou hulle bevele direk van die OVS staatspresident ontvang, wat op sy beurt weer in kontak met die ZAR staatspresident en kommandant-generaal van die ZAR was.[27] Die tussenkoms van die OVS staatspresident het sekerlik die bevel van die gesamentlike magte eindeloos bemoeilik.

Die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet*,[28] tesame met die opperbevel van die OVS krygsmag in terme van die Grondwet, het 'n belangrike verantwoordelikheid op die staatspresident geplaas om óf self die oorhoofse bevel van die OVS krygsmag te neem, óf om 'n opperbevelvoerder in die rang van OVS kommandant-generaal te laat verkies. Aan die hand van Hertzog se opmerkings wil dit voorkom of die staatspresident, vanweë sy take as staatshoof, nie ten gunste van eersgenoemde keuse was nie. Die staatspresident het daarom operasionele sake aan die offisiere verbonde aan die opperbevel van die OVS krygsmag oorgelaat. Hertzog verklaar dat daar gevolglik weinig voorbeelde gevind kan word waar die staatspresident aan offisiere voorskrifte uitgevaardig het. Hy verklaar voorts dat so 'n

---

24 Vir die onderskeid tussen die opperbevelhebber en opperbevelvoerder sien begripsverklaring op p. xi, *supra*.

25 Sien artikel 1 (Wet 13/1897). Sien ook die bespreking onder onderafdeling 2, *supra*.

26 Wet 13/1897.

27 Sien artikel 4 (Wet 33/1899).

28 Wet 10/1899.

beleid as gebrekkig aangestip kan word, maar benadruk egter dat dit die enigste keuse was wat met sukses uitgevoer kon word. Die enigste probleem was dat gelyke hoofkommandante, wat verskillende afdelings aanvoer, 'n bevelvoerder noodsaak wat oorhoofse bevel van die land se oorlogspoging moet neem. Indien die staatspresident hom derhalwe van so 'n taak weerhou het, beteken dit dat die oorhoofse oorlogspoging op ongekoördineerde, individuele pogings van die onderskeie hoofkommandante berus het.[29] Die optrede van die staatspresident, soos deur Hertzog beskryf, sou in die teenwoordigheid van 'n deeglik beplande krygstrategie, met spesifieke take aan krygsafdelings toegewys, moontlik nie onaanvaarbaar gewees het nie. Ayala verklaar tewens in *De iure et officiis* dat daar nie met die opperbevel van 'n krygsmag ingemeng moet word nie.[30] In die woorde van Ayala kon die staatspresident se keuse om nie met die opperbevel van sy krygsmag in te meng nie, 'n goeie keuse wees, veral waar die opperbevel besig is om aan 'n deeglik beplande krygstrategie uitvoering te gee.

Hieronder word egter aangetoon dat hoofkommandante gelyk in rang was en dat indien die staatspresident sou versuim om die rol van opperbevelhebber, sowel as opperbevelvoerder, te vervul die oorhoofse bestuur van die oorlogspoging, soos deur Hertzog aangetoon, ernstige skade sou ly. So verklaar Voet in *De iure militari* dat 'n krygsmag in verskillende afdelings verdeel, sonder 'n opperbevelvoerder, niks anders as 'n liggaam sonder 'n kop is nie.[31] Die versuim om die oorlogspoging op die verskillende fronte oorhoofs te koördineer sou, indien Hertzog in sy gevolgtrekking korrek is, beteken dat die OVS krygsmag, in die woorde van Voet, as 'n liggaam sonder 'n kop beskryf kan word.

---

29 "[The State president] therefore consistently abstained from taking the direction of operations in the field, and throughout confined his interference to such general orders as left the manner and time of the execution to the judgment of the officers. Throughout the war hardly a single instance can be produced in which he dictated to the Hoofdcommandants. Confident that they were doing their utmost, and convinced that they were more likely to be acquainted with the peculiar circumstances of each case, he left it to their wisdom and discretion to judge and decide. Such policy may bear the mark of weakness, but it was a policy dictated by wisdom and doubtless the only one which under the circumstances could be pursued with advantage and success. As soon therefore, as the different divisions had been launched on their respective errands, there ceased to be a common directing hand for the southern and western divisions, and each Hoofdcommandant soon finding himself confronted with his own particular difficulties and problems at once began to lose sight of the general scheme and forgot that his movements and actions had to harmonize with those of the other, mutually supporting one another." Van Schoor (red.), "Hertzog", p. 40.

30 "[W]hen supreme command is given to any one, it will be a well-advised thing to allow him full discretion in the decision of matters of highest import." B. Ayala, *Three books on the law of war and on the duties connected with war and on military discipline* (vertaal deur J.P. Bate), p. 118.

31 G. van der Westhuizen, "J. Voet: die militêre reg uit die oorspronklike Latyn vertaal" (verhandeling), p. 141.

Die omstandighede deur Hertzog geskets sou daarom gronde vir 'n besondere ernstige aanklag van nalatigheid teen die staatspresident verleen indien hy werklik versuim het om sy funksies as opperbevelhebber en opperbevelvoerder te vervul. Laasgenoemde word deur Rompel beaam: “Had President Steijn krachtige raadgevers gehad, zeker had hij dan ingezien, dat het republikeinsche beginsel slecht gediend is door onbekwame militaire ambtenaren te laten aanblijven en dat hij gebruik had moeten maken van de dictatuur, die de krijgswet en de Grondwet hem verleenden. Alleen het feit reeds, dat beide wetten hem autocratische macht gaven, had hem moeten overtuigen van het juiste inzicht der republikeinsche Vrijstaters, dat in oorlogstijd, den tijd van doortastend, snel en afdoend handelen, het democratisch-republikeinsche beginsel in sommige gevallen moest plaats maken voor de krachtige leiding in één hand, die den toestand eerder zou kunnen redden dan een veelhoofdig lichaam, waarin één zwakkere verlammend moest werken.”[32] Dit is interessant om daarop te let dat die ZAR staatspresident in byna dieselfde verwytende toon in November 1899 aan die OVS staatspresident soos volg telegrafeer: “U moet toch niet zeggen dat u nog niet gehoord hebt wat de krygsplannen zyn want u zyt naby en nog jong in leven. Uwe plannen en raadgevingen moeten dag en nacht by hen zyn want het loopt nu op de laatste beslissing of wy zullen het land moeten overgeven.”[33] Dit wil byna voorkom of die ZAR staatspresident hier by die OVS staatspresident pleit om meer aktief in die oorhoofse bestuur van die oorlog betrokke te raak.

Die standpunt van Hertzog en Rompel oor die staatspresident se versuim om effektiewe beheer oor die opperbevel van die krygsmag uit te oefen, word deur N.J. van der Merwe, 'n biograaf van die die staatspresident, weerspreek. Volgens Van der Merwe was die staatspresident feitlik die hoof van die generale oorlogstaf.[34] Aan die hand hiervan verklaar G.D. Scholtz dat die staatspresident in die beginstadium van die oorlog veel gedoen het om met krygsaksies behulpsaam te wees. Volgens Scholtz het die staatspresident met die aanstelling van C.R. de Wet as opperbevelvoerder hom nie verder met militêre aangeleenthede bemoei nie.[35] In hierdie opsig is Scholtz verkeerd. In latere hoofstukke word aangetoon dat die

32 F. Rompel, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 71.

33 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Abraham Fischer-versameling (A59): S.J.P. Kruger – M.T. Steyn, 30.11.1899 (afskrif van telegram).

34 Van der Merwe, 2, p. 4.

35 G.D. Scholtz, *Die Konstitusie en die staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902*, p. 116.

staatspresident hom steeds met militêre sake, soos die aanstelling van hoofkommandante en die besonderhede van die krygstrategie, bemoei het.

Die vraag of hierdie bemoeienis enigsins tot die oorgawe van die konvensionele magte op 30 Julie 1900 bygedra het, word in hoofstukke 5, 6 en 12 behandel. Meer tersake tans is die aanvanklike posisie betreffende die opperbevel van die OVS krygsmag aan die begin van die oorlog, en later ten tyde van die oorgawe van die konvensionele magte. Dit is reeds bespreek dat die gebruik van verskeie hoofkommandante die staatspresident verplig het om die rol van beide opperbevelhebber en opperbevelvoerder te vervul. Om hom in die funksie as opperbevelvoerder by te staan het die staatspresident van 'n krygskommissie gebruik gemaak.

3.2 Die krygskommissie

Die ontstaan van die krygskommissie kan teruggevoer word na 'n besluit van die Volksraad op 27 September 1899: “De Volksraad besluit ZHEd. den Staatspresident te machtigen, indien hij zulks noodig mocht oordeelen, eene krijgscommissie daar te stellen en de noodige regulatien waaronder zij werkzaam zijn zal te vervaardigen en in werking te stellen.”[36] Hierdie regulasies kon nie in die notules van die uitvoerende raad of die staatskoerant gevind word nie. Dit is wel bekend dat C.H. Wessels en A.P. Cronjé, by wyse van kennisgewing in die staatskoerant, as lede van die krygskommissie aangestel is.[37] Die staatspresident was ook 'n lid van die krygskommissie, terwyl A.B. Roberts as sekretaris van die krygskommissie diens gedoen het. Naas die krygskommissie is twee ander liggame as deel van die bestuur van die OVS oorlogspoging in die lewe geroep. T.C.L. Bergstedt en C.H. Wessels, beide Volksraadslede, het diens in die krygskommissariaat gedoen. Bergstedt en Wessels is deur W.J.C. Brebner bygestaan. Daarnaas was daar ook 'n finansiële kommissie bestaande uit J.G. Fraser, C.W.H. van der Post en die tesourier-generaal van die OVS. Beide Fraser en Van der Post was ten tyde van hulle aanstelling ook lede van die Volksraad.[38]

---

36 OVS, 1899, 2, p. 142. Sien ook Van der Merwe, 2, p. 4.

37 Sien kennisgewing no. 531-1899 gepubliseer in die *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat,* 13.10.1899.

38 VAB, Goewermentsekretaris van die Oranje-Vrystaat-versameling (GS) 1660: J.A. Collins — alle landdroste, 28.9.1899, p. 419 (afskrif van skrywe); *De Express*, 13.10.1899.

Vervolgens word meer spesifiek met lede en werksaamhede van die krygskommissie gehandel. Die kommissie was veronderstel om 'n besondere rol in die organisasie van die krygsmag te speel. Laasgenoemde blyk vanuit die lidmaatskap van die staatspresident, wat ook as opperbevelhebber van die OVS krygsmag opgetree het.

Wessels was, ten tyde van sy aanstelling as lid van die krygskommissie, die voorsitter van die Volksraad. Hy sou later deel van die Europese deputasie word, wat in Maart 1900 na Europa vertrek het. Net soos Wessels, was Cronjé ook 'n Volksraadslid. Anders as Wessels het Cronjé vanaf 'n jong ouderdom wel oor militêre ervaring beskik. Hy was betrokke by die slag van Boomplaats (29 Augustus 1848) en het as offisier aan die Vrystaat-Basoeto-oorloë deelgeneem. Cronjé se werksaamhede as lid van die krygskommissie was egter van korte duur. In Oktober 1899 word Cronjé as veggeneraal aangestel, waarna J.J.P. Prinsloo in sy plek aangestel is. J.J.P. Prinsloo, net soos Cronjé, was 'n Volksraadslid ten tyde van sy aanstelling. Ook J.J.P. Prinsloo sou kort na sy aanstelling die betrekking as veggeneraal opneem. Hertzog skryf dat daar weinig bekend was omtrent die militêre ervaring van J.J.P. Prinsloo ten tyde van sy aanstelling as veggeneraal. J.J. van Niekerk is in die plek van Prinsloo as lid van die krygskommissie aangewys. Van Niekerk was, net soos sy voorgangers, ook 'n Volksraadslid.[39]

Die aanstellingswyse van bostaande persone as lede van die krygskommissie is ook onseker. Dit is waarskynlik dat die eerste aanstellings na afloop van die besluit van die Volksraad op 27 September 1899 gemaak was. Geen sodanige aanstellingsbriewe kon egter in die goewermentsekretaris se brieweboek gevind word nie. Die brieweboek dui daarop dat die krygskommissie wel op 9 Oktober 1899 in werking was. Vanaf hierdie datum het die goewermentsekretaris alle aangeleenthede oor die krygsorganisasie na die krygskommissie verwys.[40]

---

39 J. Haasbroek, “Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat (1885-1924)” (proefskrif), pp. 164-165; C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3, pp. 187-188, 857; Van Schoor (red.) “Hertzog”, p. 50; *De Express*, 14.11.1899. 'n Telegram van Enslin verklaar dat 'n sekere kommandant J. Prinsloo sy wapens in Maart 1900 neergelê het, die eed van getrouheid aan die Britse regering afgelê het en ander burgers in die distrik aangeraai het om dieselfde te doen. Enslin het ook aan die staatspresident berig dat hy sou poog om Prinsloo op 'n aanklag van hoogverraad te arresteer. Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Leyds-versameling, 709/10: direkteur, telegraafkantoor, 23.3.1900 (telegram).

40 VAB, GS 1660, p. 510: J.A. Collins — lede van die krygskommissie, 9.10.1899 (brief). Sien ook VAB, GS, 1660, p. 510 *et seq*.

By gebrek aan enige verdere, amptelike voorskrifte omtrent die take en funksies word verder staatgemaak op die beskrywings van die werksaamhede van die krygskommisie soos in ander bronne gevind.[41] Volgens Van der Merwe was dit die taak van die krygskommissie om militêre sake te bestuur, terwyl die staatspresident en uitvoerende raad op hul beurt weer verantwoordelikheid vir burgerlike bestuur geneem het. Luitenant C.J. Asselbergs verklaar dat die krygskommissie in dieselfde posisie as die Departement van Oorlog in Nederland gestaan het. Asselbergs verklaar voorts dat die krygskommissie opdragte kon gee, troep-opstelling en verplasing van troepe kon reël en alle oorlogsberigte ontvang het. Dit was die taak van die krygskommissie om die oorlogstrategie te formuleer, terwyl die hoofkommandante op hulle beurt weer verantwoordelikheid vir gevegsvoering geneem het.[42] Teen ongeveer Mei 1900 verwys P. Pienaar in sy boek na die krygskommissie. Pienaar beskryf die krygskommissie soos volg: “It must be borne in mind that the movements of the Free State forces were generally determined by the *Oorlogscommissie*, a body made up of President Steyn, Judge Hertzog, Advocate De Villiers and two or three other prominent men, whose trained intellects concerted the plan of campaign, De Wet being entrusted with its execution. He had power to alter details according as circumstances might dictate, but that was all.”[43] O. Hintrager verwys na 'n ontmoeting met die krygsraad in Junie 1900. Die veronderstelling hier is dat die verwysing na die krygsraad eerder 'n verwysing na die krygskommissie moet wees. Volgens Hintrager het die samestelling van die krygskommissie in Junie 1900 soos volg daar uitgesien: J.B.M. Hertzog, P.G. Steyn, veggeneraal A.P. Cronjé en J.J. Wessels. Hintrager beskryf sy ontmoeting met die krygskommissie soos volg: “Hierdie mense maak nie die indruk van beamptes of leëraanvoerders nie, maar inteendeel van ryk boere [...] Die werk van die krygsraad lyk vir my nie baie omvangryk nie.”[44] Rompel staan net soos Hintrager besonder krities teenoor die werksaamhede van die krygskommissie en staatspresident. Volgens Rompel: “Dit lichaam, dat de krijgskommissie heette, weifelde steeds voortvarend op te treden en verlamde den drang tot daden bij het hoofd der Republiek. Er werd wel door de kommissie bewonderenswaardig arbeidsvermogen

41 Sien ook Haasbroek, p. 165 (vn. 40).

42 Van der Merwe, 2, p. 4; W.L. von R. Scholtz en I.M.E. Scholtz (reds.), “Dagboek van C.J. Asselbergs”, *Christiaan de Wet-annale* 5, 1978, pp. 46-47; Rompel, p. 66. Sien ook Visser, p. 48; Haasbroek, p. 164.

43 P. Pienaar, *With Steyn and De Wet*, pp. 97-98.

44 J.J. Oberholster (red.), “Dagboek van Oskar Hintrager: saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900”, *Christiaan de Wet-annale* 2, 1973, pp. 37-38.

ontwikkeld; maar sneller en beslister handelen ware zeer zeker meer wenschelijk geweest. Hoe ook President Steijn en enkele der leden waren voor forscher aanvatten van de vele moeielijkheden en vraagstukken, die zich opdeden, zij onderwierpen zich steeds aan de uitspraak der meerderheid."[45] Hierdie standpunt stem ooreen met die aanklag van Hertzog dat die staatspresident versuim het om sy verantwoordelikhede as opperbevelvoerder na behore na te kom.[46]

Die krygskommissie het steeds ten tyde van die oorgawe van die konvensionele magte bestaan. Die wisselwerking tussen dié liggaam en die staatspresident, sowel as die rol van opperbevelvoerder, is egter onseker. Geen amptelike of ander bron kon gevind word wat spesifiek met die liggaam en sy bevoegdhede handel nie.

3.3 Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens eenen oorlog

Aan die hand van Hertzog wil dit voorkom of die Volksraad kort voor die uitbreek van die oorlog besef het dat sy militêre wetgewing verouderd en nie geskik vir moderne oorlogvoering was nie. Die Volksraad het daarom besluit om buitengewone magte aan die staatspresident te verleen met die doel om, indien nodig, die bestaande wetgewing tydens die verloop van 'n oorlog te herroep, te wysig of nuwe wetgewing daar te stel. Hierdie magte is kragtens die bepalings die *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens eenen oorlog*[47] verleen. Die titel van die wet is misleidend deurdat alleen artikel 1 met oorlogskoste verband hou, terwyl artikels 2 en 3 met uitgebreide magte handel wat in geval van 'n oorlog aan die staatspresident verleen word. Artikel 4 het weer met die verslagdoening van die staatspresident, met betrekking tot handelinge verrig kragtens die bepalings van die wet, na afloop van die oorlog gehandel.[48]

Alleen artikels 2 en 3 is hier van belang. Artikel 2 het aan die staatspresident die bevoegdheid verleen om, met die oog op die voortsetting van die oorlog of die verdediging van die staat, die werking van enige wet vir 'n bepaalde tyd op te hef. Die artikel stel drie voorvereistes vir die uitoefening van hierdie bevoegdheid: die opheffing van die wet moet noodsaaklik en wenslik wees; die staatspresident moet met die uitvoerende raad oorleg pleeg; en kennis van die opheffing van die wet moet

45 Rompel, p. 66.
46 Sien ook onderafdeling 3, *supra*.
47 Wet 34/1899.
48 Sien ook onderafdeling 2, *supra*.

by wyse van proklamasie geskied. Artikel 3 het voorts die bevoegdheid aan die staatspresident verleen om enige bepaling te promulgeer, wat noodsaaklik en wenslik vir die voortsetting van die oorlog, die verdediging van die land, of ter voorkoming van onluste was, of enige aangeleentheid wat in verband daarmee gestaan het. Artikel 3 het bepaal dat enige sodanige bepaling, wat deur die staatspresident gemaak en by wyse van proklamasie afgekondig is, onmiddellik regswerking verkry het.[49] Hertzog beskryf die magte wat kragtens artikels 3 en 4 van die *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens eenen oorlog* aan die staatspresident verleen is, as diktatoriale magte.[50]

4. Krygsrade en krygsvergaderings

Ingevolge artikel 57 van die *Krijgs- en Commandowet*[51] was daar 'n krygsraad by elke krygsafdeling teenwoordig. Die staatspresident het die plek en gebied bepaal waaroor 'n krygsraad jurisdiksie gehad het. 'n Krygsraad het bestaan uit die bevelvoerende offisier en alle kommandante teenwoordig in die krygsafdeling. Artikel 57 veronderstel dat die totale aantal lede van die krygsraad uit ten minste sewe offisiere, insluitende die bevelvoerende offisier, moes bestaan.

Aan die hand van artikels 58 tot 63 blyk dit duidelik dat 'n krygsraad 'n militêre geregshof, en nie 'n militêre besluitnemingsliggaam of krygsvergadering was nie. So handel artikel 58 met misdade wat 'n krygsraad kon bereg. Artikel 59 het aan die krygsraad dieselfde jurisdiksie, met betrekking tot vonnisoplegging, as dié van 'n rondgaande geregshof verleen. Voorts handel artikel 59 met appèlle teen die beslissing van 'n krygsraad en die prosedurele vereiste waar 'n beskuldigde deur die krygsraad ter dood veroordeel is. Artikel 60 het die bevoegdheid aan die uitvoerende raad opgedra om die prosedure vir beoordeling voor 'n krygsraad daar te stel.[52]

Die *Krijgs- en Commandowet*[53] het bepaal dat sittings van krygsrade in die openbaar geskied en behoorlik genotuleer moes word. Voorts het artikels 61 en 62 bepaal dat

---

49 Sien ook Van Schoor (red.), “Hertzog”, p. 39; C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 124.

50 Van Schoor (red.), “Hertzog”, p. 39; Rompel, p. 65. Sien ook De Wet, p. 7.

51 Wet 10/1899.

52 Die *Regulaties betreffende de manier van procedeeren oor den Krijgsraad* is in die *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat* van 3.11.1899 gepubliseer. Vir 'n meer volledige bespreking van die jurisdiksie van krygsrade, sien onderafdeling 4.2, hoofstuk 4, *infra*.

53 Wet 10/1899.

die prosedures, soos deur die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* bepaal, met betrekking tot die aanbied van getuienis, ook in 'n sitting van 'n krygsraad van toepassing was. Laastens het artikel 63 vereis dat die notule van 'n sitting van 'n krygsraad so spoedig moontlik na die staatspresident versend moes word. Dit is daarom duidelik dat die *Krijgs- en Commandowet*[54] nie 'n militêre besluitnemingsliggaam of krygsvergadering ten doel gestel het nie, maar 'n militêre geregshof.

Die teenwoordigheid van 'n groot aantal offisiere tydens die sitting van 'n krygsraad het sekerlik ook 'n gulde geleentheid om 'n krygsvergadering te hou gebied. Dit is egter duidelik dat die *Krijgs- en Commandowet*[55] nie krygsrade vir die doel van militêre besluitnemingsliggame daargestel het nie. Hierdie feit blyk duidelik uit die vereiste dat sittings van krygsrade in die openbaar moes geskied. Krygsvergaderings, waar militêre aangeleenthede van 'n sensitiewe aard bespreek word, kon sekerlik nie in die openbaar geskied het nie.

In die gebeure, wat die oorgawe van die konvensionele magte in die Brandwaterkom voorafgegaan het, word egter gesien dat krygsrade ook as militêre besluitnemingsliggame of krygsvergaderings gedien het en, in bepaalde gevalle, by wyse van 'n meerderheidsbesluit teen die uitdruklike wense en opdragte van die opperbevelhebber, die opperbevelvoerder en bevelvoerende offisiere gehandel het. Dit wil voorkom of die benaming van krygsrade as militêre besluitnemingsliggame of krygsvergaderings reeds in die vroeëre OVS militêre geskiedenis probleme geskep het. Laasgenoemde blyk uit 'n skrywe van staatspresident J.H. Brand aan kommandant L. Wepener in 1865: “Ik wensch uwe aandacht te [56] op de Commando wet. De Krygsraad bestaat alleen ten [57] van de by het commando plaats hebbende overtredingen & ter aanstelling na keuze van de plaatsvervangende officieren by het commando zie art 30, 31, & 32 [...] Men schynt onder het denkbeeld te verkeeren dat alle plannen van aanval en gevecht eerst door den krygsraad moet overwogen worden & dat de commandant in bevel aan de uitspraak van den krygsraad gebind is al is die ook in stryd met zijn eigen gevoelen. Doch ik heb reeds aan den commandant-generaal geschrieven & deed dus ook ten uwe informatie mede dat de

54 *Ibid*.
55 *Ibid*.
56 Woord onleesbaar.
57 Woord onleesbaar.

officier die aan het hoofd van een Commando staat in het bevechten van den vyand zoodanig kan handel als hy best oordeelt ter uitvoering van den staatspresident [58] hy die verantwoordelikheid, alhoewel hy met de officieren ja zelf den krygsraad kan raadplegen waar hy zulks nodig oordeelt, ook niet verpligt is dit telkens te doen."[59] Die skrywe van Brand wys daarop dat krygsrade wel as militêre raadgewingsliggame of krygsvergaderings kon diens doen, maar nie as militêre besluitnemingsliggame nie. Dit wil daarom voorkom of die gedagte van krygsrade as militêre besluitnemingsliggame of krygsvergaderings deur gebruik en gewoonte deel van die militêre reg geword het.

In teenstelling met die gewoonteregtelike aard van krygsrade as krygsvergaderings in die OVS, is krygsrade as militêre besluitnemingsliggame wel deur wetgewing in die ZAR erken en gereguleer.[60] Wanneer met die oorgawe van die konvensionele magte gehandel word, is dit duidelik dat die gebruik van krygsrade as krygsvergaderings vir die neem van militêre besluite bepaalde verreikende gevolge ingehou het. Vir doeleindes van die bespreking sal hieronder deurgaans na krygsvergaderings verwys word om sodoende 'n onderskeid tussen krygsrade as militêre geregshowe, en krygsrade as militêre besluitnemingsliggame, te tref. In hoofstuk 4 word aangetoon dat die verwarring, wat daar oor krygrade as krygsvergaderings bestaan het, waarskynlik ook tot die instel van 'n militêre geregshof aanleiding gegee het.[61]

5. Krygsorganisasie in 1899

Die staatspresident was die opperbevelhebber van die krygsmag, wat uit kommando's en die staatsartillerie bestaan het. Vir doeleindes van hierdie studie word op die burgermag gekonsentreer, wat die grootste gedeelte van die krygsmag uitgemaak het.

---

58 Woord onleesbaar.

59 VAB, GS, 1512, p. 108: J.H. Brand — L. Wepener, 28.7.1865 (brief). Artikel 32 van die *Kommandowet* van 1865 het bepaal dat die burgers van 'n kommando offisiere moes kies wat in die plek van gesneuwelde offisiere sou tree. Na afloop van die verkiesing is die offisiere deur die krygsraad aangestel. Die aanstelling deur die krygsraad van sodanige skadu-offisiere word nie deur artikel 26 van die *Krijgs- en Commandowet* van 1899 vereis nie. Sien ook Breytenbach, 1, p. 45.

60 Sien artikel 47 (Wet 20/1898 (ZAR). Sien ook Breytenbach, 1, pp. 44-45; Amery (red.), 2, p. 78.

61 Sien onderafdeling 4.2, hoofstuk 4, *infra*.

Die burgermag het uit kommando's bestaan. In die kommando's was burgers die troepe, terwyl veldkornette en kommandante die verkose offisiere was wat die verskillende kommando's en veldkornetskappe van die kommando's aangevoer het. Die offisiersrange van veldkornet en kommandant het in beide tye van vrede en oorlog bestaan.

Daarenteen het die rang van kommandant-generaal slegs ten tyde van oorlog bestaan. Die kommandant-generaal is uit die geledere van die kommandante en veldkornette, wat in een kommando saamgevoeg is, verkies.[62] Die betekenis van "in een kommando" saamgevoeg is onseker. Dit mag wees dat die wet hier na 'n krygsafdeling verwys, wat beteken dat elke krygsafdeling daarop geregtig sou wees om 'n kommandant-generaal te verkies. By gebrek aan enige verdere bronne word met bogenoemde volstaan.

Die kommandant-generaal het na alle waarskynlikheid ten tyde van oorlog as die opperbevelvoerder van die krygsmag gedien. Met opperbevelvoerder word hier bedoel dat die kommandant-generaal as bevelvoerder van die totale krygsmag diens gedoen het. Dit is trouens vreemd om daarop te let dat die posisie van die kommandant-generaal in vroeëre wetgewing duideliker was. So het artikel 12 van die *Commando Wet* van 1854 bepaal dat veldkornette en kommandante hulle bevele in tye van vrede van landdroste en die staatspresident ontvang het. Die implikasie van artikel 12 was derhalwe dat die kommandant-generaal in tye van oorlog die bevele moes gee. Die bevoegdheid van die staatspresident om, sonder tussenkoms van die kommandant-generaal, bevele aan offisiere te gee was ook 'n latere invoeging, wat nie in die aanvanklike *Commando Wet* van 1854 of die Grondwet bestaan het nie.[63] Die Grondwet van 1854 het geen beperking op die ampstermyn van die kommandant-generaal geplaas nie, behalwe die vereiste dat daar 'n oorlog moes wees.[64]

---

62 Artikel 52 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*; Artikels 4 en 23 (Wet 10/1899).

63 "Aangezien art. 53 der Constitutie geene duidelijke voorsieningen maakt met betrekking tot de vraag, of indien gedurende eenen oorlog de magt te velde gesplitst is in verschillende afdeelingen hunne instructien te ontvangen hebben van den gekozen Commandant-Generaal, met uitsluiting van alle andere autoriteiten: zoo besluit de Raad, dat in zoodanig geval ZHEd. de Staatspresident de bevoegdheid heeft aan de bedoelde officieren, zonder tusschenkomst van den Commandant-Generaal, van tijd tot tijd, zoodanige instructies te geven als ZHEd. Wenschelijk beschouwt." Artikel 8 (Ordonnantie 12/1877).

64 Sien artikel LIII van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat* (1854). Vir die wysiging met betrekking tot die ampstermyn van die kommandant-generaal, sien artikel 10 (Ordonnantie 12/1877).

Die *Krijgs- en Commandowet*[65] het ook vir die rang van hoofkommandant voorsiening gemaak. Hertzog verklaar dat die OVS tot kort voor die uitbreek van die oorlog slegs een kommandant-generaal of hoofkommandant gehad het. Volgens Hertzog: "This law was now changed and instead of one there were to be as many Hoofd-Commandants as there were main divisions in the field, every such Hoofd-Commandant being elected by the officers of the force constituting that particular division."[66] Dit wil voorkom of Hertzog fouteer omdat meer as een hoofkommandant reeds in die Tweede Vrystaat-Basoeto-oorlog (1865-1866) aangewys is.[67] Die vraag ontstaan of daar aan die hand van Hertzog se siening aangevoer kan word dat die aanvullingswet van 1899 enersyds die bepalings, met betrekking tot die kommandant-generaal, gewysig het, of andersyds die rang afgeskaf het. Voordat hierdie vraag beantwoord word, is dit nodig om op die geskiedenis van die aanvullingswet te let om sodoende die antwoord tot bostaande vraag binne die juiste konteks te plaas.

Die daarstelling van die aanvullingswet van 1899 kan tot 'n skrywe van kommandant C.H. Nel van Kroonstad teruggevoer word. In hierdie skrywe, gedateer 11 September 1899, versoek Nel die staatspresident om 'n datum te bepaal om 'n generaal (waarskynlik 'n kommandant-generaal) te verkies. Die skrywe van Nel dien

---

65 Wet 10/1899.

66 Van Schoor (red.), "Hertzog", pp. 38-39. Sien ook Breytenbach, 1, p. 42; P.J. Delport, "Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog" (verhandeling), pp. 9-10.

67 Sien Proklamasie van kommandant-generaal J.J.J. Fick van 1866 [no. 111-1865] soos gepubliseer in *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, Vol. IX, no. 448, 11.10.1865. In hierdie proklamasie word spesifiek melding gemaak van hoofkommandant Wepener. Sien ook skrywes: hoofkommandant L. Wessels — J.H. Brand, OVS, 11.1.1866 [no. 6-1866] gepubliseer in *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, Vol. IX, no. 462, 17.1.1866; hoofkommandant L. Wessels — J.H. Brand, OVS, 17.1.1866 [no. 9-1866] gepubliseer in die *Gouvernements Courant*, Vol IX, no. 463, 24.1.1866; hoofkommandant L. Wessels — J.H. Brand, OVS, 4.2.1866 [no. 12-1866] gepubliseer in *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, Vol. IX, no. 464, 31.1.1866; hoofkommandant L. Wessels — J.H. Brand, OVS, 19.2.1866 [no. 17-1866], *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, Vol. IX, no. 468, 28.1.1866; hoofkommandant L. Wessels — J.H. Brand, OVS, 25.2.1866 gepubliseer in die *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, Vol. IX, no. 469, 9.3.1866; hoofkommandant L. Wessels — J.H. Brand, OVS, 7.3.1866 gepubliseer in *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, Vol. IX, no. 470, 16.3.1866; hoofkommandant P. Wessels — J.H. Brand, OVS, 31.3.1866 [no. 24-1866] gepubliseer in die *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, Vol. IX, no. 474, 13.4.1866; hoofkommandant L. Wessels — J.H. Brand, OVS, 12.4.1866 gepubliseer in *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*,Vol. IX, no. 475, 20.4.1866. Bostaande verwysings getuig duidelik van die gebruik van meerdere hoofkommandante gedurende die Tweede Vrystaat-Basoeto-oorlog. Sien ook artikel 2 van Ordonnantie 35/1877. In hierdie artikel word bepaal dat elke hoofkommandant geregtig was op vergoeding van £1 per dag. Laasgenoemde artikel is ook vervat in artikel 24 van Wet 10/1899. Van Heerden verklaar dat die rang van hoofkommandant waarskynlik deur A.W.J. Pretorius in die 1838 veldtog teen Dingaan gebruik is. Die rang van kommandant-generaal is later ook deur A.W.J. Pretorius gebruik. Aan die hand van Van Heerden wil dit voorkom of hier moontlik wisselterme vir dieselfde rang betaan het. (Van Heerden, "Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek" (proefskrif), pp.19-21.) Dit is egter duidelik dat hier twee onderskeie range bestaan het, en dat wisselterme vir dieselfde rang nie ter sprake is nie.

op 18 September 1899 voor die uitvoerende raad, waar besluit word om die staatspresident te versoek om 'n konsepwet vir die verkiesing van 'n kommandant-generaal op te stel en sodanige konsepwet aan die Volksraad voor te lê.[68] Die versoek aan die staatspresident, met betrekking tot die opstel van 'n konsepwet, word op 18 September 1899 na die staatsprokureur verwys: “In gevolge een besluit van den Uitvoerenden Raad, wordt Ued. opgedragen eene concept wet, regelende de verkiezing van een Commandant Generaal in tyd van oorlog op te trekken, ter voorlegging aan den Hed. Volksraad in [69] Buitengewone zitting, een aanvang nemende te Bloemfontein op Donderdag den 21sten dezer. (Gelieve ZHED. den staatspresident nog hede te zien, aangaande de voege waarin zoodanige wet moet worden opgesteld.)”[70] Geen verdere rekord aangaande die opstel van die aanvullingswet van 1899, tot en met die indiening van die konsep in die Volksraad op Dinsdag, 26 September 1899, kon gevind word nie. Die oorspronklike teks van die aanvullingswet in konsepstadium kon ook nie in die stukke van die Volksraad vir die buitengewone sitting van 1899 gevind word nie. Die bespreking in die Volksraad dui daarop dat alleen kleinere wysigings aan die konsepwet aangebring is. Dit impliseer dat die aanvullingswet, soos aanvaar, nie in die konsepstadium na die verkiesing van die kommandant-generaal verwys het nie.[71]

Die vraag ontstaan dus waarom daar binne enkele dae ná die versoek van Nel, die besluit van die uitvoerende raad en die versoek van die staatspresident tot die staatsprokureur besluit is om eerder in die konsepwet met die verkiesing van hoofkommandante, en nie soos aanvanklik versoek met die verkiesing van 'n kommandant-generaal, te handel nie. Drie moontlikhede kan hier aan die hand gedoen word. Die eerste is dat artikel 52 van die Grondwet, hoewel nie so uitvoerig soos die aanvullingswet van 1899 nie, wel voorsiening vir die verkiesing van 'n kommandant-generaal gemaak het. Daarenteen verwys artikel 24 van die *Krijgs- en Commandowet*[72] slegs na die rang van hoofkommandant sonder dat daar in dié wet, of in enige ander wet, vir die wyse van verkiesing tot die rang voorsiening gemaak word. 'n Tweede moontlikheid kan in die aanvullingswet tot die *Krijgs- en*

68 VAB, GS 1976, p. 142: C.H. Nel — M.T. Steyn, 11.8.1899 (brief); VAB: Uitvoerende Raad (UR) 17, p. 4: *Vergadering van den Uitvoerende Raad te Kroonstad op Vrydag den 15den September 1899* (notule).
69 Woord onleesbaar.
70 VAB, GS 1654, p. 158: P.J. Blignaut — J.G. Dickson, 18.9.1899 (afskrif van brief).
71 OVS 1899, 2, pp. 126-129, 143.
72 Wet 10/1899.

Commandowet van 1897 gevind word. In artikel 1 tot die aanvullingswet van 1897 word verklaar dat wanneer die staatspresident die OVS krygsmag ter ondersteuning van die ZAR oproep, die kommandant-generaal van die ZAR die opperbevelvoerder van die gesamentlike magte sou wees. Dit mag daarom wees dat die staatspresident en staatsprokureur besluit het om eerder van die laer rang van hoofkommandant gebruik te maak om sodoende die krygsorganisasie van die OVS krygsmag, onder bevel van die kommandant-generaal van die ZAR, te vergemaklik. Hoofkommandante en krygsafdelings sou sodoende aan die verskillende ZAR krygsafdelings toegeken kon word, waar sodanige OVS krygsafdelings onder die opperbevel van die ZAR kommandant-generaal of die ZAR bevelvoerder van sodanige krygsafdeling diens kon doen.

Tot en met die aanvaarding van die aanvullingswet het daar geen prosedure vir die verkiesing tot dié rang bestaan nie. Die aanvullingswet van 1899 het daarom die wyse en prosedure van verkiesing tot die rang van hoofkommandant gereguleer.[73] In die uitvoerende raad van 11 Oktober 1899 is ook besluit dat hoofkommandant M. Prinsloo dadelik met die kommandant-generaal van die ZAR in verbinding moes tree en in oorleg met hom (die kommandant-generaal) moes handel. Hoofkommandant C.J. Wessels moes hom ook in verbinding met assistent-kommandant-generaal P.A. Cronjé stel.[74] Hierdie opdrag onderskryf die moontlikheid dat die twee hoofkommandante na alle waarskynlikheid só onder die bevel van die ZAR geplaas is.

'n Derde en laaste moontlikheid, soos deur Hertzog aan die hand gedoen word, is dat die rang van hoofkommandant dié van kommandant-generaal vervang het. Dit is egter nie haalbaar om die aanvullingswet van 1899 só te interpreteer nie. Die aanhef tot die aanvullingswet van 1899 stipuleer dat die wet ten doel het om die wyse waarop hoofkommandante verkies kon word te reguleer en om die "*Krijgs- en Kommandowet"* in bepaalde opsigte te wysig.[75] Die bepalings met betrekking tot die verkiesing van hoofkommandante sou daarom aanvullend tot die *Krijgs- en*

---

73 Sien ook Visser, pp. 38-39.

74 VAB, UR 17, p. 42-43: Vergadering van den Uitvoerende Raad op Woensdag den 11den Oktober 1899 (notule). Laasgenoemde afleiding word ook indirek gestaaf deur 'n telegram van die OVS staatspresident aan die ZAR staatspresident: "Voor de Harrismith onderafdeling van den Vrijstaatsche burgermacht is als hoofd Commandant gekozen de Heer Marthinus Prinsloo die voor die onderafdeling sal optreden als Commandant Generaal." Soos aangehaal deur Delport, p. 27.

75 Die aanvullingswet van 1899 verwys uitdruklik na *Kommandowet* en nie *Commandowet* nie.

Commandowet[76] wees. So ook sou die bepalings van die aanvullingswet van 1899 alleen die *Krijgs- en Commandowet*[77] wysig en nie die bepalings van die Grondwet nie. Ten opsigte van die rang van kommandant-generaal is dit belangrik om daarop te let dat die wyse van verkiesing, die termyn van verkiesing en ander bepalings in die Grondwet vervat was.[78] Daarmee saam dui niks in die aanvullingswet van 1899 daarop dat die bepalings betreffende die kommandant-generaal deur die aanvullingswet herroep of gewysig word nie. Die aanvullingswet van 1899 handel trouens slegs met die verkiesing van hoofkommandante, en die woord kommandant-generaal kom glad nie daarin voor nie.

Die vraag kan ontstaan of die range van kommandant-generaal en hoofkommandant aan die hand van artikel 52 van die Grondwet en artikel 2 van die aanvullingswet van 1899 gelyk gestel is. Hertzog verklaar dat hoofkommandante aan mekaar in rang en gesag gelyk was en daarom geen onderhorigheid aan mekaar verskuldig was nie. Hy verklaar voorts dat hoofkommandante alleen onderhorig aan die staatspresident was.[79] Hierdie beskrywing van Hertzog is in ooreenstemming met artikel 4 van die aanvullingswet van 1899, wat bepaal het dat hoofkommandante hulle bevele in ooreenstemming met artikel 52 van die Grondwet van die staatspresident ontvang. Aan die hand hiervan kan voorgehou word dat 'n kommandant-generaal en hoofkommandant gelyk in rang was omdat ook die kommandant-generaal, net soos hoofkommandante, sy bevele direk van die staatspresident ontvang het. Tog sou die staatspresident die krygsmag só kon organiseer deur opdrag te gee dat die onderskeie hoofkommandante aan die opdrag van die kommandant-generaal onderworpe was.

Die krygsmag was in 1899 soos volg georganiseer: Die staatspresident was die opperbevelhebber en opperbevelvoerder van die krygsmag. Wat die presiese reëling met betrekking tot die verhouding tussen die OVS staatspresident en ZAR kommandant-generaal omtrent die opperbevel van die OVS krygsmag was, is onseker. OVS hoofkommandante was op hulle beurt weer die krygsafdelingbevelvoerders, wat aan die opdragte van die OVS staatspresident en/of die ZAR kommandant-generaal uitvoering moes gee. Binne die krygsafdelings was

76 Wet 10/1899.
77 *Ibid*.
78 Sien artikels 52-54 van van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*.
79 Van Schoor (red.), “Hertzog”, p. 39.

kommandante en veldkornette, wat op hulle beurt aan die hoofkommandant onderhorig was. Daarenteen het militêre wetgewing in die ZAR uitdruklik bepaal dat in tye van oorlog die oppertoesig van die ZAR krygsmag in die ZAR kommandant-generaal gesetel was. Die ZAR-wet het uitdruklik bepaal dat 'n assistent-veldkornet aan sy veldkornet se bevele onderhorig was. Op sy beurt was 'n veldkornet weer onderhewig aan die bevele van sy kommandant, en 'n kommandant onderworpe aan die bevele van die kommandant-generaal.[80]

Die OVS organisasie was binne die aanvanklike krygstrategie suksesvol omdat die hoofkommandante elk binne hulle eie operasionele gebied bevel gevoer het. Met die oorgawe van Cronjé, die onttrekking van krygsafdelings uit die Kaap en die val van Bloemfontein was daar egter spoedig verskeie hoofkommandante binne die OVS grondgebied in 'n saamgevoegde krygsafdeling.[81] Gedurende Mei en Junie 1900 is die ZAR krygsmag toenemend gedwing om op eie bodem oorlog te voer, terwyl die OVS krygsmag op sy beurt weer in die OVS agtergebly het. Die opperbevel van gesamentlike republikeinse magte het daarom al hoe meer onbelangrik geraak. Dit het trouens eerder nodig geword om die OVS magte en hulle oorlogspoging onder die bevel van hul eie opperbevelvoerder te plaas. Voorts was dit sekerlik ook nodig om die oorlogspoging in die twee republieke te koördineer.

6. Die gewysigde bevelstruktuur van 1900

Teen Maart 1900 het die oorlogsgety teen die republikeinse magte gedraai. In reaksie hierop het die OVS sy drie krygsafdelings (Aliwal-Noord, Colesberg en Kimberley) aan die Kaap onttrek en sy Natal-krygsafdeling aansienlik verklein in 'n poging om die Britse aanslag teen die OVS die hoof te bied. In hierdie proses is die drie krygsafdelings, wat in die Kaap gestasioneer was, byeengebring, met die gevolg dat drie hoofkommandante ook in hierdie tyd binne dieselfde gebied en binne 'n losse saamgevoegde krygsafdeling aanwesig was. Voet, in sy *De iure militari*, verklaar uitdruklik dat die aanwesigheid van verskeie offisiere van gelyke rang sonder 'n opperbevelvoerder niks goeds vir 'n krygsmag inhou nie.[82]

---

80 Artikels 26 en 27 (Wet 20/1898 (ZAR)).

81 Sien ook TAB, Leyds 709/10: direkteur Telegraafkantoor, 23.3.1900 (telegram).

82 Voet, vertaal deur Van der Westhuizen, p. 142.

Die staatspresident sou in hierdie omstandighede óf self die oorhoofse bevel moes neem, óf die kommando's verenig en in die plek van die drie hoofkommandante die verkiesing van 'n nuwe hoofkommandant van die saamgevoegde krygsafdeling gelas. 'n Alternatief sou wees om 'n kommandant-generaal te verkies, wat as die opperbevelvoerder kon dien. Laasgenoemde alternatief was veral belangrik omdat die twee republieke voortaan elk binne eie gebied afsonderlik van mekaar sou optree. Die oorhoofse bevel van die gesamentlike republikeinse magte, gesetel in die ZAR kommandant-generaal, sou daarom nie langer vir die OVS krygsmag geld nie, aangesien daar vanaf Mei 1900 'n duidelike skeidslyn in die operasionele gebied van die twee krygsmagte gesien kon word.

Uit die herinneringsgeskrifte van H. Olivier (die seun van kommandant J.H. Olivier) blyk dit dat die samevoeging van die drie Kaapse krygsafdelings onmiddellik vrae oor die status van die verskillende hoofkommandante tot gevolg gehad het. H. Olivier verklaar dat hoofkommandant J.H. Olivier daarop aangedring het dat die staatspresident 'n verkiesing van 'n hoofkommandant vir die nuwe, saamgevoegde krygsafdeling, in ooreenstemming met die bepalings van die aanvullingswet van 1899, moes gelas. Hy toon verder aan dat die staatspresident vir J.H. Olivier in kennis gestel het dat hy (die staatspresident) vir C.R. de Wet as die hoofkommandant-generaal aangestel het.[83]

Behalwe vir die geskrifte van Olivier kon geen ander bron gevind word wat die versoek van J.H. Olivier aan die staatspresident bevestig het nie. Voorts het die rang van hoofkommandant-generaal nie in die OVS militêre wetgewing bestaan nie. Die staatspresident het ook nie die bevoegdheid gehad om 'n persoon in die rang van hoofkommandant of kommandant-generaal aan te stel nie. Ingevolge Wet 34 van 1899 sou die staatspresident wel sy bevoegdhede kon gebruik om die aanvullingswet van 1899, of selfs die *Krijgs- en Commandowet*,[84] te wysig om sodoende aan hom die bevoegdheid te verleen om so 'n aanstelling te maak. Ander voorbeelde bestaan wel waar die staatspresident van die bevoegdhede, soos verleen deur Wet 34 van 1899, gebruik gemaak het en 'n proklamasie in die

83 TAB, Olivier-herinneringe A1237: "Herinneringe van mnr. Henning Olivier", p. 6. Sien ook De Wet, p. 116; J.D. Kestell, *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing*, p. 77; W.L. von R. Scholtz, "Generaal Christiaan de Wet as veldheer" (proefskrif), p. 134.

84 Wet 10/1899.

staatskoerant gepubliseer het.[85] Geen proklamasie kon egter gevind word waar die staatspresident sy bevoegdhede gebruik het om aan homself die bevoegdheid te verleen om 'n hoofkommandant of kommandant-generaal aan te wys nie. So ook kon geen bevestiging in die staatskoerante gevind word wat daarop dui dat die staatspresident sy bevoegdheid gebruik het om 'n nuwe rang van hoofkommandant-generaal daar te stel nie. Uit die notules van die uitvoerende raad blyk dit verder dat die staatspresident nooit met hierdie liggaam oorleg gepleeg het om so 'n wysiging aan te bring, of om 'n nuwe rang van hoofkommandant-generaal daar te stel, of 'n hoofkommandant aan te wys nie.[86]

Die aanstelling van C.R. de Wet tot hoofkommandant word wel in 'n telegram van 20 April 1900 van die OVS staatspresident aan die kommandant-generaal van die ZAR bevestig. In die telegram skryf die staatspresident soos volg: “Juist van Hoofdcomdt C. De Wet terug gekomen. Zed Gestr werd gisteren benoemdt tot Hoofd Komdt van alle Vrystaatsch commandos [...].”[87] Benoeming hier beteken nie noodwendig dat 'n aanstelling gevolg het nie.

Dié telegram van die staatspresident meld nie die persoon of instansie verantwoordelik vir die benoeming nie. Die afleiding sou wel gemaak kon word dat óf die uitvoerende raad, óf die krygskommissie, óf die staatspresident self vir die benoeming verantwoordelik was. In die notules van die uitvoerende raad vir 1900 kon geen besluit te dien effekte gevind word nie.[88] Dit laat alleen die staatspresident en krygskommissie as moontlike gesag vir die benoeming van C.R. de Wet as die hoofkommandant van alle OVS kommando’s. Geen notules van die krygskommissie,

---

85 Sien Aanhangsel A tot die studie vir voorbeelde van kennisgewings en proklamasies uitgevaardig in terme van Wet 34/1899. Volgens Kestell het die staatspresident wel die bevoegdheid uit hoofde van Wet 34/1899 gehad om so vir De Wet tot opperbevelvoerder aan te stel. (Kestell, p. 77.) Kestell is in sy aanname korrek, maar laat egter na om met die proklamasie te handel wat kragtens die bepalings van Wet 34/1899 moes volg om aan die staatspresident die bevoegdheid te verleen om so 'n aanstelling te maak. Visser vermeld dat 'n wysiging gedurende die oorlog aan die bestaande militêre reg aangebring is om aan die uitvoerende raad die bevoegdheid te verleen om hoofkommandante aan te wys. As gesag verwys Visser na Kestell, p. 53. Op die betrokke bladsy word met die aanstelling van De Wet tot veggeneraal gehandel. Visser fouteer daarom in óf sy verwysing na Kestell óf sy gesag.

86 Sien VAB, UR 17: p. 125 *et seq*.

87 TAB, Leyds 721/6: Direkteur Telegrafen – M.T. Steyn (die inhoud van die telegram word deur M.T. Steyn aan die kommandant-generaal van die ZAR gerig), 20.4.1900. Sien ook M. Davitt, *The Boer fight for freedom*, p. 409; Oberholster (red.), p. 106; Scholtz, proefskrif, p. 134. Asselbergs, die Nederlandse militêre attaché, skryf ook in sy dagboek op 19.3.1900 soos volg: “Naar we verder van de President [vernemen] krijgt generl. De Wet nu ongeveer 6 000 menschen en 20 kanonnen onder zijn bevelen.” (Scholtz en Scholtz (reds.), p. 56.) Dit is interessant dat Pakenham verklaar dat De Wet as kommandant-generaal aangewys is. T. Pakenham, *The Boer War*, p. 387.

88 Sien VAB, UR 17: p. 125 *et seq*.

of enige ander stukke in hierdie verband, kon gevind word nie. Dit is daarom onmoontlik om die krygskommissie as gesag vir die benoeming uit te sluit. Daarmee saam is dit belangrik om met verwysing na die telegram daarop te let dat die benoeming van C.R. de Wet tot die rang wel die goedkeuring van die staatspresident, as opperbevelhebber van die krygsmag, weggedra het. Dit is weer nodig om te benadruk dat C.R. de Wet alleen benoem is. 'n Benoeming kon tot 'n verkiesing, of latere aanstelling, aanleiding gee. Geen verdere gegewens kon egter gevind word om te bepaal of die proses wel afgehandel is nie. Die teendeel spreek eerder, naamlik dat die posisie van C.R. de Wet nie gefinaliseer is nie.

Volgens J.C. Smuts was dit die staatspresident wat C.R. de Wet as opperbevelvoerder van die OVS magte aangestel het: “Christian de Wet started and remained in a subordinate position until it was too late. A mere commandant at Modderspruit, a mere fighting general on the Modder River, his active genius was thwarted at every stage by the stupidity of his superiors and the insubordination of his undisciplined men. Even after the fall of Bloemfontein and his signal victory at Sannahspost, he occupied an inferior position to his brother Piet, who was soon destined to disgrace the name he bore, and, but for the clear insight of President Steyn, Christian de Wet would not have been appointed to the chief position in the Free State Army.”[89] H. Olivier verwys ook na 'n krygsvergadering waar P.D. de Wet die staatspresident bitterlik verwyt het dat hy nie 'n verkiesing gelas het om 'n hoofkommandant te verkies nie. Hierdie vergadering het aan die begin van Junie 1900 plaasgevind.[90]

Die bespreking hierbo skep die indruk dat die benoeming van C.R. de Wet as hoofkommandant, soos deur die staatspresident aan die ZAR kommandant-generaal getelegrafeer, nie noodwendig in April 1900 gefinaliseer is nie. Dit word bevestig in 'n telegram van 15 Mei 1900 van die OVS staatspresident aan die ZAR staatspresident. In hierdie telegram verwys die OVS staatspresident na C.R. de Wet as waarnemende hoofkommandant.[91] Teen die agtergrond van die Smuts-aanhaling is dit belangrik om te let op Ayala, wat soos volg skryf: “[W]hen supreme command is

89 S.B. Spies en G. Nattrass (reds.), *Jan Smuts: memoirs of the Boer War*, p. 71.

90 TAB, A1237: “Herinneringe van mnr. Henning Olivier”, p. 9. In hierdie vergadering is ook die wapenstilstand wat P.D. de Wet aan die Britse magte toegestaan het, bespreek. Vir verdere bespreking sien onderafdeling 7, hoofstuk 4, *infra*.

91 VAB, Fischer-versameling (A59), p. 112: M.T. Steyn — S.J.P. Kruger, 15.5.1900 (afskrif van telegram).

given to any one, it will be a well-advised thing to allow him full discretion in the decision of matters of highest import [...].”[92] In hoofstuk 6 word aangetoon dat die staatspresident as opperbevelhebber hom na alle waarskynlikheid, sonder die tussenkoms van die opperbevelvoerder, C.R. de Wet, met die aanstelling van offisiere bemoei het. Dit wil daarom voorkom of die staatspresident, na afloop van die benoeming, homself steeds met take van die opperbevelvoerder van die OVS krygsmag bemoei het.[93]

Dit is wel vreemd dat die staatspresident as hoof van die regering nie die aankondiging in die uitvoerende raad of staatskoerant bekend gemaak het nie.[94] Dit wil voorkom of die moontlike aanstelling van C.R. de Wet *ultra vires* was, deurdat die staatspresident nie by magte was om so 'n aanstelling te maak nie. Wet 34 van 1899 het uitdruklik vereis dat die staatspresident met die uitvoerende raad oorleg moes pleeg voordat hy by wyse van proklamasie 'n nuwe bepaling kon skep.[95] By gebrek aan enige getuienis in die verband in die notules van die uitvoerende raad en proklamasie in die staatskoerant kan aanvaar word dat die staatspresident nie hierdie vereistes nagekom het nie, en dat hy regtens daarom nie by magte was om so 'n aanwysing te maak nie. Die staatspresident moes daarom eerder 'n verkiesing van 'n nuwe hoofkommandant van die saamgevoegde kommando’s gelas het. Dit wil voorkom of C.R. de Wet bewus was van die gebreke in sy eie aanwysing omdat hy, volgens sy boek, 'n versoek aan die staatspresident gerig het om 'n hoofkommandantsverkiesing te gelas. Hierdie versoek is, volgens C.R. de Wet, geweier en hy het daarom besluit om self 'n verkiesing te gelas waar hy ook met 'n meerderheidstem verkies is.[96]

Dit is onseker waarom die staatspresident die versoek van C.R. de Wet vir die verkiesing van 'n hoofkommandant geweier het. 'n Dagboekinskrywing van J. Hindon, 'n lid van die Theron-verkennerskorps, lig wel die sluier effens oor die vraag. Volgens Hindon was die staatspresident teen so 'n verkiesing gekant aangesien hy

---

92 Ayala, p. 121.

93 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 6, *infra*. Sien ook die voorbeeld van S.G. Vilonel onder onderafdeling 2.1, hoofstuk 6, *infra*.

94 Vergelyk met kennisgewing no. 542-1899 soos gepubliseer in die *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 13.10.1899.

95 Sien artikel 3 (Wet 34/1899).

96 De Wet p. 116; G.S. Preller, *Kaptein Hindon: oorlogsaventure van 'n baas verkenner*, p. 129; Kestell, p. 77; H.C. Hopkins, *Maar één soos hy: die lewe van kommandant C.A. van Niekerk*, p. 87.

nie seker van die uitslag was nie. Hindon verwys ook na die wrywing en jaloesie wat tussen offisiere, verbonde aan die bevel van die krygsmag, bestaan het.[97]

Na die moontlike aanstelling van C.R. de Wet as hoofkommandant van die OVS kommando's, is die rang van hoofkommandant steeds deur ander persone gebruik. Hierbo is reeds verwys na die probleme betreffende hoofkommandante, wat in werklikheid tot en met die aanstelling van C.R. de Wet gelyk in rang was en geen onderhorigheid aan mekaar verskuldig was nie. Die aanstelling van C.R. de Wet in die rang van hoofkommandant van alle OVS kommando's het die militêre bevelstruktuur verder bemoeilik deurdat ander hoofkommandante, soos Prinsloo, in hulle range aangebly het. Mettertyd is daar ook ander hoofkommandante, soos F.J.W.J. Hattingh en I.J. Meyer, verkies.[98]

Ook hier moes C.R. de Wet die probleme, wat met verskeie hoofkommandante gepaard gegaan het, besef. Hy het daarom van veggeneraals, in plaas van hoofkommandante, as afdelingbevelvoerders gebruik gemaak. Daar moet egter gelet word dat die rang van veggeneraal ook nie in die OVS militêre wetgewing voorkom nie. C.R. de Wet verklaar wel dat die rang deur die Volksraad ingestel is.[99] Geen besluit te dien effekte kon egter in die notules van die Volksraad gevind word nie.

Hertzog bevestig dat die rang van veggeneraal nie in die militêre stelsel van die OVS voorgekom het nie. Volgens Hertzog is dié rang na die voorbeeld van die ZAR ingestel met die doel om aan die opperbevelhebber die geleentheid te gee om offisiere, waar nodig, aan te wys. Volgens Hertzog: "From a practical point of view it has the advent which forced the immediate consideration for its adoption that the Government thereby acquired the power indirectly to supplant any office, even the Hoofd-Commandant, who did not give satisfaction, without infringing upon the rights of the election; for the Vechtgeneraal was supposed to have supreme control and direction of affairs during the course of active operations in the field."[100]

Volgens C.R. de Wet is die rang van veggeneraal later op aandrang van bepaalde offisiere afgeskaf. Ongelukkig vermeld C.R. de Wet nie wie die offisiere was nie, en waarom sodanige groep offisiere beswaar gehad het teen die gebruik van die rang

97 Preller, p. 129.
98 Kestell, p. 59; *De Bazuin*, 24.7.1900. Sien ook onderafdelings 6.3.2 (b), hoofstuk 5 en 2.2, hoofstuk 6, *infra.*
99 De Wet, p. 7. Sien ook Breytenbach, 1, p. 43.
100 Van Schoor (red.), "Hertzog", p. 51.

nie. Hy het hierna die persone, wat in die rang gedien het, onmiddellik as assistent-hoofkommandante aangestel.[101] In hoofstuk 5 word gesien dat C.R. de Wet, in sy eie beskrywing van die krygsorganisasie, na afloop van die geveg te Bethlehem die krygsmag in drie afdelings verdeel het. Elke afdeling is deur 'n assistent-hoofkommandant aangevoer. In sommige van die krygsafdelings was wel veggeneraals teenwoordig.[102] Dit wil dus voorkom of die afskaffing van veggeneraals bloot tydelik was, of dat C.R. de Wet hom met die datum van die afskaffing van die rang vergis het.

Daarmee saam is nog 'n rang, naamlik dié van assistent-hoofkommandant, geskep wat nie binne die OVS militêre wetgewing bestaan het nie, terwyl die OVS opperbevelstruktuur wel gerat was om 'n opperbevelvoerder en krygsafdelingbevelvoerders te fasiliteer. Die gebruik van die rang van hoofkommandant vir krygsafdelingbevelvoerders, sowel as die opperbevelvoerder, was aanvanklik ook verwarrend gewees. Geen poging is ook aangewend om formele gestalte, by wyse van wetgewing of proklamasie, aan so 'n nuwe krygstruktuur te gee nie of andersins is wysigings nie na behore gepubliseer nie.

Wat wysigings betref is dit belangrik om te vermeld dat Hintrager, 'n Duitse vrywilliger, op 9 Julie 1900 die volgende inskrywing in sy dagboek maak: “De Uitvoerende Raad heeft n.l. de wet, krachtens deswelke veldkornetten en kommandanten door de burgers van hun distrikt gekozen worden, vervangen door een andere wet, die bepaalt dat de hoofkommandant ze benoemt en afzet, waarna de president benoeming of ontslag bekrachtigen moet.”[103] Dit is interessant om daarop te wys dat Hintrager enkele maande later, met verwysing na 'n gesprek tussen hom (Hintrager) en J.A.J. de Villiers, vermeld dat C.R. de Wet kort vantevore daarin geslaag het om die verkiesing van offisiere af te skaf.[104]

Hierdie gewysigde bedeling kon egter nie in enige amptelike OVS publikasie gevind word nie. Ten opsigte van die gebrek aan so 'n publikasie is dit belangrik om op *R v*

---

101 De Wet, p. 94.

102 Sien onderafdeling 6.3.1, hoofstuk 5, *infra*. Sien ook onderafdeling 6.1 hoofstuk 5, *infra* waar vermeld word dat P.J. Fourie tydens 'n krygsvergadering as 'n veggeneraal aangestel is. J.B.M. Hertzog self is ook op 17 Junie 1900 as veggeneraal aangestel. TAB, Hertzog-versameling, SAB A32/1.

103 O. Hintrager, *Met Steijn en De Wet op kommando: Een dagboek uit den oorlog in Zuid-Afrika: Uit het Duitsch*, p. 33. Sien ook Amery (red.), 4, p. 315; Hopkins, p. 87.

104 Oberholster (red.), p. 127. Hierdie gedeelte word nie in die Nederlandse vertaling van die dagboek gevind nie.

Celliers[105] te let, waar die hof uitdruklik die publikasie van enige wetsbepaling, uitgevaardig kragtens Wet 34 van 1899, vereis het. Die verdediging in die *Celliers*-beslissing het nie daarin geslaag om die feite, wat hulle beweer het, deur middel van inhandiging van 'n proklamasie te bewys nie. Die hof het daarom die verweer verwerp en beslis dat waar 'n besluit ooreenkomstig Wet 34 van 1899 nie by wyse van proklamasie uitgevaardig is nie, die hof nie kan aanvaar dat die staatspresident wel so verordening uitgevaardig het nie.

Dit wil voorkom of die C.R. de Wet-krygsorganisasie soos volg daar uitgesien het. Die staatspresident was die opperbevelhebber, terwyl die hoofkommandant die opperbevelvoerder was. Die krygsmag is in verskillende krygsafdelings verdeel, wat op hulle beurt elk deur 'n assistent-hoofkommandant aangevoer is. In sommige van die krygsafdelings was daar veggeneraals teenwoordig, wat op hulle beurt bevel oor 'n aantal kommando's binne so 'n krygsafdeling gevoer het, terwyl kommandante in bevel van die kommando's binne die krygsafdeling gestaan het. Kommandante is op hulle beurt bygestaan deur veldkornette en assistent-veldkornette. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie krygsorganisasie, met betrekking tot 'n hoofkommandant en assistent-hoofkommandante, nie kragtens die bepalings van die 1899 militêre wetgewing bestaan het nie. Voorts kon geen wet of proklamasie gevind word waarin die bostaande krygsorganisasie, met betrekking tot 'n hoofkommandant en assistent-hoofkommandante, beskryf of veroorloof word nie. Die verkiesing van verskeie hoofkommandante was daarom regtens, ten tyde van die oorgawe van die konvensionele magte op 30 Julie 1900, steeds moontlik.

C.R. de Wet het daarom in stryd met die militêre wetgewing van 1899 gehandel deur militêre ampte/range te skep wat regtens nie bestaan het nie, en ook nie nodig was nie. In hoofstuk 5 word aangetoon dat die beskrywing van die gewysigde bevelstruktuur deur C.R. de Wet weergegee, ook nie strook met die militêre bevelstruktuur soos deur talle offisiere en ander persone na afloop van die geveg te Bethlehem (7 Julie 1900) beskryf word nie. Die versuim om regstellings aan die gebreke in die militêre wetgewing te maak, of die wysigings na behore te publiseer, word ook as een van die redes wat tot die oorgawe op 30 Julie 1900 gelei het, aangevoer.

---

105 ORC 1903 1: p. 3.

7. Gevolgtrekkings

Die *Krijgs- en Commandowet*[106] was geskoei op die eise van vroeëre konflikte met swart stamme. Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog is daar besef dat die wetgewing gedurende die oorlog aan die hand van heersende omstandighede aangepas moes word. Die moontlikheid het egter bestaan dat die Volksraad nie noodwendig bymekaar geroep sou kon word om sodanige aanpassings te maak nie. Met die oog op die oorlog het die Volksraad daarom onbeperkte magte aan die staatspresident verleen om wysigings en aanpassings aan die bestaande reg te maak.

Die Volksraad het ook op die vooraand van die oorlog 'n aanvullingswet tot die *Krijgs- en Commandowet*[107] gepromulgeer. Hierdie wet het ten doel gehad om die verkiesing van krygsafdelingbevelvoerders of hoofkommandante te reguleer en daarom die *Krijgs- en Commandowet*[108] in onder andere hierdie opsig aan te vul. Die inhoud van die wet verwys nie na die rang van kommandant-generaal nie. Enige aanname dat hierdie rang deur die aanvullingswet van 1899 gewysig is, is daarom foutief. Voorts word hieronder gesien dat die aanvullingswet van 1899 ook verantwoordelik was vir talle vraagstukke wat rakende die samevoegings van verdeelde kommando's ontstaan het. Een so vraagstuk handel spesifiek met die bevelvoerende offisier wat op 29 Julie 1900 bevel van die konvensionele magte gevoer het.[109]

Die bestaande militêre struktuur, ten opsigte van die opperbevel van die krygsmag, is nie deur die aanvullingswet van 1899 gewysig nie. Die staatspresident sou derhalwe as opperbevelhebber van die OVS krygsmag dien. 'n Verkose kommandant-generaal het op sy beurt as opperbevelvoerder opgetree. Hoofkommandante sou op hulle beurt weer onder die kommandant-generaal as krygsafdelingbevelvoerders diens doen, terwyl kommandante, veldkornette en assistent-veldkornette op hulle beurt weer onder die bevel van die hoofkommandant sou val.

---

106 Wet 10/1899.

107 *Ibid*.

108 *Ibid*.

109 Sien onderafdeling 2, hoofstuk 6, *infra*, waar met die verdeling van die Winburg-kommando gehandel word.

Die staatspresident het egter besluit om nie die verkiesing van 'n kommandant-generaal te gelas nie. Dit het beteken dat die staatspresident as beide opperbevelhebber en opperbevelvoerder van die OVS krygsmag gedurende die verloop van die oorlog moes optree. Aanvanklik het die staatspresident, bygestaan deur die krygskommissie en hoofkommandante, verantwoordelikheid vir die opperbevel van die OVS krygsmag, in samewerking met die ZAR kommandant-generaal, geneem.

Hierdie bevelstruktuur het aanvanklik doelmatig gefunksioneer deurdat elke hoofkommandant oor sy eie krygsafdeling, binne 'n bepaalde operasionele gebied, bevel gevoer het. Die terugtog vanuit die Kaap ná die ontsetting van Kimberley, die oorgawe te Paardeberg en die val van Bloemfontein het spoedig die samevloeiing van die drie krygsafdelings, wat voorheen in die Kaap werksaam was, tot gevolg gehad. In hierdie omstandighede was dit nodig om óf 'n nuwe hoofkommandant vir die saamgevoegde krygsafdelings te verkies, óf om 'n kommandant-generaal te verkies, óf vir die staatspresident om self bevel van die saamgevoegde krygsafdelings te neem.

Die staatspresident of die krygskommissie het besluit om vir C.R. de Wet as hoofkommandant en opperbevelvoerder van die OVS kommando’s te benoem. Dié aanstelling was gebrekkig deurdat die staatspresident versuim het om die nodige wetsaanpassings te maak, om sodoende die gebruik van 'n hoofkommandant as opperbevelvoerder na behore binne die bestaande militêre raamwerk te fasiliteer.

In hoofstukke 5 en 6 word verder gesien dat die staatspresident ook ander hoofkommandante aangestel het. Die aanwesigheid van meerdere hoofkommandante het weer die posisie van die opperbevelvoerder, wat ook in dieselfde rang opgetree het, ondermyn. Die versuim om C.R. de Wet eerder tot kommandant-generaal aan te wys het daarmee verdere veranderinge aan die bestaande militêre wetgewing genoodsaak, wat nooit na behore by wyse van wetswysiging verdiskonteer is nie. In dié opsig blyk dit daarom dat die staatspresident sy plig versuim het om die bevel van die OVS krygsmag behoorlik te organiseer. In afdeling B is dit derhalwe nodig om te bepaal of daar 'n verband tussen die versuim en die oorgawe van 30 Julie 1900 bestaan.

Hoofstuk 3
Verowering deur proklamering?

"[Buller] predicted that the set-piece war would change into a fragmentary war. He believed that military strategy based on the conventional idea of the 'single blow' would not bring much closer the conquest of the Boers [...] It was no good capturing capitals [...] unless they could subdue the territory between them. As soon as the enemy re-emerged, the population would revert to its earlier allegiance – understandably, unless they could be protected against intimidation. The real task was to beat 'every armed man in the field'. Otherwise, to march through the enemy's country would be like to arrest the flow of a river by walking through it. 'Such a man may indeed stem its force where he stands, but let him move where he will, the waters always close before and behind and around him.'"[1]

1. Inleiding

Hierdie hoofstuk, sowel as die hieropvolgende, handel oor die Britse oorlogspoging wat daarop gemik was om die Oranje-Vrystaat (OVS) as staatkundige entiteit deur middel van oorlog te beëindig. Ten einde in dié doel te slaag, asook om uiteindelik die OVS te verower en tot Britse gebied te proklameer, moes die Britse magte OVS grondgebied inval, dit effektief beset en effektiewe beheer oor sodanige gebied behou, en die OVS as staatkundige entiteit in sy verskillende vertakkinge verhoed om oor eie grondgebied, of ondergeskiktes daarbinne, staatsgesag uit te oefen. Ten opsigte van laasgenoemde vereiste moes die Britse magte voorts die bestaande OVS staatsgesag met Britse staatsgesag binne besette gebiede, maar later ook die geheel van staat, vervang.[2]

Die Britse magte het in Februarie 1900 met die inval en besetting van die OVS daarin begin slaag om die OVS as staatkundige entiteit te verhoed om staatsgesag oor die geheel van sy grondgebied uit te oefen. Die suksesvolle verdere verloop van

1 T. Pakenham, *The Boer War*, p. 378.
2 Sien onderafdelings 2.1 en 6, *infra* vir verdere bespreking.

die Britse militêre oorlogspoging sou stelselmatig daartoe aanleiding gee dat OVS staatsgesag toenemend deur Britse besetting van OVS grondgebied tot 'n klein gedeelte van die OVS grondgebied beperk is. Die verkleining van staatsgesag sou ernstige gevolge vir die OVS oorlogspoging inhou, deurdat krygspligtiges binne Brits-besette gebiede nie tot krygsdiens opgeroep kon word nie en ook nie vervolg kon word waar sodanige krygspligtiges gedeserteur het en na besette Britse gebiede beweeg het nie. Dit was daarom nie alleen vanuit 'n volkeregtelike perspektief noodsaaklik om Britse besetting van OVS grondgebied te frustreer nie, maar ook om verder, deur militêre teenwoordigheid in die besette distrikte, weer toegang tot krygspligtige ondergeskiktes te verkry.

Van meet af is daar deur Britse besetting van die OVS gepoog om deur verskillende Britse proklamasies OVS staatsgesag oor OVS ondergeskiktes, veral ten opsigte van krygspligtiges, te beëindig. Die militêre afwesigheid van OVS magte binne besette gebiede het laasgenoemde handeling vir die besettingsmag aansienlik vergemaklik. Die Britse poging om OVS ondergeskiktes van krygsdiens vry te stel, het in die vorm van 'n uitnodiging by wyse van proklamasies geskied. Krygspligtiges is aangemoedig om hulle óf aan die OVS oorlogspoging te onttrek, óf om die oorlogspoging te versaak waar persone tot krygsdiens opgeroep word. In dié hoofstuk word aangetoon dat die Britse magte, gemeet aan geldende volkereg, op 'n regtens ongeoorloofde wyse gepoog het om OVS krygspligtiges te oortuig om óf te deserteur, óf om 'n oproep tot krygsdiens in onbesette gebiede te verontagsaam.

Die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, veldmaarskalk lord F.S. Roberts, het die totale opskorting van OVS staatsgesag, en beheer van OVS grondgebied, vooruitgeloop deur die OVS voortydig tot Britse grondgebied te proklameer. Hierdie juridies gebrekkige proklamasies is deur verdere proklamasies gevolg, wat die indruk gelaat het dat die OVS as staatkundige entiteit van sy regte as oorlogvoerende party ontneem is, en van staatsgesag gestroop is. Laasgenoemde het veral beteken dat daar oor die lot van OVS offisiere en burgers met gevangeneming as rebelle, en nie as lede van 'n oorlogvoerende party nie, beskik sou word. Die Britse magte het onderneem om ondergeskiktes wat krygsdiens verskuldig was, wat binne die voorgeskrewe tydsraamwerk hulle wapens neergelê het, en hulle aan Britse staatsgesag binne 'n nuwe staatkundige entiteit, naamlik die Orange River Colony (ORC) onderwerp het, te beskerm. Die ORC het op 28 Mei 1900, deur middel van

die proklamering van die OVS tot Britse grondgebied, tot stand gekom. Ten opsigte van dié poging moet weer daarop gelet word dat die OVS op die stadium van dié besondere proklamasie nog nie in sy geheel beset was nie, en dat die OVS regering binne onbesette gebiede nog staatsgesag uitgeoefen het. Gevolglik was die daarstel van die ORC, net soos die OVS proklamering tot Britse grondgebied, voortydig.

Die proklamering van die OVS, en daaropvolgende rebelle-proklamasie, het aanvanklik geen daadwerklike invloed binne OVS beheerde gebiede uitgeoefen nie. Met die moontlikheid van oorgawe op 30 Julie 1900 en gepaardgaande vrese dat 'n krygsmag, wat op die punt staan om oor te gee, as rebelle en nie as lede van 'n oorlogvoerende party oor beskik sal word nie, is gepoog om soortgelyke voorwaardes vir offisiere en burgers te beding as dié vroeër deur die Britse magte aangebied, kort na afloop van die proklamering van die OVS tot Britse gebied.

Die proklamasies en aansprake van verowering kan daarom as nog 'n oorsaak van die oorgawe aangestip word. In hierdie hoofstuk word gevolglik met die proklamasies, uitwerking en antwoorde van die OVS gehandel. Hierdie hoofstuk word ook ingesluit om te bepaal wat regtens die situasie in die OVS ten tyde van die oorgawe was. In hierdie opsig is dit veral belangrik om te bepaal of die vrese, wat die gevolg van talle Britse proklamasies was, wel as regverdigingsgrond vir die onderhandelinge, en uiteindelike oorgawe, aangevoer kan word.

Die vorige hoofstuk het ook reeds met die versuim van die staatspresident, om bepaalde gebreke in die bevel aan te spreek, gehandel. Derhalwe ontstaan die vraag ook in hierdie hoofstuk of die staatspresident as OVS staatshoof die Britse proklamasie aanslag gepas geantwoord het. Indien nie, sou dit beteken dat die OVS offisiere en burgers maklik die slagoffer van persepsies van die Britse proklamasies kon word. So ’n persepsie is veral belangrik waar bepaalde persone van hoogverraad, gekweste majesteit, pligsversuim of 'n verraderlike verstandhouding met die vyand beskuldig word. So 'n persepsie sou ook 'n belangrike verweer kon wees deurdat offisiere, veral as gevolg van die Britse veroweringsaansprake, geglo het dat daar nie meer ’n staat is waarteen die misdade gepleeg kon word nie.

2. Britse proklamasies

2.1 Proklamasie I van 1900

Dit is moontlik dat een oorlogvoerende party gedurende die verloop van 'n oorlog daarin kan slaag om die grondgebied van sy opponent te beset. Besetting kan tydelik van aard wees, of met die bedoeling geskied om die geheel van die gebied, of 'n gedeelte daarvan, te verower en tot eie gebied te proklameer. Die verdere bespreking onder hierdie punt handel alleen met tydelike besetting. Hieronder word later meer volledig met verowering gehandel.[3]

Besetting beteken dat staatsgesag binne die besette gebied tydelik opgeskort word. Die opskorting van staatsgesag veronderstel dat die besettingsmag tydelike staatsgesag oor die besette gebied vestig en dat so 'n besette gebied deur die toepassing van militêre reg bestuur word. Die inhoud van militêre staatsgesag en militêre reg binne 'n besette gebied is gewoonlik in die bevel van die besettingsmag gevestig. Dit is begryplik dat die besettingsmag nie oor onbeperkte staatsgesag beskik nie. Die veronderstelling is dat ondergeskiktes van die opponerende oorlogvoerende staat, wat hulle in so 'n besette gebied bevind, se regte slegs aangetas kan word in soverre die oorlogspoging van die besettingsmag dit noodsaak. Dit beteken, onder andere, dat die besettingsmag nie ondergeskiktes in die besettingsgebied vir doeleindes van die besettingsmag se oorlogspoging kan gebruik nie. Voorts is die besettingsmag op geen trou van ondergeskiktes in die besettingsgebied geregtig nie. Nie-oorlogvoerende ondergeskiktes in die besettingsgebied kon ook met hulle gewone aktiwiteite voortgaan, mits sodanige aktiwiteit geen nadeel vir die oorlogspoging van die besettingsmag ingehou het nie. Dit is daarom duidelik dat nie-oorlogvoerende ondergeskiktes binne die besettingsgebied die besetting moes verduur en hul daarvan moes weerhou om die oorlogspoging van die besettingsmag te benadeel. Dit is vir die besettingsmag

[3] S. Baker, *Halleck's international law or rules regulating the intercourse of states in peace and war* 2, pp. 432-433, 451-452; W.E. Hall, *A treatise on international law*, pp. 463-465, 469-472, 479-482; T. Baty, *International law in South Africa*, pp. 87-88, 91; R.A. Klerck, "De toepassings van het oorlogsrecht in den Fransch-Duitschen oorlog van 1870-1871" (proefskrif), pp. xx-xxi, 28; E. Gunter, *Outlines of military law and customs of war with new tables*, p. 24; F. Snow, *International law: lectures delivered at the Naval War College*, pp. 110-111; S. Baker, *First steps in international law: prepared for the use of students*, pp. 193-194, 344-346, 349-351; L. Oppenheim, "On war treason", *Law Quarterly Review* 33, 1917, pp. 269-273, 280; L. Oppenheim, "The legal relations between an occupying power and the inhabitants", *Law Quarterly Review* 33, 1917, p. 368. Sien ook onderafdeling 6, *infra*.

moontlik om individue, ooreenkomstig die inhoud van die toepaslike militêre of krygsreg, te vervolg indien die voorwaardes, soos deur die besettingsmag bepaal, nie nagekom word nie.[4]

Ten aansien van die Britse besetting van OVS gebied was dit gevolglik nodig om aan alle OVS ondergeskiktes kennis van die besetting, sowel as die regsverhouding deur sodanige besetting geskep, te gee. Hierdie vereiste is deur Proklamasie I van 1900 nagekom.[5] Voordat met die inhoud van die proklamasie gehandel word, is dit nodig om 'n onderskeid tussen twee tipes OVS ondergeskiktes te tref.

OVS ondergeskiktes, vir doeleindes van die bespreking, kan in twee groepe verdeel word. Die eerste groep is manlike ondergeskiktes tussen die ouderdom van sestien en sestig jaar, wat kragtens die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet* krygspligtig was.[6] 'n Krygspligtige was egter nie noodwendig krygsdiens verskuldig nie. Ten einde krygsdiens verskuldig te wees moes die betrokke ondergeskikte, ooreenkomstig die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet*,[7] vir krygsdiens oproepbaar wees en ook opgeroep word.

Die tweede groep was OVS ondergeskiktes, wat op die betrokke datum van die proklamasies om die een of ander rede nie krygspligtig was nie. 'n Voorbeeld van sodanige groep is persone uit die eerste groep, wat om die een of ander rede nie vir krygsdiens opgeroep is nie. Die tweede groep het ook vrouens, kinders onder die ouderdom van sestien jaar en manlike ondergeskiktes bo die ouderdom van sestig jaar ingesluit. Ten opsigte van die tweede groep was daar geen verpligting om aktief aan die OVS oorlogspoging deel te neem nie. Waar Britse besetting plaasgevind het, is OVS ondergeskiktes behorende tot die tweede groep deur besetting tydelik onder Britse staatsgesag geplaas. Dit was daarom belangrik om die regsverhouding, wat só deur besetting tot stand gekom het, ten opsigte van die tweede groep ondergeskiktes te reël. Vir dié doeleindes was Proklamasie I van 1900 dus noodsaaklik. Tog het Proklamasie I van 1900 verder gegaan en ook offisiere en

---

4 Baker, *Halleck's international law*, 2, pp. 432-433, 451-452; Hall, pp. 463-465, 469-472, 479-482; C. Phillipson, *Termination of war and treaties of peace*, pp. 10-11; Baty, pp. 87-88, 91; Klerck, pp. xx-xxi, 28; Gunter, p. 24; Snow, pp. 110-111; Baker, *First steps*, pp. 193-194 344-346, 349-351; Oppenheim, "On war treason", pp. 269-273, 280; Oppenheim, "Legal relations", p. 368; F. Pollock, "What is martial law", *Law Quarterly Review*, pp. 152-158; H.E. Richards, "Martial law", *Law Quarterly Review,* pp. 133-142.

5 Sien ook W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika,* Tweede Tijdvak 1, p. 1.

6 Sien artikels 28 en 51 (Wet 10/1899).

7 Wet 10/1899.

burgers binne en buite besette gebiede aangemoedig om hul krygsverpligtinge, soos deur OVS reg bepaal en vereis, te verontagsaam.

Laasgenoemde blyk uit die bewoording van Proklamasie I van 1900, wat aan alle OVS burgers gerig was. Die proklamasie bevat die volgende waarskuwing: “I therefore warn all Burghers to desist from any further hostility towards Her Majesty’s Government and the troops under my command [...].” Die proklamasie vervat die volgende onderneming: “I undertake that any of them [all Burghers], who may so desist and who are found staying in their homes and quietly pursuing their ordinary occupations, will not be made to suffer in their persons or property on account of their having taken up arms in obedience to the order of their Government.” Dit is opmerklik dat Proklamasie I van 1900 nie alleen as spesifieke kennisgewing van Britse teenwoordigheid en besetting binne die OVS aan die tweede groep ondergeskiktes gedien het nie, maar ook in die algemeen gepoog het om lede van die OVS krygsmag, hetsy of hulle alleen krygspligtig was of krygsdiens verrig het, aan te moedig om hul deelname aan die OVS oorlogspoging te staak.[8] Laasgenoemde handeling sou offisiere en burgers aan strafregtelike vervolging blootstel in distrikte wat nie deur die Britse magte beset was nie, of later deur OVS krygsmag herbeset kon word.[9]

Die vraag ontstaan gevolglik of Proklamasie I van 1900 strydig was met die voorskrifte van die volkereg. Volgens Oppenheim was die posisie kort na afloop van die Anglo-Boereoorlog, en aanvaarding van die Haagse Konvensie, omstrede: “The question is controversial whether a belligerent acts lawfully who bribes a commander of an enemy fortress into surrender, incites enemy soldiers to desertion, bribes enemy officers for the purpose of getting important information, incites enemy subjects to rise against the legitimate Government, and the like. If the rules of the Law of Nations are formulated, not from the doctrine of book writers, but from what is done by belligerents in pratice, it must be asserted that such acts, detestable and immoral as they are, are not considered illegal according to the Law of Nations.”[10] Spaight verklaar dat een oorlogvoerende 'n reg gehad het om deserteurs van sy vyand binne sy linies te ontvang. Hy verklaar voorts dat 'n oorlogvoerende, binne die

8 *Proclamations issed by Field-Marshal Lord Roberts in South Africa* (Cd. 426): Proclamation I/1900, p. 1. Sien ook *Telegrams and letters from Lord Roberts* 3, p. 31: F.S. Roberts — R.H. Buller, 30.6.1900 (telegram).

9 Sien artikels 28 en 51 (Wet 10/1899).

10 L. Oppenheim, *International law: a treatise* 2, p. 200.

perke van die volkereg, die reg gehad het om die organisasie van sy vyand se magte aan te tas. Proklamasie I van 1900 is 'n voorbeeld van so 'n aantasting, wat as oogmerk het om die oorlog sonder onnodige bloedvergieting te beëindig. Die skrywer voer aan dat so 'n doel in die algemeen tot beide oorlogvoerende partye se voordeel strek. Spaight gaan voort: “A cause cannot be worth fighting for, and must fail in the end, when its champions are liable to be argued into deserting it. No army which is well disciplined, and which has its heart in the struggle, has anything to fear from such incitements to disloyalty. The etiquette of war may be against such incitements, but they do not appear a whit more dishonourable or underhand than the employment of mercenary spies, which is admitted by usage.”[11] Dit wil daarom voorkom of die Britse proklamasies in werklikheid die swak dissipline in die republikeinse magte tot voordeel van hul eie oorlogspoging gebruik het.

Proklamasie I van 1900 is in Februarie 1900 uitgevaardig. Op daardie tydstip het die Britse besetting van die OVS pas 'n aanvang geneem. Dit sou daarom nie vir die Britse magte moontlik wees om aan krygspligtiges, wat hulle buite Brits-besette gebiede bevind het, beskerming te verleen nie. Dit wil voorkom of die Britse oorlogstrategie nie noodwendig daarop gemik was om die suksesse in die OVS te konsolideer nie, maar eerder Pretoria, die regeringsetel van die ZAR, in die visier gehad het. Die moontlikheid het daarom bestaan dat waar besette gebiede nie effektief beheer is nie, daar weer militêre verset vanweë die herorganisasie van kommando’s kon ontstaan, gegrond op die krygsverpligtinge soos vervat in die *Krijgs- en Commandowet*.[12]

Na afloop van die Britse inval van die OVS, is 'n republikeinse krygsafdeling op 27 Februarie 1900 te Paardeberg tot oorgawe gedwing. 'n Dag later (28 Februarie 1900) het die maandelange republikeinse beleg van Ladysmith in Natal tot 'n einde gekom. Kort hierna kon die republikeinse magte op 7 Maart 1900 te Modderrivierspoort (Poplar Grove), en op 10 Maart 1900 te Abrahamskraal-Driefontein nie daarin slaag om die Britse opmars na Bloemfontein te stuit nie. Die OVS regeringsetel is op 13 Maart 1900 deur die Britse magte beset. In dieselfde tyd is ook Philippolis, Jagersfontein, Fauresmith, Koffiefontein en Petrusburg deur die Britse magte beset. Die verlies van Bloemfontein as regeringsetel het verdere

11 J.M. Spaight, *War rights on land*, pp. 148-149.

12 Wet 10/1899. Sien ook A. Wessels (red.), *Lord Roberts and the war in South Africa 1899-1902*, p. 90.

kommunikasie met die suidelike distrikte verbreek.[13] Hierdie suksesse moes die indruk by die Britse opperbevel gelaat het dat die OVS weerstand spoedig tot 'n einde sou kom. Ten spyte van die feit dat slegs bepaalde gedeeltes van die OVS in hierdie stadium beset was, het die Britse opperbevelvoerder in Proklamasie III van 1900, gedateer 15 Maart 1900, voortgegaan om OVS krygspligtiges in die algemeen aan te moedig om die OVS oorlogspoging te versaak.[14]

2.2 Proklamasie III van 1900

Kragtens Proklamasie III van 1900 kon krygspligtiges, wat geen besondere aandeel in die OVS oorlogspoging gehad het nie en/of bevel oor die OVS krygsmagte gevoer het nie en/of goedere van 'n Britse onderdaan gekommandeer of geweld teenoor 'n Britse onderdaan gebruik het nie, hul van die OVS oorlogspoging onttrek sonder om deur die Britse magte krygsgevange geneem te word. Om die vergunning te kon gebruik moes krygspligtiges vir 'n pas aansoek doen en 'n eed aflê. Die strekking van die eed was dat krygspligtiges onderneem het om hulle daarvan te weerhou om verder aan die oorlog deel te neem.[15] Die beleid, soos verwoord in Proklamasie III van 1900, het die gevaar ingehou dat krygspligtige ondergeskiktes later weer deur die OVS vir burgerdiens opgeroep kon word. Die Britse opperbevelvoerder was egter van mening dat dit vir die Britse oorlogspoging voordelig was om krygspligtiges, wat hul wapens vrywillig neerlê, nie krygsgevange te neem nie. Hierdie voordeel het onder andere ingesluit dat OVS krygspligtiges, wat hul wapens so neergelê het, dankbaar teenoor die Britse magte was vir die feit dat hulle nie as krygsgevangenes weggestuur is nie, maar toegelaat is om na hulle wonings terug te keer. Die resultaat was dat 'n aantal OVS ondergeskiktes die Britse oorlogspoging minder vyandiggesind was.[16]

Die Britse opperbevelvoerder het gevolglik besluit om krygspligtiges, wat hulle wapens vrywillig neerlê, nie krygsgevange te neem nie.[17] Daarmee saam het die

---

13 L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, pp. 1-2; Wessels (red.), pp. 31-34; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 5, p. 126.

14 Cd. 426, Proclamation III/1900, p. 3.

15 Cd. 426, Proclamation III/1900, p. 3.

16 *Telegrams and letters* 2, p. 43: F.S. Roberts — A. Milner, 15.5.1900 (afskrif van telegram). Sien ook *Telegrams and letters* 2, pp. 46, 52: F.S. Roberts — G. Farrar, 17.5.1900; F.S. Roberts — A. Milner, 19.5.1900. Die voorletter van Farrar word ingevoeg aan die hand C. Headlam (red.), *The Milner papers: South Africa* 2, p. 573.

17 *Telegrams and letters* 2, p. 38: F.S. Roberts — A. Milner, Cape Town, 14.5.1900 (afskrif van telegram).

Britse opperbevelvoerder sy rug op die gevestigde gebruik, om gebiede effektief te beset deur 'n afdeling daar te plaas en vyandige aktiwiteit in só gebied tot die minimum te beperk, gedraai. Die Britse opperbevelvoerder het in hierdie tye ook, in die woorde van Amery, voortgegaan met dié gevaarlike handelswyse om die OVS oorlogspoging, deur middel van proklamasies, tot 'n einde te bring. Volgens Amery: “At any rate, the ready submission of the Boers in the vicinity of his main armies encouraged him in the dangerous policy which was then inaugurated of sending out small isolated detachments to occupy towns, post up proclamations, and receive arms. He apparently expected that the mere presence of the British flag and a few troops would ensure the protection which he promised in his proclamations to all who willingly gave in their submission.”[18] Hierdie besluit was maklik afdwingbaar in gebiede wat deur die Britse magte beset was. Krygspligtiges was, soos reeds hierbo uitgewys, tydelik onder die gesag van die Britse besettingsmag. Die gebruik van veral Proklamasie III van 1900 in die algemeen, was problematies in gebiede wat slegs tydelik beset is (nie effektief beset is nie), of gebiede wat nog glad nie deur die Britse magte beset was nie.

Proklamasie III van 1900 was alleen van toepassing op OVS krygspligtiges wat hulle van die oorlogspoging onttrek het. Volgens die Britse opperbevelvoerder was die regsposisie van krygspligtiges, wat hulle wapens ooreenkomstig die bepalings van Proklamasie III van 1900 neergelê het, dié van krygsgevangenes wat op parool vrygelaat is. Die Britse opperbevelvoerder was van mening dat die eed krygslui en krygspligtiges, wat van die vergunning gebruik gemaak het, verhoed het om verder aan die oorlog deel te neem. Hy het ook geoordeel dat 'n Godvresende regering nie persone, wat die vergunning gebruik het, sou verplig om weer die wapen op te neem nie. Die Britse opperbevelvoerder was verder daarvan oortuig dat enige sodanige poging deur die OVS regering in stryd met die reëls van beskaafde oorlogvoering sou wees.[19]

Dié tipe ooreenkoms, waarna die Britse opperbevelvoerder in sy proklamasies verwys het, was wel ooreenkomstig die beginsel van die volkereg toelaatbaar, maar is in die omstandighede verkeerd toegepas. Den Beer-Poortugael beskryf laasgenoemde ooreenkoms as *vrijlating op eerewoord* en beskryf dit soos volg:

---

18 Amery (red.), 4, p. 8.

19 *Telegrams and letters*, 1, p. 83: Cowan — Becker en Postma, 1.4.1900 (telegram).

“Krigsgevangenen kunnen op hun woord van eer worden vrijgelaten, wanneer de wetten van hun land dit toestaan. Zij teekenen alsdan in den regel eene verklaring en zijn verplicht, met onderpand van hunne persoonlijke eer, zoowel tegenover hunne eigen regeering als tegenover die, welke hen gevangen nam, met stipte trou, de voorwaarden te vervullen, welke zij hebben aangegaan. Hun eigen regereering mag alsdan van hen noch eenigen dienst eischen noch aannemen, welke in strijd is met het gegeven woord.”[20] Hierdie beskrywing van Den Beer-Poortugael is in ooreenstemming met artikels 31 en 32 van die Brusselse Konsepdeklarasie van 1874 en is later ook in die Haagse Konvensie van 1899 opgeneem.[21]

Kragtens die beginsel van die volkereg kon 'n oorlogvoerende staat daarom besluit om krygsgevangenes vry te laat op die voorwaarde dat hul vir die duur van die oorlog nie weer daaraan sou deelneem nie. 'n Krygsgevangene was ook geregtig om so 'n ooreenkoms te sluit, mits die inhoud daarvan nie in stryd met die aard en pligte as ondergeskikte van sy staat was nie. Indien die ooreenkoms nie in stryd met sodanige beginsels was nie, was dit regtens afdwingbaar en kon dit nie deur die opponerende staat ongedaan gemaak word nie. Sou 'n krygsgevangene, wat so 'n ooreenkoms gesluit het, weer aan die stryd deelneem, met ander woorde die onderneming verbreek, was sodanige persoon met latere gevangeneming nie geregtig op die beskerming wat aan oorlogvoerendes tydens oorlog verleen was nie.[22]

OVS ondergeskiktes tussen die ouderdom van sestien en sestig jaar was krygspligtig. Die OVS kon daarom aanvoer dat 'n ooreenkoms met die Britse magte om aan die stryd te onttrek in wese in stryd met die verpligtinge, soos in die *Krijgs- en Commandowet*[23] bepaal, was. Dit is daarom interessant dat die Britse *Outlines of military law and customs of war* van 1897 die volgende bepaling bevat het: “An

---

20 J.C.C. den Beer-Poortugael, *Krijgsgebruiken in den oorlog te land (oorlogsrecht) en de rechten der neutralen: handleiding voor officieren en ten dienste van het militair onderwijs*, p. 88. Sien ook Baker, *First steps*, p. 219.

21 “Prisoners of war may be set at liberty on parole if the laws of their country authorize it, and, in such a case, they are bound, on their personal honour, scrupulously to fulfil, both as regards their own Government and the Government by which they were made prisoners, the engagements they have contracted. In such cases, their own Government is bound not to require of nor to accept from them any service incompatible with the parole given.” Artikel 10 van die Haagse Konvensie van 1899. Sien A. Pearce Higgins, *The Hague Peace Conferences and other international conferences concerning the laws and usages of war: texts of conventions with commentaries*; W.I. Hull, *The two Hague conferences and their contribution to international law*.

22 Den Beer-Poortugael, pp. 88-93; Baker, *First steps*, p. 219.

23 Wet 10/1899.

English soldier is not authorised to give his parole except through a commissioned officer."[24]

Dit is opmerklik dat die Britse proklamasies nie handel met offisiere en burgers wat krygsgevange geneem is nie. Dit het krygspligtiges en burgers aangemoedig om krygsdiensinstruksies te ignoreer of te deserteer. Dit is verder nodig dat daar 'n onderskeid getref moet word tussen persone wat krygsgevange geneem word tydens normale oorlogvoering en persone wat vrywillig na die vyand gaan en hulle wapens neerlê. In die geval waar 'n krygspligtige, ooreenkomstig die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet*[25] vir krygsdiens opgeroep is en vir krygsdiens aangemeld het, sy wapens vrywillig sou neerlê, deserteer hy in werklikheid en is die OVS daarom nie gebonde aan enige ooreenkoms wat so deserteur met die vyand gesluit het nie. Die Britse magte moes ook duidelik die posisie van hierdie groep krygslui besef het, aangesien die Britse *Outlines of military law and customs of war with new tables* ten opsigte van Britse soldate soos volg gelees het: "Deserters and fugitives found in the enemy's ranks are liable to death, and not entitled to be treated as ordinary prisoners of war."[26]

OVS manlike ondergeskiktes tussen die ouderdom van sestien en sestig jaar was krygspligtig. Die OVS was daarom ten volle geregtig daarop om krygspligtiges, wat wel so 'n ooreenkoms met die Britse magte gesluit het, tot krygsdiens op te roep en te vervolg sou hulle nie aan sodanige instruksies gehoor gee nie. Laasgenoemde was ook van toepassing op deserteurs, wat later weer in OVS hande sou val.[27] Om hierdie rede het Spaight geargumenteer dat die gebruik van 'n eed in die geval van die Anglo-Boereoorlog regtens geoorloof was. Spaight veronderstel egter dat so 'n eed alleen gebruik kon word waar 'n gebied effektief beset was. Die bespreking in hierdie hoofstuk wys daarop dat die effektiewe besetting van die OVS tot en met 30 Julie 1900, nie plaasgevind het nie.[28]

Vervolgens word daarop gewys dat die Britse oorlogspoging daarenteen eerder die verspreiding van die proklamasies as primêre oogmerk gehad het. Spaight gaan voort en wys op die gevaar om so 'n eed te gebruik in gebiede wat nie effektief

---

24 Gunter, p. 20.
25 Wet 10/1899.
26 Gunter, p. 20.
27 Sien ook Den Beer-Poortugael, pp. 88-93; Baker, *First steps*, pp. 223-224.
28 Spaight, p. 373. Sien ook onderafdeling 6, *infra*.

beset, of nog nie beset, is nie. Volgens Spaight: “Any attempt to make the moral sanction of an oath supply the deficiencies of an occupant’s martial power - to substitute, as it were, the restrictive force of the inhabitant’s conscience for that of an effective garrison - is as much to be deprecated [...].”[29] Dit blyk dat die Britse poging, om deur middel van 'n eed krygspligtiges te bind om hulle van deelname aan die oorlog te weerhou, strydig met die beginsels van die volkereg was in 'n gebied wat nie effektief beset is of nog nooit voorheen deur die invalsmag beset was nie.

Dit is ten slotte van die bespreking onder dié hoof duidelik dat die inhoud van die proklamasies, gegewe die onsekere toekoms van die oorlog, voortydig was. Indien laasgenoemde proklamasies wel na afloop van die oorgawe op 30 Julie 1900 gevolg het, sou dit meer betekenisvol gewees het deurdat die OVS op daardie stadium effektief beset was. Britse staatsgesag het oor die gebied tot stand gekom en die Britse magte was met die konsolidering van die posisie gevolglik by magte om beskerming aan OVS ondergeskiktes, wat van sodanige proklamasies en vergunnings gebruik sou maak, te verleen. Die voortydige gebruik hiervan het in kort tot 'n regtens onuithoudbare situasie aanleiding gegee, wat toenemend krygspligtige ondergeskiktes van die beskerming van ingewikkelde en komplekse reëls van die volkereg ontneem het. Die vergunning is in die algemeen aan krygspligtiges aangebied wat nie vir die vergunning in aanmerking gekom het nie. Laasgenoemde word benadruk in 'n skrywe van die Britse hoë kommissaris aan die Britse opperbevelvoerder: “I do not like the promise of protection being confined to those ‘who have not taken up arms against us.’ As a matter of fact they have all done so ... Hitherto they have had no option. There is a compulsory law: every burgher must fight. But once we occupy the country, those who never wanted to fight, or are sick of it, will have an excuse for laying down their arms and will be tempted to avail themselves of that excuse by the promise of protection.”[30] Daarenteen spreek die Britse opperbevelvoerder se poging om die oorlog deur middel van proklamasies spoedig tot 'n einde te bring duidelik uit 'n skrywe aan die Britse koningin: “The Orange Free State south of this and the whole Cape Colony, except on the extreme west, is rapidly settling down. The Proclamations that I have issued are having the desired effect, and men are daily laying down their arms and returning to their usual

29 Spaight, p. 373.

30 Headlam, 2, p. 52: A. Milner — F.S. Roberts, 18.3.1900 (afskrif van brief).

occupations. It seems unlikely that this State [the Orange Free State] will give much more trouble [...] I trust it will not be very long before the war will have been brought to a satisfactory conclusion."[31]

3. Die OVS reageer op Britse proklamasies

Die bespreking onder die vorige punt wys op die noodsaak van die OVS om op die Britse proklamasies te reageer. Die reaksie het op 19 Maart 1900 by wyse van twee proklamasies geskied, wat vervolgens behandel word. In die eerste proklamasie word die volgende appèl gemaak: "Hij [die Britse magte] wil namelijk de burgers beloonen voor ontrouw en lafhartigheid. Kan een grovere beleediging u aangedaan worden dan op deze wijze te trachten u om te koopen om uw heilige plicht te verzaken en ontrouw te worden aan u zelven, ontrouw aan uw volk, ontrouw aan het bloed dat alreeds voor land en volk gestort is en ontrouw aan uw nakroost? Broeders, u hebt een dure plicht te vervullen."[32] In die tweede proklamasie van 19 Maart 1900 verklaar die OVS staatspresident soos volg: "[D]e Republiek van den Oranje-Vrijstaat nog bestaat, en dat de Regeering derzelve nog steeds krachtdadig voortgaat hare plichten te vervullen; dat gemelde Proclamatie van nul en hoegenaamd geene waarde is binnen de limieten der Republiek van den Oranje Vrijstaat; dat iedere Burger, opgeroepen tot persoonlijk commando-dienst, steeds verplicht is die oproeping te eerbiedigen en te gehoorzamen, en indien hy daaraan niet voldoet, zal hij gestraft worden volgends de bepalingen van de Krygswet [...]."[33] Die twee proklamasies onderskryf die gevolgtrekking dat krygspligtiges regtens nie by magte was om van die vergunning in die Britse proklamasies gebruik te maak nie.

Die tweede OVS proklamasie het die plig om krygsdiens te verrig, benadruk. OVS krygspligtiges is voorts duidelik daarop gewys dat die OVS nie 'n ooreenkoms tussen die Britse magte en 'n OVS krygspligtige sou erken, wat aan sodanige krygspligtige die reg gegee het om hom aan die OVS oorlogspoging te onttrek nie. Die OVS proklamasie was daarom in ooreenstemming met die beginsels van die volkereg, wat 'n staat toegelaat het om sy krygspligtiges te verbied om hierdie tipe ooreenkoms te sluit. Die OVS regering het nie alleen die proklamasies uitgevaardig

---

31 Wessels (red.), p. 63: F.S. Roberts — Britse koningin, 15.3.1900 (brief).

32 Gepubliseer in die *Gouvernements-Courant van den Oranje Vrijstaat*, 27.3.1900.

33 *Ibid*.

nie, maar het ook deur middel van sy staatspresident OVS ondergeskiktes in vergaderings toegespreek. Dit is aan hulle duidelik gemaak dat die Britse vergunnings, soos deur die Britse proklamasies verwoord, nie as bindend deur die OVS beskou sou word nie.[34]

4. Wankelende staatsgesag?

Die Britse proklamasies het die veggees onder die OVS krygslui laat verflou. Die oorgawe op 27 Februarie 1900 te Paardeberg, en die besetting van Bloemfontein (13 Maart 1900) kort daarna, het die krygsmoraal van talle OVS offisiere en burgers gedemp. Waarnemende hoofkommandant C.R. de Wet skryf soos volg oor die krygsmoraal van die burgers na afloop van die besetting van Bloemfontein: “Zij [die burgers] waren volslagen moedeloos geworden, en het scheen alsof zij nu geen den minste tegenstand meer bieden wilden. De commando’s waren totaal gedemoraliseerd. De burgers van Fauresmith en Jacobsdal waren reeds van Poplar Grove, zonder verlof naar hunne huizen gegaan en nu haastten zich in de grootste wanorde al de anderen, elkeen naar zijn eigen district.”[35] Ander skrywers bevestig die weergawe van De Wet, naamlik dat talle burgers na hulle huise teruggekeer en dikwels ook die eed, vervat in die Britse proklamasies, geneem het.[36] Volgens Grundlingh het 'n totaal van 4 554 krygspligtiges afkomstig van Bloemfontein, Bethulie, Boshof, Dewetsdorp, Edenburg, Fauresmith, Ficksburg, Jacobsdal, Jagersfontein, Koffiefontein, Luckhoff, Philippolis, Smithfield, Thaba ’Nchu en Trompsburg omgewing tussen 15 Maart en 5 Junie 1900 hul wapens neergelê. Grundlingh gaan voort en verklaar dat 1 385 krygspligtiges in die noordelike distrikte tussen Mei en Julie 1900 hulle wapens neergelê het. In totaal het 5 939

---

34 W.L. von R. Scholtz en I.M.E. Scholtz (reds.), “Dagboek van C.J. Asselbergs”, *Christiaan de Wet-annale* 5, 1978 p. 57; D. Reitz, *Commando: A Boer journal of the Boer War*, p. 81; A.G. Oberholster (red.), *Dagboek van Jan F.E. Cilliers*, pp. 88-89, 103.

35 C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 54.

36 Reitz, p. 77; A.W.G. Raath, *De la Rey: 'n stryd vir vryheid*, p. 316; N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n lewensbeskrywing* 2, pp. 52, 58; J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 58; M. Maritz, *My lewe en strewe*, pp. 21-22. Die eed het bekend geword as die eed van neutraliteit. Laasgenoemde eed word soos volg in die Nederlandse vertaling van Proklamasie III van 1900 verwoord: “[D]ie gewillig zijn hunne wapenen dadelik neer te leggen en zich te verbinden onder beëedigde verklaring zich te onthouden van eenige verdere deelneming in den oorlog [...].” (Soos gepubliseer in die *Government Gazette*, 29.6.1900.) Die Engels lees soos volg: “[W]ho are willing to lay down their arms at once, and to bind themselves by an oath to abstain from further participation in the war [...].” Let op die *onthouding* en *abstain* wat nie in verband gebring kan word met neutraliteit nie. Hierbo is daarom doelbewus besluit om nie van die eed van neutraliteit se beskrywing gebruik te maak nie.

krygspligtiges hulle gedurende die tydperk Maart tot Julie 1900 aan die OVS oorlogspoging onttrek. Meer as 2 000 krygsgevangenes is voorts reeds op 14 Mei 1900 gevange geneem.[37] Die verlies van meer as 8 000 krygslui het sekerlik die OVS oorlogspoging ernstig geknou.

Intussen het die Britse opperbevelvoerder aan die Britse minister van oorlog geskryf dat die Britse proklamasies die gewenste effek gehad het en dat hy kolonnes in verskillende rigtings gestuur het om die name van persone, wat wapens kragtens die bepalings van die proklamasies neergelê het, te registreer.[38] Die effek van die proklamasie word treffend in die herinneringe van Ver Loren van Themaat geïllustreer, wat in die dae onmiddellik na afloop van die bekendmaking van die Britse proklamasies in die OVS aanwesig was: “We rijden verder; de schrik zit er overal in; hoog aan de garenboomen wapperen witte lakens, om den vijand uit de verte reeds te berichten, dat de bewoner van de plaats bereid is zijn wapens neer te leggen. Bij een huis, waar we aanrijden, om inlichtingen te verkrijgen, smeeken de bewoners ons toch niet af te klimmen en binnen te gaan: koffie brengen ze ons buiten op den kraalmuur.”[39]

Die landdros van Hoopstad het ook berig dat die krygslui in sy distrik onder die indruk verkeer het dat plase van persone wat krygsdiens verrig het, vernietig sou word. Die landdros het daarom 'n beroep op die staatspresident gedoen om die regsposisie in 'n proklamasie aan die krygspligtiges uit te wys. Laasgenoemde proklamasie moes ook, volgens die Hoopstad landdros, in groot getalle versprei word. Die tweede proklamasie van Maart 1900 van die staatspresident is later, volgens veldkornet Daniels, aan die burgers voorgelees. Hulle was na afloop van die lees daarvan met nuwe moed besiel. Daniels het ook verklaar dat die proklamasie van die staatspresident daarin geslaag het om die demoraliserende uitwerking van die Britse proklamasie te hanteer. Die Boshof-kommando het ook te kenne gegee dat hulle in hul eie distrik sou bly om dié distrik teen veediefstal, beskadiging van eiendom deur kleurlinge, en vyandige patrollies te beskerm. Die bedoeling was ook om sodoende die Hoopstad-distrik te beskerm. Voorts het die landdros van

---

37 A.M. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”: die rasionaal en verskynsel van verraad*, pp. 35-36. Sien ook lys van krygsgevangenes soos gepubliseer in die *Government Gazette of the Orange River Colony*, 29.6.1900.

38 *Confidential, South African telegrams*, pp. 28-29: F.S. Roberts — Lord Lansdowne, 21.3.1900 (telegram).

39 H. Ver Loren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, p. 42. Sien ook W. van Everdingen, Tweede Tijdvak 1, p. 69.

Hoopstad berig dat die offisiere besig was om die kommando in die distrik te herorganiseer en krygspligtiges aan te moedig om nie wapens neer te lê nie. Die staatspresident het in die sitting van die Volksraad van 2 April 1900 verklaar dat weinig burgers aan die proklamasies van die Britse opperbevelvoerder gehoor gegee het.[40] Laasgenoemde verklaring staan in skrille kontras met die getalle deur Grundlingh vermeld.

Dit is insiggewend dat die Britse proklamasies burgers van die OVS regering gewaarsku het dat optrede, wat daarmee verband hou, 'n aanklag van hoogverraad tot gevolg kan hê.[41] In 'n telegram aan die landdroste van Bultfontein en Hoopstad skryf die sekretaris van die krygskommissie soos volg: “Waarschuw burgers dat alz zij proclamatie van den vijand mondelings of dadelijk rondspreiden of helpen verspreiden of het verzwijgen bewaren van proclamties die verspreid worden maken zij zich schuldig aan hoogverraad en aan het bloed van hunne medeburgers die nog manmoedig strijden voor land en volk.”[42] Die sekretaris van die krygskommissie het voorts opdrag gegee dat die twee landdroste persone wat proklamasies versprei het, moes arresteer.[43] Kommandant J. Crowther het met die herbesetting van Ladybrand aan die staatspresident berig dat hy alle verdagte persone op die dorp laat arresteer het met die bedoeling om hulle na Kroonstad te stuur.[44] Crowther laat egter na om te omskryf wat hy as verdagte persone beskou het. Die veronderstelling binne konteks van die gebeure is dat dit na alle waarskynlikheid persone was wat wapens neergelê het, of Britse proklamasies versprei het. Hierdie handelinge kon hoogverraad of gekweste majesteit, kragtens die bepalings van hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat,* daargestel het.[45]

Dit wil egter voorkom of die herkommandering van krygspligtiges in die besette Britse distrikte 'n saak van onmoontlikheid geword het. Volgens De Wet: “Die proclamaties maakten het mij toen onmogelijk de burgers tot commandodienst te dwingen, en ik besloot te wachten totdat ik eerst met degenen, die ik bij mij had wat

---

40 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Leyds 709/10: Hoopstad landdros — M.T. Steyn (telegram), 21.3.1900; TAB, Leyds 709/10: Direkteur van Telegraafkantoor, 21.3.1900 (telegram); TAB, Leyds 709/10: Direkteur Telegraafkantoor, 24.3.1900 (telegram); The National Archives (TNA), WO, 32/8092: Translation of the minutes of the proceedings of the honrle [sic] Volksraad in the general sitting commencing on Monday, 2nd April, 1900, at 10 A.M.

41 Vir 'n bespreking van hoogverraad, sien onderafdeling 5.2, hoofstuk 12, *infra*.

42 TAB, Leyds 709/10: A.B. Roberts — landdroste Hoopstad en Bultfontein, 20.3.1900 (telegram).

43 *Ibid*.

44 TAB, Leyds 709/10, direkteur, Telegraafkantoor, 27.3.1900 (telegram).

45 Vir 'n verdere bespreking van die misdade, sien onderafdeling 5.2 en 5.3, hoofstuk 12, *infra*.

goeds uitgericht had, en dan met vaste hand te werk te gaan om hen in de commando's weer te krijgen."[46] Die effek van die proklamasie was van so aard dat kommando's, soos dié van Hoopstad, in effek ontbind het. Aan die hand van die herinneringe van Du Preez, 'n adjudant van die staatspresident, wil dit voorkom of die Hoopstad-kommando, bestaande uit 800 man, versuim het om aan die opdrag van die staatspresident, naamlik om die oorlogspoging te ondersteun deur verdere krygsdiens te verrig, gehoor te gee. Die Hoopstad-kommando het kort na die vertrek van Du Preez aan die Britse magte oorgegee.[47]

'n Inwoner van die Ficksburg-distrik het in dieselfde tyd verklaar dat die Britse proklamasies meer skade as bomme aangerig het. Aan die hand van die herinneringe van die persoon wil dit voorkom of talle krygspligtiges in dié distrik van die geleentheid gebruik gemaak het om van die oorlogspoging te onttrek.[48] O. Hintrager, 'n Duitse vrywilliger, beskryf die uitwerking van die Britse besetting van die Bethlehem-distrik op die plaaslike kommando daar, terwyl die staatspresident en regering in die onmiddellike omgewing aanwesig was. Volgens Hintrager was die Bethlehem-kommando gedurende die tydperk 20 Junie tot 1 Julie 1900 ongeveer 700 burgers sterk. Op 8 Julie 1900 skryf Hintrager dat die kommando skaars 200 burgers groot was. Hy verbind die afname in getalle direk met die teenwoordigheid van die Britse magte in die distrik.[49] Dit is daarom duidelik dat nie alleen die Britse proklamasies nie, maar ook die besetting, sy tol op die getalle van die OVS krygsmag geeïs het. Dit was egter nie voldoende om die OVS oorlogspoging tot 'n einde te bring nie.

De Wet het aan die kommando's onder sy bevel verlof tot 25 Maart 1900 toegestaan. Volgens De Wet het die kommando's op 25 Maart 1900 in groot getalle vergader. Asselbergs, die Nederlandse attaché, verklaar dat die stemming onder die offisiere en burgers in hierdie tyd aansienlik verbeter het. Dit is belangrik om daarop te let dat De Wet self verklaar dat die burgers van die distrikte van Bloemfontein, Fauresmith, Jacobsdal, Philippolis, Smithfield en Wepener op hierdie datum in groot

---

46 De Wet, p. 58.

47 VAB, 119/526, J.N. Brink, "Oorlogsherinneringe van kolonel Corneel Johannes du Preez, D.T.D., D.S.O., oud-adjudant van president M.T. Steyn", pp. 24, 26.

48 A. Barry, *Ons Japie: dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog*, p. 18.

49 J.J. Oberholster (red.), "Dagboek van Oskar Hintrager: saam met Christiaan de Wet: Mei-September 1900", *Christiaan de Wet-annale* 2, 1973, pp. 40, 59.

getalle afwesig was.[50] Dié distrikte was reeds deur die Britse magte beset en kommunikasie, as gevolg van sodanige besetting, tussen die OVS regering en landdroste verbreek. Die gevolg was dat dit nie moontlik was om krygspligtiges of deserteurs deur landdroste of ander amptenare van die regering op te roep of te vervolg nie. Daarenteen was groot gedeeltes van die Oos-Vrystaat onbeset, wat dorpe soos Lindley, Bethlehem, Senekal, Heilbron, Vrede en Harrismith ingesluit het.[51]

Die bespreking tot hier wys daarop dat die OVS as staatkundige entiteit die teiken van die Britse proklamasies was. Die proklamasies was duidelik daarop gerig om die OVS oorlogspoging tot 'n einde te bring deur OVS krygspligtiges ondiensbaar vir die voortgesette oorlogspoging te maak. Dit is duidelik dat die OVS gepas by wyse van teen-proklamasies geantwoord het. Die besetting van distrikte het egter beteken dat OVS krygslui binne sodanige distrikte nie vir die OVS oorlogspoging beskikbaar was nie. Die gevaar was groot dat die ongesteurde besetting van gedeeltes die indruk kon laat dat die gebied deur die Britse magte beset en verower was. Dit is duidelik dat die verkleining van die OVS oorlogsgebied die taak van die Britse magte om die gebied te verower, vergemaklik het. 'n Voortgesette OVS oorlogspoging moes daarom onder andere aandag aan toegang tot Brits-besette gebiede gee om sodoende weer toegang tot krygspligtiges te verkry.

Indien gepaste stappe nie geneem word nie, sou die Britse magte die geheel van die OVS beset en aanspraak maak dat die gebied verower is. Hierdie stappe sluit onder andere 'n besluit rakende 'n gepaste krygstrategie en die uitvoering daarvan in. Indien hierdie stappe nie geneem sou word nie, het die staatspresident, sy regering en offisiere hulle verpligtinge teenoor die OVS versuim. Hierdie besluite en wyse waarop dit geneem is, staan direk in verband tot die oorgawe op 30 Julie 1900.

5. Die voortgesette OVS oorlogspoging

Die Britse opperbevelvoerder het kort na die publikasie van Proklamasie III van 1900 soos volg geskryf: “The Proclamation published yesterday, copy of which I enclose, has already worked wonders. The burghers seem only to want an excuse to lay

50 De Wet, p. 55; Scholtz en Scholtz (reds.), p. 56.
51 Amery (red.), 4, p. 237.

down their arms, and I expect to hear that the meeting of the Council, which Mr. Steyn has summoned to be held at Kroonstad early in April, will be poorly attended."[52] Dit sou later blyk dat die aanname verkeerd was en dat die toegewing gemaak in veral Proklamasie III van 1900, met die oog op die spoedige beëindiging van die oorlog, misbruik is. Talle krygspligtiges het onder beskerming van die proklamasies na hulle wonings teruggekeer, gerus, en nuwe proviand verkry, net om later weer by die OVS krygsmag aan te sluit.[53]

'n Beduidende gedeelte van die OVS krygsmag het na afloop van die verlof, soos deur De Wet toegestaan, op 25 Maart 1900, byeen gekom. Enkele dae later, het die krygsafdeling onder bevel van De Wet, die Britse magte 'n nederlaag te Sannaspos toegedien. Kort hierna (3-4 April 1900) het De Wet ook 'n Britse afdeling te Mostertshoek tot oorgawe gedwing. De Wet se beleg van Jammersbergdrif kort hierna het egter misluk. In dieselfde tyd is die Britse besetting van Ladybrand ook deur die terugkerende magte van hoofkommandant J.H. Olivier tot 'n einde gebring.[54] Breytenbach verklaar onomwonde dat die versuim van die Britse opperbevelvoerder om sy magte só te stasioneer om 'n deurbraak na die Brits-besette OVS gebiede toe te laat, tot die nederlae te Sannaspos en Mostertshoek aanleiding gegee het. Dieselfde versuim, volgens Breytenbach, het ook daartoe aanleiding gegee dat 'n OVS krygsmag Ladybrand ontset het. Breytenbach gaan voort: "In plaas van sy troepe so te konsentreer dat hulle 'n vyandelike teenaanval doeltreffend sou kon weerstaan, het [die Britse opperbevelvoerder] daardie troepe dwarsoor die besette gebied versprei om, as embleme van Haar Britse Majesteit se gesag, [die Britse opperbevelvoerder] se proklamasies te versprei en die burgers te verlok of te dwing om die wapen neer te lê – 'n taak wat eintlik by die polisie of siviele amptenare tuisgehoort het."[55] In kort sou die beskrywing van Breytenbach vertolk kon word as bewys dat die Britse magte versuim het om die OVS gebiede in Britse hande effektief te beset. Die Britse hoofmag het intussen ook 'n groot terugslag met 'n maagepidemie gehad.[56]

---

52 C. Headlam (red.), 2, p. 66: F.S. Roberts — A. Milner, 17.3.1900 (brief).

53 Headlam (red.), 2, p. 79.

54 Wessels (red.), p. 36; Amery (red.), 4, p. 242.

55 J.H. Breytenbach, 5, p. 256.

56 Wessels (red.), pp. 36-37; *Telegrams and letters* 2, p. 47: F.S. Roberts — A. Milner, 17.5.1900 (afskrif van telegram); Amery (red.), 4, pp. 242-243, 246.

Op 3 Mei 1900 het die Britse hoofmag begin om met die spoorlyn langs in die rigting van die ZAR op te ruk. Die republikeinse magte kon nie daarin slaag om die Britse hoofmag te Brandfort (3 Mei 1900), Vetrivier (5 Mei 1900) en Sandrivier (7 en 10 Mei 1900) te stuit nie. Kort na afloop van die hervatting van die Britse opmars het die tydelike setel van die OVS regering op 12 Mei 1900 te Kroonstad in die hande van die Britse magte geval. Die Britse opperbevelvoerder het op 17 Mei 1900 aan die Britse hoë kommissaris geskryf dat alle tekens daarop dui dat die OVS binnekort sou oorgee. Intussen het die Britse magte ook daarin begin slaag om op die oostelike gedeeltes van die OVS binne te dring. So is Ladybrand op 17 Mei 1900, Senekal op 24 Mei 1900 en Lindley op 27 Mei 1900 beset. Op 28 Mei 1900 het die Britse opperbevelvoerder ook voortydig besluit om die OVS tot Britse gebied te proklameer.[57]

6. Verowering van die OVS

Die Britse opperbevelvoerder was aan die begin van Mei 1900 reeds oortuig dat die meerderheid van die OVS ondergeskiktes oorlogsmoeg was. Volgens die Britse opperbevelvoerder: “So far as I can judge, Free State Burghers have no wish to continue the war. Steyn is trying to keep them up to the mark by stating that numbers of foreigners are arriving to help, and that foreign Powers will intervene, but the announcement of annexation will, I believe, turn the majority of Free Staters into peaceful farmers.”[58] Die Britse opperbevelvoerder het reeds reeds in Maart 1900, na die besetting van Bloemfontein, geoordeel het dat die OVS regering omvergewerp is.[59]

Die Britse opperbevelvoerder het sekerlik gehoop dat die voortydige proklamering van die OVS die vrede sal herstel en regsekerheid, met betrekking tot die status van die Britse besetting van die OVS, as 'n verowerde gebied kon gee. Die Britse regering het daarom op aanbeveling van die Britse opperbevelvoerder besluit om die OVS voortydig tot Britse gebied te proklameer. Laasgenoemde blyk duidelik uit 'n

---

57 Wessels (red.), pp. 36-37; *Telegrams and letters* 2, p. 47: F.S. Roberts — A. Milner, 17.5.1900 (afskrif van telegram); Amery (red.), 4, pp. 242-243, 246.

58 *Telegrams and letters* 2, p. 29: F.S. Roberts — A. Milner, 7.5.1900 (afskrif van telegram). Sien ook *Telegrams and letters* 2, pp. 25, 32: F.S. Roberts — A. Milner, 6.5.1900 en 9.5.1900 (afskrifte van telegramme).

59 Headlam (red.), 2, p. 66.

skrywe van die Britse minister van kolonies: “In view of Lord Robert’s [sic] opinion that *early annexation*[60] would tend towards the pacification of the country by removing a feeling of uncertainty as to the return of President Steyn’s Government, I have informed you by telegraph that such a Commission has been signed by the Queen and that Lord Roberts may issue a Proclamation in the terms of the accompanying draft.”[61]

Die volgende gedeelte van die aanhef van die proklamasie is van besondere belang: “Whereas certain territories in South Africa, heretofore known as the Orange Free State, have been conquered by Her Majesty’s Forces, and it has seemed expedient to Her Majesty that the said territories should be annexed to, and should henceforth form part of Her Majesty’s dominions [...].”[62] Dit is duidelik dat die proklamering van die OVS tot Britse gebied die uitgangspunt huldig dat die OVS op die betrokke stadium deur die Britse magte verower is en dat die Britse regering derhalwe geregtig was om die gebied tot Britse grondgebied te proklameer.

Phillipson beskryf drie vereistes vir die verowering van 'n gebied: (1) besetting; (2) onderwerping en (3) proklamering van die vyandige gebied tot eie gebied.[63] Die alternatief is dat die een staat hom deur middel van 'n vredesverdag aan die soewereiniteit van 'n ander staat onderwerp. Tot en met 31 Mei 1902 was daar geen sprake van vrywillig onderwerping nie. Dit is daarom nodig om met die vereistes vir verowering te handel. Dit is opmerklik dat die skrywers aan die einde van die 1800's, begin 1900's, nie noodwendig dit eens was oor die vereistes en die inhoud daarvan was nie. Die beskrywing van Phillipson word gebruik om met die vereistes en die verskillende standpunte daaromtrent te handel.

6.1 Besetting

Oorlog gaan gewoonlik met die bedoeling gepaard om beheer oor die ander oorlogvoerende party se gebied te verkry. Die militêre besetting *(occupatio bellico)* is daarom ook die eerste fase in die verowering van 'n gebied. Die besetting van 'n

60 My kursivering.
61 TNA, DO 119/442: Chamberlain — A. Milner, 22.5.1900 (brief).
62 Cd. 426, Proklamasie XI/1900, p. 6.
63 Phillipson, p. 10. Sien ook J. Westlake, “The South African Railway case and international law: a reply”, *Law Quarterly Review* 21, 1905, p. 335; Baty, pp. 91-92.

gebied beëindig nie die soewereiniteit van die betrokke staat nie. Dit gee egter wel aan die besettingsmag die bevoegdheid om gesag oor die gebied te voer.[64]

6.2 Verowering

Oppenheim beskryf onderwerping as die vernietiging van 'n oorlogvoerende party gedurende 'n staat van oorlog, deur so 'n party se grondgebied tot eie gebied te proklameer. Onderwerping kan nie geskied alvorens verowering plaasgevind het nie. Daarom vereis onderwerping besetting, verowering en die vernietiging van die vyandelike magte.[65] Skrywers is die nie noodwendig eens wat met die vereistes bedoel word nie.

Phillipson verklaar dat so 'n toestand gewoonlik geskied waar daar geen verdere weerstand plaasvind nie of waar die georganiseerde weerstand feitlik verdwyn het. Hy gee daarom blyke dat dit nie noodwendig 'n vereiste is dat alle weerstand tot 'n einde moet kom nie. Die toets, aan die hand van Phillipson, is daarom om te bepaal of die weerstand georganiseerd is. Later verklaar hy dat waar die weerstand van 'n geringe aard is, daar wel met proklamering van 'n gebied voortgegaan kan word.[66]

Daarenteen verklaar Oppenheim uitdruklik dat verowering en onderwerping die oorlog tot 'n einde bring. Die staat wat daarom daarin geslaag het om aan die vereistes te voldoen, moet alleen besluit wat hy met die verowerde gebied gaan doen. So kan so 'n oorlogvoerende besluit om die gebied tot eie grondgebied te proklameer of in die alternatief 'n ander regering in die plek van die voormalige soewereiniteit daar te stel.[67]

Weer blyk die aangeleentheid nie so eenvoudig te wees nie. Vroeër in sy werk beskryf hy verkillende vorme van guerrilla-oorlog. Vir doeleindes van die bespreking is dit slegs nodig met een vorm te handel. In dié geval verwys Oppenheim spesifiek na die keuse van oorlogvoering wat volg na die gevangeneming of vernietiging van die grootste gedeelte van die vyandelike krygsmagte, die vernietiging van die vyandelike regering in 'n gebied, sowel as die besetting van die gebied. Hy beskryf die voortsetting van 'n oorlog in so 'n geval as "petty war" wat alleen ten doel het om

---

64 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 2, *supra.*
65 Oppenheim, 2, pp. 325-326- Sien ook Phillipson, p. 9.
66 Phillipson, pp. 9, 21-22.
67 Oppenheim, 2, pp. 326-327.

die herstel van vrede te verhoed.[68] Dit is daarom duidelik dat die Oppenheim in sy werk wel voorsiening maak vir die voortsetting van 'n oorlog nadat daar aan die vereistes van onderwerping voldoen is.

Oppenheim se bespreking is verder interessant deurdat dit hier verdere inhoud aan die vereistes vir onderwerping gee. So beteken dit dat onderwerping nie noodwendig die oorlog tot 'n einde te bring nie. Voorts vereis hy in dié geval alleen dat die grootste gedeelte van die vyandelike magte vernietig of gevange geneem is en dat die vyandelike regering tot 'n einde gebring word.

Hierdie is ook die gedagte van Baker. Hy verklaar dat onderwerping ook kan geskied waar die oorlogspoging van die vyand so verswak het, dat daar geen vooruitsigte is om die besette gebiede te ontset nie. In so geval verklaar Baker dat dit kan gebeur dat 'n staat, vanweë trots of blote vasberadenheid, besluit om nie die stryd gewonne te gee nie. Ten einde met proklamering voort te gaan, moet die besetter, volgens Baker en Hall, aantoon dat hy die gebied effektief beset het en in effektiewe besetting hou.[69] Hall gee verdere inhoud aan die begrip effektiewe besetting. Ten einde verowering aan te voer, moet die besetting van die gebied van so 'n aard wees dat dit vergelykbaar met die beheer van 'n onafhanklike staat binne sy eie gebied is.[70]

Daarenteen verklaar Baty onomwonde dat daar geen sprake van onderwerping kan wees nie indien 'n staat nog 'n weermag in die veld het en aktief aan die oorlog deelneem. Die skrywer gee egter toe dat verowering kan plaasvind in gebiede wat in effektiewe besetting gehou word en nie sondermeer weer ontset kan word nie.[71] Spaight verklaar ook dat daar geen sprake kan wees van 'n verwisseling van soewereiniteit waar 'n oorlog nie tot 'n einde gekom het nie. Volgens hom geskied dit met 'n vredesverdrag of in die geval waar onderwerping plaasgevind het. Spaight beskryf so 'n toestand as 'n geval waar die een oorlogvoerendende deur oorlog vernietig is.[72] 'n Soortgelyke standpunt word ook 'n artikel van Westlake gevind.

---

68 Oppenheim, 2, p. 71.
69 Baker, 2, *Halleck's international law*, p. 468; Hall, p. 566. Sien ook Baty, p. 91.
70 Hall, p. 566.
71 Baty, p. 92.
72 Spaight, p. 322.

Volgens hom vind verowering plaas wanneer die liggaam verantwoordelik vir die uitoefening van staatsfunksies vernietig is.[73]

6.3 Proklamering

Verowering en onderwerping is nie alleen voldoende om die bestaan van 'n staat tot 'n einde te bring. Ten einde tot so 'n stap oor te gaan, moet die soewereiniteit van die verowerde en onderwerpte staat tot 'n einde gebring word. So 'n stap geskied gewoonlik by wyse van die proklamering van die verowerde gebied tot eie gebied.[74] Phillipson verklaar onomwonde dat waar 'n proklamering voortydig geskied het, dit ongeldig is.[75] Oppenheim verklaar dat 'n juridiese gebrekkige proklamering later wel geldig kan word waar 'n oorlogvoerende daarin slaag om aan die vereistes van verowering en onderwerping te voldoen.[76]

6.4 Die situasie in die OVS?

Die Britse magte het op die betrokke datum nog nie die OVS effektief beset nie. So het die landdros van Hoopstad aan die einde van Maart 1900 berig dat daar geen Britse magte in sy distrik aanwesig was nie, en dat die Boshof-kommando in daardie stadium reeds 300 man sterk was.[77] Volgens Hintrager het die Britse magte in hulle opmars na die ZAR Vredefort beset deur die Britse vlag te hys en die dorp net so, sonder om 'n gedeelte van die Britse mag daar te plaas, gelaat. Die krygsmag van De Wet het kort hierna die dorp beset en weer tot OVS gebied geproklameer.[78] Die herinneringe van Hintrager, sowel as die landdros van Hoopstad, tesame met die standpunt van Breytenbach, wys duidelik daarop dat die Britse magte in bepaalde gevalle versuim het om die effektiewe besetting van 'n distrik te verseker deur 'n Britse afdeling daar te plaas, en die gebied deur sodanige optrede te behou. Laasgenoemde sou wel gedoen kon word indien daar geen opponerende magte agter die gevegslyn van die besettingsmagte was nie. Die Britse magte het egter na die ZAR opgeruk sonder om eers met die OVS krygsmag af te reken. Die Britse

---

73 Westlake, p. 335.

74 Oppenheim, 2, pp. 325-326; Hall, p. 566. Sien ook H. de Groot, *The rights of war and peace: including the law of nature and of nations* (vertaal deur A.C. Campbell), pp. 110-111, 348-350; Baty, p. 91.

75 Phillipson, p. 22.

76 Oppenheim, 2, p. 326 (vn. 2).

77 TAB, Leyds 709/10: Potgieter — S.J.P. Kruger, 27.3.1900 (telegram).

78 Oberholster (red.), p. 96.

opperbevelvoerder het eerder sy visier op die verowering van die regeringsetels van die ZAR en OVS gehad. In hierdie poging was hy van die spoorweg afhanklik.

Dit wil verder voorkom of die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika kennis gehad het dat die proklamering van die OVS tot Britse gebied gebrekkig was: “I think we are *technically* justified in doing this, for we have formally annexed the country; therefore, according to a strict interpretation of our action, all those still fighting against us *are* rebels. But in common fairness I do not quite see how we can so treat them, as long as we do not merely annex, but *effectively occupy*. When we have driven the enemy out of a district and *hold on to it*, establishing some form of government and doing our best to maintain it, I think we are justified in proclaiming that any inhabitant of such district found in arms against us, or harbouring the enemy, shall be treated with utmost severity, even with death. But when we merely march through a district, even several times, without attempting to govern or to hold it, I hardly feel that we can deal equally severely with its inhabitants, if, being left to their fate, they take up arms - possibly, indeed, probably, under compulsion.”[79]

Laasgenoemde is ook die uitgangspunt van Oppenheim: “It may well be doubted whether, when these territories [Orange Free State and South African Republic] were annexed, their occupation could be called effective. The British Government ought not, therefore, to have proclaimed their annexation at such early dates.”[80] Effektiewe besetting, volgens Oppenheim, sou eers in 1901 kon volg.[81] Spaight en Phillipson verklaar ook onomwonde dat daar geen sprake van verowering van die OVS op 1 Junie 1900 was nie.[82] Volgens Baker moes 'n besetter óf die geheel van die grondgebied verower het, óf kon aantoon dat die onverowerde gedeeltes op die een of ander wyse hulself aan die besetter onderwerp het. Baker verklaar soos volg: “But so much of such territory as refuses to submit, or to recognise the authority of the conquerer, and is not forcibly occupied by him, cannot be regarded as under his control or within the limits of his conquest; and he therefore cannot pretend to govern it, or to claim the temporary allegiance of its inhabitants [...].”[83] Westlake verskil van die standpunt en verklaar dat die OVS en ZAR tot Britse gebied geproklameer kon word. Hy beskryf die OVS en ZAR bewind in daardie stadium soos volg: “The two

79 Headlam (red.), 2, p. 81: A. Milner — F.S. Roberts, 25.9.1900 (brief).
80 Oppenheim, 2, p. 210.
81 *Ibid*.
82 Spaight, p. 331, Phillipson, pp. 23-24.
83 Baker, *International law*, 2, p. 436.

republican governments [...] were merely leading a hunted and hopeless existence under the immediate protection of such military forces as still remained in the field."[84] In hierdie omstandighede is Westlake van oordeel dat daar 'n regsplig op die besette staat, in dié geval die OVS, gerus het om die oorlog te beëindig om sodoende enige verdere onnodige bloedvergieting te voorkom.[85] Hierdie argument van Westlake sou, ten opsigte van die OVS met die oorgawe in Julie 1900, eers 'n werklikheid word deurdat die geheel van die OVS verower is, en 'n klein onbeduidende kommando binne die grens aktief was terwyl die krygsafdeling onder bevel van De Wet en die staatspresident hulle buite die landsgrense bevind het. In hierdie studie is dié punt van besondere belang veral in ag genome in watter mate hoogverraad, gekweste majesteit, pligsversuim en/of 'n verraderlike verstandhouding met die vyand hiertoe aanleiding gegee het. Vir die persone beskuldig van die misdade sou die talle proklamasies en veroweringsaansprake weer as verweer gedien het om hulle teen sodanige aanklagte te verdedig.

Die teenwoordigheid van ongeveer 7 000 krygslui in die omgewing van Senekal, Bethlehem en Ficksburg op die datum van proklamasie was verder tekenend dat die OVS nie verower was nie.[86] Daarbenewens het die krygsmag van die sogenaamde "verowerde staat" op 29 Mei 1900 te Biddulphsberg, in die Senekal-omgewing, die Britse magte 'n gevoelige slag toegedien. Op 31 Mei 1900 het die OVS krygsmag ook 'n Britse afdeling in die omgewing van Lindley tot oorgawe gedwing. De Wet het voorts op 4 Junie 1900 'n Britse konvooi te Swavelkranz gebuit. Voorts het die OVS krygsmag op 7 Junie 1900, onder bevel van De Wet, gelyktydige aanvalle te Vredefort, Renosterrivierbrug en Roodewal geloods. Ten opsigte van die gevegte te Roodewal het De Wet daarin geslaag om die Britse afdeling daar tot oorgawe te dwing en Britse ammunisie en proviand ter waarde van meer as 'n £100 000 is gebuit. Kort hierna het 'n aanval onder die bevel van veggeneraal P.H. Roux op 14 Junie 1900 te Virginia egter misluk. De Wet self het op 22 Junie weer gelyktydige

84 Westlake, p. 336.

85 *Ibid*.

86 VAB, Roux-versameling (A305): P.H. Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 1. In 'n boekie met die aantekening van Roux beskryf hy (Roux) die getalsterkte van die OVS krygsmag soos volg: Ficksburg: 400; Ladybrand: 410; Thaba 'Nchu: 420, Wepener: 420; Smithfield: 250; Harrismith: 1 200; Vrede: 1 100; Haasbroek: 420; Heilbron: 480; Bethlehem: 500; Kroonstad: 400; Bloemfontein: 170; Rouxville: 400; Bethulie: 150; en Jacobsdal en Fauresmith: 120. (VAB: A305, P.H. Roux, "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevange: Paul Roux, 3 Nov 1900".) Dit is interessant dat wanneer die getalle soos deur Roux vermeld bymekaar getel word, nie 7 800 as somtotaal gekry word nie. Dit word hier ook aanvaar dat 7 800 offisiere en burgers eerder die mees positiewe scenario aandui en dat die werklike getalle minder kon wees.

aanvalle op die spoorlyn geloods. Hoewel die militêre operasies van die OVS krygsmag tekenend was dat die Britse magte se veroweringspoging van die OVS nog gebrekkig was, is dit opmerklik dat feitlik die hele OVS, met die uitsondering van die oostelike gedeeltes, teen middel Junie beset was. Amery verklaar onomwonde dat die Britse besetting van so 'n aard was dat daar in weinig besette gebiede onderhorigheid van OVS ondergeskiktes vereis of beskerming vir onderhorigheid verleen kon word.[87]

Dit is daarom nie vreemd dat die Britse opperbevelvoerder teen middel Junie 1900 reeds aan die Britse minister van oorlog per telegram verklaar dat die OVS magte, teen alle verwagtinge, steeds die stryd volhou nie.[88] Volgens Amery was laasgenoemde te wyte aan die Britse opperbevelvoerder se poging om die republikeinse setels so spoedig moontlik te verower en in die proses die krygsmoraal van die republikeinse magte te verpletter. Volgens Amery: “Surrenders indeed had been numerous after every important stage in the advance of the column, but they were surrenders either of men who never fought with much alacrity, or of those ready to take up arms again as soon as a returning commando offered them an excuse. The Boer organized forces, therefore, as far as they ever were organized were still unimpaired.”[89] Dit is daarom duidelik dat die OVS teen Junie 1900 nie in die woorde van Westlake, “a hunted and hopeless existence” gevoer het nie. Die gevaar was egter groot dat sou die OVS regering nie op a daadkragtige krygstrategie besluit nie, dit wel tot so 'n bestaan gedoem kon word. Die oorgawe van 30 Julie 1900 is daarom 'n besonder belangrike oomblik in die OVS oorlogspoging.

7. OVS reaksie op die proklamering

Op 11 Junie 1900 antwoord die OVS by wyse van 'n proklamasie op die Britse veroweringsaansprake, soos verwoord in die proklamasie van die Britse opperbevelvoerder gedateer 24 Mei 1900 en uitgevaardig op 28 Mei 1900. Volgens die OVS proklamasie was die OVS nie ten tyde van die proklamering deur die Britse

87 Wessels (red.), pp. 37-38, 89; Amery (red.), 4, pp. 262, 267-268, 297-298.

88 “I am urging Buller not to remain inactive any longer, a movement on his part is all now that is necessary to settle Orange Free Staters, who, contrary to all expectation, have much more fight in them than Transvaalers [...].” *Secret South African Telegrams*, p. 108: F.S. Roberts — Lord Lansdowne, 13.6.1900 (afskrif van telegram).

89 Amery (red.), 4, p. 298.

magte omvergewerp of verower nie. Dit word bevestig deur die teenwoordigheid van die OVS magte binne die gebied en hulle voortgesette oorlogspoging. Die OVS proklamasie gaan voort en verklaar dat die regering nie die proklamering van die OVS deur Brittanje erken nie en dat die Britse proklamering deur die werking van die OVS proklamasie ongeldig verklaar word. Dit is interessant dat die OVS proklamasie nie 'n beroep op OVS ondergeskiktes gedoen het om hulle teen die Britse besetting te verset nie. Die OVS regering moes duidelik besef het dat ondergeskiktes binne besette gebiede 'n verpligting gehad het om die Britse magte te gehoorsaam en dat enige vorm van verset ondergeskiktes aan Britse vervolging kon blootstel. Hoewel die OVS regering by magte was om sodanige verset te gelas, blyk dit daarom verstandig om nie ondergeskiktes aan Britse vervolging bloot te stel nie.[90]

8. Rebelle?

Die Britse rebelle-proklamasie of proklamasie XV van 1 Junie 1900 was sekerlik een van die vernaamste redes vir die oorgawe op 30 Julie 1900. In hoofstuk 10 word gesien dat een van die punte in die onderhandelinge rakende die oorgawe juis die versekering ingesluit het dat offisiere en burgers as krygsgevangenes, en nie rebelle nie, hanteer sou word. Hierdie proklamasie is reeds ten tyde van die proklamering van die OVS in die vooruitsig gestel en is geskoei op die beginsel dat alle OVS ondergeskiktes na afloop van die proklamering Britse onderdane sou word. Enkele dae voor die proklamering van die OVS tot Britse gebied het die Britse opperbevelvoerder in 'n skrywe aan die Britse hoë kommissaris verklaar dat daar kort na afloop van die proklamering 'n proklamasie uitgevaardig moes word. Hierin is daar aan OVS ondergeskiktes kennis gegee dat hulle as rebelle, en nie as krygsgevangenes nie, hanteer sal word indien hulle na afloop van die proklamering van die OVS, die oorlogspoging voortsit.[91]

Die Britse opperbevelvoerder was egter onseker of die proklamasie ook OVS ondergeskiktes moes waarsku dat met gevangeneming op hulle eiendom beslag gelê sou word. Op hierdie punt, asook die ontwapening van voormalige OVS krygspligtiges, het die Britse opperbevelvoerder raad van die Britse hoë kommissaris

90 Sien ook Hall, p. 480.
91 Cd. 426, p. 8.

gevra. Hierbo is reeds op die verskillende uitgangspunte oor die geldigheid van die proklamering van die OVS gewys. Westlake, wat van mening was dat die proklamering van die OVS geldig was, verklaar dat die rebelle-proklamasie, of te wel die moontlike hantering van OVS krygslui met gevangeneming as rebelle, onbehoorlik was. Die Britse hoë kommissaris het ook die betrokke siening gehuldig.[92]

Tog het die Britse opperbevelvoerder met die proklamasie voortgegaan. Volgens hierdie proklamasie is veertien dae grasie, vanaf die datum, aan alle inwoners van die OVS vir die neerlê van wapens en die staking van vyandighede, of te wel die oorlogspoging, verleen. Ten spyte van die besware van die Britse hoë kommissaris het die proklamasie OVS krygslui gewaarsku dat indien hulle sou weier om hul wapens neer te lê, hulle met gevangeneming as rebelle, en nie krygsgevangenes nie, hanteer sou word. Eiendom behorende aan sodanige persone (rebelle) sou ook dienooreenkomstig hanteer word. Hierdie proklamasie mag 'n eensydige poging van die Britse opperbevelvoerder gewees het om die oorlog by wyse van proklamering sonder die sluit van vrede te beëindig . Dit is interessant om daarop te wys dat die proklamasie nie vir 'n wapenstilstand in die veertien dae voorsiening maak nie. Hoewel die oorlog, indien alle gewapendes daaraan gehoor sou gee, op 15 Junie 1900 sou eindig, sou gevegte tussen die twee magte in die periode kon voortgaan.[93]

Dit wil voorkom of die Britse opperbevelvoerder mettertyd besef het dat die regsposisie, soos weergegee in proklamasie XV van 1900, regtens nie houdbaar en gevolglik ook nie afdwingbaar was nie. Proklamasie XV van 1900 is daarom met proklamasie XXVIII van 1900 opgevolg. In laasgenoemde proklamasie word 'n duidelike onderskeid tussen twee tipes ondergeskiktes van die OVS/ORC getref. Hiervolgens sou alle ondergeskiktes van die voormalige OVS, wat nie ten tyde van die proklamering en daarna aktiewe krygsdiens verrig het nie, onderdane van die Britse regering word. OVS ondergeskiktes, wat ten tyde van die proklamering en daarna krygsdiens gedoen het, en nie 'n eed van weerhouding aan deelname aan die oorlogspoging (neutraliteitseed) of onderhorigheid geneem het nie, sou nie Britse

92 TNA, DO 119/559, C1779: F.S. Roberts — A. Milner, 23.5.1900 (brief); Headlam (red.), 2, p. 81; Westlake, p. 336.

93 Cd. 426, p. 8.

onderdane word nie. Laasgenoemde groep persone sou met gevangeneming wel as krygsgevangenes, en nie as rebelle nie, hanteer word.[94]

Die proklamasie moes sekerlik 'n bepaalde vrees onder OVS krygslui, wat die oorlog voortgesit het, gelaat het. Waar met beskuldigings van hoogverraad, gekweste majesteit en pligsversuim gehandel word, is dit daarom nodig om van die inhoud van die proklamasie kennis te neem. Voorts kon geen antwoord vanaf die OVS kant gevind word wat op die betrokke proklamasie gehandel het nie. Voorts kon geen bron gevind word wat verklaar dat die OVS staatspresident of sy opperbevelvoerder, C.R. de Wet, enigsins gepoog het om die vrese voortspruitend uit die proklamasie te hanteer nie. Hierdie versuim het sekerlik ook 'n beslissende rol in die oorgawe van 30 Julie 1900 gespeel.

9. Die beëindiging van die oorlog sonder 'n vredesooreenkoms

Wanneer die proklamasies, saam met die veroweringsproklamasie gelees word, wil dit voorkom of die Britse regering en Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika gepoog het om die oorlog deur middel van die kapitulasie van offisiere, burgers en krygspligtiges te beëindig. Laasgenoemde doelwit is veral deur middel van proklamasies bevorder. Krygslui en krygspligtiges, indien laasgenoemde groep vir krygsdiens opgeroep word, is aangemoedig om hulle wapens neer te lê, 'n eed van weerhouding van die OVS oorlogspoging te neem en só die OVS oorlogspoging onmoontlik te maak.[95] Dit is duidelik die uitgangspunt van Proklamsie I van 1900

---

94 Tydens die besetting van 'n vyandelike staat is die nie-vegtende inwoners gehoorsaamheid aan die besettende magte verskuldig uit hoofde van die bepalings van krygsreg deur sodanige besettende magte afgekondig. (Sien onderafdeling 2.1, *supra*.) Proklamasie XXVIII van 1900 op hierdie punt is daarom in ooreenstemming met die beginsels van die volkereg en in die besonder die toegeldende oorlogsreg. Volgens proklamasie XXXVIII van 1900 was die onus met gevangeneming op persone wat binne die uitsonderingskategorie geval het om te bewys dat hulle ten tyde van die proklamering van die OVS en daarna krygsdiens verrig het. Waar persone hulle van sodanige bewyslas kwyt sou hulle met gevangeneming as krygsgevangenes, en nie rebelle nie, hanteer word. Persone wat egter onderdane van die Britse regering geword het sou as gewone misdadigers met gevangeneming hanteer word. (Cd. 426, pp. 15-16. Sien ook Oppenheim, “On war treason”, pp. 281-282.) Waar voormalige OVS ondergeskiktes wel die eed van weerhouding of onderdanigheid geneem en dit verbreek het, sou hulle met gevangeneming óf ter dood veroordeel word, óf tot gevangenestraf of 'n boete gevonnis word. Laasgenoemde handeling word as oorlogsverraad beskou deurdat so 'n persoon sy eed verbreek het. Dit is verder belangrik om daarop te let dat Proklamasie XXVIII van 1900 reeds vanaf 20 Junie 1900 in effek deur die militêre goewerneur in opdrag van die Britse opperbevelvoerder toegepas is. In dié verband sien *Telegrams and letters* 3, p. 7: F.S. Roberts — G.T. Pretyman, Bloemfontein, 20.6.1900(telegram).

95 Vir die wyse van beëindiging van 'n oorlog, sien Oppenheim, 2, pp. 290-291, 322-324; Hall, p. 558; Phillipson, p. 3; F.R. Black, “The termination of hostilities”, *American Law Review* 62, 1928, p. 256; C.E. Martins, “The legal position of war and neutrality during the last twenty-five years”, *American Society of International Law Proceedings* 25, 1931, p. 141, C.C. Tansill, “The termination of war by mere cessation of hostilities”, *Law Quarterly Review* 38, 1922, p. 26.

waarin 'n uitdruklike onderskeid tussen die regering van die OVS wat die oorlog onregmatig begin het en sy ondergeskiktes wat deur die regering genoop was om aan hierdie onregmatige oorlog deel te neem, getref is. Hierdie proklamasie verklaar uitdruklik dat die Britse regering nie OVS ondergeskiktes, wat ook krygspligtiges van die OVS ingesluit het, kwalik geneem het vir die feit dat hulle aan die opdrag van die OVS regering gehoor gegee het om oorlog teen Brittanje te voer nie: “The British Government, therefore, wishes the people of the Orange Free State to understand that it bears them no ill-will, and, as far as is compatible with the sucessful conduct of the war, and the re-establishment of peace in South Africa, it is anxious to preserve them from the evils brought upon them by the wrongful action of their Government.”[96]

Dit wil verder voorkom of die Britse regering deur middel van die proklamasies die OVS wou onderwerp/verower deur die staatstrukture ondiensbaar te maak. Die aanslag op die OVS krygsmagte is as 'n belangrikste middel om die oorlogspoging te beëindig , reeds duidelik. Verowering begin met die inval van die vyandelike staat en die effektiewe besetting daarvan met die doel om die grondgebied te behou. Die bedoeling om die grondgebied te behou blyk gewoonlik in die handeling van die besetter om een of ander gesag vir die bestuur van die gebied te vestig. Die vestiging van gesag deur die besetter moet van so aard wees dat die voormalige owerheid verhoed word om sy gesag oor die gebied uit te oefen. Laasgenoemde sou ook daarop neerkom dat die staat later self nie meer sy oorlogspoging kan volhou nie, wat weer tot gevolg het dat die oorlog sonder enige vredesverdrag tot 'n einde gebring kan word.[97]

Die suksesvolle kapitulasie en verowering van 'n staat sonder 'n vredesverdrag is besonder problematies. In so geval is dit besonder moeilik om te bepaal wanneer die oorlog geeïndig het en wanneer vrede begin het. Verder ontstaan die vraag wat die status van die oorlogvoerende partye na afloop van die oorlog sou wees. In so geval word veronderstel dat die status ten tye van die staking van die oorlog deur beide

---

96 Cd. 426, p. 1. 'n Soortgelyke onderskeid word tussen die Duitse regering en die Duitse volk gemaak na afloop van die Eerste Wêreldoorlog. Sien Black, p. 256.

97 Oppenheim 2, pp. 206-207, 290-291, 322-323, 325; Hall, p. 566; Phillipson, p. 3; Black, p. 248; C.A. Shanor en T.P. Terrell, *Military law in a nutshell*, pp. 189-191; C.C. Shears, “Some legal implications of unconditional surrender”, *American Society of International Law Proceedings* 39, 1945, p. 47; Tansill, p. 26. Sien ook H. Kelsen, “The international legal status of Germany to be established immediately upon termination of the war”, *American Journal of International Law*, pp. 689-694.

partye erken word. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die reg geen tussen-in-fase tussen oorlog en vrede erken nie. Dit is daarom óf oorlog óf vrede.[98]

Hierdie status is in effek geskep deur die proklamasies hierbo bespreek. Die oorgawe op 30 Julie 1900 het twee maande na die verowerings-proklamasie van die OVS geskied. Die krygslui daarin betrokke het die oorlog na die proklamering van die gebied tot Britse gebied, voortgesit. Hulle het ook nie hulle oorlogspoging gestaak nie, en was daarom rebelle kragtens die bepalings van Proklamasie XV van 1900. Voorts bestaan daar geen aanduiding dat die OVS as staat of die opperbevelvoerder die gebrekkige regsposisie, soos vergestalt in die proklamasie, weerspreek het nie. Die indrukke van die proklamasie is daarom van besondere belang wanneer met die oorgawe van 30 Julie 1900 gehandel word.

10. Gevolgtrekkings

Die Britse oorlogspoging in die OVS was nie alleen tot militêre aktiwiteite beperk nie, maar dit het ook gepoog om die OVS deur middel van proklamasies te verower. Hoewel die proklamasies as juridies gebrekkig bestempel kan word, is dit duidelik dat die proklamasies veral in die hart van die OVS oorlogspoging, naamlik die OVS krygsmag, ingeboor het. Indien die proklamasies en gepaardgaande veroweringsaansprake onbeantwoord gelaat sou word, sou die OVS oorlogspoging deur sy eie krygsmag versaak word. Die gevolg sou wees dat die oorlog moontlik sonder die sluiting van 'n formele vredesooreenkoms beëindig kon word.

Die OVS het gepas op die Britse proklamasies en proklameringsaansprake geantwoord. Voorts het die OVS die oorlogspoging kragdadig voortgesit. Dit het die illusie van 'n staat, wat tot 'n hopelose bestaansoorlog verdoem was, duidelik weerspreek. Dit is egter duidelik dat die OVS staat en krygsmag tot en met die begin van Julie 1900 gedwing was om na die oostelike gedeeltes van die staat uit te wyk. Hierdie konsentrasie het niks goed vir die voortgesette OVS oorlogspoging voorspel nie, deurdat dit maklik vir die Britse magte sou wees om die OVS krygsmag daar te teiken en te vernietig. Die OVS oorlogspoging is van 'n gedeelte van sy lewensbloed, naamlik sy krygspligtiges, wat hulle in besette gebiede bevind het, afgesny. Trouens,

[98] Oppenheim, 2, p. 324; Hall, pp. 564-565; Black, p. 249; J.A. Cohan, “Legal war: When does it exist, and when does it end?”, *Hastings International & Comparative Law Review* 27, 2003-2004, pp. 259, 306-307, 314; Martins, pp. 141,142.

die gevaar teen die einde van Junie 1900 was groot dat sou die Britse magte die posisie in die OVS konsolideer, die besette gebiede nie weer vir die OVS krygsmag toeganklik sou wees nie.

Indien die OVS regering sy staatkundige voortbestaan wou verseker, was dit van kardinale belang om 'n nuwe krygstrategie daar te stel, wat onder andere voorsiening sou maak vir die binnedring van die besette gebiede en krygspligtiges daar tot krygsdiens op te roep. Hierdie punt stel ook die basis van die bespreking vir die beoordeling van die krygstrategie in hoofstuk 5 daar.

Indien daar egter besluit sou word om die oostelike gedeeltes van die OVS te konsentreer, was dit slegs 'n kwessie van tyd voordat die Britse magte daarin sou slaag om die OVS oorlogspoging te beëindig . Laasgenoemde word benadruk deur J.C. Smuts, 'n latere assistent-kommandant-generaal van die ZAR: “The Free State had committed the same blunder, with the result that De Wet and other Free State officers were fighting with more or less 8,000 men in the Heilbron-Bethlehem districts while all the southern and western districts of the Free State were in undisturbed occupations of the enemy, and the great majority of the burghers of those districts surrendered at leisure and were living quietly on their farms as if no war existed any more. The concentration of the war into such a small area gave the enemy, with his enormous preponderance of forces, a great opportunity of surrounding and crushing the remaining commandos; and as a matter of fact before the end of July half of the Free State forces had surrendered under Prinsloo and with the other half De Wet was being chased into the Transvaal.”[99]

Voorts word in hoofstukke 10 en 11 aangetoon dat die proklamasies, soos in hierdie hoofstuk bespreek, 'n daadwerklike faktor in die onderhandelinge rondom die oorgawe van 30 Julie 1900 geword het. In dié hoofstukke word gesien dat Prinsloo deur sy verteenwoordiger gepoog het om verlof vir sy burgers te verkry om na afloop van die oorgawe na hulle huise terug te keer. Die gedagte van rebelle, wie se eiendom vatbaar vir konfiskering was, was ook in die gemoedere van talle aanwesig. Ten opsigte van laasgenoemde punt word gesien dat Prinsloo in sy onderhandelinge met die Britse magte gepoog het om te verseker dat daar nie op die eiendom van sy burgers deur die Britse magte beslag gelê word nie. Die verkeerde keuse met

[99] W.L. Hancock and J. van der Poel (reds.), *Selections from the Smuts papers*, p. 568.

betrekking tot die krygstrategie, gesien teen die agtergrond van die Britse proklamasie, kan daarom as 'n belangrike onderliggende faktor tot die oorgawe gelys word.

Hoofstuk 4

Die wankelende staatsgesag

"Toen Generaal Prinsloo zich overgaf, en Harrismith en Vrede in besit van den vijand kwamen, toen den Volksraad niet langer bestond, en de eenigste twee leden van den Uitvoerenden Raad die nog met den President waren geweest, bedanken en zich aan de Engelschen overgaven, zoodat er niet langer eene wettige Regeering kon bestaan, heb ik geweet dat de oorlog ten einde zoude komen."[1]

1. Inleiding

Die verowering van 'n staat is nie alleen 'n militêre poging waarin een staat die grondgebied van die ander staat inval en probeer beset nie. Dit moet gepaard gaan met 'n beëindiging van staatsgesag of dan voorkoming dat sodanige staatsgesag effektief uitgeoefen kan word (onderwerping). In die vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat die Britse oorlogspoging tot en met Junie 1900 nie daarin geslaag het om die geheel van die Oranje-Vrystaat (OVS) te verower nie, en dat die proklamering van die OVS tot Britse grondgebied daarom ooreenkomstig die bepalings van die volkereg gebrekkig was. Laasgenoemde hoofstuk het voorts daarop gewys dat die Britse oorlogspoging wel daarin geslaag het om die operasionele oorlogsgebied in die OVS aansienlik te verklein. Die inkrimping van die oorlogsgebied het beteken dat OVS staatsgesag tot die operasionele gebied van sy eie krygsmag beperk was.

Dié hoofstuk beskryf die effek en invloed van die Britse oorlogspoging op die staatkundige entiteit tot en met Julie 1900. Ter aanvang is dit nodig om staatsgesag, soos deur die OVS staatkundige entiteit uitgeoefen, te omskryf. Die uitvoerende gesag het in die staatspresident, M.T. Steyn, gesetel. Die staatspresident is op sy beurt deur 'n uitvoerende raad bygestaan, wat meerendeels as 'n adviesliggaam opgetree het. Die staatspresident het as beide opperbevelhebber en

[1] Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), 1679/6: P.D. de Wet — C.R. de Wet, 11.1.1901 (brief).

opperbevelvoerder van die OVS krygsmag gefunksioneer. In hierdie hoedanigheid is hy deur 'n krygskommissie bygestaan.[2]

Die wetgewende gesag het in die Volksraad gesetel. Die Volksraad het, met betrekking tot oorlogvoering, hul wetgewende bevoegdheid aan die staatspresident gedelegeer.[3] Die regterlike mag was in die howe gesetel. Landdroste het 'n belangrike rol in die administrasie van die krygstelsel gespeel. Hoewel uitvoerend van aard, was die funksies van landdroste met betrekking tot die administrasie van die krygstelsel van kardinale belang vir enige voortsetting van die oorlog.

Die uitvoerende gesag word eerstens hieronder behandel. Die verlies van die setel van die uitvoerende gesag was die eerste staatkundige slagoffer van die Britse oorlogspoging. Dit het die OVS staatspresident genoop om 'n nuwe setel tot tydelike setel van die staat te verklaar. Hierdie setel, en daaropvolgende nuwe geproklameerde setels, is mettertyd ook deur die Britse magte beset. Veldmaarskalk lord Roberts, die Britse opperbevelvoerder van die Britse magte in Suid-Afrika, het die besetting van regeringsetels met die verowering van 'n gebied gelyk gestel.[4] Hieronder word egter gesien dat die OVS sy oorlogspoging nie gebonde aan 'n regeringsetel gestel het nie. Trouens, daar sal gesien word dat die OVS later 'n setel-te-velde gehad het.

Anders as in die geval van die verlies van regeringsetels het die Britse oorlogspoging wel daarin geslaag om die uitvoerende gesag, met betrekking tot die vorm van die uitvoerende raad, aan te tas. Die lede van die uitvoerende raad was nie by magte om die eise van 'n verskuiwende regeringsetel vol te hou nie, en het met tyd hulle ampte neergelê. Dit was ook die posisie met betrekking tot sleutelposte van die staat.

Vir doeleindes van die oorlog het die Volksraad geen belangrike rol gespeel nie, aangesien hy reeds voor die uitbreek van die oorlog sy wetgewende bevoegdheid aan die staatspresident gedelegeer het. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die staatspresident alleen met die instemming van die Volksraad vrede kon sluit.[5]

---

2 Sien onderafdeling 2.3, *infra*. Sien ook onderafdeling 3.2, hoofstuk 2, *supra*. Vir die onderskeid tussen opperbevelhebber en opperbevelvoerder, sien begrippe, pp. xiii-xiv, *supra*.

3 Sien onderafdeling 3.3, hoofstuk 2, *supra*.

4 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*. Sien ook A. Wessels, “Lord Roberts en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): 'n kritiese evaluering van sy opperbevelhebberskap na verloop van 'n honderd jaar”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), 2002, pp. 58-59.

5 Artikel 38 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*.

Ten opsigte van hierdie bevoegdheid sou die Volksraad, en spesifiek sy lede, 'n belangrike rol vervul indien besluit sou word om die oorlog op 'n grondwetlike wyse te beëindig . Om hierdie rede word met die Volksraadslede en hulle handelswyse gedurende die verloop van die oorlog gehandel.

Waar distrikte deur die Britse magte beset is, het die landdroste daar ook opgehou om hulle funksies op gesag van die OVS te verrig. In hierdie hoofstuk word daarom ook verwys na die regterlike gesag, om die invloed van die Britse oorlogspoging daarop vas te stel.

Dit is ook duidelik dat verowering nie alleen vereis dat 'n staat, deur middel van oorlog, die gesag van 'n ander staat moet vernietig nie, maar ook dat 'n eie staatsgesag in 'n verowerde gebied gevestig moet word (onderwerping en proklamering). Om hierdie rede behandel die hoofstuk kortliks die vestiging van Britse staatsgesag ten aanvang van die oorlog binne die OVS. Hoewel juridies gebrekkig, het die Britse magte, na afloop van die proklamering van die OVS, die Orange River Colony (ORC) daargestel en ook binne die entiteit staatsgesag uitgeoefen.[6] Ten slotte word ook die mislukte vredesaanbod bespreek, asook pogings binne die opperbevel van die OVS krygsmag om aan die oorlog te onttrek.

Aan die begin van die hoofstuk is dit nodig om weer daarop te wys dat die Britse verowering van die OVS in Februarie 1900 met die besetting van gedeeltes van die OVS 'n aanvang geneem het, en dat die poging op 30 Julie 1900 moontlik tot einde gevoer is deur die besetting van die OVS in geheel en die opskorting van die OVS staatsgesag (onderwerping).

2. OVS uitvoerende gesag

2.1 Staatspresident

'n Verkose staatspresident het aan die hoof van die uitvoerende gesag, wat in Bloemfontein gesetel was, gestaan. Die uitvoerende raad was 'n adviesliggaam vir die staatspresident. Die uitvoerende gesag het op sy beurt uit die uitvoerende raad en die staatsdepartemente bestaan. Die staatspresident, as hoof van die uitvoerende gesag, se pligte en bevoegdhede is deur wetgewing bepaal. Vir die doel

[6] Sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.

van hierdie bespreking word alleen die bevoegdheid van die staatspresident, om 'n regering saam te stel, bespreek. Hierdie bevoegdheid is veral belangrik omdat die Britse proklamasies en oorlogspoging juis daarop gemik was om die OVS regering te vernietig. Die grondwet het bepaal dat die staatspresident die mag gehad het om alle vakante poste in die staatsdiens te vul, onderworpe aan die bekragtiging daarvan deur die Volksraad. Gedurende die oorlog was dit vir die staatspresident van tyd tot tyd nodig om hierdie bevoegdheid te gebruik om sodoende te verseker dat die regering en sy werksaamhede nie deur talle bedankings tot 'n einde gebring word nie.[7] Die uitoefening van hierdie bevoegdheid blyk meer duidelik uit die bespreking onder onderafdeling 2.3.

2.2 Regeringsetel

Dit is insiggewend dat die staatspresident en uitvoerende raad reeds op 24 Februarie 1900, enkele weke vóór die Britse besetting van Bloemfontein, en selfs nog voordat generaal P.A. Cronjé te Paardeberg oorgegee het, besluit het om die setel van die regering na Kroonstad te verplaas. Op 9 Maart 1900 het die staatspresident en uitvoerende raad voorts besluit dat die uitvoerende raad en sekretaris, die tesourier-generaal en klerke, die staatsprokureur, regters, die kommissariaat en krygskommissie, sowel as die staatspresident, na Kroonstad moet verskuif. Die staatspresident en uitvoerende raad het verder opdrag gegee dat die volle salarisse vir Maart, en helfte van die salarisse vir April en Mei 1900, aan alle ander amptenare wat in Bloemfontein agtergebly het, betaal moes word. Op 12 Maart 1900 word Kroonstad tot setel van die regering geproklameer.[8]

Wat die setel van die regering betref is dit belangrik om op 'n gesprek te wys wat tussen die staatspresident, lede van die Bloemfontein munisipaliteit en J.G. Fraser, 'n Volksraadslid, enkele dae voor die besetting van dié stad, plaasgevind het. In die gesprek het die staatspresident soos volg aan Fraser gevra: “[G]ij weet wat het beteken als de hoofdstad genomen wordt.” Hierop het Fraser soos volg geantwoord: “Ja, ik weet wat dat betekent: het is ophouden der Regering.”[9] Die verskuiwing van die setel van die regering na Kroonstad, soos reeds op 24 Februarie en 9 Maart

---

7 Artikels 28, 31 en 35 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat.*

8 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), uitvoerende raad (UR) 17: Vergadering van den uitvoerende raad op Zaterdag den 24sten Februari 1900 en Vergadering van den uitvoerende raad op Vrydag den 9den Maart 1900, pp. 165, 101-102, 126. Sien verder *Buitengewone Gouvernements Courant*, 12.3.1900.

9 N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n lewensbeskrywing* 2, p. 10: *Memorandum van onderhoud* op 10.3.1900. Sien ook J.G. Fraser, *Episodes in my life*, p. 266.

1900 besluit, was in alle waarskynlikheid om hierdie rede geneem om sodoende te verseker dat die staatsdiens en staatsadministrasie in geheel nie met die besetting van Bloemfontein in die hande van die Britse magte sou val nie. Die staatspresident en lede van sy regering het op 12 Maart 1900 Bloemfontein verlaat en kort daarna na Kroonstad gegaan.[10] In 'n proklamasie van 19 Maart 1900 het die staatspresident duidelik benadruk dat die OVS oorlogspoging nie aan die setel van die OVS gekoppel was nie.[11] Die Volksraadsitting in April 1900 het voorts aan die staatspresident die bevoegdheid verleen om, waar nodig, nuwe regeringsetels te proklameer.[12] Tot en met Julie 1900 is die staatspresident genoop om die setel van die regering, as gevolg van die Britse besetting van sodanige setels, telkemale te verskuif. Hierna het die staatspresident besluit om 'n regeringsetel-te-velde te verklaar.[13]

2.3 Uitvoerende raad en staatsdiens

Die uitvoerende raad se vernaamste funksie was om die staatspresident van raad en bystand te bedien. Geen verdere beskrywing van bystand kon gevind word nie. Dit wil daarom voorkom of die uitvoerende raad as 'n adviesliggaam van die staatspresident opgetree het. Die lidmaatskap van die uitvoerende raad het bestaan uit die staatspresident, die goewermentsekretaris, die landdros van Bloemfontein en drie verkose lede. Laasgenoemde drie lede is deur die Volksraad aangewys. Voorts het artikel 5 van die Grondwet bepaal dat die oudste van dié drie nie-amptelike lede, in April van elke jaar moes uittree. Die uittredende lid was egter herkiesbaar. Die staatspresident het ook die mag gehad om met die bedanking of afsterwe van 'n nie-

---

10 Hierdie persone was, volgens Van der Merwe: T.P. Brain, W.J.C. Brebner (*inspecteur van kassen* of staatsouditeur), A.B. Roberts (sekretaris van die krygskommissie), W.K. Poultney, G. Fraser (privaatsekretaris van die staatspresident), J.B.M. Hertzog (regter van die hooggeregshof en militêre regsadviseur), A.W. McHardy ('n latere sekretaris van die krygskommissie) en R. de Villiers (die sekretaris van die uitvoerende raad). Van der Merwe, 2, pp. 11-12, 23. Sien ook M.C.E. van Schoor (red.), "'Dagboek' van Rocco de Villiers en bylaes, 3", *Christiaan de Wet-annale* 3, 1975, p. 7; C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3, p. 103.

11 "Broeders, hoewel de hoofstad in bezit is van den vijand, is de strijd niet verloren, integendeel, te meer reden om harder te strijden. Onze Macht is niet afhankelijk van eenige stad." Proklamasie van 19 Maart 1900.

12 The National Archives (TNA), War Office (WO), 32/8092: "Translation of the minutes of the proceedings of the honrle [sic] Volksraad in the general sitting commencing on Monday, 2nd April, 1900, at 10 A.M." Na die besetting van Kroonstad is Lindley tot tydelike setel van die regering verklaar. Lindley word kort hierna op 18 Mei 1900 deur die Britse magte beset maar kort daarna verlaat. Proklamasie van 10.5.1900 gepubliseer in die *Gouvernements-courant van den Oranje Vrijstaat*, 11.5.1900.

13 F. Rompel, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 94.

amptelike lid van die uitvoerende raad, 'n ander persoon aan te wys, met die latere bekragtiging van die Volksraad.[14]

Die voortgesette OVS oorlogspoging het veral met verwysing na die proklamering van nuwe regeringsetels bepaalde eise aan die staatspresident, sy uitvoerende raad en senior amptenare verbonde aan die regering gestel. Rompel verwys na talle persone, verbonde aan die uitvoerende gesag, wat nie die oorlogseise van 'n vlugtende regering kon volhou nie en om hierdie rede uit hulle ampte bedank het. Volgens Rompel het persone ook aan die staatspresident verklaar dat die voortsetting van die oorlog geen doel gedien het nie.[15]

Van der Merwe verwys na 'n gesprek, wat na afloop van die geveg te Bethlehem (7 Julie 1900) tussen die staatspresident en persone verbonde aan sy regering plaasgevind het. In hierdie gesprek het die staatspresident, volgens Van der Merwe, die haglike toestande in die land toegelig. Van der Merwe verklaar voorts dat die staatspresident aangedui het dat die siviele werksaamhede van die regering tot 'n einde gekom het, aangesien daar geen verdere setel van die regering geproklameer sou word nie. In hierdie gesprek het die staatspresident aan individue verbonde aan sy regering die geleentheid gebied om hulle ampte vrywillig neer te lê, sou hulle dit wou doen. Volgens Van der Merwe het die persone daar teenwoordig almal aangedui dat hulle in hul ampte wou aanbly.[16]

Van der Merwe is die enigste bron wat na 'n vergadering van hierdie aard verwys. Dit is daarom nie moontlik om te bepaal wie in die vergadering teenwoordig was nie. Die enigste aanduiding van 'n datum van die vergadering is die feit dat dit ná 7 Julie 1900 plaasgevind het.[17] Ten opsigte van die vergadering is dit verder belangrik dat

---

14 Artikel 42 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*; Artikels 1 en 6 van Hoofstuk XXV van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* (1892). Die uitvoerende raad was, met die uitbreek van die oorlog, soos volg saamgestel: Die staatspresident (M.T. Steyn), die goewermentsekretaris (P.J. Blignaut), die landdros van Bloemfontein (H.F.D. Papenfus), A. Fischer, G.J. van Tonder en G.D. Palmer (verkose lede deur die Volksraad). (VAB: UR 17.) In Maart 1900 het die uitvoerende raad twee van sy verkose lede verloor. Die eerste was Fischer wat die deputasie van die twee republieke gelei het om die saak van dié twee state voor die internasionale moondhede te gaan stel. B.J.S. Wessels is tydelik in die plek van Fischer tot die uitvoerende raad aangewys. (TNA, WO, 32/8092: "Translation of the minutes of the proceedings of the honrle [sic] Volksraad in the general sitting commencing on Monday, 2nd April, 1900, at 10 A.M."; VAB, UR 17: "Vergadering van den Uitvoerenden Raad op Vrijdag, den 16den Maart 1900, te Kroonstad", p. 173). Die tweede lid was Papenfus, die landdros van Bloemfontein. Papenfus het in dié stad agtergebly na afloop van die vertrek van die regering. Fraser, pp. 270 - 272; L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 3, p. 590; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 5, p. 113.

15 Rompel, pp. 94-95.

16 Van der Merwe, 2, p. 17.

17 Hierbo is reeds vermeld dat die vergadering na afloop van die gevegte te Bethlehem, en dus na 7.7.1900,

talle bronne die onverdrote lojaliteit, soos deur Van der Merwe uitgewys, weerspreek. So verklaar Lombard in sy herinneringe dat hy op 10 Julie 1900 saam met persone verbonde aan die regering na Fouriesburg getrek het. Volgens Lombard is regeringspersoneel op Vrede afgedank. Lombard gaan voort en verklaar dat 30 regeringslede nie die trek na Fouriesburg meegemaak het nie.[18] 'n Telegram van 9 Julie 1900, van die Britse opperbevelvoerder aan die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris, dui verder daarop dat Van der Merwe verkeerd is. Volgens dié telegram het die goewermentsekretaris (P.J. Blignaut), die staatsprokureur (J.G. Dickson) en 'n lid van die uitvoerende raad (G.D. van Tonder) hulle op 8 Julie 1900 aan die Britse magte te Heilbron oorgegee. J.A.J. de Villiers dui in sy herinneringe aan dat Van Tonder reeds op 25 Junie 1900, en Dickson en Blignaut kort na afloop van die geveg te Bethlehem (7 Julie 1900), hulle ampte ontruim het. Die herinneringe van De Villiers en die telegram van die Britse opperbevelvoerder stem daarom ten opsigte van die bedanking van Blignaut en Dickson ooreen. Volgens De Villiers het Dickson en Blignaut hulle ampte ontruim as gevolg van hulle hoë ouderdomme en gepaardgaande onvermoë om in 'n regering-te-velde te dien. Daarenteen verklaar die telegram van die Britse opperbevelvoerder soos volg: “They [Blignaut, Dickson, Van Tonder en Luijt] state that an influential deputation of leading officials was to wait on Steyn to urge surrender, and they are hopeful of this succeeding.”[19]

Dit wil voorkom of die meerderheid van regeringsamptenare en lede van die uitvoerende raad tot en met die geveg te Bethlehem in hulle ampte aangebly het. Die verlies van Bethlehem, gepaardgaande met die verlies van 'n vaste regeringsetel, sou egter lede van die uitvoerende raad en ander regeringsamptenare noop om te bedank. Laasgenoemde sou die staatspresident op sy beurt noodsaak om 'n aantal

---

plaasgevind het. Laasgenoemde datum is die datum waarop Bethlehem deur die Britse magte beset is. In hoofstukke 5 en 7 word gesien dat die staatspresident en lede van sy regering tot en met die aand van 15.7.1900 in die omgewing van Fouriesburg teenwoordig was.

18 P.S. Lombard, *Uit die dagboek van 'n wildeboer*, p. 60. Hierdie amptenare, volgens Lombard, het veggeneraal A.P. Cronjé (lid van die uitvoerende raad), J.B. Wessels (lid van die krygskommissie), J.W.C. Brebner en T.P. Brain ingesluit. Brebner sou kort hierna as waarnemende tesourier-generaal en Brain as waarnemende goewermentsekretaris aangestel word.

19 *Telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, 19 June 1900 – 7 August 1900* 3, p. 50: F.S. Roberts — A.Milner, 9.7.1900 (afskrif van telegram); TNA, WO 105/33: F.S. Roberts — lord Lansdowne, 9.7.1900 (telegram). Sien ook M.C.E. van Schoor (red.), “The diaries and recollection of Jacob Abraham Jeremias de Villiers”, *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 36; Rompel, p. 98. Volledigheidshalwe moet hier vermeld word dat daar na afloop van die oorgawe 'n onderskeid tussen Blignaut, Dickson en Van Tonder getref is. Blignaut is toegelaat om op parool na Bloemfontein terug te keer. Dickson en Van Tonder is egter na Natal gestuur waar die goeweneur moes besluit of hulle in Pietermaritzburg of Durban aangehou sou word. *Telegrams and letters* 3, p. 52: F.S. Roberts — O.C. Heilbron, 9.7.1900 (telegram).

waarnemende aanstellings te maak ten einde sodanige leemtes te vul. Hierdie regering sou met die vertrek van die staatspresident, gedurende die nag van 15 Julie 1900 vanuit die Brandwaterkom, soos volg daar uitsien: T.P. Brain (waarnemende goewermentsekretaris);[20] advokaat J.A.J. de Villiers (waarnemende staatsprokureur);[21] J.W.C. Brebner (waarnemende tesourier-generaal);[22] en R.V. Acton (waarnemende posmeester-generaal).[23] Volgens De Villiers was hy (De Villiers) en Brain ook lede van die uitvoerende raad.[24] Veggeneraal A.P. Cronjé was ook 'n lid van die uitvoerende raad wat in dié hoedanigheid in Maart 1900 te Kroonstad aangewys is. Verder het Cronjé op die krygskommissie gedien. R. de Villiers was die sekretaris van die uitvoerende raad.[25] Veggeneraal J.B. Wessels was 'n lid, en A.W. McHardy die sekretaris, van die krygskommissie.[26]

3. Volksraad

Die Volksraad was die hoogste wetgewende gesag in die OVS. Die Grondwet het ook bepaal dat die Volksraad vir landbestuur en finansies verantwoordelik was. Ten einde die werksaamhede te verrig, soos deur die Grondwet bepaal, het die Volksraad op die eerste Maandag van Mei van elke jaar in Bloemfontein, die setel van die regering, byeengekom.[27] In die inleiding hierbo is reeds daarop gewys dat die Volksraad in sy laaste sitting van 1899 sy wetgewende bevoegdheid, onderworpe aan bepaalde vereistes, aan die staatspresident gedelegeer het.

Dit is gevolglik nie hier nodig om die samestelling van die Volksraad volledig te behandel nie. Dit is wel belangrik om daarop te let dat artikel 9 van die Grondwet bepaal het dat Volksraadslede vir vier jaar verkies is. Volgens artikel 9 het die helfte

---

20 Brain het Blignaut as goewermentsekretaris opgevolg. Hintrager maak reeds op 18.6.1900 melding van Brain as waarnemende goewermentsekretaris. Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", pp. 36-37; J.J. Oberholster (red.), "Dagboek van Oskar Hintrager: Saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900", *Christiaan de Wet-annale* 2, 1973, p. 37.

21 De Villiers het Dickson opgevolg. Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", pp. 36-37.

22 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 37; Van Schoor (red.), "Rocco de Villiers", p. 20; Oberholster (red.), p. 90.

23 Acton is op 16.3.1900 tydelik in dié pos aangestel nadat die posmeester-generaal in Bloemfontein agtergebly het. (VAB, UR 17, "Vergadering van den Uitvoerenden Raad op Vrijdag, den 16den Maart 1900, te Kroonstad", p. 171; Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 37.) Aan die hand van Hintrager wil dit voorkom of Acton voor die oorlog die posmeester van Frankfort was. Oberholster (red.), p. 86.

24 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 37.

25 Van der Merwe, 2, p. 23.

26 McHardy het in alle waarskynlikheid vir A.B. Roberts as sekretaris van die krygskommissie opgevolg. Van Schoor (red.), "Rocco de Villiers", p. 29.

27 Artikels 5 en 13 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat.*

van die Volksraadslede elke twee jaar uitgetree. Die Volksraadslede wat uitgetree het, is deur die lot bepaal. Dit het in effek beteken dat die OVS elke twee jaar 'n Volksraadsverkiesing gehou het. Hierdie vereiste sou weens die oorlog nie nagekom kon word nie.[28]

Laastens is dit belangrik om daarop te let dat die Grondwet uitdruklik bepaal het dat die staatspresident, met toestemming van die Volksraad, oorlog kon verklaar, of vrede kon sluit.[29] Die Grondwet het in hierdie opsig erkenning aan die volkswil, soos deur die Volksraad verteenwoordig, gegee om oorlog te verklaar en vrede te sluit. Die onttrekking van 'n aantal Volksraadslede van die OVS vanweë die oorlogspoging is daarom aanduidend dat die volkswil, ten opsigte van die voortgesette oorlog, ook verander het. Hieronder word hierdie punt meer volledig behandel.

Die delegering van die wetgewende bevoegdheid van die Volksraad beteken noodwendig dat die liggaam gedurende die oorlog 'n relatief onbelangrike rol vervul het. Dit het die Volksraad as teiken van die Britse vernietiging, of ondiensbaarmaking van OVS staatsorgane, daarom bykans irrelevant gemaak. Verder het drie lede van die Volksraad as hoofkommandante, en vier Volksraadslede in die krygskommissie diens gedoen. Die delegering van die bevoegdheid aan die staatspresident bevestig voorts die belang wat die Britse magte later aan die gevangesetting van die staatspresident, as laaste en enigste verteenwoordiger van die OVS as staatkundige entiteit, geheg het.

Dit is wel beduidend dat talle Volksraadslede die OVS oorlogspoging versaak het. Hierdie versaking word meer volledig aan die hand van Aanhangsel B toegelig, wat met die sienswyse van Volksraadslede gedurende die oorlog handel. Die sienswyses, met betrekking tot die voortgesette oorlogspoging, is veral belangrik deurdat die Volksraadslede die wil van die volk verteenwoordig het. 'n Beduidende onttrekking van die oorlogspoging het noodwendig ook daarop gedui dat die volk nie meer die oorlogspoging onderskryf het nie.

---

28 Volledigheidshalwe word die bewoording van artikel 9 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat* hier vermeld: “De Leden van den Volksraad worden voor vier achtereenvolgende jaren gekozen en zijn bij hunne aftreding wederverkiesbaar. De helft zal om de twee jaren aftreden, en de eerste helft bij het lot geregeld worden.” So 'n verkiesing het aan die begin van 1899 plaasgevind. (Sien *Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad in zijne gewone jaarlijksche zitting aanvangende Dinsdag, den 4den April, 1899*, pp. 3-14.) Dit beteken dat daar in 1901 weer 'n verkiesing gehou moes word. Die oorlogsomstandighede in 1901 het egter die hou van so 'n verkiesing onmoontlik gemaak. Laasgenoemde datum val buite die bestek van die studie en word alleen vermeld omdat die oorlogsomstandighede in die OVS die normale werksaamhede van die OVS regering toenemend onmoontlik gemaak het.

29 Sien artikel 38 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat.*

Voordat Aanhangsel B bespreek word, is dit nodig om enkele voorbeelde te beskryf waar Volksraadslede duidelik hul steun aan die beëindiging van die OVS oorlogspoging toegesê het. Die herinneringe van veldkornet A.S. Thring bied getuienis dat 'n Volksraadslid in Mei 1900 die kommando's van hoofkommandant C.R. de Wet besoek het en, volgens Thring, verklaar het dat hy (die Volksraadslid) die eed van onthouding aan die verdere oorlogspoging geneem het. Volgens Thring is die Volksraadslid deur De Wet gearresteer en na Kroonstad gestuur.[30] Ongelukkig vermeld Thring nie die naam van die betrokke persoon nie. Rompel verwys ook na Volksraadslede wat in hierdie stadium die staatspresident begin verwyt het dat die voortsetting van die oorlog alleen tot die vernietiging van die land aanleiding gegee het, en geen doel meer gedien het nie.[31]

Twee Volksraadslede, naamlik P.M. Botha en P. McDonald, het voorts op 18 Mei 1900 'n skrywe aan J.G. Luyt, die voorsitter van die Volksraad gerig, waarin hulle hul steun vir die beëindiging van die oorlog aangedui het. Dié twee Volksraadslede skryf onder andere dat groot gedeeltes van die OVS reeds verower is en dat burgers en offisiere oorlogsmoeg was. Botha en McDonald het voorts 'n beroep op die voorsitter van die Volksraad gedoen om die Volksraad byeen te roep om sodoende verdere ellende en bloedvergieting te voorkom.[32]

Aan die hand van Aanhangsel B blyk dit dat 34 van die 60 Volksraadslede nie die April 1900 sitting bygewoon het nie. I.S. Ferreira, die Volksraadslid vir Korannaberg, en een van die afwesige Volksraadslede, het op 19 Februarie 1900 in die rang van hoofkommandant van die wesfront gesterf. Dit mag wees dat A.P Cronjé, die Volksraadslid vir Zandrivier, Winburg, nie die verrigtinge bygewoon het nie as gevolg van sy eie betrokkenheid as lid van die OVS krygsmag. P.F. van der Merwe, die Volksraadslid vir Vanzijlspruit, is op 27 Februarie 1900 krygsgevange geneem, wat sy afwesigheid verklaar. C.H. Wessels se verskoning was sy lidmaatskap van die Europese afvaardiging. Dit is verder opmerklik dat Volksraadslede uit besette gebiede soos Bloemfontein, Boshof, Fauresmith, Jacobsdal en Philippolis almal afwesig was.

---

30 M.C.E. van Schoor (red.), "Seven months of commando by Alfred Lester Thring", ongepubliseerde *Christiaan de Wet-annale*, hoofstuk 20 [met dank aan me. E. Wessels van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, wat die manuskrip tot my beskikking gestel het].

31 Rompel, p. 95.

32 National Army Museum (NAM): 7101/23/178: P.M. Botha en P. McDonald — J.G. Luyt, 18.5.1900 (brief).

Aanhangsel B dui ook daarop dat tot soveel as sewentien Volksraadslede gedurende die verdere verloop van die oorlog hulle steun aan die OVS oorlogspoging onttrek het. Laastens blyk dit ook dat ses Volksraadslede gedurende die verloop van die oorlog krysgevange geneem is. Die afwesigheid van die groot aantal Volksraadslede in April 1900 dui daarop dat die Volksraad, wat as hoogste wetgewende gesag en liggaam mede-verantwoordelik vir die sluit van vrede was, reeds in April 1900 vanweë die Britse oorlogspoging nie meer doeltreffend kon funksioneer nie.

4. Howe

4.1 Landdroste en landdroshowe

Dit is duidelik dat die Britse proklamasies gepoog het om die burgers en krygspligtiges aan te moedig om van die OVS oorlogspoging te onttrek. Wat die toepassing van militêre wetgewing betref, het veral landdroste 'n sleutelrol gespeel omdat opdragte van die staatspresident, met betrekking tot krygsdiens en oproep-instruksies, deur landdroste gekommunikeer is. Vervolging vir die versuim om krygsdiens te verrig, het ook plaasgevind in die landdroshof van die distrik waar die deserteur, wat geweier het om krygsdiens te verrig, woonagtig of krygspligtig was.[33] Die besetting van OVS distrikte deur die Britse magte het direk hierdie funksie van die landdros beïnvloed omdat landdroste nie langer gebruik kon word om burgers tot krygsdiens op te roep nie, en ook nie om burgers te vervolg wat sonder toestemming hul onderskeie kommando's verlaat het nie. In werklikheid kon deserteurs daarom onder die beskerming van die Britse besetting van die gebied voortgegaan het om hul krygsdiensverpligtinge te ontduik.

'n Voortgesette oorlogspoging was direk afhanklik van burgers wat die krygsmag uitgemaak het. Die operasionele inperking van staatsgesag het niks goeds vir die voortgesette oorlogspoging voorspel nie. 'n Voortgesette oorlogspoging moes daarom aandag gee aan die vervanging van die administratiewe krygsfunksie, wat landdroste verrig het. Enige sodanige poging het egter toegang tot besette gebiede vereis om die nakoming van bevele te verseker. Een so 'n poging om krygspligtiges

[33] Sien artikels 3 en 36 (Wet 10/1899).

te kommandeer, sonder tussenkoms van landdroste, is 'n proklamasie gedateer 25 Mei 1900. In dié proklamasie het die staatspresident alle krygspligtiges binne die OVS beveel om onmiddellik by hulle kommando's aan te sluit. Die proklamasie het verder beveel dat enige burger of beampte geregtig was om krygspligtiges, wat nie gehoor aan die proklamasie gee nie, te arresteer en na die militêre geregshof te bring. Die gebruik van burgers vir die afdwinging van krygsverpligtinge is 'n verdere aanduiding dat die administratiewe funksionering van die OVS krygstelsel teen die einde van Mei 1900, deur die Britse oorlogspoging lamgelê is. Dit is voorts interessant dat dié proklamasie voorsiening gemaak het vir burgers en amptenare om op die perde van persone, wat versuim het om vir krygsdiens aan te meld, beslag te lê.[34]

4.2 Militêre howe

Die beregting van pligsversuim om krygsdiens te verrig, soos ook desersie, het kragtens die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet*[35] binne die jurisdiksie van die landdroshof berus. Daarenteen was 'n krygsraad se jurisdiksie beperk tot die hantering van sake wat verband hou met krygstug en ook ernstige misdade soos bepaal deur die *Krijgs- en Commandowet*.[36] Artikel 64 van die wet het wel na "kommando-overtreding" verwys en bepaal dat 'n krygsraad jurisdiksie gehad het om sodanige oortredings te verhoor. Die wet laat egter na om te omskryf wat presies met kommando-oortredings bedoel word. Daarenteen bepaal die wet uitdruklik dat pligsversuim en desersie deur 'n landdroshof bereg moes word. Pligsversuim om krygsdiens te verrig, sowel as desersie, het daarom nie binne die jurisdiksie van die krygsraad geval nie, maar wel binne die jurisdiksie van die landdroshof.

Die gebrekkige jurisdiksie van krygsrade, met betrekking tot pligsversuim om krygsdiens te verrig, is kort voor die oorlog by wyse van die *Wet omtrent het kiezen van Hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs en Kommandowet*[37] tot alle geregshowe uitgebrei. Enige hof, insluitende 'n krygsraad, het dus deur die werking van artikel 5 van die aanvullingswet, jurisdiksie oor die misdaad pligsversuim verkry.

---

34 Soos gepubliseer in 'n *Buitengewone Gouvernements Courant van den Oranje Vrijstaat*, 28.5.1900.

35 Wet 10/1899.

36 Artikel 58 (Wet 10/1899) het die jurisdiksie van krygsrade soos volg beskryf: "[H]oogverraad, opstand of oproer tegen de regeering, verraderlijke verstandhouding met den vijand, of hulpbetooning aan zoodanigen vijand of oproermakers [...]." Sien ook artikels 36 en 51 (Wet 10/1899). Sien ook onderafdeling 4, hoofstuk 2, *supra*.

37 Wet 33/1899.

'n Proklamasie van 25 Mei 1900 het die aangeleentheid weer gewysig deurdat die proklamasie bepaal het dat pligsversuim deur 'n laer militêre geregshof bereg moes word. Hierdie liggaam, en die totstandkoming daarvan, word meer volledig hieronder bespreek. Ten opsigte van die vervolging vir pligsversuim was vervolging in die landdroshof derhalwe nie nodig nie.

Aan die einde van Maart 1900 is besluit om 'n spesiale hof te skep met die doel om "misdaden en overtredingen van eenen militairen aard in verhoor te kunnen nemen, zoowel als andere misdaden en overtredingen" waarvoor voorsiening gemaak is, te kon bereg. Laasgenoemde misdade het desersie en spioenasie ingesluit. Hierdie hof het as die *Speciale Militaire Gerechtshof* bekend gestaan. Die proklamasie verwys na 'n spesiale militêre geregshof, sowel as laer spesiale militêre geregshowe. Die spesiale militêre geregshof het dieselfde strafjurisdiksie as 'n hooggeregshof gehad. Dié hof het ook jurisdiksie oor artikel 58-misdrywe, soos deur die *Krijgs- en Commandowet*[38] bepaal, gehad.[39]

Laer spesiale militêre howe is by elke krygsafdeling ingestel. Hierdie howe het, net soos die spesiale militêre geregshof, uit 'n regsgeleerde, bygestaan deur twee assessore, bestaan. Die laer hof het jurisdiksie oor misdade rakende krygstug, soos omskryf deur artikel 64 van die *Krijgs- en Commandowet*[40] gehad. Laer howe kon ook klagtes van diefstal aanhoor en die proklamasie het voorsiening gemaak dat die staatspresident, by wyse van proklamasie, die jurisdiksie van laer howe kon uitbrei. Die proklamasie het bepaal dat die hof 'n maksimum boete van £10 of drie maande gevangenisstraf kon oplê.

Dit wil dus voorkom of die spesiale militêre hof ten doel gehad het om die funksie van krygsrade te vervang. Twee moontlike redes kan hiervoor aangevoer word. Die eerste is reeds duidelik, naamlik dat die samestelling van krygsrade problematies was. Vir die eerste keer was dit moontlik om 'n permanente hof, bestaande uit drie persone, vir die vervolging van militêre oortredings te gebruik. Krygsoffisiere kon derhalwe hulle aandag op militêre aangeleenthede toespits aangesien hulle aandag nie langer vir militêre tugverhore nodig was nie. Die nuwe hof het 'n meer

38 Wet 10/1899.

39 Proklamasie van 29.3.1900, gepubliseer in die *Gouvernments Courant van den Oranje-Vrijstaat*, 29.3.1900.

40 Wet 10/1899.

allesomvattende jurisdiksie gehad, wat die problematiese beperkinge van die jurisdiksie van krygsrade aangespreek het.[41]

Die afwesigheid van die OVS staatsgesag binne besette gebiede het dit egter onmoontlik gemaak om persone te arresteer en te vervolg. 'n Krygstrategie vir die voortsetting van die oorlog moes daarom toegang tot die besette gebiede verleen om, onder andere, krygspligtiges vir krygsdiens op te roep, en waar sodaniges versuim om aan die instruksies gehoor te gee, ook te vervolg. Die aan- of afwesigheid van 'n hof sou daarom betekenisloos bly indien toegang nie ook tot besette gebiede verkry word nie. Vir dié doel was dit noodsaaklik om in die daarstel van 'n krygstrategie vir die voortsetting van die oorlog ook aandag te gee aan toegang tot besette gebiede. Daarsonder was die oorlog op 7 Julie 1900 alreeds in die woorde van die skrywer Westlake, 'n hopelose bestaansoorlog, wat weinige doel gedien het.[42]

4.3 Hooggeregshof

Die staatspresident het krygswet by wyse van proklamasie op 11 Oktober 1899 afgekondig. In dié proklamasie is siviele sake in alle geregshowe opgeskort. Die hooggeregshof is egter nie gesluit nie, maar het verskeie sittings gedurende die verloop van die oorlog gehad. Strafsake sou daarom kon voortgaan. Laasgenoemde was veral belangrik deurdat sekere misdade kragtens die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet*[43] uitsluitlik binne die jurisdiksie van die landdroshowe berus het.[44]

Die werksaamhede van die hooggeregshof is egter aan bande gelê omdat twee regters, naamlik J.B.M. Hertzog en H.G. Stuart, as juridiese adviseurs van die westelike en suidelike krygsafdelings onderskeidelik, aangestel is. Hierdie rang het net soos dié van veggeneraal nie in OVS militêre wetgewing bestaan nie. Sittings van die rondgaande hooggeregshof is wel vir November en Desember 1899 geskeduleer. Hierdie sittings is egter spoedig as gevolg van ongunstige omstandighede onbepaald uitgestel. Voorts het die staatspresident by wyse van 'n

41 *Ibid*.
42 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.
43 Wet 10/1899.
44 Sien onderafdeling 4.1, *supra*.

proklamasie in November 1899 gelas dat meer ernstige strafregtelike oortredings steeds voor 'n rondgaande geregshof kon plaasvind.[45]

Aan die einde van Februarie 1900 is weer gepoog om sittings van die rondgaande hof by wyse van proklamasies te skeduleer. Vir dié doel is regter Stuart van Colesberg ontbied. Die oorlogsgety was in hierdie stadium reeds besig om teen die republikeinse oorlogspoging te draai. Enkele dae later sou 'n republikeinse afdeling te Paardeberg tot oorgawe gedwing word en is die OVS regeringsetel beset. Die hoofregter, M. de Villiers, sowel as regter Stuart, het met die besetting van die regeringsetel in Maart 1900 in die stad agtergebly. Met slegs Hertzog wat oor was, kom dit voor of die werksaamhede van die hooggeregshof en rondgaande hooggeregshof met die besetting van Bloemfontein, tot 'n einde gekom het. Tog bied die herinneringe van Brink getuienis dat die hooggeregshof opnuut saamgestel is. Volgens Brink is Hertzog as waarnemende hoofregter aangewys, terwyl advokate F.R. Cronjé en H. Hugo onderskeidelik as eerste en tweede waarnemende strafregters aangestel is. Hierdie hof het waarskynlik die laaste keer op 12 Julie 1900 in die appèl van S.G. Vilonel gesit.[46] Teoreties kon die hooggeregshof, ten spyte van die verlies van twee van sy regters, sy werksaamhede voortsit. Dit word egter betwyfel of die hooggeregshof in hierdie gedaante enigsins 'n verdere rol in die OVS gespeel het. In praktyk het die OVS hooggeregshof daarom met die besetting van Bloemfontein opgehou om te bestaan.

5. Vredespoging

Die besetting van dele van die OVS het die gevaar vergroot dat dié staat tot Britse grondgebied geproklameer kon word. Kort na die oorgawe van 'n republikeinse krygsafdeling te Paardeberg, het die ZAR en OVS besluit om te poog om die oorlog te beëindig deur 'n vredesaanbod aan Brittanje te maak. Hierdie aanbod is in 'n

---

45 *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 13.10.1899: Proklamasie, 11.10.1899 (No. 546 - 1899), 13.10.1899 (No. 515 - 1899); 20.10.1899 (No. 553 - 1899); 17.11.1899 (No. 526 - 1899). VAB, GS 1660: J.A. Collins — J.B.M. Hertzog, 5.10.1899 en J.A. Collins — H.C. Stuart, 5.10.1899 (afskrif van brief). In totaal het twaalf sittings van die hooggeregshof plaasgevind. Die sittings was van 'n onbenullige aard, hou geen verband met die oorlog nie en verdien daarom geen verdere bespreking hier nie. Sien VAB, Hooggeregshof (HG), 4/7/1/6, Uitsprake, September 1897-Maart 1900, pp. 123-129.

46 *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 23.2.1900 (No. 23 – 1900); VAB, GS, 2170: J.A. Collins — H.G. Stuart, 13.2.1900 en 15.2.1900 (briewe); *De Bazuin*, 17.7.1900; Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 11; P. Pienaar, *With Steyn and De Wet*, pp. 135-137; J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 77. Sien ook Lombard, p. 60.

gesamentlike skrywe van beide staatspresidente, gedateer 5 Maart 1900, verwoord. Die vertrekpunt van die skrywe is die behoud van die onafhanklikheid van beide republieke. Indien laasgenoemde vir Brittanje onaanvaarbaar was, het die skrywe ondubbelsinnig verklaar dat beide republieke geen keuse sou hê as om in hul oorlogspoging te volhard nie. Brittanje het hierop geantwoord dat 'n vredesaanbod, gegrond op die behoud van onafhanklikheid van die republieke, nie vir Brittanje aanvaarbaar was nie.[47] Dit was daarom duidelik dat die Britse besetting van die OVS ten doel gehad het om die staat te verower.

6. Britse bestuur in die ORC

Reeds in Maart 1900, kort na die besetting van Bloemfontein, is met 'n proses begin om OVS staatsgesag met Britse staatsgesag te vervang. Dus is 'n administrateur van die spoorweg en 'n direkteur van pos- en telegraafdienste aangestel. Die grens tussen die Kaap en OVS is weer oopgestel en doeanebeamptes is by die verskillende grensposte aangewys. Voorts is 'n tesourier-generaal aangestel, die mark in Bloemfontein is heropen en 'n polisiediens is georganiseer. Generaal-majoor G.T. Pretyman is ook in hierdie tyd as militêre goewerneur van die besette distrikte in die OVS aangestel.[48]

Die militêre goewerneur het op 19 Maart 1900 vir J.A. Collins, die voormalige adjunk-goewermentsekretaris van die OVS, as landdros van Bloemfontein aangestel. Collins se eerste taak was om die landdroshof in Bloemfontein vir gewone sittings te heropen. Die hooggeregshof sou egter onbepaald gesluit bly. Appèlle van die landdroshof is deur die militêre goewerneur aangehoor. Voorts is landdroste en vrederegters vir die besette gebiede aangewys.[49]

Die verlies van landdroste in die administrasie van die krygstelsel, het die OVS oorlogspoging verder benadeel. Sleutelamptenare van die OVS het ook bedank.[50] Gevolglik was dit vir die OVS, in die voortsetting van sy oorlogspoging, noodsaaklik om nie alleen die Britse besetting te frustreer nie, maar ook om staatsgesag in die

---

47 *Correspondence with the presidents of the South African Republic and of the Orange Free State respecting the war* (Cd. 35), pp. 1–2; Van der Merwe, 2, pp. 54-57.

48 Cd. 426: pp. 3–5; Amery (red.), 4, p. 11. Sien ook TAB, Leyds 709/10: assistent-landdros Bultfontein — P.J. Blignaut, 20.3.1900 (afskrif van telegram).

49 *Government Gazette of the Orange River Colony*: 29.6.1900, 20.7.1900. Sien ook TAB: Leyds 709/10: assistent-landdros Bultfontein — P.J. Blignaut, 20.3.1900 (afskrif van telegram).

50 Sien onderonderafdelings 2 en 5.1, *supra*.

een of ander vorm in besette gebiede te herstel, om só die formalisering van die Britse verowering te verhoed. Dit is dus duidelik dat die inkrimping van OVS operasionele gebied in werklikheid die begin van die einde van die oorlog aangedui het. Die optrede van een van die offisiere verbonde aan die OVS opperbevel het die noodsaak benadruk om deeglik oor die OVS oorlogspoging te herbesin.

7. Verraad?

In Mei 1900 het P.D. (Piet) de Wet, die broer van C.R. de Wet en 'n krygsafdelingbevelvoerder, met die Britse magte onderhandel rakende sy eie oorgawe, asook van die krygsafdeling onder sy bevel. Die voorwaarde vir so 'n oorgawe was dat hy nie krygsgevange geneem en weggestuur sou word nie, maar toegelaat sou word om na sy plaas terug te keer. P.D. de Wet was in dié stadium een van die bevelvoerders verbonde aan die OVS opperbevel en het daarom nie vir die vergunning, soos in Proklamasie III van 1900 vervat, gekwalifiseer nie. Sy aanbod is ook deur die Britse opperbevelvoerder van die hand gewys.[51]

Herinneringe vermeld dat P.D. de Wet in hierdie tyd 'n wapenstilstand aan die Britse magte toegestaan het. Die doel van die wapenstilstand is nie duidelik nie. Volgens Brink het die wapenstilstand ten doel gehad om met die OVS regering rakende die voortsetting van die oorlog in verbinding te tree. P.D. de Wet self het verklaar dat hy in hierdie tyd 'n skrywe aan die staatspresident gerig het waarin hy (P.D. de Wet) hom versoek het om vrede te sluit. Hy verklaar dat hy die staatspresident in die skrywe daarop gewys het dat dit beter was om die stryd te beëindig en sodoende die land van die vernietiging gepaardgaande met oorlog te spaar. Hierdie situasie is waarskynlik op 'n krygsvergadering van 6 Junie 1900 bespreek, waarna die wapenstilstand opgehef is.[52] Dit is interessant dat M. Prinsloo, wat in Julie 1900 die onderhandelinge met die Britse magte rakende die oorgawe van die konvensionele magte gevoer het, ook deur persone soos Hintrager en Kolbe in P.D. de Wet se

---

51 Amery (red.), 4, pp. 128, 303-304; W.S. Churchill, *Ian Hamilton's march*, pp. 199–201; T. Pakenham, *The Boer War*, p. 424; Breytenbach, 5, p. 506; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87; S.B. Spies en G. Nattrass (reds.), *Jan Smuts: memoirs of the Boer War*, p. 71; *Telegrams and letters* 2, pp. 47, 52: F.S Roberts — Hamilton, 18.5.1900 en 19.5.1900 (afskrifte van telegramme).

52 OMBR, 1679/6: P.D. de Wet — C.R. de Wet, 11.1.1901 (brief); Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87; TAB, Hertzog-versameling (A32/95): "War dates"; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), 6967/1, W.J. Kolbe, "Leevensgeschiedenis van generaal W.J. Kolbe" [hierna verwys as Kolbe-manuskrip], p. 360; Van der Merwe, 2, pp. 15–16; TAB, Olivier herinneringe (A1237): "Herinneringe van mnr. Henning Olivier", p. 9.

wapenstilstand geïmpliseer word. Hintrager se weergawe berus op mededelings van die waarnemende staatsprokureur, J.A.J. de Villiers. Hieronder word aangedui dat De Villiers ook besware teen die aanstelling van Prinsloo as bevelvoerder van een van die konvensionele krygsafdelings gehad het.[53]

Ten slotte is dit nodig om te verwys na 'n krygsvergadering deur Brink vermeld. Volgens Brink het die staatspresident in die vergadering duidelik laat blyk dat hy kennis gedra het van onderhandelinge, wat tussen 'n offisier en die Britse magte te Ficksburg plaasgevind het. Brink gee blyke dat hierdie offisier aan die Ficksburg-kommando verbonde was.[54] Dit is gevolglik duidelik dat die staatspresident, as gevolg van die oorlogsomstandighede in hierdie tyd, nie alleen met die bedankings van sleutelpersone in sy regering te doen gehad het nie, maar ook met optrede van offisiere, wat die OVS oorlogspoging ondermyn het. Intussen moes die OVS staatspresident ook aan die einde van Mei en begin Junie 1900 alles in die stryd werp om die ZAR te oorreed om nie die oorlogspoging te staak nie.[55]

8. Gevolgtrekkings

Die verlies van Bloemfontein as regeringsetel kan sekerlik as die eerste aanslag op staatsgesag binne die OVS beskryf word. Dit is duidelik dat die OVS nie sy voortgesette oorlogspoging aan die behoud van die setel gelyk gestel het nie. Anders as die verlies van regeringsetels, het die Britse oorlogspoging wel daarin geslaag om die wese van die uitvoerende gesag aan te tas deur die invloed op die uitvoerende raad. Die lede verbonde aan die uitvoerende raad was nie by magte om die eise gestel deur 'n verskuiwende regeringsetel vol te hou nie, en het mettertyd bedank. Dieselfde het ook met sleutelstaatsdiensposte gebeur, deurdat die goewermentsekretaris, die staatsprokureur, tesourier-generaal en posmeester-generaal vanweë die uitmergelende oorlogsomstandighede bedank het. Die bedanking, of ontruiming van poste in die uitvoerende raad en sleutelposte in die staat, kan regstreeks met die Britse oorlogspoging verbind word en dien daarom as

---

53 Oberholster (red.), p. 125; OMBR 6967/1: Kolbe-manuskrip, p. 206. Sien onderafdeling 5, Hoofstuk 6, *infra*. Dit is interessant dat die weergawe nie in die herinneringe van Hintrager gepubliseer in 1901 voorkom nie. Sien O. Hintrager, *Met Steijn en de Wet op kommando: een dagboek uit den oorlog in Zuid-Afrika.* Sien ook G.S. Preller, *Kaptein Hindon: oorlogsaventure van 'n baas verkenner*, p. 129.

54 Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 76–77; VAB, A119/42, p. 3: J.N. Brink — *Die Volksblad*, 17.6.1949 (brief).

55 Sien Breytenbach, 5, p. 535 *et seq.*; Amery (red.), 4, p. 275.

getuienis dat die staatkundige entiteit toenemend die slagoffer van die Britse oorlogspoging geword het. Die Grondwet het die staatspresident egter in staat gestel om aanstellings sonder tussenkoms van die Volksraad te maak. In hierdie opsig het die verlies van sleutelpersone nie noodwendig die OVS oorlogspoging benadeel nie.

Hoewel die Volksraad voor die uitbreek van die oorlog sy wetgewende bevoegdhede aan die staatspresident oorgedra het, het talle van sy lede teen die aanvang van die oorlog 'n belangrike rol in verskillende hoedanighede gespeel. Hierbo is reeds ook aangetoon dat meer as die helfte van die Volksraadslede nie die sitting in 1900 bygewoon het nie. Verskeie Volksraadslede het gedurende die verdere verloop van die oorlog hulle toenemend van die OVS oorlogspoging gedistansieer. Verkose Volksraadslede was die verteenwoordigers van die volkswil in die OVS en die nie-bywoning van die Volksraadsitting, en selfs later die distansiëring van die OVS oorlogspoging, het daarom 'n belangrike betekenis vir 'n voortgesette oorlogspoging ingehou.

Ten opsigte van die howe is gesien dat die hooggeregshof, met die uitsondering van enkele sittings, nie tydens die oorlog gefunksioneer het nie. Waar distrikte deur die Britse magte beset is, het die landdroste ook opgehou om krygsfunksies namens die OVS te verrig. Wat krygsrade betref is aangedui dat 'n spesiale militêre geregshof daargestel is. Dit wil dus voorkom of die OVS toenemend deur die Britse oorlogspoging verhoed is om sy regsprekende gesag uit te oefen. Daarteenoor het die Britse bestuur in die ORC weer landdroshowe vir gewone sittings geopen.

Die Britse verowering van die OVS het gevolglik reeds in Februarie 1900, met die besetting van gedeeltes van die OVS, 'n aanvang geneem. Tot en met Julie 1900 het die OVS regering en krygsmag toenemend in die noordoostelike gedeelte van die staat saamgekom, of was daar vasgekeer, terwyl die oorblywende gedeelte van die OVS ongestoord in Britse hande gelaat is. Die gevolg was dat die Britse oorlogspoging toenemend daarin geslaag het om OVS staatstrukture van staatsgesag te stroop, of ondiensbaar te maak, om verder staatregtelike funksies oor die OVS uit te oefen. Die gevolgtrekking is dat die Britse besetting van, en beheer-oorgawe oor die OVS op 7 Julie 1900, na die geveg te Bethlehem, feitlik voltooi was en dat die OVS staatsgesag op dié betrokke datum feitlik ophou bestaan het.

Ten einde die vernietiging van die OVS staatkundige entiteit te verhoed, moes die regering op 'n geskikte krygstrategie besluit, wat die Britse besetting van die OVS óf sou frustreer, óf die Britse besetters sou verdryf. Hierdie krygstrategie moes ook poog om die OVS staatsgesag weer oor die geheel, of ten minste 'n groter gedeelte, van die OVS grondgebied van toepassing te maak. Versuim om dit te doen sou die einde van die OVS staatkundige entiteit beteken. Hierdie realiteit word treffend in die woorde van die Britse opperbevelvoerder geïllustreer, wat in middel Julie soos volg skryf: “We are now established upon a most momentous, and what I trust will prove a most successful phase of the campaign. The two forces of the enemy are completely separated by nearly 200 miles. Orange Free Staters - about 7,000 in number - are concentrated in hilly country between Bethlehem and Ficksburg and are practically surrounded by two divisions under Hunter and Rundle and two brigades under Clements and Paget. If they stand there they ought to be brought to terms, and if they are able to break through our troops, only small bodies of them will, I hope, get away. Hunter, who is in command, reports that active operations will commence on 20th *inst*.”[56]

[56] Headlam (red.), 2, p. 83: F.S. Roberts — A. Milner, 16.7.1900 (afskrif van telegram).

Afdeling B

Die oorgawe

Die Brandwaterkom



Bron: A. Hunter, *Kitcheners's sword-arm: the life and campaings of General Sir Archibald Hunter G.C.B., G.C.V.O., D.S.O.*, p. 152.

Hoofstuk 5

'n Krygstrategie vir die voortsetting van die oorlog

"Er blijft nog veel mysterie in deze geschiedenis over."[1]

1. Inleiding

Op 7 Julie 1900 word Bethlehem deur die Britte beset. Na afloop van die besetting het die Oranje-Vrystaat (OVS) krygsmag na die Brandwaterkom teruggeval. Hierdie besluit het beteken dat feitlik die hele OVS krygsmag in die omgewing van Harrismith, Fouriesburg en Ficksburg teenwoordig was. Hulle teenwoordigheid hier het beteken dat die groter geheel van die OVS ongestoord in die hande van die Britse magte gelaat is.

In dié opsig is dit duidelik dat die Britse magte besig was om in hulle doelwit te slaag om die OVS te verower. Nie alleen het hulle daarin geslaag om staatsgesag in die besette gebiede te vestig nie, maar hulle het ook 'n beduidende aantal OVS krygslui en krygspligtiges by wyse van 'n eed aan die OVS oorlogspoging laat onttrek.[2] Voorts het die Britse oorlogspoging reeds daarin geslaag om die staatsdiens, onder die leiding van die OVS staatspresident, M.T. Steyn, 'n ernstige knou toe te dien deurdat feitlik alle staatsdiensamptenare nie meer in hulle poste gefunksioneer het nie.[3]

Gevolglik het die OVS een van twee keuses gehad, naamlik om vredesonderhandelinge met die Britse magte te begin, of 'n krygstrategie daar te stel wat staatsgesag oor die gebied herstel en toegang tot krygslui en krygspligtiges

1 G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*, p. 42.
2 Sien onderafdeling 2, hoofstuk 3, *supra*.
3 Sien hoofstuk 4, *supra*.

bewerkstellig. Hierdie hoofstuk handel met die krygstrategie, die verskillende weergawes daarvan, asook die versuim om die latere wysigings daaraan na behore te kommunikeer. Die bespreking geskied teen die agtergrond van die vereistes vir verowering, naamlik die besetting van die gebied, die onderwerping daarvan en die proklamering daarvan tot eie gebied.[4]

Ten aanvang van die bespreking is dit nodig om weer eens te benadruk dat die geheel van die OVS krygsmag hulle binne die Brandwaterkom, of in die onmiddellike omgewing daarvan, bevind het. Dit het in effek beteken dat slegs 'n klein gedeelte van die OVS nog nie deur die Britse magte beset is nie. Voorts was ongeveer die helfte van die aktiewe krygspligtige burgers nog op kommando. Dit alles is 'n aanduiding dat die Britse magte besig was om met die onderwerping van die OVS krygsmag te slaag. Derhalwe was dit nodig om nougeset 'n krygstrategie daar te stel wat hierdie posisie kon aanspreek.

2. Die topografie van die gebied[5]

Na die geveg te Bethlehem is voorlopig besluit om die OVS regering en krygsmag binne die Brandwaterkom saam te trek. Hierdie besluit het ook 'n bevel aan die krygsafdeling, onder bevel van hoofkommandant F.J.W.J. Hattingh, sowel as die Haasbroek-vrywilligerkorps, ingesluit om hulle by die groter krygsmag binne die Brandwaterkom aan te sluit. OVS offisiere was veral verdeeld met betrekking tot die behoud van die gebied. Die verknogtheid van bepaalde offisiere aan die gebied was na alle waarskynlikheid aan twee redes toe te skryf. Talle kommando's, soos dié van Bethlehem, Senekal, Winburg, Ficksburg, Harrismith en Vrede, het 'n onmiddellike belang daarby gehad om in hierdie gebied stelling in te neem, om sodoende so na as moontlik aan hulle eie distrikte te bly. 'n Groot aantal waens, vee en ander

---

4 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.

5 Die volgende bronne beskryf die topografie van die gebied en word nie weer in die voetnote hieronder vermeld nie: L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, pp. 315-316; F. Maurice (red.), *History of the war in South Africa 1899-1902* 3, p. 293; H.W. Wilson, *After Pretoria: the guerilla war: the supplement to "With the flag to Pretoria"* 3, p. 20; P.H. Kritzinger en R.D. McDonald, *In the shadow of death*, p. 9; C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 121; P.J. Delport, "Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog" (verhandeling), pp. 147-148; W.L. von R, Scholtz, "Generaal Christiaan de Wet as veldheer" (proefskrif), p. 221; F. Pretorius, "Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet" (verhandeling), pp. 21-22; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), Röhn-versameling: C. Röhn, *Bo-op en tussen die berge*, p. 9. Die verhandeling van Pretorius is ook gepubliseer in die *Christiaan de Wet-annale*, 1976.

privaateiendom het ook saam met die OVS krygsmag na die Brandwaterkom beweeg. Die aanwesigheid van veral waens, sowel as die geveg te Bethlehem, getuig van die feit dat die OVS krygsmag tot op hierdie stadium nog 'n konvensionele mag was. Dit is belangrik om daarop te let dat waens en perde nie alleen die eiendom van die OVS was nie, maar ook die privaateiendom ingesluit het.

Die gebruik van privaateiendom in die OVS oorlogspoging was 'n regstreekse gevolg van die *Krijgs- en Commandowet*.[6] So het artikel 37 bepaal dat krygspligtiges hulle eie perde, saals, tooms en gewere in tye van oorlog moes gebruik.[7] Voorts het die wet aan veldkornette die reg verleen om waens, tente, trekosse en ryperde te kommandeer vir oorlogsdoeleindes.[8]

Die gebruik van persoonlike en gekommandeerde goedere het oorlogskoste tot die minimum beperk. Die nadeel was egter dat krygspligtiges anders met hierdie goedere in tye van oorlog gehandel het. Die beskerming daarvan was gewoonlik ook tot voordeel van die eienaar. Hierdie goedere het in baie gevalle 'n hindernis geword veral waar met spoed beweeg moes word.

Die Brandwaterkom was vanweë die topografiese aard daarvan ook die ideale gebied waar hierdie goedere beskerm kon word.[9] Hoewel die nuwe wyse van oorlogvoering, naamlik guerilla-oorlogvoering, vereis het dat kommando's los en beweeglik moes wees, het eienaars en selfs die OVS 'n belang daarby gehad om toe te sien dat hierdie eiendom nie in die hande van die Britse magte val nie. Vir die Britse magte sou waens en trekosse weer tot voordeel van hulle eie oorlogspoging wees. Vanweë die persoonlike aard van die eiendom was dit hoogs onwaarskynlik dat eienaars sou toestem tot die verlies of vernietiging daarvan.

Die topografiese eienskappe van die gebied is ook die fokus van die volgende bespreking. Ten einde die gebeure in die volgende hoofstukke beter te verstaan, is dit nodig om die onderskeie stellings van OVS kommando's waar bekend, aan te dui. Die gedagte van 'n natuurlike vesting, het die beskerming daarvan aansienlik vergemaklik. Indien die Britse magte egter daarin sou slaag om die gebied met gemak binne te dring, sou dit daarom beteken dat die bevel, of bepaalde offisiere

---

6 Wet 10/1899.

7 Krygspligtiges woonagtig in dorpdistrikte is van die vereiste van 'n perd uitgesluit.

8 Artikel 48 (Wet 10/1899).

9 Scholtz, p. 221; Delport, p. 147.

verbonde aan die bevel, versuim het om die gebied na behore te verdedig.[10] Ten aanvang is dit belangrik om daarop te let dat bronne betreffende stellings, en kommando's daaraan toegewys, bepaalde weersprekings bevat. Hierdie weersprekings word in die voetnote uitgewys om sodoende die vloei van die teks so min moontlik te onderbreek.

Wat die topografiese aard van die gebied betref, was die Brandwaterkom 'n natuurlike vesting met die Witteberge in die weste en die Roodeberge aan die oostekant van die gebied. Hierdie twee bergreekse omsluit die gebied in 'n halfsirkel, met Fouriesburg ongeveer in die middel daarvan. Die vernaamste toegangsroetes tot die gebied is oor Generaalsnek en Commandonek in die omgewing van Ficksburg, van waar die roete na Fouriesburg lei. Retiefsnek en Slabbertsnek gee weer toegang tot die gebied vanaf Bethlehem. Hierdie twee nekke is etlike kilometer van mekaar geleë. Dit wil voorkom of die magte van hoofkommandant C.R. de Wet en veggeneraal J. Crowther, bygestaan deur die verkennerskorps van kaptein D.J.S. Theron, aanvanklik die verdediging van Retiefsnek en Slabbertsnek waargeneem het. Verder kom dit voor of J.B.M. Hertzog enkele dae later aan Crowther en die kommando's van Ladybrand en Ficksburg opdrag gegee het om na Commandonek, naby Fickburg, te verskuif aangesien die perde van beide die kommando's te maer was.[11]

Die twee roetes deur onderskeidelik Retiefsnek en Slabbertsnek sluit binne die Brandwaterkom bymekaar aan vanwaar dit toegang tot Fouriesburg verleen. Vanaf Fouriesburg was dit moontlik om langs Slaapkrans na Nauwpoort,[12] in die omgewing van die huidige Clarens, te beweeg. Nauwpoort is aanvanklik deur die groter Bethlehem-kommando, onder bevel van kommandant A.M. Prinsloo, beset. Die Slaapkrans-roete het weer toegang tot die gebied bekend as die Caledonvallei

10 Sien onderafdeling 3, hoofstuk 8, *infra*. Sien ook onderafdeling 7, hoofstuk 9, *infra*.

11 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Renier-versameling (A119/1056): I.A. Meyer, Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse oorlog 1899-1902, p. 18. Sien ook J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 81. Britse intelligensie verklaar dat kommandant H.J. (Hermanus) Steyn op 11.7.1900 bevel te Commondonek gevoer het. (The National Archives (TNA), War Office (WO), 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 13.7.1900 (afskrif van telegram).) Volgens Britse intelligensie was Retiefsnek en Slabbertsnek deur die kommando's van De Wet bewaak. Die getalsterkte van die kommando's hier (Retiefsnek en Slabbertsnek) word voor die vertrek van De Wet op nagenoeg 4 000 burgers en 18 kanonne geraam. (TNA, WO, 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 13.7.1900 (afskrif van telegram). Sien ook Maurice 3, pp. 293-294; H. Ver Loren van Themaat, *Twee jaren in de Boerenoorlog*, p. 138.) Van der Merwe is die enigste bron wat verklaar dat Hattingh en sy kommando's die Golden Gate uitgang beskerm het. (M.C.E. Van Schoor (red.), "The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers" *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 97: G.S. van der Merwe (afskrif van verklaring).)

12 Nauwpoort word op twee verskillende wyses in bronne gespel, naamlik Naauwpoort en Nauwpoort. Ter wille van eenvormigheid in hierdie proefskrif is besluit op Nauwpoort.

gegee. In die omgewing van Slaapkrans het die pad in twee gevurk met 'n roete na Nauwpoort en die ander roete wat deur Golden Gate gaan. Vanaf Nauwpoort was dit ook moontlik om in die rigting van Golden Gate te beweeg. Die roete deur Golden Gate was minder geskik vir swaar verkeer soos waens en kanonne. Wat die Golden Gate-uitgangsroete betref, was geen kommando of krygsafdeling ter bewaking of beskerming daaraan toegewys nie. Die posisie van die krygsafdeling van Hattingh was wel van so 'n aard dat dit die toegangsroete sou kon beskerm indien dit nodig sou word. Die roetes oor Witnek, Nelspoort en Bamboeshoek was voetpaaie wat geensins vir waens en kanonne geskik was nie. 'n Gedeelte van die Senekal-kommando het by Witnek stelling ingeneem. Aan die anderkant van die bergreeks, of Brandwaterkom en Caledonvallei, het die Caledonrivier die grens met Basoetoland (die huidige Koningkryk van Lesotho) gevorm.[13]

3. Waarom die Brandwaterkom?

Die vraag ontstaan waarom die OVS krygsmag feitlik in sy geheel ná die geveg by Bethlehem na die Brandwaterkom teruggeval het. Die topografie van die Brandwaterkom het die persepsie van veiligheid geskep. Daarenteen het die sametrekking van die grootste gedeelte van die krygsmag hier, die taak van die Britse magte aansienlik vergemaklik omdat die toegangsroetes tot die gebied beleër kon word. Die oorlog in die OVS kon sodoende makliker begrens en tot 'n einde gebring word. So 'n besluit sou daarom die verowering van die OVS aansienlik vergemaklik het. Die Britse leër, in afwagting van voorrade, het ook nie onmiddellik die suksesvolle besetting te Bethlehem opgevolg nie. Volgens kaptein C.J.L. Gilson kon die gedagte ook by die opperbevel van die OVS krygsmag ontstaan het dat die Britse magte nie in staat was om enige grootskaalse krygsoperasies in die gebied uit te voer nie, aangesien die Brandwaterkom 'n aansienlike afstand van die naaste

[13] Roux vermeld dat die Winburg-kommando stelling te Witnek ingeneem het. (VAB, Roux-versameling (A305): P.H. Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 1.) Daarenteen vermeld Van der Merwe en Brink weer dat 'n gedeelte van die Senekal-kommando na Witnek gestuur is. (Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 96; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 83.) A.M. Prinsloo het alleen 'n kort wyle diens te Nauwpoort gedoen. (*Die Volksblad*, 15.6.1926: A.M. Prinsloo-herinneringe.) Volgens die intelligensie van Hunter is Nauwpoort, voor die vertrek van A.M. Prinsloo, deur die Bethlehem-kommando en agt kanonne beset. Daarenteen verklaar Grobler dat na die vertrek van A.M. Prinsloo Nauwpoort deur 'n wag van 50 burgers bewaak is. (TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 13.7.1900 (afskrif van telegram); M.J. Grobler, *Met die Vrystaters onder die wapen*, p. 55.) Britse intelligensie verklaar ook dat daar 'n klein wag te Nelspoort geplaas is (TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 13.7.1900 (afskrif van telegram).)

spoorwegverbinding was. Die versuim om die suksesse te Bethlehem onmiddellik op te volg, sou sekerlik hierdie gedagte versterk het.[14]

OVS offisiere het nie noodwendig saamgestem betreffende die behoud van stellings in die Brandwaterkom nie. Die perspektiewe oor die Brandwaterkom kan in twee groepe verdeel word. Die eerste hou verband met 'n tydelike heenkome, waar die veiligheid van die gebied geleentheid sou gee om te herorganiseer, te beplan en veral voorrade vir die voortsetting van die oorlog te verkry, terwyl die tweede weer verband hou met dié laaste onbesette OVS gebied, wat *ad infinitum* as toevlugsoord teen die geweldige aanslag van die Britse magte kon dien.

Hierdie perspektief was 'n daadwerklike faktor in die formulering van die krygstrategie. Dit het aanvanklik ook daartoe aanleiding gegee dat groter waarde aan die Brandwaterkom toegedig is in die formulering van krygstrategie ter voortsetting van die oorlog. Hierdie sienswyse het stellings in die Brandwaterkom ook as die einde van die OVS oorlogspoging beskou. Voordat die krygstrategie ter voortsetting van die oorlog bespreek word, is dit nodig om hierdie verskillende perspektiewe meer volledig te ondersoek, om sodoende die invloed daarvan op die formulering van die krygstrategie, sowel as die verdere verloop van die gebeure binne die Brandwaterkom en Caledonvallei, in verband te bring.[15] Op hierdie wyse word aangetoon dat die krygstrategie, soos aanvanklik geformuleer, gebrekkig was deurdat dit nie die verowering van die OVS kon voorkom nie.

Volgens De Wet het hy na die Brandwaterkom teruggeval met die doel om sy kommando's van kosvoorrade te voorsien en om burgers met swak perde, of sonder perde, in dié gebied agter te laat om die sogenaamde graanskuur van die OVS te beskerm. Hierdie standpunt word kort na afloop van die geveg te Bethlehem in 'n telegram aan die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) regering gevind.[16] De Wet verwys reeds in April 1900 in sy boek na die Brandwaterkom. Volgens hom het hy veggeneraal A.I. de Villiers en ander kommandante in die omgewing van Korannaberg gelaat om die OVS graanskuur te beskerm. Laasgenoemde word deur

---

14 C.J.L. Gilson, *History of the 1st Batt. Sherwood Foresters (Notts. And Derby Regt.) in the Boer War, 1899-1902*, p. 98. Sien ook A. Hunter, *Kitcheners's sword-arm: the life and campaigns of General Sir Archibald Hunter G.C.B., G.C.V.O., D.S.O.*, p. 154.

15 Sien ook Scholtz, p. 135.

16 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Leyds 728/8: C.R. de Wet — S.J.P. Kruger, 9.7.1900, ontvang op 15.7.1900 (telegram). Sien ook TAB, Preller 74, p. 249: J.A. Holtzhausen, "De trek naar Waterberg" (herinneringe).

De Wet as Ladybrand, Ficksburg en 'n gedeelte van Bethlehem omskryf. De Wet gaan voort: “Uit deze graanschuur werd gevoed, niet alleen de Vrijstaat, maar ook voor het grootste gedeelte van de Zuid-Afrikaansche Republiek. De opbrengst van koorn in die districten, te zamen met een deel van Wepener en Rouxville, Bloemfontein, Thaba’Nchu was zeer groot, en dit in ‘t bijzonder dit jaar.”[17] J.N. Brink, 'n adjudant van Crowther, verwys ook na die gedagte om 'n graanpad vanaf Ladybrand na die Vaalrivier oop te hou.[18] Die Brandwaterkom was die laaste gedeelte van die distrikte van die sogenaamde graanskuur wat nog nie na afloop van die geveg te Bethlehem deur die Britse magte beset is nie.

De Wet se voorneme om burgers wat nie oor goeie perde beskik het nie, agter te laat was problematies in die lig van die rebelle-proklamasie.[19] So 'n groep burgers sou Britse insluiting van die gebied moeilik ontsnap. Die gevaar het ook bestaan dat so 'n groep met gevangeneming as rebelle hanteer kon word. Hoewel die proklamasie regtens gebrekkig was, word dit betwyfel of offisiere en burgers kennis van dié feit gehad het.

Dit is moeilik om te bepaal of hierdie doel, soos deur De Wet geformuleer, aan sy offisiere en burgers bekend was. Brink skryf soos volg aangaande sy indrukke om na die Brandwaterkom terug te val: “Wat het plan van den krijgsraad of de krijgscommissie, of wie ook al, met deze beweging was is nooit recht gebleken. Een weinig, maar alles behalve weldadig lich werd over de zaak verspreid door den kommandant der Winburgers […] Hij klom op een wagen en zeide de daar bijeengeroepene burgers aan, zich gereed te maken om uit te trekken naar buiten, waar de offisieren zouden zorgen voor kost en voeder zoo goed zij konden. De ouden ‘menancholieken’ moest maar blijven waar zij waren en den pas bewaken. De magere paarden moest men afleveren om gezonden te worden naar zekere plaats – vermoedelijk om daar dood te gaan – want zooals de commandant uitlegde, kon de Regering alleen nog voor Rijpaarden van de burgers voôr verschaffen.”[20] Advokaat J.A.J. de Villiers, die waarnemende staatsprokureur, bevestig die herinneringe van

17 De Wet, pp. 81-82.

18 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 81.

19 Vir 'n bespreking van die proklamasie, sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

20 Brink verwys hier na Van der Merwe as die kommandant van Winburg. Volgens Van der Merwe was hy die kommandant van die Senekal-kommando. (Van Schoor (red.) “Jacob de Villiers”, p. 96; Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 83. Sien ook onderafdeling 2.1, hoofstuk 6, *infra*.) In 'n latere werk het Brink 'n ietwat minder krasse standpunt, naamlik dat geleentheid hier gegee sou word aan die perde om te rus. (Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 81.)

Brink. Volgens J.A.J. de Villiers sou burgers, wie se perde nie in 'n goeie toestand was nie, in die gebied agtergelaat word.[21] Laasgenoemde bewering is besonder belangrik: indien die toegangsroetes wel in Britse hande sou val, het burgers wat in die Brandwaterkom sou agterbly met ander woorde nie oor goeie perde beskik nie. Daarbenewens is in die Britse proklamasies van die vorige maand reeds gewaarsku dat burgers en offisiere, wat voortaan gevange geneem sou word, as rebelle en nie as krygsgevangenes hanteer sou word nie.[22] Volgens O. Hintrager, 'n Duitse vrywilliger, en W. Malan, 'n lid van die Theron-verkennerskorps, is daar besluit om binne die Brandwaterkom die OVS krygsmag te herorganiseer.[23] Ongelukkig vermeld nóg Hintrager, nóg Malan wie die besluit geneem het.

Bronne gee verder te kenne dat die staatspresident van plan was om die natuurlike beskerming van die Brandwaterkom as vesting te gebruik en hier onbepaald te vertoef. Vir dié doeleindes het die staatspresident opdrag gegee dat loopgrawe/skanse en ander stellings ter beskerming van die nekke ingerig moes word, terwyl De Wet hom elders bevind het. Laasgenoemde opdrag word in die herinneringe van burger J.A. Holtzhausen gevind. Kommandant W.J. Kolbe bevestig dié weergawe en verwys na die pragtige diep loopgrawe, wat kort na afloop van die geveg te Bethlehem te Slabbertsnek gegrawe was. Met sy terugkeer het De Wet, volgens Holtzhausen, opdrag gegee dat die voorbereiding van stellings en loopgrawe onmiddellik gestaak moes word.[24] Holtzhausen verskaf geen verdere besonderhede waarom De Wet beveel het dat die voorbereidings gestaak moes word nie.

H. Olivier (die seun van kommandant J.H. Olivier) verklaar dat die staatspresident sy vader meegedeel het dat Fouriesburg, wat in hierdie stadium die setel van die regering geword het, beskerm moes word.[25] Laasgenoemde herinneringe bevat 'n element van verwarring omdat stellings in elk geval goed sou wees om die

---

21 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 11.

22 Vir verdere bespreking, sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

23 O. Hintrager, *Met Steijn en de Wet op kommando: Een dagboek uit den oorlog in Zuid-Afrika*, p. 33; H.J.C. Pieterse, *Oorlogsaventure van genl. Wynand Malan*, p. 70.

24 TAB, Preller 74, pp. 250-251. Sien ook TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 15.7.1900 (afskrif van telegram) vir beskrywings van die stellings. Sien ook Kolbe, Malan en Pretorius wat verder as bevestiging van die stellings dien. (OMBR, 6967/1: W.J. Kolbe, “Leevensgeschiedenis van generaal W.J. Kolbe” [hierna verwys as Kolbe-manuskrip], p. 316; TAB, Preller 81, p. 104: L.J. Malan “Geskiedenis gemaak deur lede van Zastron distrik”. Sien ook OMBR, 6024/1: C.P. Pretorius, *Gedachtenes boek van my gevangeschap*, p. 13.)

25 TAB, Olivier-herinneringe (A1237): “Herinneringe van mnr. Henning Olivier”, p. 10. Sien ook OMBR, 6024/1: Pretorius, p. 3. Volgens Maurice is Fouriesburg tot setel van die regering geproklameer. Maurice, 3, p. 294.

graanskuur, offisiere, burgers, vlugtelinge en vee, wat daar sou agter bly, te beskerm. Die herinneringe van Holtzhausen en Olivier is besonder belangrik deurdat dit daarop wys dat die staatspresident (die opperbevelhebber) en De Wet (moontlik die opperbevelvoerder), nie noodwendig eensgesind oor die krygstrategie vir die voortsetting van die oorlog was nie. Aan die hand van Olivier wil dit voorkom of die staatspresident aanvanklik ook ten gunste van stellings in die Brandwaterkom was. Hierdie punt kon ook die moontlike latere verwarring, wat oor die krygstrategie ontstaan het, verduidelik.

Luitenant G. Boldingh, 'n Nederlandse vrywilliger wat gedurende die gebeure in die Brandwaterkom waarskynlik ook aan die Oranje-Vrijstaat Artilleriekorps verbonde was, onderskryf die gedagte van veilige stellings met die doel om vrouens, kinders, vee en waens van persone, wat voor die aankomende Britse magte gevlug het, te beskerm. Die gevolge van die beskerming is tweeledig. In die eerste plek kon die OVS nie meer sy ondergeskiktes, wat hulle in Brits-besette gebiede bevind het, beskerm nie. Dit wil daarom voorkom of persone besluit het om agter die OVS krygsmag aan te trek om sodoende die nodige beskerming te verkry. Die alternatief sou wees dat die teenwoordigheid van hierdie groep persone en eiendom regstreeks met die bepaling van die *Krijgs- en Commandowet*[26] verbind kan word.

Britse intelligensie bevestig indirek die herinneringe van Kolbe, Holtzhausen en Boldingh deurdat G. Lagden, die Britse resident-kommissaris op 11 Julie 1900 in Basoetoland aan die Britse opperbevelvoerder berig het dat duisende stuks vee die Brandwaterkom binnegejaag word om voldoende voedselvoorrade vir 'n langdurige beleg, in afwagting op buitelandse tussenkoms, te verseker.[27] Voordat die krygstrategie bespreek word, is dit nodig om enkele opmerkings betreffende die militêre geskiktheid van die Brandwaterkom as setel tydens 'n langdurige beleg te maak. Hierdie bespreking word ingesluit om te bepaal of dit enigsins 'n sinvolle keuse was om 'n langdurige beleg in dié gebied te weerstaan.

---

26 Wet 10/1899.

27 Boldingh, p. 12; TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 11.7.1900 (afskrif van telegram).

4. Militêre geskiktheid

'n Beleg beteken dat een leër deur 'n ander leër ingesluit word. 'n Beleg van 'n gebied veronderstel daarom dat daar moeilik voorrade in of uit die beleërde gebied sal gaan. 'n Beleërde gebied sou dus alleen met die beskikbare voorrade binne die gebied verdedig kon word. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n beleg, sonder 'n einddoel, sinneloos sou wees en alleen tot onnodige bloedvergieting sou lei. Indien dit op die situasie in die Brandwaterkom van toepassing gemaak word, is dit duidelik dat die OVS opperbevelvoerder wel 'n krygsafdeling in die Brandwaterkom kon agterlaat en dat sodanige krygsafdeling moontlik die gebied kon verdedig. Daar word trouens later aangetoon dat ander moontlikhede binne die gebied bestaan het om op ander plekke nuwe stellings in te neem indien die oorspronklike stellings nie suksesvol verdedig kon word nie. Die vraag bly egter wat die einddoel van weerstand daar sou wees – die graan, vee en voedselvoorrade binne die gebied sou immers waardeloos vir enige OVS krygsafdeling buite die gebied wees. Die enigste doel van sodanige beleg sou dus die beskerming van persone en eiendom binne die gebied wees, om sodoende te verhoed dat die voorrade nie in Britse hande beland nie. Die beskerming van die goedere staan in noue verband met die gebruik van privaatgoedere, soos deur die *Krijgs- en Commandowet*[28] in tye van oorlog vereis. Hierdie aspek is van besondere belang deurdat indien dit wel die geval was, daar ook aangevoer kon word dat die goed vernietig word om te verhoed dat dit in Britse hande val, sou dit nodig wees.

Die getalsterkte van die OVS krygsmag op die vooraand van so 'n beleg was nie van so aard dat dié krygsmag self die beleg kon beëindig nie. Die enigste hoop vir 'n beleërde krygsafdeling binne die Brandwaterkom sou wees dat 'n buitelandse moondheid tussenbeide tree, dat die Britse magte oorlogsmoeg word òf dat die aktiwiteit van ander OVS krygsafdelings die Britse magte sou noop om die beleg te staak en hulle aandag op die ander OVS krygsafdelings in ander distrikte toe te spits.

Die vraag ontstaan verder of 'n krygsafdeling, wat binne die gebied agtergelaat word, genoegsame getalle sou hê om die gebied te verdedig en of so 'n mag oor voldoende ammunisie en kos beskik het om 'n langdurige beleg te deurstaan. Geen

[28] Wet 10/1899.

bronne kon gevind word wat die vraag betreffende die ammunisie beantwoord nie. Hieronder word wel gesien dat die aanvanklike krygsafdeling, geoormerk vir die beskerming van die Brandwaterkom, in getalsterkte beduidend was. Enkele bronne verwys wel na die beskikbare voedselvoorrade in die Brandwaterkom.

Retiefsnek en Slabbertsnek was op 9 Julie 1900 'n miernes van bedrywighede. Nie alleen het die krygsafdeling waaroor De Wet in daardie stadium bevel gevoer het daar stelling ingeneem nie, maar talle vroue, kinders, vlugtelinge en troppe vee het in hierdie tyd daar aangekom. Lombard stel die getal vlugtelinge so hoog as 6 000 persone. Daar is ook 'n tydelike hospitaal in Fouriesburg ingerig waar die gewondes verpleeg kon word. Die moontlikheid van 'n beleg van die hele OVS krygsmag binne hierdie gebied sou daarom ook die posisie van vroue, kinders, vlugtelinge en addisionele veestapels in berekening moes bring.[29]

Volgens Brink, die adjudant van veggeneraal Crowther, sou die Brandwaterkom nie voldoende voedselvoorrade aan 'n beleërde mag kon lewer nie. Daarmee saam was gebiede soos Witnek, volgens Brink, nie geskik om 'n verdedigingsmag te huisves nie.[30] Laasgenoemde was ook die standpunt van veggeneraal P.H. Roux (soos hy in daardie stadium bekend was), wat geoordeel het dat so 'n beleg enkele weke sou duur voordat 'n beleërde mag weens gebrek aan voedsel tot oorgawe gedwing sou word.[31]

Daarenteen verklaar De Wet dat die gebied oor 'n groot voorraad graan beskik het en daarom beskerm moes word. De Wet het juis om hierdie rede na die gebied teruggeval, om sy krygsmag van nuwe proviand te voorsien. Ver Loren van Themaat, verbonde aan die Theron-verkennerskorps, skryf tydens sy verblyf in hierdie tyd in die Brandwaterkom dat hulle aan niks te kort geskiet het nie.[32] Op 15 Julie 1900 skryf Hintrager (verbonde aan die OVS artillerie) in sy dagboek daarenteen dat hulle vir twee dae nog niks gehad het om te eet nie en dat hulle

---

29 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 82; P.S. Lombard, *Uit die dagboek van 'n wildeboer*, pp. 59-60; Ver Loren van Themaat, p. 138; W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: een beschrijving*, Tweede Tijdvak 2, p. 6; OMBR, 4128/42: S. Haasbroek, "Die oorgawe van generaal Prinsloo", p. 1. Sien ook F. Pretorius, p. 25. Sien ook Ayala wat verklaar dat 'n leër nie vroue-kampvolgers moet toelaat nie. B. Ayala, *Three books on the law of war and on the duties connected with war and on military discipline* (vertaal deur J.P. Bate), p. 174.

30 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 83.

31 VAB, A305: "De overgawe van Prinsloo", p. 2.

32 "Een kleine week blijven we hier overliggen en hebben alles, wat wij kunnen verlangen: volop meel en vleesch, koffie, thee en suiker van het kommissariaat; daarbij brood, boter, eieren, spek en aardappelen te koop op de plaats […] ook voor onze paarden hebben we volop voer." Ver Loren van Themaat, p. 138.

poging om kos te verkry weinig sukses opgelewer het. Hintrager gaan voort: “Hoewel dit te voorsien was dat hierdie skuilhoek vir 'n geruime tyd ons tuiste sou wees, is hier geen kosvoorrade byeengebring nie. Ons leef van dag tot dag.”[33] Kritzinger en McDonald, verbonde aan die Bethulie-kommando, skryf in dieselfde trant: “The burghers thought that, once behind those heaven-high mountains, with all the passes in their possession, with abundant war supplies, and al the necessaries of life, they would resist successfully every attack.”[34] Ook C. Röhn, 'n heliograaf tydens die gebeure, verklaar dat daar voldoende voedsel in die Brandwaterkom vir ten minste twee jaar sou wees.[35] Hierdie was ook die standpunt van kommandant A.M. Prinsloo van Bethlehem.[36]

Scholtz beweer in sy proefskrif dat die Brandwaterkom oor voldoende voedsel en water beskik het om wel so 'n langdurige beleg te weerstaan.[37] Ongelukkig vermeld Scholtz geen gesag vir dié punt nie en handel hy ook nie met werke van Roux, Brink en Hintrager om hulle standpunte te weerspreek nie. Aan die hand van die beskikbare bronne is dit onmoontlik om te bepaal of die gebied voldoende voedselvoorrade gehad het om wel 'n langdurige beleg, wat ook vroue, kinders en vee sou insluit, te weerstaan.

5. Krygsmoreel na afloop van die geveg te Bethlehem

Enige langdurige beleg sou sy merk op die gemoedere van offisiere en burgers laat. Dit is daarom nodig om ook kortliks na die beskikbare bronne betreffende die gemoedstoestand van offisiere en burgers gedurende die formulering van 'n krygstrategie te verwys. Twee duidelike uiteenlopende standpunte word hieromtrent gevind. So verklaar Brink dat die aanwesigheid van die groot aantal vrouens, kinders, vee en die moontlikheid van die beleëring van die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom, hom besonder negatief gestem het.[38] Ver Loren van Themaat

33 J.J. Oberholster (red.), “Dagboek van Oskar Hintrager: Saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900”, *Christiaan de Wet-annale* 2, 1973, p. 79.

34 Kritzinger en McDonald, p. 9. Sien ook P. Pienaar, *With Steyn and De Wet*, p. 135.

35 OMBR, Röhn-versameling: *Bo-op en tussen die berge*, p. 9.

36 *Die Volksblad*, 15.6.1926: A.M. Prinsloo-herinneringe. Sien ook Grobler, p. 56.

37 Scholtz, “Generaal de Wet”, p. 221; L. Scholtz, “Die strategiese oogmerke van genl. C.R. de Wet tydens die eerste dryfjag, Julie-Augustus 1900”, *Historia* 22, 1977, p. 15. Sien ook F. Pretorius, “Kommentaar op ‘Die strategiese oogmerke van genl. C.R. de Wet tydens die eerste dryfjag: Julie-Augustus 1900’”, *Historia* 22, 1977, pp. 20-26.

38 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 82-83.

beskryf presies dieselfde omstandighede in sy boek, maar verklaar dat vertroue in die OVS bevelvoerders, soos De Wet en Theron, hom en ander persone tog positief gestem het.[39] Hintrager, ook 'n vrywilliger soos Ver Loren van Themaat, skryf op 11 Julie 1900 in sy dagboek van die gemoedelike kamplewe waar die kêrels voetbal speel en brood bak.[40] Daarenteen skryf burger H.C. van der Walt in dieselfde tyd soos volg: "[H]ier zat ek tegen de berg met droefheid doch de gewig der zaak kwam mij in. Wij moeten voor den naam onse God strijden, wij hebben onder zijn naam tegen den vijand opgetrokken en zijn verplig den strijd voort te setten anders maken wij ons schuldig als Zijne Naam ontheilig en onteerd word door ons vijanden."[41]

P.H. de Villiers, die seun van kommandant P.H. de Villiers, verklaar dat sy vader vir De Wet en die staatspresident meegedeel het dat die burgers van die Ficksburg-kommando oorlogsmoeg was en dat die voortsetting van die oorlog alleen tot die vernietiging van die OVS aanleiding sou gee.[42] G.P. Kriek, 'n adjudant en sekretaris van P.H. de Villiers, maak in dieselfde tyd ook melding van praatjies onder offisiere dat dit haas tyd geword het om vrede te sluit. Hy (Kriek) verwys onder andere na die hoof van die krygskommissariaat wat aan P.H. de Villiers vertel het dat die stryd verlore was en dat die uittog van die staatspresident en De Wet alleen tot verdere vernietiging van die OVS aanleiding sou gee.[43] Brink skryf later ook soos volg: "Daar stonden wij nu tusschen hooge, angstwekkende bergwanden, geheel afgesloten van de buitenwereld [...] Het was om er benauwd van te worden."[44]

6. Die formulering van die krygstrategie

Die swak krygsmoreel en moontlike voedseltekorte maak dit moeilik om die suksesvolle, langdurige verdediging van die Brandwaterkom deur die totale OVS krygsmag as deel van 'n volhoubare krygstrategie, te veronderstel. 'n Besluit om die oorlog in hierdie stadium voort te sit sou daarom 'n krygstrategie moes daarstel, wat offisiere en burgers met nuwe moed kon besiel en in wese ook die effektiewe Britse

39 Ver Loren van Themaat, p. 137.
40 Oberholster (red.), p. 62.
41 OMBR, 5797/1: Dagboek van H.S. van der Walt (geen paginering nie).
42 OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers, "'n Kort lewenskets van oorlede kommandant Paul Hendrik de Villiers van Ficksburg", p. 2.
43 VAB, A119/8: G.P. Kriek, "Oorgawe van generaal Prinsloo, 29 Julie 1900 en daarna", p. 4.
44 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 82.

besetting van die OVS òf frustreer, òf die Britse besetters verdryf. In hierdie proses moes OVS staatsgesag ook oor groter gedeeltes van die staat herstel word.[45]

OVS dokumentasie het by verskillende geleenthede in Britse hande geval en is later vernietig. Hierdie gebeure het 'n leemte in die rekords van die OVS argiewe gelaat. Die gevolg is dat die gebeure, betreffende die formulering van die krygstrategie en daaropvolgende gebeure, alleen aan die hand van die beskikbare bronne gerekonstrueer moet word.[46]

Die bespreking onder dié hoof word soos volg verdeel: eerstens word die moontlike outeur van die krygstrategie behandel. Hierna word die twee weergawes van die krygstrategie bespreek. Verder word daarop gewys dat bepaalde aspekte van die krygstrategie in geheim gehul was en dat laasgenoemde moontlik tot die onbekendheid van die gewysigde, tweede krygstrategie aanleiding kon gegee het.

Ten aanvang van die bespreking is dit nodig om weer te benadruk dat die Britse magte op die punt gestaan het om aan die vereistes vir verowering te voldoen. 'n Krygstrategie moes daarom ook poog om te verhoed dat verdere besetting plaasvind, dat Britse besetting in gebiede ten minste gefrustreer word en dat die OVS krygsmag nie onderwerp word nie. Indien 'n OVS krygstrategie nie na behore in dié doel kon slaag nie, sou dit die einde van die OVS as staatkundige entiteit beteken. 'n Gebrekkige krygstrategie beteken egter nie dat persone daarvoor aanspreeklik gehou sou kon word nie, behalwe indien hulle in hul handelinge versuim het om hulle verpligtinge, soos deur wetgewing bepaal, na te kom of indien hulle handelinge aan die vereistes van bepaalde misdade voldoen het.

Met verwysing na bostaande is die volledige bespreking van die krygstrategie drieledig van aard. Dit toon aan dat die aanvanklike krygstrategie, met verwysing na die vereistes vir verowering soos gevind in die volkereg, gebrekkig was deurdat dit nie aan die vereistes voldoen het om besetting en selfs onderwerping te voorkom nie. Voorts word aangetoon dat die wysiging daarvan nie na behore gekommunikeer is nie. Die versuim om die wysigings na behore te kommunikeer, het direk daartoe aanleiding gegee dat bykans die helfte van die OVS krygsmagte in die oorgawe van 30 Julie 1900 ingesluit is. Laastens wys die bespreking daarop dat die krygstrategie ook vir beskerming van persoonlike eiendom voorsiening gemaak het. Die

45 Vir 'n bespreking van die inperking van staatsgesag, sien hoofstukke 3 en 4, *supra*.

46 Sien onderafdeling 3, hoofstuk 1, *supra*.

aanwesigheid van persoonlike eiendom staan in direkte verband met vereistes gestel deur die *Krijgs- en Commandowet*.[47]

6.1 Die outeur van die krygstrategie

Die enigste verwysing na 'n moontlike outeur van die krygstrategie word in die herinneringe van hoofkommandant P.H. Roux en luitenant G. Boldingh gevind. Volgens Boldingh het 'n krygsvergadering enkele dae na afloop van die geveg by Bethlehem in die tent van die staatspresident plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid het die staatspresident die vergadering meegedeel dat hy enkele dae vantevore opdrag gegee het dat die krygsafdeling van Hattingh hulle by die OVS krygsmag in die Brandwaterkom moes aansluit. Hattingh en die kommando's van Harrismith en Vrede het tot op daardie stadium die passe in die Drakensberge bewaak. Voorts sou twee krygsafdelings die Brandwaterkom verlaat, terwyl een krygsafdeling in die Brandwaterkom sou agterbly.[48] Ongelukkig laat Boldingh na om te verklaar wie by die vergadering teenwoordig was. Daarmee saam ontstaan die vraag of die verwysing na 'n krygsvergadering hier korrek was en/of die verwysing nie ook op 'n vergadering van die krygskommissie van toepassing gemaak sou kon word nie. Boldingh het immers pas in die OVS gearriveer en met die militêre stelsel kennis gemaak.[49] Boldingh moet saam met die herinneringe van Roux gelees word. Roux verklaar dat die krygskommissie vir die formulering van 'n krygstrategie verantwoordelik was.[50] Die gedagte aan 'n vergadering in die tent van die staatspresident kan daarom moontlik op 'n kleiner vergadering dui waar alleen lede van die krygskommissie aanwesig was.

Sou bostaande aanname wel korrek wees, dat die krygskommissie die aanvanklike krygstrategie geformuleer het, sou sodanige krygstrategie later aan 'n krygsvergadering bekend gemaak moes word. Enkele bronne maak melding van so 'n vergadering, maar laat na om die inhoud van die vergadering te bespreek. So vermeld Hintrager 'n krygsvergadering wat op 11 Julie 1900 gehou is.[51] Hintrager

---

47 Wet 10/1899.

48 Boldingh, pp. 12-14. Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 6-8.

49 Dit is interessant dat nog 'n vrywilliger, Hintrager, ook die term krygskommissie met krygsraad verwar. Sien onderafdeling 3.2, hoofstuk 2, *supra* vir verdere bespreking.

50 VAB, A305: Roux, "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900".

51 Oberholster (red.), p. 63. Scholtz en Delport vermeld twee afsonderlike datums vir die krygsvergadering. Scholtz beweer dat die krygsvergadering op 9.7.1900 plaasgevind het. (Scholtz, "Strategiese oogmerke", p. 15.) As gesag verwys Scholtz onder andere na 'n telegram van De Wet aan die regering van die ZAR.

was egter nie 'n offisier nie en het nie die vergadering bygewoon nie. Sy herinneringe dien hier alleen ter bevestiging dat daar moontlik 'n krygsvergadering op die betrokke datum plaasgevind het. J.A.J. de Villiers verwys weer na 'n krygsvergadering wat op 15 Julie 1900 plaasgevind het.[52] Ongelukkig begin J.A.J. de Villiers se dagboekinskrywings eers op 12 Julie 1900 en is dit daarom onmoontlik om die Hintrager-datum, aan die hand van J.A.J. de Villiers se herinneringe, te bevestig of te weerlê. Volledigheidshalwe moet hier ook vermeld word dat J.A.J. de Villiers, behalwe vir 'n verwysing na Olivier, in gebreke bly om die inhoud van die vergadering van 15 Julie 1900 te meld. Aan die hand van J.A.J. de Villiers en Hintrager kan die afleiding gemaak word dat daar moontlik ten minste twee krygsvergaderings na afloop van die geveg by Bethlehem, en voor die vertrek van De Wet vanuit die Brandwaterkom, plaasgevind het. Meerdere vergaderings kan ook daarop dui dat daar in latere vergaderings besluit is om die krygstrategie te wysig.

Behalwe vir die datum van die telegram wat ook 9.7.1900 is, is daar geen verwysing na 'n krygsvergadering in die inhoud van die telegram nie. (TAB, Leyds 728/8: C.R. de Wet — S.J.P. Kruger, 9.7.1900 ontvang op 15.7.1900 (telegram).) Scholtz gaan voort en verwys ook na Boldingh as gesag vir die datum. Ongelukkig het Scholtz nagelaat om die betrokke bladsye in Boldingh aan te dui as verklaring vir dié datum. Boldingh verklaar wel dat 'n gedeelte van die OVS leër op 8.6.1900 deur Retiefsnek en Slabbertsnek getrek het (hierdie datum is duidelik verkeerd en behoort 8.7.1900 te lees) en dat twee of drie dae later 'n krygsvergadering plaasgevind het. (Boldingh, pp. 12-13.) Aan die hand van Boldingh kan aanvaar word dat twee of drie dae na afloop van die samekoms van die laer beteken dat 'n krygsvergadering op die vroegste op 10.7.1900 of 11.7.1900 plaasgevind het. Laastens vermeld Scholtz vir Grobler as bron vir die datum van die vergadering. (Grobler, pp. 55-56.) Grobler dien wel as bevestiging dat 'n vergadering tussen die staatspresident en A.M. Prinsloo plaasgevind het, maar vermeld ook geen datum vir die vergadering nie. Delport verwys weer na 'n krygsvergadering wat op 11.7.1900 plaasgevind het. Hoewel Delport nie na Boldingh verwys nie, lees die bewoording in sy verhandeling op die betrokke bladsy so dat dit moontlik Boldingh as bron vir die datum kan veronderstel. Daarmee saam vermeld Delport vir Boldingh as bron in 'n enkele voetnoot verder. Hierbo is reeds met Boldingh gehandel en aan die hand daarvan sou 11.7.1900 wel 'n datum van 'n krygsvergadering kon wees. Delport verwys wel na De Wet as gesag vir sy standpunt betreffende die datum. Die De Wet-uitgawe geraadpleeg bevat geen verwysing na 'n datum of krygsvergadering nie. (De Wet, p. 122.) Delport verwys ook na Van Everdingen as gesag vir die datum. Op die betrokke bladsy verwys Van Everdingen weer na Roux as bron. (Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 6.) Die finale kopie van die aantekeninge deur Roux aan Van Everdingen verskaf, kon ongelukkig nie gevind word nie. Die twee weergawes wel beskikbaar het egter geen verwysing na 'n datum van 'n krygsvergadering nie. Dit wil voorkom of Van Everdingen op hierdie punt ook eerder van Boldingh as gesag vir die datum gebruik maak. 'n Verdere bron wat deur nòg Scholtz nòg Delport oor die bepaling van die datum geraadpleeg is, is die van Hintrager. In 'n sydelingse opmerking verklaar Hintrager dat ene Strydom op 11 Julie 1900 deur De Wet na 'n krygsvergadering ontbied is. (Oberholtzer (red.), p. 62.) Aan die hand hiervan wil dit voorkom of 11.7.1900 wel die datum van 'n krygsvergadering kon wees. (Sien ook F. Pretorius, p. 21; Scholtz, “Generaal de Wet”, p. 223.) Die teenstrydige verklarings van Boldingh en Kriek oor die plek van die vergadering (tent of oop vlakte) word deur Pretorius gebruik om die Boldingh-weergawe (tent) eerder as die Kriek-weergawe te aanvaar, aangesien Boldingh, volgens Pretorius, uitdruklik verklaar dat hy die vergadering bygewoon het. (F. Pretorius, p. 25 (vn.).) Daarmee saam moet onthou word dat Boldingh se herinneringe kort na afloop van die oorlog gepubliseer is en dat Kriek aan die anderkant bykans vyftig jaar later oor die onderwerp skryf. Pretorius is tegnies korrek in sy afleiding oor die persoonlike teenwoordigheid van Boldingh. Kriek verklaar immers dat hulle op 'n afstand moes toekyk hoe die vergadering plaasvind. Tog kan hierdie waarneming van Kriek nie sondermeer verwerp word nie aangesien hy (Kriek) dit self op 'n afstand dopgehou het en daarom ook waargeneem het.

52 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 12.

Kriek beskryf 'n krygsvergadering van offisiere, wat in hierdie tyd op die plaas van H.S. Viljoen tussen Retiefsnek en Slabbertsnek gehou is.[53] Ongelukkig vermeld Kriek nie 'n datum nie. Sy herinneringe bevestig dus alleen dat 'n groter krygsvergadering plaasgevind het waar talle offisiere aanwesig was, en dat P.J. Fourie tydens hierdie groter vergadering as 'n veggeneraal aangestel is.[54] Brink verklaar ook dat 'n krygsvergadering besluit het dat alle toegangsroetes na Fouriesburg bewaak moes word. Voorts het hierdie vergadering ook besluit om die Ladybrand-kommando na Commandonek te stuur om daar verdedigende posisies in te neem.[55]

Hier moet ook vermeld word dat 'n krygsvergadering in hierdie tyd, volgens Roux en Malan, besluit het om De Wet as hoofkommandant of kommandant-generaal aan te wys.[56] In hierdie opsig mag Roux en Malan na die verkiesing van 'n hoofkommandant of kommandant-generaal verwys. Geen ander bron dui daarop dat daar wel so 'n verkiesing plaasgevind het nie. Nóg 'n krygsvergadering, nóg die krygskommissie het die bevoegdheid gehad om so 'n aanstelling te maak.

Kommandant Kolbe verwys ook na 'n krygsvergadering waar sowel die staatspresident as hoofkommandant De Wet teenwoordig was. Die herinneringe van Kolbe, Brink en adjudant S. Haasbroek verwys uitdruklik na die bespreking, en selfs moontlike formulerings van 'n krygstrategie, wat wel as deel van 'n krygsvergadering bespreek is.[57] Röhn verklaar weer dat die krygstrategie in 'n krygsvergadering bespreek is en die besluite, met betrekking tot die uitvoering van die krygstrategie,

---

53 H.S. Viljoen was die Volksraadlid vir die distrik Bethlehem, wyk Witteberge. (OVS, *Notulen der verrichtingen van den HED. Volksraad in zijne buitengewone zitting aanvangende op Donderdag, 21 September 1899*.) Volgens kommandant Van der Merwe was Kafferkop die naam van die plaas van Viljoen. Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 97.

54 OMBR, 6967/2: Kolbe-manuskrip, p. 316; VAB, A119/8: Kriek, p. 3. Dit interessant om hier te vermeld dat Kriek verklaar dat ene Bester, in die plek van Fourie as kommandant verkies is. Volgens De Wet was Fourie die kommandant van 'n gedeelte van die Bloemfontein-kommando. (De Wet, p. 55 (vn.).) Hieronder sal gesien word dat De Wet ten tyde van die vertrek van die hoofmag op 16.7.1900 vir Joubert en Kolbe as die kommandante van die Bloemfontein kommando aandui. (Sien onderafdeling 6.3.1, *infra*.). Kolbe het die oorgawe van die konvensionele magte vrygespring. Daarenteen vermeld 'n aanhangsel tot die amptelike verslag van Hunter, dat Joubert as die kommandant van die Modderrivier-distrik, Bloemfontein gevange geneem is. (TNA, WO 32/7998: "Statement regarding the number of Boers surrendering in the Caledon Valley".) Geen verdere verwysing na Bester of ter opheldering van die oënskynlike teenstrydigheid kon gevind word nie.

55 Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 81.

56 VAB, A305: "Boekie met aantekening"; Pieterse, p. 70. In 'n dagboekinskrywing van 16.7.1900 skryf Hintrager ook dat "[s]edert Christiaan de Wet die opperbevel voer, het daar reëlmaat ook in die trek gekom". (Oberholster (red.), p. 80.) Die dagboekinskrywing sou as stawing van die aanstelling van De Wet as opperbevelvoerder van die OVS krygsmag kon dien. Dit kan ook daarop dui dat De Wet as die bevelvoerder van dié onderafdeling of hoofmag aangewys is.

57 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 317-318; OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 1; VAB, A119/42, p. 2: J.N. Brink — *Die Volksblad*, 17.6.1949 (brief).

daar reëlmatig geneem is.[58] Dit is onmoontlik om te bepaal of bostaande besprekings alles die produk van een of meer krygsvergaderings was. Dit is seker dat 'n krygsvergadering wel gehou is en dat 'n krygstrategie ten minste daar bespreek is.

In ag genome die bevoegdheid van die krygskommissie is dit waarskynlik dat dié liggaam die outeur van die krygstrategie was en dat die groter krygsvergadering alleen oor die taktiek verbonde aan die krygstrategie vergader het.[59] Die krygskommissie was in omvang ook kleiner as 'n krygsvergadering en sou daarom moontlik met die vergadering in die tent van die staatspresident verbind kon word. Die groter krygsvergadering sou op sy beurt weer met die vergadering, soos deur Kriek vermeld, geassosieer kon word.

Die ander moontlikheid sou wees dat die krygstrategie die produk van die groter krygsvergadering was en dat die krygskommissie in wese bitter min daarmee te doen gehad het. Die teenwoordigheid van die krygskommissie op hierdie stadium, en moontlike invloede op die formulering van 'n krygstrategie, kan egter nie buite rekening gelaat word nie. Weer is dit onmoontlik om enige redelike afleiding betreffende die outeur van die krygstrategie te maak, vanweë die verlies en vernietiging van OVS amptelike dokumente.[60]

In teenstelling hiermee beskryf talle bronne die krygstrategie. Hierdie bronne word in twee oorhoofse groepe verdeel, naamlik bronne wat 'n aansienlike Brandwaterkom-krygsafdeling vir die beskerming van die Brandwaterkom vermeld, en bronne wat alleen na 'n klein wag of krygsafdeling verwys wat self die Brandwaterkom moes verlaat indien die Britse magte sou poog om die gebied te verower.

6.2 'n Prioriteit in die Brandwaterkom binne die krygstrategie?

Dit is duidelik dat die outeurs van 'n voortgesette krygstrategie met die vraag of dit nodig is om stelling in die Brandwaterkom te neem as òf die hoofbestanddeel, òf 'n blote onderdeel van die krygstrategie, gekonfronteer is. De Wet verklaar dat die teenwoordigheid van die OVS staatshoof, die uitvoerende raad, die grootste gedeelte van die krygsmag en ander lede van die regering binne die Brandwaterkom die taak van die Britse magte sou vergemaklik omdat dit die oorlogsgebied

58 OMBR, Röhn-versameling: “Bo-op en tussen die berge”, p. 10.
59 Vir 'n bespreking van die krygskommissie, sien onderafdeling 3.2, hoofstuk 2, *supra*.
60 Sien onderafdeling 3, hoofstuk 1, *supra*.

aansienlik sou verklein. Volgens De Wet: “En, daarom, toen het voorgesteld werd, dat wij op de bergen posities zouden innemen, gaf ik, met onomstootelijke reden, mijn besliste afkeuring daarvan.”[61] Wilson, die outeur van *After Pretoria: the guerilla war*, meen dat De Wet besef het dat die moontlikheid van gevangeneming in die Brandwaterkom groot was. Wilson gaan voort en verklaar dat die teenkanting teen die voorstel van De Wet daarin te vinde was dat die OVS mag in 'n uittog die gevaar van die verlies van honderde waens en duisende stuks vee ingesien het.[62]

Verder was die meerderheid van die OVS distrikte op hierdie tydstip van die oorlog in Britse hande, wat beteken het dat krygspligtiges daar onaktief en waardeloos vir 'n voortgesette, Vrystaatse oorlogspoging was. Die opdrag aan Roux, soos deur De Wet vermeld, het daarom die taak ingesluit om weer burgers tot kommandodiens op te roep.[63]

Dit wil voorkom of De Wet en ander offisiere dit nie eens betreffende die behoud van stellings in die Brandwaterkom was nie. Dit is egter bykans onmoontlik om te bepaal wie hierdie persone was en wat hulle standpunt oor die strategiese waarde van die Brandwaterkom in die voortgesette oorlog was. Röhn verklaar dat hy uit die gesprekke van offisiere en burgers kon aflei dat dié meningsverskil ernstige probleme vir die toekoms ingehou het.[64] Volgens Grobler, die skrywer van *Met die Vrystaters onder die wapen*, het A.M. Prinsloo die mening gehuldig dat daar binne die Brandwaterkom stelling ingeneem moes word.[65] Dit is belangrik om hier weer te vermeld dat De Wet met sy terugtog na die Brandwaterkom reeds die gedagte aan die ZAR regering geopper het om 'n wag of klein krygsafdeling van persone in die gebied, ter beskerming van die voedselvoorrade, te laat. Volgens De Wet was dit ook nie onmoontlik dat die gedagte reeds in die formulering van die krygstrategie

---

61 De Wet, p. 122; N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n lewensbeskrywing* 2, p. 62; C.C.J. Badenhorst, *Uit den Boeren-oorlog. 1899-1902: ervaringen en aanteekeningen van C.C.J. Badenhorst, ex-Asst.Hoofdcommd. der Westelijke Afdeeling van den Oranje-Vrijstaat. (Gestaafd door officiele Bescheiden.)*, p. 37. Sien ook Kritzinger en McDonald, p. 9; VAB, A305: “De overgawe van Prinsloo”, p. 2; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 6; J.D. Kestell, *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing*, p. 79; Maurice, 3, p. 295; J. Stamperius, *Met generaal de Wet in 't veld: “De Strijd tusschen Boer en Brit”, den Boerengeneraal C.R. de Wet naverteld*, p. 105.

62 Wilson, 3, p. 22.

63 De Wet, p. 123; OMBR, Röhn-versameling: *Bo-op en tussen die berge*, p. 9. Sien ook Delport, p. 157.

64 OMBR, Röhn-versameling: “Bo-op en tussen die berge”, p. 8.

65 Grobler gaan voort en verklaar dat die krygsonderafdeling uit Roux en M. Prinsloo sou bestaan. Die vraag ontstaan, na watter Roux verwys word: veggeneraal P.H. Roux of kommandant J.P. Roux van die Wepener-kommando. (Grobler, pp. 55-56.) Sien ook onderafdeling 6.3.2(d), *infra*, waar volledig met die Grobler alternatief gehandel word.

geopper en ingesluit was nie. Die krygstrategie, wat deur A.M. Prinsloo voorgestel is, was daarom niks nuut nie.[66]

Met reg sou die vraag gevra kon word waarom die behoud van stellings enigsins oorweeg is.[67] Op dié stadium van die formulering van 'n krygstrategie vir die voortsetting van die oorlog moes dit reeds 'n gegewe gewees het dat die inneem van stellings in die Brandwaterkom alleen tot die insluiting van OVS regering en krygsmag in die gebied aanleiding sou gee. Daar sou gevolglik weinig geleentheid vir ontsnapping wees. 'n Onsekere, toekomstige gebeurtenis sou die enigste moontlikheid vir die beëindiging van só beleg wees. Dit blyk dat die hoop bestaan het dat 'n buitelandse moondheid gedurende die beleg sou ingryp, of dat Brittanje se belange elders in die wêreld, soos byvoorbeeld in China, hom sou noop om sy aandag te verskuif. 'n Telegram van De Wet aan die ZAR-regering, sowel as die intelligensie-kommunikasie van die resident-kommissaris van Basoetoland aan die Britse opperbevelvoerder, getuig daarvan dat De Wet van verwikkelinge elders in die wêreld bewus was wat Brittanje moontlik kon noop om sy oorlogspoging in Suid-Afrika af te skaal.[68]

Voordat verder gegaan word met die bespreking van die formulering van 'n krygstrategie, is dit nodig om die moontlikheid van buitelandse ingryping te oorweeg. Die moontlikheid van buitelandse ingryping kon wel die neem van stellings in die Brandwaterkom regverdig. Wat so 'n moontlikheid betref, getuig M.T. Steyn, die staatspresident van die OVS ten tyde van die gebeure, dat hy nie veel hoop gehad het dat 'n buitelandse moondheid tussenbeide sou tree nie.[69] In die Volksraadsitting

---

66 TAB, Leyds 728/8: C.R. de Wet — S.J.P. Kruger, 9.7.1900 ontvang op 15.7.1900 (telegram); De Wet, p. 122. Sien ook Grobler, pp. 55-56.

67 Sien ook onderafdeling 3, *supra*.

68 Sien onder andere TAB, Leyds 728/8: C.R. de Wet — ZAR Regering: 9.7.1900 ontvang op 15.7.1900 (telegram); TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 11.7.1900 (telegram). Sien ook TAB, Leyds 734: "Oorlogsbericht, Machadodorp 15 Julie 1900, 4 uur namiddag", p. 58; TAB, Leyds 734: "Oorlogsbericht, Machadodorp, 17 Julie 1900, 3 uur namiddag", p. 62; TAB, Leyds 734, "Oorlogsbericht, Machadodorp 19 Augustus 1900", p. 96. Die staatspresident het in die Volksraadsitting van 2.4.1900 te kenne gegee dat 'n oorlog tussen Rusland en Groot Brittanje in Asië binne die afsienbare toekoms 'n werklikheid kon word. TNA, WO, 32/8092: "Translation of the minutes of the proceedings of the honrle [sic] Volksraad in the general sitting commencing on Monday, 2nd April, 1900, at 10 A.M."

69 "…besprak ik met [president Kruger] de wenselikheid om 'n deputatie naar Europa te zenden. Niet dat ik er veel van verwachte, anders dan dat het de burgers met nieuwe hoop en ten gevolge ook met nieuwe moed zou bezielen en dat het de Grote Mogendheden, die ik altijd beschouwd had als de bewaarders van internationaal recht en traktaten, uit de eerste hand met de waarheid zou bekend maken en op welke wijze de Genève-Konventie en het beschaafde oorlogsrecht door de Engelsen verbroken werden." Van der Merwe, 2, p. 53. Die staatspresident het vir C.H. Wessels, die voorsitter van die Volksraad, reeds in 1899 op 'n nie-amptelike reis gestuur om te bepaal of daar wel simpatie vir die saak van die republieke, ingeval van 'n oorlog, sou wees. Dit wil voorkom of Wessels in Julie 1899 die staatspresident meegedeel het dat Nederland wel simpatiek teenoor die republieke gestaan het. Wessels het voorts berig dat België weinig

van 2 April 1900 het die staatspresident verklaar dat hy reeds met die Duitse, Hollandse, Switserse en Franse konsuls in verband met die oorlog gekorrespondeer het. In antwoord hierop het die konsuls die staatspresident verseker dat hulle regerings alles in hulle vermoë sou doen om die vrede so spoedig moontlik te herstel.[70] Dit is interessant om hier ook na 'n gesprek tussen Hintrager en die staatspresident op 25 Julie 1900 te verwys. Volgens Hintrager het die staatspresident hom uitgevra na die gebeure in Europa. Hintrager het die staatspresident geantwoord dat daar geen moontlikheid van tussenkoms deur 'n Europese moondheid in die afsienbare toekoms was nie. Hierop het die staatspresident aangedui dat die republieke alleen hulle weg in die oorlog moes oopveg.[71]

Ook De Wet bevestig hierdie stelling: “Maar waarom werd de deputatie naar Europa gezonden? Was het omdat de regeeringen op interventie rekenden? Ik kan dit beslist tegespreken. Dit was iets dat noch de Vrijstaat, noch de Transvaal ooit van droomde […] Het doel was enkel en alleen dat de deputatie onze zaak voor de wereld zou brengen.”[72] Hierdie twee stellings getuig duidelik dat die verwagting van buitelandse tussenkoms nie bestaan het nie. Die hoop was daarom eerder dat die Britse regering elders in die wêreld met probleme sou worstel, en dat sodanige probleme hom sou noop om die oorlog tot 'n einde te bring. Daarenteen verklaar die seun van kommandant P.H. de Villiers dat sy vader, na die geveg by Bethlehem, aan die staatspresident gevra het waarom die oorlog voortgesit word. In antwoord hierop het die staatspresident geantwoord dat hy hulp van buitelandse moondhede verwag.[73] Rompel daarenteen verklaar dat die staatspresident nie die burgers met praatjies van tussenkoms bemoedig het nie.[74] Die ooglopende verskil is verklaarbaar deurdat die staatspresident gepoog het om P.H. de Villiers en sy burgers te bemoedig. Dit wil derhalwe voorkom of 'n finale OVS beleërde stelling in die

---

simpatie vir die republikeinse saak gehad het en dat sake in Frankryk van so 'n aard was dat daar nie veel steun verwag kon word nie. J. Haasbroek, “Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat: 1885-1924” (proefskrif), p. 162.

70 TNA, WO 32/8092: Translation of the minutes of the proceedings of the honrle [sic] Volksraad in the general sitting commencing on Monday, 2nd April, 1900, at 10 A.M.

71 Oberholster (red.), p. 90. Vir 'n verdere bespreking van die buitelandse ingryping in die oorlog, sien K. Wilson (red.), *The international impact of the Boer War*.

72 De Wet, p. 52.

73 OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers, “'n Kort lewenskets van oorlede kommandant Paul Hendrik de Villiers van Ficksburg, OVS” [hierna P.H. de Villiers-lewenskets], p. 2.

74 F. Rompel, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 83.

Brandwaterkom nie kon hoop op ontsetting deur die tussenkoms van 'n buitelandse moondheid nie.

Voorts sou die verkleining van die oorlogsgebied in die OVS, indien enige probleme in die Britse ryk ontstaan, die Britse regering eerder die hoop gegee het dat die Suid-Afrikaanse oorlog spoedig tot 'n einde gebring sou kon word. Dit sou selfs geleentheid bied om 'n gedeelte van die Britse leër, wat elders in die OVS onaktief was, te onttrek. Die oorlogsgebied sou daarom eerder vergroot moes word om sodoende die Britse regering te noop om meer troepe te stuur om die oorlog tot 'n einde te bring, of andersins om hulle oorlogsmoeg te maak, wat sodoende 'n gunstige OVS en ZAR vredes-onderhandelingsproses kon daarstel. De Wet se aanvoeling om die oorlogsgebied te vergroot was dus korrek. Daarmee saam het die besluit 'n belangrike volkeregtelike implikasie gehad deurdat die vergroting van die oorlogsgebied die effektiewe Britse besetting van die OVS sou frustreer. Daardeur kon bewys word dat die proklamering van die OVS tot Britse grondgebied duidelik voortydig, en daarom regtens gebrekkig was. Die vergroting van die operasionele gebied sou ook tot die herstel van staatsgesag aanleiding gegee het.

'n Langdurige, volskaalse beleg sou daarenteen die Britse veroweringsaanspraak versterk. Die Britse magte sou in die tyd van die beleg die res van die OVS effektief kon beset. Die aanvanklike gebrekkige aanspraak sou so reggestel kon word. Dit is duidelik dat die doel van die nuutgeformuleerde OVS krygstrategie daarom die herbesetting van die OVS, of frustrasie van die Britse besetting van die OVS, moes wees. Die beskerming van die graandistrikte was doelloos vir die ander OVS krygsafdelings wat hulle buite die Brandwaterkom bevind het indien 'n beleg van die Brandwaterkom-krygsafdeling wel sou plaasvind. Daarmee saam was die hoop op buitelandse tussenkoms in die oorlog gering en sou die verkleining van die OVS oorlogsgebied vanuit 'n militêre, sowel as 'n volkeregtelike perspektief gesien, tot die voordeel van die Britse leër wees.[75]

Daarom was die verwagting dat die Britse leër agter die uittrekkende krygsafdelings van die OVS sou aantrek en dat die OVS krygsafdeling, wat agtergelaat word, sodoende met rus gelaat sou word. Dan alleen sou dit wel moontlik wees om die voordeel van die behoud van die Brandwaterkom te benut. Indien dit nie gebeur het

[75] Sien onderafdeling 3, *supra*. Sien ook Delport, p. 157.

nie, moes 'n alternatief bestaan. Dit sou tog sinneloos wees om die stellings en 'n groot OVS krygsafdeling binne die Brandwaterkom te verloor.[76]

Dit is waarskynlik dat die prioriteit aan die Brandwaterkom niks met militêre oogmerke te doen gehad het nie, maar met die beskerming van vrouens, kinders, vee en waens. Hier is dit belangrik om daarop te let dat die eiendom, wat in die OVS oorlogspoging gebruik is, ook die eiendom van die burgers ingesluit het.[77] Die agterlaat van die eiendom sou natuurlikerwys die verlies van persoonlike eiendom vir offisiere en burgers beteken het. Die agterlaat van 'n krygsafdeling om die goedere te beskerm sou daarenteen aan uittrekkende kommando's bepaalde gemoedsrus verleen. Laasgenoemde word ook deur die oorlogskorrespondent, dr. J.A. Rubenkoning, beskryf wat gesprekke met krygsgevangenes, verbonde aan die voormalige verenigde Brandwaterkom-krygsafdeling, in Kaapstad gevoer het. Volgens Rubenkoning: "In hun bekrompen begeerte om deze geringwaardige bezittingen te redden hadden zij zich echter zoozeer in de nauwe bergpassen vastgewerkt, dat zij zich daaruit niet meer konden loswikkelen en ten slotte werden zij verrast door de actie van Hunter en Hamilton."[78] Hieronder word trouens gesien dat perde, osse, waens en karre die onderliggende hoofpunt in die oorgawe van 30 Julie 1900 was.[79]

Dit is belangrik om met verwysing na bostaande doelwit, ook na die gesamentlike krygsvergadering van die ZAR en OVS te Kroonstad te verwys. Die besluit word soos volg in 'n uittreksel uit die notule weergegee: "Die kommandos moeten zonder wagens uittrekken, en geene posities innemen om voor den vyand te wachten, maar zullen, waar de gelegenheid zich voordoet, den vyand aanvallen."[80] Die aanwesigheid van die groot aantal waens, sowel as die prioriteit wat aan die beskerming van persoonlike eiendom in die oorgawe van 30 Julie 1900 gegee sou

---

76 Volgens die tweede krygstrategie sou die Brandwaterkom-wag/krygsonderafdeling alleen die stellings behou indien die Britse magte nie tot aanval oorgaan nie. Indien so 'n aanval wel sou plaasvind, moes die Brandwaterkom-wag/krygsonderafdeling die gebied verlaat. (Sien onderafdeling 6.3.1(e), *infra*.) Die eerste krygstrategie maak geen voorsiening vir die einddoel van 'n moontlike beleg nie.

77 Sien artikels 37 en 48 (Wet 10/1899).

78 *Utrechtsch Provinciaal en Stedelijk Dagblad*, 30.9.1900.

79 Sien hoofstukke 10 en 11.

80 TAB, ZAR Kommandant-generaal-versameling (KG) 854: "Extract uit de Notulen van den Krygsraad, te Kroonstad vergaderd op Zaterdag, den 17de Maart 1900." Sien ook W.L. von R. Scholtz en I.M.E. Scholtz (reds.), "Dagboek van C.J. Asselbergs", *Christiaan de Wet-annale* 5, 1978, p. 50; Stamperius, p. 102. Sien ook Voet, wat duidelik verklaar dat 'n leër nie met onnodige swaar bagasie oorlaai moet word nie. G. van der Westhuizen, "J. Voet: die militêre reg uit die oorspronklike Latyn vertaal" (verhandeling) [hierna verwys as Voet], p. 166.

word, is duidelik in stryd met die besluit. Die inneem van stellings in die Brandwaterkom was ook duidelik in stryd met dié besluit.

6.3 Die geformuleerde krygstrategie

Die bespreking hierbo wys op die militêre en volkeregtelike noodsaak om die Brandwaterkom te verlaat. Die krygskommissie of krygsvergaderings sou in die lig van die sterk standpunt van veral De Wet genoodsaak wees om 'n krygstrategie te formuleer wat aan hierdie eise sou voldoen. Dit is belangrik om weer, soos reeds aangetoon, daarop te wys dat die geformuleerde krygstrategie twee alternatiewe benaderings, betreffende die belang van die Brandwaterkom, in die voortsetting van die oorlog weerspieël. Om die bespreking te vergemaklik, word onderskeid tussen die eerste krygstrategie (2 + 1 krygsafdelings) en tweede krygstrategie (3 krygsafdelings + 1 wag/krygsafdeling) getref. Die eerste verwys na die krygstrategie soos blyk uit die telegram van De Wet op 9 Julie 1900 aan die ZAR regering.[81] Die tweede verwys na die krygstrategie soos deur De Wet in sy boek, wat na afloop van die oorlog gepubliseer is, beskryf word.[82] Die krygsafdeling wat in die Brandwaterkom moes agterbly word as + 1 aangedui, terwyl die eerste getal die aantal krygsafdelings, wat die Brandwaterkom moes verlaat, aandui. Die meer algemeen bekende krygstrategie word in die herinneringe van De Wet gevind en gevolglik word dit eerste bespreek. Ten aanvang van die bespreking moet daarop gelet word dat die tweede krygstrategie 'n wysiging van die eerste krygstrategie was. Die eerste krygstrategie, soos deur De Wet in 'n telegram geformuleer, word hierna bespreek.

6.3.1 Die tweede krygstrategie (3 + 1)

(a) Die krygstrategie omskryf

De Wet beskryf die tweede krygstrategie soos volg: “[H]et werd toen besloten, dat al de commando’s, behalve ***een kleine wacht***[83] van achter de bergen uit zouden gaan.”[84] Dit wil voorkom of die tweede krygstrategie nie die besluit van De Wet was nie omdat hy nie na homself as die bron van die besluit verwys nie, maar na 'n

81 TAB, Leyds 728/8: C.R. de Wet — S.J.P. Kruger, 9.7.1900, ontvang op 15.7.1900 (telegram).
82 Sien De Wet, pp. 122-123.
83 My vetdruk en kursivering – vergelyk met die vetdruk en kursivering in die De Wet-telegram in onderafdeling 6.3.2(a), *infra*.
84 De Wet, p. 122.

onbekende persoon of instansie. Tog is dit interessant om daarop te let dat De Wet enkele bladsye verder soos volg skryf: “Zoo werd alles geregeld, en ik vertrok [...] verwachtende dat de generaals volgens mijne regeling, in overleg met de Regeering, mij volgen zou [...].”[85] Laasgenoemde getuig weer van die teendeel en skep die indruk dat De Wet self 'n belangrike rol, in oorleg met die regering, in die formulering van die tweede krygstrategie gehad het. Aan die hand van N.J. van der Merwe, die biograaf van Steyn, wil dit voorkom of die tweede krygstrategie aan die staatspresident bekend was, met uitsondering daarvan dat hy (die staatspresident) toestemming aan die Ficksburg-kommando verleen het om in die Brandwaterkom agter te bly.[86] Die ander kommando’s sou op hulle beurt weer elk aan 'n krygsafdeling toegesê word, wat deur 'n assistent-hoofkommandant aangevoer sou word. In totaal maak die tweede krygstrategie vir drie sodanige krygsafdelings, wat die Brandwaterkom moes verlaat, voorsiening.[87]

(b) Eerste krygsafdeling of hoofmag

Behalwe vir die klein wag/krygsafdeling, sou die OVS krygsmag in drie krygsafdelings, elk met 'n spesifieke operasionele gebied buite die Brandwaterkom, verdeel word. Die eerste krygsafdeling moes onder De Wet, bygestaan deur assistent-hoofkommandant P.R. Botha, na Kroonstad en Heilbron as operasionele gebied beweeg. Aangesien die staatspresident as die opperbevelhebber, en De Wet as die waarskynlike opperbevelvoerder van die OVS krygsmag, hierdie krygsafdeling vergesel het, kan hierdie krygsafdeling as die hoofmag beskryf word. Hierdie krygsafdeling het uit die volgende kommando’s en kommandante bestaan: Heilbron (kommandant L.P. Steenkamp), Kroonstad (kommandant F. van Aard) en Bethlehem (kommandant A.M. Prinsloo). Die volgende kleiner, losse afdelings is ook by die hoofmag gevoeg: Boshof (veldkornet C.C.J. Badenhorst), Griekwaland-Wes (veldkornet J.A. Van Zyl),[88] 'n groep Potchefstroomse burgers en die verkennerskorpse van kapteins D.J.S. Theron en G.J. Scheepers. Die hoofmag was in getalsterkte tussen 1 500 en 2 600 offisiere en burgers. Die uitvoerende raad en

85 *Ibid*., pp. 123-124.
86 Van der Merwe, 2, p. 62. Sien ook OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers-lewenskets, p. 2.
87 De Wet, pp. 122-123.
88 Die voorletters word ingevoeg aan die hand van F. Pretorius, p. 26.

ander lede van die regering sou saam met die staatspresident onder beskerming van die hoofmag die Brandwaterkom verlaat.[89]

(c) Tweede of Roux-krygsafdeling

'n Tweede krygsafdeling moes 'n dag na die vertrek van die hoofmag die Brandwaterkom onder die bevel van assistent-hoofkommandant P.H. Roux verlaat. Vir die doel van hierdie bespreking word na hierdie krygsafdeling as die Roux-krygsafdeling verwys. Die Roux-krygsafdeling sou uit die volgende kommando's en kommandante bestaan: Bloemfontein[90] (een afdeling onder kommandant P.J. Joubert en die ander onder kommandant W.J. Kolbe), Fauresmith (kommandant P.J. Visser), Bethulie (kommandant F.J. du Plooy), Wepener (kommandant J.P. Roux), Smithfield[91] (kommandant J.F. Potgieter), Thaba 'Nchu[92] (kommandant R. Crowther), Rouxville (kommandant J.H. Olivier) en Jacobsdal (kommandant H.P.J. Pretorius). P.H. Roux is bygestaan deur veggeneraals P.J. Fourie en C.C. Froneman. In totaal het die krygsafdeling uit ongeveer 2 000 offisiere en burgers bestaan. Die krygsafdeling moes in die rigting van Bloemfontein beweeg en van daar in die suidelike distrikte opereer.[93]

---

89 De Wet, p. 122; Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 85; VAB, A305: "De overgawe van Prinsloo", p. 2; Pienaar, p. 139; Maurice, 3, p. 295. Sien ook Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 37. Die redakteur het foutiewelik "M[arthinus]" Prinsloo se naam hier ingevoeg – A.M. Prinsloo, en nie Marthinus Prinsloo nie, het die hoofmag vergesel. Sien ook die volgende: J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's: mijne ervaringen als veldprediker*, pp. 58-59; Kestell, *Christiaan de Wet*, p. 79; Kritzinger en McDonald, p. 9; Boldingh, p. 13; VAB, 119/526: J.N. Brink (red.), "Oorlogsherinneringe van kolonel Corneel Johannes du Preez, D.T.D., D.S.O., oud-adjudant van president M.T. Steyn", p. 27; VAB, A119/8: Kriek, p. 4; Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 81; VAB, A119/42 p. 2: Brink — Volksblad (brief); Brink, *Oorlog*, p. 255: W.J. Hefer "Vlugtige sketse van oorlogsondervindinge en avonture van oud-luit. Willie J. Hefer" [hierna verwys as "Hefer"]; J.H. Coetzee (red.), "H.S. van der Walt: oorlogsdagboek", p. 124; Ver Loren van Themaat, p. 142; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 7-9, 32; Amery (red.), 4, p. 316; Stamperius, p. 105. Sien ook J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902.* Die vorige hoofstuk het reeds met die posisie van die staatspresident, regering en uitvoerende raad gehandel. Sien onderafdeling 2, hoofstuk 4 *supra.*

90 Die distrik Bloemfontein het uit meerdere wyke, en daarom meerdere veldkornetskappe, bestaan. Volgens Hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijsaat* is daar nie vir meerdere kommandante vir die distrik voorsiening gemaak nie.

91 Hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* verwys nie na Smithfield as 'n distrik nie. Die kommandantskap het daarom nie in terme van wetgewing bestaan nie.

92 Hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* verwys nie na Thaba 'Nchu as 'n distrik nie. Die kommandantskap het daarom nie in terme van wetgewing bestaan nie. Die wyk Moroka het wel as deel van die Bloemfontein distrik bestaan. (Hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* soos gewysig deur Wet Wet 14 van 1894 en Wet 25 van 1894.) Volgens Hunter was Crowther ook die kommandant van die Moroka-kommando. TNA, WO 32/7998: "Statement regarding the number of Boers surrendering in the Caledon Valley".

93 De Wet, pp. 122-123; VAB, A305: "De overgawe van Prinsloo", p. 2. Sien ook Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 87-88; Kestell, *Met den Boeren-commando's*, pp. 58-59; Kestell, *Christiaan de Wet*, p. 79; Kritzinger en McDonald, p. 9; Boldingh, p. 13; VAB, A119/8: Kriek, p. 4; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 7, 32; Stamperius, p. 105. Sien ook sien Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)*. In teenstelling met bostaande meld Amery dat die bevelvoerder van die Bloemfontein-kommando, Du Plooy was, en dat Olivier die kommandant van Thaba 'Nchu was. Amery (red.), 4, p. 316.

(d) Derde of Hattingh-krygsafdeling

Die derde krygsafdeling was na alle waarskynlikheid tydelik onder die bevel van veggeneraal J. Crowther.[94] Hierdie krygsafdeling moes op dieselfde dag as die Roux-krygsafdeling in die rigting van Bethlehem beweeg en hulle dan by die krygsafdeling onder bevel van Hattingh aansluit. Vir doeleindes van die bespreking word na hierdie krygsafdeling as die Hattingh-krygsafdeling verwys. Die Hattingh-krygsafdeling het uit die volgende kommando's en kommandante bestaan: Ficksburg (kommandant P.H. de Villiers), Ladybrand (kommandant P. Ferreira[95]), Winburg (kommandant S. Haasbroek) en Senekal[96] (kommandant G.S. van der Merwe), Harrismith (kommandant H.A. Truter) en Vrede (waarnemende kommandant Strijdom).[97] Die opdrag aan die Hattingh-krygsafdeling was om in die noordoostelike distrikte van die OVS te opereer.[98]

Die toevoeging van die Winburg-kommando tot die derde krygsafdeling is besonder insiggewend. In die volgende hoofstuk word aangevoer dat M. Prinsloo steeds die kommandant van die Winburg-kommando was nadat hy sy rang as hoofkommandant van die Drakensberg-krygsafdeling bedank het.[99] Die vraag sou

---

94 Dit is interessant om daarop te wys dat twee Crowthers binne die Brandwaterkom was. Die eerste was veggeneraal J. Crowther. Volgens Brink, die adjudant van veggeneraal J. Crowther, is hy na die dood van veggeneraal I.A. de Villiers in De Villiers se plek as veggeneraal aangestel of verkies. Voorts was daar kommandant R. (Bob) Crowther, wat die Thaba 'Nchu-kommando aangevoer het. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 58, De Wet, p. 122. Volgens Malan was R. Crowther 'n lid van die Ladybrand-kommando. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902,* p. 71.

95 J. Crowther was tot en met sy aanstelling of verkiesing as veggeneraal die kommandant van die Ladybrand-kommando. Volgens herinneringe, waarvan die outeur onbekend is, is Chrisjan Muller as kommandant in die plek van Crowther aangewys. (OMBR, 4310/3: "Dagboek van 'n onbekende persoon".) Die verdere inskrywings in die dagboek verwys nie na Ferreira nie. Daarenteen vermeld 'n aanhangsel tot die amptelike verslag van Hunter dat Ferreira as die kommandant van die Ladybrand-kommando gevange geneem is. (TNA, WO 32/7998: "Statement regarding the number of Boers surrendering in the Caledon Valley".) Geen verdere verklaring ter opheldering van die oënskynlike teenstrydigheid kon gevind word nie.

96 Hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* verwys nie na Senekal as 'n distrik nie. Die kommandantskap het daarom nie in terme van wetgewing bestaan nie. Sien ook onderafdeling 2.1, hoofstuk 6, *infra*.

97 Die name van Strijdom en Truter word aan die hand van Kestell, *Met den Boeren-commando's*, pp. 70-74 ingevoeg.

98 De Wet, p. 123; VAB, A305: "Boekie met aantekeninge"; Kestell, *Met den Boeren-commando's*, pp. 58-60; Amery (red.), 4, p. 316. Sien ook Kestell, *Christiaan de Wet*, pp. 79 - 80; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 7, 32-33. De Wet vermeld dat Haasbroek die kommandant van die Winburg-kommando was. Daarenteen maak Amery geen melding van Haasbroek nie. Amery verklaar dat die totaal van Crowther se krygsonderafdeling 500 burgers was. Wanneer gekyk word na slegs die getalle van die kommando's van Ficksburg en Ladybrand, soos deur Roux op 5 Julie 1900 aangegee, wil dit voorkom of Amery fouteer: Ficksburg (400) en Ladybrand (410). Wat Senekal betref is dit aan die hand van Roux moeiliker om te bepaal aangesien Roux geen melding van so 'n kommando maak nie. Roux verwys wel na die Winburg-kommando wat hy op twee plekke in dieselfde bron as onderskeidelik 800 en 420 burgers aangee. Die groter getal mag moontlik na Winburg verwys terwyl die kleinere getal weer na Senekal kan verwys. Dit is egter nie seker nie. Aan die hand van die getalle moes die getalsterkte van die aanvanklike Crowther krygsonderafdeling daarom veel meer as 500 burgers gewees het.

99 Sien ook onderafdeling 2, hoofstuk 6, *infra*.

daarom wees of Haasbroek as kommandant van die kommando waargeneem het terwyl M. Prinsloo bevel van die kleinere wag/krygsafdeling moes neem.

Wat Haasbroek betref, is dit nodig om hier sy posisie te oorweeg. Die posisie van Haasbroek staan ook in noue verband tot die statusvraagstuk, wat oor die posisie van Prinsloo bestaan het.[100] Van der Walt skryf in sy dagboek dat Haasbroek hom genader het om by 'n vrywilligerskorps aan te sluit, wat hy ook gedoen het. Hy verwys na die korps as "De Vreije Corps".[101] C.P. Pretorius bevestig die gebeure en verklaar dat hy (Pretorius) en 30 burgers van die veldkornetskap Middel-Modderrivier by die vrywilligerskorps aangesluit het. Pretorius verklaar in ooreenstemmimg met Van der Walt dat Haasbroek toestemming van die krygsraad ontvang het om 'n korps van vrywilligers op die been te bring.[102]

Boldingh beskryf die kommando van kommandant Charles Haasbroek as "een commando van burgers, die zich allen vrijwillig bij hem hadden aangesloten [...]."[103] Geen verwysing kon gevind word na 'n kommandant Charles Haasbroek wat gedurende hierdie tyd diens in die OVS kommando's gedoen het nie. Die gevolglike afleiding is dat Boldingh met die naam fouteer en dat hy (Boldingh) na die kommando van Sarel Haasbroek verwys. J.A.J. de Villiers verwys na die kommando van Haasbroek as 'n los kommando.[104] Roux verwys na die Haasbroek-kommando as "een commando van allerlei", wat onder die bevel van Haasbroek gestaan het.[105] Haasbroek se seun verklaar ook dat die Haasbroek-kommando direk onder die regering gestaan het en daarom aan geen krygsvergadering onderhewig was nie.[106]

Standaardwerke bevestig die beskrywing van De Wet deur na Haasbroek as die kommandant van Winburg te verwys.[107] Die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* daarenteen bevestig die beskrywing van Haasbroek as kommandant van 'n vrywillige korps.[108] Vir doeleindes van die bespreking word hier aanvaar dat standaardwerke in hierdie opsig verkeerd is en dat Haasbroek oor 'n vrywillige korps, en nie die

---

100 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 3, hoofstuk 6, *infra*.

101 Coetzee (red.), p. 122.

102 OMBR, 6024/1, C.P. Pretorius, p. 3.

103 Boldingh, p. 14.

104 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 36.

105 VAB, A305: "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900". Sien ook VAB, A305: "De overgawe van Prinsloo", p. 2.

106 OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 3.

107 Sien onder andere P.H.S. van Zyl, *Die helde-album: verhale en foto's van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd*; Amery (red.), 4, p. 316.

108 Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3, p. 373.

kommando van Winburg nie, bevel gevoer het. In die volgende hoofstuk word ook die bevel van Van der Merwe en die Senekal-kommando ondersoek.[109] Vir doeleindes van dié studie word hieronder na die kommando van Van der Merwe as die Senekal-kommando (en nie die Winburg-kommando nie), en die kommando van Haasbroek as die Haasbroek-kommando (en nie die Winburg-kommando nie) verwys.[110]

(e) Die wag of Brandwaterkom-krygsafdeling

Volgens De Wet was daar 'n vierde wag/krygsafdeling (of te wel die + 1 wag/krygsafdeling) bestaande uit die burgers van die Bovenwijk Wittebergen, wat onder die bevel van M. Prinsloo binne die Brandwaterkom moes agterbly. Dit is belangrik om daarop te let dat die wyk nie kragtens die bepalings van Hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* bestaan het nie.[111] Artikels 2(A) en 2(S) verwys wel na die wyk Wittebergen (deel van die Bethlehem-kommando) en die wyk Onder-Wittebergen (deel van die Winburg-kommando). Die veronderstelling hier is dat De Wet na die wyk Wittebergen as onderdeel van die Bethlehem-kommando verwys, aangesien hy self die wyk met die Bethlehem-kommando verbind. Volgens die staatspresident het hierdie wag/krygsafdeling ook die Ficksburg-kommando ingesluit.[112]

Die wag/krygsafdeling het opdrag ontvang om in drie te verdeel en die toegangsroetes te Slabbertsnek, Retiefsnek en Nauwpoort na die Brandwaterkom en Caledonvallei te bewaak. Dit het die beskerming van groot getalle vlugtelinge, vee en ander eiendom in die Brandwaterkom ten doel gehad. Kestell sluit ook Commandonek in die taakstelling van die wag/krygsafdeling in. Laasgenoemde dien ook as verklaring vir die toestemming wat deur die staatspresident aan die Ficksburg-kommando verleen is om nie saam met Crowther, soos deur De Wet aangedui, uit te trek nie.[113]

Dat die Brandwaterkom-krygsafdeling uit verskeie kommando's en nie alleen 'n veldkornetskap bestaan het nie, soos deur De Wet in sy boek beweer word, blyk

---

109 Sien onderafdeling 2.1, hoofstuk 6, *infra*.

110 Sien onderafdeling 2, hoofstuk 6, *infra*.

111 Soos gewysig deur Wet 14 van 1894 en Wet 25 van 1894.

112 De Wet, p. 123; Van der Merwe, 2, p. 62; Kestell, *Met den Boeren-commando's*, pp. 58- 59; Kestell, *Christiaan de Wet*, p. 80.

113 De Wet, p. 123; Van der Merwe, 2, p. 62; Kestell, *Met den Boeren-commando's*, pp. 58-59; Kestell, *Christiaan de Wet*, p. 80.

duidelik uit 'n skrywe van 3 Augustus 1900 van De Wet aan M. Prinsloo: “Daar gy [M. Prinsloo] slechts als Waarnemende Hoofd aangesteld werd over ***de paar kleine afdelinge***[114] die de passen moesten bewaken.”[115] Volgens De Wet is voorts opdrag gegee dat hierdie wag/krygsafdeling geen waens moes hê nie om sodoende makliker hulle weg deur die berge te vind indien die Britse magte in groot getalle sou probeer om die toegangsroetes te verower. Juis om hierdie rede het De Wet van 'n veldkornetskap gebruik gemaak aan wie die gebied goed bekend was. Wat die bevelvoerder van hierdie wag/krygsafdeling betref, vermeld De Wet dat “den heer Marthinus Prinsloo” bevel daaroor gevoer het.[116]

Met reg kan die vraag gevra word of De Wet in werklikheid nie hierdie klein wag/krygsafdeling wou gebruik om die Britse magte se aandag vas te vang, en sodoende self 'n geleentheid vir die ander krygsafdelings te skep om die gebied te verlaat nie. Rubenkoning beskryf die hoofmag as 'n keurbende. Hy verklaar voorts dat De Wet weinig vertroue in M. Prinsloo en die agterblywende kommando’s gehad het.[117] Kestell bevestig ook die gedagte dat die agterblywende kommando’s moontlik gebruik kon word om die aandag van die uittrekkende hoofmag af te lei. Volgens Kestell: “Die gedagte van De Wet was ook dat die wag die aandag van die Engelse vir eers sou trek, sodat die ander krygsafdelings eers 'n bietjie uit die hande kon kom.”[118] Volgens die herinneringe van kommandant A.M. Prinsloo het hy die staatspresident versoek dat al die beste kommando’s nie die Brandwaterkom moes verlaat nie, en het die staatspresident hom soos volg op die versoek geantwoord: “Ons sal hier genl. Marths. Prinsloo met 'n wag laat en moet hy sien om klaar te kom.”[119]

De Wet antwoord soos volg op 'n moontlike beskuldiging dat hy die krygsafdeling van Prinsloo gebruik het om die aandag van sy eie poging om die Brandwaterkom te verlaat, af te trek: “[I]k was van mening dat, na al de commando’s van achter de bergen uitgetrokken waren, de Engelschen zich niet erg, in alle geval met een geen

---

114 My kursivering en vetdruk.

115 VAB, A90: C.R. de Wet — M. Prinsloo, 3.8.1900 (afskrif van brief).

116 Van der Merwe, 2, p. 62; De Wet, p. 123; Kestell, *Met den Boeren-commando’s*, pp. 58-59; Kestell, *Christiaan de Wet*, p. 80.

117 *Utrechtsch Provinciaal en Stedelijk Dagblad*, 30.9.1900.

118 Kestell, *Christiaan de Wet*, p. 80. Ten opsigte van die beskuldiging teenoor De Wet, naamlik dat hy die onderafdeling van M. Prinsloo wou gebruik om die aandag van sy eie ontsnapping af te trek, sien Amery (red.), 4, pp. 317-318; A.P.J. van Rensburg, “Die skandkol wat nie wou toegroei nie”, *Huisgenoot*, 8.8.1969, p. 20.

119 *Die Volksblad*, 15.6.1926: A.M. Prinsloo-herinneringe.

groote macht, zich met de wacht zou bemoeien."[120] Daarmee saam verklaar die staatspresident ook dat "genl. De Wet en ik eerst door de vijand zouden breken en dat zodra dat gedaan was, wij de vijand in kennis daarmede zouden brengen, om zodoende de vijand achter ons aan te lokken en daardoor de druk op de bergpassen te verminder, zodat generaals Roux en Crowther gemakkelijker konden doorbreken."[121]

Die gedagte was dus dat die vertrek van die staatspresident, uitvoerende raad en lede van die regering vanuit die Brandwaterkom streng geheim gehou sou word, en dat na afloop van die suksesvolle uittrek kennis van die staatspresident, uitvoerende raad en regering se teenwoordigheid by die hoofmag aan die Britse magte gelek sou word. Die veronderstelling was dat die moontlike gevangeneming van die staatspresident, uitvoerende raad en lede van die regering vir die Britse magte veel meer werd sou wees as die gevangeneming van die Brandwaterkom-wag/krygsafdeling. Van Everdingen, die outeur van *De oorlog in Zuid-Afrika*, beskryf hierdie handelswyse van die staatspresident as besonder dapper.[122] Van Everdingen mag wel korrek wees, maar sy aanname, sowel as dié van die staatspresident, De Wet en Boldingh bevat in een opsig 'n wesenlike mistasting, naamlik dat die volkereg vir die verowering van 'n gebied effektiewe besetting daarvan vereis. Ten einde besetting te voltooi moes die Britse magte nog Fouriesburg, Harrismith en Vrede, en die gebiede daaromheen, as die laaste OVS onbesette gebied beset.

In die gebeure wat volg is dit duidelik dat die krygsafdelings in die Brandwaterkom nie kennis van die gewysigde krygstrategie gekry het nie. Dit het op sy beurt beteken dat die OVS krygsmag bykans in die gebied vasgekeer is. Die aanwesigheid van die twee krygsafdelings het dit moontlik gemaak om met die meerderheid van die OVS krygsmag af te reken, en die dorpe te beset. Die besetting van die gebiede, tesame met die oorgawe van twee krygsafdelings, sou beteken dat die Britse magte moontlik aan die vereistes vir verowering kon voldoen. Hier is daarom reeds sterk aanduidings van ernstige pligsversuim indien dit sou blyk dat die krygstrategie nie na behore gekommunikeer is nie.

---

120 De Wet, p. 123; OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 2.

121 Van der Merwe, 2, p. 62.

122 Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 7-8; Keulemans, pp. 14-15 (vn.) soos vervat in Boldingh [Die aantekeninge van Keulemans verskyn as kommentaar in die vorm van voetnote tot die beskrywing van G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*. Vir doeleindes van die studie word na Keulemans as 'n afsonderlike bron verwys om sodoende 'n duidelike onderskeid tussen die weergawes van Boldingh en Keulemans te tref]; Boldingh, p. 14; Pienaar, p. 138.

6.3.2 Die eerste krygstrategie (2+1)

De Wet as die waarskynlike opperbevelvoerder van die OVS krygsmag het ten doel gehad om die krygsmag in vier krygsafdelings, of te wel 3 + 1, te verdeel.[123] Hierbo is reeds melding gemaak van die eerste krygstrategie, wat 'n variasie van die tweede krygstrategie stel, naamlik 'n 2 + 1 en nie 3 + 1 verdeling van die OVS krygsmag nie. In die bespreking wat volg sal dit duidelik blyk dat die tweede krygstrategie nie noodwendig aan alle offisiere en burgers bekend was nie, òf dat sodanige offisiere en burgers doelbewus, òf by implikasie, versuim het om die bevele verbonde aan die tweede krygstrategie uit te voer. In die doelbewuste verontagsaming van die bevel sou daar moontlik ook aanklagte van pligsversuim teen bepaalde offisiere aanhangig gemaak kon word. Hierdie, sowel as ander aanklagte, word volledig in hoofstuk 12 behandel.

Die versuim om die opdrag uit te voer word deur talle bronne oor die hoof gesien, terwyl hulle bespreking eerder òf op De Wet, òf op Prinsloo, òf op Roux toegespits word. Die gevolg is dat 'n belangrike punt in die gebeure binne die Brandwaterkom oor die hoof gesien word, naamlik die verskil tussen die tweede en eerste krygstrategie. Voordat met die bronne gehandel word is dit nodig om die eerste krygstrategie te verduidelik en aan te dui hoe dit van die tweede krygstrategie verskil het. In die loop van die bespreking wat volg, sal ook na ander offisiere en burgers verwys word, wat alleen kennis van die eerste krygstrategie getuig.

Voordat hierdie groep persone bespreek word, is dit nodig om eers die eerste krygstrategie te omskryf. Hierdie krygstrategie is van besondere belang. In die gebeure wat volg word gesien dat talle offisiere hierdie krygstrategie tot uitvoer gebring het. Dit beteken dat 'n persoon of instansie versuim het om die gewysigde krygstrategie na behore te kommunikeer. Hierdie versuim het die OVS oorlogspoging tot die Brandwaterkom beperk. Vir die Britse magte was dit daarom moontlik om met die twee krygsafdelings binne die Brandwaterkom af te reken, die gebied te beset en daarmee met die effektiewe besetting van die OVS voort te gaan. Die onderwerping van die OVS krygsmag, sowel as die besetting van die hele OVS, was dus vir die eerste keer binne die bereik van die Britse mag.

---

123 Sien onderafdeling 6.3.1, *supra*.

(a) Die krygstrategie omskryf

Die eerste krygstrategie word in 'n telegram van De Wet aan die ZAR-regering gevind, en word soos volg deur De Wet op 9 Julie 1900 verduidelik: “De kommandos van Drakensberg[124] zijn nu hierheen georderd & reeds op weg. Zoodra zij aangekomen gaan wij dadelik weer in twee sterk komandos verschillende richtingen om de spoorweg communicatie weer op nieuw te vernietigen.”[125] De Wet verduidelik dat hy verplig was om na Retiefsnek terug te val om “ons van een goede voorraad meel enz te voorzien & der burgers met zwakke of geheel zonder paarden hier bij ons lager te laten & anderen met sterkere paarden in hunne plaats te nemen alsook ***een sterk komdo hier te laten***[126] om zoveel mogelijk het graan waarvan in de omtrek een tamelijk groote voorraad is te beschermen [...].”[127] Kommandant W.J. Kolbe gee inhoud aan die krygstrategie en word daarom hier verbatim aangehaal: “Toen hielden wij een Krijgsraad. President Steijn en hoofcomedant C.R. De Wet was er ook bij. Toen was het plan dat Hoofcomedant De Wet en de Preszedent met 2000 (twee duizend man) zoude uitgaan naar het noorden. En dat assistent Hoofcomedant Martiens Prinsloo met ***2000 man***[128] moest achter blijven om de nekken te bewaken en om de veihand te beleeteen om na Fouriesburg in te treken. Assistent Rouxes met 2000 duizend man moet op trekken na het westen in de nabijheid van Brandfort Bloemfontein.”[129] Ook Roux skryf soos volg: “De krigscom. besloot dat 2 com. uit trekken zouden één naar’t noorden ond. CR de W. & een ond. Hfd. VechtGen. P.H.R. die tot assist Hfd. comdt. aanwysd werd. Comdt. M. Prinsoo zou als assist Hfd. Com. de commandos v. Ladybr. Ficksburg, Winburg[130] & een commando van allerlei ond. Comdt. Haasbroek zouden onder aanvoering van A.H.Comdt. Prinsloo & generaal Crowther achterblijven ten einde de nekken te bewaken & aangezien de commados van Harrismith & Vrede onder gen. Hattingh gevaar liepen van achter aangevallen te worden trekken zij terug met’t doel zij bij

---

124 Die kommando’s van Harrismith en Vrede aangevoer deur Hattingh.

125 TAB, Leyds 728/8: C.R. de Wet — S.J.P Kruger, 9.7.1900, ontvang op 15.7.1900 (telegram).

126 My vetdruk en kursivering - vergelyk met die vetdruk en kursivering in die De Wet-telegram in onderafdeling 6.3.1(a), *supra*.

127 TAB, Leyds 728/8: De Wet — ZAR Regering, 9.7.1900 ontvang op 15.7.1900 (telegram).

128 My vetdruk en kursivering - vergelyk met die vetdruk en kursivering in die De Wet-telegram in onderafdeling 6.3.1(a), *supra*.

129 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 317-318.

130 Die verwysing hier moet die Senekal-kommando lees. Sien onderafdeling 2, hoofstuk 6, *infra*.

Prinsloo aan te sluiten [...]."[131] Dit is insiggewend dat Roux in sy rowwe aantekeninge verklaar het dat Prinsloo as 'n assistent-hoofkommandant aangestel is.[132]

Dit is gevolglik duidelik dat die gewysigde krygstrategie nie na behore gekommunikeer is nie. Die versuim om dit te doen is ook die oorsaak vir die mislukking daarvan. Die bekendheid van die krygstrategie aan Hattingh aan die buitekant van die Brandwaterkom, en die onbekendheid daarvan aan offisiere binne die Brandwaterkom, het beteken dat drie krygsafdelings nie meer gekoördineerd aan dieselfde krygstrategie gewerk het nie. Hierdie gebrek het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat die Roux-krygsafdeling ook nie uitvoering aan sy opdrag om uit te trek gegee het nie. Gevolglik het drie krygsafdelings hulle in die onmiddellike omgewing van die Brandwaterkom bevind. Sodoende is die tafel vir die oorgawe gedek. Daarmee tesaam is die oorlogsgebied nie uitgebrei nie, en het die uittrek van die hoofmag onder bevel van De Wet geen werklike doel gedien nie.

(b) Die wysiging van die krygstrategie

Die opdrag aan die krygsafdeling van Hattingh om die Brandwaterkom binne te trek word deur talle dagboeke, herinneringe en manuskripte bevestig.[133] Die kommando's van Harrismith en Vrede het egter teen die opdrag beswaar aangeteken en aangevoer dat hulle vertrek hul onderskeie distrikte aan plundery deur die Britse magte en swart stamme sou blootstel. Na korrespondensie oor die betrokke aangeleentheid het die staatspresident 'n toegewing gemaak deur toe te laat dat 'n klein afdeling, onder bevel van waarnemende hoofkommandant I.J. Meyer, vir die beskerming van die distrikte agtergelaat kon word. Die res van die Drakensberg-krygsafdeling is egter gelas om so spoedig moontlik by Nauwpoort aan te sluit.[134]

Die aanstelling van Meyer as 'n waarnemende hoofkommandant is insiggewend. De Wet verklaar dat 'n gewysigde militêre reg met een hoofkommandant as opperbevelvoerder van die OVS krygsmag, bygestaan deur assistent-hoofkommandante as krygsafdelingbevelvoerders, die 1899-posisie vervang het.[135]

---

131 VAB, A305: "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900".

132 *Ibid*.

133 Sien onderafdeling 6.3.2(a), *supra*, waar reeds met die bronne gehandel is.

134 Kestell, *Met de Boeren-commando's*, pp. 58-59; Boldingh, pp. 13, 15-16; TAB, Leyds 728/7: A.B. Roberts — G. Meyer, 8.7.1900 (telegram); TAB: Leyds 728/8: C.R. de Wet — S.J.P. Kruger, 9.7.1900, ontvang op 15.7.1900 (telegram); *De Bazuin*, 24.7.1900. Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 6-7; Scholtz, "Generaal de Wet", p. 224.

135 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

Dit is duidelik dat die verwysing na Hattingh en Meyer as waarnemende hoofkommandante moeilik binne die verwysingsraamwerk van so 'n gewysigde opperbevel ingepas kan word.[136]

Die versuim van die krygsafdeling van Hattingh om dié opdrag van die staatspresident uit te voer, het waarskynlik ook tot die wysiging van die eerste krygstrategie aanleiding gegee, om sodoende die tweede krygstrategie daar te stel. Hierdie wysiging in die krygstrategie word deur Kestell soos volg omskryf: “Toen de President met Generaal de Wet een weinig later door Slabbertsnek ging, werd het bepaald dat Generaal Hattingh blijven zou ergens te Langberg [...] en dat Generaal Crowther op denzelfden dag als Generaal Roux zich ergens te Witkop moest begeven, zich onder waarnemend Hoofdcommandant Hattingh stellen, en dan zich bezig houden in de districten van Vrede en Harrismith. Door den ongelukkigen geest, echter, die onmiddellijk na het vertrek van den President, onder de officieren achter de Roodebergen geboren werd, kwam van dit alles niets.”[137] Later sou De Wet ook by implikasie van 'n gewysigde krygstrategie melding maak. Hierdie wysiging verskyn in die vorm van 'n oorlogsberig op 16 Augustus 1900 in Machadodorp: “Sedert ik [De Wet] Ued. van uit Bethlehem, ongeveer twee weken geleden, een overzicht gaf van de gebeurtenissen alhier, hebben wij onze Commandos in drieën-verdeeld [...] Wij hopen met onze drie Commandos in staat te zijn, spoor- en telegraafcommunicatie gedurig te storen en zoo mogelijk gebroken te houden en den vijand op elk gebied te bevechten.”[138]

Bostaande aanhaling, en dié van Kestell, dui op 'n gewysigde krygstrategie. Dit is egter onseker of De Wet in bostaande aanhaling na 'n 3 + 1-krygstrategie of moontlik 'n gewysigde krygstrategie verwys het, naamlik drie krygsafdelings sonder 'n wag/krygsafdeling vir die Brandwaterkom. Wat wel seker is, is dat De Wet drie

---

136 P.R. Botha verwys ook na hom in 'n telegram wat in dieselfde tyd versend is as 'n assistent-generaal. Laasgenoemde amp of rang het nie binne die raamwerk van die gewysigde militêre reg bestaan nie. TAB, Leyds 758/1: P.R. Botha — L. Botha, S.A. (telegram).

137 Kestell, *Met de Boeren-commando's*, pp. 58-59 (vn.). Sien ook Scholtz, “Generaal de Wet”, p. 224.

138 TAB, Leyds 734, p. 91: *Extra Oorlogsbericht Machadodorp, 15 Augustus, 9 nam*. Verifikasie vir die beskrywing word ook in die herinneringe van Röhn gevind, wat verklaar dat De Wet “positiewe maatreëls [geneem het] in sy eie plan te mag uitvoer. Daartoe beveel hy dat sy hele strydmag in drie onderonderafdelings die berge sal verlaat”, OMBR, Röhn-versameling: *Bo-op en tussen die berge*, pp. 9-10. Dit is belangrik om daarop te let dat Röhn geen melding van die kleiner wag maak nie. Hieruit sou die afleiding gemaak kon word dat die Brandwaterkom-krygsonderafdeling/wag ook in die drie krygsonderonderafdelings ingesluit word. Die ander alternatief is ook waarskynlik dat Röhn bloot versuim het om na 'n vierde onderafdeling te verwys.

krygsafdelings veronderstel wat die Brandwaterkom moes verlaat.[139] J.A.J. de Villiers bied ook, soos reeds hierbo vermeld, getuienis van 'n krygsvergadering wat op 15 Julie 1900, kort voor die vertrek van die hoofmag en staatspresident, plaasgevind het en waar so 'n wysiging moontlik bespreek kon word.[140] Ongelukkig gee J.A.J. de Villiers nie meer inhoud aan die punte soos deur die vergadering bespreek nie. Aan die hand van Roux en Kolbe, soos hierbo aangehaal, wil dit verder voorkom of nòg Roux, nòg Kolbe kennis van die wysiging ontvang het.

(c) Offisiere, burgers en regeringsamptenare

Uit die bronne wil dit voorkom of alleen die eerste krygstrategie aan veral offisiere, wat na die vertrek van die hoofmag in die Brandwaterkom agtergebly het, bekend was. Boldingh getuig trouens van sy aanwesigheid in die krygskommissie/krygsvergadering waar die eerste krygstrategie moontlik geformuleer is. Later word Boldingh se naam weer in 'n notule as 'n sekretaris van 'n krygsvergadering gevind, wat kort na afloop van die vertrek van De Wet plaasgevind het. Die teenwoordigheid van Boldingh in die krygsvergadering, sowel as sy gepubliseerde herinneringe, getuig van die feit dat hy (Boldingh) wel oor voldoende kennis van die krygstrategie moes beskik het. Volgens Boldingh sou “2500 man [achter de nekken bleven] en zouden bovendien de Vrede en Harrysmith’s commando’s komen, alles onder generaal Prinsloo als hoofdcommandant”.[141] Brink verklaar dat De Wet sou uittrek en dat “[d]e ***overige commando’s***[142] [...] in tweëen gedeeld onder Generaal P.H. Roux en Commandant M. Prinsloo. Generaal Roux zou volgens besluit van den krijgsraad, waarop Generaal de Wet tegenwoordig was, met 1500 man in zuidelijke richting uitgetrokken zijn”.[143] Sarel Haasbroek, die adjudant en seun van kommandant S. Haasbroek, beskryf die besluit van die krygsraad soos volg: “Drie dae na [De Wet se] vertrek, sou Gen. Roux volgens krygsraadsbesluit vertrek [en] [v]ier dae daarna sou my vader, Kommandant Haasbroek, met sy kommando uittrek […] Met die ***orige deel van die kommando’s***[144] moes Gen. Prinsloo oorbly.”[145] Die herinneringe van Kriek beaam

139 Sien ook onderafdeling 6.3.2(e), *infra*.
140 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 12.
141 Boldingh, p. 13.
142 My vetdruk en kursivering – weer meer as 'n onderonderafdeling van 'n kommando.
143 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 85; Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 55. Sien ook VAB, A 119/42: Brink, p. 2.
144 My vetdruk en kursivering – weer meer as 'n onderonderafdeling van 'n kommando.
145 OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 1. J.A.J. de Villiers, 'n lid van die uitvoerende raad en waarnemende

ook die eerste krygstrategie: “Dit is bekend daar toe besluit is dat die President en Gen. de Wet die 15de Julie 1900 in die rigting van Kroonstad en Heilbron sou uitgaan en 'n paar dae later sou Generaal Roux […] by Witnek uitgaan en in die rigting van Winburg en Brandfort trek.”[146] P. Pienaar, verbonde aan die telegraafdienste in hierdie tyd, verklaar dat “Prinsloo was left behind over four thousand men, with order to stand his own”.[147] Slegtkamp skryf dat J. Hindon (beide Slegtkamp en Hindon was verbonde aan die Theron-verkennerskorps) hom (Slegtkamp) in die hospitaal besoek het en vertel het dat die “Corps met Generaal de Wet moest vertrekken richting Kroonstad en dat Generaal Prinsloo met ***ongeveer 4000 burgers Fouriesburg***,[148] de korenschuur van de Vrijstaat, moest beschermen”.[149]

Daarenteen rapporteer Hindon soos volg: “Daar werd krijgsraad gehou, en genl. de Wet het 'n nieuwe organisasie-plan laat goedkeur, waardeur, —als ’t uitgevoer werd, —die kommandes [sic] één vir een weer daaruit sou gekom ’t, in verskillende rigtings die Vrijstaat ingetrek, en hul later in die noorde weer verénig het.”[150] Hierdie twee duidelik uiteenlopende stellings is moeilik verklaarbaar. Dit is belangrik om daarop te let dat Hindon saam met die hoofmag die Brandwaterkom verlaat het en dat Slegtkamp weer saam met die ander krygsafdelings agtergebly het. Daarmee saam dui die Slegtkamp-verklaring, aan die hand van Hindon, op kennis van die eerste krygstrategie, terwyl die weergawe, soos vervat in die werk van Preller, weer op die gewysigde krygstrategie (tweede krygstrategie) dui. Dit is daarom waarskynlik dat die eerste krygstrategie ten tyde van die besoek aan Slegtkamp in die hospitaal die geformuleerde krygstrategie was, en dat die wysiging, soos in die bespreking hierbo blyk, kort daarna plaasgevind het.

W.J. Hefer, 'n lid van die OVS Artilleriekorps, skryf dat eers De Wet en daarna Roux die Brandwaterkom sou verlaat en dat M. Prinsloo en “[d]ie ***orige kommando’s sou agterbly***[151] […] om die nek Naauwpoort te bewaak”.[152] Kritzinger en McDonald maak

---

staatsprokureur ten tyde van die gebeure in die Brandwaterkom, verklaar ook dat Haasbroek onafhanklik buite die gebied kon optree. Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, pp. 36-37.

146 VAB, A119/8: Kriek, p. 4

147 Pienaar, p. 138.

148 My vetdruk en kursivering – weer meer as 'n onderonderafdeling van 'n kommando.

149 TAB, Slegtkamp-versamelinge (A 235): Slegtkamp-manuskrip 1, pp. 136-137. Hoewel laasgenoemde mededeling regstegnies op hoorsê berus, word dit wel ingesluit aangesien dit ander primêre getuienis in dié verband staaf.

150 G.S. Preller, *Kaptein Hindon: oorlogsaventure van 'n baas verkenner*, p. 133.

151 My vetdruk en kursivering – weer meer as 'n onderonderafdeling van 'n kommando.

152 Hefer, p. 255.

geen melding van die opdrag aan Crowther om hom by Hattingh aan te sluit nie.[153] Daarenteen verklaar Holtzhausen weer dat persone soos Prinsloo,[154] Fourie,[155] Le Roux[156] en kommandant Haasbroek deur De Wet agtergelaat is om die toegangsroetes na die Brandwaterkom te beskerm.[157]

'n Soortgelyke stelling as dié van Holtzhausen word in 'n boek van M.J. Grobler gevind. Volgens Grobler het A.M. Prinsloo na afloop van die geveg te Bethlehem stelling by Nauwpoort ingeneem. A.M. Prinsloo was skaars by Nauwpoort toe hy deur die staatspresident na Retiefsnek ontbied is. Hier het die staatspresident vir A.M. Prinsloo in kennis gestel dat kommando's uitgestuur sou word om die Britse magte te verdeel. Volgens Grobler het Prinsloo sterk teen die krygstrategie beswaar gemaak en "[t]en laaste word besluit om ***'n paar kommando's***[158] daar agter te laat onder Generaals Roux[159] en Marth. Prinsloo".[160] P.D. Potgieter verklaar weer dat De Wet die nag voor sy (De Wet se) eie vertrek aan Roux en M. Prinsloo opdrag gegee het om die volgende dag met hulle magte uit te trek.[161]

Botha, die bevelvoerder van die hoofmag en vertroueling van De Wet, telegrafeer aan sy broer, die ZAR kommandant-generaal, na afloop van die vertrek van die hoofmag soos volg dat "in de nek eene Commando [...] van ongeveer 5 000 man" gelaat is.[162] Botha verklaar egter nie wat die doel van hierdie 5 000 man was nie. Die afleiding sou daarom gemaak kon word dat hierdie mag òf die toegangsroetes moes beskerm, òf dat hulle in twee moes verdeel en die gebied verlaat, òf dat een krygsafdeling saam met Roux sou vertrek en die ander krygsafdeling onder M.

---

153 Kritzinger en McDonald, p. 9.

154 Ongelukkig verklaar Holtzhausen nie watter Prinsloo nie. A.M. Prinsloo het volgens De Wet saam met hom die Brandwaterkom verlaat wat daarom hier op M. Prinsloo dui.

155 Veggeneraal P.J. Fourie het opdrag ontvang om saam met assistent-hoofkommandant P.H. Roux die Brandwaterkom te verlaat.

156 Geen verwysing na 'n Le Roux kon gevind word nie. Die veronderstelling hier is daarom Roux en nie Le Roux nie. Beide assistent-hoofkommandant Roux en kommandant Roux (Wepener) was verbonde aan die tweede of Roux-onderafdeling. Sien onderafdeling 6.3.1(c), *supra.*

157 TAB, Preller 74, p. 251: Holtzhausen-herinneringe.

158 My vetdruk en kursivering – weer meer as 'n onderonderafdeling van 'n kommando.

159 Die verwysing na P.H. Roux, en nie kommandant J.P. Roux nie, veronderstel 'n dramatiese wysiging van die krygstrategie. Indien alleen J.P. Roux veronderstel word, was dit 'n kleiner wysiging. Sou J.P. Roux in hierdie sin veronderstel word, wil dit voorkom of talle offisiere reeds voor die vertrek onwillig was om aan die opdrag om uit te trek gehoor te gee. Die sin hierbo wil egter 'n duidelike verwysing na P.H. Roux veronderstel en nie J.P. Roux nie.

160 Grobler, pp. 55-56. Sien ook *Die Volksblad*, 15.6.1926: A.M. Prinsloo-herinneringe.

161 Ongelukkig verklaar Potgieter nie watter Roux nie. In hierdie sin sou daarom ook J.P. Roux gelees kon word wat, indien die Grobler- en Potgieter-weergawe saam gelees word, moontlik daarop kan dui dat J.P. Roux van Wepener agter sou bly en dat De Wet, toe hy kennis van die plan ontvang het, sy (De Wet se) opdrag aan J.P. Roux herbevestig het. VAB, A 119/43: P.D. Potgieter — Renier, p. 1 (ongedateerde brief).

162 TAB, Leyds 758/1: P.R. Botha — L. Botha, S.A (telegram).

Prinsloo sou agterbly om die toegangsroetes teen 'n moontlike Britse aanslag te beskerm. Op 12 Julie 1900 skryf J.A.J. de Villiers ook soos volg in sy dagboek: “Our object now is to leave all those behind whose horses are not in good condition and to organize two paarden commando’s of 1 500 each to go down.”[163]

Die standpunte hierbo bevat onversoenbare teenstrydighede. Tog is daar bepaalde gemeenskaplike faktore in die verklarings, naamlik dat die Hattingh-krygsafdeling, waaraan Crowther verbonde sou wees, nie deur een van die offisiere en burgers vermeld word nie. Laasgenoemde stel in wese 'n belangrike verskil tussen die tweede en eerste krygstrategie. Voorts is die standpunte van persone hierbo weergegee ook persone wat ten nouste aan die gebeure in die Brandwaterkom verbonde was. Persone soos Roux ('n assistent-hoofkommandant), Kolbe ('n kommandant), Brink ('n adjudant van Crowther), Kriek (adjudant van P.H. de Villiers) en Boldingh (sekretaris van die krygsvergadering) was persone wat na afloop van die vertrek van die hoofmag binne die gebied agtergebly het, en daarom getaak was om aan 'n geformuleerde krygstrategie uitvoering te gee. Deurgronde kennis van 'n geformuleerde krygstrategie kan daarom veronderstel word ten opsigte van veral Roux en Kolbe.

Wat Hattingh betref wil dit voorkom of hy wel kennis van die gewysigde krygstrategie gehad het, en dat die wysiging van die krygstrategie waarskynlik na afloop van die vertrek van De Wet plaasgevind het.[164] Waarom offisiere en burgers binne die Brandwaterkom nie van sodanige wysiging kennis gekry het nie, is onseker. Indien aangeneem word dat hulle wel kennis van die wysiging gekry het, sou hulle sekerlik aan pligsversuim skuldig gewees het.[165] Aan die hand van die stellings hierbo, met die uitsondering van Potgieter en Grobler (en by implikasie ook Holtzhausen), wil dit voorkom of nie een van hierdie persone kennis van 'n gewysigde krygstrategie gedra het nie. Die inhoud van die Grobler- en Potgieter-alternatief word vervolgens volledig bespreek.

(d) Die Grobler-/A.M. Prinsloo-alternatief

Hierbo is reeds na die Grobler-/A.M. Prinsloo-alternatief verwys, wat in die boek van Grobler gevind word. Grobler bevestig dat hy toegang tot die een of ander vorm van

163 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 11.
164 Sien onderafdeling 6.3.2, *supra*.
165 In hoofstuk 12 word meer volledig met hierdie stelling gehandel.

die herinneringe van A.M. Prinsloo gehad het. Die beskrywing van Grobler stem in bepaalde opsigte met die tweede krygstrategie ooreen, naamlik 'n 3 + 1–benadering, waarvan + 1 die kleinere Brandwaterkom-krygsafdeling sou wees. Grobler gee te kenne dat A.M. Prinsloo die staatspresident oortuig het om die krygstrategie só te wysig dat 'n groter mag agtergelaat word, wat in wese op die eerste krygstrategie (2 + 1) neerkom. Dit wil voorkom of die staatspresident ten tyde van die gesprek of vergadering met A.M. Prinsloo reeds kennis van 'n gewysigde, tweede krygstrategie gehad het, of daarop besluit het. Voorts veronderstel die Grobler-alternatief 'n kardinale wysiging van enige geformuleerde krygstrategie op die vooraand van die vertrek van die hoofmag. Dit is 'n ernstige aantyging teen die staatspresident omdat die implikasie sou wees dat hy 'n vooraf-geformuleerde krygstrategie, op aandrang van 'n enkele offisier (A.M. Prinsloo), gewysig het. Die aanklag word des te meer ernstig as aanvaar word dat A.M. Prinsloo moontlik vanweë sy teenwoordigheid by Nauwpoort, nie by die formulering van so 'n krygstrategie betrokke was nie, en dat 'n gesprek/vergadering tussen hom en die staatspresident 'n wysiging aan 'n krygstrategie meegebring het wat reeds in die teenwoordigheid van die ander offisiere bespreek is. Laastens veronderstel die wysiging, soos deur Grobler gestel, 'n kritieke verskil op beide die tweede en eerste krygstrategie, naamlik dat Roux en sy magte in die Brandwaterkom sou agterbly.

In hoofstuk 7 word aangetoon dat indien so 'n gewysigde krygstrategie, soos deur Grobler geïmpliseer, wel geformuleer is, Roux nie daarvan kennis gedra het nie, of versuim het om daaraan gehoor te gee. Die opdrag aan die Roux-krygsafdeling, om uit die Brandwaterkom te trek, is verder in ooreenstemming met beide die tweede en eerste strategieë. Dit mag egter wees dat A.M. Prinsloo hierdie gedagtes teenoor die staatspresident geopper het en dat die staatspresident wel daarvan kennis geneem het, maar teen die inwerkingstelling daarvan besluit het. Dit mag ook wees dat die beskrywing van Grobler nie noodwendig 'n feitelike korrekte weergawe was nie. Dit sou ook kon wees dat Grobler 'n fout met sy verwysing na Roux gemaak het en dat Crowther hier veronderstel moet word. Die gevolglike implikasie is dat daar reeds ten tyde van die gesprek tussen die staatspresident en A.M. Prinsloo op die tweede krygstrategie besluit was, en dat die staatspresident met of sonder tussenkoms van die krygskommissie/krygsvergadering die opdrag aan Crowther, om die gebied te verlaat en hom by die Hattingh-krygsafdeling aan te sluit, gekanselleer het.

Laasgenoemde afleiding is wel in ooreenstemming met die gebeure na afloop van die vertrek van die hoofmag deurdat Crowther homself aan die Brandwaterkom-krygsafdeling verbonde geag het.[166] Die implikasie sou egter wees dat Hattingh op sy beurt weer nie kennis van die gewysigde besluit ontvang het nie.

Dit is ook interessant dat die herinneringe van A.M. Prinsloo, soos in *Die Volksblad* gepubliseer, die Grobler-boek weerspreek. Volgens dié herinneringe het die staatspresident A.M. Prinsloo meegedeel dat daar 'n wag onder bevel van M. Prinsloo gelaat sou word en dat laasgenoemde wag voldoende sou wees.[167] Teen die agtergrond van die bespreking hierbo wil dit voorkom of Grobler duidelik in sy verwysing na Roux fouteer. Die moontlikheid kan egter nie uitgesluit word dat Grobler eerder in sy verwysing Crowther veronderstel het nie. Dit sou beteken dat die staatspresident reeds op die vooraand van die vertrek self kennis van die gewysigde krygstrategie gehad het en dat De Wet nie kennis van die wysiging van die bevele, op gesag van die staatspresident aan Crowther, gehad het nie.

(e) Die P.D. Potgieter-alternatief

Hierbo is reeds na die P.D. Potgieter-alternatief verwys in die vorm van 'n brief van Potgieter aan *Die Volksblad*. Ongelukkig word geen datum in die brief vermeld nie. Dit is wel seker dat Potgieter die brief van Kriek met betrekking tot die oorgawe op 30 Julie 1900 gelees het, wat op 10 en 11 Junie 1949 in *Die Volksblad* verskyn het. Potgieter het in reaksie daarop sý weergawe van die oorgawe gestel. Voordat die inhoud van die Potgieter-skrywe bespreek word, is dit nodig om twee opmerkings met betrekking tot die brief te maak. Die inhoud van die brief lees besonder moeilik omdat weinig leestekens gebruik word en sinskonstruksie besonder lomp is. Potgieter verklaar aan die einde van sy brief dat hy vanweë sy hoë ouderdom moeilik skryf. Voorts word Potgieter se deelname aan die gebeure, wat die oorgawe van die konvensionele magte voorafgegaan het, in die verloop van die brief vermeld, wat nie met ander bronne ooreenstem nie.[168]

---

166 Sien onderafdeling 3.4, hoofstuk 8, *infra*.

167 *Die Volksblad*, 15.6.1926: A.M. Prinsloo-herinneringe.

168 Dit is onseker wie P.D. Potgieter was. Dit is belangrik om daarop te let dat Potgieter die held in sy eie verhaal is. So word hy (Potgieter) deur Roux versoek om bevel oor die gevegte te Nauwpoort te voer. In die navorsing van die Nauwpoort-gevegte kon geen verwysing na P.D. Potgieter, wat bevel te Nauwpoort gevoer het, gevind word nie (sien onderafdeling 4, hoofstuk 8, *infra*). Ander bronne, soos Malan en Van Zyl, bevat geen verwysing na 'n P.D. Potgieter wat die rang van 'n offisier beklee het nie (sien Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902;* Van Zyl, *Die helde-album: verhale en foto's van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd*). Die herinneringe van Potgieter vermeld uitdruklik dat

As gevolg hiervan ontstaan die vraag of dit enigsins nodig is om hierdie brief te oorweeg. Wat die situasie met betrekking tot die opdrag aan Roux en M. Prinsloo betref, is dit nodig om tog die Potgieter-alternatief te ondersoek, veral wanneer hierdie brief met die Grobler-alternatief hierbo, en die Kestell-herinneringe oor die wysiging van die krygstrategie, saamgelees word. Volledigheidshalwe word die betrokke gedeelte in die Potgieter-skrywe hier aangehaal: “Die aand met die uittrek van Generaal De Wet met die Regering en sy kommando het Generaal De Wet in my teenwoordigheid aan Generaals Roux en Prinsloo opdrag gegee om die volgende aand met hulle manne uit te trek. Generaal Roux moes ook, by Slabbertsnek vanwaar Generaal De Wet uitgetrek het, uittrek in 'n suidwestelike rigting met 2500 man en Generaal Prinsloo met 2500 man moes suidwaarts van Retiefsnek uittrek. Oormôre sal dit te laat wees, het Generaal de Wet bygevoeg. Julle moet uitspring so lank as wat die Engelse se aandag nog op my gevestig is.”[169]

Die Grobler-alternatief kom kortliks daarop neer dat die staatspresident, op aandrang van A.M. Prinsloo, die krygstrategie verander het deur aan Roux en M. Prinsloo opdrag te gee om binne die Brandwaterkom stelling in te neem.[170] Vir die oomblik word hier veronderstel dat die gesprek wel tussen die staatspresident en A.M. Prinsloo plaasgevind het en dat so 'n gewysigde krygstrategie aan De Wet voorgelê is. Aan die hand van De Wet se besliste standpunt teen die inneem van stellings binne die Brandwaterkom sou hy sekerlik so 'n gewysigde krygstrategie afgekeur het, en weer die opdrag aan Roux om uit te trek ooreenkomstig die geformuleerde krygstrategie herbevestig het. In hierdie opsig sou die skrywe daarom die duidelike afkeur van De Wet in 'n krygstrategie, waar die groter gedeelte van die OVS krygsmag in die Brandwaterkom sou agterbly, bevestig het. Voorts verklaar Potgieter dat die gesprek oor die gewysigde opdragte die aand van De Wet en die hoofmag se vertrek plaasgevind het. In hierdie opsig sou Potgieter die Kestell-stelling staaf

---

Potgieter onder kmdt. H.J. Pretorius diens gedoen het. Weer was Potgieter 'n heldhaftige figuur wat 'n brief oor die oorgawe by sy kommandant gryp om dit self te gaan lees, waarna hy onder leiding van Haasbroek daarin slaag om deur Witzieshoek te ontsnap. Alvorens die ontsnapping plaasgevind het, het Potgieter vir Roux vergesel om te gaan protesteer teen die oorgawe. Voorts kan die vraag gevra word waarom Potgieter juis teenwoordig was waar De Wet sodanige opdragte aan sy offisiere gegee het. In die oorweging van hierdie vraag moet veral daarop gelet word dat De Wet self geen melding van P.D. Potgieter as 'n offisier gemaak het nie. VAB, A 119/43: Potgieter-brief. Delport aanvaar die weergawe van Potgieter sonder om enigsins verder met die inhoud daarvan te handel. Delport, p. 161.

169 VAB: A 119/43: Potgieter-brief.

170 Sien onderafdeling 6.3.2(d), *supra*.

deurdat beide bevestig dat 'n wysiging aan die krygstrategie ter elfder ure plaasgevind het.[171]

Hierdie opdrag van De Wet, soos deur Potgieter beskryf, impliseer ook dat drie krygsafdelings, naamlik die hoofmag, die Roux- en die groter Brandwaterkom-krygsafdelings moes uittrek. Die opdrag aan die Brandwaterkom-krygsafdeling om uit te trek sou die moontlikheid kon insluit om die aantal kommando's daaraan toegewys te verminder, en dat die bevelvoerders van hierdie krygsafdeling moes toesien dat bepaalde kommando's, soos dié van Crowther, moes uittrek en by die krygsafdeling aansluit. 'n Klein wag/krygsafdeling sou ooreenkomstig die tweede krygstrategie agterbly. Hierdie hipotese veronderstel dat beide M. Prinsloo en Roux kennis van die gewysigde krygstrategie gehad het.

M. Prinsloo se optrede dui op 'n offisier wat verdedigende stellings ingeneem het met die oog op die behoud van die toegangsroetes wat na die Brandwaterkom lei, en dus nie van kennis van 'n gewysigde opdrag nie. Indien die geformuleerde hipotese hierbo vir 'n oomblik aanvaar word, beteken dit dat M. Prinsloo nie aan Crowther, of enige ander kommandant, kennis van die gewysigde krygstrategie gegee het nie. Hierdie versuim kan 'n besonder ernstige aanklag teen M. Prinsloo daarstel. Tog pas so 'n hipotese moeilik in by die gedrag van Roux. Indien Roux van die opdrag aan M. Prinsloo kennis gedra het, sou hy dit as wapen teen ander kommandante kon gebruik om hulle te beweeg om aan die gewysigde krygstrategie, en gepaardgaande opdragte, gehoor te gee. Die optrede en geskrifte van Roux dui egter op die teendeel omdat daar geensins sprake is dat Roux die nakoming van so 'n opdrag vereis het nie, of kennis van die tweede krygstrategie gedra het nie. Dieselfde kan ook uit die gedrag van Crowther afgelei word.[172] In die lig van veral die laasgenoemde stelling is dit moontlik om hier die inhoud van die Potgieter-alternatief as onwaarskynlik uit te wys.[173] De Wet verklaar ook uitdruklik dat M. Prinsloo met 'n klein wag in die Brandwaterkom sou agterbly.[174]

(f) Ander alternatiewe

Daar bestaan ook enkele ander kleiner variasies op die tweede en eerste krygstrategie. Voorts het die staatspresident toestemming aan die Ficksburg-

171 Vir die Kestell-stelling, sien onderafdeling 6.3.2(b), *supra*.
172 Sien onderafdeling 7, hoofstuk 7, *infra*.
173 Sien ook vn. 168, *supra*.
174 De Wet, p. 123.

kommando verleen om in die Brandwaterkom agter te bly. Die lewenskets van P.H. de Villiers, wat deur sy seun saamgestel is, getuig hiervan. Volgens P.H. de Villiers se seun het sy vader aangevoer dat dit vanweë die stellings van sy kommando onmoontlik sou wees om sy posisie teenoor die Britse magte te ontruim. In reaksie hierop het die staatspresident toestemming verleen dat die Ficksburg-kommando nie die gebied hoef te verlaat het nie. Volgens die tweede krygstrategie was hierdie kommando aan die Hattingh-krygsafdeling toegewys. Weer eens is dit interessant dat De Wet nie kennis van die toegewing, soos dit deur die staatspresident of krygskommissie goedgekeur is, gedra het nie. Die lewenskets van P.H. de Villiers laat egter na om te verklaar of die beswaar geopper is ten opsigte van die tweede of eerste krygstrategie.[175]

Hierdie toegewing pas egter in die groter geheel van die eerste krygstrategie omdat stellings by Retiefsnek, Slabbertsnek en Nauwpoort weinig waarde in die geval van die tweede of eerste krygstrategie sou hê indien die Britse magte ongesteurd die Brandwaterkom vanaf Ficksburg sou inbeweeg. Wat die tweede krygstrategie betref sou dit op sy beurt weinig waarde gehad het om die Ficksburg-kommando hier te laat, aangesien die opdrag duidelik was dat sou die Britse magte in die omgewing poog om die nekke te verower, die Brandwaterkom-wag/krygsafdeling die gebied moes verlaat.

Amery verklaar dat die kommando's van Rouxville, Haasbroek en 'n gedeelte van die Bethlehem-kommando (waarskynlik die wyk Wittebergen) in die Brandwaterkom-krygsafdeling sou dien.[176] Volgens die tweede krygstrategie, en volgens Roux, was die Rouxville-kommando aan die Roux-krygsafdeling toegeken.[177] Waar Amery die inligting bekom het, is onseker. J.A.J. de Villiers en die seun van Haasbroek bevestig wel dat daar 'n verbintenis tussen die Haasbroek-kommando en die Brandwaterkom-krygsafdeling was.[178]

---

175 OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers-lewenskets, p. 2. Sien onderonderafdelings 6.3.1(a) en (d), *supra*.

176 Amery (red.), 4, p. 316. Sien ook Boldingh, p. 14. Amery gaan ook van die veronderstelling uit dat Haasbroek die kommandant van die Winburg-kommando was. Die verwysing hier moet daarom die Haasbroek-kommando lees. Sien onderafdeling 6.3.1(d), *supra*.

177 Sien onderonderafdelings 6.3.1(c) en (d), *supra*.

178 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", pp. 36-37; OMBR: 4128/42: Haasbroek, p. 1.

6.3.3 Geheimhouding

Bepaalde aspekte van die krygstrategie is streng geheim gehou. Die vraag ontstaan of die geheimhouding tot die gebrek aan kennisname van die wysiging van die krygstrategie aanleiding kon gee. Wat die geheimhouding betref, skryf Keulemans soos volg: “Het uittrekken van Chr. de Wet was een geheim voor de achterblijvende burgers tot de colonne zich vormde en dus ook voor de burgers, die met De Wet gingen [...] De geheimhouding was zoo strikt dat wij, die nog geen tien minuten van Slabbertsnek gelagerd waren, eerst 2 dagen na De Wet’s uittocht tot de ontdekking kwamen dat ook de President weg was, terwijl het plan van uitrukken door een colonne-Roux mij eerst op Ceylon bekend is geworden.”[179] Boldingh gee ook te kenne dat die besluit van die staatspresident en uitvoerende raad om die hoofmag te vergesel, geheim gehou is en nie aan die krygskommissie/krygsraad meegedeel is nie.[180] Wat die weergawes van Boldingh en Keulemans betref, moet daarop gelet word dat Boldingh tydens die krygskommissie/krygsvergadering aanwesig was en daarom kennis van die uitbeweeg van die krygsafdelings gehad het. Volgens Pienaar is die reëlings vir die uitvoering van die krygstrategie in groot geheimhouding getref.[181]

Die herinneringe van die staatspresident dui ook daarop dat daar besluit is om die Britse magte in die omgewing in te lig dat die staatspresident en De Wet daarin geslaag het om die gebied te verlaat, om sodoende die Britse magte agter hulle aan te lok.[182] Hieruit sou die afleiding gemaak kon word dat die krygstrategie, en die uitvoering daarvan, aanvanklik geheim gehou is. Die geheimhouding word ook deur Amery bevestig.[183]

Kriek verklaar weer dat dit na afloop van die krygsvergadering bekend was dat De Wet, Roux en die staatspresident uit die Brandwaterkom sou trek.[184] Ongelukkig vermeld Kriek nie aan wie die krygstrategie bekend was nie. Aangesien Kriek 'n offisier was, is die veronderstelling dat die krygstrategie na afloop van die krygsvergadering aan hom en ander offisiere bekend moes gewees het. Aan die

179 Keulemans, pp. 14-15 (vn.). Sien ook OMBR, 6024/1: C.P. Pretorius, p. 4.
180 Boldingh, p. 14. Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 7-8.
181 Pienaar, p. 138. Sien ook Oberholster (red.), p. 73. Sien ook Ver Loren van Themaat, p. 139; OMBR, 6024/1: Pretorius, p. 13.
182 Van der Merwe, 2, p. 62.
183 Amery (red.), 4, pp. 316-317.
184 VAB, A119/8: Kriek, p. 4.

hand van talle verwysings na die krygstrategie (veral die eerste krygstrategie) is dit duidelik dat minstens die eerste krygstrategie aan offisiere bekend was. Die vraag ontstaan of 'n wysiging ter elfder ure deur die staatspresident, De Wet of die krygskommissie effektief voor die vertrek van die hoofmag aan alle offisiere gekommunikeer kon word. Indien die taak aan een persoon opgedra sou word en sodanige persoon versuim om dit na behore uit te voer sou dit wel moontlik wees dat die offisiere, wat in die Brandwaterkom agtergebly het, geen kennis van die gewysigde krygstrategie (tweede krygstrategie) sou hê nie. Indien hierdie aanname korrek is, sou die persoon verantwoordelik vir die versuim van ten minste pligsversuim verdink kon word. Die vraag is hoekom De Wet nie sy krygstrategie na behore gekommunikeer het nie. Die afwesigheid van kennis van sy krygstrategie getuig van sy versuim om die plan na behore aan sy offisiere te kommunikeer. In dié opsig wil dit dus voorkom of hy self vir die mislukking van sy eie krygstrategie verantwoordelik was.

6.3.4 Die tweede krygstrategie sonder meer aanvaar

Die bespreking hierbo toon dat daar goeie gronde bestaan om die eerste krygstrategie nie sonder meer as 'n krygstrategie, wat algemeen aan OVS offisiere en burgers bekend was, te aanvaar nie.[185] Die onkunde van veral die derde krygsafdeling (die Hattingh-krygsafdeling waaraan Crowther ook verbonde sou wees) sal hieronder duideliker word. By die latere bespreking van die oorgawe op 30 Julie 1900 en meer bepaald bewerings van verraad, wat ook ander misdade soos pligsversuim insluit, kon bronne nie sonder meer die verskillende weergawes van die krygstrategie bloot daar laat nie. Tog kom dit voor of hierdie aangeleentheid weinig aandag tot op hede geniet het. Volledigheidshalwe word die bronne, en wyse waarop dit hanteer word, wel bespreek. Van Everdingen verwys na Roux en Boldingh,[186] maar gebruik aanvanklik die tweede krygstrategie as uitgangspunt, om later weer sonder enige verduideliking die eerste krygstrategie as uitgangspunt te gebruik.[187]

185 Sien onderafdeling 6.3.2, *supra*.

186 Onderafdeling 6.3.2(c) het reeds daarop gewys dat Boldingh alleen van die eerste krygstrategie melding maak.

187 Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 7, 32.

Maurice en Amery gebruik die tweede krygstrategie met kleinere wysigings as uitgangspunt.[188] Delport, wat sy M.A.-verhandeling oor *Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog* in 1972 voltooi het, meld 'n teenstrydigheid tussen die tweede en eerste krygstrategie. Delport het egter nie die Roux-herinneringe of De Wet-telegramme, soos hierbo bespreek, geraadpleeg nie, en het vir doeleindes van die Roux-herinneringe alleen met die gebruik van verwysings deur Van Everdingen na Roux volstaan. Wat die Roux-weergawe soos in Van Everdingen vervat betref, verklaar Delport dat "De Wet [die tweede krygstrategie] se verklaring moet voorrang geniet aangesien hy [De Wet] per slot van sake die vader van die plan en hoof van die Vrystaatse strydmag was".[189]

Wat Boldingh betref, aanvaar Delport sonder enige motivering dat die stelling oor die eerste krygstrategie foutief is. Hierna maak Delport die onjuiste stelling dat: "Die verskil van mening oor die aantal krygsafdelings wat sou uittrek, is egter nie van deurslaggewende belang nie, maar wel die posisie van die Harrismith- en Vrede-kommando's en die grootte van genl. Prinsloo se mag."[190] Weer aanvaar Delport dat die tweede krygstrategie eerder korrek is, aangesien De Wet Hattingh se krygsafdeling na die Brandwaterkom ontbied het, Hattingh nie betyds opgedaag het nie en Crowther gevolglik by Hattingh moes aansluit. Laasgenoemde gevolgtrekking blyk, aan die hand van Kestell, korrek te wees.

Tog verwys Delport nie na Kestell as gesag nie en weer eens ook nie na enige van die twee De Wet-telegramme nie.[191] By gebrek aan veral 'n verwysing na die eerste De Wet-telegram van 9 Julie 1900, ontbreek Delport se argument 'n sleutelkomponent, naamlik dat die telegram duidelike bewyse bied dat die aanvanklike eerste krygstrategie alleen vir twee uittrekkende krygsafdelings voorsiening gemaak het. Hierdie telegram, met die De Wet-boek saamgelees, vereis 'n verdere verduideliking, veral as in ag geneem word dat Hattingh hom volgens die eerste krygstrategie (saam met Boldingh en Roux gelees) by die groter Brandwaterkom-krygsafdeling moes voeg.

Dit mag wel korrek wees om te aanvaar dat die tweede krygstrategie die eerste krygstrategie gewysig het en dat die boek, wat later gepubliseer is, om hierdie rede

188 Maurice 3, p. 295; Amery (red.), 4, p. 316.
189 Delport, p. 153.
190 *Ibid*., pp. 150, 153-154.
191 *Ibid*.

as bron voorrang moet geniet. Die wesenlike vraag hier is egter nie soos Delport wil voorgee die posisie van die Hattingh-krygsafdeling, of die besluit om so 'n krygsafdeling te vorm nie, maar ***wanneer*** die krygstrategie gewysig is en of sodanige wysiging aan alle offisiere bekend was. Volgens Kestell kom dit voor of Hattingh wel daarvan kennis gedra het en dat hy (Hattingh) besig was om só stelling in te neem dat sy krygsafdeling (dié van Hattingh) met Crowther kon verenig. Met reg moet die vraag gevra word of Prinsloo, Crowther en Roux van die gewysigde krygstrategie kennis gedra het.

Dit blyk dat die gewysigde krygstrategie nie algemeen bekend was nie. Ook Crowther se optrede, soos later gesien word, strook nie met 'n bevelvoerder wat kennis van die wysiging van die krygstrategie gedra het nie. Indien Crowther egter daarvan kennis gedra het, sou dit beteken dat hy 'n opdrag verontagsaam het en daarom, wat sy afdeling betref, 'n belangrike skakel was wat later tot die oorgawe aanleiding gegee het. Hierdie moontlikheid word later in hoofstuk 12 bespreek.

Ander bronne, soos A.P.J. van Rensburg, aanvaar die eerste krygstrategie sonder om melding te maak dat dit van die tweede krygstrategie verskil.[192] In sy proefskrif, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, wys Scholtz op die wysiging van die oorspronklike eerste krygstrategie en verklaar dat die wysiging in die krygstrategie, soos ook hierbo vermeld, aan die Hattingh-krygsafdeling se versuim om onverwyld na Nauwpoort te gaan toegeskryf kan word. Scholtz se proefskrif handel in hoofsaak oor De Wet as militêre strateeg en die punt word waarskynlik om hierdie rede nie verder ondersoek nie.[193] Net so bespreek die M.A.-verhandeling van F. Pretorius, “Die eerste dryfjag op Hoofkmdt. C.R. de Wet”, ook nie dié aspek nie. Pretorius aanvaar die tweede krygstrategie en verwys nie na die standpunte van ander bronne, soos hierbo vermeld, omtrent die eerste krygstrategie nie. Hou egter in gedagte dat die eerste dryfjag op De Wet die primêre fokuspunt van dié studie is.[194] Na aanleiding van die bespreking hierbo kom dit voor of slegs Delport en Van Rensburg die oorgawe van die verenigde Brandwaterkom-krygsafdeling bespreek het. Die versuim, van veral Delport, om uitvoerig die wysiging in krygstrategie te bespreek, kan gevolglik as 'n leemte in hierdie werke beskou word.

---

192 Van Rensburg, pp. 18-19.

193 Scholtz, “Generaal de Wet”, p. 224.

194 F. Pretorius, pp. 25-28. Sien ook onderafdeling 6.3.2, *supra*.

6.4 Enkele verdere opmerkings oor die krygstrategie

Die bespreking wys op twee variasies van die krygstrategie, wat na afloop van die geveg te Bethlehem geformuleer is. Die gevolgtrekking onder hierdie hoof (punt 6) waarmee volstaan word, is dat die aanvanklike krygstrategie die eerste krygstrategie (2 + 1) was en dat hierdie krygstrategie kort voor die vertrek van die hoofmag, of kort daarna tot die tweede krygstrategie gewysig is. Die gepaardgaande gevolgtrekking is dat die groter Brandwaterkom-krygsafdeling aansienlik verklein is en dat die krygsafdeling, wat só van dié afdeling onttrek sou word, tot die Hattingh-krygsafdeling toegevoeg sou word. Die kritieke vraag is egter waar en wanneer hierdie wysiging gemaak is en of hierdie wysiging behoorlik aan al die offisiere gekommunikeer is.

Die insluiting en bespreking van die twee geformuleerde krygstrategieë is om twee redes van besondere belang. Die eerste is die verwarring betreffende die inhoud van die krygstrategieë, wat as een van die vernaamste redes vir die oorgawe van die saamgevoegde Brandwaterkom-krygsafdeling aangevoer kan word. Persone wat van hoogverraad of pligsversuim beskuldig is, sou as verweer kon aanvoer dat hulle onskuldig was omdat hulle die eerste krygstrategie waarop besluit is, uitgevoer het.

Voorts wys die bespreking op 'n belangrike tweede punt, naamlik die gewysigde militêre reg soos in hoofstuk 2 bespreek, wat nie algemeen bekend was nie. Daar is gesien dat De Wet duidelik na assistent-hoofkommandante verwys, wat as die bevelvoerders van krygsafdelings sou dien. Daarenteen gebruik ander persone soos Roux, Boldingh, Kestell en andere nog die term hoofkommandant vir die persone wat in bevel van 'n OVS krygsafdeling gestaan het. Dit dui op die militêre reg wat ten tye van die aanvang van die oorlog gegeld het. In hierdie bedeling was die staatspresident, tesame met die krygskommissie, die opperbevelvoerder van die OVS krygsmag. De Wet, as een van die hoofkommandante wat deel van die opperbevel was, sou daarom nie aan 'n ander hoofkommandant opdrag kon gee nie. In die 1899 militêre bedeling het alleen die staatspresident en die krygskommissie dié bevoegdheid gehad. In hierdie opsig sou dit wel vir ander hoofkommandante en kommandante moontlik of aanvaarbaar wees om die opdrag van De Wet, as een van 'n aantal hoofkommandante, te verontagsaam.

7. Gevolgtrekkings

In hierdie hoofstuk is die krygstrategie en die wysiging daarvan na afloop van die geveg te Bethlehem bespreek. Die gebrek aan amptelike dokumente beteken dat die inhoud van hierdie hoofstuk hoofsaaklik op die werke van 'n aantal skrywers aangewese is. Hierdie skrywers verskil in bepaalde opsigte en sodanige verskille is in bepaalde gevalle dikwels moeilik om te versoen, saam te lees of om verskille te verduidelik. Waar herinneringe lank na afloop van die oorlog gepubliseer is, moet die inhoud daarvan met meer omsigtigheid benader word. Voorts kan terminologie, soos die krygskommissie/krygsraad of krygsraadvergadering, dikwels tot verwarring aanleiding gee, veral waar dit in herinneringe voorkom.

Met die bostaande in ag genome, is daar egter 'n reëlmaat van bewustheid van die eerste krygstrategie, met slegs enkele skrywers wat van bewustheid van die tweede krygstrategie getuig. As gevolg van hierdie reëlmaat is dit moontlik om die afleiding te maak dat die eerste krygstrategie die bekende krygstrategie vir offisiere in die Brandwaterkom was. Die inhoud van die hieropvolgende hoofstukke sal hierdie gevolgtrekking verder staaf. Offisiere, wat na die vertrek van die hoofmag in die Brandwaterkom agtergebly het, was besig om die eerste krygstrategie in werking te stel. Dit het behels dat die Roux-krygsafdeling die Brandwaterkom sou verlaat, terwyl die groter Brandwaterkom-krygsafdeling op hulle beurt weer verdedigende stellings sou inneem met die doel om die vroue, kinders, vee, voedsel en ander eiendom in die gebied teen 'n Britse aanslag te beveilig.

Ten opsigte van De Wet het dit beteken dat hy versuim het om sy krygstrategie na behore te kommunikeer. Voorts is daar ook bewerings wat getuig dat die staatspresident in die krygstrategie ingemeng het. Hierdie versuim om die krygstrategie na behore te kommunikeer, het die twee oorblywende krygsafdelings in 'n dispuut vasgevang. In die proses is die krygsafdeling van Roux ook in die oorgawe van 30 Julie 1900 ingesluit. Die noodsaaklike frustrasie van die besetting het gevolglik ook in die slag gebly. Die versuim om die gewysigde krygstrategie na behore te kommunikeer, kan daarom as een van die redes vir die oorgawe aangestip word. Hierdie versuim het ook tot gevolg gehad dat die Britse magte vir die eerste keer regtens in die posisie gestel is om aanspraak op die verowering van die OVS te maak.

Hierdie hoofstuk het ook op die noodsaak gewys om die oorlogsgebied te vergroot. Die toewysing van die groter krygsafdeling aan die gebied kan daarom regtens as 'n flater vanuit die oorlogsregtelike reëls in die formulering van die eerste krygstrategie uitgewys word. Laasgenoemde fout staan in alle waarskynlikheid in regstreekse verband met die gebruik van persoonlike eiendom in die oorlogspoging van die OVS. Die poging, om die eiendom te beskerm, staan ten nouste in verband met die oorgawe van 30 Julie 1900.

Die eerste krygstrategie het nie 'n behoorlike gebeurlikheidsplan bevat wat voorsiening gemaak het vir 'n moontlike verowering van die Brandwaterkom deur die Britse magte nie. Dit was 'n ernstige versuim. Burgers se perde was afgemat en nie geskik vir verdere gebruik in die oorlog nie. Voorts het die Britse proklamasies gedreig om offisiere en burgers, wat die oorlog voortsit, as rebelle in plaas van krygsgevangenes te behandel. Die talle waens en trekosse wat saam met die kommando's was, sou voorts ook handig in die Britse oorlogspoging te pas kom. Die krygstrategie moes daarom ook voorsiening maak vir die vernietiging van goedere in geval van Britse suksesvolle militêre operasies, in plaas daarvan om dit bloot vir die vyandige magte agter te laat en dus vir hulle beskikbaar te stel.

Daar is aanduidings dat die eerste krygstrategie ter elfder ure gewysig is. Wie in so 'n veronderstelling die outeur van die wysiging was, en waarom die besluit nie na behore aan offisiere gekommunikeer is nie, bly egter onseker. Indien 'n offisier wel met die wysiging bekend was, en versuim het om die opdrag uit te voer deur die gewysigde krygstrategie bekend te maak, sou dit ten minste ernstige pligsversuim aan sy kant beteken. Of so 'n handeling hoogverraad daarstel is egter 'n ander vraag. Die bespreking van die misdade van hoogverraad en pligsversuim sal, aan die hand van die volledige gebeure, in hoofstuk 12 bespreek word waar die twee misdade met verwysing na persone en gebeure volledig behandel word.

Voorts is dit duidelik dat die tweede krygstrategie 'n beter benadering binne die konteks van die volkereg was. Volgens hierdie krygstrategie sou krygsafdelings binne die geheel van die OVS aktief wees. Sodoende sou die Britse aansprake op die besetting van die OVS ten minste gefrustreer word, en sou krygspligtiges weer tot aktiewe kommandodiens opgeroep kon word. Die beperkte OVS staatsgesag sou ook aansienlik deur die vergroting van die operasionele gebied vergroot word. Die tweede krygstrategie het daarom, volgens Amery, bepaalde elemente van sukses

ingehou en sou, indien dit suksesvol uitgevoer is, die grootskaalse hervatting van die oorlog in die OVS moontlik gemaak het.[195] Daarenteen sou die beleg van 'n groot gedeelte van die OVS magte in die Brandwaterkom op die lang duur waarskynlik nie suksesvol wees nie. Daarbenewens sou dit weinig tot die voortsetting van die OVS oorlogspoging bygedra het. Die versuim om die krygstrategie bekend te maak en in werking te stel, het die verowering van die OVS des te meer vergemaklik. Die verwarring wat in die proses ontstaan het, kan trouens ook as een van die redes vir die oorgawe aangestip word.

In hierdie hoofstuk is ook daarop gewys dat die moontlikheid van die tussenkoms van 'n buitelandse moondheid as onwaarskynlik deur veral die staatspresident beskou is. Dit is ook 'n ope vraag of twee OVS krygsafdelings daarin sou kon slaag om die aandag van 'n groot Brandwaterkom-krygsafdeling te kon aflei, en daarmee saam ook die Britse magte oorlogsmoeg te maak om sodoende die Britse regering tot die vredestafel te bring. Voorts getuig die talle verwysings in die hoofstuk na die rang van verskeie hoofkommandante en dat die gewysigde militêre reg, soos deur De Wet in sy boek omskryf, nog nie teen middel Julie 1900 'n werklikheid was nie. Dit kom eerder voor of verskeie hoofkommandante nog dié gebruik was, en dat die staatspresident en krygskommissie nog die rol van opperbevelvoerder van die OVS krygsmag vertolk het. De Wet was daarom met die formulering van die krygstrategie in die Brandwaterkom net nog 'n hoofkommandant, wat tesame met ander hoofkommandante sy opdragte van die staatspresident en krygskommissie ontvang het. Hieronder word ook gesien dat die aanwesigheid van meerdere hoofkommandante ook as 'n oorsaak van die oorgawe aangestip kon word. Die versuim om die gebreke in die opperbevel te hanteer, is daarom 'n ernstige versuim aan veral die kant van die staatspresident.

Laastens kom dit aan die hand van die 9 Julie 1900 telegram van De Wet aan die ZAR regering voor of die staatspresident, die krygskommissie en De Wet van plan was om alle burgers, wat nie voldoende toegerus was vir die voortgesette oorlogspoging nie, in die Brandwaterkom agter te laat. Met spesifieke verwysing na die eerste krygstrategie sou hierdie groep persone in werklikheid aan hulle eie lot oorgelaat word indien die Britse magte wel op 'n beleg van die gebied besluit het. Die gevaar was groot dat hierdie krygsafdeling die eerste slagoffers van die Britse

[195] Amery (red.), 4, p. 316.

opperbevelvoerder se rebelle-proklamasie kon word indien die Britse beleg suksesvol sou wees.[196] Hieronder word aangetoon dat hierdie vrees ook 'n daadwerklike faktor in die oorgawe op 30 Julie 1900 was. Gevolglik is daar gepoog om vergunnings, wat onnodig was, te beding.

196 Sien ook onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

Hoofstuk 6

Die aanstelling van M. Prinsloo as bevelvoerder

"En beide de President en gy waart bewust dat Prinsloo zoodanige aanstelling in zyn zak droeg, want den President schreef my na de overgave, betreurende zyne handelwyze in dezen."[1]

1. Inleiding

Die vorige hoofstuk het breedvoerig oor die twee variasies van die krygstrategie in die voortgesette oorlogspoging, na afloop van die geveg te Bethlehem, gehandel. In die hoofstuk is reeds melding gemaak van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling en hoofkommandant M. Prinsloo as moontlike bevelvoerder daarvan. Hoofkommandant C.R. de Wet dui Prinsloo se onwettige bevelvoering oor dié krygsafdeling, bestaande uit die groter Brandwaterkom en die Roux-krygsafdeling, as een van die redes vir oorgawe op 30 Julie 1900 aan. Die vraag ontstaan gevolglik hoe Prinsloo as bevelvoerder van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling aangewys is, en wie vir daardie aanstelling verantwoordelik was. Daarmee tesaam ontstaan die vraag of die betrokke persoon verantwoordelik vir die aanstelling ook vir die oorgawe op 30 Julie 1900 verantwoordelik gehou kan word.

In hierdie hoofstuk word aangetoon dat die aanstelling van Prinsloo 'n omstrede kwessie was en dat Prinsloo, as gevolg van sy vorige optrede, nie noodwendig die mees logiese keuse vir die posisie was nie. Die vrae betreffende die aanstelling van Prinsloo, en sy status voor die aanstelling, vorm die onderwerp van die eerste besprekingspunt in hierdie hoofstuk. Ten einde die vrae binne die nodige regshistoriese perspektief te beantwoord, is dit nodig om die rang van Prinsloo tot en

[1] A.M. Heyns, *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*, p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief). 'n Afskrif van die skrywe word ook gevind in J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap,* pp. 101-105.

met sy aanstelling as bevelvoerder van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling te ondersoek. Hierdie bespreking kan alleen binne konteks verstaan word wanneer die verdeling van die Winburg-kommando aan die begin van die oorlog in oënskou geneem word. Hierdie bespreking toon aan dat die verdeling van die kommando ooreenkomstig die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet*,[2] sowel as die *Wet omtrent het kiezen van Hoofdkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet*,[3] die posisie van Prinsloo met sy uittrede as hoofkommandant van die Natal-krygsafdeling bemoeilik het. Hierdie verwarring en verkiesing van plaasvervangende offisiere word regstreeks verbind met die problematiese status wat Prinsloo na sy uittrede as hoofkommandant van die Natal-krygsafdeling geniet het.

Hierna word die verskillende hoedanighede, wat Prinsloo binne die verskillende variasies van die krygstrategie beklee het, bespreek. Ten opsigte van veral die Brandwaterkom-wag word gesien dat dit besonder moeilik is om Prinsloo bloot as die hoof van 'n wag te beskou. Wat die groter Brandwaterkom-krygsafdeling betref is dit duidelik dat die staatspresident Prinsloo tot bevelvoerder van die Brandwaterkom-krygsafdeling aangewys het.

Die vraag ontstaan ook of hoofkommandante M. Prinsloo, P.H. Roux en F.J.W.J. Hattingh van die gewysigde krygstrategie kennis gedra het. Ten opsigte van veral Prinsloo is hierdie vraag van besondere belang. Indien bevind word dat hy wel kennis van die wysiging gehad het, beteken dit dat Prinsloo hom aan ernstige pligsversuim in verband met sy bevele skuldig gemaak het. Laasgenoemde vorm die slotperspektief van die hoofstuk en dien ook as inleiding tot die volgende hoofstuk.

2. Rang tot en met die bepaling van die krygstrategie

Daar is 'n sterk argument dat persone, wat die rang van hoofkommandant beklee het, die aanspreekvorm van generaal gebruik het, en na afloop van hulle uittrede behou het. Die aanspreekvorm van generaal, en die teenwoordigheid van so 'n

2 Wet 10/1899.
3 Wet 33/1899.

persoon in 'n krygsafdeling, kon ook moontlik die bron van verwarring betreffende die status van offisiere in die gewysigde militêre bedeling gewees het.[4]

Vir die doel van hierdie bespreking is die posisie van P.D. de Wet nie belangrik nie omdat hy die Brandwaterkom saam met C.R. de Wet en die hoofmag, voor die oorgawe van die verenigde konvensionele krygsmagte, verlaat het. Daarenteen was Prinsloo die bevelvoerder van dié konvensionele krygsmag ten tyde van die onderhandelinge oor oorgawe. Hieronder word ook gesien dat C.R. de Wet moeite gedoen het om Prinsloo en die rang wat hy beklee het, verdag te maak.[5]

Dit is duidelik dat hier twee verskillende weergawes van die krygstrategie was, wat as verwysingsraamwerk dien. C.R. de Wet beskryf die aanstelling van Prinsloo met die tweede krygstrategie as verwysingsraamwerk.[6] Hierdie krygstrategie was om die een of ander rede nie algemeen bekend nie. Die gebrekkige kommunikasie rakende die krygstrategie kan alleen voor die deur van C.R. de Wet geplaas word, aangesien hy versuim om aan te dui hoe die krygstrategie gekommunikeer is. Ten einde die juiste rang van Prinsloo te bepaal, is dit nodig om kortliks met die status van Prinsloo, tot en met die bepaling van die krygstrategie na afloop van die geveg te Bethlehem, te handel.

2.1 Die Winburg-kommando

Dit is nodig om die posisie van die Winburg-kommando, waarvan Prinsloo met die uitbreek van die oorlog die kommandant was, te beskou. Hoofstuk XXVIII van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* lys Winburg as een van die distrikte en gevolglik ook as een van die kommandantskappe van die OVS. Die Winburg-distrik is op sy beurt in vier wyke, en daarom ook vier veldkornetskappe verdeel: Winburg, Taaiboschspruit, Zandrivier, Vetrivier en Onder-Wittebergen.[7]

Gedurende die verloop van die oorlog word daar ook na die Senekal-kommando, met sy eie kommandant, verwys. Die wetboek maak nie voorsiening vir so 'n kommando nie. Hieronder word aangetoon dat die kommandant van die Winburg-kommando en die kommandant van die Senekal-kommando òf as een en dieselfde persoon, òf in ander gevalle as twee afsonderlike persone gesien word. Hierdie

4 Vir 'n soortgelyke argument sien W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, p. 691.
5 Sien onderafdeling 3, *infra*.
6 Sien onderafdeling 6.3.1, hoofstuk 5*, supra*.
7 Sien artikels 1 en 2 (s) van Hoofstuk XXVIII van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.

verwarring mag moontlik die gevolg van artikel 5 van Wet 33/1899 wees. Laasgenoemde bepaal dat wanneer die burgers van een distrik in twee of meer rigtings uitgestuur sou word, dié gedeelte van die burgers waar die kommandant van die distrik nie teenwoordig was nie, geregtig was om 'n tydelike kommandant te verkies. Die tydelike kommandantskap het verval wanneer die kommando later weer herenig is.[8]

By gebrek aan enige amptelike bronne is dit besonder moeilik om die presiese plasing van die Winburg-kommando te bespreek. Die volgende blyk egter wel uit die beskikbare bronne. Die Winburg-kommando moes aan die begin van die oorlog in twee verdeel gewees het. Dit blyk uit die teenwoordigheid van die Winburg-kommando in Natal, sowel as aan die Wesfront. Aan die Wesfront het J.P.J. Jordaan as tydelike kommandant bevel gevoer. Jordaan is ook met die oorgawe van P.A. Cronjé te Paardeberg gevange geneem. Veldkornet J.W. Kok van die Winburg-kommando vermeld dat hy ook later vir krygsdiens opgeroep is. Met sy vertrek is hy tot 'n tydelike kommandant verkies. Net soos Jordaan, is Kok ook met die oorgawe van Cronjé krygsgevange geneem.[9]

In Natal is Prinsloo, die kommandant van die Winburg-kommando, tot die rang van hoofkommandant van die OVS Natal-krygsafdeling verkies.[10] Die verkiesing van Prinsloo tot hoofkommandant het beteken dat 'n ander kommandant in Prinsloo se plek as kommandant van die Winburg-kommando verkies moes word. Vanweë die feit dat ’n gedeelte van die Winburg-kommando in Natal was, word H. Theunisen in die plek van Prinsloo verkies. Twee moontlikhede bestaan vir so 'n verkiesing: die eerste is om 'n waarnemende kommandant te verkies, wat in die plek van die kommandant sal staan tot en met sy terugkeer,[11] of om 'n nuwe kommandant

---

8 *Wet omtrent het kiezen van Hoofdkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet*.

9 Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), 1679: “Herinneringe van J.W. Kok, kommandant van die Winburg-onderafdeling”, pp. 1, 3-4, 22; T. van Rensburg (red.), *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger*, p. 31; M.C.E. van Schoor (red.), “Dagboek van Hugo H. van Niekerk”, *Christiaan de Wet-annale* 1, Oktober 1972, p. 18. Sien ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 2, p. 39. Jordaan is as die waarnemende kommandant vir die veldkornetskappe Vetrivier en Taaiboschspruit verkies. Hierdie twee veldkornetskappe onder bevel van Jordaan is na Boshof gestuur. *De Express*, 13.10.1899.

10 *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 13.10.1899 (No. 542-1899); C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 5; *De Express*, 13.10.1899; Breytenbach, 1, p. 158; Delport, p. 1.

11 Sien artikel 25 (Wet 10/1899): “Wanneer de vaste commandant van een district verhinderd is zich aan het hoofd der uit zijn district tot publieken dienst opgeroepene burgers te plaatsen, kiezen zij een provisioneelen commandant [...].”

kragtens die bepalings van Wet 9 van 1899 te verkies.[12] Dit is interessant om daarop te let dat *De Express* vermeld het dat A.P. Cronjé, wat op die stadium van die verkiesing van Prinsloo 'n lid van die krygskommissie was, na Natal vertrek het om die plek van Prinsloo as kommandant van die Winburg-kommando in te neem. Uit die beriggewing blyk dit dat Cronjé tot die posisie verkies is.[13] Dit kom voor of die bronne mekaar hier weerspreek. Voorts is dit nie duidelik of die rang van veggeneraal reeds aan die begin van die oorlog bestaan het nie. Dit mag selfs wees dat die rang later eers deur die krygskommissie ingestel is.

'n Hoofkommandant, net soos die kommandant-generaal, is vir drie maande tot die rang verkies, waarna 'n moontlike nuwe hoofkommandant in die plek van die uittredende hoofkommandant verkies kon word.[14] Die veronderstelling is daarom dat Theunisen as 'n waarnemende of tydelike kommandant in die plek van Prinsloo verkies is, en dat Theunisen weer uit hierdie rang sou tree wanneer Prinsloo uit sy rang as hoofkommandant sou tree. Net so sou Jordaan ook uit sy rang as waarnemende of tydelike kommandant tree indien die verskillende gedeeltes van die Winburg-kommando later weer herenig.

'n Reeks gebeure in hierdie tyd het dit moeilik gemaak om die militêre posisie van Prinsloo, na die einde van sy termyn as hoofkommandant, te bepaal. Die eerste is die onttrekking van die Winburg-kommando aan die Natal-front, in Februarie 1900, wat geïmpliseer het dat die kommando waaraan die hoofkommandant (in dié geval Prinsloo) verbonde was, die krygsafdeling verlaat het. Kort hierna, aan die einde van Februarie 1900, word Theunisen as waarnemende kommandant van 'n gedeelte van die Winburg-kommando aan die wesfront gevange geneem. S.G. Vilonel word, volgens 'n telegram van C.R. de Wet aan die staatspresident, in die plek van Theunisen verkies.[15]

---

12 *Wet betrekkelijk de wijze waarop de verkiezing van eenen Staatspresident, Lid van den Volksraad, Veldcommandant en Veldcornet zal geregeld worden*.

13 *The Friend*, 17.10.1899; *De Express*, 17.10.1899.

14 Artikel 4 (Wet 33/1899). Die ampsduur van die kommandant-generaal word in artikel 23 van die *Krijgs- en Commandowet* (Wet 10/1899) gereël.

15 De Wet, pp. 44, 62-63, 67; M.C.E. van Schoor (red.), “Seven months of commando by Alfred Lester Thring”, ongepubliseerde manuskrip, *Christiaan de Wet-annale*, hoofstuk 16 [met dank aan me. E. Wessels van die Oorlogsmuseum van die Boerepublieke, wat die manuskrip tot my beskikking gestel het]; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 90; Breytenbach, 3, p. 394; Breytenbach, 4, p. 485.

In teenstelling met C.R. de Wet verwys De la Rey en Kestell na Vilonel as die kommandant van Senekal.[16] Enkele maande later het Vilonel uit die posisie bedank na aanleiding van 'n geskil wat tussen hom en C.R. de Wet ontstaan het. Dit is verder interessant om hier na Kestell te verwys, wat die bedanking van Vilonel soos volg omskryf: “Die *kommandant van Winburg*, *onder wie die Senekallers was*, het nou groot moeite aan generaal De Wet gegee [...] Generaal De Wet het hom eers verdra, maar naderhand raak sy geduld op. Hy het toe aan die kommandant gesê dat as hy sy bevele nie wil gehoorsaam nie, dat hy dan sou moet bedank, anders sou hy ontslaan word. Die kommandant het toe dadelik sy bedanking uitgeskryf. Daar was nou geen tyd om 'n plaasvervanger te kies nie, en generaal De Wet het die veldkornet Gert van der Merwe, as waarnemende kommandant aangestel. Toe teen sononder die bevel gegee is om op te saal, *was die Senekallers sonder hulle kommandant*.”[17] Dit kom na aanleiding van die herinneringe van Thring voor of Vilonel hom hierna op die staatspresident beroep het, en dat die staatspresident gelas het dat Vilonel as kommandant na sy kommando moes terugkeer. Volgens Thring, was dit vir C.R. de Wet onaanvaarbaar en hy het geweier om die heraanstelling te kondoneer. Hy het selfs gedreig om te bedank as die staatspresident met die heraanstelling van Vilonel sou voortgaan.[18]

C.R. de Wet het, volgens sy eie herinneringe, na die bedanking van Vilonel vir veldkornet G.S. van der Merwe tydelik in die posisie van kommandant van Winburg aangewys.[19] Wat die posisie van Van der Merwe bemoeilik, is die feit dat hy na homself as die kommandant van Senekal verwys.[20] Daarenteen verwys C.R. de Wet, veggeneraal P.H. Roux en adjudant J.N. Brink ook na Van der Merwe as die kommandant van Winburg.[21] Van der Merwe word kort na sy aanstelling swaar gewond. Die vraag ontstaan wie bevel van die Winburg/Senekal-kommando oorgeneem het, aangesien Van der Merwe eers aan die einde van Junie/begin Julie

16 A.W.G. Raath, *De la Rey: 'n stryd vir vryheid*, p. 286; J.D. Kestell, *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing*, p. 68.

17 Kestell, *Christiaan de Wet*, p. 68. My kursivering.

18 Van Schoor (red.), “Thring”, hoofstuk 16; De Wet, pp. 44, 62-63, 67; Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 90; Breytenbach, 4, p. 485.

19 De Wet, pp. 62-63.

20 M.C.E. van Schoor (red.), “The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers”, *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 96: S.G. van der Merwe (verklaring).

21 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Roux-versameling (A305): P.H. Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 5; Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 83.

1900 na sy kommando teruggekeer het.[22] Veldkornet I.A. Meyer maak in hierdie tyd melding van 'n kommandant Bornman.[23] Thring verwys weer na 'n kommandant Fourie, wat op 30 Maart 1900 bevel oor die Winburg-kommando gevoer het. Fourie is aan die begin van die oorlog as waarnemende kommandant van die veldkornetskappe Moroka en Boven-Modderrivier gekies.[24]

Wat die toestand van die Winburg-kommando aan die einde van Mei 1900 betref, vermeld C.R. de Wet dat talle burgers in die distrik reeds die wapens neergelê het.[25] Gedeeltes van die Winburg-kommando was ook onder aanvoering van Jordaan en Kok, wat by die oorgawe van Cronjé ingesluit is. Brink vermeld die teenwoordigheid van gedeeltes van die Winburg- en Senekal-kommando's, maar noem nie enige bevelvoerders van die oorblywende gedeeltes van die kommando van Winburg en Senekal nie.[26] Luitenant-generaal A. Hunter meld ook dat die Winburg-kommando in die oorgawe op 30 Julie 1900 ingesluit is. In een stel dokumente vermeld hy egter nie die naam van die kommando nie, terwyl hy op 'n ander plek skryf dat die kommandante Van der Merwe en Rautenbach, onderskeidelik van Senekal en Winburg, op 31 Julie 1900 oorgegee het.[27]

Dit kom gevolglik voor of die *Wet omtrent het kiezen van Hoofdkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet*[28] ruimte gelaat het om distrikte in meerdere kommandantskappe te verdeel. Hierdie beweegruimte het om bepaalde redes bly voortbestaan, hoewel dit nooit amptelik deur wetgewing erken of gekondoneer is nie. C.R. de Wet het in die groter krygsvergadering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en OVS, wat op 17 Maart 1900 gehou is, soos volg verklaar: "Sommige districten hebben meer dan een commdt. noodig, bijv. Kroonstad, om maar een groot districht te noemen, heeft 4 commandanten. Allich

---

22 De Wet, p. 67; Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 83.

23 VAB, Renier-versameling (A119/1056): I.A. Meyer, "Die ervaringe van 'n veldkornet in die Engelse oorlog 1899-1902", p. 16. C.J. Bornman was die Volksraadslid vir Onder Rhenosterrivier, Kroonstad. (Sien Aanhangsel B, *infra*.) Dit is egter nie seker of hierdie Bornman en kommandant Bornman hierbo dieselfde persoon is nie.

24 *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*: 27.10.1899 (No 560-1899); *De Express*, 13.10.1899; Van Schoor (red.), "Thring", hoofstuk 14. Meer besonderhede kon egter nie oor Bornman gevind word nie. Dit mag wees dat Fourie die P.J. Fourie kan wees wat later as veggeneraal aangewys is.

25 De Wet, p. 93. Sien ook J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 58.

26 Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 57.

27 The National Archives (TNA), War Office (WO), 32/7998: "Statement regarding the number of Boers surrendering in the Caledon Valley"; TNA, WO 32/7998: "Operations of Sir A. Hunter's force from 28/6 to 1/8" [hierna TNA: WO 32/7998: Hunter-verslag], p. 6.

28 Wet 33/1899.

krijgt men dan minder geschikten als commdt."[29] Volgens Hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* is die distrik Kroonstad in die wyke Midden-Valschrivier, Onder-Valschrivier en Onder-Rhenosterrivier verdeel.[30] Dit is onseker of C.R. de Wet ten gunste of teen die gebruik van die verdeling van 'n distrik in meerdere kommandantskappe was. Die aanhaling bied getuienis oor die verdeling van 'n distrik in meerdere kommandantskappe. Dit bevestig die gevolgtrekking dat die Winburg-distrik teen Maart 1900 ook in meerdere kommandantskappe verdeel is, waarvan een so 'n kommandantskap die Senekal-kommando ingesluit het.

2.2 Prinsloo

Intussen het Prinsloo se derde termyn as hoofkommandant rondom 9 Junie 1900 verstryk. In aanloop tot die verstryking van die termyn verklaar Kestell dat Prinsloo na die strydmagte te Lindley vertrek het en dat F.J.W.J. Hattingh in sy plek tot hoofkommandant verkies is. C.R. de Wet verklaar uitdruklik dat Prinsloo as hoofkommandant bedank het.[31] Die rede vir Prinsloo se vertrek of bedanking, en besluit om na Lindley te gaan, is onseker.[32] 'n Paar verduidelikings, soos deur verskillende bronne aangedui, word hieronder bespreek.

Amery stel voor dat Prinsloo die aftree-ouderdom bereik het en daarom na sy plaas teruggekeer het. Dit is egter belangrik om daarop te let dat persone bo die ouderdom van 60 jaar van kommandodiens vrygestel was en dat Prinsloo met die uitbreek van die oorlog reeds 61 jaar oud was. Gevolglik kom dit voor of Amery se aanname oor die bedanking verkeerd is.[33] Amery en Rompel dui op 'n tweede moontlikheid vir die vertrek of bedanking van Prinsloo, naamlik dat hy (Prinsloo) die Heilbron- en Kroonstad-kommando met hulle vertrek uit die Drakensberge vergesel het, en dat Prinsloo in hierdie hoedanigheid (moontlik as hoofkommandant) die oorhoofse bevel van die kommando's geneem het. Prinsloo was daarom ook te Lindley as 'n

---

29 W.L. von R. Scholtz en I.M.E. Scholtz (reds.), "Dagboek van C.J. Asselbergs", *Christiaan de Wet-annale* 5, 1978, p. 52.

30 Sien artikel 2(L), Hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.

31 J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's: mijne ervaringen als veldprediker*, p. 58; De Wet, pp. 115-116. Sien ook J. Stamperius, *Met generaal de Wet in't veld: "De strijd tusschen Boer en Brit", den Boerengeneraal C.R. de Wet naverteld*, p. 104.

32 Delport, p. 127.

33 L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, p. 337; Artikel 28 (Wet 10/1899); Keulemans, p. 11 soos vervat in Boldingh [Die aantekeninge van Keulemans verskyn as kommentaar in die vorm van voetnote tot die beskrywing van G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*. Vir doeleindes van die studie word na Keulemans as 'n afsonderlike bron verwys om sodoende 'n duidelike onderskeid tussen die weergawes van Boldingh en Keulemans te tref]; Delport, p. 1.

hoofkommandant van die Heilbron- en Kroonstad-kommando teenwoordig.[34] Kestell verklaar egter uitdruklik dat Prinsloo kort na afloop van die vertrek van die Heilbron-kommando die afdeling verlaat het, en weerspreek in hierdie opsig vir Amery en Rompel.[35] Brink het 'n soortgelyke standpunt as dié van Amery en Rompel, naamlik dat Prinsloo met 'n gedeelte van sy burgers na Kroonstad teruggeroep is.[36]

Volgens Roux is Prinsloo teruggeroep om bevel van sy distrik (met ander woorde Winburg) te neem.[37] Die standpunt van Roux word deur J.A.J. de Villiers, die waarnemende staatsprokureur, bevestig. Volgens De Villiers het die staatspresident vir Prinsloo na die Winburg-kommando teruggeroep en aan hom (Prinsloo) die voorreg verleen om met die rang van waarnemende hoofkommandant in die kommando aanwesig te wees.[38] Hierbo is reeds daarop gewys dat Senekal binne die Winburg-distrik geval het en daarom nie op 'n afsonderlike kommandant geregtig was nie. Die teenwoordigheid van 'n hoofkommandant in die groter Winburg-kommando sou om hierdie rede moontlik die teenwoordigheid van die kommandant van Senekal kon verklaar. 'n Ander moontlikheid sou wees dat Prinsloo alleen die titel van generaal na sy uittrede behou het.

Hierbo is reeds daarop gewys dat die kommando van Winburg ten tyde van Prinsloo se vertrek uit die Drakensberge op groot skaal die wapens neergelê het, en dat alleen 'n klein gedeelte daarvan nog saam met die Senekal-afdeling aktief was. Hierdie gedeelte van die kommando was in die omgewing van Lindley/Senekal teenwoordig en Prinsloo sou daarom in die hoedanigheid van kommandant/hoofkommandant na die kommando kon terugkeer. Met die oog op die herorganisasie van die kommando kon Prinsloo sekerlik ook waardevolle insette in sy eie distrik lewer. Brink getuig egter die teendeel deurdat hy verklaar dat Prinsloo te Lindley aan die burgers, wat hom vergesel het, verlof gegee het om huis toe te gaan. Brink gaan voort: “[Prinsloo] plantte zich met zijn staf te Lindley vast als onofficieel hoofdcommandant van een burgermacht waarover Piet de Wet nog

---

34 Amery (red.), 4, pp. 128, 245; F. Rompel, *Marthinus Theunis Steijn*, p. 96; De Wet, p. 86.

35 Kestell, *Met den Boeren-commando's*, p. 58.

36 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87.

37 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 4.

38 Bostaande is gegrond op 'n gesprek tussen Jacob de Villiers en Hintrager. Die gesprek is deur Hintrager in sy dagboek aangeteken. O. Hintrager, *Met Steijn en De Wet op kommando: Een dagboek uit den oorlog in Zuid-Afrika: Uit het Duitsch*, p. 107.

officieel bevel voerde."[39] Amery verklaar ook dat Prinsloo se bevel te Lindley swak omskryf was.[40]

Keulemans en Grobler bevestig dat Prinsloo wel te Lindley oor 'n gedeelte, of die geheel van die krygsafdeling daar aanwesig, bevel gevoer het.[41] In teenstelling met Keulemans en Grobler verklaar C.R. de Wet egter uitdruklik dat P.D. de Wet te Lindley bevel gevoer het. C.R. de Wet maak trouens geen melding van Prinsloo as 'n bevelvoerder te Lindley nie. Hierdie betrokke punt word deur Delport gebruik om aan te voer dat P.D. de Wet, en nie Prinsloo nie, die bevelvoerder ten tyde van die geveg te Lindley was.[42]

Weer is dit nie so maklik om 'n gevolgtrekking te maak nie. Hieronder word gesien dat C.R. de Wet na Prinsloo as "die heer Prinsloo" verwys, terwyl dit duidelik was dat Prinsloo wel die een of ander rang gehad het.[43] Dit is duidelik dat C.R. de Wet bepaalde vooroordele teenoor Prinsloo gehad het en dat hy in die lig daarvan ook die moontlike aandeel van Prinsloo in die Lindley-geveg kon verswyg het. Dit mag ook wees dat C.R. de Wet op die stadium van die gevegte te Lindley nie op hoogte met die presiese aard van Prinsloo se rang en rol, soos deur die staatspresident toegeken, was nie.

Intussen het die onbevredigende situasie te Lindley voortgeduur, waar daar oënskynlik twee hoofkommandante aanwesig was.[44] Volgens Rompel: "De oude Marthinus Prinsloo [...] beschouwde zich ook hier [Lindley] als hoofdcommandant, terwijl Piet de Wet zich eveneens dien titel aanmatigde. Aan deze ongewenschte verhouding, die oorzaak was dat beide bevelvoerders elkander nooit steunden, maar steeds tegenwerkten in gevechten, voelde de President zich niet krachtig genoeg een einde te maken. Prinsloo was een man van bizonder veel invloed onder de Burgers en zijn ontzetting als hoofdcommandant zou zijn groote aanhang zeer ontstemmen."[45] Laasgenoemde word ook deur Keulemans bevestig: "[Prinsloo had]

39 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87.
40 Amery (red.), 4, p. 337.
41 Keulemans, p. 11; M.J. Grobler, *Met die Vrystaters onder die wapen*, pp. 50-53.
42 Delport, pp. 134-135.
43 Sien die bespreking onder onderafdeling 3, *infra*.
44 Oberholster (red.), pp. 38-49; Rompel, p. 96; Delport, pp. 138-140.
45 Rompel, p. 96.

veel invloed onder zijne medeburgers en genoot ook van de regeering een soort respect, wat men zou kunnen noemen ontzien – tevriend houden – vermijden."[46]

In reaksie op die probleme te Lindley het die staatspresident vir regter J.B.M. Hertzog daarheen gestuur om ondersoek te doen. Volgens Hintrager kom dit voor of Hertzog aan die staatspresident verslag gedoen het dat Prinsloo aan die nodige energie om die oorlogspoging voort te sit ontbreek het, en dat Prinsloo eerder kommando's sou terugtrek as om die lewe van burgers op die spel te plaas. Hintrager gaan voort en verklaar dat Hertzog egter nie vir Prinsloo by die staatspresident verdag gemaak het, of die aandag van die staatspresident op die tekortkominge van Prinsloo gevestig het nie.[47]

Dit beklemtoon voorts die gevolgtrekking dat die militêre posisie van Prinsloo as hoofkommandant na sy vertrek uit die Drakensberge onseker was. C.R. de Wet skryf trouens self dat die staatspresident in hierdie tye verklaar het dat Prinsloo, ná sy bedanking as hoofkommandant, net 'n gewone burger was.[48] Tog is Prinsloo enkele weke later 'n kandidaat in die verkiesingstryd om hoofkommandant. In hierdie verkiesing, wat deur C.R. de Wet gelas is, het Prinsloo alleen twee stemme op hom verenig.[49]

Delport toon tereg aan dat dit onwaarskynlik was dat Prinsloo aan so 'n verkiesing, sonder die rang van ten minste kommandant, kon deelneem.[50] Delport versuim egter om die rang van Prinsloo aan te dui. Dit is waarskynlik dat Prinsloo op die tydstip van die verkiesing ten minste nog die kommandant van die Winburg-kommando was, deurdat hy na sy uittrede as hoofkommandant tot die rang van kommandant teruggekeer het. Die status van gewone burger, waarna C.R. de Wet verwys, blyk duidelik verkeerd te wees. Prinsloo was met die uitbreek van die oorlog op grond van sy ouderdom van krygsdiens vrygestel.

---

46 Keulemans, p. 11. Sien ook Amery (red.), 4, p. 337.

47 Laasgenoemde vertelling volg uit 'n gesprek tussen Hintrager en J.A.J. de Villiers. (Oberholster (red.), p. 125.) In die vertaling van die dagboeke deur Oberholster word die volgende krasse beskrywing gevind: "Regter Hertzog het in sy verslag tot die gevolgtrekking gekom dat Prinsloo 'n energieklose, bangerige ou man was wat eerder 'n terugtog sal beveel as om een menselewe op te offer en 'n man wat nie as bevelvoerder deug nie." Laasgenoemde weergawe verskyn nie in die Nederlandse vertaling van die Hintrager-dagboek nie. Hintrager, p. 107.

48 De Wet, pp. 115-116; Stamperius, p. 104; Delport, p. 128.

49 De Wet, p. 116.

50 Delport, pp. 141-142.

Na afloop van die hoofkommandantsverkiesing, tot en met Prinsloo se aanstelling as die waarnemende hoofkommandant van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling, is sy posisie onseker. Volgens Roux: “Liever dan eene ondergeschikte betrekking te aanvaarden zou hij zich eer aan het strijdperk onttrekken & al zijn aandacht aan zijne invalide gade wijden; & reeds was hij op weg dien stap te nemen toen er eene kleine gebeurtenis plaas greep, die bestemd was mee te werken hen andermaal eene betrekking te bezorgen die hem als het hoofd figuur in eene der treurigste toneellen in den oorlog aan de wereld vertoonen zou.”[51] Keulemans verklaar ook dat Prinsloo tot na die geveg te Bethlehem sonder 'n kommando was.[52] Volgens Amery het Prinsloo ook tydens die geveg te Bethlehem in die kamp agtergebly.[53] Volgens Brink het die “onofficieele hoofdcommandant” saam met die grootste gedeelte van die OVS krygsmag die Brandwaterkom binnegetrek.[54]

3. Status na bepaling van die krygstrategie

Prinsloo was gevolglik ten tyde van die formulering van die krygstrategie òf 'n kommandant, òf het die status van 'n afgetrede offisier met die aanspreekvorm van generaal gehad. Die bespreking wat hier volg handel oor die rang van Prinsloo binne die twee variasies van die krygstrategie. Hierdie bespreking word ingesluit om aan te toon dat C.R. de Wet se beskrywing van Prinsloo se rang as bevelvoerder van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling of -wag, juridies gesproke, gebrekkig is. Die bespreking sal aantoon dat Prinsloo as bevelvoerder van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling gehoorsaamheid van sy offisiere kon vereis omdat die staatspresident hom in die rang van waarnemende hoofkommandant, of assistent-hoofkommandant aangewys het. Die ontkenning van, of gebrek aan kennis van C.R. de Wet oor die aanstelling van Prinsloo is verder van deurslaggewende belang. Die afleiding kan gemaak word dat C.R. de Wet òf nie kennis van die staatspresident se besluit in dié verband gedra het nie, òf sy eie aandeel in die oorgawe probeer verbloem het. Dit mag ook wees dat C.R. de Wet nie op die betrokke stadium behoorlik in die rang as opperbevelvoerder opgetree het nie. In hierdie opsig wil dit voorkom of die staatspresident in die take van sy opperbevelvoerder ingemeng het. Wat C.R. de

51 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 4.
52 Keulemans, p. 11.
53 Amery (red.), 4, p. 337.
54 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87.

Wet betref, sou hy in dié poging sy eie versuim om die gewysigde krygstrategie behoorlik te kommunikeer, probeer verbloem het.

3.1 Hoof van die wag

Hierbo is twee alternatiewe weergawes betreffende die grootte van die Brandwaterkom-wag/krygsafdeling aangedui, naamlik (A) Prinsloo as bevelvoerder van 'n wag wat alleen uit 'n wyk van die Bethlehem-kommando bestaan het, of (B) Prinsloo as bevelvoerder van 'n kleinere krygsafdeling wat ander moontlike kommando's, soos Ficksburg en Rouxville en ook dié van Haasbroek, kon insluit. Volgens C.R. de Wet was die taak van die Brandwaterkom-wag/krygsafdeling soos volg omskryf: "Er bleef nog het overige [...] Bethlehem burgers, te weten, die van de bovenwijk Wittebergen. Dezen moesten *als een mach achterblijven* onder *den heer Marthinus Prinsloo* als *hoofd*. Deze *wacht* moest in drieën verdeeld [...]."[55]

Die gebruik van woorde soos "macht" en "wacht" is besonder interessant en staan in skerp kontras met die woord "afdeeling", wat deur C.R. de Wet gebruik word om die ander krygsafdelings wat die Brandwaterkom moes verlaat, te beskryf. Die vraag ontstaan waarom C.R. de Wet hier nie ook na die Brandwaterkom-wag as 'n krygsafdeling verwys het nie. Die vraag kan ook geformuleer word om te vra wat die gevolglike implikasie van die duidelike verandering in patroon van beskrywing is. In die beantwoording van die vraag moet spesifiek op die bepaling van Wet 10 van 1899 en Wet 33 van 1899 gelet word. Volgens artikel 24 (Wet 10 van 1899): "Gedurende oorlogstijd zal elk hoofd-commandant, aan het hoofd elker *afdeeling*" vergoeding ontvang. Net so lees die aanhef van Wet 33 van 1899 soos volg: "er geen voorziening is gemaakt in 's lands wetten voor de wijze waarop een hoofdkommandant van eenige *afdeeling* van burgermachten gekozen sal worden [...]."[56] Uit die woorde "hoofdkommandant" en "afdeeling" wil dit voorkom of 'n hoofkommandant alleen binne 'n krygsafdeling verkies kon word.

Die gebruik van die woord "macht" en "wacht" deur C.R. de Wet sou daarop kon dui dat die Brandwaterkom-wag nie as 'n krygsafdeling beskou is nie en dat Prinsloo gevolglik nie 'n hoofkommandant van so 'n wag kon wees nie. So 'n aanname blyk duidelik verkeerd te wees aangesien artikel 1 van Wet 33 van 1899 voorsiening

55 De Wet, p. 123. My kursivering.
56 My kursivering.

maak vir “de kiezing van eenen Hoofdkommandant voor *ieder commando*[57] of afdeeling der burgermachten [...].” Die strekking van hierdie artikel is dat die staatspresident kon bepaal watter afdelings of kommando(’s) geregtig sou wees om 'n hoofkommandant te verkies.[58] Die gebruik van 'n hoofkommandant as bevelvoerder vir die Brandwaterkom-wag is daarom regmatig, mits die staatspresident dit so, kragtens die bepalings van die 1899 militêre wetgewing, gelas het. Aan die ander kant sou dit as onregmatig aangestip kan word indien die gewysigde militêre reg hierdie funksie van die staatspresident ontneem het. Geen getuienis te dien effek kon egter gevind word nie.

Dit wil eerder voorkom of die 1899 militêre wetgewing nog steeds die geldende bedeling ten tyde van die formulering van die krygstrategie was. C.R. de Wet se duidelike miskenning van Prinsloo, in die hoedanigheid as 'n hoofkommandant (of assistent-hoofkommandant), is daarom besonder opvallend.[59]

Die aanstelling van Prinsloo as die hoof van 'n wag, veral met betrekking tot 'n wyk van die Bethlehem-kommando, is regtens eienaardig in die lig van Wet 10 van 1899 en Wet 33 van 1899. Die *bovenwijk Wittebergen* het 'n veldkornet gehad, wat op sy beurt as 'n waarnemende kommandant van 'n gedeelte van die wyk, in die afwesigheid van die distrikskommandant, verkies of aangewys kon word.[60] Indien nodig, sou die staatspresident kon gelas dat die wag vanuit eie geledere 'n hoofkommandant verkies, of dat 'n assistent-hoofkommandant kragtens die bepalings van die gewysigde militêre reg vir die wag/krygsafdeling aangewys word.[61] Prinsloo was verder nie 'n lid van die *bovenwijk Wittebergen* of die Bethlehem-kommando nie. Sy verkiesing of aanstelling tot hoofkommandant van so 'n krygsafdeling sou daarom des te meer vreemd wees.[62] Die afleiding kan derhalwe gemaak word dat Prinsloo ten minste die rang van kommandant moes gehad het. Daar sou verder aangevoer kon word dat sy toewysing aan die wag, bestaande uit 'n gedeelte van 'n ander kommando, die aanstelling tot assistent-hoofkommandant (gewysigde militêre reg) of hoofkommandant (1899 militêre reg) regverdig het.

---

57 My kursivering.

58 Sien ook artikel 2 (Wet 33/1899).

59 Sien ook W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: een beschrijving*, Tweede Tijdvak 2, p. 32 (vn. 4).

60 Volgens artikel 5 (Wet 33/1899): “Wanneer de burgers van een district naar twee of meer richtingen worden gezonden, zal dat gedeelte van de burgers waar de Kommandant van het district niet bij tegenwoordig is, eenen tijdelijken Kommandant kunnen kiezen”. Sien ook De Wet, pp. 122-123.

61 Sien artikel 1 (Wet 33/1899).

62 Sien artikel 2 (Wet 33/1899).

3.2 Hoof van 'n kleinere krygsafdeling

Die kommando's van Ficksburg en Rouxville, asook Haasbroek is moontlik later weer tot die Brandwaterkom-wag gevoeg, as 'n derde variant van die krygstrategie.[63] Die moontlikheid bestaan dus dat hierdie kommando's van hulle krygsafdelings onttrek is, soos in die tweede krygstrategie omskryf, en tot die Brandwaterkom-wag gevoeg is. Die moontlike insluiting van hierdie kommando's sou die status van die Brandwaterkom-wag van 'n veldkornetskap tot 'n volwaardige krygsafdeling uitgebrei het, en daarom die verkiesing of aanstelling van 'n hoofkommandant of assistent-hoofkommandant as bevelvoerder regverdig het.

Artikel 2 van Wet 33 van 1899 bepaal egter uitdruklik dat 'n hoofkommandant vanuit die geledere van die veldkommandante, veldkornette en assistent-veldkornette in 'n betrokke krygsafdeling verkies moes word. Die veronderstelling sou daarom wees dat 'n hoofkommandant uit die geledere van die offisiere verbonde aan die krygsafdeling aangewys moes word, naamlik die kommandante van Ficksburg-, Rouxville-, Haasbroek- en moontlik ook 'n waarnemende kommandant van die gedeelte van die Bethlehem-kommando. Die toewysing van Prinsloo as bevelvoerder van hierdie krygsafdeling, waaraan hy self nie as 'n offisier verbonde was nie, is vreemd en kan selfs as onreëlmatig beskou word. Indien egter aanvaar word dat die Winburg-kommando op hierdie stadium nog bestaan het, en aan hierdie afdeling verbonde was, sou die aanstelling van Prinsloo as assistent-hoofkommandant of hoofkommandant reëlmatig wees.

C.R. de Wet hou egter vol dat Prinsloo nie 'n hoofkommandant was nie. In 'n skrywe aan Prinsloo het hy na afloop van die oorgawe soos volg geskryf: "Het verwondert mij te zien dat gij uzelven noemt hoofdcommandant. Vanwaar gij het recht krijgt uzelven de betrekking van hoofdcommandant aan te matigen is voor mij een raadsel."[64] De Villiers verwys ook na die skrywe van C.R. de Wet. Daar is egter opmerklike verskille tussen die twee weergawes van die skrywes, soos deur C.R. de Wet en De Villiers aangehaal. Volgens De Villiers: "Daar gy slechts as Wd. Hoofd aangesteld was over de paar kleine afdeelingen die de passen moesten bewaken hebt gy geen recht U eenige machten als Hoofd Kommandant aan te matigen."[65] In

63 Sien onderafdeling 6.3.2(f), hoofstuk 5, *supra*.
64 De Wet, p. 135.
65 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 22.

die De Villiers-verwysing na dié skrywe word die gedagte van 'n waarnemende hoof van 'n klein krygsafdeling herhaal, sonder om te verklaar in watter rang Prinsloo bevel gevoer het. Tog erken C.R. de Wet in die De Villiers-verwysing na dié skrywe dat die wag uit meer as die *bovenwijk Wittebergen* bestaan het. By gebrek aan die oorspronklike korrespondensie in hierdie verband is dit onmoontlik om te bepaal watter weergawe korrek is.

3.3 Die groter Brandwaterkom-krygsafdeling

Met betrekking tot die bevel oor die groter Brandwaterkom-krygsafdeling moet spesifiek vermeld word dat C.R. de Wet in sy telegram en ander korrespondensie nalaat om te verklaar wie die bevelvoerder van hierdie krygsafdeling was. Ander bronne aanvaar sonder enige verdere verduideliking dat Prinsloo die bevelvoerder van hierdie krygsafdeling was, maar vermeld verskillende range, naamlik Prinsloo as 'n assistent-hoofkommandant of hoofkommandant. Vanuit C.R. de Wet se stilswye betreffende die bevelvoerder van so 'n groter krygsafdeling, sou twee moontlike afleidings gemaak kon word. Die eerste is dat Prinsloo wel die bevelvoerder in die hoedanigheid van 'n assistent-hoofkommandant was, of dat hy in hierdie hoedanigheid sou waarneem totdat waarnemende hoofkommandant F.J.W.J. Hattingh die Brandwaterkom binnegetrek en bevel geneem het. Die herinneringe van De Villiers, die waarnemende staatsprokureur en vertroueling van die staatspresident ten tyde van die gebeure in die Brandwaterkom, spreek duidelik tot die teendeel. Volgens De Villiers het die staatspresident vir Prinsloo as die bevelvoerder van die wag/krygsafdeling, wat in die Brandwaterkom agtergebly het, aangewys.[66] Hierdie aanwysing is des te meer vreemd in dié opsig dat C.R. de Wet, in sy hoedanigheid as opperbevelvoerder, nie daarvan kennis gekry het nie.

Net soos in die geval van die wag/krygsafdeling, is dit ook onseker in watter rang Prinsloo bevel van die groter krygsafdeling gevoer het. Die enigste aanduiding van dié hoedanigheid word in 'n skrywe van Roux aan C.R. de Wet gevind. In hierdie skrywe vermeld Roux sy verbasing toe Prinsloo hom (Roux) op 'n skrywe van die staatspresident wys, waarin die staatspresident vir Prinsloo as 'n waarnemende hoofkommandant aangestel het.[67] Aan die hand van Roux word aanvaar dat die

---

66 *Ibid*., pp. 36-37. Sien ook VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", pp. 4-5; Oberholster (red.), p. 125; Keulemans, pp. 11-12.

67 Heyns, p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

staatspresident Prinsloo as 'n waarnemende hoofkommandant aangestel het. Die staatspresident as opperbevelhebber van die OVS krygsmag was kragtens die bepalings van 1899 militêre wetgewing nie geregtig om Prinsloo in hierdie posisie aan te stel nie. Hier moet herhaal word dat 'n gewysigde opperbevel, soos in hoofstuk 2 bespreek, 'n hoofkommandant en opperbevelvoerder van die OVS krygsmag veronderstel het. Die aanstelling van 'n waarnemende hoofkommandant deur die staatspresident (of krygskommissie), kragtens dié bedeling, sou daarom ten minste 'n konsultasie met die opperbevelvoerder van die OVS krygsmag (in dié geval C.R. de Wet) veronderstel het, indien die gewysigde opperbevel wel bestaan het.

Wanneer die tweede krygstrategie beskou word, kom dit duidelik voor of C.R. de Wet nie vir Prinsloo in die hoedanigheid van 'n assistent-hoofkommandant kragtens die gewysigde opperbevel, of hoofkommandant kragtens die 1899 militêre wetgewing beskou het nie. Aan die hand hiervan ontstaan die volgende veronderstellings betreffende die aanwysing wat deur die staatspresident gemaak is: C.R. de Wet het sy kennis van die aanstelling van Prinsloo as bevelvoerder van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling probeer verbloem, óf die staatspresident het versuim om vir C.R. de Wet in sy hoedanigheid as opperbevelvoerder van die OVS krygsmag in dié aanstelling te ken. Die moontlikheid bestaan ook dat C.R. de Wet ten tyde van die formulering van die krygstrategie, nie as opperbevelvoerder diens gedoen het nie. Roux het self C.R. de Wet se ontkenning van kennis van Prinsloo se aanstelling betwyfel. Roux het daarom die staatspresident en C.R. de Wet verwyt vir hulle versuim om hom (Roux) kennis van die aanstelling van Prinsloo as waarnemende hoofkommandant te gee.[68]

4. Geskiktheid vir verdere bevel?

Twee verdere aspekte moet egter nog aandag geniet alvorens die gebeure kort voor en na afloop van die vertrek van die hoofmag vanuit die Brandwaterkom bespreek kan word. Dit is die aanstelling van Prinsloo in die rang van waarnemende hoofkommandant en die geskiktheid van Prinsloo vir hierdie rang. Wat die geskiktheid van Prinsloo betref, was hy met die uitbreek van die oorlog nie meer krygspligtig nie. Die aanwending van Prinsloo in die verloop van die oorlog sou

[68] *Ibid*.

daarom gegrond wees op òf sy besondere kennis en ervaring, òf op die hoë aansien wat hy in die gemeenskap geniet het. Hierdie aansien spreek uit die verkiesing van Prinsloo tot die rang van hoofkommandant van die Natal-krygsafdeling aan die begin van die oorlog.

Ten opsigte van Prinsloo se rol in die oorlog is reeds melding gemaak van die omstredenheid wat voortgespruit het uit sy teenwoordigheid te Lindley, en die daaropvolgende verkiesing van 'n hoofkommandant soos deur C.R. de Wet gelas. Dit is dus moontlik dat die aanstelling van Prinsloo in die rang van waarnemende hoofkommandant in Julie 1900 geskied het op grond van sy besondere militêre kennis en sy steun onder die burgers.

Volgens Brink en Delport het Prinsloo hom nie gedurende die veldtog in Natal as 'n veldheer onderskei nie. Prinsloo het verder ook niks gedoen wat sy bevel in die tyd geskaad het nie.[69] Wat Brink en Prinsloo betref, is dit nodig om ter aanvulling van Delport ook na 'n gesprek tussen De Villiers en O. Hintrager te verwys. Volgens De Villiers: “President Steijn was over die werkloosheid van Prinsloo in Natal zeer ontevreden.”[70] Amery skryf ook soos volg in verband met Prinsloo se kwaliteite: “There is no doubt that, brave personally and patriotic though he [Prinsloo] was, he was past his work by this time.”[71]

Breytenbach neem 'n meer definitiewe standpunt in rakende Prinsloo se krygsmanskap. Wat die slag te Platrand in Natal betref, maak Breytenbach die volgende gevolgtrekking: “Van Prinsloo se kant het die Vrystaters dus bedroewend min leiding, indien enige, ontvang.”[72] Ten opsigte van die beleg van Ladysmith verklaar Breytenbach onomwonde dat Prinsloo 'n man met min krygsvernuf of inisiatief was.[73]

In Maart 1900 versoek die staatspresident vir Prinsloo om 'n kommando as versterking te stuur, om die aanslag van die Britse magte in die rigting van Bloemfontein af te weer. Laasgenoemde versoek is deur Prinsloo geweier aangesien hy (Prinsloo) van oordeel was dat hy die bergpasse, waar hy stelling ingeneem het,

---

69 Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 87; Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 89; Delport, pp. 112-113. Sien ook De Kock (red.), 1, p. 691.

70 Hintrager, p. 106.

71 Amery (red.), 4, p. 337.

72 Breytenbach, 3, p. 59.

73 *Ibid*., p. 373.

nie voldoende sou kon beskerm indien die Britse magte daar 'n aanval uitvoer nie. Prinsloo het ook daarop aangedring dat die ZAR kommandant-generaal die De Beers- en Brandonspasse moes beset voordat hy (Prinsloo) die Heilbron-kommando na Bloemfontein sou stuur. Die ZAR kommandant-generaal het op sy beurt daarop gewys dat 'n Britse aanval op die passe onwaarskynlik was en dat die passe eerder met patrollies bewaak moes word.[74] Hierop het Prinsloo die staatspresident op sy versoek betreffende die Heilbron-kommando soos volg geantwoord: “Op krijgsraad vergadering heden alhier gehouden werd het volgend besluit met algemeene stemmen aangenomen, begint: Na het telegram van ZHed. den Staatspresident waarin het verzoek voorkomt om een commandantschap als versterking naar het zuiden te zenden, gelegen [sic] te hebben en na breedvoerige discussies en beraadslaging of aan dat verzoek niet op een of andere wijze gevolg zou kunnen worden gegeven, werd met innig leedwezen besloten, dat de krijgsraad geen termen kan vinden om aan het verzoek van ZHed. den Staatspresident te voldoen, tenzij door Generaal Joubert deBeerspas en Brandonspas behoorlijk beset worden met Transvaalsche manschappen.”[75]

Enkele ure later het Prinsloo weer aan die OVS staatspresident getelegrafeer en hom (die staatspresident) weer eens na die besluit van die krygsraad verwys. Prinsloo het hierna die staatspresident versoek om by die ZAR staatspresident en

---

74 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Leyds 718/5: P.J. Blignaut — P.J. Joubert, 6.3.1900 (telegram). Op 6.3.1900 skryf Prinsloo weer aan Joubert dat hy nog 'n duidelike antwoord van Joubert, rakende die besetting van Van Rheenenspas, en geen antwoord rakende Brandonspas deur ZAR kommando’s ontvang het nie. Prinsloo sluit die telegram met die volgende sin af: “Presidenten tragen alweer een mijner commandantschappen om naar Westen te zenden.” (TAB, Leyds 709/10: M. Prinsloo — P.J. Joubert, 6.3.1900 (afskrif van telegram).) Op 7.3.1900 wend die OVS staatspresident hom tot die ZAR kommandant-generaal: “Tot mijn leedwezen ontvang ik bericht van HoofdCommdt. Prinsloo, dat gij beweert niet deBeerspas [sic] te kunnen bezetten en waardoor hij verhinderd wordt de zoo hoog vereischte versterking hierheen te zenden, terwijl gijzelf in uwe telegram van LUR. Wolmarans te kennen geeft, dat naar uwe beschouwing het grootste gedeelte van den vijand weggetrokken wordt en naar Colesberg gezonden word. Wij krijgen aanvragen om hulp van Dordrecht, Stormberg en overal en wij hebben niet manschappen genoeg om een van deze plaatsen behoorlijk te beschermen, terwijl wij met zekerheid kunnen aannemen, dat de vijand geen poging zal maken om een aanval op ons te doen aan Drakensberg of Biggarsberg. Ik moet dus nogmaals bij u aandringen om met Hoofdcommdt. Prinsloo in overleg te treden, teneinde zoo samen te werken, dat wij minstens een commando los kunnen krijgen. Ik moet u echter er op wijzen, dat het noodig zal zijn dat zoodanige versterking moet komen zonder verzuim. Tijdverlies kan nu noodlottig zijn voor onze zaak. Laat mij nog heden weten, wat door u en HoofdCommdt. beslist word.” (TAB, Leyds 709/10: M.T. Steyn — P.J. Joubert, 7.3.1900 (afskrif van telegram). Die volgende dag het die ZAR kommandant-generaal hom tot Prinsloo gewend: “Het schijnt niet volgens beweging van den vijand voor het tegenwoordige het zal toeleggen op deBeerspas, Brandons of eenige dier passen. Ik vrees eerder dat hij een macht zal afzenden onder door Tugela of dat hij zijn macht overzee om zal sturen naar Colesberg. Ik heb dus voorgesteld om slechts kleine wachten of patrouilies op die passen te doen plaatsen, daarom moet u dan zonder verzuim de door President Steijn gevraagde Commando van Heilbron naar Bloemfontein zenden, of zoo handelen als door uw President bevolen.” TAB, Leyds 709/10: P.J. Joubert — M. Prinsloo, 8.3.1900 (afskrif van telegram).

75 TAB, Leyds, 709/10: M. Prinsloo — M.T. Steyn, 9.3.1900 (afskrif van telegram).

kommandant-generaal aan te dring om dadelik die De Beers- en Brandonspasse te beset. Indien laasgenoemde persone wel bereid sou wees om die twee passe te beset, het Prinsloo verklaar, “kan ik hulp zenden; anders moet President Kruger hulp zenden, om den Vrijstaat te redden. De lijn die ik te beschermen heb van Oliviershoek naar Brandonspas is 15½ uur te paard, dus kan UEd zien, dat mijn manschappen nog geheel onvoldoende zijn en verscheidene passen liggen nog open. Zooals ik u gezegd heb, kan ik geen man missen, tenzij de deBeerspas en Brandonspas door Tranvalers bezet [worden].”[76]

Na ontvangs van die telegram het die OVS staatspresident hom weer tot die ZAR staatspresident gewend met die versoek dat hy die passe beset. Volgens die OVS staatspresident sou sake verkeerd loop terwyl die kommandante besig was om te telegrafeer. Waarskynlik in reaksie hierop het C.G. Pretorius aan Prinsloo getelegrafeer dat die Zoutpansberg-kommando se posisie van so aard was dat dié kommando wel Brandonspas kon beskerm, en deur die plasing van patrollies ook enige Britse poging om De Beerspas aan te val sou ontdek en kon voorkom. Pretorius het in sy telegram aan Prinsloo daarop aangedring dat Prinsloo onverwyld 'n kommando ter voldoening van die versoek van die OVS staatspresident moes stuur. Intussen het die ZAR kommandant-generaal ook weer aan Prinsloo die posisie, soos deur Pretorius verduidelik, bevestig.[77]

Prinsloo het Pretorius geantwoord dat hy alleen die kommando sou stuur indien Pretorius en sy burgers posisies, soos deur Prinsloo voorgestel, ingeneem het. Prinsloo het voortgegaan en Pretorius daarop gewys dat “[d]e vijandelijke spionnen worden dagelijks daar gezien en ik [Prinsloo] wil niet door de nalatigheid hier in een strik komen”.[78] Ten opsigte van die bevestiging wat die ZAR kommandant-generaal aan Prinsloo gegee het, het Prinsloo geantwoord dat dit hom spyt dat hy “niet kan afgaan op een belofte” nie. Prinsloo het voortgegaan en verklaar dat “ik kan geen passen open laten en dan vertrouwen een belofte van u om hulp te zenden indien vyand zoodanige passen aanvalt”.[79] Laasgenoemde weiering om die onderneming van die ZAR kommandant-generaal te aanvaar, word deur Prinsloo gegrond op die

---

76 *Ibid*.

77 TAB, Leyds 709/10: M.T. Steyn — S.J.P. Kruger, 10.3.1900 (afskrif van telegram), Pretorius — M. Prinsloo, 10.3.1900 (afskrif van telegram); TAB, Leyds 719/1: P.J. Joubert — M. Prinsloo, 10.3.1900 (telegram).

78 TAB, Leyds 709/10: M. Prinsloo — Pretorius, 11.3.1900 (afskrif van telegram).

79 TAB, Leyds 719/1: M. Prinsloo — P.J. Joubert, 10.3.1900 (telegram).

feit dat die perde van die ZAR kommando's te afgemat was om die beloofde patrolliediens te verrig en dat die stellings van die Heidelberg- en Zoutpansberg-kommando te ver verwyderd van De Beer- en Brandonspas was.[80]

Pretorius het hom hierna na assistent-kommandant-generaal Botha gewend en beskryf die situasie soos volg aan hom (Botha): "Ik heb Generaal Prinsloo aanhoudend en dringend verzocht die comado [sic] te zenden [...] Nu ontvang ik van hem een telegram, waarin hij weigert aan mij en President Steijn order te voldoen, omdat hij vreest, dat hij daardoor ingesloten worden en zegt geen commando aan Presidt Steijn te zullen zenden, met ander woorden, Bloemfontein niet te zullen helpen, tenzij ik eerst deBeerspas laat bezetten. Stuur toch in Hemelsnaam een Veldcornetschap naar deBeerspas zonder eenig verzuim [...] opdat Generaal Prinsloo zijn zin kon krijgen en aan President Steijn orders kan voldoen."[81] Op 10 Maart 1900 het die ZAR staatspresident aan die OVS staatspresident soos volg berig: "Het schijnt mij of Hfd Commdt Prinsloo onwillig is om aan UHed instructie te voldoen [...] Wees dus zoo goed en gelast Hfd Commdt Prinsloo om UHed de noodige versterking toe te zenden al moet hij ook persoonlijk mede gaan als wanneer andere officieren aangesteld kunnen worden, om de passen te bewaken."[82]

Op 11 Maart 1900 het die OVS staatspresident weer by die ZAR staatspresident aangedring dat die ZAR kommandant-generaal onverwyld die twee passe moes beset. Die OVS staatspresident verklaar dat sou die ZAR kommandant-generaal enige billikheid aan die dag gelê het, die OVS versterkings, soos deur die OVS staatspresident aangevra, reeds in Bloemfontein sou gewees het. Dit is interessant om hier daarop te wys dat Fischer en Wessels ook by die OVS staatspresident aangedring het om bevele aan Prinsloo te gee om onmiddellik die versterkings te stuur. Fischer en Wessels het aangedui dat die beskerming van die De Beers- en Brandonspasse nou die verantwoordelikheid van die ZAR kommandant-generaal was.[83]

Intussen het die ZAR staatspresident aan die OVS staatspresident berig dat die ZAR kommandant-generaal reeds instruksies gegee het dat 'n ZAR veldkornetskap

---

80 *Ibid*.

81 TAB, Leyds 709/10: Pretorius — L. Botha, 11.3.1900 (afskrif van telegram).

82 TAB, Leyds 719/1: S.J.P. Kruger — M.T. Steyn, 10.3.1900 (telegram).

83 TAB, Leyds, 719/1: M.T. Steyn — S.J.P. Kruger, 11.3.1900 (telegram); TAB, Leyds 719/1: A. Fischer en C.H. Wessels — M.T. Steyn, 11.3.1900 (telegram).

stelling te De Beerspas moes inneem. Die ZAR assistent-kommandant-generaal het Prinsloo ook van die vertrek van die veldkornetskap na De Beerspas in kennis gestel en versoek om onmiddellik die versterkings na Bloemfontein te stuur.[84]

Delport verklaar ook dat die gevolg van Prinsloo se weiering was dat die kommando, wat deur hom (Prinsloo) gestuur is, nie betyds was om enige bydrae te lewer in die poging om die Britse magte te verhinder om Bloemfontein te beset nie. Brink maak 'n soortgelyke uitlating met betrekking tot die gebeure te Lindley. Volgens Brink: “Te Lindley had [Prinsloo] reeds zijne minachting voor de bevelen van hooger hand, en daardoor zijne onbevoegdheid voor zijne betrekking getoond.”[85]

Aan die hand van Delport kan die gevolgtrekking gemaak word dat Prinsloo, tot en met Julie 1900, geen indruk as krygstrateeg gemaak het nie. Die gebeure rakende die versending van kommando’s en die versuim van Prinsloo om onmiddellik aan die versoek van die staatspresident en opperbevelhebber van die krygsmag gehoor te gee, sou egter as kommerwekkend uitgewys kan word. Die omstredenheid betreffende Prinsloo se teenwoordigheid te Lindley sou verder ernstige bedenkinge te berde bring oor Prinsloo se geskiktheid om verder as bevelvoerder diens te doen. Prinsloo het reeds die aftree-ouderdom bereik en daar kan met reg gevra word of hy geskik was om as bevelvoerder van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling, wat op die punt van beleëring gestaan het, te dien. Dieselfde vraag sou ook oor die geskiktheid van Prinsloo as bevelvoerder van die Brandwaterkom-wag gevra kon word. Teen hierdie agtergrond word die aanstelling van Prinsloo as waarnemende hoofkommandant bespreek.

5. Aanstelling as 'n waarnemende hoofkommandant

Die herinneringe van C.R. de Wet getuig dat hy wel kennis van die aanstelling van Prinsloo as hoof van die Brandwaterkom-wag gehad het. C.R. de Wet het in sy weergawe van dié skrywe aan Prinsloo, na afloop van die oorgawe, onomwonde verklaar dat Prinsloo geen reg gehad het om na homself as 'n hoofkommandant te verwys nie.

---

84 TAB, Leyds, 719/1: M.T. Steyn — S.J.P. Kruger, 11.3.1900 (telegram); TAB, Leyds, 719/1: L. Botha — M. Prinsloo, 11.3.1900 (telegram).

85 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87.

Wat die aanstelling van Prinsloo betref, is dit wel moontlik om aan die hand van veral De Villiers die volgende met betrekking tot die aanstelling van Prinsloo aan die orde te stel. Volgens De Villiers is hy ingelig dat die staatspresident van voorneme was om Prinsloo in die rang van 'n waarnemende hoofkommandant aan te stel. Op aandrang van ander amptenare het De Villiers sy besware teen die voorgenome aanstelling teenoor die staatspresident geopper.[86] De Villiers versuim egter om die besware in sy herinneringe te vermeld. Hintrager het wel die volgende inskrywing in sy dagboek oor De Villiers se besware, wat aan die staatspresident gerig is, gemaak: “Ten spyte van De Villiers se bewering dat hy Prinsloo beter as Hertzog ken, en dat hy hom as eersugtig, agterbaks en vals beskou, en dat hy uitdruklik aanbeveel dat hy in 'n betrekking aangestel word waar hy onskadelik sal wees, het nòg die President nòg die ander lede van die Uitvoerende Raad na hom [De Villiers] geluister.”[87] Die staatspresident het De Villiers in antwoord op voorgemelde besware daarop gewys dat Hertzog se bevindinge in dié verband nie so negatief was nie.[88] W.J. Kolbe verklaar ook dat die staatspresident teen Prinsloo gewaarsku is, maar verkies het om nie op die waarskuwings ag te slaan nie.[89]

Op sy beurt dui Roux aan dat die aanstelling van Prinsloo as 'n waarnemende hoofkommandant die direkte gevolg van 'n geskil was, wat tussen hom (Roux) en 'n kommandant ontstaan het. Dit is nie duidelik wanneer die geskil plaasgevind het nie. Die veronderstelling hier is dat dit in die dae na afloop van die geveg te Bethlehem plaasgevind het. Volgens Roux was die oorsaak van dié geskil kanonne, wat na alle waarskynlikheid aan die Roux-krygsafdeling afgestaan moes word. Roux vermeld nie die naam van die betrokke kommandant nie. Wanneer die herinneringe van Roux en Keulemans, asook Amery, saamgelees word, kom dit voor of die kommandant moontlik Sarel Haasbroek van die Haasbroek-kommando was. Wat die geskil betref, kom dit aan die hand van Roux voor of Haasbroek vir Prinsloo genader het, wat op sy beurt saam met Haasbroek na die staatspresident gegaan het. Volgens Roux was

---

86 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, pp. 36-37. De Villiers was ten aanvang van die oorlog aan die staf van Prinsloo verbonde. (Sien TAB, KG 715: J.A.J. de Villiers — P.J. Joubert, 11.10.1899 (telegram), J.A.J. de Villiers — P.J. Joubert, 12.10.1899 (telegram).) Sien ook Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 6. In die lig hiervan wil dit voorkom of De Villiers wel oor kennis van Prinsloo as offisier beskik het.

87 Oberholster (red.), p. 125. 'n Minder krasse weergawe van die gesprek word in die Nederlandse vertaling van die Hintrager-dagboek aangetref. Hintrager, p. 107.

88 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, pp. 36-37.

89 OMBR, 6967/1: W.J. Kolbe, “Leevensgeschiedenis van generaal W.J. Kolbe” [hierna verwys as Kolbe-manuskrip], pp. 375-376.

die aanstelling van Prinsloo as 'n waarnemende hoofkommandant die gevolg van dié gesprek tussen die staatspresident, Prinsloo en Haasbroek.[90]

Dit is onduidelik hoe Roux die aanstelling van Prinsloo en die geskil oor die kanonne met mekaar in verband bring. Hier word slegs met die herinneringe van Roux en Keulemans gehandel om aan te dui dat hulle, net soos De Villiers, die staatspresident as bron vir die aanstelling van Prinsloo aandui. Dit is ook belangrik om daarop te let dat Keulemans, in teenstelling met Roux, verklaar dat die staatspresident vir Prinsloo as 'n waarnemende assistent-hoofkommandant en nie 'n waarnemende hoofkommandant aangewys het nie.[91] Soos reeds vermeld, kon geen bron gevind word wat direkte getuienis bied dat C.R. de Wet deur die staatspresident van die aanstelling van Prinsloo ingelig is nie.

Prinsloo was verder in bevel van die konvensionele magte ten tyde van die onderhandelinge met betrekking tot moontlike oorgawe. Die vraag ontstaan of die staatspresident op grond van sy kennis oor die geskiktheid van Prinsloo, met die aanstelling moes voortgegaan het.[92] Die aanstelling van bevelvoerders word trouens, soos deur Ayala reeds in 1581, as een van die belangrikste oorwegings voor of gedurende oorlog aangedui. Volgens die skrywer word die effektiwiteit van 'n krygsmag aan die hand van sy bevelvoerders bepaal. Daarmee tesaam moet ook ag geslaan word op die intensiteit van die oorlog.[93]

Die staatspresident het kennis gehad van Prinsloo se onvermoë om hom as militaris in Natal te onderskei. Hy het verder kennis gedra van die feit dat Prinsloo geweier het om 'n kommando af te staan ten tyde van die Britse aantog na Bloemfontein en was bewus van die probleme wat te Lindley, betreffende sy teenwoordigheid en sy status, ontstaan het. Die vraag moet dus gevra word of die staatspresident, weens die aanstelling van Prinsloo, 'n aandeel in die blaam vir die oorgawe van die konvensionele magte verkry het. Die vraag kan ten beste beantwoord word na 'n bespreking van die gebeure wat gevolg het op die aanstelling van Prinsloo as 'n waarnemende hoofkommandant.

---

90 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, pp. 5-6; Keulemans, pp. 11-12; Amery (red.), 4, p. 337. J.A. Rubenkoning, 'n Nederlandse oorlogskorrespondent, verklaar dat De Wet van plan was om alle ligte geskut saam met die hoofmag die Brandwaterkom uit te neem. Volgens Rubenkoning het Prinsloo hom egter teen so 'n besluit verset. *Utrechtsch Provinciaal en Stedelijk Dagblad*, 30.9.1900.

91 Keulemans, p. 12. Sien ook Amery (red.), 4, p. 337.

92 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 4, *supra*.

93 B. Ayala, *Three books on the law of war and on the duties connected with war and on military discipline* (vertaal deur J.P. Bate), p. 109. Sien ook Ayala, p. 110.

Enkele punte moet nou reeds gemaak word met betrekking tot die blaam vir swak aanstellings in militêre ampte en range. Volgens Voet kan 'n persoon verantwoordelik vir die aanstelling van 'n bang of onervare bevelvoerder nie van die blaam van die gevolge aan so aanstelling onthef word nie. Voet gaan voort en verklaar dat die persoon, wat die bevelvoerder aangestel het, moet weet wat die vermoëns is van die bevelvoerder aan wie se sorg hulle sulke belangrike aangeleenthede toevertrou.[94] Ook Ayala waarsku teen die aanstelling van 'n persoon wat as bevelvoerder aan kritiek onderworpe was.[95] Dus sou aangevoer kon word dat die staatspresident vanuit sy vorige ondervinding oor Prinsloo se geskiktheid, asook die uiters kritieke situasie waarin die Brandwaterkom-krygsafdeling hom na die vertrek van die hoofmag kon bevind, nie met die aanstelling van Prinsloo moes voortgegaan het nie. Hieronder word gesien dat die probleme oor die toewysing van kommando's, soos dit reeds voorheen in die Drakensberge voorgekom het, ook weer 'n vraagstuk in die gebeure in aanloop tot die oorgawe was. Net so was die status van Prinsloo, soos vantevore te Lindley, ook problematies in aanloop tot die oorgawe. C.R. de Wet het ook die status van Prinsloo na afloop van die oorgawe bevraagteken.

6. Moontlike kennis van die tweede krygstrategie

Die herinneringe van talle offisiere, insluitende Roux, en burgers dui slegs daarop dat die eerste krygstrategie bekend was. Die vraag ontstaan of Prinsloo wel in kennis gestel is van die gewysigde krygstrategie, of tweede variasie daarvan. Slegs die herinneringe of brief van P.D. Potgieter dui daarop dat Prinsloo kennis van die gewysigde krygstrategie gedra het. Die gevolgtrekking is ook dat daar nie veel waarde aan die Potgieter-skrywe geheg kan word nie.[96]

Behalwe vir Potgieter impliseer De Villiers slegs die moontlikheid dat Prinsloo wel van die gewysigde krygstrategie in kennis gestel is. Volgens De Villiers: "[I]t had been the President's intention to appoint General M. Prinsloo as supreme in command over all burghers who were going to remain behind […] Prinsloo was given

94 G. van der Westhuizen, "J. Voet: die militêre reg uit die oorspronklike Latyn vertaal" (verhandeling) [hierna verwys as Voet], p. 216.
95 Ayala, p. 127.
96 Vir verdere bespreking sien onderafdeling 6.3.2(e), hoofstuk 5, *supra*.

command over the burghers in the Neks [...].”[97] Laasgenoemde dui daarop dat kennis van beide die tweede en eerste krygstrategie gedra is. Die eerste gedeelte van die aanhaling dui daarop dat hier 'n groter krygsafdeling ter sprake is (“supreme in command over all burghers who were going to remain behind”), terwyl die laaste gedeelte weer 'n kleiner wag/krygsafdeling kan impliseer (“Prinsloo was given command over the burghers in the Neks”). Die herinneringe van De Villiers dui verder daarop dat die aanstelling van Prinsloo op die dag van die vertrek van die hoofmag, of enkele dae daarvoor, plaasgevind het. Indien die laaste dag hier veronderstel word, beteken dit dat die aanstelling van Prinsloo een van die laaste handelinge van die staatspresident as opperbevelhebber van die OVS krygsmag was, voor sy vertrek uit die Brandwaterkom. By so 'n ontmoeting kon die staatspresident vir Prinsloo in kennis gestel het van die gewysigde krygstrategie (tweede krygstrategie), en Prinsloo opdrag gegee het om die Crowther-krygsafdeling te gelas om uit te trek en by die Hattingh-krygsafdeling aan te sluit. Hierdie moontlikheid is nie onversoenbaar met die inhoud van die Potgieter-skrywe nie. Dit moet egter hier, net soos in die vorige hoofstuk, benadruk word dat hierdie alleen 'n afleiding is, op die herinneringe van De Villiers tesame met die Potgieter-skrywe gebaseer, en dat geen ander bron die afleiding staaf nie.

Tog word verdere geloofwaardigheid aan die afleiding verleen wanneer 'n gesprek tussen De Villiers en Hintrager beskou word. In een stel herinneringe onthou Hintrager die gesprek met De Villiers soos volg: “Prinsloo [het] reeds die dag na die vertrek van Christiaan de Wet uit die berge op 15 Julie, geweet om lsg. se planne en bevele so te dwarsboom dat die agtergeblewe kommando’s onder kommandant Roux nie die volgende nag deur die Engelse kordon kon breek nie.”[98] Dit is egter belangrik om te vermeld dat die woorde nie in die Nederlandse vertaling van die Hintrager-dagboek voorkom nie.[99] By gebrek aan enige verdere bevestiging van die bewering, of ander stawende bronne oor die bewustheid van Prinsloo van die gewysigde krygstrategie (tweede krygstrategie), is dit daarom onmoontlik om te veronderstel dat Prinsloo kennis daarvan gedra het. Die bespreking hieronder sal dus voorlopig van die uitgangspunt uitgaan dat Prinsloo geen kennis van die gewysigde krygstrategie (tweede krygstrategie) gehad het nie. Gevolglik sal Prinsloo

97 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, pp. 36-37.
98 Oberholster (red.), p. 125.
99 Hintrager, pp. 105-111.

se handelinge of versuim aan die hand van die inhoud van die eerste krygstrategie beoordeel word.[100]

7. Gevolgtrekkings

Die bespreking in hierdie hoofstuk wys daarop dat die status van Prinsloo, na afloop van sy onttrekking of bedanking aan die Natal-front, problematies was. Hierdie problematiek word regstreeks met die bepalings van Wet 10 van 1899 en Wet 33 van 1899 verbind. Die reëlings, wat hoofsaaklik ten doel gehad het om die bevelstruktuur van kommando's te organiseer waar dit verdeel sou word, het in die veranderde oorlogsomstandighede 'n gevestigde gebruik geword. So het nuwe kommando's ontstaan, wat nie kragtens die bepalings van die 1899 militêre wetgewing bestaan het nie. In die geval van die Winburg-distrik kom dit byna voor of die kommandant van die distrik, strydig met alle regsbepalings, 'n permanente waarnemende hoofkommandant geword het. Dit onderskryf weer die gevolgtrekking van hoofstuk 2, naamlik dat die opperbevel van die OVS krygsmag uit die staanspoor gebrekkig was. Met verwysing na hierdie hoofstuk, sowel as die bevindinge in hoofstuk 5, kom dit verder voor of hierdie verwarring ten tyde van die formulering van die krygstrategie, na afloop van die geveg te Bethlehem, steeds nie hanteer is nie. Hierdie versuim plaas 'n vraagteken oor enige aansprake van C.R. de Wet as opperbevelvoerder van die OVS krygsmag. Aan die hand van die besprekings hierbo kom dit verder ook voor of die staatspresident in die aanstelling van offisiere, soos in die geval van Prinsloo en selfs Vilonel, sonder konsultasie of oorlegpleging met C.R. de Wet, ingemeng het. Dit is weer eens 'n sterk aanduiding dat C.R. de Wet nog nie in Julie 1900 as effektiewe opperbevelvoerder van die krygsmag opgetree het nie.

Prinsloo is voorts deur die staatspresident as 'n waarnemende hoofkommandant aangestel. Ten opsigte van die verskillende variante van die krygstrategie is dit duidelik dat Prinsloo se posisie as hoof van die wag problematies sou wees, aangesien hy self nie 'n lid van 'n onderafdeling van die betrokke kommando was nie. Laasgenoemde is van toepassing op beide die kleinere krygsafdeling en die groter Brandwaterkom-krygsafdeling. Prinsloo as militêre strateeg, sowel as sy

[100] Sien ook onderafdeling 4.3, hoofstuk 10, *supra*.

handelinge met betrekking tot die Heilbron-kommando, getuig nie van 'n persoon geskik vir verdere militêre bevel nie. Desnieteenstaande het die staatspresident met Prinsloo se aanstelling voortgegaan. Later word gesien dat die versuim van Prinsloo om aan opdragte gehoor te gee en die status van Prinsloo ook probleme sou word, wat weer direk met die oorgawe op 30 Julie 1900 in verband gebring kan word. Geen direkte getuienis kon gevind word wat daarop dui dat Prinsloo kennis van die gewysigde krygstrategie gehad het nie.

Hoofstuk 7

Versuim ten opsigte van die krygstrategie

"The disaster which subsequently befell the army left inside the Basin has been attributed to Prinsloo's incapacity or even to his treachery, but the chief cause undoubtedly was this sudden evasion by De Wet and Steyn, which cannot be qualified otherwise than as culpable neglect almost amounting to desertion of their post."[1]

1. Inleiding

Die aanvanklike krygstrategie is na alle waarskynlikheid kort voor die vertrek van die staatspresident, die uitvoerende raad, ander lede van die regering, die krygskommissie en die hoofmag gewysig. Waarnemende hoofkommandant M. Prinsloo, sowel as ander wat in die Brandwaterkom agtergebly het, is waarskynlik nie oor die gewysigde krygstrategie ingelig nie en het desnoods gepoog om die eerste krygstrategie tot uitvoering te bring.[2]

Die tweede krygstrategie was ongetwyfeld die beter keuse wanneer die vereistes van die volkereg daarop van toepassing gemaak word. Hierdie krygstrategie het die Oranje-Vrystaat (OVS) kommando's in drie verskillende krygsafdelings verdeel met die doel om groter OVS militêre operasies te onderneem. Sodanige militêre operasies sou beteken dat die Britse magte se besetting van die OVS frustreer word, en aantoon dat daar nog nie aan die vereistes vir verowering voldoen is nie. Daarenteen het die voortgesette aanwesigheid van bykans die helfte van die OVS krygsmag die take van die Britse magte aansienlik vergemaklik. Voorts het besette gebiede sonder enige weerstand in Britse hande gebly.

1 L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, pp. 317-318.

2 Vir 'n bespreking van die krygstrategieë, sien onderafdeling 6, hoofstuk 5, *supra*.

Die lokalisering van die oorlog daarenteen sou die veroweringsaansprake versterk het. Die versuim om die krygstrategie na behore te kommunikeer kan daarom as 'n nalating aan die kant van die persoon wat dit geformuleer het aangestip word.[3]

Die bespreking in hierdie hoofstuk handel met die gebeure na afloop van die formulering van die krygstrategie en wysiging daarvan, tot en met voor die Britse magte daarin geslaag het om twee toegangsroetes tot die Brandwaterkom op 24 Julie 1900 te verower. In die bespreking wat volg word spesifiek met die vertrek van die staatspresident en opperbevelhebber, sowel as die hoofmag, gedurende die nag van 15 op 16 Julie 1900 gehandel. Amery, die redakteur van *The Times history of the war in South Africa*, verklaar uitdruklik dat die vertrek van die staatspresident, sowel as hoofkommandant C.R. de Wet, 'n aanleidende oorsaak van die oorgawe van 30 Julie 1900 was.[4] Amery se aantyging vorm die eerste gedeelte van die bespreking in hierdie hoofstuk. Dit wil dus voorkom of bepaalde persone nie alleen versuim het om die krygstrategie na behore te kommunikeer nie, maar ook versuim het om te verseker dat sleutelaspekte van die krygstrategie tot uitvoering gebring word.

Hierdie hoofstuk handel ook met die mislukking van die eerste krygstrategie. Dié bespreking wys dat nie alleen die staatspresident nie, maar ook Prinsloo en waarnemende hoofkommandant P.H. Roux, se optrede daartoe bygedra het dat die eerste krygstrategie misluk het. Hierdie aspek vorm die tweede gedeelte van die bespreking in die hoofstuk.

Ten aanvang van die hoofstuk is dit nodig om die finale krygsorganisasie van die verskillende krygsafdelings voor die vertrek van die staatspresident, sowel as die hoofmag te ondersoek. Gebrekkige organisasie sou aanduidend daarvan wees dat die staatspresident, M.T. Steyn, of die OVS opperbevelvoerder, C.R. de Wet, in sy taak as opperbevel-hebber/opperbevelvoerder van die OVS krygsmag gefaal het, deurdat hy die grootste gedeelte van sy krygsmag in betreklike moeilike omstandighede en in 'n ongeorganiseerde toestand agtergelaat het.

Dit sou ook die aantyging van Amery bevestig, wat daarop neerkom dat die staatspresident, of andersins die OVS opperbevelvoerder, sy plig as opperbevelhebber/opperbevelvoerder versaak het, of nalatig in die uitvoering

---

3 Vir 'n bespreking van besetting en verowering, sien hoofstuk 3, *supra*.

4 Amery (red.), 4, pp. 317-318.

daarvan was. Voorts moet daarop gelet word dat Prinsloo, in die lig van sy versuim om bevele te gehoorsaam en die problematiek wat sy status reeds veroorsaak het, nie deur die staatspresident as opperbevelhebber, tot die rang van waarnemende hoofkommandant aangewys moes gewees het nie.[5]

2. Krygsorganisasie voor die vertrek van die staatspresident[6]

Die wysiging van die krygstrategie kort voor die vertrek van die staatspresident en opperbevelvoerder sou 'n bekwame bevelvoerder vereis, wat moes toesien dat 'n gewysigde krygstrategie (tweede krygstrategie) nie tot grootskaalse verwarring aanleiding sou gee nie. Dit sou ook wenslik wees om 'n bevelvoerder in die gebied agter te laat sodat hy, indien enige onvoorsiene gebeurlikheid ontstaan, oorhoofs bevel kon uitoefen oor die inwerkingstelling van die geformuleerde krygstrategie in die afwesigheid van die staatspresident, krygskommissie en opperbevelvoerder. Dit is ook belangrik om daarop te let dat telegrafiese kommunikasie tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en OVS reeds onmoontlik was en dat hierdie vorm van verbinding voortaan ook nie meer vir die OVS beskikbaar was nie.[7]

---

5 Vir 'n volledige bespreking, sien onderafdeling 4, hoofstuk 6, *supra*.

6 Britse intelligensie beskryf die situasie te Slabbertsnek ten tyde van die vertrek van die staatspresident, sowel as die hoofmag soos volg: “Boers have dug rifle pits on slopes facing our line of advance on either side of road. On their side of Nek at foot of hill, they have dug trenches 20 feet wide, depth unknown as still digging design to block road and entrap our men and guns if they get over Nek they are said to have three guns there with 170 men and three laagers in support.” (The National Archives (TNA), War Office (WO), 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 15.7.1900 (afskrif van telegram).) Te Retiefsnek word die situasie soos volg beskryf: “At Retief's they have about same number of men actually on Nek and are fortifying with sand bags, stone wall enclosure on left hand side looking towards Bethlehem. They have three guns there and three laagers in support and the main supply laager for both Neks is at Kaffir Kop where the roads to them meet and about six miles from both.” (TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 15.7.1900 (afskrif van telegram).) Sien ook Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), 6024/1: C.P. Pretorius, “Gedachtenes boek van my gevangeschap gevangen”, p. 3.) Hierdie aktiwiteite is duidelik getuienis van 'n krygsmag wat besig was om stelling in te neem met die doel om die Brandwaterkom te verdedig. Die herinneringe van J.A. Holtzhausen skep die indruk dat hierdie stellings in opdrag van die staatspresident gemaak is. Holtzhauzen gaan voort en verklaar dat De Wet, voor sy vertrek, gelas het dat die verdere verskansing van die krygsmag onmiddellik gestaak moet word. (Sien die bespreking onder onderafdeling 3, hoofstuk 5, *supra*.) Aan die hand van Holtzhauzen wil dit daarom voorkom of die staatspresident die posisie ten opsigte van stellings in die Brandwaterkom anders as De Wet verstaan het. Ten opsigte van die verskansing moet in gedagte gehou word dat die Oranje-Vrystaat (OVS) krygsmag, ten tyde van hulle terugval na die Brandwaterkom, verdedigende stellings moes inneem om sodoende enige aanval af te weer, sou die Britse magte besluit om hulle suksesse te Bethlehem op te volg. Die stellings hierbo beskryf kon ook die resultaat van sodanige beskermingsmeganisme gewees het.

7 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Leyds, 734, p. 47: “Oorlogsbericht, Machadodorp, 10 Julie 1900, 5 uur namiddag”; VAB, Renier-versameling (119/526): J.N. Brink, “Oorlogsherinneringe van kolonel Corneels Johannes du Preez, D.T.D., D.S.O., oud-adjudant van president M.T. Steyn”, p. 24; W.L. von R. Scholtz, “Generaal Christiaan de Wet as veldheer” (proefskrif), p. 195; P.S. Lombard, *Uit die dagboek van 'n wildeboer*, p. 55; *Utrechtsch Dagblad*, 30.9.1900.

Die staatspresident, of andersins die opperbevelvoerder, sou daarom nie kon hoop om probleme, wat mag ontstaan met die uitvoering van die gewysigde krygstrategie, by wyse van telegrafiese kommunikasie op te los nie. Die hoofmag sou ook in die volgende paar dae na hulle vertrek uit die Brandwaterkom druk besig wees om die Britse magte in die omgewing te ontwyk om sodoende ook die eerste beweging van die krygstrategie tot uitvoering te bring. In werklikheid sou die staatspresident, of andersins die opperbevelvoerder, in hierdie tye vir die eerste keer met die unieke uitdagings van 'n regeringsetel-te-velde en krygsorganisasie-te-velde kennis maak.

Derhalwe kan gevra word of die staatspresident met die aanstelling van Prinsloo nie 'n tussentydse, oorhoofse bevelvoerder in gedagte gehad het nie. Dit sou egter vreemd wees indien die staatspresident, soos deur die seun van kommandant J.H. Olivier aangedui, vir Roux in dieselfde rang as Prinsloo aangestel het. Voorts is reeds daarop gewys dat militêre wetgewing nie vir die aanstelling van persone tot die rang voorsiening gemaak het nie, maar 'n verkiesing vereis het.[8]

Die situasie sou daarom wees dat twee bevelvoerders (Prinsloo en Roux) gelyk in rang genoodsaak sou wees om in die geval van enige geskil na goeddunke, sonder enige vorm van kommunikasie met die opperbevelhebber of die opperbevelvoerder, te handel. 'n Dispuut tussen die twee bevelvoerders het ontwikkel, wat op sy beurt daartoe aanleiding gegee het dat die Roux-krygsafdeling versuim het om sy opdrag ooreenkomstig die eerste krygstrategie uit te voer. Dit is belangrik om weer daarop te wys dat Prinsloo 'n ongelukkige keuse vir 'n oorhoofse bevelvoerder was. Die staatspresident het ook geen illusie oor die tekortkominge van Prinsloo as bevelvoerder gehad nie.[9]

De Wet verklaar uitdruklik dat Roux in die rang van 'n assistent-hoofkommandant oor die Roux-krygsafdeling bevel sou voer. Roux daarenteen verklaar dat hy as “Hoofd vecht Generaal” oor die krygsafdeling bevel gevoer het.[10] Hierdie rang was onbekend aan die 1899 militêre wetgewing. Daar is wel aanduidings dat hierdie rang

---

8 Sien onderafdeling 5 en 6, hoofstuk 2, *supra*.

9 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 6, *supra*.

10 VAB, Roux-versameling (A305): P.H. Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 2. Sien ook Keulemans, p. 12. Die aantekeninge van Keulemans verskyn as kommentaar in die vorm van voetnote tot die beskrywing van G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*. Vir doeleindes van die proefskrif word na Keulemans as 'n afsonderlike bron verwys om sodoende 'n duidelike onderskeid tussen die weergawes van Boldingh en Keulemans te tref.

in 'n moontlik gewysigde militêre reg voorgekom het. Geen formele reël tot die daarstelling van die rang kon egter gevind word nie.[11]

In 'n meer onverwerkte vorm van die Roux-herinneringe verklaar Roux weer dat hy as hoofveggeneraal tot die rang van assistent-hoofkommandant bevorder is en in hierdie hoedanigheid oor die Roux-krygsafdeling bevel gevoer het.[12] Hierdie rang het ook nie in die 1899 militêre wetgewing voorgekom nie. Daar is verder geen aanduiding te vinde dat die posisie gewysig is om vir die rang van veggeneraal, of hoofveggeneraal, voorsiening te maak nie. Tog is die rang van veggeneraal algemeen gebruik.

Roux maak ook daarop aanspraak dat hy na die vertrek van die hoofmag ook as hoofkommandant waargeneem het.[13] Ongelukkig vermeld Roux nie of hierdie waarnemende hoofkommandantskap ten opsigte van alle krygsafdelings in die Brandwaterkom, of slegs ten opsigte van sy eie krygsafdeling was nie. Roux versuim voorts ook om aan te dui wie hom in hierdie rang aangestel het. Olivier verklaar dat die aanstelling van Roux in opdrag van die staatspresident geskied het.[14]

Daarenteen dui die latere kommandant J.P. Neser aan dat Roux aan hom gesê het dat De Wet vir hom (Roux) as bevelvoerder van die kommando's aangestel het.[15] Dit is onmoontlik om uit die Neser-stelling te bepaal of Roux hier bedoel dat De Wet hom tot waarnemende hoofkommandant van die agterblywende kommando's, of alleen oor die Roux-krygsafdeling, aangestel het.[16]

Dit is verder vreemd dat beide Prinsloo en Roux in die range aangestel is. Die *Wet omtrent het kiezen van Hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs- en*

---

11 Sien ook onderafdeling 5, *infra*.

12 VAB, A305: P.H. Roux, "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900". Sien ook VAB, A119/8: G.P. Kriek, "Oorgawe van generaal Prinsloo: 29 Julie en daarna", p. 4.

13 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 2; A.M. Heyns, *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*, p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief). Volgens Malan was Roux as tweede-in-bevel van die OVS krygsmag aangestel. Dit is belangrik om daarop te let dat die werk van Malan hoofsaaklik berus op inligting wat deur hom ingesamel is van oud-stryders. Malan laat ook na om te verklaar wie Roux tot die posisie aangewys het. (TAB, Preller 81, p. 105: L.J. Malan "Geskiedenis gemaak deur lede van Zastron distrik".)

14 TAB, Olivier-herinneringe (A1237): "Herinneringe van mnr. Henning Olivier", p. 10.

15 A. Wessels (red.), "Die oorlogsherinneringe van kommandant Jacob Petrus Neser", *Christiaan de Wet-annale* 7, pp. 34-35.

16 Die moontlike aanstelling van Roux deur De Wet tot die rang van waarnemende hoofkommandant is belangrik. So 'n aanstelling kon daarop dui dat De Wet en die staatspresident twee verskillende aanstellings vir die doel van die oorhoofse bevel gemaak het. Dit kan verder ook daarop dui dat De Wet self nie ooreenkomstig die gewysigde opperbevel die aanstelling gemaak het nie, aangesien De Wet dan eerder vir Roux as assistent-hoofkommandant sou aangewys het. Dit mag egter ook wees dat Roux hom met die amp vergis het.

Kommandowet[17] het uitdruklik vereis dat die hoofkommandante verkies moes word. Daarmee tesaam kon wysigings gevind word, wat voorsiening gemaak het vir die aanstelling van offisiere. Weer eens is daar tekens van ’n gewysigde posisie. Dit is vreemd dat hierdie posisie nooit vergestalting in die vorm van wetgewing gevind het nie.

Gevolglik is daar twee waarnemende hoofkommandante in die Brandwaterkom agtergelaat, wat aan twee verskillende aspekte van die eerste krygstrategie aandag gegee het.[18] Roux enersyds, moes 'n krygsafdeling in gereedheid bring om die Brandwaterkom te verlaat, terwyl Prinsloo andersyds weer 'n krygsafdeling in posisie moes bring om die toegangsroetes tot die gebied te beskerm. Aan die hand van die eerste krygstrategie is dit verder duidelik dat twee bevelvoerders in die dae onmiddellik na die vertrek van die hoofmag hulle binne dieselfde operasionele gebied bevind het en dat twee bevelvoerders, van gelyke rang, met mekaar moes saamwerk om uitvoering aan die eerste krygstrategie te gee.

Voet, in sy *De iure militari*, waarsku uitdruklik teen hierdie situasie. Volgens hom bedreig baie nadele gewoonlik 'n staat wat meerdere opperbevelvoerders met gelyke gesag in een en dieselfde leër het, sonder dat daar iemand bo hulle erken word. Volgens Voet: “Terwyl geglo word dat beide ywerig omgee vir daardie dinge wat die openbare belang dien, gee geeneen van die twee dikwels om nie. Of, indien beide opperbevelvoerders gesamentlik sou streef na voordeel en veiligheid vir die staat, gebeur dit soms dat hulle sienswyses onderling verskil. Terwyl die tyd dan weens hulle onenigheid verstryk en die een nie die ander van standpunt kan laat verander nie, gaan 'n gunstige geleentheid om die saak suksesvol te voer, verlore. Wat nog te sê as hulle diepgrondig verskil met betrekking tot die uitvoer van take! Die een dink byvoorbeeld dat die leër uitgelei moet word vir die geveg, die ander een dink dat die leër binne die verdedigingswal gehou moet word. Die een meen dat 'n beperkte aantal soldate moet veg, die ander een meen dat al die soldate moet veg. Wie op aarde gaan so 'n geskil besleg, tensy daar miskien 'n nuwe arbiter aangestel word,

---

17 Wet 33/1899.

18 Die bespreking onder onderafdeling 3, hoofstuk 6, *supra* het reeds volledig met die rang van Prinsloo gehandel. Van Everdingen vermeld dat Prinsloo se aanstelling deur die staatspresident beteken het dat Prinsloo 'n hoër rang as dié van Roux beklee het. Volgens Van Everdingen was Roux 'n assistent-hoofkommandant en Prinsloo 'n waarnemende hoofkommandant. Van Everdingen vermeld verder dat Roux en Prinsloo nie bereid was om die gesag van die ander te erken nie. (W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: een beschrijving*, Tweede Tijdvak 2, pp. 32, 41.) Daarenteen vermeld Roux uitdruklik dat hy as waarnemende hoofkommandant met die vertrek van De Wet aangewys is. VAB, A305, Roux: “De overgawe van Prinsloo”, pp. 2, 6.

met wedersydse instemming, om met sy gesag as bemiddelaar op te tree. Die ondervinding deur al die eeue het geleer dat diegene wat met gelyke status aangestel is, nie as gevolg van hulle vaste oortuiging of omdat hulle dink dat dit waarop hulle aandring die beste is om te doen, van mekaar verskil en teenoorgestelde standpunte huldig nie. Nee, dikwels is hulle aangedryf deur verterende afguns, twisgierigheid en wedersydse wantroue."[19]

Prinsloo moes ooreenkomstig die eerste krygstrategie vir die koms van die krygsafdeling van waarnemende hoofkommandant F.J.W.J. Hattingh wag. Die krygsafdeling van Hattingh het intussen gewysigde bevele ontvang en gevolglik op hulle beurt weer vir die koms van die eenheid, onder bevel van veggeneraal J. Crowther, gewag.[20] Die versuim om die wysiging in die krygstrategie na behore te kommunikeer, word treffend hier geïllustreer deurdat die tweede fase van die krygstrategie, vanweë die versuim, nie van stapel gestuur is nie.

In skerp kontras hiermee het veldmaarskalk lord F.S. Roberts, die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, vir luitenant-generaal A. Hunter as die bevelvoerder van die verskillende leërafdelings aangestel, met die doel om finaal met die OVS krygsmag af te reken.[21] Dit is daarom duidelik dat die krygsorganisasie op die vooraand van die vertrek van die hoofmag niks goed vir die uitvoering van die eerste of die tweede krygstrategie voorspel het nie. Hier is dus reeds sprake van versuim om die krygsmag na behore te organiseer.

3. Die hoofmag verlaat die Brandwaterkom

Gedurende die nag van 15 op 16 Julie 1900 verlaat die staatspresident, die opperbevelvoerder en lede van die regering die Brandwaterkom. Interessantheidshalwe word die getalsterkte van die hoofmag hier vermeld om die sukses van hierdie poging beter te verstaan. Volgens die geraadpleegde bronne het tussen 1 500 en 2 600 burgers met tussen vier, vyf of ses kanonne en tussen 100 en 400 waens aan die militêre operasie deelgeneem. Die bevelvoerder van die hoofmag

---

19 G. van der Westhuizen, "J. Voet: die militêre reg uit die oorspronklike Latyn vertaal" (verhandeling), p. 142. Sien ook Amery (red.), 4, p. 337.

20 Sien onderafdeling 6.3.2(c), hoofstuk 5, *supra*.

21 A. Hunter, *Kitcheners's sword-arm: The life and campaigns of General Sir Archibald Hunter G.C.B., G.C.V.O., D.S.O.*, p. 153.

verdien met reg lof vir die wyse waarop die eerste fase van die krygstrategie tot uitvoering gebring is.[22]

Hunter het later in 'n amptelike verslag aan die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, soos volg oor die uitvoering van die eerste beweging van die krygstrategie geskryf: “I failed, therefore, in giving effect to the first part of the Commander-in-Chief’s instructions.”[23] Die sukses van die eerste fase het daarom die weg vir die suksesvolle uitvoering van die volgende fases gebaan. Die wysigings aan die eerste krygstrategie, die gebrekkige kommunikasie daaromtrent, sowel as onderlinge twis, het die uitvoering van die verdere fases van die krygstrategie bemoeilik.

Tog het Hunter nie, soos die OVS staatspresident verwag het, die insluiting van die Brandwaterkom gestaak of groot gedeeltes van sy leërafdeling afgestaan om die hoofmag van die OVS te agtervolg nie. Dit kom ook voor of nòg die Britse opperbevelvoerder, nòg Hunter daarvan bewus was dat die hoofmag onder bevel van De Wet daarin geslaag het om die Brandwaterkom te verlaat. Voorts blyk dit dat die Britse opperbevelvoerder en Hunter nie van die OVS staatspresident en regering se teenwoordigheid in die hoofmag bewus was nie. Die versuim om die hoofmag te agtervolg word in die geheimhouding van bepaalde aspekte van die krygstrategie gevind en/of die versuim om soos beplan, die inligting aan die Britse magte te lek.[24]

---

22 TNA, WO 105/21: A.H. Paget — F.S. Roberts, 16.7.1900 (afskrif van telegram); TNA, WO 32/7998: “Operations of Sir A. Hunter’s force from 28/6 to 1/8” [Hierna TNA: WO 32/7998: Hunter-verslag], p. 3; J.J. Oberholster (red.), “Dagboek van Oskar Hintrager: saam met Christiaan de Wet: Mei-September 1900”, *Christiaan de Wet-annale* 2, 1973, pp. 80, 82; VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 2; TNA, WO 108/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 18.7.1900 (afskrif van telegram). Dit is belangrik om daarop te let dat Paget in sy telegram aan die Britse opperbevelvoerder verklaar het dat 'n kommando, onder leiding van Swanepool (waarskynlik Swanepoel), daarin geslaag het om die Brandwaterkom te verlaat. Die Britse opperbevelvoerder was waarskynlik onder dié indruk toe hy aan Hunter geskryf het met die opdrag dat Hunter nie moes toelaat dat De Wet ook deur Britse omsingeling van die Brandwaterkom breek nie. (TNA, WO 105/21: A.H. Paget — F.S. Roberts, 16.7.1900 (afskrif van telegram); *Telegrams and letters sent by Field Marshal Lord Roberts, 19 June 1900 – 7 August 1900* 3, pp. 71, 72: F.S. Roberts — A. Hunter, 17.7.1900 (afskrif van telegram) en F.S. Roberts — R.H. Buller, 17.7.1900 (afskrif van telegram.) Sien ook die bronne vermeld in die voetnote tot die bespreking onder onderafdeling 6.3.1(b), hoofstuk 5, *supra*. Dit is verder interessant om daarop te let dat die Britse opperbevelhebber onder die indruk was dat De Wet in die omgewing van Ficksburg sou poog om uit die Britse omsingeling te breek. Hierdie indruk was die gevolg van inligting wat hy van die Britse resident-kommissaris in Basoetoland ontvang het. (*Telegrams and letters*, 3, pp. 64-66: F.S. Roberts — A. Hunter en L. Rundle, 14.7.1900 (afskrif van telegram), F.S. Roberts — A. Hunter, 14.7.1900 (afskrif van telegram).) Dit mag wees dat die resident-kommissaris die beweging van die kommando’s van Ladybrand, en Ficksburg se verplasing, vir die poging van De Wet aangesien het. (Sien onderafdeling 2, hoofstuk 5, *supra*.) In teenstelling met bostaande bronne verklaar A.P.J. van Rensburg dat De Wet met die regering en *meer as 6 000 man* (my kursivering) die Brandwaterkom verlaat het. W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, p. 691.

23 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 3.

24 Sien die bespreking en bronne vermeld in vn.18, *supra*.

Hunter het wel vir brigadier-generaal R.G. Broadwood gestuur om die hoofmag te agtervolg.[25] Dit het die getalsterkte van Hunter se leërafdeling verminder. Die Britse opperbevelvoerder het dit verder duidelik aan Hunter gestel dat die magte onder die bevel van Hunter hulle eerder op die gedeelte van die OVS krygsmag te Ficksburg moet toespits. Volgens die Britse opperbevelvoerder: "If you can succeed in bringing them [the enemy at Ficksburg] to terms, we ought not to have much more trouble in the Orange River Colony."[26] Op 21 Julie 1900 het die Britse opperbevelvoerder wel die volgende bevel aan Hunter gegee: "It is of the utmost importance that all commanders under you should fully understand that during your operations in the next few days, if the enemy breaks through your lines, they are at once to be followed and kept in touch."[27] Indien die Roux-krygsafdeling, sowel as die Crowther-afdeling, die bevele ooreenkomstig die tweede krygstrategie uitgevoer het, sou dit dus moontlik wees om wel druk van die OVS stellings in die Brandwaterkom te verlig.[28] Weer word die versuim om die wysiging te kommunikeer deur dié punt benadruk. Dit is voorts insiggewend om daarop te let dat die Britse opperbevelvoerder die vorige dag ingelig is dat die OVS staatspresident hom waarskynlik onder die krygsafdeling, wat enkele dae vantevore daarin geslaag het om uit die Brandwaterkom te breek, bevind het.[29]

Ten opsigte van die eerste krygstrategie, sou Hunter na alle waarskynlikheid genoodsaak gewees het om die Roux-krygsafdeling te agtervolg indien dié krygsafdeling wel die tweede beweging van die krygstrategie uitgevoer het. Dit is egter nodig om kennis te neem van die opinie van kaptein C.J.L. Gilson: "However, it is possible that, finding Prinsloo oblivious of his warnings, he [De Wet] may have hoped to divert a large number of troops from the Bethlehem investment to the attention of himself upon the Vaal; for he seems to have remained there an unneccessary length of time, while the columns closed around him. If this was ever his [De Wet's] idea, it failed in its main conception: for there were at that time sufficient troops under Lord Roberts' command to surround both places simultaneously […]."[30] Die tweede krygstrategie se voordele blyk duidelik weer as die

25 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 3.
26 *Telegrams and letters*, 3, p. 79: F.S. Roberts — A. Hunter, 19.7.1900 (afskrif van telegram).
27 *Ibid*.
28 Sien ook OMBR, 4128/ 42: S. Haasbroek, "Die oorgawe van generaal Prinsloo", p. 2.
29 TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 20.7.1900 (afskrif van telegram).
30 C.J.L. Gilson, *History of the 1st Batt. Sherwood Foresters (Notts. And Derby Regt.) in the Boer War, 1899-*

meer geskikte strategie vir die voortsetting van die oorlog. Die Britse opperbevelvoerder sou hiervolgens verplig gewees het om sy mag te verdeel met die doel om op die drie OVS krygsafdelings, wat in die OVS sou opereer, te konsentreer.

4. Die beskuldiging van Amery

Amery oordeel dat die oorgawe op 30 Julie 1900 aan die onverwagte onttrekking van die staatspresident en die opperbevelvoerder, C.R. de Wet, te wyte was.[31] Dit is belangrik om kennis te neem dat Amery se bespreking op die tweede krygstrategie, en nie die eerste krygstrategie nie, gebaseer is. Amery beskou De Wet as die opperbevelvoerder van die OVS krygsmag. Dit is egter duidelik dat De Wet se posisie as opperbevelvoerder van die krygsmag ten tyde van die gebeure in die Brandwaterkom òf regtens, òf feitelik twyfelagtig was. So is De Wet aanvanklik tot die posisie benoem, sonder 'n aanduiding of die korrekte prosedure of benoeming afgehandel is. Daarmee tesaam het De Wet op eie inisiatief 'n hoofkommandantsverkiesing gelas. Die *Wet omtrent het kiezen van Hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet*[32] het egter bepaal dat die bevoegdheid om so 'n verkiesing te gelas in die staatspresident gesetel was. Daar is ook aanduidings dat die staatspresident in die take van sy bevelvoerder ingemeng het, en in bepaalde opsigte ook sy gesag ondermyn het.[33]

Die vraag ontstaan wat Amery met die “onverwagte onttrekking” van die staatspresident en sy opperbevelvoerder bedoel het. Bepaalde aspekte van die krygstrategie is streng geheim gehou. So het die staatspresident besluit om sy aanwesigheid in die hoofmag aanvanklik geheim te hou om die kans op sukses vir die eerste gedeelte van die krygstrategie te vergroot, en op sy beurt weer genoeg ruimte vir die uitvoering van die tweede gedeelte van die krygstrategie te laat.[34] Die geheimhouding rakende hierdie spesifieke punt kan daarom nie *per se* aan die staatspresident toegereken word nie. Dit is wel seker dat die onverwagse vertrek van die staatspresident op hierdie kritieke tydstip noodwendig gevolge vir die

---

1902, pp. 99-100.

31 Sien onderafdeling 1, *supra* sowel as die inleidende aanhaling tot dié hoofstuk, *supra*.

32 Wet 33/1899.

33 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

34 Sien onderafdeling 6.3.3, hoofstuk 5, *supra*.

krygsmoreel kon inhou, veral met die oog op die naderende Britse magte en die moontlikheid van 'n langdurige beleg, met weinig hoop om van so 'n beleg te kan ontsnap. Ten einde grootskaalse paniek te voorkom was dit dus nodig om bevelvoerende offisiere agter te laat, wat kragdadige beheer oor die uitvoering van die tweede en verdere gedeeltes van die krygstrategie kon neem.[35]

Vir hierdie doel is twee bevelvoerders van twee krygsafdelings aangewys, wat na die vertrek van die hoofmag in die Brandwaterkom agtergebly het. De Wet het op sy beurt sy aandag aan die onttrekking van die hoofmag en die beskerming van die staatspresident, krygskommissie en ander lede van die regering gegee. In hierdie stadium moes dit duidelik gewees het dat die staatspresident as opperbevelhebber, nog die opperbevelvoerder De Wet, nie beskikbaar of bereikbaar sou wees om enige krisisse, wat uit die uitvoering van die tweede beweging van die krygstrategie kon voortvloei, te hanteer nie. Indien die krygstrategie na behore omskryf was, met duidelike bevele, sou dit sekerlik nie nodig gewees het om enigsins verder aandag aan die uitvoering van aspekte van die krygstrategie te gee nie. Tog kom dit voor of die krygsorganisasie, op die vooraand van die vertrek van die staatspresident en sy opperbevelvoerder, van so aard was dat daar wel kommer oor die uitvoering van spesifiek die tweede krygstrategie moes gewees het. Die tweede, of gewysigde krygstrategie, was nie aan die offisiere wat in die Brandwaterkom agtergebly het, bekend nie.[36] Dit was ook nie moontlik om in die bespreking tot hier, aan die hand van die beskikbare bronne, aan te toon dat enige offisier kennis van die gewysigde krygstrategie, of te wel die tweede krygstrategie gedra het het nie.

Delport verdedig De Wet op die aanklag van Amery. Volgens Delport is die krasse veroordeling van Amery 'n verskoning vir die werklike swakkeling, naamlik Prinsloo. Delport gaan voort en loof De Wet vir die formulering van die tweede krygstrategie.[37] Delport is korrek in sy aanname dat die tweede krygstrategie sekerlik die beter keuse vir die voortsetting van die OVS oorlogspoging was. Die tweede krygstrategie kan egter nie sonder meer as die bekende krygstrategie aanvaar word nie. Indien De Wet wel die opperbevelvoerder van die OVS krygsmag ten tyde van die gebeure was, sou aanvaar kon word dat De Wet in dié besondere omstandighede òf self

---

35 Wat die tweede krygstrategie betref, sou dit des te meer belangrik wees om so 'n oorhoofse bevelvoerende offisier aan te wys.

36 Sien onderafdeling 6.3.2, hoofstuk 5, *supra*.

37 P.J. Delport, “Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog” (verhandeling), pp. 156-158.

moes toesig hou, òf andersins 'n geskikte en bekwame bevelvoerder moes aanwys om die taak te verrig. Ten slotte moet hier ook aanvaar word dat De Wet, net soos die staatspresident, kennis van die geskiktheid al dan nie van Prinsloo as offisier moes gehad het. Kestell verklaar voorts dat dit jammer was dat De Wet nie die verskillende krygsonderafdelings gelas het om voor hom uit te trek nie.[38]

Scholtz verklaar weer dat De Wet as opperbevelvoerder eerder kritiek verdien omdat hy so lank geneem het om die krygstrategie tot uitvoer te bring. Voorts verklaar Scholtz dat indien De Wet langer in die Brandwaterkom vertoef het, hy self ook daar vasgekeer sou word.[39] Die eerste punt van Scholtz aangestip is korrek. Tog versuim Scholtz om die wysiging van die krygstrategie in die verloop van die gebeure na behore in ag te neem. Die laaste punt van Scholtz plaas 'n ernstige vraagteken oor die bevel van De Wet, deurdat hy sy offisiere en burgers agtergelaat het, wetende dat die kans om die Britse omsingeling te ontkom, min was. In hierdie opsig wil dit dan verder voorkom of De Wet die offisiere en burgers doelbewus agtergelaat het in die hoop dat die krygsafdeling daar die aandag van sy eie poging om die gebied te verlaat sou aftrek.[40]

Scholtz handel egter nie met gebeure in die Brandwaterkom nie. Sy proefskrif kyk na De Wet as 'n militêre strateeg. In hierdie opsig sou hy daarom die geskiktheid van offisiere, wat deur De Wet aangestel is, ook moes oorweeg om die sukses van die krygstrategie te bepaal. Daarmee tesaam kan hier ter verdediging van De Wet aangestip word dat die staatspresident offisiere aangestel het, wat eerder De Wet se funksie was. Voorts word hieronder gesien dat dit tot en met 30 Julie 1900 steeds moontlik was om die Brandwaterkom te verlaat. Prinsloo en Roux, die twee aangewese offisiere, het egter gefaal om die krygsafdelings buite die Brandwaterkom te neem. Prinsloo is deur die staatspresident aangestel. Dit is onseker wie Roux aangestel het. Ten opsigte van sowel die staatspresident as die OVS opperbevelvoerder, kan hier daarom reeds aangestip word dat beide persone in hulle take as opperbevelhebber en opperbevelvoerder onderskeidelik gefaal het.

---

38 J.D. Kestell, *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing*, p. 80.

39 Scholtz, p. 229.

40 Sien onderafdeling 6.3.1, hoofstuk 5, *supra*, waar ook met dié punt gehandel word.

5. P.H. Roux

Ten einde die verdere bespreking hieronder in perspektief te plaas, is dit nodig om ook 'n kort oorsig oor die militêre loopbaan van Roux te gee. Hierdie bespreking word ingesluit om te bepaal of Roux, net soos Prinsloo, 'n geskikte persoon vir die rang van hoofkommandant was.[41] Net soos in die geval van Prinsloo, sou kennis van die onvermoë van 'n bevelvoerder om na behore bevel te voer, ook die persoon toegereken word wat die aanstelling gemaak het.[42] Roux se militêre loopbaan bied verdere getuienis van 'n gewysigde bevel en die problematiek voortspruitend uit die wysigings.

Paul Hendrik Roux was in die jare onmiddellik voor die uitbreek van die oorlog 'n predikant op Senekal. Met die uitbreek van die oorlog het die 37-jarige Roux hom by die Natal-krygsafdeling van die OVS as predikant aangesluit.[43] In Natal het Roux, volgens Keulemans, "in gevecht en in krijgsraad zijne adviezen zeer dikwijls opgevolgd gezien, had bijgedragen tot verbetering der organisatie door president en krijgscommissie op misstanden te wijzen".[44]

In 1900 word Roux, volgens sy herinneringe, as "hoofdvechtgeneraal" aangestel. Heyns en Keulemans verklaar dat die staatspresident Roux in die rang aangestel het.[45] Volgens Meyer is Roux deur die uitvoerende komitee van die OVS as veggeneraal aangestel.[46] In teenstelling hiermee verklaar De Wet dat hy aan die einde van Mei/begin Junie 1900 vir Roux as veggeneraal in die plek van I.A. de Villiers aangestel het.[47] Van Everdingen, met verwysing na die herinneringe van Roux, verklaar dat Roux reeds voor die dood van I.A. de Villiers as hoofveggeneraal aangestel is.[48] Volgens J.N. Brink, die adjudant van Crowther, wil dit voorkom of Crowther met die dood van De Villiers in sy posisie aangestel of verkies is.[49] In die

41 Vir 'n bespreking van die militêre loopbaan van Prinsloo, sien hoofstuk 6, *supra*.
42 Sien onderafdeling 5.3.2(ii), hoofstuk 12, *infra*.
43 Heyns, pp. v, 13; Keulemans, p. 12; Amery (red.), 4, p. 337.
44 Keulemans, p. 12. Sien ook Amery (red.), 4, p. 337.
45 Keulemans, p. 12; Heyns, p. 13; VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 2.
46 VAB, A119/1056: I.A. Meyer, "Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse oorlog 1899-1902", p. 16. Dit mag wees dat Meyer na die uitvoerende raad, en nie die komitee nie, verwys. Dit kan ook wees dat Roux deur die krygskommissie aangestel is. By gebrek aan enige verdere klarigheid is die veronderstelling dat Roux deur die staatspresident of uitvoerende raad aangestel is.
47 C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringe van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 84. Sien ook Amery (red.), 4, p. 337.
48 Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 6 (vn. 3).
49 J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 70. Crowther is aan die begin van die oorlog as plaasvervanger vir

herinneringe van 'n onbekende persoon word spesifiek vermeld dat Crowther op 1 Junie 1900 as assistent-veggeneraal aangestel is.[50] Die rang van assistent-veggeneraal, net soos dié van hoofveggeneraal, was ook in OVS militêre wetgewing onbekend. Die rang van assistent-veggeneraal sou egter gebruik kon word om 'n onderskeid tussen Roux as hoof-veggeneraal en Crowther as assistent-veggeneraal, verbonde aan dieselfde krygsafdeling, te maak. Die aanstelling van twee offisiere as opvolger vir De Villiers sou ook moontlik die weg kon baan vir 'n konfrontasie tussen Roux en Crowther. Volgens De Wet het hy met die afskaffing van die rang van veggeneraal vir Roux, P.D. de Wet en C.C. Froneman as assistent-hoofkommandante aangestel.[51] De Wet vermeld egter nie die naam van Crowther nie.

Weer is dit nodig om daarop te let dat De Wet as opperbevelvoerder nie die bevoegdheid gehad het om aanstellings te maak nie. Volgens die wetgewing, soos aan die begin van die oorlog, moes offisiere verkies word. Voorts het De Wet, in sy hoedanigheid as opperbevelvoerder, ook nie oor wetgewende bevoegdhede beskik nie. Indien hy dus wysigings aan militêre wetgewing wou aanbring, sou hy die staatspresident moes nader om van sy wetgewende bevoegdhede gebruik te maak. Geen aanduiding kan gevind word dat die staatspresident dit wel gedoen het nie. De Wet se wysiging sou na afloop van die moontlike verowering van die OVS wel moontlik wees, deurdat hy in effek die enigste verteenwoordiger van die voormalige OVS geword het wat nie deur die oorlogspoging onderwerp is nie.[52] Weer is hier aanduidings dat daar grootskaalse verwarring met betrekking tot die bevel van die OVS krygsmag was. Hierdie verwarring staan sekerlik in verband met die poging om die bevel gedurende die verloop van 1900 te wysig.[53] Daarenteen het die bevel, soos vervat in die 1899 militêre wetgewing, vir die range van 'n kommandant-generaal as opperbevelvoerder en hoofkommandante as krygsafdeling-bevelvoerders voorsiening gemaak.[54]

A.P.J. Diedericks verkies. Diedericks was die die veldkornet van wyk Ladybrand. Hy (Diedericks) is op sy beurt as plaasvervanger van die kommandant van die Ladybrand-kommando verkies. VAB, OVS Goewermentsekretaris-versameling (GS) 1660: J.A. Collins — lede van die krygskommissie, 17.10.1899, p. 580 (afskrif van skrywe).

50 OMBR 4310/3: “Dagboek van 'n onbekende persoon”. Sien ook VAB, A119/1056: Meyer, p. 15.

51 Vir die afskaffing van die rang van veggeneraal, sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*. Sien ook De Wet, p. 94.

52 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 4, hoofstuk 12, *infra*.

53 Vir 'n bespreking van die gewysigde bevelstruktuur, sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

54 Sien onderafdelings 3.1 en 5, hoofstuk 2, *supra*.

Keulemans verklaar dat Roux se aanstelling tot veggeneraal 'n wrang smaak in die monde van sekere offisiere gelaat het. Amery verwys ook na die jaloesie wat ontstaan het, as gevolg van die "sudden elevation" van Roux. Roux het trouens voor hierdie aanstelling geen offisiersrang gehad nie. In die verloop van 'n bietjie meer as twee maande het Roux van 'n nie-amptelike militêre adviseur, tot die tweede hoogste militêre rang in die OVS gevorder. Volgens Keulemans is Roux dikwels met die volgende woorde gegroet: "Schoenmaker, houd je bij je leest [...]."[55] Keulemans verduidelik dat talle ander kommandante vir die posisie van hoofveggeneraal oor die hoof gesien is, en dat die reaksie van offisiere met die aanstelling van Roux in dié lig gesien moet word. Ten opsigte van Prinsloo en kommandant S. Haasbroek vermeld Keulemans spesifiek dat die aanstelling van Roux hulle (Prinsloo en Haasbroek) in "kwaad bloed gezet" het.[56]

Met verwysing na Keulemans hierbo, kan die afleiding gemaak word dat die verhouding tussen Prinsloo en Roux reeds voor die vertrek van die staatspresident problematies was. Prinsloo was verder die hoofkommandant van die Natal-krygsafdeling waar Roux ook as 'n nie-amptelike militêre adviseur diens gedoen het. Enige teregwysing van Roux in Natal, sou daarom ook 'n teregwysing vir Prinsloo as bevelvoerder van die krygsafdeling beteken het. Hierdie afleiding word deur 'n reeks gebeure gestaaf. Met betrekking tot die verklaring van Keulemans, is dit belangrik om in gedagte te hou dat Keulemans ook 'n sogenaamde slagoffer van die oorgawe was, dat hy in alle waarskynlikheid met Roux bevriend was en dat hy saam met hom in die krygsgevangekamp was.[57] Die weergawe van Keulemans moet daarom met omsigtigheid behandel word.

In teenstelling met die bostaande meld die A.P.J. van Rensburg in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* dat onderlinge naywer ná die vertrek van die staatspresident veroorsaak het dat sommige offisiere die gesag van Prinsloo betwis het.[58] Ongelukkig dui Van Rensburg nie aan wie die offisiere was nie en ook nie wat die naywer en minagting van gesag veroorsaak het nie.

---

55 Keulemans, p. 12. Sien ook De Wet, p. 124; Amery (red.), 4, p. 337.
56 Keulemans, p. 12.
57 *Ibid*., p. 15.
58 De Kock (red.), 1, p. 691.

6. Die geskil tussen Roux en Prinsloo

Die wysiging van die eerste krygstrategie na die tweede krygstrategie het beteken dat die krygsafdeling van Hattingh nie meer deel van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling was nie.[59] Die gewysigde krygstrategie (of tweede krygstrategie) was ook na alle waarskynlikheid aan Hattingh bekend.[60] Dit wil verder voorkom of Prinsloo en Roux nie oor die gewysigde krygstrategie ingelig is nie.[61] Met die uittrek van die kommando's verbonde aan die Roux-krygsafdeling, sou die krygsafdelings van Prinsloo óf Hattingh nodig wees om die posisies van die uittrekkende kommando's in te neem, óf andersins die kommando's verbonde aan die groter Brandwaterkom-krygsafdeling te herorganiseer om dié posisies in te neem. Dit is verder duidelik dat indien die offisiere binne die Brandwaterkom nie van die wysiging van die krygstrategie kennis ontvang het nie, die gewysigde bevele die opdragte van Prinsloo en Roux eindeloos sou bemoeilik. Die versuim om die wysigings na behore te kommunikeer, kan daarom as besonder ernstig aangestip word.

Een posisie, wat regstreeks deur die beweging van die Roux-krygsafdeling geraak is, was die posisie van die Wepener-kommando onder bevel van kommandant J.P. Roux. Hierdie het die hoofpunt van 'n geskil geword, wat uiteindelik daartoe aanleiding gegee het dat Roux versuim het om die bevele van sy eie krygsafdeling te gehoorsaam. Hieronder word egter aangetoon dat Roux die versuim voor die deur van die krygsvergadering verbonde aan sy eie afdeling, en aan Prinsloo se weiering om hom in hierdie situasie by te staan, toegeskryf het. Die persoonlike verhouding tussen die twee bevelvoerders (Prinsloo en Roux) het verder veel te wense oorgelaat.[62] De Wet dui ook aan dat die geskil tussen Prinsloo en Roux die gevolg van die ontevredenheid oor die aanstelling van Roux as die bevelvoerder van die Roux-krygsafdeling was.[63]

---

59 Sien onderafdeling 2, *supra*. Sien ook onderafdeling 6.3.2, hoofstuk 5, *supra*.

60 Vir 'n bespreking van die wysiging van die krygstrategie, sien onderafdeling 6.3.2(c), hoofstuk 5, *supra*.

61 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 6, *supra*.

62 Sien onderafdeling 5, *supra*.

63 De Wet, p. 124. In teenstelling verklaar S. Haasbroek, die seun van kommandant Haasbroek, dat Roux daarop aangedring het dat Haasbroek sy krygsafdeling moes vergesel, maar dat Haasbroek geweier het om dit te doen aangesien die versoek van Roux strydig met die besluite van die krygsraad was. (OMBR, 4128/ 42: S. Haasbroek, "Die oorgawe van generaal Prinsloo", pp. 1-2.) Kommandant G.S. van der Merwe dui weer aan dat aanvanklik besluit is dat die Haasbroek-kommando die posisie van die Wepener-kommando sou inneem, maar dat dit nie gerealiseer het nie. (M.C.E. van Schoor (red.), "The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers", *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 97: G.S. van der Merwe (verklaring).) Geen verdere bronne verwys na hierdie betrokke punt nie. Die weerspreking van

Vir die doel van hierdie studie word daarom aanvaar dat die geskil tussen Prinsloo en Roux oor die Wepener-kommando, wat volgens die eerste krygstrategie aan die Roux-krygsafdeling verbonde was, gemanifesteer het. Op die stadium toe dié geskil ontstaan het, was die Wepener-kommando te Commandonek gestasioneer, waar Crowther oorhoofse bevel daaroor gevoer het. Teoreties sou 'n kommando van die krygsafdeling van Hattingh, met hulle aankoms in die Brandwaterkom, beskikbaar wees om die stelling van die Wepener-kommando in te neem. Soos reeds aangetoon is die krygsafdeling van Hattingh intussen oor die gewysigde krygstrategie ingelig en het hulle daarom stelling ingeneem in afwagting van Crowther, wat ooreenkomstig die tweede krygstrategie by die Hattingh-krygsafdeling moes aansluit.

Met verwysing na die eerste krygstrategie ontstaan die vraag of die oorplasing van die Wepener-kommando, vanaf die Brandwaterkom-krygsafdeling na die Roux-krygsafdeling, aan die aankoms van die Hattingh-krygsafdeling gekoppel was. Indien wel, het dit geïmpliseer dat die Roux-krygsafdeling waarskynlik ook vir die aankoms van die Hattingh-krygsafdeling moes wag. Indien nie, het dit beteken dat die toewysing van die Wepener-kommando aan die Roux-krygsafdeling outomaties geskied het. Die bevelvoerder van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling was daarom genoodsaak om uit eie geledere 'n ander kommando aan te wys, in afwagting op die Hattingh-krygsafdeling, aan die stelling vanwaar die Wepener-kommando onttrek sou word. Dit wil egter voorkom of Prinsloo die aankoms van die Hattingh-krygsafdeling as die voorwaarde vir die onttrekking van die Wepener-kommando beskou het.

Weer is dit nodig om te benadruk dat Hattingh intussen ander bevele ontvang het. Die versuim om die gewysigde bevele na behore te kommunikeer, kan daarom as besonder ernstige pligsversuim aangestip word. Ten opsigte van Prinsloo en Roux is dit verder nodig om te bepaal of hulle in die verdere verloop van die gebeure versuim het om die probleme, voortspruitend uit die gebrekkige kommunikasie, na behore te hanteer. Indien wel, beteken dit dat die versuim om die gewysigde krygstrategie na behore te kommunikeer, eerder die oorsaak van die oorgawe was. Indien nie, beteken dit dat Prinsloo en Roux se handelinge ook in verband gebring kan word

---

Haasbroek deur Van der Merwe dui op die onwaarskynlikheid van hierdie aangeleentheid. Daar word daarom gevolglik nie verder aan dié aangeleentheid aandag gegee nie.

met die oorgawe. In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik op pligsversuim as moontlike klag teen die twee offisiere gekonsentreer.

Volgens Roux het hy wel vir Prinsloo as bevelvoerder van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling genader met die versoek om die Wepener-kommando na sy krygsafdeling oor te plaas.[64] Prinsloo het egter in gebreke gebly om aan die versoek gehoor te gee. In teenstelling beweer Van der Merwe dat Crowther, wat in daardie stadium in bevel van die onderkrygsafdeling was, nie die kommando wou afstaan voordat 'n ander kommando aan die stellings van die Wepener-kommando toegewys was nie.[65] Op gesag van Roux, beweer Van Everdingen dat Crowther wel bereid was om die Wepener-kommando af te staan.[66] Ongelukkig kon hierdie Roux-herinneringe, soos aan Van Everdingen beskikbaar gestel, nie gevind word nie. In die weergawes wat wel beskikbaar is, verklaar Roux alleen dat alhoewel Prinsloo ander kommando's beskikbaar gehad het, hy versuim het om aan Roux se versoek gehoor te gee. Roux kom gevolglik tot die slotsom dat Prinsloo onredelik was.[67]

Brink verdink die offisiere verbonde aan die Roux-krygsafdeling van versuim om aan die bevele, wat aan dié krygsafdeling uitgereik was, gehoor te gee.[68] Roux, as bevelvoerder van dié krygsafdeling, is minder krities teenoor sy offisiere. Volgens Roux was die Wepener-kommando verantwoordelik vir die bewaking van 'n toegangsroete tot die Brandwaterkom. Dit het beteken dat dié kommando, met die teenwoordigheid van die Britse magte in hulle onmiddellike omgewing, nie sonder meer van hulle stellings onttrek kon word nie.[69]

Daar is egter aanduidings dat die Wepener-kommando nie die enigste kommando te Commandonek was nie. Gevolglik sou dit moontlik kon wees om die kommando's in die Commandonek-stelling te herontplooi om dit vir die Wepener-kommando moontlik te maak om hulle stelling te ontruim. Wat die werklike situasie te Commandonek was, is by ontstentenis aan bronne moeilik om te bewys. Die

---

64 Heyns, p.16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.02.1903 (afskrif van brief); VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", pp. 2-3; Boldingh, p. 15.

65 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 97: Van der Merwe (verklaring). Keulemans is die enigste bron wat die posisie van die Wepener-kommando aandui as te Commandonek (Keulemans, p. 16 (vn. 1). Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 41.) Die geskiedenis van die Louw Wepener-kommando meld dat die kommando aan gevegte te Commandonek, of Retiefsnek deelgeneem het. TAB, Preller 81, p. 87: "Geskiedenis van Louw Wepener-kommando".

66 Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 41.

67 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 2.

68 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 85. Sien ook Brink, *Oorlog en ballingskap,* p. 88; VAB, A119/42: J.N. Brink — *Die Volksblad*, 17.6.1949, p. 2 (brief).

69 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", pp. 2-3.

verhouding tussen Roux en Crowther weens die aanstelling van Roux as veggeneraal, waarna reeds hierbo verwys is, het waarskynlik tot die problematiek oor die Wepener-kommando bygedra.[70] Wat wel seker is, is dat die geskil oor die Wepener-kommando daartoe aanleiding gegee het dat die Roux-krygsafdeling in gebreke gebly het om hulle bevele, ingevolge enige variasie van die krygstrategie, na te kom. Nòg Prinsloo, nòg Roux het geweet dat die krygstrategie intussen gewysig is. Beide die bevelvoerders het daarom in 'n twis verwikkel geraak, wat geen doel gedien het nie. Die Hattingh-afdeling het op sy beurt weer aan die buitekant van die Brandwaterkom op die koms van Crowther gewag. Hierdie toedrag van sake weerspieël weer eens die gevolg van die versuim om die tweede krygstrategie na behore te kommunikeer.

Voorts kon geen aanduiding gevind word dat Prinsloo en Roux met Hattingh in verbinding probeer tree het nie. Die toewysing van 'n ander kommando het daarom die punt van geskil geword, terwyl Hattingh se versuim om tydig te arriveer, geen verdere aandag geniet het nie. In dié opsig ontstaan die vraag hoekom veral Prinsloo versuim het om met Hattingh in verbinding te tree. Het Prinsloo, met ander woorde, geweet dat Hattingh gewysigde bevele ontvang het?

7. Die beslegting van die geskil

Hieronder word spesifiek die hantering van die geskil tussen die twee bevelvoerders beskou om te bepaal of die betrokke offisiere in gebreke gebly het om hulle bevele, soos in die eerste krygstrategie bepaal, na te kom. Roux verklaar: “Prinsloo was de man, die een plaatsvervanger gelasten moest daarheen te vertrekken, doch nauwlijks waren de President & de Wet vertrokken of hij begon alle mogelijke beschuldigen tegen hem op te rakelen & alle mogelijke moeilijkhede tegen het vertrek van het tweede commando onder Roux in der weg te leggen & dwarsboomde [...].”[71] Volgens Keulemans het Roux verskeie versoeke tot Prinsloo gerig om 'n ander kommando uit die groter Brandwaterkom-krygsafdeling aan die Wepener-stelling toe te wys.[72]

---

70 Sien onderafdeling 5, *supra*.

71 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 3. Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak, 2, p. 41.

72 Keulemans, p. 16 (vn. 1).

Van Everdingen haal Roux soos volg aan: “Prinsloo had, sedert zijn tijdelijke aanstelling, nooit met mij gecorrespondeerd, mij in niets geraadpleegd, mij nooit eenige rapport gezonden – mij kortweg geïgnoreerd.”[73] Roux het daarom vier dae later “in groote onvergenoegdheid over’t oponthoud” na Prinsloo gegaan. Volgens Roux het hy tydens sy besoek aan Prinsloo toevallig vasgestel “dat er een geknoei aan den gang was en dat Prinsloo besloten had my het Wepener Commando niet af te geven”.[74] Roux verstrek geen verdere besonderhede rakende die inhoud van die stelling nie. Hierop het Roux as 'n waarnemende hoofkommandant vir Prinsloo beveel om die Wepener-kommando na die Roux-krygsafdeling oor te plaas. Hierdie bevel van Roux, en reaksie daarop, word soos volg deur Roux omskryf: “Als. Waarn. Hfd. Commandant gelaste ik [Roux] hem [Prinsloo] mij dat Commando [Wepener] dadelik te laten hebben, doch groot was mijne verbasing toen hij zijne aanstelling door president Steyn tot Waarn. Hoofd. Comdt. onder mijn neus drukte [...] daarenboven matigde hy zich ‘t recht aan van eerste officier.”[75]

In werklikheid was hier weer 'n herhaling van die gebeure te Lindley, waar ook twee hoofkommandante teenwoordig was. Een van die twee Lindley-hoofkommandante was ook Prinsloo. Die staatspresident het vir regter J.B.M. Hertzog gestuur om ondersoek in te stel. Dit is dus duidelik dat die staatspresident bewus was dat Prinsloo se aanwesigheid daar omstrede was. Desnieteenstaande het die staatspresident met Prinsloo se aanstelling voortgegaan.[76]

Prinsloo en Roux was met 'n situasie gekonfronteer waar twee offisiere van gelyke range, met verskillende bevele, in dieselfde operasionele gebied teenwoordig was. Die bevele rakende die Wepener-kommando was van besondere belang vir die oplossing van die geskil. Indien die bevele bepaal het dat die Wepener-kommando moes wag om deur die Hattingh-krygsafdeling afgelos te word, kon Roux nie daarop aandring dat Prinsloo die Wepener-kommando na sy (Roux se) krygsafdeling oorplaas nie. Geen geskrewe bevele in dié verband kon egter gevind word nie. Die gevolgtrekking is daarom dat die twee offisiere self geen duidelikheid rakende die punt gehad het nie, met die gevolg dat Prinsloo hom op die reg van senior offisier beroep het.

---

73 Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 40 (vn. 1). Sien ook Delport, p. 164.

74 Heyns, p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief); VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 3.

75 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 3.

76 Sien onderafdeling 2.2, hoofstuk 6, *supra*.

Sowel die staatspresident as die krygskommissie, het ten tyde van dié gebeure die Brandwaterkom verlaat. Verder was nòg die staatspresident, nòg die krygskommissie, nòg De Wet as opperbevelvoerder na afloop van die vertrek per telegraaf bereikbaar. Indien die staatspresident of die opperbevelvoerder, sowel as die krygskommissie wel bereikbaar was, moes die betrokke punt sekerlik vir verdere bevele verwys word. Alles dui egter daarop dat dit nie moontlik was nie. Die twee offisiere (Prinsloo en Roux) moes daarom self tot die een of ander vorm van vergelyk kom.

Voorts het Prinsloo die reg van 'n senior offisier uitgeoefen. Dit is duidelik dat die 1899 militêre wetgewing nie so 'n reg erken het nie. Die *Krijgs en Commandowet*[77] spreek eerder tot die teendeel, naamlik 'n totale gebrek aan die omskrywing van 'n offisier en 'n senior-offisier. Indien die staatspresident daarom nie by wyse van een of ander verordening die krygsmag na behore georganiseer het nie, was dit onmoontlik om te bepaal wie die bevelvoerende offisier, en wie sy ondergeskiktes, was. Daarenteen het die ZAR-wetgewing duidelik die posisie uiteengesit.[78]

In die geval van Prinsloo het sy ouderdom, jare ervaring as kommandant en ook die maande wat hy self in die rang van hoofkommandant in Natal opgetree het, tot sy senioriteit bygedra.[79] Daarteenoor was Roux veel jonger as Prinsloo. Roux was slegs enkele maande in die rang van veggeneraal, en het slegs enkele dae as 'n waarnemende hoofkommandant opgetree. Prinsloo was daarom duidelik die senior waarnemende hoofkommandant indien die beginsel van senioriteit wel kragtens die OVS militêre reg erken was. Volgens regter J.B.M. Hertzog het dié reg egter nie bestaan nie. Hertzog verklaar soos volg: “[Hoofd-Commandants] were equal in rank and authority, and therefore owed no obedience except to the President [...].”[80] Gevolglik het 'n skaakmat situasie ontstaan. Derhalwe die vraag waarom twee persone tot dieselfde rang aangestel is. In die alternatief ontstaan die vraag wie vir die aanstelling van Roux verantwoordelik was. Kan dit wees dat De Wet, as opperbevelvoerder, vir Roux aangestel het, terwyl die staatspresident as opperbevelhebber vir Prinsloo aangestel het? Waarom is hier nie ook 'n

---

77 Wet 10/1899.

78 Artikels 26 en 27 van die *Wet voor den krijgsdiens in de Zuid-Afrikaansche Republiek* (Wet 20/1898, ZAR). Sien ook onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

79 Delport, pp. 164-165. Sien ook onderafdeling 2.2, hoofstuk 6, *supra*.

80 M.C.E. van Schoor (red.), “Gen. J.B.M. Hertzog’s war experiences”, *Christiaan de Wet-annale* 10, 2000, p. 39. Sien onderafdeling 5, hoofstuk 2, *supra*.

bevelvoerende offisier aangestel wat toesig kon hou oor die uitvoering van die gewysigde krygstrategie, of andersins die eerste krygstrategie nie?

Indien senioriteit wel gegeld het, het Prinsloo as die senior offisier, binne die konteks van die gebeure, nie 'n vrye hand gehad om op grond van sy senioriteit na goeddunke te handel nie. In hoofstuk 5 is reeds aangetoon dat 'n krygsplan geformuleer is, wat as raamwerk vir Prinsloo moes dien. Prinsloo se besluite in hierdie verband moes daarom ook binne die raamwerk van hierdie geformuleerde krygstrategie geneem word. Indien dit dus enigsins moontlik was, moes Prinsloo die Wepener-kommando na die Roux-krygsafdeling oorplaas en 'n ander kommando vanuit sy eie krygsafdeling na die posisie van die Wepener-kommando stuur. Daar was wel twee kommando's wat vir dié doel gebruik kon word, naamlik die Haasbroek- en die Senekal-kommando.[81] Prinsloo het egter versuim om hierdie moontlikhede te implementeer.

Roux sou in die tussentyd nie self kon wag totdat die Hattingh-krygsafdeling arriveer nie en het trouens reeds versuim om aan sy bevele gehoor te gee, naamlik om 'n dag na die vertrek van die hoofmag die Brandwaterkom te verlaat. Die gevaar was daarom groot dat die Roux-krygsafdeling saam met die Brandwaterkom-krygsafdeling ingesluit en beleër kon word. Voorts kan geen bron gevind word wat daarop wys dat Prinsloo of Roux met Hattingh in verbinding probeer tree het nie. In dié opsig mag dit wees dat Prinsloo moontlik kennis gehad het dat die krygstrategie gewysig is. Vir dié rede kan dit ook moontlik wees dat hy versuim het om met Hattingh in verbinding te tree. Weer is dit slegs omstandighede wat op die moontlike kennis van Prinsloo dui.

Met hierdie feite in gedagte het Roux 'n krygsvergadering van sy eie offisiere vir die oggend van 20 Julie 1900 belê. Tydens die krygsvergadering het Roux voorgestel dat daar sonder die Wepener-kommando vertrek moes word. Hierdie voorstel het nie algemene byval gevind nie en is volgens Roux deur sy offisiere as "onwenslik" geag. Voorts was die krygsvergadering van mening dat die Wepener-kommando onmisbaar was, en die voorstel om daarsonder te vertrek is eenparig verwerp.[82]

---

81 Sien onderafdeling 8, *infra*.

82 Heyns, pp. 16-17: C.R. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief); VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 3; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 41. Sien ook Delport, p. 163.

'n Krygsvergadering, kragtens die bepalings van militêre wetgewing, het geen besluitnemingsbevoegdheid gehad nie. Die gewoonte het egter wel bestaan om die aanbevelings van die liggaam as bindend te ag.[83] Roux sou daarom moontlik kon poog om aan sy ondergeskikte offisiere opdrag te gee om sonder die Wepener-kommando te vertrek. Die moontlikheid was egter dat die offisiere sou weier om aan die bevel gehoor te gee, wat Roux weer sou noodsaak om die offisiere voor 'n krygsraad vir minagting van 'n bevel te daag. Met laasgenoemde in gedagte word betwyfel of Roux werklik effektiewe bevel oor die krygsafdeling gevoer het. Die gebrek aan gesag het Roux ook later genoop om hom tot 'n ander krygsvergadering te wend. Die gevolg was die verkiesing van Prinsloo as tydelike waarnemende hoofkommandant.[84]

Dit is onseker of Roux bewus was van die besluite van die breë krygsvergadering van OVS en ZAR offisiere, wat op 17 Maart 1900 te Kroonstad gehou is. Volgens C.J. Asselbergs, het De Wet die volgende stelling tydens die vergadering gemaak: “Ik acht het noodig, wanneer er generaals, hoofdcommandanten, commandanten of veldcornetten zijn, die hun zaken niet doen of in hunne betrekking niet op hun plaats zijn, wij een middel bezitten om dergelijke menschen onmiddelijk te suspendeeren.”[85] Ooreenkomstig die voorstel van De Wet is besluit om aan krygsrade, bestaande uit sewe offisiere, die bevoegdheid te verleen om kommandante te ontslaan wat hulle aan nalatigheid of pligsversuim skuldig maak.[86]

Met inagneming van die uiters dreigende omstandighede waarin die twee krygsafdelings hulle bevind het, saam met die sterk gewoonteregtelike gebruik van krygsvergaderings as besluitnemingsliggame, was dit egter nie wenslik om hierdie roete te volg nie.[87] Hoewel Roux self van pligsversuim aangekla kon word vir sy onvermoë om sy bevele oor die geformuleerde krygstrategie uit te voer, het hy geen ander keuse gehad as om binne die raamwerke van die 1899 militêre reg te poog om Prinsloo te oorreed om die Wepener-kommando na sy (Roux se) krygsafdeling

---

83 Vir 'n bespreking van die status van krygsvergaderings, sien onderafdeling 4, hoofstuk 2, *supra*.

84 Vir verdere bespreking, sien onderafdeling 5, hoofstuk 9, *infra*.

85 W.L. von R. Scholtz en I.M.E. Scholtz (reds.), “Dagboek van C.J. Asselbergs”, *Christiaan de Wet-annale* 5, 1978, p. 52.

86 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 5, pp. 164-165.

87 In hoofstuk 2 is reeds gehandel met die gebruik om van krygsvergaderings as besluitnemingsliggame gebruik te maak. Die enigste afleiding wat daarom gemaak kan word, is dat krygsvergaderings, by wyse van gewoonte, tot militêre besluitnemingsliggame verhef is. In die alternatief is die gewoonte na analoog van die ZAR-wetgewing oorgeneem. Vir 'n verdere bespreking, sien hoofstuk 2, *supra*.

oor te plaas nie. Dit kan wel aangevoer word dat Roux nie vier dae moes wag om met Prinsloo in gesprek te tree nie, maar dit reeds op die dag van sy beplande vertrek moes doen. Roux het ook geen poging aangewend om hom in verbinding met Hattingh te stel nie.

Laastens is dit belangrik om die 1899 opperbevel, en die stelsel om offisiere tot range te verkies soos dit in 1899 gegeld het, te vergelyk met dié van offisiere wat aangestel is volgens die gewysigde militêre reg, waarvan Roux 'n sprekende voorbeeld was. Die gebeure hierbo dui daarop dat aangestelde offisiere nie enigsins in 'n meer gesaghebbende posisie as verkose offisiere gestaan het nie. In hierdie opsig blyk Hertzog korrek te wees wanneer hy soos volg skryf: “[The burghers] were for the greater part men of means, and all had grown up as free men with an equal voice in the affairs of their country. With a thorough democratic spirit prevailing in the community, they could not wrench themselves loose from the idea that government is only to be suffered as long as it is carried on in conformity with the wishes of the people, and that it is the inalienable right of every burgher, in war as well as in peace to oppose any arbitrary command. Knowing, therefore, the dependence of the officers upon their choice, they often did not scruple to refuse the observance of orders they did not approve of, and in case such orders were insisted upon, they did not hesitate to petition for the removal of the officer forcing obedience [...] And the former, if they possessed any spirit, resigned leaving their places to be filled by men of inferior ability and less conscientious bearing [...] [C]ases were not uncommon where an officer, on being remonstrated with a dereliction of duty or palpable insubordination, excused himself by alleging refusal on the part of his burghers to carry out orders.”[88]

8. Die uiteinde van die geskil

Prinsloo en Roux het nie daarin geslaag om 'n oplossing rakende die Wepener-kommando te vind nie. Roux kon ook nie die offisiere verbonde aan sy eie krygsafdeling beveel of oortuig om met die uitvoering van die tweede beweging van die krygstrategie voort te gaan nie. Roux het nie noodwendig met Prinsloo oor die beginsel van senioriteit saamgestem nie, maar was eerder, soos Hertzog, van

[88] Van Schoor (red.), “Hertzog”, pp. 41-42.

oordeel dat hoofkommandante gelyke status geniet het. Met inagneming hiervan kon Roux daarom òf bedank, òf probeer om binne die demokratiese strukture van die militêre gewoontereg die samewerking van Prinsloo en sy eie offisiere te verkry. Dit is ook binne die gewoonteregtelike gebruike dat Roux verder probeer het om die geskil tussen hom en Prinsloo by te lê.[89]

Daar bestaan twee verskillende weergawes rakende die aantal gesamentlike krygsvergaderings wat gehou is met die doel om die geskil op te los. Roux verwys slegs na een krygsvergadering, terwyl Van der Merwe na twee krygsvergaderings verwys. Volgens Van der Merwe is by die eerste krygsvergadering besluit dat die Haasbroek-kommando die stelling van die Wepener-kommando moes inneem. Hy meld egter dat Haasbroek nie aan die besluit uitvoering gegee het nie en dat hy (Van der Merwe) nie die rede vir die versuim van Haasbroek kan onthou nie.[90]

Haasbroek se seun verklaar dat die Haasbroek-kommando vier dae na afloop van die vertrek van die hoofmag die Brandwaterkom kon verlaat. J.A.J. de Villiers, die waarnemende staatsprokureur, bevestig ook die onafhanklikheid van die Haasbroek-kommando.[91] Om hierdie rede sou Haasbroek na alle waarskynlikheid moeilik die onafhanklikheid van sy kommando prysgee om in werklikheid deel van die Brandwaterkom-krygsafdeling, onder bevel van Prinsloo, te word.

Roux verwys egter slegs na een krygsvergadering, wat op sy aandrang op 21 Julie 1900 te Slabbertsnek plaasgevind het.[92] Roux het die krygsvergadering gebruik om weer sy versoek aan Prinsloo te herhaal om die Wepener-kommando na sy krygsafdeling oor te plaas, en 'n ander kommando uit die groter Brandwaterkom-krygsafdeling aan die stellings van die Wepener-kommando toe te wys. Roux meld verder dat Prinsloo die algemene krygsvergadering op sy beurt as 'n forum gebruik het om sy griewe teen die staatspresident en De Wet te opper.[93] Ten opsigte van hierdie krygsvergadering is dit belangrik om daarop te let dat daar, net soos in die geval van ander krygsvergaderings, geen amptelike of enige ander vorm van notule

---

89 Vir die gewoonteregtelike aard van krygsvergaderings, sien vn. 87, *supra*.

90 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 97: Van der Merwe (verklaring).

91 OMBR, 4128/ 42: S. Haasbroek, p. 1*;* Van Schoor (red.) "Jacob de Villiers", pp. 36-37. Sien ook onderafdeling 6.3.2(f), hoofstuk 5, *supra*.

92 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo"*,* p. 3. Van Everdingen vermeld die datum van die vergadering as 23 Julie 1900. (Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 41.) Die Britse aanvalle op die stellings te Slabberts- en Retiefsnek het op 23 Julie 1900 begin. Sien ook onderafdeling 2, hoofstuk 7, *supra*. Dit wil daarom voorkom of Van Everdingen met die datum fouteer. Die vraag ontstaan ook of die verklaring van Van der Merwe oor die hou van twee krygsvergaderings korrek was.

93 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo"*,* pp. 5-6.

gevind kon word nie. Wat die inhoud van Prinsloo se aantygings in die krygsvergadering betref, is dit alleen Roux wat getuienis oor hierdie stellings bied. Volgens Roux het Prinsloo tydens die vergadering gepraat “over de misstappen door [den President[94]], De Wet en anderen begaan; daarop volgde een jammerlijk gezanik over zijne eigene goede hoedanigheden”.[95] Dit is vreemd dat Roux in sy skrywe aan De Wet, na afloop van die oorlog, geen melding van hierdie aantygings van Prinsloo gemaak het nie.[96]

Brink verwys nie na die krygsvergadering nie, maar verklaar dat Prinsloo “bij zijne broederofficieren [...] een bittere grief van gemaakt dat de President met Christiaan de Wet uitgetrokken was en niet met hem [Prinsloo]”.[97] Voorts meld Brink dat Prinsloo aan offisiere vertel het dat die staatspresident hom bedrieg het.[98] Ongelukkig laat Brink na om te beskryf wat Prinsloo hiermee bedoel het. J.A.J. de Villiers het in 'n gesprek aan O. Hintrager, 'n Duitse vrywilliger, vertel dat Prinsloo met die aanstelling van De Wet in sy eer gekrenk was. Weer eens is dit ook nie aan die hand van die aantekening van Hintrager moontlik om te bepaal met watter aanstelling of hoedanigheid van De Wet, Prinsloo ontevrede was nie.[99] Laasgenoemde jaloesie van Prinsloo op De Wet word ook deur J.C. Smuts in sy herinneringe vermeld.[100] Het Prinsloo hom in sodanige optrede skuldig gemaak het aan gekweste majesteit? Met hierdie punt word later gehandel.[101]

Die staatspresident het na alle waarskynlikheid in groot geheimhouding die Brandwaterkom gedurende die nag van 15 op 16 Julie 1900 verlaat.[102] Indien Prinsloo wel hierdie uitlatings gemaak het, sou dit in die gespanne situasie waarin die twee krygsafdelings hulle bevind het, verder die swak gemoedstoestand van die offisiere en burgers kon beïnvloed het. Dit moet hier weer vermeld word dat slegs Roux en Brink melding van Prinsloo se uitlatings maak. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat Roux en Brink saam in ballingskap was. Voorts dui die

---

94 Bostaande ingevoeg na aanleiding van 'n aanhaling van Roux, soos in Van Everdingen verskyn. Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 41.

95 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 5. Sien ook Delport, p. 163.

96 Heyns, pp. 15-19: P.H. Roux – C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

97 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87. Sien ook J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 91.

98 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87. Sien ook Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 91.

99 Oberholster (red.), p. 126. Hierdie gedeelte kom nie voor in die Nederlandse vertaling van die Hintrager-herinneringe nie.

100 S.B. Spies en G. Nattrass (reds.), *Jan Smuts: memoirs of the Boer War*, p. 71.

101 Sien onderafdeling 5.3.2 (e), hoofstuk 12, *infra*.

102 Vir meer oor die geheimhouding van die krygstrategie, sien onderafdeling 6.3.3, hoofstuk 5, *supra*.

herinneringe van Brink op 'n besondere verhouding wat tydens die krygsgevangeskap tussen hulle ontstaan het. Dit kom egter nie voor of Prinsloo regtens vir die gewraakte woorde strafregtelik aanspreeklik gehou kon word nie. Ten slotte is dit nodig om na Voet te verwys, wat die deugde van 'n goeie bevelvoerder beskryf. Dit sluit die vermoë om innerlike droefheid met uiterlike hoop te verbloem, in. 'n Bevelvoerder, aldus Voet, beskik immers oor die heil en geluk van die leër.[103] Aan die hand van Voet kom dit dus voor of die beweerde uitlatings van Prinsloo oor die staatspresident duidelik onvanpas binne die omstandighede was.

Voortspruitende uit die krygsvergadering, meld Roux dat die Senekal-kommando in die plek van die Wepener-kommando aan sy krygsafdeling toegewys is. Die Haasbroek-kommando moes die plek van die Senekal-kommando te Witnek inneem. Die krygsraad het voorts bepaal dat die Roux-krygsafdeling op 23 Julie 1900 uit die Brandwaterkom sou vertrek.[104] Die Britse aanvalle op die Brandwaterkom-stellings het egter op hierdie dag 'n aanvang geneem. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Roux-krygsafdeling in gebreke gebly het om sy bevele, met betrekking tot die tweede beweging van die krygstrategie, uit te voer.[105]

Drie aspekte van die krygsvergadering van 21 Julie 1900 is besonder vreemd. Eerstens kon geen besonderhede gevind word oor die posisie van die Hattingh-krygsafdeling nie. Tweedens word geen verwysing gevind dat die bevelvoerders (Prinsloo en Roux) gepoog het om vas te stel waarom Hattingh in gebreke gebly het om aan sy bevele, in terme van die eerste krygstrategie, uitvoering te gee nie. As gevolg van die gebrekkige beskikbare dokumentasie sou dit moeilik wees om enige gevolgtrekkings in dié verband te maak. Dit blyk egter of die twis tussen Prinsloo en Roux van so aard was dat dit waarskynlik in die vergetelheid verdwyn het. Die onvermoë om enige gevolgtrekking hier te maak beklemtoon weer eens die noodsaaklikheid om ten tyde van oorlog behoorlik rekord te hou, asook die plig om rekords te bewaar. Daarbenewens is dit belangrik om daarop te let dat Britse aanvalle te Nauwpoort reeds op 20 Julie 1900 'n aanvang geneem het. Uit die beskikbare bronne kom dit voor of beide bevelvoerders ten tyde van die

---

103 Voet, vertaal deur Van der Westhuizen, pp. 163-164.

104 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, pp. 5-6; Van Schoor (red.), “De Villiers”, p. 97: Van der Merwe (verklaring).

105 Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 41-24; Delport, pp. 166-167.

krygsvergadering ook salig hiervan onbewus was.[106] Die bevel van beide offisiere word gekenmerk deur die feit dat hulle dikwels nie oor voldoende militêre inligting beskik het nie.

9. Die krygsmoreel in die Brandwaterkom

Die onenigheid oor die Wepener-kommando het niks goeds vir die nakoming van bevele in verband met die krygstrategie voorspel nie. In hoofstuk 5 is ook reeds melding gemaak van die krygsmoreel onder offisiere en burgers wat ten tyde van die formulering van die krygstrategie aanwesig was.[107] Die wyse van die vertrek van die staatspresident en hoofmag het die krygsmoreel verder vertroebel. Brink beskryf die situasie in die Brandwaterkom onder die ongeveer 5 000 burgers en offisiere wat agtergebly het as 'n “ellendige gees van tweedrag, jaloesie en ongehoorsaamheid”.[108] Ook Kestell en G.P. Kriek, die adjudant van kommandant P.H. de Villiers (Ficksburg-kommando), verwys na die ongelukkige gees, wat die uitvoering van die besluite van die krygsvergadering lam gelê het. Kriek meld ook dat daar 'n gees van twis en wanorde na die vertrek van die staatspresident en hoofmag in die Brandwaterkom geheers het.[109] J.A. Rubenkoning, 'n Nederlandse oorlogskorrespondent, skryf dat die vertrek van die hoofmag “groot teleurstelling hebben gewekt bij de achtergeblevenen; uit de verklaringen echter, door sommigen hunner na hunne gevangenneming gedaan, moet men afleiden, dat deze ongewillig waren hun eigen land, hun eigen districten te verlaten, en de strijd in Transvaal voort te zetten”.[110]

10. Gevolgtrekkings

Die offisiere binne die Brandwaterkom was besig om die eerste krygstrategie tot uitvoering te bring. Dit bevestig die gevolgtrekking in hoofstuk 5 dat die tweede krygstrategie aan talle offisiere nie bekend was nie. Die geskil tussen Prinsloo en

106 Vir 'n volledige bespreking van die posisie te Nauwpoort, sien onderafdeling 4, hoofstuk 8, *infra*.

107 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 5, *supra*, vir 'n bespreking van die krygsmoreel ten tyde van die formulering van die krygstrategie. Sien ook onderafdeling 6.3.3, hoofstuk 5, *supra*, oor die wyse van vertrek van die staatspresident en hoofmag.

108 Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 81.

109 J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's: mijne ervaringen als veldprediker*, p. 59 (vn.); VAB, A119/8: Kriek, p. 4.

110 *Utrechtsch Provinciaal en Stedelijk Dagblad*, 30.9.1900.

Roux oor die toewysing van die Wepener-kommando, het die uitvoering van die bevele van die Roux-krygsafdeling vertraag. Hierdie vertraging was van so 'n omvang dat die Roux-krygsafdeling, enkele dae na die krygsvergadering, saam met die groter Brandwaterkom-krygsafdeling gedeeltelik deur die Britse magte binne die Brandwaterkom ingesluit is. Hierdie feit is aanduidend van die erns van die versuim om die gewysigde krygstrategie na behore te kommunikeer.

Die vraag wat hieruit voortspruit is of Prinsloo, of Roux, of beide vir die versuim verantwoordelik was. Die bewoording van die besluit oor die toewysing van die Wepener-kommando aan die Roux-krygsafdeling sou in hierdie verband deurslaggewend gewees het. Indien die bevel was dat die Hattingh-krygsafdeling met die Brandwaterkom-krygsafdeling moes verenig, en die stellings daar inneem van kommando's toegewys aan die Roux-krygsafdeling, het Roux geen rede gehad om op die oorplasing van die Wepener-kommando aan te dring nie.

Die wysiging van die krygstrategie het ook beteken dat Hattingh nie meer by die Brandwaterkom aangesluit het nie. Dié wysiging was egter nie aan al die offisiere bekend nie. Die versuim om die wysiging na behore te kommunikeer het daarom die taak van Roux aansienlik bemoeilik. Die wysiging van die krygstrategie wil ook blyk 'n besluit van De Wet te wees. Ongelukkig beskryf hy nie hoe die wysiging gekommunikeer is nie. Daarom is die afleiding dat hyself vir die gebrekkige kommunikasie verantwoordelik was.

Roux sou regtens ook nie vir versuim, wat so deur die Hattingh-krygsafdeling veroorsaak is, verantwoordelik gehou kon word nie. Prinsloo sou in so geval ook korrek opgetree het deur met die oorplasing van die Wepener-kommando te wag, tensy ander kommando's beskikbaar was om die stellings in te neem. Die Haasbroek- en/of die Senekal-kommando was wel vir dié doel beskikbaar. Die Haasbroek-kommando was egter 'n onafhanklike kommando. Gevolglik sou Haasbroek gepoog het om nie enige stelling in te neem, wat die situasie kon skep dat sy kommando deel van die Brandwaterkom-krygsafdeling sou wees nie.

Die bevele aan die offisiere was verder nie so geformuleer dat die geskil besleg kon word op grond van die bevele nie. Daarom kon die dispuut tussen gelykes nie opgelos word nie en by gebrek aan verbinding met die staatspresident, of die krygskommissie, moes die saak na die omslagtige, gewoonteregtelike

krygsvergaderings verwys word. Die afleiding sou gevolglik gemaak kon word dat die moontlike gebrekkige aard van die bevele, en die voortspruitende versuim daaruit, die skuld van die persoon of instansie was wat die krygstrategie geformuleer het.

Uit die bespreking kom dit voor of Prinsloo en Roux meer kon doen om die geskil so spoedig moontlik by te lê. Roux het vier dae gewag voordat 'n krygsvergadering belê is, en hy kon nie daarin slaag om ten minste 'n gedeelte van sy krygsafdeling te laat uittrek nie. Prinsloo se gedrag, veral met betrekking tot die beweerde uitlatings ten opsigte van die staatspresident, kon ook tot 'n klag van insubordinasie gelei het.

Die gedrag van Prinsloo dui, volgens Van Everdingen, daarop dat Prinsloo sy plig met die uitvoering van die krygstrategie versuim het.[111] Die vraag ontstaan waarom Prinsloo geweier of versuim het om aan die krygstrategie uitvoering te gee. Hierbo is reeds daarop gewys dat die verhouding tussen Prinsloo en Roux veel te wense oorgelaat het. Voorts kom dit ook voor of Prinsloo op De Wet en Roux jaloers was. Laastens sou Prinsloo, in sy versuim om die kommando af te staan, 'n groter krygsafdeling tot sy beskikking gehad het om die toegangsroetes tot die Brandwaterkom, tot en met die aankoms van die Hattingh-krygsafdeling, te bewaak. Hoe dit ook al sy, beide Prinsloo en Roux het versuim om uitvoering aan die bevele vir die krygstrategie te gee. Ten opsigte van Prinsloo en Roux sou die presiese bewoording van die bevel oor die Wepener-kommando tot 'n mindere mate kon aandui watter een van die twee offisiere die blaam vir dié versuim moet dra. By gebreke aan die presiese omskrywing word dié punt hier gelaat.

Dit is duidelik dat die ongemaklike situasie, wat tussen die bevelvoerders ontstaan het, voorsienbaar was.[112] Die versuim om die gebrek na behore te hanteer, sowel as vir enige ander gebeurlikhede voortspruitend uit die krygstrategie voorsiening te maak, dui op ernstige versuim aan die kant van òf die staatspresident, òf die krygskommissie, òf die opperbevelvoerder.

111 Van Everdingen, Tweede Tijdvak, 2, p. 41.

112 Vir 'n verdere bespreking van gebreke in die opperbevel, sien onderafdeling 3.1, hoofstuk 2, *supra*.

Hoofstuk 8
'n Britse deurbraak en 'n alternatiewe OVS krygstrategie

"Die oorgawe aan die vyand word in komitee-stadium tussen die Rooiberge voorberei".[1]

1. Inleiding

Die tweede fase van die eerste krygstrategie is nie tot uitvoering gebring nie. Hiervolgens moes waarnemende hoofkommandant P.H. Roux die Brandwaterkom verlaat en in die rigting van Bloemfontein beweeg, met die doel om militêre operasies in die suidelike distrikte van stapel te stuur. In hierdie opsig is daar reeds aanduidings dat Roux versuim het om aan sy bevele uitvoering te gee.[2] Die versuim van Roux hou direk verband met onduidelike bevele en die onvermoë van twee bevelvoerders om 'n geskil, wat daaruit voortgespruit het, by te lê. In dié opsig sou Roux die ongunstige omstandighede waarin hy agtergelaat is, as verweer teen 'n aanklag van pligsversuim kon opper.

Die uitvoering van die tweede beweging van die krygstrategie moes met die Britse aanvalle op die stellings te Retiefsnek, Slabberts- en Commandonek, en ander toegangsroetes tot die Brandwaterkom en die Caledonvallei verder uitgestel word. In hierdie hoofstuk word die Britse aanvalle en moontlike nalatige beskerming van die toegangsroetes bespreek. Weer sou die nalatige beskerming van die toegangsroetes ook 'n aanklag van pligsversuim daar kon stel. Daarmee saam word die reaksie van die Oranje-Vrystaat (OVS) bevel binne die Brandwaterkom op die Britse deurbraak

1 Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), Röhn-versameling: C. Röhn, "Transvaaltoe [sic] en terug", p. 5.

2 Vir 'n bespreking van moontlike misdade, sien hoofstuk 12, *infra*.

beskou. Hierdie gedeelte toon dat die gebrek aan 'n oorhoofse bevelvoering aanleiding tot gebrekkige koördinering gegee het. Hierdie versuim is ook een van die redes vir die oorgawe. Die bevoegdheid om die gebreke aan te spreek, het in die staatspresident gesetel. Die bespreking hieronder word ook ingesluit om sodoende te bepaal wat die erns van die versuim was. Laasgenoemde aspek van die bespreking is 'n voortsetting van die bespreking in hoofstuk 2, waar reeds op die versuim van die staatspresident en opperbevelhebber, om die gebreke in die opperbevel van die OVS krygsmag reg te stel, gewys is.

2. Hunter se krygstrategie

Die Britse magte het nie onmiddellik hul suksesvolle besetting van Bethlehem op 7 Julie 1900 opgevolg nie. Hierdie besluit het hoofsaaklik gespruit uit die feit dat die Britse krygsafdelings, onder bevel van luitenant-generaal A. Hunter, nie oor voldoende voorrade beskik het om verdere krygsoperasies uit te voer nie. Verder was Hunter ook nie ten volle vertroud met die topografie van die Brandwaterkom nie. Hy het daarom geoordeel dat die posisie van die OVS krygsmag te Slabbertsnek, Retiefsnek en Nauwpoort feitlik ondeurdringbaar was. Hunter was aanvanklik van mening dat toekomstige Britse aanvalle op die OVS posisies in die Brandwaterkom òf vanaf Harrismith, òf vanaf Ficksburg moes plaasvind. In die lig van die gebrekkige voorrade het Hunter besluit om enige aanvalle op die OVS posisies uit te stel tot met die aankoms van die krygsafdeling onder leiding van generaal-majoor B. Hamilton. Hunter se aanvanklike voorneme was dus om die OVS krygsmag te verhoed om die Brandwaterkom te verlaat.[3]

Hierdie doelwit van Hunter is nie verwesenlik nie, aangesien die hoofmag van die OVS, onder bevel van hoofkommandant C.R. de Wet, daarin geslaag het om deur die Britse omsingeling te breek. Nòg die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, veldmaarskalk lord Roberts, nòg Hunter het kennis gedra dat De Wet die hoofmag aangevoer het en dat die OVS staatspresident, krygskommissie en lede van sy regering by die hoofmag teenwoordig was.[4]

---

3 The National Archives (TNA), War Office (WO), 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 11.7.1900 (afskrif van telegram).

4 Sien onderafdeling 3, hoofstuk 7, *supra*.

Op 19 Julie 1900 het die konvooi van luitenant-kolonel J.S. Ewart met die nodige voorrade waarop Hunter gewag het, gearriveer. Die aankoms van Ewart het Hunter in staat gestel om sy krygsplan, ten opsigte van die inval van die Brandwaterkom, ten uitvoer te bring. Die eerste gedeelte van dié krygsplan was die besetting van Spitskop in die omgewing van Nauwpoort. Hierdie beweging word later bespreek.[5] Die res van die krygsplan word soos volg deur Hunter beskryf: "[Our] [o]bjective is Fouriesburg via Brandwater Basin. I will attack Retiefs Nek. Clements and Paget will attack Slabbert's. Feint at Wittkop, Campbel at Rooikrantz, Rundle at Commando Nek will bombard the position in their front and contain a strong force south enemy as they can. Generals commanding to use intervening time to close upon position to be assaulted. I am not strong enough to close Naauwpoort and to be in sufficient strength at essential points to prevent enemy breaking through as well as attack and force passes and provide escort necessary for convoys to have."[6]

Op die vooraand van die aanvalle het Britse inligting daarop gedui dat die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom uit ongeveer 5 500 burgers en offisiere bestaan het. Die getalsterkte van die kommando's te Moolmanshoek is op ongeveer 2 000 burgers en offisiere met vier kanonne gereken. Voorts het Britse inligting daarop gedui dat Retiefsnek en Slabbertsnek deur vier kommando's en vyf kanonne bewaak is. Die getalsterkte van die OVS afdeling te Nauwpoort is op ongeveer 600 burgers en offisiere geplaas. Laastens het Britse inligting daarop gedui dat ongeveer 3 000 burgers en offisiere aan die beskerming van ander toegangsroetes toegewys was. Dit is insiggewend dat ook Britse inligting daarop gedui het dat die Vrede- en Harrismith-kommando's die Brandwaterkom sou binnegaan.[7] Hierdie beweging was in ooreenstemming met die eerste krygstrategie en nie die tweede krygstrategie nie.

Aanduidings is dat Hunter ten tyde van die implementering van sy krygsplan oor ongeveer 19 000 soldate en offisiere, en 72 kanonne bevel gevoer het. Daarteenoor het die twee krygsafdelings van Prinsloo en Roux uit 4 500 burgers en offisiere

---

5 Sien onderafdeling 4, *infra*. Sien ook TNA, WO 32/7998: "Operations of Sir A. Hunter's force from 28/6 to 1/8" [hierna TNA: WO 32/7998: Hunter-verslag], p. 3; H.W. Wilson, *After Pretoria: the guerilla war: the supplement to "With the flag to Pretoria"* 3, p. 22. Wilson dui die dag waarop die konvooi aangekom het as 21.7.1900 aan. Hunter meld egter uitdruklik dat die konvooi op 19.7.1900 gearriveer het.

6 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 21.7.1900 (afskrif van telegram). Sien ook F. Maurice (red.), *History of the war in South Africa 1899-1902* 3, pp. 298-299; Wilson, 3, pp. 22-23.

7 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 21.7.1900 (afskrif van telegram).

bestaan, terwyl ongeveer 1 500 burgers en offisiere van Harrismith en Vrede hulle in die omgewing van die Golden Gate-toegangsroete bevind het.[8]

3. Die Britse aanvalle

Roux en andere dui aan dat sy posisie te Slabbertsnek onhoudbaar geword het as gevolg van Prinsloo se onvermoë om Retiefsnek te verdedig. Volgens Roux: "In den nacht trokken de Engelschen een Lijddite kanon rechts van Retiefsnek uit & brandde van daar op de lagers los, die veiligheidsshalve een weinig verder de nekken verschoven werden. Het schieten was gelukkig zoo beroerd dat geene schade aangericht werd. Intusschen waren de voetgangers op de met sneeuw bedekte bergtoppen verchenen & beschoten de verdedigers van Slabbertsnek van achteren, zoodat zij genoodzaakt werden terug te vallen."[9] Roux en andere impliseer dus indirek dat die gebrekkige verdediging van Retiefsnek daartoe aanleiding gegee het dat die posisie van die Roux-krygsafdeling van agter aangeval kon word.

Ten opsigte van hierdie bewerings is dit nodig om te bepaal of die swak verdediging van Retiefsnek, waar Prinsloo in bevel was, of Slabbertsnek, waar Roux in bevel was, tot die mislukking van die derde doelwit van die eerste krygstrategie aanleiding gegee het. Dit was die verdediging van die Brandwaterkom en Caledonvallei.

Dit is belangrik om daarop te let dat Roux nie vir die derde doelwit van die eerste krygstrategie verantwoordelik was nie, maar wel vir die tweede doelwit of beweging, naamlik om die Roux-krygsafdeling na die operasionele gebied te verplaas soos ooreenkomstig die eerste krygstrategie bepaal. Roux se deelname aan die gevegte is daarom toevallig. Dit was Prinsloo, en nie Roux nie, wat vir die oorhoofse verdediging van die toegangsroetes na die Brandwaterkom en Caledonvallei verantwoordelik was. Prinsloo of veggeneraal J. Crowther se weiering om die Wepener-kommando na die Roux-krygsafdeling oor te plaas, verduidelik die teenwoordigheid van Roux en gedeeltes van sy krygsafdeling te Slabbertsnek.[10]

---

8 P.J. Delport, "Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog" (verhandeling), p. 170; Wilson, 3, p. 23.

9 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Roux-versameling (A305): P.H. Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 6.

10 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 7, *supra*.

Hunter het Bethlehem op 22 Julie 1900 verlaat met die doel om die volgende oggend 'n aanval op Retiefsnek te loods. Clements het in ooreenstemming met die geformuleerde krygstrategie opdrag ontvang om ook op 23 Julie 1900 om 08:00 'n aanval op die OVS stellings te Slabbertsnek te loods. Intussen moes Hamilton met die blokkade van Nauwpoort voortgaan om sodoende te verhoed dat hierdie roete as uitgangsroete gebruik word. Die aanvalle te Retiefsnek en Slabbertsnek het gelyktydig met skynaanvalle te Witkop, Rooikrantz en Commandonek plaasgevind.[11]

3.1 Retiefsnek

> "Through our glasses we could see the position was held and that a small white farm by the road, which led from us to it, was fortified, a trench with no mound of earth to mark its position having been dug right across the road. Below us lay a wide open valley which gradually contracted till it reached the farm three miles ahead, the ground being undulations of short grass crossed by some wire fences and was almost devoid of cover. It looked a horrible nasty place to tackle as the valley was completely commanded."[12]

Daar bestaan weinig bronne oor die gevegte vanuit 'n OVS perspektief. Om hierdie rede word daar ook meer van die amptelike verslae en telegramme van Hunter gebruik gemaak, in teenstelling met die beperkte ander bronne. Hunter en generaal-majoor H.A. MacDonald het Bethlehem die oggend van 22 Julie 1900 verlaat met die doel om Retiefsnek aan te val. Die beweging het 'n skynbeweging in die rigting van Nauwpoort voorafgegaan, om sodoende die indruk te skep dat Hunter en MacDonald ter versterking van Hamilton na Nauwpoort opruk. Hunter het egter op die laaste oomblik weggedraai en, ongeveer tien kilometer van Retiefsnek, stelling ingeneem met die doel om die volgende oggend die stellings daar aan te val.[13]

Die Britse artillerie het die begin van die geveg te Retiefsnek op 23 Julie 1900 om 08:00 aangekondig. Teen 20:00 het Hunter soos volg aan die Britse opperbevelvoerder getelegrafeer: "... Clements wired 3.30 p.m. he hoped to take by tonight hill commanding Slabberts Nek. After fighting here all day Black Watch at dusk captured hill one mile to our left of Retiefs Nek and now hold it. Sussex made a bold attack on hills commanding Nek on right after a very hard march to join me during one of the roughest and coldest nights yet experienced. This attack was very strongly

---

11 TNA, WO105/17: A. Hunter —F.S. Roberts, 22.7.1900 (afskrif van telegram). Sien ook onderafdeling 2, *supra*. 'n Sneeustorm gedurende die nag van 22-23.7.1900 het dit egter onmoontlik gemaak om die sein aan alle Britse onderafdelings te stuur. Die Britse eenhede te Witnek en Commandonek het om dié rede nie betyds kennis van die beplande aanvalsdatum ontvang nie. L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, p. 327.

12 National Army Museum (NAM), 1988/0/83/1: C.B. Kelhalm, "The 1st Battalion of the Highland Light Infantry in South Africa 1899-1902", p. 180.

13 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 3; Amery (red.), 4, pp. 327-328; Wilson, 3, p. 22; L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War* 6, p. 51.

opposed and did not succeed though Sussex behaved splendidly. Similarly the Highland Light Infantry were stopped by heavy fire from an impregnable steep hill above the nek on our left. From the commanding position gained by the Black Watch, Rimington's and Lovat's Corps, I shall move tomorrow early try to get in rear of the Nek. The enemy strongly entrenched fought stubbornly and gave no target."[14] Volgens J.N. Brink, wat nie aan die geveg deelgeneem het nie, het die OVS krygsmag gedurende die nag van die hoë rotse, wat die ingang van Retiefsnek beskerm het, teruggetrek om eerder agter in die nek te konsentreer.[15] H.W. Wilson noem dat laasgenoemde besluit om terug te trek uit vrees vir 'n moontlike bajonetaanval was.[16]

Volgens Hunter het lede van die Lovat Scouts gedurende die nag vasgestel dat 'n bepaalde punt tussen die posisie, wat deur die Black Watch ingeneem is, en die OVS stellings te Retiefsnek in die nag deur die OVS krygsmag ontruim is. Hunter het daarom opdrag gegee dat die ontruimde OVS posisie gedurende die vroeë oggend beset moes word. Hierdie besetting is deur hewige vuur vanaf die OVS stellings te Retiefsnek begroet. Volgens L.S. Amery, die redakteur van *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, het Hunter besef dat die nuut-verowerde stellings moontlik in die proses verlore kon gaan. Hunter het dus opdrag gegee dat 'n aanval op sy linkerkant geloods moes word. Volgens Hunter: "This turning movement was completely successful, the Seaforth Highlanders, supported by the 76th Battery, Royal Field Artillery, advancing with quiet gallantry and seizing the edge of the kloof which runs down by Bamboeshoek, whence a heavy fire was poured upon the retiring Boers. The seizure of this point at 11:40 a.m. enabled the Black Watch and Seaforth Highlanders to descend into the valley beyond, thus completely turning the enemy's position already compromised by the footing gained by the Highland Light Infantry on the height overlooking the nek. I then, at 1.10 p.m., directed the whole of my artillery and baggage to move upon the now evacuated nek, and, by 3 p.m., bivouacked at

14 TNA, WO 105/17: A. Hunter —F.S. Roberts, 23.7.1900 (afskrif van telegram).

15 J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 82.

16 Wilson, 3, p. 25. Geen verdere bronne oor wie die bevel gegee het en wat die doel daarvan was, kon gevind word nie.

Retief's Nek Farm, about a mile beyond the position previously held by the enemy."[17] Kort hierna is Hunter ook ingelig dat Slabbertsnek vroeër die oggend beset is.[18]

3.2 Slabbertsnek

> "We are exactly opposite the mouth of the nek, stretching back into the mountains like a great grass road, bordered with battlements of precipitous rock, which at this end – the gate we are knocking at – swell out on either side into a great natural bastion of bare rock. On these are the Boer trenches, tier above tier while their guns are posted on the lower ground between. It looks like an impregnable position."[19]

Slabbertsnek, verdedig deur Roux, is ook op 23 Julie 1900 deur die gesamentlike magte van generaal-majoors R. Clements en A. Paget aangeval. Aanduidings is dat Roux ten tyde van die aanval bevel oor die kommando's van Bloemfontein (kommandant W.J. Kolbe), Rouxville (kommandant J.H. Olivier) en Smithfield (kommandant J.F. Potgieter) gevoer het. Roux is bygestaan deur veggeneraal P.J. Fourie. Volgens Kolbe sou die Britse magte, soos hy enkele dae vantevore aan Roux uitgewys het, poog om die kop wat deur Olivier verdedig is, te verower. Kolbe skryf voorts dat die Britse magte kort voor sonsondergang op 23 Julie 1900 daarin geslaag het om 'n rantjie in die omgewing van Olivier se stellings te verower. Behalwe vir die verlies van hierdie stelling, het die OVS krygsmag te Slabbertsnek daarin geslaag om, te midde van 'n swaar bombardement, hul stellings te behou.[20]

Kolbe gaan verder en verklaar dat die OVS krygsmag gedurende die nag wagte agtergelaat het met die doel om die volgende môre na hulle onderskeie stellings terug te keer. Volgens P.H. Kritzinger, R.D. McDonald en G. Boldingh, wat aan die geveg deelgeneem het, het die Britse magte gedurende die nag 'n onbewaakte roete gevind, wat hulle in staat gestel het om die OVS stellings te Slabbertsnek te omvleuel. Dit was gevolglik vir die Britse magte moontlik om verby die OVS stellings te trek. Die terugkeer van die OVS krygsmag na hulle stellings is op 24 Julie 1900 met 'n swaar bombardement van die Britse magte begroet. Kolbe vertel dat hy met die plasing van die OVS krygsmag in hulle stellings opgemerk het dat die kop aan die suidweste van die OVS kant (waarskynlik die kop waar Olivier stelling ingeneem het) deur die Britse

---

17 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 4. Sien ook NAM, 1975/05/19/1: "Diary of Cpt George Henry Kirton of the Sutherland Highlanders"; NAM, 1988/09/83/1: H.R. Kelham, "The 1st Battalion of the Highland Light Infantry in South Africa: 1899-1902", pp. 185-186; Amery (red.), 4, pp. 329-330; P.H. Kritzinger en R.D. McDonald, *In the shadow of death*, p. 10.

18 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 4.

19 Onbekende soldaat soos deur Wilson, p. 23, aangehaal.

20 OMBR, 6967/1: W.J. Kolbe, "Leevensgeschiedenis van generaal W.J. Kolbe" [hierna verwys as Kolbe-manuskrip], pp. 321-322; VAB, A305: Roux, p. 6; TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 5; Kritzinger en McDonald, p. 9; M.C.E. van Schoor (red.), "The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers", *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 96: G.S. van der Merwe (verklaring).

magte beset is. Volgens die verslag van Hunter kom dit voor of dié besetting gedurende die vroeë oggendure plaasgevind het. Hierdie beweging het beteken dat die Britse magte daarin geslaag het om rondom die OVS stellings te Slabbertsnek te trek. Die verdedigers van Slabbertsnek het daarom geen ander keuse gehad as om hulle stellings te ontruim nie. Volgens Hunter het Clements om 11:00 bevel gegee dat sy krygsmag Slabbertsnek moes beset.[21]

Die verslag van Hunter toon dat die magte van Clements, en meer spesifiek die Royal Irish Regiment onder bevel van luitenant-kolonel H.W.N. Guinness, daarin geslaag het om 'n posisie te verower, wat uiteindelik daartoe aanleiding gegee het dat die OVS krygsmag hulle stellings te Slabbertsnek ontruim het. Volgens Hunter: “This ridge had previously been reconnoitred and occupied by a portion of 2nd Regiment, Brabant’s Horse, under Captain Cholmondeley, who found it unoccupied by the enemy. Having gained this commanding ground, Lieut.-Colonel Guinness was directed by Major-General Clements to clear the intervening space between it and the nek, which was evacuated by the enemy when he saw that his position was turned.”[22]

Roux verklaar dat sy posisie van agter aangeval is. J.C. van der Walt, wat ook op 24 Julie 1900 te Slabbertsnek aan die geveg deelgeneem het, verduidelik dat die Britse magte die berg in die nag geklim het en die stellings te Slabbertsnek van agter aangeval het. Die dagboek van Van der Walt skep die indruk dat die verskuiwing van 'n kanon moontlik met die verlies van Slabbertsnek verbind kan word. Die gedagte onder die burgers, volgens Van der Walt, was ook dat die stellings te Retiefsnek ontruim is, en dat die offisiere en burgers in die ontruiming van Retiefsnek die stellings te Slabbertsnek in gevaar gestel het.[23]

Brink beweer ook dat die gebeure by Retiefsnek die posisie te Slabbertsnek onhoudbaar gemaak het.[24] Hierdie stelling van Brink, sowel as die veronderstelling van Van der Walt, blyk egter duidelik verkeerd te wees. Die OVS stellings te Retiefsnek is ná die stelling te Slabbertsnek op 24 Julie 1900 ontruim. Clements het Slabbertsnek

---

21 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 322-328; Kritzinger en McDonald, p. 10; G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*, p. 17; TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 5. Sien ook Amery (red.), 4, pp. 331-332; Wilson, 3, pp. 23-24; Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Preller 81, p. 105: L.J. Malan “Geskiedenis gemaak deur lede van Zastron distrik”; VAB, A305: Roux, p. 6.

22 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 5.

23 VAB, Renier-versameling (A119/519): Dagboek van J.C. van der Walt, pp. 3-4.

24 Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 83. Sien ook vn. 25, *infra*, waar meer volledig met Brink gehandel word. Sien ook OMBR, 4128/42: S. Haasbroek, “Die oorgawe van generaal Prinsloo”, p. 2.

reeds vroeër beset. Volgens die beskrywing van Hunter is dit ook duidelik dat die aanval op Slabbertsnek nie met die besetting van Retiefsnek verband gehou het nie, maar wel met die suksesvolle besetting van 'n onbesette, of onbewaakte, stelling van Roux.[25]

Volgens Kolbe, blyk dit ook dat die ontruiming van die stellings gedurende die nag plaasgevind het met die doel om dit weer die volgende oggend te herbeset. Hierdie tydelike ontruiming blyk eerder die rede vir die verlies van Slabbertsnek te wees. Indien Prinsloo, volgens die siening van Amery, gepoog het om sy posisie te Retiefsnek te handhaaf, sou hy homself aan 'n rugaanval vanaf Slabbertsnek blootgestel het. Boldingh en Amery is daarom korrek met hulle verklaring dat Prinsloo geen ander keuse gehad het as om sy stellings te Retiefsnek te ontruim, en na Fouriesburg terug te val toe hy kennis van die ontruiming van Slabbertsnek ontvang het.[26] Die sinspeling van Roux dat sy stellings deur die gebeure te Retiefsnek in gevaar gestel is, is daarom verkeerd. Roux se herinneringe begin hier reeds 'n duidelike patroon aanneem, wat gedurig die skuld vir die gebeure in die Brandwaterkom voor die deur van Prinsloo plaas. Ongelukkig het Prinsloo nie herinneringe of ander dokumentasie nagelaat nie. Die optrede van Prinsloo moet dus aan die hand van ander bronne verklaar word.

Prinsloo was voorts vir die beskerming van die Brandwaterkom verantwoordelik. Sy onvermoë om met Roux saam te werk, is die rede vir Roux se verdediging van Slabbertsnek. Indien Prinsloo en Roux wel saamgewerk het, sou 'n ander bevelvoerder die dag te Slabbertsnek diens gedoen het. Dit bly egter 'n ope vraag of Prinsloo en so 'n bevelvoerder die toegangsroetes sou kon beskerm.

Ten slotte moet daarop gelet word dat Roux op die betrokke dag (23 Julie 1900) veronderstel was om die Brandwaterkom te verlaat. Die verdediging van die stelling

---

25 Sien onderafdeling 3, *supra*.

26 Amery (red.), 4, pp. 329-330; Boldingh, pp. 17-18; Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 97: Van der Merwe (verklaring). Brink weerspreek bronne soos Boldingh, Van der Merwe en Amery rakende die besetting van die twee passe. Volgens Brink: "Die lot van Retiefsnek het Slabbertsnek onhoudbaar gemaak." (Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 83. Sien ook L. Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika: de strijd tusschen Engeland en de verbonden Boeren-republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschetst* 3, pp. 878-879.) Vreemd genoeg skryf Brink in 'n vroeëre werk soos volg: "In den nacht van 24 Juli, nadat de vijand Slabbertsnek in bezit genomen had, liet de waarnemende Hoofd-Commandant Prinsloo, Generaal Crowther te Commandonek weten, zoo spoedig mogelijk zijn posities te verlaten [...]." (J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 84.) Ten opsigte van dié punt moet in gedagte gehou word dat Brink self nie tydens die gevegte te Retiefsnek of Slabbertsnek aanwesig was nie. Brink se beskrywing van die geveg te Retiefsnek in sy latere boek, *Oorlog en ballingskap*, toon bepaalde ooreenkomste met die beskrywing van die geveg deur Penning in *De oorlog in Zuid-Afrika*. Net soos Brink skryf Penning soos volg: "Het lot van Retiefsnek maakte Slabbertsnek onhoudbaar." Penning, 3, p. 878.

was dus nie sy prioriteit nie. Voorts kon geen bron gevind word wat daarop dui dat Prinsloo alternatiewe reëlings vir die beskerming van die stellings getref het nie. Indien Roux op die betrokke dag, voor die aanvalle begin het, die posisie verlaat het met die doel om uitvoering aan die tweede fase van die krygstrategie te gee, sou die Britse magte geen weerstand te Slabbertsnek gevind het nie. Hieruit blyk dit dat Roux òf steeds nie gereed was om te vertrek nie, òf dat Prinsloo versuim het om ander kommando's aan die stelling te Slabbertsnek toe te wys. Hierdie versuim plaas weer eens 'n ernstige vraagteken oor die bevelsposisie wat Prinsloo beklee het.

Voorts is dit onseker of Prinsloo hoegenaamd met Hattingh in verbinding getree het. Hattingh se versuim om tydig op te daag, moes Prinsloo besondere hoofbrekens besorg het. Tog verwys geen bron na 'n poging van Prinsloo om die probleem op te los nie. Die vraag ontstaan dus of Prinsloo nie bewus was dat die krygstrategie intussen gewysig is nie. Hoewel geen bron gevind kan word wat dit bevestig nie, dui die geïndentifiseerde feite daarop dat Prinsloo wel daaroor ingelig is.

3.3 Witnek, Nelspoort en Moolmanshoek

Hunter het sy hoofaanvalle op Retiefsnek en Slabbertsnek toegespits. Om die OVS magte te verhoed om uit die Brandwaterkom te breek, het hy 'n reeks skynaanvalle op ander stellings soos Witnek, Nelspoort en Commandonek gelas, om gelyktydig met die hoofaanval plaas te vind. Die aanvalle van kolonel Hacket-Pain[27] te Witnek het daarin geslaag om die OVS magte daar te dwing om terug te val. Majoor H.M. Campbell en kolonel E.H. Dalgety het onderskeidelik ook skynaanvalle op die stellings te Nelspoort en Moolmanshoek geloods.[28] Die Britse deurbraak in die Brandwaterkom het egter deur die aanvalle op Retiefsnek en Slabbertsnek plaasgevind. Hierdie sukses het ook tot die ontruiming van die OVS stellings te Witnek, Nelspoort en Moolmanshoek aanleiding gegee. Om hierdie rede word hierdie skynaanvalle nie breedvoerig bespreek nie.

---

27 Die voorletter van Hacket-Pain word nie in die verslag van Hunter vermeld nie. Die besonderhede kon ook nie in Amery of Maurice gevind word nie. L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902;* F. Maurice (red.), *History of the war in South Africa 1899-1902.*

28 Amery (red.), 4, pp. 331-332. Die gevegte te Witnek was waarskynlik met die magte onder bevel van Froneman. VAB, A155/7: C.C. Froneman — C.R. de Wet, 3.8.1900 (brief).

3.4 Commandonek

Luitenant-generaal L. Rundle het ook op 23 en 24 Julie 1900 'n reeks skynaanvalle op die stellings van die OVS krygsafdeling te Commandonek, onder bevel van Crowther, geloods. Hierdie skynaanvalle op 23 Julie 1900 het, ooreenkomstig die bevele van Hunter, hoofsaaklik uit die bombardering van Crowther se stellings bestaan. Crowther word na die besetting van Retiefsnek en Slabbertsnek op 24 Julie 1900 deur Prinsloo beveel om sy stellings te ontruim en in die rigting van Nauwpoort terug te val. Terselfdertyd beveel Roux vir Crowther om sy stellings te behou, met die doel om aan Roux en sy krygsafdeling die geleentheid te gee om deur Commandonek te probeer uitbreek. Hierdie gebeure is weer 'n duidelike voorbeeld van die gevolge van die aanwesigheid van twee bevelvoerders van gelyke rang. Brink, die adjudant van Crowther, verklaar dat Crowther besluit het om "met zijn commando's naar Naauwpoort te trekken; hij stond als vechtgeneraal onder Prinsloo en moest diens bevelen gehoorzamen".[29] Op 25 Julie 1900 het Rundle berig ontvang dat Hunter, Paget en Clements daarin geslaag het om die Brandwaterkom binne te dring. Rundle het daarom gepoog om die stellings van die OVS krygsafdeling te Commandonek op 25 Julie 1900 te verower. Hierdie stellings is egter gedurende die vorige nag reeds ontruim.[30]

4. Nauwpoort[31]

Die bespreking hierbo, veral met betrekking tot die inval van die Brandwaterkom deur die Britse magte, beklemtoon die belang van die oorblywende uitgangsroetes te Nauwpoort, Golden Gate en Commandonek. Prinsloo het aan Crowther opdrag gegee om die stellings te Commandonek te ontruim en in die rigting van Nauwpoort terug te val. Dit benadruk die belang van Nauwpoort as terugvalsroete. Dit is daarom nodig om hierdie stellings en gevegte in die omgewing van Nauwpoort, tot en met 24 Julie 1900, te bespreek.

---

29 Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 84; Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 83-84; Wilson, 3, p. 30. Dit is insiggewend dat Brink in sy eerste boek oor die oorlog spesifiek die naam van Prinsloo noem as die persoon wat die opdrag gegee het om na Fouriesburg terug te val. Veertig jaar later meld hy alleen dat rapport ontvang is om die Commandonek-stellings te ontruim. Sien ook OMBR, 4203/35: Dagboek van P.H. Fick, pp. 58-59.

30 Amery (red.), 4, p. 332; Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 83-84.

31 Sien vn. 12, hoofstuk 5, *supra*.

Die Bethlehem-kommando, onder die bevel van kommandant A.M. Prinsloo, het na die geveg te Bethlehem by Nauwpoort stelling ingeneem. A.M. Prinsloo is kort hierna na Retiefsnek ontbied. Hy, en die grootste gedeelte van die Bethlehem-kommando, het enkele dae later saam met die hoofmag die Brandwaterkom verlaat. Na die vertrek van die Bethlehem-kommando het 'n wag van ongeveer 50 burgers, onder die bevel van veldkornet G. Blignaut,[32] die toegangsroete bewaak. Blignaut het intussen stelling te Spitskrans, aan die buitekant van Nauwpoort, ingeneem. Die kommando's van Harrismith en Vrede was ook in die onmiddellike omgewing van Nauwpoort.[33]

Hunter het op 20 Julie 1900 aan Hamilton opdrag gegee om Spitskrans, wat 'n uitsig op Nauwpoort bied, te beset. Dit is belangrik om daarop te wys dat J.D. Kestell, wat ook die gevegte beskryf, na Spitskop en nie Spitskrans nie, verwys. Daarenteen verwys Hunter deurentyd na Spitskrans. Alles dui daarop dat Spitskrans en Spitskop dieselfde plek is. Hieronder word met in ag genome dié laaste punt na Spitskrans, en nie Spitskop nie, verwys.

Hamilton het Bethlehem op 20 Julie 1900 verlaat en teen die aand stelling in die nabyheid van Spitskrans ingeneem. Blignaut het onmiddellik nadat hy van Hamilton se opmars bewus geword het, versterkings van die Harrismith- en Vrede-kommando's aangevra. Hierdie kommando's was op die stadium toe hulle Blignaut se versoek ontvang het by Sebastopol. 'n Nagmars is daarom inderhaas, onder bevel van veggeneraal C.J. de Villiers, 'n offisier verbonde aan die Harrismith- en Vrede-kommando's, aangepak. De Villiers het die posisies van Blignaut vroeg die volgende oggend (21 Julie 1900) bereik.[34]

---

32 Geen verdere besonderhede kon oor Blignaut gevind word nie. Sien ook J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's: mijne ervaringen als veldprediker*, p. 60.

33 Sien onderafdeling 6.3.1(b) en 6.3.2 (d), hoofstuk 5, *supra*; Kestell, pp. 58-59. Amery verklaar ook dat kommandant S. Haasbroek in die onmiddellike omgewing van Nauwpoort teenwoordig was. Volgens Amery was die veldkornetskap van Blignaut alleen 'n buitepos wat te Spitskop gestasioneer was. (Amery (red.), 4, p. 324.) In teenstelling hiermee verwys Van der Merwe alleen na Blignaut en 50 burgers, wat die Nauwpoort-toegangsroete beskerm het. (Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", pp. 96-97: Van der Merwe (verklaring).) 'n Seun van Haasbroek verklaar ook dat Haasbroek in die dae voor die gevegte te Nauwpoort 'n aanvang geneem het, te Snymanshoek was. Volgens Haasbroek junior het hulle na afloop van die geveg te Retiefsnek en die krygsvergadering te Fouriesburg na Nauwpoort vertrek. (OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 2.) Kestell, wat uitvoerig met die gevegte te Nauwpoort handel, verwys nie na die teenwoordigheid van Haasbroek in die aanvanklike gevegte nie. Daarmee tesaam verklaar Kestell uitdruklik dat Haasbroek tydens die gevegte van 26.7.1900 met sy kommando te Nauwpoort gearriveer het. (Kestell, pp. 57-65.) Vroeër is ook gemeld dat Haasbroek die stellings van Van der Merwe te Witnek moes inneem. (Sien onderafdeling 8, hoofstuk 7, *supra*.) Die stelling van Amery rakende die teenwoordigheid van Haasbroek te Nauwpoort voor 26.7.1900 blyk daarom verkeerd te wees.

34 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 3; Amery (red.), 4, pp. 326-327; Maurice, 3, pp. 296-297; Kestell, p. 59.

De Villiers het met sy aankoms bevel oor die geveg geneem, maar kon nie daarin slaag om Hamilton te verhoed om Spitskrans te beset nie. Hamilton het ook sy posisie in die daaropvolgende twee dae (22 en 23 Julie 1900) versterk. Die besetting van Spitskrans het tot gevolg gehad dat Nauwpoort 'n minder geskikte roete vir 'n moontlike terugval geword het. Die alternatief was daarom om deur òf Commandonek, òf deur Golden Gate terug te val. Die ontruiming van die OVS stellings te Commandonek het beteken dat alleen Golden Gate as moontlike uitgangsroete beskikbaar was. Laasgenoemde roete het sy eie beperkinge gehad omdat die roete minder geskik vir gebruik deur kanonne en waens was. Intussen het Hunter ook oorgegaan tot aanvalle op die verskillende OVS stellings te Retiefsnek, Slabbertsnek, Witnek, Nelspoort, Moolmanshoek en Commandonek. Hierdie aanvalle het na alle waarskynlikheid die volle aandag van die onderskeie kommando's geverg, wat weer daartoe gelei het dat die Nauwpoort-gevegte, en die gepaardgaande probleme wat oor die uitgangsroete ontstaan het, negeer is.[35] Die gevolglike gebrek aan voldoende militêre intelligensie van beide Prinsloo en Roux oor hulle posisie laat ernstige vrae oor die bevelsposisie van beide offisiere.

5. Die derde doelstelling van die eerste krygstrategie misluk

Die Britse opperbevelvoerder het opdrag gegee dat kommando's, wat poog om die Brandwaterkom te verlaat, agtervolg moes word.[36] Prinsloo het egter geen kennis van die opdrag gehad nie. Die vraag ontstaan daarom of Prinsloo se bevel om die OVS eenhede vanaf Commandonek na Fouriesburg te laat terugval, korrek was. Daarenteen het die eerste krygstrategie wel die uitbreek van krygsafdelings uit die Brandwaterkom in die vooruitsig gestel, met die doel om die naderende Britse magte te dwing om die krygsafdelings te agtervolg en sodoende druk op die toegangsroetes tot die Brandwaterkom en Caledonvallei te verlig. Prinsloo sou met reg bekommerd kon wees dat die Commandonek-afdeling van sy krygsmag tussen die magte van Rundle en Hunter vasgekeer kon word. Dit is duidelik dat Prinsloo nie die tipe bevelvoerder was wat die waagstuk sou onderneem om te kyk of Rundle vir Crowther sou agtervolg, indien Crowther ook sou uitbreek nie. Daar word trouens gesien dat Prinsloo eerder gepoog het om sy magte te konsolideer, met die doel om sy

35 Amery (red.), 4, pp. 315-316; Maurice, 3, pp. 296-297.
36 Sien onderafdeling 3, hoofstuk 7, *supra*.

agterhoede tydens sy terugtog na Nauwpoort te probeer beskerm. Indien Prinsloo egter by die oorhoofse doelwitte van die krygstrategie gehou het, sou hy die Britse magte gedwing het om hulle aanvalsplan te heroorweeg. In hierdie opsig word die gevolgtrekking beklemtoon dat Prinsloo nie 'n geskikte bevelvoerder vir die voortgesette oorlogspoging was nie. Hierdie feit was ook aan die staatspresident, ten tyde van Prinsloo se aanstelling, bekend.[37]

Die beskerming van waens en vee was vir Prinsloo 'n prioriteit. Verder was Nauwpoort 'n minder geskikte uitgangsroete vanweë die teenwoordigheid van die Britse afdelings daar. Dit is verder onseker tot watter mate Prinsloo met Crowther oorleg gepleeg het. Indien hier aanvaar word dat hy wel met Crowther oorleg gepleeg het rakende 'n moontlike terugval in die rigting van Commandonek, ontstaan die vraag of hy dieselfde ook ten opsigte van Nauwpoort gedoen het. Die posisie te Commandonek was ook nie veel anders as dié te Nauwpoort nie. Die onttrekking van 'n Britse afdeling daar kon wel die indruk geskep het dat die posisie meer geskik as uitgangsroete was. Dit kom egter voor of De Villiers en sy magte nie die onttrekking van die afdeling opgevolg het nie. Voorts kon geen getuienis gevind word dat Prinsloo of Roux hulle van die situasie te Nauwpoort vergewis het nie. Die grootskaalse uittog van die OVS magte by verskillende punte, te wete Nauwpoort, Commandonek en Golden Gate, sou die militêre posisie vir die Britse magte aansienlik bemoeilik het. Daarenteen het Prinsloo gepoog om sy krygsafdeling te verenig en het hy sodoende die situasie vir die Britse magte aansienlik vergemaklik. Die keuse van Nauwpoort as terugvalroete getuig verder daarvan dat Prinsloo nie kennis van die militêre verwikkeling daar gedra het nie.[38] Prinsloo het sodoende die oorlogsgebied verder verklein. Die besetting, en gepaardgaande moontlike verowering van die OVS, is in die proses aansienlik vergemaklik. Die versuim om Roux in staat te stel om sy bevele tot uitvoer te bring, het sy posisie verder benadeel. Daar is voorts in dié keuse geen sprake van guerrilla-oorlogvoering nie.

Die vraag ontstaan egter of Roux se voorneme, om deur Commandonek uit te breek, enigsins beter as dié van Prinsloo was. Oor hierdie aspek bied veldkornet I.A. Meyer die volgende antwoord: “As ons geweet het dat die bedoeling was om voortaan 'n guerilla-oorlog te voer, kon ons veilig na Ficksburg tussen die vyand deur getrek het

37 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 4, hoofstuk 6, *supra*.

38 Sien onderafdeling 4, *supra*.

sonder om 'n skoot te vuur. Die pad was oop. Nou was ons in die berge."[39] Dit is egter feitlik onmoontlik om te gis oor wat die gevolg sou wees indien Roux en Crowther deur Commandonek probeer uitbreek het, terwyl Prinsloo weer Nauwpoort sou gebruik.

Ten slotte is dit nodig om ook enkele Britse perspektiewe rakende die verdediging van Retiefsnek en Slabbertsnek te oorweeg. Volgens Mumford, verbonde aan die City Imperial Volunteers, stem die weergawes ooreen, naamlik dat die verlies van Slabbertsnek daaraan toe te skryf is dat die OVS kanonne gedurende die nag verplaas is.[40] In hierdie opsig toon Mumford en Van der Walt bepaalde ooreenkomste.[41] Dit is ook 'n ope vraag of die besetting van die kop te Retiefsnek deur die Britse magte daartoe aanleiding gegee het dat die OVS krygsafdeling te Retiefsnek moes terugval, en sodoende ook die krygsafdeling te Slabbertsnek genoop het om die aftog te blaas. Betreffende hierdie aspek skryf H.R. Kelham, 'n Britse offisier, wat die aanval op die kop geloods het, soos volg: "A general retirement was evidently taking place, partly on account of our occupation of the 'Gibraltar' hill and of others on our left by the Black Watch, partly because General Clements' troops had forced Slabberts Nek away to the west, anyhow they [the OFS forces defending Retiefsnek and Slabbertsnek] were on the run."[42] Dit kom derhalwe voor of die verlies van die stellings te Slabbertsnek, en nie Retiefsnek nie, direk met die mislukking van die derde doelwit van die eerste krygstrategie verbind kan word. Weer is dit egter 'n ope vraag of Prinsloo daarin sou kon slaag om sy stellings, na die flankaanval van Hunter, te behou indien die stellings te Slabbertsnek nie ontruim is nie.[43]

Die uitvoering van die derde doelstelling van die eerste krygstrategie het met die verlies van Retiefsnek en Slabbertsnek onmoontlik geword. Die alternatiewe vir Prinsloo was om die vlugtelinge, waens en vee òf agter te laat en te probeer om uit die Britse omsingeling te ontsnap, òf om te poog om die vlugtelinge, waens en vee na veiligheid te neem. Die bevel aan Crowther om na Nauwpoort terug te val, getuig daarvan dat Prinsloo gepoog het om laasgenoemde te doen. In hierdie besluit het Prinsloo dit dus makliker gemaak om met die OVS krygsafdeling in die Brandwaterkom af te reken. 'n Suksesvolle Britse militêre operasie hier sou verder die

39 VAB, A119/1056: I.A. Meyer, "Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse oorlog 1899-1902", p. 19.

40 NAM, 1975/05/19/1: "Transcript of a diary kept by William George Mumford from 1st January to 21st October 1900 and covering his period of service with the City Imperial Volunteer in South Africa during the Boer War", p. 30.

41 Sien onderafdeling 3.2, *supra*.

42 NAM, 1988/09/83/1: H.R. Kelham, p. 187.

43 Sien onderafdeling 3.1, *supra*.

veroweringsaansprake aansienlik versterk. 'n Suksesvolle operasie hier kon selfs die einde van die OVS se oorlogspoging beteken, veral in ag genome dat die grootste gedeelte van die OVS mag hulle daar bevind het.

6. Krygsmoreel na afloop van die inval van die Brandwaterkom

In hoofstukke 5 en 7 is 'n aanduiding gegee van die swak krygsmoreel, wat na die gevegte te Bethlehem en later na die vertrek van die hoofmag onder die OVS krygsmag in die Brandwaterkom geheers het.[44] In die krygsvergadering van 25 Julie 1900 verwys Roux ook na die moeilike en donkere toestande, wat na die besetting van Retiefsnek en Slabbertsnek geheers het. Roux het later aan De Wet geskryf dat die kommando's verbonde aan die twee krygsafdelings, naamlik die groter Brandwaterkom-krygsafdeling en Roux-krygsafdeling, tydens die terugtog vanuit Retiefsnek en Slabbertsnek "verward met elkaar" geraak het.[45] Die volgende verskyn ook in die herinneringe van Roux: "Zoo trekken honderde wagens voort, vast in de kaken van der leeuw. De oude geestdrift was verdwenen & een ieder bezigde taal, die berekend was een of ander te onmoedigen, die nog van verzet sprak."[46] Kestell skryf ook dat '[e]r bestond geen samehang. Elke commandant handelde, zooals hem goeddacht."[47] Meyer verwys weer na die treurige gesig van die groot aantal vlugtelinge en vee. Hy verwys ook na "jaloesie onder die hoofoffisiere" en die aanwesigheid van "verskeie waarnemende hoofkommandante wat almal die seggenskap wou hê".[48] Die gebrek aan 'n oorhoofse bevelvoerder het daartoe bygedra dat die offisiere, burgers en vlugtelinge, in die woorde van Kestell, herderloos voortbeweeg het.[49]

Volgens Van der Merwe het 'n gerug die rondte gedoen dat die staatspresident oor die Vaalrivier gevlug het, en dat alle burgers nou rebelle was wie se eiendom verbeurd verklaar kon word. Hierdie gerug, veral met betrekking tot die laaste gedeelte daarvan, kan direk met die Britse proklamasie van 1 Junie 1900 verbind word. Die Britse opperbevelvoerder het op 27 Julie 1900 vir die militêre goewerneur, T. Kelly-Kenny, in Bloemfontein op die hart gedruk dat De Wet oor die Vaalrivier gedwing moes word.

---

44 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 5 en onderafdeling 9, hoofstuk 7, *supra*.

45 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, p. 1; A.M. Heyns, *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*, p. 17: P.H. Roux — C.R. de Wet 23.2.1903 (afskrif van brief).

46 VAB, A305: Roux, p. 7.

47 Kestell, p. 68.

48 VAB, A119/1056: Meyer, p. 19.

49 Kestell, p. 68.

Die opperbevelvoerder het verklaar dat indien De Wet gedwing word om die OVS te verlaat, talle burgers sou deserteer.[50] In dié opsig kom dit voor of die burgers selfs aan hulle eie regering begin twyfel het. Die gevolglike implikasie was dat die Britse magte nie alleen op die punt gestaan het om met die OVS krygsmag af te reken nie, maar ook daarin geslaag het om die OVS regering buite sy eie staatsgebied te verdryf. Die algemene indruk hier is dus dat die OVS op die punt van onderwerping gestaan het.

Kriek verwys na 'n krygsvergadering van die Ficksburg-kommando, wat waarskynlik op 27 Julie 1900 plaasgevind het.[51] Tydens dié krygsvergadering is verskeie voorstelle bespreek, wat onvoorwaardelike oorgawe en veg tot die bittere einde ingesluit het. Die krygsvergadering het egter besluit om die aangeleentheid in die hande van die offisiere te laat.[52] Kritzinger en McDonald verwys na soortgelyke gerugte, wat soos volg deur hulle beskryf word: “But no sooner had we left the mountains than we noticed that strange whispers were passed from man to man; we heard it said that a further prolongation of the war was absolutely useless; that many of the officers and burghers were tired of it, and would like to go home.”[53] Die gerugte oor die staatspresident sowel as krygsvergaderings waar oorgawe bespreek is, moes sekerlik die gemoedstoestand van offisiere en burgers verder vertroebel het.

In hierdie omstandighede kon nòg Prinsloo, nòg Roux leiding neem of 'n ooreenkoms bereik oor hoe om die krisis, wat op die Britse deurbraak te Retiefsnek en Slabbertsnek gevolg het, doeltreffend die hoof te bied. Gegewe hierdie omstandighede, kom dit voor of Kritzinger en MacDonald na die deurbraak die situasie in die Brandwaterkom juis opgesom het: “Our situation was becoming hourly more and more embarrassing. There was just one thing to be done, and that was to move as

---

50 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 97: Van der Merwe (verklaring); *Telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, 19 June 1900 – 7 August 1900* 3, p. 99: F.S. Roberts — T. Kelly-Kenny, 27.7.1900 (afskrif van telegram). Sien ook onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.

51 VAB, A119/8: G.P. Kriek, “Oorgawe van Generaal Prinsloo, 29 Julie 1900 en daarna”, pp. 5-6. Volgens Delport het die vergadering op 24.7.1900 plaasgevind. (Delport, pp. 174-175.) Kriek maak uitdruklik melding dat 'n aantal offisiere die regeringsamptenare te Fouriesburg besoek het. Laasgenoemde besoek het na afloop van die terugval vanuit Commandonek plaasgevind en moes daarom die aand van 25.7.1900 plaasgevind het. Na aanleiding van die gesprekke met die regeringsamptenare het kommandant P.H. de Villiers onderneem om die besware op die eerskomende krygsvergadering te bespreek. Kriek dui aan dat De Villiers die vergadering met sy kommando op 26.7.1900 gehou het. Laasgenoemde is waarskynlik ook foutief. Die eerste krygsvergadering na afloop van die krygsvergadering te Fouriesburg, was gehou gedurende die nag van 27-28.7.1900. Gevolglik is dit onwaarskynlik dat die vergadering òf op 24 òf 26.7.1900 gehou is.

52 VAB, A119/8: Kriek, pp. 5-7; Amery (red.), 4, p. 338; Boldingh, p. 22.

53 Kritzinger en McDonald, pp. 10-11.

quickly as possible all along the base of the mountain range, and to seize a pass called Naauwpoort [or] higher up [...] at the farm of Salmon Raads [...].”[54]

7. 'n Alternatiewe krygstrategie

Die twee terugslae te Retiefsnek en Slabbertsnek het die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom genoodsaak om in die rigting van Fouriesburg terug te val. Hunter het sy deurbraak te Retiefsnek en Slabbertsnek nie onmiddellik opgevolg nie, aangesien hy gevrees het dat sodanige opvolging druk op ander uitgangsroetes, soos Nauwpoort, sou plaas. Hy het daarom aan MacDonald opdrag gegee om by Hamilton te Nauwpoort aan te sluit, en om ook die uitgangsroete te Golden Gate te blokkeer. Sodra bevestiging van MacDonald ontvang is dat hulle te Nauwpoort was, sou Hunter weer sy suksesse opvolg, met die doel om die OVS krygsmag tussen sy eie magte en dié van Hamilton en MacDonald vas te keer.[55]

Prinsloo het intussen aan Crowther opdrag gegee om sy stellings te Commandonek te ontruim en in die rigting van Fouriesburg terug te val. Hierdie opdrag was duidelik nie aan Roux meegedeel nie. Hy het intussen ook aan Crowther opdrag gegee om die stellings te behou, met die doel om aan Roux geleentheid te bied om die roete as uitgangsroete te gebruik. Kestell skryf ook dat Roux aan die kommando’s te Nauwpoort opdrag gegee het om die uitgangsroete daar oop te hou, met die doel om met sy krygsafdeling deur die Britse omsingeling te breek.[56] Dit is onseker of hierdie bevele van Roux gelyktydig of afsonderlik gegee is. By gebrek aan duidelikheid omtrent die betrokke punt, word aanvaar dat Roux eers met Crowther in verbinding getree het en sodoende kennis van Crowther se terugtog ontvang het, waarna hy hom tot die krygsafdeling te Nauwpoort gewend het.

Die teenstrydige opdragte/versoeke aan bevelvoerders te Commandonek en Nauwpoort dui weer eens op 'n totale gebrek aan samewerking tussen die twee bevelvoerders. Die suksesvolle Britse deurbraak te Slabberts- en Retiefsnek het dit vir Prinsloo onmoontlik gemaak om sy doelstelling, naamlik die beskerming van die Brandwaterkom, te verwesenlik. In hierdie tyd wend Roux hom sonder tussenkoms van Prinsloo, die bevelvoerder van die Brandwaterkom, tot die offisiere onder sy

54 Kritzinger en McDonald, p. 10.
55 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 5.
56 Kestell, p. 62. Sien ook onderafdeling 4, *supra*.

bevel. Dit kom voor of Roux in hierdie tyd nie bereid was om met Prinsloo saam te werk nie.

Teen laatmiddag op 24 Julie 1900 was die meeste kommando's in Fouriesburg aanwesig. In 'n brief aan De Wet dui Roux aan dat daar op hierdie tydstip die vraag ontstaan het wie die bevel van die gesamentlike groter Brandwaterkom- en Roux-krygsafdelings moes neem. Dit moes duidelik gewees het dat die derde doelwit van die eerste krygstrategie misluk het, en dat die gevaar reeds groot was dat die tweede beweging, sou daar nie spoedig gehandel word nie, ook sou misluk. Die geskil tussen Prinsloo en Roux was egter van so aard dat die twee bevelvoerders nie self by magte was om dié geskil by te lê nie.

Enige beroep op die opperbevel in die persoon van die staatspresident of die regering was weens die oorlogsomstandighede waarbinne die krygsafdelings hulle bevind het, onmoontlik. Weer sou die enigste heil daarin wees om die aangeleentheid na 'n krygsvergadering te verwys, met die hoop om 'n plan te formuleer. Dié plan sou aan die Roux-krygsafdeling geleentheid gee om die tweede beweging van die eerste krygstrategie tot uitvoer te bring, en om die vlugtelinge, waens en vee na veiligheid te neem. Hierdie doelstelling was die taak van Prinsloo.[57] Nie-militêre oogmerke het die deurslag gegee. Hierdie voorkeur was 'n verdere rede vir die oorgawe op 30 Julie 1900.

Die militêre dilemma was daarom nie alleen die produk van die geskil tussen Prinsloo en Roux nie, maar ook die gevolg van die gebruik van persoonlike eiendom in tye van oorlog. Daarmee saam, wanneer gekyk word na die gebrekkige militêre inligting waaroor die twee bevelvoerders beskik het, kan dit nie anders as om 'n vraagteken oor die bevoegdheid van beide Prinsloo en Roux te plaas nie. Ten opsigte van Prinsloo moet hier weer aangestip word dat hy deur die staatspresident self aangestel is.[58]

---

57 VAB: A305, Roux, p. 6; Kritzinger en McDonald, pp. 10-11; VAB, A119/43: P.D. Potgieter — Renier, p. 1 (ongedateerde brief).

58 Vir die aanstelling van Prinsloo, sien onderafdeling 5, hoofstuk 6, *supra*.

8. Die krygsvergadering te Fouriesburg

Op 25 Julie 1900 vind 'n krygsvergadering onder voorsitterskap van Roux te Fouriesburg plaas. Ten aanvang van die bespreking is dit belangrik om daarop te let dat 'n notule van die vergadering wel gevind is. Uit die notule blyk dit dat G. Boldingh as sekretaris van die vergadering opgetree het.[59] Die bespreking hieronder spruit hoofsaaklik uit die notule. Dagboeke en herinneringe word ter aanvulling, of ter opheldering, van die notule gebruik. Die bespreking hieronder word gerieflikheidshalwe in die volgende punte verdeel: (8.1) bevel; (8.2) keuse van uitgangsroete; (8.3) beweeglikheid van kommando's; (8.4) desserteers, vlugtelinge en krygsgevangenes.

8.1 Bevel

Die opperbevel was reeds met die uitbreek van die oorlog gebrekkig. Tot en met die vertrek van die staatspresident en hoofmag, kan geen aanduiding gevind word dat die gebreke hanteer is nie. Die geskil tussen Prinsloo en Roux was 'n verdere produk van die gebreke en die versuim om daaraan aandag te gee. Die bespreking hier is 'n voortsetting van dié bepaalde punt en ook een van die deurslaggewende oorsake van die oorgawe.

Dit is insiggewend dat die besprekingspunt nie in die notule van die vergadering gevind word nie, maar alleen in die herinneringe van Roux voorkom. Hy verklaar dat die Fouriesburg-krygsvergadering onder andere moes besluit wie die bevelvoerder van die "saamgevloeide menigte" sou wees.[60]

---

59 Op hierdie vergadering was die volgende offisiere teenwoordig: kommandant R. Crowther (Thaba 'Nchu); waarnemende kommandant De Jager; kommandant F.J. du Plooy (Bethulie); veggeneraal P.J. Fourie; veggeneraal C.C. Froneman; kommandant S. Haasbroek (los kommando); kommandant P.J. Joubert (wyk Modderrivier, distrik Bloemfontein); W.J. Kolbe (gedeelte van Bloemfontein-kommando); kommandant J.H. Olivier (Rouxville); kommandant J.F. Potgieter (Smithfield); kommandant H.P.J. Pretorius (Jacobsdal); waarnemende hoofkommandant M. Prinsloo (hoofkommandant); waarnemende hoofkommandant P.H. Roux (voorsitter en hoofkommandant); kommandant G.S. van der Merwe (Senekal); kommandant P.J. Visser (Fauresmith); veldkornet Theron. Nog 'n veldkornet, wie se naam onleesbaar is, word in die notule aangedui. Roberts, die sekretaris van die krygskommissie, was ook teenwoordig. Veldkornette Rothman (skrif baie onduidelik), Greyling (spelling Greilink) en Du Plooy het later by die vergadering aangesluit. (Sien VAB, A305: krygsvergadering, 25.7.1900, pp. 1-4.) Die aanvulling van besonderhede van range en titels van persone teenwoordig tydens die vergadering het aan die hand van die volgende bronne geskied: TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag; VAB, A305: Roux, p. 6; sowel as bronne in hoofstuk 5, *supra* vermeld. Die gegewens in die notule is nie van so aard dat dit moontlik was om die offisiere aan die hand van Malan of Van Zyl te identifiseer nie (J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*; P.H.S. van Zyl, *Die helde-album: verhale en foto's van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd.)* Waar dus geen voorletters vermeld word nie, beteken dit dat geen verdere gegewens gevind kon word nie.

60 VAB, A305: Roux, p. 6.

Volgens Roux het die ongelukkige sameloop van omstandighede tot gevolg gehad dat daar twee waarnemende hoofkommandante, naamlik hyself en Prinsloo, binne die Brandwaterkom aanwesig was, wat op daardie stadium bevel oor twee krygsafdelings gevoer het.[61] Roux versuim om die ongelukkige sameloop van omstandighede duidelik te omskryf. By versuim aan 'n presiese omskrywing word hier aanvaar dat Roux na sy eie onvermoë verwys om die Brandwaterkom te verlaat, sowel as die besetting van Retiefsnek en Slabbertsnek.

Die besetting van Retiefsnek en Slabbertsnek het daartoe aanleiding gegee dat die OVS krygsmag vanuit Retiefsnek, Slabberts- en Commandonek, sowel as ander uitgangsroetes, in die rigting van Fouriesburg teruggeval het. Hierdie grootskaalse terugval het ook tot die samevloeiing van die krygsafdelings van Prinsloo en Roux aanleiding gegee. Volgens Roux moes die Fouriesburg-krygsvergadering, veral met verwysing na die vorige paragraaf, dus besluit oor die aanstelling van 'n bevelvoerder wat die saamgevoegde, of verenigde Brandwaterkom-krygsafdeling kon aanvoer.[62] Dit is belangrik om daarop te let dat die notule van die krygsvergadering die range van beide Prinsloo en Roux as hoofkommandante aandui. Voorts versuim die notule om aan te dui dat beide Prinsloo en Roux in dié hoedanigheid waargeneem het. Laasgenoemde staan in sterk kontras teenoor die verwysing na De Jager, wat as 'n waarnemende kommandant aangedui word.[63]

Roux verklaar dat 'n hoofkommandant nie tydens die vergadering aangewys kon word nie omdat 'n groot aantal offisiere nie teenwoordig was nie.[64] By gebreke aan die aanstelling van so 'n offisier, het dit beteken dat Prinsloo en Roux as bevelvoerders die een of ander vorm van samewerking moes bewerkstellig, wat die twee krygsafdelings in staat sou stel om hulle onderskeie militêre doelwitte te bereik. Dit het behels om die waens, vlugtelinge en vee na veiligheid te neem, en om in dié proses ook 'n geleentheid aan die Roux-krygsafdeling te bied om hulle bestemde operasionele gebied te bereik. Die geskil tussen dié twee bevelvoerders was in hierdie stadium reeds van so aard dat hulle nie die geskil onderling kon besleg nie, maar hulle tot 'n krygsvergadering moes wend. In die omstandighede sou dit seker beter gewees het indien Prinsloo en Roux tot 'n bepaalde krygsplan ooreen kon kom, en hulle

61 *Ibid*.
62 *Ibid*.
63 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, pp. 1-4.
64 VAB, A305: Roux, p. 6.

krygsafdelings daarna daarmee getaak het. 'n Openlike geskil binne 'n krygsvergadering daarenteen sou alleen tot die verdere ondermyning van die gesag van die bevelvoerders aanleiding gee.

8.2 Die keuse van 'n uitgangsroete

Volgens die notule het die bespreking aanvanklik oor die keuse van 'n uitgangsroete, of meerdere uitgangsroetes gehandel. Ten opsigte van dié punt is twee voorstelle ter tafel gelê, naamlik om òf van Commandonek, òf van Nauwpoort as uitgangsroete gebruik te maak. Veggeneraals C.C. Froneman en Olivier het as alternatief voorgestel dat die kommando's in twee verdeel word en dat gepoog word om in twee rigtings uit te breek. Volgens Kolbe het Froneman se voorstel gelui dat die twee onderskeie kommandogroepe Nauwpoort en Witkop as uitgangsroetes moes gebruik. Kolbe het hierop voorgestel dat die kommando's eerder verenig bly en dat daar 'n sterk eenheid na Nauwpoort gestuur moes word om die uitgangsroete oop te hou. Die meerderheid van die aanwesige offisiere was ten gunste van die Kolbe-voorstel.[65]

In hoofstuk 7 is daarop gewys dat Hunter deur die Britse opperbevelvoerder opdrag gegee is om geledinge van die OVS krygsmag, wat daarin sou slaag om deur die Britse omsingeling te breek, te agtervolg. Die doel van die twee uittrekkende OVS krygsafdelings, volgens die eerste krygstrategie, was juis om die nabye Britse magte te dwing om die twee OVS krygsafdelings te agtervolg, en sodoende die Britse greep op die Brandwaterkom te verlig. Die krysgvergadering kon nie kennis gedra het van dié opdrag van die Britse opperbevelvoerder nie, maar wel van die eerste krygstrategie. Dit word duidelik in hoofstuk 5 benadruk, waar aangetoon is dat die meerderheid offisiere en burgers se dagboeke en herinneringe alleen van kennis van die eerste krygstrategie getuig.[66] Die versuim om die alternatiewe voorstel van Froneman en Olivier te implementeer sou dus ten minste as 'n taktiese flater beskou kon word. Dit getuig daarvan dat die oorblywende offisiere, in hulle formulering van 'n alternatiewe krygstrategie uit hulle benarde posisie te ontsnap, nie kennis van die onderliggende doelwitte van die eerste krygstrategie geneem het, en gevolglik 'n alternatiewe krygstrategie geformuleer het nie.

---

65 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, pp. 1-3; OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 345-346.

66 Sien onderafdeling 6.3.2(c), hoofstuk 5, *supra*. Sien ook onderafdeling 6, hoofstuk 6, *supra*.

Die volgende vraag wat deur die krygsvergadering beantwoord moes word, was die keuse van 'n uitgangsroete. Prakties gesproke was daar twee roetes vir die doel beskikbaar, naamlik Nauwpoort en Commandonek. Nauwpoort het ook die moontlikheid gebied dat, indien die Britse magte dit sou afsluit, Golden Gate as uitgangsroete gebruik kon word. Dit is belangrik om daarop te let dat Golden Gate aanvanklik nie deur die OVS krygsmag as 'n geskikte roete vir kanonne en waens beskou is nie. Die alternatiewe van Nauwpoort en Golden Gate het voorts ook die versekering gebied dat waarnemende hoofkommandant F.J.W.J. Hattingh en sy krygsafdeling in die onmiddellike omgewing teenwoordig was, en sodoende steun aan enige poging van die groter Brandwaterkom- en Roux-krygsafdelings kon bied om een van die twee uitgangsroetes te gebruik.[67]

Die notule vermeld dat die krygsraadvergadering nog tyding oor die situasie te Nauwpoort en Commandonek afgewag het. Crowther, die bevelvoerder van 'n eenheid van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling, was ook nie by die aanvang van die krygsraadvergadering teenwoordig nie. Dit kom voor of geen offisier verbonde aan die Nauwpoort-stellings dié krygsvergadering bygewoon het nie. Volgens die notule blyk dit verder dat 'n verslag, betreffende die posisie te Commandonek, die krygsvergadering na die aanvang van die bespreking bereik het. Die notule oor die betrokke punt lees soos volg: “Rapport Gen. Crowther meld dat hij bij geen weg door den vijand kon gaan en dat hij met al zijn commandos naar Naauwpoort trekt via Middleton.”[68]

In teenstelling hiermee verklaar Meyer, 'n veldkornet wat 'n gedeelte van die stellings te Commandonek beset het, dat dit wel moontlik was om deur die Britse magte te Commandonek te trek. Dit is voorts interessant dat die notule geen melding maak dat Crowther, ooreenkomstig die opdrag van Prinsloo soos deur Brink vermeld, met die eenheid teruggeval het nie.[69] Die notule spreek duidelik tot die teendeel: “Hoofdk. Prinsloo zegt dat de kommandanten van Commandonek gekend moeten worden [omtrent die keuse van uitgangsroete]. Wij weten nog niet van daar. Wij weten niet of zij zullen daarin wanneer wij nu naar Naauwpoort trekken.”[70]

---

67 VAB: A305, Krygsvergadering, 25.7.1900, pp. 1-3; VAB: A305, Roux, p. 6; Kritzinger en McDonald, p. 10; Boldingh, p. 18; C.J.L. Gilson, *History of the 1st Batt. Sherwood Foresters (Notts. and Derby Regt.) in the Boer War, 1899-1902,* p. 101.

68 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, p. 2. Sien ook Boldingh, p. 18.

69 Sien onderonderafdelings 3.4 en 5, *supra*.

70 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, p. 2.

Indien die herinneringe van Brink korrek is, kom dit voor of Crowther nagelaat het om die krygsvergadering in kennis te stel van dié opdrag van Prinsloo. Crowther se versuim sou moontlik 'n poging wees om 'n middeweg te volg en sodoende beide Prinsloo en Roux tevrede te stel. Aan die een kant sou Prinsloo tevrede wees dat Crowther sy opdrag gehoorsaam het. Aan die ander kant sou Roux weer tevrede wees dat Crowther die beste keuse uitgeoefen het om aan Commandonek te onttrek omdat laasgenoemde uitgangsroete, as gevolg van die teenwoordigheid van die Britse magte, nie meer geskik was nie. Dit is egter twyfelagtig of Brink se herinneringe oor die betrokke punt korrek is. Alleen Meyer is van oordeel dat 'n terugval deur Commandonek moontlik was. Geen ander bron kon gevind word wat Meyer se herinneringe bevestig nie. Hoe dit ook al sy, die Commandonek-stellings was verlore, wat alleen Nauwpoort as uitgangsroete gelaat het, met Golden Gate as moontlike alternatief.

Die vraag ontstaan of die krygsvergadering bewus was van die gevegte en die situasie te Nauwpoort.[71] Ten opsigte van Nauwpoort meld Roux dat dié uitgangsroete binne redelike bereik van die kommando's was. Dit is opmerklik dat Roux uitdruklik vermeld dat Nauwpoort, ten tyde van die krygsvergadering, nog oop (nie deur die Britse magte gesluit nie) was en sou die Britse magte reeds daar teenwoordig wees, kon die kommando's sonder waens en ander hindernisse hul weg daardeur oopveg. Ook Kritzinger en McDonald verklaar dat Nauwpoort ná die besetting van Retiefsnek en Slabbertsnek nog oop was. Volgens Roux, Kritzinger en McDonald, sowel as die notule, wil dit voorkom of die krygsvergadering nie op hoogte was van die gebeure, gevegte en teenwoordigheid van die Britse magte te Nauwpoort nie.[72] Amery verklaar wel dat Prinsloo versterkings na Nauwpoort gestuur het, nadat hy bewus geword het van die beweging van Hunter op 22 Julie 1900 in daardie rigting.[73] Geen ander bron ter bevestiging van hierdie stelling van Amery kon gevind word nie. Dit kom voor of die alternatief, om van Golden Gate as uitgangsroete gebruik te maak, òf nie algemeen bekend was nie, òf vanweë die onbegaanbaarheid daarvan nie as 'n geskikte roete beskou is nie.

---

71 Sien onderafdeling 4, *infra*.

72 VAB, A305: Roux, p. 6; Kritzinger en McDonald, p. 10; VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900. Die seun van Haasbroek verklaar dat hulle met hulle aankoms te Nauwpoort gevind het dat die OVS afdeling met die Britse magte slaags was. OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 2. Sien ook OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, p. 352.

73 Amery (red.), 4, pp. 327-328.

Die vraag ontstaan of Prinsloo en andere in die geharwar, wat in die voorafgaande dae tydens die gevegte ontstaan het, tyd gehad het om hulle van die werklike situasie te Nauwpoort te vergewis. Geen duidelike antwoord hiervan kon egter gevind word nie. Dit is belangrik om hier wel te meld dat Hunter op 19 Julie 1900 aangedui het dat sy magte nie sterk genoeg was om Nauwpoort af te sluit, en gelyktydige aanvalle te Retiefsnek en Slabbertsnek te loods nie. Daar is ook reeds aangetoon dat Hunter vir MacDonald na Nauwpoort gestuur het om saam met Hamilton die nek af te sluit.[74] Dit mag daarom wees dat daar wel nog 'n geleentheid vir die groter Brandwaterkom- en Roux-krygsafdelings was om deur Nauwpoort terug te val indien hulle met die nodige spoed kon optree.

Ten einde uitvoering te gee aan die besluit om Nauwpoort as uitgangsroete te gebruik, het die krygsvergadering ooreenkomstig die voorstel van Kolbe besluit om die kommando's van Haasbroek, Bethulie en Fauresmith na Nauwpoort te stuur. Hulle opdrag was om die kommando's daar te versterk en die uitgangsroete aan beide kante van Nauwpoort oop te hou.[75] Volgens Roux was dit ten tyde van die krygsvergadering reeds duidelik dat indien Haasbroek en die ander kommandante in hierdie opdrag faal, die oorblywende twee OVS krygsafdelings binne die Brandwaterkom vasgekeer sou wees. Vlugtelinge sou moontlik daarin kon slaag om die Golden Gate uitgangsroete te gebruik. Laastens is besluit om kommando's in die omgewing van Fouriesburg agter te laat om 'n agterhoede te vorm, om so geleentheid aan die onderkrygsafdeling van Crowther te bied om saam met die ander kommando's na Nauwpoort terug te val.[76]

8.3 Beweeglikheid van kommando's

Volgens Roux moes die krygsvergadering besluit wie die trek van die verskillende kommando's sou reël. Wat onder dié punt verstaan word, is nie duidelik nie. Die krygsvergadering het egter, in ooreenstemming met 'n voorstel van Roux, besluit dat

---

74 Sien onderafdelings 2 en 7, *supra*.

75 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, p. 3; VAB, A305: Roux, pp. 6-7; Boldingh, p. 18; OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 2. Roux maak geen melding van die Jacobsdal-kommando (kommandant H.P.J. Pretorius) wat saam met Haasbroek opdrag ontvang het om na Nauwpoort te gaan nie. Boldingh maak geen melding van die kommando's van Bethulie (kommandant F.J. du Plooy) en Jacobsdal (Pretorius) wat saam met Haasbroek na Nauwpoort moes gaan nie. Haasbroek maak alleen van die Haasbroek-kommando melding. Volgens Van der Merwe is die Fauresmith-kommando (kommandant P.J. Visser) ook by die opdrag ingesluit. Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 97: Van der Merwe (verklaring).

76 VAB, A305: Roux, p. 7; Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 97: Van der Merwe (verklaring). Van der Merwe vermeld dat die kommando's van Senekal, Thaba 'Nchu, Rouxville en Bloemfontein vir dié doel opdrag ontvang het om stelling in te neem.

elke kommando self vir sy eie laers verantwoordelikheid moes neem. Laasgenoemde besluit is deur Roux gekritiseer omdat dit in effek beteken het dat die kommando, wat die vinnigste kon vlug, die beste kans gehad het om sy besittings te behou.[77]

Volgens Roux het hy ook 'n pleidooi gelewer dat alles, wat nie noodsaaklik was nie, agtergelaat moes word. Dit is vreemd dat Roux verklaar dat alleen hy (Roux) en kommandant P.J. Visser ten gunste daarvan was om hindernisse, soos waens, agter te laat. Roux het ook later in 'n brief aan De Wet aangedui dat Froneman hom op hierdie punt geopponeer het. Hierbo is reeds daarop gewys dat die notule van die verrigtinge duidelik verklaar dat die voorsitter, naamlik Roux, voorgestel het dat elke kommandant oor sy eie laer moes beskik.[78] Dit kom dus voor of die notule en die herinneringe van Roux oor die betrokke punt verskil. Geen verdere bron ter opheldering van die duidelike weerspreking kon gevind word nie.

In die rekonstruksie van die gebeure word gesien dat Roux hom in sy eie herinneringe probeer verontskuldig het. In dié opsig word die gebruik van die herinneringe van Roux reeds ernstig bevraagteken. Die vraag ontstaan of die herinneringe derhalwe uit die verdere bespreking uitgesluit moet word. Die uitsluiting van die herinneringe sal egter tot 'n onvolledige rekonstruksie aanleiding gee. Daarmee tesaam poog hierdie studie ook om te bepaal wie vir die oorgawe verantwoordelik was. Roux se poging om bepaalde fasette van die oorgawe te verbloem, is daarom ook 'n aanduiding van sy eie aandeel daaraan.

8.4 Deserteurs, vlugtelinge en krygsgevangenes

Die krygsraadvergadering het besluit om die perde en wapens van persone, wat in die Brandwaterkom sou agterbly en versuim om verdere kommandodiens te verrig, af te neem. Die vraag na wat met die vlugtende vroue en kinders gedoen moet word, het ook ontstaan. Op hierdie punt het Prinsloo geantwoord dat dit nie vir die krygsraadvergadering was om daaroor te beslis nie. Die krygsraadvergadering het besluit om die 104 Britse krygsgevangenes vry te laat.[79]

---

77 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, p. 4; VAB, A305: Roux, p. 7.

78 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, p. 4; VAB, A305: Roux, p. 7; Heyns, p. 17: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

79 VAB, A305: Krygsvergadering, 25.7.1900, p. 4.

9. Gevolgtrekkings

Dit is duidelik dat die derde doelwit van die krygstrategie met die verlies van die Retiefsnek en Slabbertsnekstellings misluk het. Die doelwit hier was die beskerming van die Brandwaterkom, wat persoonlike eiendom binne die gebied ingesluit het. Daar is ook sterk aanduidings dat hierdie mislukking regstreeks met die bevel van Roux te Slabbertsnek verbind kan word. Daarmee tesaam het Roux steeds in gebreke gebly om die tweede beweging/doelwit van die krygstrategie tot uitvoer te bring. Die suksesvolle besetting van Retiefsnek en Slabbertsnek het verder niks goeds vir die OVS oorlogspoging voorspel nie. Die gevaar was groot dat die Britse magte die OVS krygsafdelings binne die gebied kon vaskeer en tot oorgawe kon dwing. So 'n oorgawe sou, in die lig van die oorlogsomstandighede, die OVS se oorlogspoging ernstig benadeel. Nie alleen sou dit die verlies van talle offisiere en burgers tot gevolg hê nie, maar dit sou ook daartoe lei dat die laaste onbesette gebied in die OVS deur die Britse magte verower word. Die verlies van die gebiede, sowel as die oorgawe van twee krygsafdelings, sou die gebrekkige Britse veroweringsaansprake op die OVS ongetwyfeld versterk het. Daarmee tesaam sou die waens, perde en ander vervoermiddels aanwesig, besonder handig in die Britse oorlogspoging te pas kom, indien die OVS krygsafdeling sou besluit om oor te gee.

Dit was dus vir Prinsloo en Roux nodig om, gegewe die omstandighede, toe te sien dat die OVS oorlogspoging nie in die oorgawe van die twee krygsafdelings versand nie. Dit kom egter voor of die verhouding tussen die twee offisiere van so aard was dat hulle nie hulle verskille te bowe kon kom nie. Beide bevelvoerders was verder nie op hoogte met militêre verwikkelinge te Nauwpoort nie. Daarmee tesaam het die Fouriesburg-krygsvergadering waarskynlik die lot van die twee krygsafdelings verseël, deur te poog om alleen deur Nauwpoort aan die Britse insluiting te ontsnap. Pogings om die Brandwaterkom deur verskillende uitgangsroetes te verlaat, sou daarenteen Hunter se pogings om die twee afdelings tot oorgawe te dwing, eindeloos bemoeilik het.

Dit is voorts duidelik dat die twee bevelvoerders se onvermoë om met mekaar saam te werk, ook met die gelyke range van hoofkommandante verband gehou het. Die gebrek aan 'n behoorlik gestruktureerde opperbevel, soos reeds telkemale uitgewys, het die oplossing van geskille verder bemoeilik. Verder was die opperbevelhebber van

die OVS krygsmag in hierdie moeilike omstandighede nie bereikbaar nie. Die gebrekkige instruksies waarmee die twee krygsafdelings gelaat is, was 'n aanduidende oorsaak in die oorgawe, wat enkele dae later gevolg het. In hierdie opsig word die gevolgtrekking gesteun dat die optrede van die staatspresident, en waarskynlik ook hoofkommandant C.R. de Wet, bydraende faktore in die oorgawe was.

Die Britse opperbevelvoerder was daarom op 24 Julie 1900 met reg beïndruk met die verloop van die gebeure. Op die betrokke dag skryf hy soos volg aan die Departement van Oorlog in Brittanje: “I thought the matters have not gone altogether smoothly since 16th instant, they have on the whole been in our favour. The breaking out of De Wet and Steyn from Bethlehem Hills, and making for Transvaal, has shown that they have given up all hope of being able to continue war in Orange River Colony. By their escape Hunter’s task is made easier and if he is successful I shall be able to transfer at least one division to the Transvaal.”[80] Indien die OVS krygsafdelings dus in die Brandwaterkom sou oorgee, en die krygsafdeling onder bevel van De Wet na die Zuid-Afrikaansche Republiek uitwyk, kon dit beteken dat die Britse magte moontlik daarin geslaag het om aan die vereistes vir verowering, kragtens die bepalings van die volkereg, te voldoen. Daarmee tesaam getuig die gebeure reeds daarvan dat die staatspresident, De Wet, Prinsloo en Roux ten minste versuim het om hulle pligte as staatshoof en krygsoffisiere na behore te verrig. Ten einde verder met dié pligsversuim te handel, is dit nodig om verder met die gebeure, op die vooraand van die oorgawe, te handel.

[80] *Secret South African telegrams*, 3, p. 117: F.S. Roberts – Lord Lansdowne, 24.7.1900 (afskrif van telegram).

Hoofstuk 9

Die vooraand van die oorgawe

"It was a proud moment then, when in the last stronghold of the foe in all the Free State, Kensington, the aide of the general of the Eigth Division, with a little band of officers grouped around him, with the Scouts and Scots Guards lying behind cover, rifle in hand, pulled down the Orange Free State flag in the very teeth of the foe."[1]

"The one crying need was for a man to lead this flock. Even Roux, who seems to have been wandering about aimlessly among these men, had nothing better to do than to complain about the number of wagons with the Boers, and to lament that there was nobody in chief to command."[2]

1. Inleiding

Die eerste krygstrategie, soos na afloop van die geveg op 7 Julie 1900 te Bethlehem bepaal, het drie oorhoofse doelwitte gehad. Die eerste was dat die hoofmag die Brandwaterkom verlaat, met die hoop dat groot gedeeltes van die Britse magte in die onmiddellike omgewing gedwing sou word om hulle te agtervolg. Bykans gelyktydig met dié poging, moes die Roux-krygsafdeling ook die Brandwaterkom verlaat. So 'n beweging sou die Britse magte noodsaak om die Roux-krygsafdeling na te sit. Die verwesenliking van die twee fases, so het die Oranje-Vrystaat (OVS) opperbevel gehoop, sou die wurggreep op die Brandwaterkom-toegangsroetes versag en aan die Brandwaterkom-krygsafdeling 'n geleentheid bied om die vlugtelinge en eiendom daarbinne te beskerm.[3]

Waarnemende hoofkommandant P.H. Roux het as bevelvoerder van die Roux-krygsafdeling egter nie daarin geslaag om die tweede beweging tot uitvoering te bring nie. Sy onvermoë in dié verband, het tot sy eie insluiting in die Brandwaterkom aanleiding gegee. Ter verdediging van Roux moet vermeld word dat die inhoud van

1 H.W. Wilson, *After Pretoria: the guerilla war: the supplement to "With the flag to Pretoria"* 3, p. 30. Sien ook L. Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika: de strijd tusschen Engeland en de verbonden Boeren-republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschetst* 3, p. 879.

2 L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, p. 338.

3 Sien onderafdeling 6.3.2, hoofstuk 5, *supra*.

die krygstrategie waarskynlik swak omskryf was.[4] Voorts het dit ook geblyk dat Roux en sy krygsafdeling wel vir die verlies van die Slabbertsnekstellings verantwoordelik was. In die proses is die weg vir die Britse magte gebaan om die Brandwaterkom binne te dring. In die omstandighede wat gevolg het, het die OVS bevel in die Brandwaterkom gepoog om van Nauwpoort as uitgangsroete gebruik te maak.[5]

Hierdie hoofstuk handel met die gebeure op die vooraand van die oorgawe. In die hoofstuk word aangetoon dat die harwar, wat tydens die onttrekking van die eenhede te Retiefsnek, Slabbertsnek en Commandonek ontstaan het, die reëlmaat van wanorde geword het. In dié omstandighede het Roux op die verkiesing van 'n bevelvoerder vir die saamgevloeide twee krygsafdelings aangedring. In die doodsnikke van dié poging om die vlugtelinge en eiendom na veiligheid te neem, het binne die OVS bevel 'n verkiesingstryd met betrekking tot die aanwys van 'n hoofkommandant ontstaan. Die verkiesing is verder belangrik omdat hoofkommandant C.R. de Wet aangevoer het dat dit 'n onwettige hoofkommandantsverkiesing tot gevolg gehad het.

Ten aanvang van die hoofstuk word met die inwerkingstelling van die besluite van die Fouriesburg-krygsvergadering gehandel. Die hoofstuk handel verder spesifiek met die posisie te Nauwpoort en die omstandighede, wat die twee krygsafdelings genoodsaak het om 'n verdere krygsvergadering te belê. Hierdie omstandighede en daaropvolgende gebeure is veral belangrik ten einde te kan bepaal of die onderhandelinge, wat daarna met die Britse magte aangeknoop is, in die omstandighede geregverdig was. Die redes vir die bepaling van laasgenoemde is tweeledig. Die eerste handel met aansprake dat die onderhandelinge onwettig was, terwyl die tweede met die punt handel of waarnemende hoofkommandant M. Prinsloo in hierdie onderhandelinge tot 'n oneervolle oorgawe toegestem het. 'n Oneervolle, of ongeregverdige oorgawe is ook een van die vereistes vir die misdaad van gekweste majesteit. Met hierdie misdade word in hoofstuk 12 gehandel.

Ten slotte word gehandel met die poging van die tydelik verkose hoofkommandant om uitvoer te gee aan die poging om vlugtelinge en eiendom te beskerm. Hierdie was vir die tydelik verkose hoofkommandant 'n finale poging om die benarde situasie te red. Indien dit misluk, was die tafel na alle waarskynlikheid vir oorgawe gedek. Weer is die

4 Sien hoofstuk 7, *supra*.
5 Sien onderafdelings 3.2 en 8.3, hoofstuk 8, *supra*.

vraag of die oorgawe nie die gevolg van pligsversuim was nie. Ten einde met die bewerings van hoogverraad, gekweste majesteit, pligsversuim en onwettige handelinge te handel, is dit nodig om die gebeure op die vooraand van die oorgawe volledig te bespreek.

2. Verdere Britse suksesse

Luitenant-generaal A. Hunter het op 24 Julie 1900 vanuit Retiefsnek aan die Britse opperbevelvoerder berig dat hy vir generaal-majoor H.A. MacDonald gestuur het om die Golden Gate-uitgangsroete af te sluit. MacDonald het met dié beweging by generaal-majoor B. Hamilton te Nauwpoort aangesluit. Daarmee tesaam het Hunter ook bevele gegee om Retiefsnek en Slabbertsnek af te sluit. Hunter self, het tesame met generaal-majoors R. Clements en A. Paget, na Fouriesburg opgeruk. Ten opsigte van die algemene insluiting van die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom, het Hunter soos volg aan die Britse opperbevelvoerder geskryf: "[I]t is not possible in this intricate mass of mountains to prevent horsemen breaking in or out, but I hope the above measures will stop the escape of waggons and transport."[6] Britse inligting het daarop gedui dat die OVS krygsmag oorweging geskenk het om sy waens agter te laat. Hunter sou in so 'n geval nie by magte wees om perdekommando's te verhoed om die Brandwaterkom te verlaat nie. Volgens Creswicke het Hunter wel gehoop dat die OVS krygsmag se gebondenheid aan hulle waens en oorlogsvoorrade hulle sou verhoed om die Brandwaterkom te perd te verlaat. Hunter was ook van mening dat hy die OVS krygsmag òf tussen sy eie magte en dié van luitenant-generaal L. Rundle, wat vanuit die rigting van Ficksburg beweeg het, òf dié van MacDonald, wat vanuit Nauwpoort en Golden Gate beweeg het, kon vaskeer.[7]

Die Britse magte het ook Fouriesburg op 26 Julie 1900 beset. Na afloop van die besetting van Fouriesburg was slegs Harrismith en Vrede nog in die hande van die OVS krygsmag.[8] Die besetting van Fouriesburg is aanduidend van die feit dat die

---

6 The National Archives (TNA), War Office (WO), 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 24.7.1900 (afskrif van telegram A. 208).

7 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 26.7.1900 (afskrif van telegram A. 221), A. Hunter — F.S. Roberts, 27.7.1900 (afskrif van telegram A. 226); L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War* 6, p. 51.

8 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 3, *supra*. TNA, WO 32/7998: "Operations of Sir A. Hunter's force from 28/6 to 1/8" [hierna TNA: WO 32/7998, Hunter-verslag], p. 5. Die besetting van Fouriesburg het dit vir Hunter makliker gemaak om met die Britse resident-kommissaris in Basoetoland te kommunikeer. Die Britse opperbevelhebber het die Britse resident-kommissaris van Basoetoland op 9.7.1900 versoek om hom en

Britse magte besig was om met die verowering van die OVS te slaag. Wat die OVS betref, was die besetting van Fouriesburg en later Harrismith en Vrede onaanduidend van sy eie oorlogspoging. Die OVS standpunt was ook dat sy oorlogspoging nie aan 'n regeringsetel gebonde was nie.[9] Vanuit 'n volkeregperspektief is 'n regeringsetel en dorpe ook nie van kardinale belang nie, maar eerder die verowering van die gebied. In hierdie opsig was die besetting van Fouriesburg dus aanduidend van die voltooiing van die verowering van die OVS. Al wat oorgebly het, was om finaal met die OVS krygsmag af te reken. Hierdie doelwit het met die teenwoordigheid van die meerderheid van die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom al hoe meer haalbaar geword. Die enigste doring in die Britse poging was die ontsnapping van die OVS staatspresident en hoofkommandant C.R. de Wet.[10] Indien egter met die drie krygsafdelings binne en in die onmiddellike omgewing van die Brandwaterkom afgereken kon word, het die krygsafdeling onder bevel van De Wet as 'n klein, onbeduidende afdeling agtergebly. Die kanse was ook skraal dat so 'n afdeling enige werklike verskil in die uitslag van die oorlog sou kon maak.

3. Verdere verwikkelinge te Nauwpoort

Hunter het Hamilton op 24 Julie 1900 vanuit sy stellings in die omgewing van Nauwpoort onttrek, met die doel om die Britse beweging binne die Brandwaterkom te ondersteun. Die suksesvolle deurbraak te Retiefsnek en Slabbertsnek het Hunter nog dieselfde dag genoodsaak om dringend aandag aan die Nauwpoort- en Golden Gate-uitgangsroetes te gee. Vir dié doel is Hamilton gelas om na Nauwpoort terug te keer. Die magte van MacDonald is ook ter versterking van die posisie daarheen gestuur. MacDonald het ook die oorhoofse krygsbeheer van die operasies aan die buitekant

---

sy magte by te staan om inligting te verkry van die bewegings van die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom. Die resident-kommissaris het op 10.7.1900 twee lede van 'n berede eenheid opdrag gegee om militêre inligting oor die bewegings van OVS magte in die gebied te versamel. Hierdie inligting is deur middel van nie-blanke verkenners aan Britse bevelvoerders gekommunikeer. Twee dae later het die Britse opperbevelvoerder berig ontvang dat verkenners op gereelde basis inligting oor OVS bewegings aan Hunter en Rundle deurstuur. (*Telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, April 1900 – December 1900* 3, p. 55: F.S. Roberts — G. Lagden, 10.7.1900 (afskrif van telegram); TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 10.7.1900 (afskrif van telegram), G. Lagden — F.S. Roberts, 12.7.1900 (afskrif van telegram).) In die daaropvolgende dae het Lagden gereelde soortgelyke intelligensieberigte aan die Britse opperbevelvoerder gestuur. Sien TNA, WO 105/18: *Telegrams from the resident commissioner: Basutoland, July 1900*.

9 Sien onderafdeling 2.3, hoofstuk 4, *supra*.

10 Sien onderafdeling 3, hoofstuk 7, *supra*.

van die Brandwaterkom geneem. Ten einde voldoende tyd te laat om MacDonald en Hamilton in posisie te kry, het Hunter tot 28 Julie 1900 te Fouriesburg vertoef.[11]

Teen die aand van 25 Julie 1900 was die magte van MacDonald en Hamilton weer in die omgewing van Nauwpoort. Op 26 Julie 1900 word die OVS magte in die omgewing van Nauwpoort uit hulle stellings verdryf, wat daartoe lei dat die Harrismith-kommando binne die Brandwaterkom ingedwing word. Kommandant S. Haasbroek, wat die vorige dag opdrag ontvang het om na Nauwpoort op te ruk, arriveer op 'n laat stadium van die geveg en slaag nie daarin om uitvoering aan die opdrag, om Nauwpoort oop te hou, te gee nie. Roux self arriveer ook òf die aand, òf deur die loop van die volgende oggend om te vind dat Nauwpoort deur die Britse magte afgesluit is. Daarom besluit hy om 'n krygsvergadering vir die aand van 27 Julie 1900 te belê.[12]

MacDonald het berig dat ongeveer 1 000 man, drie kanonne en 100 waens in die rigting van Harrismith teruggeval het. Intussen het veggeneraal C.J de Villiers en kommandant Haasbroek hulle stellings te Nauwpoort verlaat en in die rigting van Golden Gate beweeg. MacDonald het op 27 Julie 1900 'n afdeling gestuur om die laaste uitgangsroetes via Golden Gate af te sluit. Hierdie afdeling se taak is bemoeilik deurdat die beweging vertraag is deur 'n aantal gevegte met die OVS krygsmag aan die buitekant van die Brandwaterkom. Hierdie gevegte het die blokkering van die Golden Gate uitgangsroetes vertraag. Sodoende is 'n geleentheid aan die kommando's binne die Brandwaterkom gebied om deur Golden Gate te ontsnap. Hierdie geleentheid is van besondere belang, deurdat een van die verskyningsvorme van die misdaad gekweste majesteit handel met 'n oorgawe, wat sonder geldige redes plaasvind. Die geleentheid wat so ontstaan, en versuim om as alternatief tot oorgawe daarvan gebruik te maak, sou daarom 'n antwoord van beide Prinsloo en Roux verg. Voorts was die ammunisie van die Britse magte buite die Brandwaterkom in hierdie stadium redelik uitgeput; iets wat hulle opmars verder bemoeilik het. Die nek te Nauwpoort is waarskynlik ook eers op 29 Julie 1900 deur MacDonald beset.[13]

---

11 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 5; Amery (red.), 4, pp. 333-334.

12 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 28.7.1900 (afskrif van telegram); TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 6; Amery (red.), 4, pp. 334-335; J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's: mijne ervaringen als veldprediker*, pp. 62-65.

13 Amery (red.), 4, pp. 335-336; TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 28.7.1900 (afskrif van telegram A. 234), A. Hunter — F.S. Roberts, 28.7.1900 (afskrif van telegram M. 02); TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 6.

Ten opsigte van die posisie te Nauwpoort is dit nodig om twee opmerkings rakende pligsversuim aan die kant van OVS offisiere te maak. Die eerste handel oor die beskerming van Nauwpoort, terwyl die tweede meer spesifiek na die rol van Haasbroek in die gebeure kyk. Wat die eerste opmerking betref, is dit vreemd dat 'n klein afdeling, in die ordegrootte van tussen 60 en 80 burgers met 'n veldkornet in bevel, moes toesien dat die posisie beskerm word. Net so vreemd is die optrede van veldkornet G. Blignaut, die veldkornet-in-bevel, wat die hulp van Hattingh ontbied het nadat Hamilton se beweging op 20 Julie 1900 in die rigting van Nauwpoort opgemerk is. Blignaut was ooreenkomstig beide die eerste en tweede krygstrategie onder die bevel van Prinsloo, wat enkele kilometers verder te Retiefsnek gestasioneer was. Geen getuienis kon gevind word dat Blignaut met Prinsloo, rakende die verwikkelinge te Nauwpoort, in verbinding getree het nie.[14] Die gebrekkige beskerming van die posisie te Nauwpoort moet daarom voor die deur van Prinsloo geplaas word. Hy was die bevelvoerder, wat die toegangsroetes tot die Brandwaterkom bewaak het. Dit mag egter wees dat Prinsloo op Hattingh se koms gewag het, en dat Hattingh se magte vir die bewaking van die roete aangewend sou word. Dit wil dus voorkom of Prinsloo homself nie op hoogte gehou het van militêre verwikkelinge elders nie. Sonder sodanige kennis kon Prinsloo ook nie sy taak as bevelvoerder na behore verrig nie. In hierdie opsig het Prinsloo in sy taak as bevelvoerder gefaal. Hierdie versuim het ook regstreeks bygedra tot die probleme wat ontstaan het met betrekking tot die terugval uit die Britse omsingeling. Hier is dus reeds blyke van Prinsloo se onbevoegdheid om na behore bevel te voer. Dit het duidelik 'n rol in die oorgawe van 30 Julie 1900 gespeel, wat weer eens 'n aanduiding is dat die besluit tot oorgawe moontlik nie geregverdig was nie.

Haasbroek het midde in die geveg van 26 Julie 1900 te Nauwpoort opgedaag en daarom geen werklike rol in die geveg gespeel nie. Aan die hand van Roux wil dit voorkom of Haasbroek, met die toestemming van Prinsloo, die stellings te Nauwpoort verlaat en met sy kommando in die rigting van Golden Gate beweeg het. Haasbroek se seun gee te kenne dat sy vader self die besluit geneem het, terwyl hyself met 'n aantal burgers te Nauwpoort agtergebly het. Haasbroek se seun verklaar verder dat sy vader 'n versoek tot Roux gerig het om 'n ander kommando in sy plek te stuur. Hierdie

[14] Sien onderafdeling 4, hoofstuk 8, *supra*, waar met die aanvanklike gevegte te Nauwpoort gehandel word. Sien ook onderafdelings 6.3.1 en 6.3.2, hoofstuk 5, *supra*, vir 'n bespreking van die eerste en tweede krygstrategie.

kommando is, volgens Haasbroek, nooit gestuur nie. Intussen het ander kommando's ook op die Golden Gate-pad begin voortbeweeg en is daar gevolglik nie stelling te Nauwpoort ingeneem nie. Die besluit van die krygsraad op 25 Julie 1900, om deur Nauwpoort die Brandwaterkom te verlaat, is so ongedaan gemaak.[15] Gevolglik ontstaan die vraag of Haasbroek vir die nie-uitvoering van die opdrag verantwoordelik was.

Na afloop van die geveg te Nauwpoort was die roete nie meer geskik om die Britse omsingeling met waens en kanonne te ontsnap nie. Haasbroek, tesame met C.J de Villiers, het waarskynlik om hierdie rede besluit om sover moontlik die uitgangsroetes via Golden Gate te gaan oophou. Die doel van die besluit was om aan die kommando's 'n geleentheid te bied om deur middel van dié roete aan die Britse insluiting binne die gebied te ontsnap. Haasbroek het dus na alle waarskynlikheid nie Prinsloo se toestemming gevra om die posisie te verlaat nie, maar hom in kennis gestel dat 'n ander kommando na Nauwpoort gestuur moes word, sodat hy (Haasbroek) op sy beurt kon poog om die uitgangsroetes oor Golden Gate oop te hou. Roux was, volgens Haasbroek se seun, onder die indruk dat die roete nie vir waens en kanonne geskik was nie.[16] Dit blyk daarom dat Haasbroek eerder gepoog het om sy opdrag uit te voer, deur 'n alternatief vir die afgeslote Nauwpoort-roete te soek. Roux se gebrek aan voldoende militêre inligting blyk dus die oorsaak vir die beskuldiging van pligsversuim aan die kant van Haasbroek te wees. Haasbroek het egter in sy besluit self enige verdere verset te Nauwpoort ongedaan gemaak. In 'n meer formele militêre opset was dit die keuse van die bevelvoerder, en nie van 'n ondergeskikte offisier nie. Haasbroek het egter sy kommando as 'n onafhanklike eenheid beskou.[17] In dié opsig wil dit voorkom of Haasbroek nie versuim het om sy plig uit te voer nie, maar eerder in die beste belang van ander OVS kommando's gehandel het. Prinsloo en Roux se eie versuim om hulleself ten volle op hoogte van militêre aktiwiteite te hou, kan in dié opsig wel as ernstige versuim aan die kant van beide bevelvoerders aangestip word.

---

15 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Roux-versameling (A305): P.H. Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 8; Kestell, p. 66.

16 G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*, p. 20; P.H. Kritzinger en R.D. McDonald, *In the shadow of death*, p. 11; OMBR, 4128/42: S. Haasbroek, "Die oorgawe van generaal Prinsloo", p. 2.

17 Vir 'n bespreking van die totstandkoming van die Haasbroek-kommando, sien onderafdeling 6.3.1(d), *supra*.

Wilson kritiseer die OVS magte binne die Brandwaterkom vir die geleentheid wat hulle gehad het om deur Nauwpoort te ontsnap. Volgens hom was hierdie posisie, tydens die gesamentlike Britse aanvalle van 23 en 24 Julie 1900, meer kwesbaar vir 'n aanval deur die gesamentlike OVS magte. Volgens Wilson het MacDonald oor ongeveer 2 000 man beskik. 'n Aanval te Nauwpoort sou ook aan die vasgekeerde OVS magte die geleentheid gebied het om te ontsnap.[18]

Wilson se kritiek is geregverdig indien De Wet wel opdrag aan Prinsloo gegee het om slegs verdedigende stellings in te neem. Sou die Britse magte aanval, het De Wet gelas dat hulle hul stellings in die Brandwaterkom moes ontruim.[19] Hierdie bevel was egter 'n bestanddeel van die tweede krygstrategie, wat nie algemeen bekend was nie.[20] Die verkleining van die oorlogsgebied, en die oorgawe wat gevolg het, staan dus in direkte verband met die versuim om hierdie krygstrategie na behore te kommunikeer. Met hierdie versuim, en die uiteindelike aandeel daarvan in die oorgawe, word meer volledig in hoofstuk 12 gehandel.

Dit word egter betwyfel of Prinsloo en sy kommandante 'n gesamentlike aanval te Nauwpoort sou loods, met die doel om daaruit te breek. Die wesenlike gevaar in so 'n aanval was dat die groot aantal waens en vee nie 'n geleentheid gegun kon word om te ontsnap nie. Hieronder word gesien dat Prinsloo alles in sy vermoë gedoen het om dit te voorkom.[21] Dit is egter nodig om hier te benadruk dat die beskerming, gegewe die omstandighede, nie noodwendig 'n militêre prioriteit was nie. In 'n guerrilla-oorlog sou nuwe voorrade weer verkry kon word. Die verlies van 'n groot aantal offisiere en burgers daarenteen, was 'n ernstige knou vir die OVS oorlogspoging. Die OVS het ook oor weinig gewillige burgers beskik om so 'n verlies te bowe te kom. In dié geval was 'n strategiese terugval verkieslik bo 'n oorgawe. Haasbroek het ook in sy besluit om na Golden Gate te beweeg, gepoog om aan die kommando's die geleentheid te gee om die gebied te verlaat.

Daarmee tesaam sou die verlies van 'n groot aantal waens en perde alleen die Britse oorlogspoging tot voordeel gestrek het. Die prioriteit, wat aan die beskerming van vlugtelinge en hul eiendom gegee is, kan verder verklaar word teen die agtergrond

18 Wilson, 3, p. 23.
19 C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 123.
20 Sien onderafdeling 6.3.3, hoofstuk 5, *supra*.
21 Sien hoofstuk 10, *infra*.

van die Britse rebelle-proklamasie.[22] Kragtens dié bepaling sou daar op die eiendom van persone beslag gelê word, wat die oorlog na 15 Junie 1900 voortgesit het. Waar persoonlike eiendom ter sprake was, sou offisiere en burgers gevolglik alles in hulle vermoë gedoen het om te verhoed dat dit in die hande van die Britse magte val. So 'n doelwit is belangrik omdat veral waens en perde in die Britse oorlogspoging handig te pas sou kom. In 'n oorgawe sou daar dus gepoog moes word om eiendom, soos waens en perde, vir verdere gebruik ondiensbaar te maak. Die teendeel is egter waar, deurdat daar gepoog is om die eiendom in ruil vir oorgawe te beskerm.

4. Verdere bewegings van die OVS krygsafdelings

Die Fouriesburg-krygsvergadering het besluit om Nauwpoort as uitgangsroete te gebruik in 'n poging om aan die Britse omsingeling te ontsnap. Dié besluit het beteken dat daar aan die kommando's te Commandonek geleentheid gegun moes word om by die Brandwaterkom- en Roux-krygsafdelings aan te sluit, om sodoende ook die gebied deur Nauwpoort te verlaat. Vir dié doel is die kommando's van Bethulie en Fauresmith as agterhoede te Fouriesburg agtergelaat.[23]

Die oorgrote meerderheid van burgers verbonde aan hierdie kommando's was egter onwillig om aan dié bevel gehoor te gee. So het alleen ongeveer 150 burgers vir die uitvoering daarvan opgedaag. Kommandant J.H. Olivier het voorts geweier om aan die bevel gehoor te gee. Olivier en sy kommando's het ook in die rigting van Golden Gate beweeg. In die namiddag van 25 Julie 1900 trek kommandante R. Crowther (Ladybrand), P.H. de Villiers (Ficksburg) en J.P Roux (Wepener) verby Fouriesburg. Die groepie burgers, wat die terugval gedek het, het hulle stellings verlaat sonder dat die Britse magte dit aangeval het. Die gevolg was dat alle kommando's binne die Brandwaterkom nou binne die gebied bekend as die Caledonvallei in die rigting van Nauwpoort beweeg het.[24] Hierdie onwilligheid getuig weer eens van 'n swak gedissiplineerde mag. 'n Gebrek aan dissipline het die bevelvoerders se take aansienlik bemoeilik en sou ook in die oorweging van 'n besluit tot oorgawe 'n daadwerklike faktor wees. So 'n verweer sou egter ook weer kon aantoon dat oorgawe

22 Vir 'n bespreking van die proklamasie, sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

23 Sien onderafdeling 8.2, hoofstuk 7, *supra*.

24 M.C.E. van Schoor (red.), "The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers", *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 97: G.S. van der Merwe (verklaring); VAB, Renier-versameling (A119/519): dagboek van J.C. van der Walt, p. 9.

in die omstandighede geregverdig was, en dat daar gevolglik nie aan die vereistes vir gekweste majesteit voldoen is nie.

Hierna het Prinsloo, tesame met die kommando's van Ficksburg, Ladybrand, Senekal en Wepener, die agterhoede van die terugvallende magte gedek. Roux het weer na Nauwpoort gegaan met die doel om die uitgangsroete oop te hou. Roux het daar vasgestel dat enige uittog daar, sonder 'n geveg, onmoontlik was. Voorts het Haasbroek slegs 80 burgers daar in posisie gehad. Roux het hierdie nuus onmiddellik aan Prinsloo gekommunikeer, wat dit weer vir kommandant G.S. van der Merwe gestuur het om dit te bevestig. Roux het intussen 'n krygsvergadering vir die aand van 27 Julie 1900 belê, met die oog op die verkiesing van 'n waarnemende hoofkommandant.[25] Hierdie gebeure benadruk weer eens die gebrek aan militêre inligting.

In die lig van die aanwesigheid van die Britse magte in die onmiddellike omgewing van Nauwpoort, moes dit duidelik aan die twee onderskeie bevelvoerders geblyk het dat die enigste oorblywende weg nou deur Golden Gate was. Hierdie besluit moet veral vertolk word teen die agtergrond van die beskerming wat aan eiendom gegee is. Indien hierdie prioriteit nie bestaan het nie, mag Nauwpoort wel vir 'n uittog geskik gewees het.

Die weg na Nauwpoort is verder bemoeilik deurdat dieselfde pad deur 'n groot aantal vlugtelinge, waens en troppe vee gebruik is. Voorts is algemeen geglo dat die Golden Gate-pad vir alle praktiese doeleindes vir waens, karre en kanonne onbegaanbaar was. Die offisiere sou om dié rede, tydens die krygsvergadering van daardie aand, 'n daadwerklike besluit moes neem rakende die hantering van die "sogenaamde hindernisse", wat enige uittog langs die Golden Gate-roete vertraag het.[26] Die krygsvergadering daarenteen het feitlik net met die verkiesing van 'n hoofkommandant gehandel.

---

25 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 98: Van der Merwe (verklaring); VAB, A305: Roux, p. 7.

26 Boldingh beskryf die roete as "een smal défilé langs een weg zoo slecht, als geen tweede in den Vrijstaat bestaat". (Boldingh, p. 19.) Sien ook Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 87; Amery (red.), 4, pp. 315-316; OMBR, 4128/ 42: Haasbroek, p. 2.

5. Die krysgvergadering van 27 op 28 Julie 1900

Volgens Roux het die situasie betreffende Nauwpoort, en die wanorde waarbinne die OVS krygsmag hulle bevind het, die hou van 'n krygsvergadering genoodsaak. Vir Roux was dit veral belangrik dat 'n hoofkommandant verkies moes word om die militêre operasies te koördineer. Roux het geoordeel dat die aanwesigheid van drie hoofkommandante, naamlik hyself, Prinsloo en F.J.W.J. Hattingh, die koördinering van die OVS krygsmag bemoeilik het.[27] Die byeenroep van 'n krygsvergadering was sekerlik in die omstandighede belangrik ten einde die bewegings van die drie krygsafdelings te koördineer. Dit is egter vreemd dat Roux nie probeer het om met sy twee ampsbroers dié pogings te koördineer nie, maar eerder besluit het om in 'n volle krygsvergadering te poog om die probleem op te los. Roux het in die dispuut, wat tussen hom en Prinsloo ontstaan het, in privaatgesprekke reeds die onderspit gedelf.[28] Die krygsvergadering waartoe Roux sy heil gewend het, het op 27 Julie 1900 plaasgevind.[29]

5.1 Die verkiesing van 'n hoofkommandant

Ten aanvang van die vergadering het Roux sy ontevredenheid uitgespreek met die feit dat daar drie waarnemende hoofkommandante was. Roux het later verduidelik dat die onmiddellike teenwoordigheid van veral twee hoofkommandante daartoe aanleiding gegee het dat offisiere nie een van die twee se bevele gehoorsaam het nie.[30] Hierdie weergawe van Roux dui egter op 'n dieper onderliggende probleem, naamlik 'n gebrek aan dissipline. Indien die OVS krygsmag wel gedissiplineer was, sou bevele

---

27 VAB, A305: Roux, p. 6. Sien ook Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 88. De Wet verklaar dat Roux die krygsvergadering belê het om 'n assistent-hoofkommandant te verkies. (De Wet, p. 124.) Die herinneringe van Roux, en vele ander geskrifte, spreek tot die teendeel. Hierdie geskrifte getuig van 'n verkiesing van 'n hoofkommandant. (VAB, A305: Afskrif van "Notulen van der Krygsraadvergadering gehouden op de plaats Bethel van den heer Biddel in het dist. Bethlehem op den 27ste Julie 1900" [hierna VAB, A305: Notule, 27.7.1900 (afskrif)].) Laasgenoemde lêer bevat twee notules. Die een is gemerk *COPY* terwyl die ander geen aanduiding van die status daarvan bevat nie. Die *COPY*-weergawe bestaan uit twee bladsye waarvan die einde van p. 2 daarop dui dat daar ook ander bladsye aangeheg moes gewees het. Die tweede notule verwys alleen na punte 1 en 2 van die *COPY*-weergawe. Beide weergawes stem ooreen, wat betref die verkiesing van Prinsloo as die hoofkommandant. Weer eens wil dit voorkom of die gewysigde bevelstruktuur nog nie aan die einde van Julie 1900 gevestig was nie. Vir 'n bespreking van die gewysigde bevelstruktuur, sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

28 Sien onderafdeling 6 tot 10, hoofstuk 7, *supra*. Sien ook Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 88.

29 VAB, A305: Notule, 27.7.1900 (afskrif). Sien ook Keulemans, p. 21 (vn. 1). Die aantekeninge van Keulemans verskyn as kommentaar in die vorm van voetnote tot die beskrywing van G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*. Vir doeleindes van die proefskrif word na Keulemans as 'n afsonderlike bron verwys om sodoende 'n duidelike onderskeid tussen die weergawes van Boldingh en Keulemans te tref.

30 A.M. Heyns, *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*, p. 17: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

gehoorsaam word. Die verkiesing van 'n hoofkommandant sou inderdaad beteken dat slegs een bevelvoerder se opdragte gehoorsaam moes word.[31]

Roux se aandrang op die verkiesing van 'n hoofkommandant is ook aanduidend van die feit dat hy en Prinsloo nie in staat was om met mekaar saam te werk nie. Indien die twee offisiere dit wel kon doen, was dit moontlik om die twee krygsafdelings se bewegings onderling te koördineer. Vlugtelinge en privaateiendom kon onder beskerming van Prinsloo na veiligheid geneem word, wat aan Roux die geleentheid sou bied om sy krygsafdeling se bestemming te bereik. Laasgenoemde was moontlik in 'n vergadering waar alleen Prinsloo en Roux teenwoordig was. Dit is wel belangrik om daarop te wys dat die offisiere nie eens in mindere kritieke omstandighede by magte was om met mekaar saam te werk nie.[32] Ten opsigte van Roux se eie onvermoë om dissipline te handhaaf, verklaar hy dat die offisiere, wat ontevrede met sy aanstelling was, sy bevele gedwarsboom het.[33]

Dit het toenemend duidelik geword dat die verkiesing 'n prioriteit vir Roux geword het. Hierdie prioriteit is veral belangrik deurdat Roux se aandrang daarop tot gevolg gehad het dat sy krygsafdeling ook in die oorgawe van 30 Julie 1900 ingesluit is. Die versuim het dus daartoe aanleiding gegee dat die OVS vir die eerste maal werklik deur die Britse magte verower is. Het Roux egter wel uitvoering aan sy bevele gegee, het twee OVS krygsafdelings aan die oorgawe ontsnap. Die twee OVS krygsafdeling sou ook in ander gedeeltes die besetting van die OVS kon frustreer en aantoon dat die veroweringsaansprake van die Britse magte *ultra vires* was.

Hoewel alle offisiere, insluitende Prinsloo, ten aanvang van die vergadering nog nie teenwoordig was nie, word besluit om onmiddellik tot die verkiesing van 'n hoofkommandant oor te gaan, wat oor die gesamentlike magte in die Brandwaterkom bevel moes voer. Die vergadering het egter ook besluit dat die uitslag nie finaal sou wees alvorens alle offisiere die geleentheid gehad het om te stem nie. Ten einde die aangeleentheid af te handel is besluit om aan Prinsloo en Hattingh kennis te gee om ook 'n verkiesing te gelas, om sodoende 'n bevelvoerder vir die drie krygsafdelings te laat verkies.[34]

---

31 Sien onderafdelings 6 tot 8, hoofstuk 7, *supra*.

32 *Ibid*.

33 Heyns, p. 17: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

34 VAB, A305: Notule, 7.7.1900 (afskrif), p. 1; VAB, A305: Roux, p. 8; Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 98: Van der Merwe (verklaring).

De Wet verklaar dat Roux in dié gebeure vir 'n onwettige verkiesing verantwoordelik was. Volgens De Wet het Roux nie kennis geneem van die staatspresident se bevoegdheid om die werking van die *Krijgs- en Commandowet*[35] op te skort nie.[36] Hoewel die staatspresident by magte was om dit wel te doen, kon geen verwysing gevind word waar uitdruklik so deur hom bepaal is nie.[37] De Wet is egter wel korrek in sy gevolgtrekking deurdat die verkiesing, kragtens die bepalings van die *Wet omtrent het kiezen van Hoofdcommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet,*[38] nie aan die prosedurele vereistes voldoen het nie. Dié wet het uitdruklik bepaal dat die staatspresident die dag en datum vir so 'n verkiesing moes bepaal. 'n Verkiesing kon dus alleen op gesag van die staatspresident plaasvind. Roux kon dus nie self die inisiatief vir die hou van so 'n verkiesing neem nie. Roux het, in antwoord op De Wet, geskryf dat hy (De Wet) self ook vroeër, waarskynlik in Junie 1900, so 'n onwettige verkiesing gehou het.[39] Daarom is Roux se verweer dat hy die voorbeeld van sy bevelvoerende offisier gevolg het.

Voorts is die krygsmag voor die vertrek van die staatspresident behoorlik in afsonderlike krygsafdelings met bevelvoerders georganiseer. Die krygsafdelings het elkeen ook sy eie bevele gehad.[40] Roux het in werklikheid, met sy aandrang op 'n hoofkommandantsverkiesing, die besluite en bevele ongedaan gemaak. Hierdie optrede van Roux kan as onreëlmatig aangestip word. Die meer verkieslike oplossing was eerder om die operasionele aspekte verbonde aan die twee krygsafdelings se onttrekking uit die Brandwaterkom te koördineer. Die verkiesing van 'n hoofkommandant, gegewe die omstandighede waarin die twee krygsafdelings hulle bevind het, kan daarom des te meer as vreemd aangestip word. Die aanwesigheid van meerdere hoofkommandante onderstreep weer eens die probleem soos in hoofstuk 2 uitgewys, naamlik dat die bevel ten aanvang van die oorlog gebrekkig was, en steeds voortgeduur het tydens die gebeure wat die oorgawe voorafgegaan het.[41]

35 Wet 10/1899.
36 De Wet, p. 124.
37 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.
38 Artikel 1 (Wet 33/1899).
39 Heyns, p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 13.2.1903 (afskrif van brief). Sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*, waar met die verkiesing van De Wet gehandel word.
40 Sien onderafdeling 6.3, hoofstuk 5, *supra*.
41 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

Hierdie probleem was ook nie aan die OVS opperbevel onbekend nie.[42] Hierdie versuim kan as een van die redes vir die oorgawe van 30 Julie 1900 aangestip word.

Ten aanvang van die vergadering word Roux tot hoofkommandant verkies. Die uitslag was as volg: Roux (veertien stemme), Prinsloo (agt stemme) en Hattingh (een stem). Kort na afloop van die stemming het Prinsloo en ander offisiere hulle ook by die vergadering aangesluit. Aangesien die uitslag nie finaal was nie, is daar ook aan dié groep offisiere geleentheid gebied om te stem. Hierdie stemming het die pendulum weer in die guns van Prinsloo geswaai, met Prinsloo (twintig stemme), Roux (sestien stemme) en Hattingh (twee stemme).[43]

Die laat aankoms van Prinsloo word verduidelik in 'n skrywe van 27 Julie 1900. In dié skrywe het Prinsloo afgespreek dat die vergadering om 21:00 op die plaas van ene Eduard Roos gehou sou word. Prinsloo het egter geskryf dat indien Roux dit nodig vind, hy 'n ander plek vir die vergadering kon aanwys. Indien Roux wel so sou besluit, het Prinsloo versoek dat 'n persoon op die plaas van Roos gelaat word om hom dan na die nuwe plek van die vergadering te neem. Roux het die keuse uitgeoefen. Prinsloo en sy offisiere het om hierdie rede laat by die vergadering aangekom. Dit is insiggewend dat Prinsloo in hierdie skrywe sy rang as waarnemende hoofkommandant aangedui het en ook na Roux in dieselfde hoedanigheid verwys het.[44] Hoewel die verkiesing nie 'n prioriteit was nie, het Prinsloo ook daaraan deelgeneem. Dit wil dus voorkom of Prinsloo ook nie bereid was om met Roux saam te werk nie.

Roux het die aanvanklike verkiesingsuitslag as “zeer merkwaardig” beskryf. Volgens hom was die offisiere, wat die stemming in Prinsloo se guns beïnvloed het, ook die offisiere wat eerste oorgegee het. Roux het, na afloop van die oorlog, die verkiesing

---

42 Sien onderafdeling 3, hoofstuk 6, *supra*. Sien ook Amery (red.), 4, p. 337.

43 VAB, A305: Notule, 7.7.1900 (afskrif), p. 1. Sien ook Heyns, p. 17: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief); VAB, A305: Roux, p. 8; Keulemans, p. 21 (vn. 1); OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 3. In teenstelling met die vorige bronne, vermeld Van Schoor, met verwysing na Delport, dat Roux tot waarnemende hoofkommandant verkies is en nie Prinsloo nie. Volgens hom is Prinsloo eers later tot hoofkommandant verkies. Die stelling, hoewel tegnies nie verkeerd nie, skep egter nie 'n duidelike indruk van die gebeure nie. (M.C.E. Van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit: die herinneringe van die Boere-generaal C.R. de Wet*. p. 141 (vn. 11).) Laasgenoemde is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat dit alleen bedoel is as 'n annotasie. Die annotasie is egter nie die produk van die werk van Delport nie. 'n Soortgelyke weergawe soos dié van Van Schoor word ook in die herinneringe van G.P. Kriek gevind. VAB, A119/8: G.P. Kriek, “Oorgawe van generaal Prinsloo, 29 Julie 1900 en daarna”, p. 8.

44 VAB, A305: M. Prinsloo — P.H. Roux, 27.7.1900 (brief). Dit blyk dat Roux vir kommandant G.S. van der Merwe gestuur het, wat Prinsloo na die krygsvergadering geneem het. Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 98: Van der Merwe (verklaring). Sien ook VAB, A305: Roux, pp. 7-8.

met die volgende woorde beskryf: “bedrog, afgunst en hatelijke tegenwerking [...].”[45] Brink bestempel die verkiesing van Prinsloo as hoofkommandant as 'n “noodlottige benoeming!”.[46] Dit moet beklemtoon word dat die uitslag gevolg het op 'n vergadering en verkiesing wat op die aandrang van Roux gehou is.

In hierdie stadium het die krygsvergadering besluit dat Prinsloo, wat voorlopig die meerderheid van stemme gehad het, as hoofkommandant moes waarneem totdat die finale uitslag van die verkiesing bekend was. Voorts het Roux onderneem om geen handeling as offisier te verrig totdat die verkiesing afgehandel was nie. Roux moes hom, ooreenkomstig die onderneming, soos 'n privaatburger gedra.[47] Wat met die begrip bedoel word, is nie duidelik nie. Die veronderstelling is dat Roux, tot tyd en wyl die verkiesingsuitslag bekend was, geen verdere funksies as offisier kon vervul nie.

Roux, daarenteen, verklaar dat hy hom onder die bevel van Prinsloo gestel het. Hy maak geen melding van die sluit van so 'n ooreenkoms in enige van die twee weergawes van sy herinneringe nie. Hy verklaar, daarenteen, dat hy die volgende dag na die voorste kommando’s gegaan het om hom op hoogte van die situasie daar te bring. Tog skryf Roux later weer dat hy die aand, toe hy die minderheid van stemme gekry het, nie langer bevel gevoer het nie.[48] Op 'n ander plek skryf Roux weer dat Prinsloo sy bevelvoerder was. Ook skryf hy dat hy ontneem is, maar laat na om aan te dui of hy van bevel ontneem is.[49] Van Everdingen verklaar uitdruklik dat Roux onderneem het om geen handeling as offisier te verrig totdat die verkiesing afgehandel was nie. In die woorde van Van Everdingen was Roux op 28 Julie 1900 'n burger sonder offisiersrang. In hierdie hoedanigheid het hy hom aan die bevel van Prinsloo onderwerp. As gesag verwys Van Everdingen na die herinneringe van Roux, wat deur Roux aan hom beskikbaar gestel is.[50] Die finale volledige vorm van die herinneringe, wat aan Van Everdingen beskikbaar gestel is, kon ongelukkig nie opgespoor word nie.

---

45 W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: een beschrijving*, Tweede Tijdvak 2, p. 48; Heyns, p. 17 : P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief); VAB, A305: Roux, p. 8.

46 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 87.

47 Keulemans, p. 21 (vn. 1); Boldingh, p. 21; VAB, A119/42, p. 2: J.N. Brink — *Die Volksblad*, 17.6.1949 (brief). Sien ook Kritzinger en McDonald, p. 11.

48 Heyns, p. 17: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief); VAB, A305: Roux, pp. 8-9.

49 VAB, A305: Roux, “Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900”.

50 Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 48.

Prinsloo het daarom ook bevel gevoer oor die kommando's, wat kragtens die krygstrategie aan Roux toegewys is. Volgens Van Everdingen was laasgenoemde waarskynlik 'n voorwaarde wat deur Prinsloo self onderhandel is. Sodoende is Roux ook gedwing om die oorgawe in sy hoedanigheid as privaatburger, onder die bevel van Prinsloo, te aanvaar. Roux het aan Van Everdingen verklaar dat hy nooit tot die voorwaarde sou toegestem het indien hy geweet het dat Prinsloo beplan om oor te gee nie.[51] Roux en Van Everdingen gee dus te kenne dat Prinsloo reeds die aand van die krygsvergadering besluit het om oor te gee, en Roux ook in die oorgawe in te sluit. Indien dit wel die geval was, beteken dit dat Prinsloo moontlik nie 'n geldige rede vir die oorgawe gehad het nie. Weer beteken dit dat daar moontlik aan een van die vereistes van gekweste majesteit, of selfs hoogverraad se vereistes, voldoen is. In hierdie vreemde warboel van gebeure is dit sekerlik nie te onwaarskynlik nie. Tog getuig die gebeure hieronder wel dat Prinsloo, op die dag wat sy bevel begin het, gepoog het om die Britse magte teen te hou.[52] Hierdie optrede strook daarom nie met die verdagte motiewe, wat deur Roux en Van Everdingen aan hom toegedig word nie.

Kritzinger en McDonald beskryf 'n meer objektiewe weergawe van die voorwaarde. Volgens hulle het beide offisiere onderneem om, sou die ander die meerderheid in die voorlopige verkiesing behaal, geen gesag uit te oefen nie.[53] Dit was trouens ook die oplossing vir die probleem rakende die aanwesigheid van meerdere bevelvoerders, naamlik dat daar voortaan net een hoofkommandant sou wees. Die toedig van duistere motiewe, soos deur Roux en Van Everdingen aangevoer, is daarom nie sonder meer aanvaarbaar nie. Inteendeel, dit skep die indruk dat Roux in die proses gepoog het om sy eie aandeel in die oorgawe te verbloem.

Aan die hand van Van Everdingen se relaas wil dit lyk of hy Roux probeer verontskuldig. Laasgenoemde is moontlik verklaarbaar aan die hand van die feit dat Roux met Van Everdingen meegewerk het in die skryf van die betrokke gedeelte van sy (Van Everdingen se) boek. Daarom het dié weergawe Roux se sieninge rakende die gebeure gesteun. Andersins het Van Everdingen, by gebrek aan ander bronne, meer gewig aan Roux se aantekeninge gegee.

---

51 *Ibid.* (vn. 4).

52 Sien onderafdelings 6 en 7, *infra*.

53 Kritzinger en McDonald, p. 11.

5.2 Oorgawe, wapenstilstand of weerstand?

Slegs twee persone, wat die krygsvergadering bygewoon het, handel met dié besondere punt.[54] Ander bronne bespreek wel die vergadering, maar is geskryf deur persone wat nie daardie aand teenwoordig was nie. Kommandant G.S. van der Merwe verklaar dat verskeie voorstelle na afloop van die verkiesing gedebatteer is. Ongelukkig gee Van der Merwe geen verdere besonderhede nie. Die krygsvergadering kon egter geen eenstemmigheid met betrekking tot enige van die voorstelle bereik nie. Gevolglik is besluit om 'n kommissie aan te wys om die krygsvergadering ten opsigte van die pad vorentoe te adviseer. Hierdie kommissie het bestaan uit Prinsloo, Roux, veggeneraals P.J. Fourie, J. Crowther en hyself. Na 'n kort vergadering het die kommissie, volgens Van der Merwe, twee voorstelle aan die krygsvergadering voorgelê; 'n wapenstilstand van vier dae, of onvoorwaardelike oorgawe. Volgens Van der Merwe is die voorstel om onvoorwaardelike oorgawe in 'n stemming verwerp.[55]

Daarenteen vermeld De Wet en Kestell dat sewentien teenoor dertien offisiere ten gunste van oorgawe gestem het. Nòg De Wet, nòg Kestell het egter die vergadering bygewoon. Hierdie besluit was, volgens die twee skrywers, onmiddellik hersien. Ongelukkig verklaar die twee skrywers nie wat met hersiening bedoel word nie. De Wet verklaar dat die hersiening 'n politieke besluit was. Wat De Wet met 'n politieke besluit bedoel, is egter nie duidelik nie. Kestell, aan die anderkant, skryf die hersiening van die besluit toe aan die geweldige impak daarvan.[56] 'n Soortgelyke weergawe word in 'n mededeling van P.H. de Villiers gevind. Hiervolgens het die oorgrote meerderheid van die krygsraadvergadering ten gunste van oorgawe gestem.[57]

Die seun van Haasbroek vermeld ook dat sy vader die aand van die krygsvergadering verklaar het dat sy kommando 'n onafhanklike kommando was, en dat hy derhalwe nie deur 'n besluit tot oorgawe gebind word nie. Haasbroek senior het ook aan die offisiere aangebied dat hulle by sy kommando kon aansluit en sodoende nie in die oorgawe

---

54 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 98: Van der Merwe (verklaring); VAB, A305: Roux, p. 8.

55 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 98: Van der Merwe (verklaring). Roux verwys na 'n wapenstilstand van ses, en nie vier dae nie. (VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 8.) Sien ook Kestell, p. 67; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 48.

56 De Wet, p. 124; Kestell, p. 67.

57 A. Barry, *Ons Japie: dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog*, pp. 28, 33.

ingesluit word nie.[58] Die weergawe van De Wet, P.H. de Villiers, Kestell en Haasbroek onderskryf die weergawe van Van der Merwe.

Daarenteen verklaar Roux uitdruklik dat daar geen woord in die krygsvergadering rakende oorgawe geuiter is nie.[59] Roux en Van der Merwe was die enigste persone wat die krygsvergadering bygewoon het en wat die gebeure beskryf het. Die weergawe van Van der Merwe word onderskryf deur die weergawes van Kestell, De Wet, Haasbroek en die mededeling van P.H. de Villiers later aan 'n familielid. Die bespreking van 'n moontlike oorgawe in die vergadering is daarom nie onwaarskynlik nie. Roux se weergawe, naamlik dat geen woord rakende oorgawe geuiter is nie, blyk dus verkeerd te wees.[60] Hierdie punt benadruk die feit dat Roux, in sy weergawe van die oorgawe, poog om sy eie handelinge te verbloem.

Die wapenstilstand het ten doel gehad om met die regering in verbinding te tree. Indien Hunter die versoek sou weier, moes voortgeveg word.[61] Hieroor vra De Wet die volgende vraag: “Was dat werk voor officieren die zagen dat zij op het punt stonden van vasgekeerd te worden? Kon men denken dat een vijand zoo onnoozel zou zijn om stilstand van wapenen te verleenen, opdat men daardoor wegen tot onkoming zou kunnen vinden. – Neen’t was óf kortzichtigheid óf ... iets anders!”[62] Dit is interessant om hier te meld dat 'n wapenstilstand van 28 Januarie 1871, tydens die Frans-Pruisiese oorlog, toegestaan is met die spesifieke doel om die Franse parlement in die voortsetting van die oorlog te ken, of in die alternatief voorwaardes vir die sluit van vrede te bepaal.[63] 'n Wapenstilstand hier sou op dieselfde grond toegestaan kon word om 'n vredesvoorstel in die Volksraad te bespreek.

---

58 OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 3. Sien ook onderafdeling 6.3.1(d), hoofstuk 5, *supra*, vir 'n bespreking van die status van die Haasbroek-kommando.

59 VAB, A305: Roux, p. 8.

60 Sien ook onderafdeling 6, hoofstuk 8, *supra*. Sien ook onderafdeling 2, hoofstuk 10, *infra*; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 49 (vn. 1).

61 VAB: A305, Roux, p. 8; Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 98: Van der Merwe (verklaring). Sien ook Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 90. Delport verklaar dat daar geen bewys gevind kon word vir die stelling dat indien die wapenstilstand verwerp word, daar verder geveg moet word. (P.J. Delport, “Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog” (verhandeling), p. 181.) Hierdie standpunt blyk verkeerd te wees wanneer met die herinneringe van Roux en die verklaring van Van der Merwe gehandel word. Die enigste bron, wat tot die teendeel spreek, is die mededeling van P.H. de Villiers aan 'n familielid. (Barry, pp. 28, 33.) Aan so 'n mededeling word uit die aard van die saak minder waarde geheg aangesien dit op 'n vertolking deur die aanhoorder berus. In teenstelling daarmee het Roux en Van der Merwe die krygsvergadering bygewoon.

62 De Wet, p. 124.

63 L. Oppenheim, *International law: a treatise* 2, p. 292; F. Snow, *International law: lectures delivered at the Naval War College*, p. 113.

Dit is opmerklik dat die groter gedeelte van die OVS mag op die punt was om vasgekeer te word. Die oorgawe, wat kon volg, sou die Britse magte se veroweringsaansprake bevestig. Vir Hunter en die Britse magte was daar egter ook 'n groot gevaar in die toestaan van so 'n wapenstilstand. Indien die OVS krygsmag nie die voorwaardes daarvan sou nakom nie, kon hulle die geleentheid kry om onder die voorwendsel van 'n wapenstilstand te ontsnap. Die tyd waarbinne die wapenstilstand van toepassing was, kon ook gebruik word om OVS posisies te versterk, met die doel om 'n verdere Britse aanslag af te weer.[64] Dit is daarom onwaarskynlik dat daar tot 'n wapenstilstand toegestem sou word.

Volgens Roux was die oorgrote meerderheid van die burgers reeds ontmoedig. Die aanwesigheid van twee hoofkommandante, tesame met die groot aantal vlugtende vroue, kinders, waens en vee, het die situasie verder bemoeilik. Roux het geoordeel dat die nuwe hoofkommandant 'n wapenstilstand moes aanvra om met die OVS regering, rakende die sluiting van vrede, in verbinding te tree.[65]

Twee moontlike oplossings vir die oënskynlik “onnoozel” handeling kan aan die hand gedoen word. Die eerste word deur De Wet voorgestel, naamlik “iets anders”. Hierdie “iets” word kort hierna verder deur De Wet verduidelik, naamlik dat “Prinsloo of iemand anders verraad” gepleeg het.[66] Ten opsigte van gekweste majesteit sou so 'n oorgawe dus aan een van die vereistes voldoen, naamlik 'n oorgawe sonder 'n geldige rede.

'n Tweede moontlikheid kan in 'n letterlike vertolking van die aantekeninge van Roux gelees word. Roux skryf soos volg oor die besluit: [Het werd aan Prinsloo] opgedragen overeenkomstig een besluit genomen, aan de commandos hunne respectiewe posities aan te wijzen & in geval er moeilijkheden mochten ontstaan, zou hij de Engelschen om een wapenstilstand voor 6 dagen mogen vragen ten einde ons in gelegenheid te stellen met onzen President in communicatie te komen, doch zou die wapenstilstand geweigerd werd zouden wij tot het uiterste toe met de macht van wapenen weerstand bieden.”[67]

Prinsloo moes gevolglik stellings aanwys, met die doel om die naderende Britse magte te verhoed om die terugvallende kommando’s verder te laat terugval. Indien onsuksesvol, kon Prinsloo die Britse magte met 'n versoek vir 'n wapenstilstand nader.

64 J.M. Spaight*, War rights on land*, pp. 241-242; Oppenheim, 2, pp. 294-296.
65 Soos aan Kestell meegedeel. Sien Kestell, pp. 66-67.
66 De Wet, p. 125.
67 VAB, A305: Roux, p. 8.

Weer ontstaan die vraag of so 'n geval voldoende rede daarstel om oor te gee. Indien nie, kom die misdaad van gekweste majesteit weer ter sprake.

5.3 Evaluering van die krygsvergaderingbesluite

Die aanwesigheid van 'n groot aantal waens en ander persoonlike eiendom moes 'n groot bron van kommer vir die offisiere gewees het. Hierdie punt is reeds in die krygsvergadering van 25 Julie 1900 geopper.[68] Die afsluiting van Nauwpoort en die onbegaanbaarheid van die Golden Gate-roete moes sekerlik die krygsvergadering genoop het om ernstige oorweging aan dié punt te gee. Tog het die krygsvergadering weer nagelaat om die een of ander besluit oor die aanwesigheid van dié hindernisse te neem. Hierdie eiendom was nie alleen die eiendom van die OVS nie, maar ook persoonlike eiendom wat vir oorlogsdoeleindes aangewend is. Die beveiliging daarvan het daarom heelwat aandag geniet, wat nie noodwendig daaraan gegee sou word indien hier net met staatseiendom gehandel is nie. Vir dié rede is daar in die bepaling van die aanvanklike krygstrategie ook prioriteit aan die beskerming van eiendom binne die Brandwaterkom gegee. Hierdie prioriteit het daartoe aanleiding gegee dat bykans die helfte van die OVS krygsmag vir die beskerming van eiendom afgesonder is.

Die eerste krygstrategie kan dus ook as onvoldoende aangestip word met betrekking tot 'n gebeurlikheidsplan, wat voorsiening moes maak vir wat met die goedere moes gebeur indien die hoofmag en die Roux-krygsafdeling nie daarin kon slaag om die aandag van die Brandwaterkom af te lei nie. Die voorkeur aan die beskerming van eiendom bo 'n krygstrategie wat besetting frustreer, staan in direkte verband tot die beskerming van persoonlike eiendom. In dié opsig ontstaan die vraag ook of die staatspresident en sy bevelvoerders versuim het om die beste krygstrategie vir die voortsetting van die oorlog daar te stel .

Dit wil verder voorkom of talle offisiere en burgers onwillig was om bevele te gehoorsaam. Indien laasgenoemde korrek is, sou die aanstelling van 'n hoofkommandant ook weinig gedoen het om die uiters onbevredigende situasie, met betrekking tot die aanwesigheid van hierdie hindernisse, te hanteer. Dit wil dus voorkom of Kestell eerder korrek in sy opsomming is, naamlik dat daar nie 'n bevoegde offisier teenwoordig was wat daarin kon slaag om doeltreffende leierskap te

[68] Sien onderafdeling 8.3, hoofstuk 8, *supra*.

gee nie.[69] In die afwesigheid daarvan het 'n gees van swak dissipline hoogty gevier, en het die beskerming van persoonlike eiendom voorkeur bo die beskerming van staatsbelange geniet.

6. Prinsloo neem die bevel op 28 Julie 1900 oor

Die oggend van 28 Julie 1900 het Prinsloo, midde in 'n hoofkommandantsverkiesing, tydelik bevel van die saamgevoegde Brandwaterkom- en Roux-krygsafdeling geneem. Hierdie was beslis nie 'n benydenswaardige taak nie. Nauwpoort was afgesluit, wat beteken het dat die OVS krygsmag sy weg daar moes oopforseer, of andersins met die Golden Gate-roete moes uitbeweeg. Laasgenoemde keuse, met die toestand van die weg in ag geneem, sowel as die moontlikheid dat ook hierdie roete afgesluit kon word, het die erns van die saak beklemtoon. Prinsloo was ook verantwoordelik vir die beskerming van die eiendom, wat niks met die militêre prioriteite van die OVS se oorlogspoging te doen gehad het nie.[70]

Prinsloo was op grond van ouderdom nie meer krygspligtig nie. Sy bevel in Natal het ook uitgewys dat hy 'n minder geskikte bevelvoerder was. Prinsloo se gedrag getuig van 'n offisier wat bevele verontagsaam, en wat ook sy status as offisier misbruik het. Teen hierdie agtergrond kan met reg gevra word of die krygsvergadering van die vorige nag sy vertroue in die beste kandidaat geplaas het. Ter verdediging van Prinsloo kan verklaar word dat hy, vergeleke met Roux, oor meer militêre ervaring beskik het en dat hy ook die steun van die meerderheid offisiere geniet het. In 'n demokraties-bestuurde militêre omgewing kon Prinsloo daarom dalk die knoop deurhaak. Behalwe vir die benarde militêre situasie, het Prinsloo nog een groot probleem gehad, naamlik die swak krygsmoreel van die nuwe, saamgevoegde krygsafdeling.[71]

Prinsloo het vir Crowther en Van der Merwe getaak met die afhandeling van die verkiesing. In die proses het Prinsloo sy krygsafdeling van die bevel van twee senior offisiere ontneem. Roux het sy woord gestand gedoen en Crowther en Van der Merwe

---

69 Kestell, p. 68.

70 Sien onderafdelings 3 en 4, *supra*.

71 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 5; onderafdeling 9, hoofstuk 7, en onderafdeling 6, hoofstuk 8, *supra*.

vergesel. Volgens Roux was sy doel nie om sy verkiesingsveldtog te bevorder nie, maar om verkenningswerk te doen.[72]

Meyer staan krities teenoor hierdie besluit van Roux. Volgens Meyer het Roux na die voorste kommando's gegaan om sy verkiesing te bevorder, en het hy op die betrokke dag nie aan Prinsloo die ondersteuning gebied wat nodig was nie.[73] Hoewel Meyer se kritiek nie sonder meer verwerp kan word nie, is dit tog belangrik om te meld dat Prinsloo self twee senior offisiere opdrag gegee het om die verkiesing af te handel. Gegewe die kritieke omstandighede waarin Prinsloo homself bevind het, was dit verkieslik om òf die afhandeling van die verkiesing uit te stel, òf ander geskikte amptenare te vind wat nie sy onmiddellike bevelstruktuur sou verswak nie. In die geval van Crowther, was Prinsloo na alle waarskynlikheid genoodsaak om kommandant P.H. de Villiers vir die dag in sy plek as waarnemende veggeneraal aan te stel. Die Senekal-kommando moes ook vir die dag 'n waarnemende kommandant aanwys.[74]

---

72 VAB, A305: Roux, pp. 8-9; Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 98: Van der Merwe (verklaring); VAB, A119/1056: I.A. Meyer, "Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse oorlog 1899-1902", p. 19. Brink, in teenstelling met die bronne, verklaar dat Roux, Crowther en Van der Merwe 'n weg deur die Golden Gate gaan soek het. (Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 91.) Kriek maak alleen melding dat Crowther getaak was met die verkiesing. VAB, A119/8: Kriek, p. 8.

73 VAB, A119/1056: Meyer, p. 19. Van Rensburg vermeld dat Roux geweier het om Prinsloo se gesag na afloop van die verkiesing te aanvaar en daarom 'n verkiesingsreis onderneem het om die oorblywende stemme van offisiere te werf, met die doel om die hoofkommandantskap te verkry. (A.P.J. van Rensburg, "Die sandkol wat nie wou toegroei nie", *Huisgenoot*, 8 Augustus 1969, p. 19.) Die kritiek is nie ongegrond nie. Die vraag ontstaan egter of Roux nie die uitslag van die verkiesing moes aanvaar en self sy tyd en aandag gegee het om Prinsloo behulpsaam te wees in die verdediging van stellings nie. Wat Roux self betref, sou dit meer verkieslik gewees het dat hy so spoedig moontlik met sy onderskeie kommando's uitvoering moes gee aan die opdrag om die Brandwaterkom te verlaat. (Van Rensburg, p. 19.) Tog het Roux onderneem om nie verder bevel te voer, totdat die verkiesing afgehandel was nie. Roux het hom daarom self onthef van die bevele aan hom uitgereik en daarmee sy rug op die bevele aan hom uitgereik gekeer. (Sien onderafdeling 5.1, *supra*.) Boldingh is die enigste bron wat moontlik die optrede van Roux verklaar. Volgens die skrywer het hy Roux die oggend na afloop van die krygsvergadering ontmoet. Roux het Boldingh meegedeel dat hy nie meer bevel voer oor die kommando's aan hom toegewys nie en dat hy die kommando's aan Prinsloo afgestaan het tot tyd en wyl daar geleentheid vir hom was om uitvoering aan sy oorspronklike opdrag te gee. Dit was om die Brandwaterkom/Caledonvallei te verlaat met die doel om in die distrikte aan hom toegewys, te opereer. Roux het in die gesprek ook geen melding gemaak van die reëling dat Prinsloo, tot en met die afhandeling van die verkiesing, as hoofkommandant waargeneem het nie. (Boldingh, p. 21.) In die bespreking moet egter gewaak word teen kritiek ter wille van kritiek. Die tydstip waarin die opdrag voltrek moes word, was haas verby. Die benarde posisie waarin die OVS krygsmagte hulle bevind het, het Roux genoodsaak om sy kragte en magte toegewys te gebruik om so met Prinsloo saam te werk om 'n ramp te voorkom. Roux moet na alle waarskynlikheid erkenning ontvang vir sy bereidheid om dit te doen. Aan die ander kant hang daar vele vraagtekens oor sy wyse van uitvoering van die plan. Hier moet veral daarop gelet word dat Roux nie 'n ervare krygsman was nie en dat jaloesie en afguns in hierdie opsig van meer ervare krygsmanne teenoor Roux, tot die dilemma bygedra het. Afguns en naywer is nie veronderstel om 'n rol te speel in die uitvoering van militêre besluite nie, maar deur die jare heen, en in verskillende oorloë, het dit uiteraard in die praktyk wel 'n rol gespeel. Gegewe die demokratiese wyse waarop OVS offisiere verkies is, kon persoonlike beweegredes, insluitende afguns en naywer, die uitslag beïnvloed. Dit is 'n ope vraag of so 'n stelsel bevorderlik is vir moderne oorlogvoering.

74 Sien onderafdeling 7, *infra*.

7. Die Slaapkrans-geveg

Hunter het tot en met 28 Julie 1900 in Fouriesburg gewag om sodoende aan sy magte die geleentheid te bied om die ander uitgange uit die Brandwaterkom en Caledonvallei af te sluit. Sy vrees was dat, sou hy sy suksesse te vinnig opvolg, hy die OVS krygsmag sou dwing om in allerhaas die gebied te verlaat.[75] Op die dag wat Hunter Fouriesburg verlaat het, het Prinsloo pas na afloop van die krygsvergadering bevel van die gesamentlike twee krygsafdelings geneem. Prinsloo het te Slaapkrans stelling ingeneem met die doel om sy agterhoede te beskerm.

7.1 Die belang van die stelling te Slaapkrans

Slaapkrans is die toegangsroete vanuit die Brandwaterkom na die Caledonvallei. Vanuit die Caledonvallei was dit weer moontlik om die gebied deur Nauwpoort of Golden Gate te verlaat. Wat Golden Gate betref, moet egter in gedagte gehou word dat die weg in 'n swak toestand, en minder geskik vir die gebruik van veral waens was.[76] Nauwpoort is reeds op 28 Julie 1900 deur die Britse magte afgesluit. Volgens Boldingh kon die OVS besetting van Slaapkrans, Nauwpoort en die roete te Golden Gate 'n “schuilplaats voor al onze wagens en voor het vee” verseker.[77] Vroeër vermeld Boldingh ook dat die kommando’s juis deur De Wet agtergelaat was met die doel om vlugtelinge en hul eiendom te beskerm.[78]

Prinsloo het die besetting van die stellings te Slaapkrans aan bepaalde kommando’s opgedra, terwyl hyself toesig oor die beweging van die waens en kanonne gehou het. Hieruit kan duidelik gesien word watter waarde hy aan die beskerming van die eiendom geheg het. Die verlies van Slaapkrans het daarom ook vir Prinsloo beteken dat die OVS magte onder sy bevel in hulle doel misluk het, aangesien 'n suksesvolle ontsnapping met waens, karre en vee deur Golden Gate besonder moeilik sou wees. Daarenteen verklaar De Wet uitdruklik in die uiteensetting van sy krygsplan dat die mag, onder bevel van Prinsloo, geen waens by hulle moes hou nie, om sodoende makliker te kon ontsnap sou die Britse magte poog om die Brandwaterkom binne te

---

75 TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, pp. 5, 6.

76 Sien voetnoot 26, *supra*. Sien ook onderafdeling 2, hoofstuk 5, *supra*, vir 'n topografiese beskrywing van die Brandwaterkom.

77 Boldingh, pp. 20, 22.

78 *Ibid.*, p. 13.

dring.[79] Weer ontstaan die vraag waarom die bevele nie na behore gekommunikeer is nie.

Die opdrag van De Wet is maklik verstaanbaar. 'n Langdurige beleg van die OVS magte binne die gebied was van min waarde vir die OVS oorlogspoging. Met inagneming van die nuwe wyse van oorlogvoering (guerrilla-oorlogvoering), waarop die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en OVS in Maart 1900 besluit het, kon so 'n beleg nie sonder meer eindig met 'n uitslag waar die waens, karre en vee geleentheid sou kry om die gebied te verlaat nie. 'n Beleg sou verder ook beteken dat die OVS magte buite die gebied geen toegang tot die goedere in die gebied kon verkry nie.[80] Die verkleining van die oorlogsgebied binne die OVS het daarop gewys dat die Britse magte moontlik suksesvol in hulle verowering van die gebied was.

Dit is dus hoogs waarskynlik dat De Wet wel so 'n opdrag aan Prinsloo gegee het. Waarom het Prinsloo nie aan hierdie opdrag gehoor gegee nie? Waarom het hy na afloop van die verlies van die stellings te Retiefsnek en Slabbertsnek nie waens, karre en vee agtergelaat en in allerhaas die gebied verlaat nie? Sodanige handeling het pligsversuim, kragtens die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet,*[81] daargestel. Artikel 64 het uitdruklik bepaal dat offisiere en burgers “strikte” gehoorsaamheid aan die wettige bevele van hulle meerderes verskuldig was.[82] In die eerste plek het Prinsloo hier nie alleen staatseiendom beskerm nie, maar ook die eiendom van burgers. Die gebruik van persoonlike eiendom in tye van oorlog is ook 'n vereiste wat deur wetgewing voorgeskryf is.[83] Vanuit 'n militêre oogpunt sou veral die waens en

---

79 Sien voetnoot 26, *supra*. Sien ook onderafdeling 2, hoofstuk 5, *supra* vir 'n topografiese beskrywing van die Brandwaterkom. Vir 'n beskrywing van De Wet se opdragte aan die Brandwaterkom-krygsafdeling, sien onderafdeling 6.3.1(e), hoofstuk 5, *supra*. Amery verklaar dat Prinsloo aan die die kommando’s van Ficksburg, Senekal en Thaba ’Nchu opdrag gegee het om te Slaapkrans stelling in te neem. (Amery (red.), 4, p. 338.) Daarenteen verklaar Roux, Meyer en Boldingh dat die kommando’s van Ficksburg en Ladybrand die opdrag ontvang het. (VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 9; VAB, A119/1056: Meyer, p. 19; Boldingh, p. 22.) Van der Merwe, die kommandant van die Senekal-kommando, verklaar weer dat dié kommando ook stelling te Slaapkrans ingeneem het. (Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 98: Van der Merwe (verklaring).) Brink verwys weer na die kommando’s van Ficksburg, Ladybrand, Senekal, Smithfield, Thaba ’Nchu, Winburg en Wepener. (Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 87. Sien ook VAB, A119/8: G.P. Kriek, p. 8.) Die verskillende weergawes oor die ontplooiing van kommando’s te Slaapkrans is verstaanbaar, want dit wil voorkom of talle opdragte in hierdie tyd deur verskillende kommandante en burgers verontagsaam is. VAB, A119/1056: Meyer, p. 19; VAB, A119/42, p. 2: J.N. Brink — *Die Volksblad*, 17.6.1949 (brief).

80 Vir die nuwe wyse van oorlogvoering, sien J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 5, pp. 159-164. Vir die noodsaak om die oorlogsgebied te vergroot, sien hoofstuk 3, *supra*.

81 Wet 10/1899.

82 *Ibid*.

83 Sien artikels 37 en 38 (Wet 10/1899).

osse ook handig in die Britse oorlogspoging te pas kom.[84] Dit is verder onwaarskynlik, gegewe die feit dat persoonlike eiendom hier ter sprake is, dat die OVS krygsmag die eiendom sou vernietig. Daarom ook die beskerming wat hieraan gekoppel is.

Die besprekings hierbo het egter reeds op die teendeel gewys, naamlik dat die tweede krygstrategie na alle waarskynlikheid nie aan Prinsloo, Roux en ander offisiere bekend was nie. Die vraag ontstaan waarom soveel waarde aan die stelling van Boldingh geheg word. Boldingh verklaar dat hy aanwesig was toe die krygstrategie in die tent van die staatspresident bespreek is. Hy het verder ook in die krygsvergadering van 25 Julie 1900 te Fouriesburg as sekretaris diens gedoen. Sy teenwoordigheid in beide vergaderings getuig van 'n offisier, wat in 'n bepaalde vertrouensposisie was. Indien Boldingh dus fouteer rakende die krygsplanne van De Wet, ontstaan die vraag of ander aanwesige offisiere met die De Wet-krygstrategie bekend was. Dit is daarom weer eens duidelik dat die tweede krygstrategie om die een of ander rede nie bekend was nie.[85] Weer is hier aanduidings dat ’n persoon of offisiere versuim het om die gewysigde krygstrategie na behore te kommunikeer. Die alternatief is dat Prinsloo doelbewus besluit het om nie aan die gewysigde krygstrategie uitvoering te gee nie. So ’n besluit regverdig ’n besonder ernstige aanklag teen Prinsloo.

Prinsloo het dus, aan die hand van Boldingh, die beskerming van vlugtelinge en privaateiendom as sy primêre taak gesien. Die gedagte aan 'n sterk demokraties-gedrewe, militêre bedeling het voorts die afdwing van enige besluit rakende die agterlaat van hierdie tipe goedere aansienlik bemoeilik. Laasgenoemde word veral beklemtoon deur die feit dat persoonlike eiendom ook hier ter sprake was. Hierna word later teruggekeer.[86]

7.2 Bevelvoerder te Slaapkrans

Kriek verklaar dat kommandant P.H. de Villiers die bevelvoerder te Slaapkrans was. Die aanstelling van De Villiers in hierdie posisie was waarskynlik die gevolg van Crowther se afhandeling van die hoofkommandantsverkiesing. Die kommandant van Senekal, Van der Merwe, het vir Crowther in die uitvoering van hierdie opdrag

---

84 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 2, hoofstuk 11, *infra*.

85 Boldingh, pp. 12-14. Sien VAB, A305: krygsvergadering, 25.7.1900, pp. 1-4.

86 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 2, *supra* vir 'n bespreking van die status van krygsvergaderings. Roux self kon ook nie sy eie krygsvergadering oortuig om uitvoering aan die bevele van die OVS opperbevel te gee nie. (Sien onderafdeling 6, hoofstuk 7, *supra*.) Vir 'n verdere bespreking rakende die prioriteit wat aan die beskerming van privaateiendom gegee is, sien hoofstuk 10, *infra*.

bygestaan.[87] Die afhandeling van 'n verkiesing het daarom voorrang bo militêre aangeleenthede geniet.

Brink, 'n adjudant van Crowther, het later die aanstelling van P.H. de Villiers as bevelvoerder (waarnemende veggeneraal) te Slaapkrans ontken. Volgens hom het P.H. de Villiers slegs die kommando van Ficksburg op die betrokke dag aangevoer.[88] Brink versuim egter om 'n ander persoon te vermeld, wat as bevelvoerder van die OVS eenheid te Slaapkrans op dié betrokke dag gedien het. By gebrek aan so 'n aanstelling, of enige ander bron oor hierdie punt, word aanvaar dat P.H. de Villiers as bevelvoerder opgetree het en dat Prinsloo oor die terugval van waens en kanonne toesig gehou het.[89] P.H. de Villiers se aanstelling hou op sy beurt direk verband met Crowther se afhandeling van die verkiesing. De Villiers se teenwoordigheid hier, sowel as sy invloed in die latere onderhandelinge, wat op die oorgawe uitgeloop het, is besonder belangrik. In die lig hiervan word ook in hoofstuk 12 met sy moontlike aandeel in die oorgawe gehandel.

7.3 Die verlies van die Slaapkransstellings

Gedurende die dag van 28 Julie 1900 het die voorhoede van Hunter, onder bevel van Clements, in gevegte met die agterhoede van die OVS magte, wat te Slaapkrans gestasioneer was, betrokke geraak. Hierbo is ook reeds na die posisie te Nauwpoort verwys. Daar bestaan verskillende weergawes rakende die verlies van die Slaapkransstellings. Aan die hand van Boldingh wil dit voorkom of Haasbroek se versuim om uitvoering te gee aan die opdrag, om te Nauwpoort stelling in te neem en dit te behou, Prinsloo genoodsaak het om die Senekal-kommando te gelas om die ontruimde stellings daar te beset. Dit wil voorkom of ook Boldingh geoordeel het dat Haasbroek versuim het om sy opdrag te gehoorsaam.[90]

Die opdrag aan die Senekal-kommando, om Nauwpoort in die plek van Haasbroek te beset, het volgens Boldingh op so wyse geskied dat die ander kommando's te

---

87 VAB, A119/8: Kriek, p. 9; OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers, "'n Kort lewenskets van oorlede kommandant Paul Hendrik de Villiers van Ficksburg, OVS" [hierna P.H. de Villiers-lewenskets], p. 2. Vir die opdrag aan Crowther en Van der Merwe, sien onderafdeling 6, *supra*.

88 VAB, A119/42, p. 1: J.N. Brink — *Die Volksblad*, 17.6.1949 (brief).

89 Sien onderafdeling 7.1, *supra.*

90 Vir die gebeure te Nauwpoort, sien onderafdeling 3, *supra*. Sien ook TNA: WO 32/7998, Hunter-verslag, p. 9; Boldingh, pp. 22-23; VAB, A119/8: Kriek, p. 8; VAB, A305: Roux, p. 9. Boldingh se weergawe rakende die onttrekking en verwarring wat so ontstaan het, berus hoofsaaklik op die beskrywing van Keulemans. Keulemans lewer nie kommentaar op die gegewe bladsy nie. Die indruk is daarom dat die weergawe wel korrek kan wees.

Slaapkrans ook van mening was dat hulle na Nauwpoort moes vertrek. Op hierdie wyse is Slaapkrans ontruim sonder dat dit na behore verdedig is.[91] Dit wil verder voorkom of talle kommando's reeds ten aanvang van die Slaapkransgeveg versuim het om stelling in te neem. Voorts het die kommandant van die Ladybrand-kommando aan P.H. de Villiers te kenne gegee dat, indien sy kommando's se stellings deur die Britse magte aangeval word, hy die stellings sou oorgee.[92] Meyer bied 'n meer vereenvoudigde weergawe van die geveg, naamlik dat hulle die nag, toe die opdrag ontvang is om die stellings te ontruim, hulle byna reeds tussen die Britse magte bevind het. Derhalwe was hulle gedwing om terug te val.[93] Brink, wat ook aan die gevegte deelgeneem het, verklaar dat die flanke van die OVS stellings teen die nag bedreig is.[94]

Hunter daarenteen vermeld weinig besonderhede in verband met die gevegte die dag. Hy verklaar alleen dat hy in die Britse opvolgoperasies twee keer in die omgewing van Slaapkrans deur die OVS krygsmag tot stilstand gebring is. Hy het voorts aangedui dat hy gedurende die nag 'n verdere aanval geloods het, met die doel om die OVS afdelings daar uit hulle posisies te dwing. Hunter verklaar verder dat 'n afdeling van sy magte, nadat hulle die OVS posisies gedurende die nag bereik het, gevind het dat dit reeds ontruim was.[95]

Dit is 'n ope vraag of die verlies van die Slaapkransstellings ten volle die skuld van die Senekal-kommando was, en of die opdrag op so wyse geskied het dat P.H. de Villiers toegelaat het dat hierdie kommando die stellings ontruim, sonder om 'n ander kommando daaraan toe te wys. Laasgenoemde sou wel moontlik wees indien aanvaar word dat Prinsloo die bevel gegee het sonder dat hy kennis gedra het van die situasie te Slaapkrans, en dat hy ook nie met P.H. de Villiers, die offisier-in-bevel te Slaapkrans, rakende so 'n opdrag oorleg gepleeg het nie. Ongelukkig kon geen bron

---

91 Boldingh noem ook dat Van der Merwe op die dag in bevel van die kommando was. (Boldingh, pp. 22-23.) Tydens die gevegte te Slaapkrans was Van der Merwe, tesame met Crowther, gelas om die verkiesing van 'n hoofkommandant af te handel. Sien onderafdeling 6, *supra*.

92 OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers-lewenskets, pp. 2-3.

93 VAB, A119/1056: Meyer, p. 20. Volledigheidshalwe word hier ook verwys na die standpunt van Penning. Volgens hom is die stellings te Slaapkrans die nag ontruim uit vrees dat die Britse magte daarheen kon trek. Penning meld ongelukkig nie of hierdie toestand te wyte was aan die optrede hierbo geskets nie. Penning, 3, p. 882.

94 Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 87.

95 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 28.7.1900 (afskrif van telegram A. 229) en A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 231); TNA, WO 105/24, "Confidential, Genl Prinsloo's surrender negotiations", p. 4: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).

gevind word wat die aangeleentheid voldoende toelig nie. By gebrek aan enige bron hieromtrent, word die aangeleentheid gevolglik hier gelaat.

8. Die kritiek van Roux teenoor die bevel van Prinsloo

Roux het Prinsloo veral gekritiseer vir sy gebrek aan enige noemenswaardige vordering na afloop van die krygsvergadering te Fouriesburg. Aan die hand van Roux wil dit voorkom of hy van mening was dat, indien Prinsloo vinniger gevorder het, die geveg te Slaapkrans na alle waarskynlikheid nie sou plaasgevind het nie. Gevolglik was dit ook nie vir Prinsloo nodig om die besluit van die krygsvergadering in werking te stel nie.[96] Roux se kritiek is tweeledig van aard: die eerste gedeelte handel met die keuse van stellings te Slaapkrans, terwyl die tweede gedeelte meer fokus op die inwerkingstelling van die krygsvergadering se besluit, naamlik om 'n wapenstilstand aan te vra. Dié punte is veral belangrik om te bepaal of die oorgawe, gesien in die lig van die omstandighede, wel regverdigbaar was al dan nie. Indien nie, is hier weer sterk aanduiding van ten minste die misdaad van gekweste majesteit. Dit is egter hier te vroeg om 'n gevolgtrekking te maak, sonder om verder volledig met die gebeure tot en met die oorgawe op 30 Julie 1900 te handel.

8.1 Die keuse van die Slaapkransstellings

Dit was sekerlik belangrik dat die kommando's so vinnig as moontlik beweeg het. Brink en ander bronne verklaar dat die teenwoordigheid van waens, vlugtende vroue en kinders, troppe vee en die toestande van die paaie binne die Brandwaterkom en Caledonvallei, die beweging van die kommando's aansienlik bemoeilik het. Die beskerming van die groep het ook 'n prioriteit geniet. In sy boek vermeld Brink dat die kommando van Senekal op 28 Julie 1900 in die omgewing van Nauwpoort gestaan het. Volgens Brink was die kommando's van Ladybrand en Ficksburg direk agter hulle. Brink verduidelik dat die verposing te wyte was aan die groot aantal waens wat die weg versper het.[97]

---

96 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", pp. 8, 9.

97 Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 88. Sien ook Boldingh, p. 19, VAB, 119/519: Dagboek van J.C. van der Walt, p. 12; Kestell, pp. 68-69; Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Slegtkamp-versameling (A235): Slegtkamp-manuskrip, 1, p. 140.

Die beskerming van Slaapkrans, gegewe die strategiese waarde daarvan, was sekerlik nie onvanpas nie.[98] Stellings te Slaapkrans het die vlugtende waens, karre en vee van die aankomende Britse magte afgeskerm. Sodoende is gepoog om ook aan hierdie groep geleentheid te bied om die Caledonvallei te verlaat. Juis om hierdie rede was die Slaapkransstellings van die allergrootste belang. Prinsloo sou daarom eerder gekritiseer kon word vir sy gebrek om die stellings behoorlik te beskerm, as sy keuse om daar stelling in te neem. Op hierdie punt moet verder onthou word dat geeneen van die krygsvergaderings afgesien het van die prioriteit rakende die beskerming van eiendom nie.[99] Die versuim om aan dié punt aandag te gee, hang ten nouste saam met die gebruik van persoonlike eiendom in tye van oorlog.[100]

8.2 Inwerkingstelling van die besluit

Roux se tweede punt van kritiek handel met die inwerkingstelling van die krygsvergaderingbesluit om die wapenstilstand aan te vra. Hierdie besluit het, volgens die aantekeninge van Roux, op die volgende neergekom: “[I]n geval er moeilijkheden mochten ontstaan, zou hij [Prinsloo] de Engelschen om een wapenstilstand voor 6 dagen mogen vragen [...].”[101] Die verlies van die stellings te Slaapkrans sou wel beskou kon word as die begin van moeilikheid. Daarmee tesaam is kanonskote in die verte gehoor, wat die vraag laat ontstaan of dit enigsins nog moontlik was om deur Golden Gate te beweeg.[102] Of die stellings te Slaapkrans egter na behore verdedig is, bly 'n ope vraag.[103]

Die besetting van Nauwpoort op 29 Julie 1900 het verder die gevaar laat ontstaan dat die vlugtende kommando’s, vroue en kinders, en troppe vee deur die Britse magte vanuit hierdie posisie (Nauwpoort) gebombardeer kon word. Laasgenoemde het in werklikheid beteken dat die pad na Golden Gate ook afgesper was, aangesien kommando’s en vee, wat nie reeds op die Golden Gate-roete was nie, nie verder daarlangs kon beweeg nie.[104]

Hiermee het die gemoedstoestand van die OVS magte 'n laagtepunt bereik. Die moontlikheid van oorgawe is ook reeds ten tyde van 'n vergadering van die Ficksburg-

98 Vir die belang van die stellings te Slaapkrans, sien onderafdeling 7.1, *supra*.
99 Vir 'n bespreking van die krygsvergaderings, sien onderafdeling 8, hoofstuk 8 en onderafdeling 7, *supra*.
100 Sien artikels 37 en 38 (Wet 10/1899)
101 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 8.
102 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 88; Keulemans, p. 27 (vn. 1).
103 Sien onderafdeling 7.1, *supra*.
104 Sien onderafdeling 7.1, *supra*. Vir die afsluiting van Nauwpoort, sien onderafdeling 3, *supra*.

kommando geopper, asook die vorige nag tydens 'n algemene krygsraadvergadering bespreek. OVS krygsgevangenes het ook na afloop van die geveg te Slaapkrans aan die Britse magte vertel dat die meerderheid van burgers in daardie stadium ten gunste van oorgawe was.[105] In die woorde van Amery het die OVS magte daarom, na afloop van die verlies van die Slaapkransstellings, wanordelik voortgevlug. Hierdie gebrek aan dissipline is, in die woorde van Kestell, verder vererger deur die afwesigheid van 'n bevoegde bevelvoerder, wat in hierdie sombere omstandighede leiding kon gee.[106] Die verkiesing van 'n hoofkommandant het dus weinig bygedra om die situasie te red. Roux sou sekerlik geoordeel het dat Prinsloo die verkeerde keuse was. Ironies genoeg was Prinsloo se verkiesing die regstreekse gevolg van Roux se eie handelinge.

Ten opsigte van die besetting van Nauwpoort moet in gedagte gehou word dat dit ten tyde van die gevegte te Slaapkrans reeds duidelik moes gewees het dat ontsnapping deur Nauwpoort onmoontlik was.[107] Die moontlike blokkasie van die roete deur Golden Gate, aan die anderkant, was bloot gerugte gewees. In hierdie omstandighede sou enige militêre aanvoerder homself van die werklike situasie vergewis het, deur die verkryging van die juiste militêre intelligensie. Dit wil verder voorkom of die gerugte verkeerd was.[108]

Met bogenoemde in ag genome sou die verlies van die stellings te Slaapkrans wel kon kwalifiseer as “moeilikheid” wat ontstaan het. Onsekerheid oor die militêre posisie, veral met betrekking tot die Golden Gate-roete, het Prinsloo laat glo dat 'n wapenstilstand moontlik die enigste gepaste handeling in die gegewe omstandighede was. Tydens sodanige onderhandelinge kon hy hom toespits om sy juiste militêre posisie vas te stel. Die inwerkingstelling van die krygsvergaderingbesluit het daarom ten volle binne die krygsmandaat, soos opgedra deur die vorige nag se krygsraadvergadering (27 op 28 Julie 1900), geval.

Dit wil dus voorkom of Roux se kritiek nie regverdigbaar in die lig van die besondere omstandighede was nie. Die vraag ontstaan of Roux hierdie indirekte aantyging wou gebruik om sy bewerings van verraad in die optrede van Prinsloo uit te wys. Indien

105 Vir 'n bespreking van die krygsvergadering, sien onderafdeling 6, hoofstuk 8, *supra*. Sien ook TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram); Wilson, 3, pp. 31-32.

106 Amery (red.), 4, p. 339; Kestell, p. 68.

107 Sien onderafdelings 3 en 4, *supra*.

108 Vir gesag, sien voetnoot 15, hoofstuk 10, *infra*.

wel, sou dit beteken dat Roux aanvoer dat Prinsloo doelbewus die stellings te Slaapkrans gekies het met die oog op die verlies daarvan. Hier moet egter ook gewaak word om nie te veel in die woorde van Roux te lees nie. Dit kon doodeenvoudig wees dat Roux wou uitwys dat Prinsloo sy onderhandelinge met die Britse magte onder die dekmantel van die krygsvergaderingbesluit begin het, en dat laasgenoemde onnodig was. Hier moet ook nie uit die oog verloor word dat Roux, wetend of onwetend, waarskynlik besig was om sy eie aandeel in die oorgawe te verbloem nie.

Laastens moet daarop gelet word dat Prinsloo, deur die krygsvergadering van die vorige nag, gelas was om stellings aan te wys en dat Prinsloo self by die agterste kommando's teenwoordig was, terwyl Roux hom by die voorste kommando's bevind het.[109] Roux se bespreking van die situasie berus daarom op mededelings deur ander gemaak. Veral met inagneming van laasgenoemde sou Prinsloo, en nie Roux nie, in 'n beter posisie gewees het om 'n gepaste besluit oor die militêre situasie te neem.

9. Gevolgtrekkings

Die OVS oorlogspoging is by die gebeure in die Brandwaterkom versaak. Nie alleen het die doelwitte van die eerste krygstrategie in die slag gebly nie, maar die moontlike verowering van die OVS het toenemend 'n werklikheid geword. Die gebrekkige Britse veroweringsaansprake, soos in hoofstuk 3 uitgewys, was met die besetting van Fouriesburg toenemend binne die bereik van die Britse magte. Al wat oorgebly het was om Harrismith en Vrede te beset en met die OVS krygsmag af te reken. Die staat van wanorde waarbinne die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom verkeer het, het ook dié doelwit binne die bereik van die Britse magte geplaas.

Roux het hierdie proses verhaas deur sy aandrang op die verkiesing van 'n hoofkommandant. Nie alleen het hierdie verkiesing nie aan die prosedurele vereistes, soos deur wetgewing bepaal, voldoen nie, maar dit het ook 'n streep deur die doelwitte van die krygstrategie getrek. Daarmee tesaam het Roux gepoog om sy eie onvermoë om bevel te voer, as verskoning te gebruik om hom tot die demokratiese kant van die OVS militêre bestuur te wend. Indien Roux wel 'n bevoegde bevelvoerder was, sou dit vir hom moontlik gewees het om met sy twee ampsbroers, Prinsloo en Hattingh, saam

[109] Sien onderafdeling 5.2, *supra*.

te werk om die oorlogspoging onderling te koördineer. Voorts is dit duidelik dat die OVS krygsmag 'n ongedissiplineerde mag was. Die ondermyning van veral Roux deur sy offisiere getuig van hierdie feit. Die aanwysing van Prinsloo as tydelike hoofkommandant het trouens weinig bygedra om die posisie te verbeter.

Nòg Prinsloo, nòg Roux het oor voldoende militêre inligting rakende hulle situasie beskik. Dit wil verder voorkom of beide bevelvoerders onbewus van die moontlikheid van 'n uitgang deur Golden Gate was. Die gebrek aan militêre inligting word veral voor die deur van Prinsloo gelê, wat primêr verantwoordelik vir die beskerming van die Brandwaterkom was. Hierdie gebrek plaas ook 'n vraagteken oor die geskiktheid van Prinsloo as bevelvoerder.

Die verknogtheid aan persoonlike eiendom blyk verder aan die hand van die hoofstuk. Weer is dit nie militêre prioriteite wat die deurslag gegee het nie, maar die beskerming van persoonlike eiendom. Voorts is 'n gebrek in die eerste krygstrategie uitgewys, naamlik dat daar nie voorsiening vir 'n gebeurlikheidsplan gemaak is, indien die beskerming van die toegangsroetes tot die Brandwaterkom misluk het nie. Weer eens stip dit ook die inherente gebrek aan 'n krygstrategie aan, naamlik die noodsaak om nie die groter gedeelte van die OVS krygsmag op een plek te plaas nie. Die omstandighede waarbinne die groter gedeelte van die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom verkeer het, het dit vir die Britte maklik gemaak om aan die verdere vereistes vir verowering te voldoen, naamlik om die vyandelike aktiwiteite tot 'n einde te bring.

Voorts word 'n ernstige vraagteken oor die keuse van die krygsvergadering geplaas om 'n wapenstilstand aan te vra. Gegewe die omstandighede kon dit natuurlik verwag word dat die Britse magte, wat op die punt gestaan het om die OVS krygsmag te beleër of tot oorgawe te dwing, nie sonder meer so 'n versoek sou toestaan nie.

Roux bied ook sy weergawe van die oorgawe so aan dat hy feitlik van alle blaam onthef word, terwyl Prinsloo aan die anderkant verdag gemaak word. Die herinneringe van Roux kan egter nie as navorsingsbron uitgesluit word nie, aangesien daar reeds gebrekkige bronne rakende die gebeure beskikbaar is. Gevolglik word die herinnering ingesluit, maar met die nodige versigtigheid behandel. Die bespreking hierbo benadruk ook weer die onbekendheid van die tweede krygstrategie.

Dit is daarom duidelik dat, na afloop van die verlies van die Slaapkransstellings, die OVS krygsmag binne die Brandwaterkom moes besluit wat hulle te doen staan. Met hierdie keuse word in die volgende hoofstuk gehandel.

Hoofstuk 10
Die onderhandelinge op
29 Julie 1900

"Generaal Prinsloo het op sy pos gebly en gedoen wat hy kon. Hy het nie die ondersteuning gehad wat hy moes gekry het nie. Met die oorgawe het hy 'n wanordelike en gewelddadige oorgawe voorkom."[1]

1. Inleiding

Hierdie hoofstuk handel met die onderhandelinge, wat op 29 Julie 1900 tussen hoofkommandant M. Prinsloo en luitenant-generaal A. Hunter plaasgevind het. Die belang van hierdie onderhandelinge is tweeledig. Eerstens is talle beweringe al gemaak dat die onderhandelinge onwettig was omdat Prinsloo sy mandaat, om met die Britse magte te onderhandel, oorskry het. Tweedens het Prinsloo in sy onderhandelinge met Hunter nie alleen gepoog om oor te gee nie, maar ook om vrede te sluit.

Wat 'n oorgawe betref, is 'n bevelvoerder kragtens die bepalings van die volkereg bevoeg om oor te gee. In terme van die Romeins-Hollandse gemenereg, wat ook van toepassing in die Oranje-Vrystaat (OVS) was, kon 'n bevelvoerder slegs oorgee indien die omstandighede dit geregverdig het. Indien nie, was die gevaar groot dat so 'n bevelvoerder hom aan die misdaad gekweste majesteit skuldig gemaak het.[2] Voorts het die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* bepaal dat 'n persoon hoogverraad pleeg indien hy hom tot 'n vreemde moondheid wend, sonder tussenkoms van die Volksraad, met die bedoeling om die OVS se onafhanklikheid te beëindig.[3] In dié opsig verg Prinsloo se versoek om 'n wapenstilstand, met die bedoeling om vredesonderhandelinge te begin, verdere bespreking.

---

1 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Renier-versameling (A119/1056): I.A. Meyer, "Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse oorlog 1899-1902", p. 20.

2 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5, hoofstuk 12, *infra*.

3 Artikel 1(A) van hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.

Hunter was slegs bereid om die onvoorwaardelike oorgawe van Prinsloo, sy offisiere en burgers te aanvaar. Vir Prinsloo, daarenteen, was dit egter belangrik om wel die een of ander vorm van toegewing te verkry. Sy oorgawe het meer as twee maande na afloop van die proklamering van die OVS tot Britse grondgebied plaasgevind. Kort hierna is proklamasie XV van 1 Junie 1900 uitgevaardig. Hiervolgens is persone, wat die oorlog voortgesit het, met gevangeneming as rebelle behandel. Dié proklamasie het dus beteken dat, indien Prinsloo en die magte onder hom oorgee, hulle nie op die status van krygsgevangenes geregtig was nie. Voorts was daar ook 'n daadwerklike vrees dat die Britse magte op eiendom kon beslag lê, as gevolg van voortgesette deelname aan die oorlog. Hoewel nie een van die proklamasies aan die vereistes van die volkereg voldoen het nie, en daarom ook ongeldig was, moet hier onthou word dat die persepsie wat daardeur geskep is wel die een of ander invloed op 'n krygsmag, wat op die punt gestaan het om oor te gee, moes gehad het.[4] So 'n punt sou ook in enige onderhandelinge betreffende oorgawe hanteer word.

Beide die staatspresident, M.T. Steyn, en opperbevelvoerder, C.R. de Wet, was tydens die onderhandelinge afwesig. Dit was ook nie moontlik om per telegraaf met hulle in verbinding te tree nie. Die OVS krygsmag het daarom vir die eerste maal werklik voor die uitdagings en bestuur van 'n regering-te-velde te staan gekom.[5] Hierdie hoofstuk handel spesifiek met die aard en inhoud van onderhandelinge gevoer, om te bepaal of dit wel aan die krygsvergaderingsmandaat van 27 op 28 Julie 1900 voldoen het. In dié opsig word dus weer met moontlik onwettige, of ongeldige handelinge en die effek daarvan gehandel.

Die inhoud van die onderhandelinge is om 'n verdere rede belangrik, deurdat talle wanvoorstellings hieruit gevolg het. Daar is voorts ook persone, wat 'n verband tussen die onderhandelinge en die bewerings van hoogverraad trek.[6] Verskeie bronne poog om hierdie punt verder te benadruk deur gewag te maak van die keuse in die persoon wat die finale onderhandelinge namens Prinsloo gevoer het.[7]

---

4 Vir 'n verdere bespreking van die proklamasies, sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

5 Sien onderafdelings 3 en 4, hoofstuk 7, *supra*.

6 Hoofstuk 12 handel met die bewerings van hoogverraad, gekweste majesteit en ander misdade.

7 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 9, *infra*.

2. Die militêre situasie na afloop van die geveg te Slaapkrans

Die situasie waarin Prinsloo homself bevind het, kon die indruk skep dat die posisie van die OVS magte binne die Brandwaterkom en Caledonvallei benard en na alle waarskynlikheid nie meer te redde was nie. Indien dit wel die geval was, het dit beteken dat Prinsloo oorgawe kon aanbied sonder vrees van vervolging. Dit is daarom nodig om met die indrukke te handel, wat uit die volgende gegewens blyk.

Dit wil voorkom of kommandant P.H. de Villiers, na afloop van die verlies van die Slaapkransstellings, besluit het om terug te val en aanvanklik nie opnuut stelling in te neem nie. Hunter het wel geoordeel dat die OVS magte opnuut verdedigende stellings ingeneem het.[8] Later in die dag, net voor die aankoms van twee Britse offisiere in die kamp van Prinsloo, is die opdrag wel gegee om te maak asof die burgers besig was om in te grawe met die doel om weerstand te bied. Dit blyk egter of die opdrag alleen met die doel gegee was om 'n skynvertoning, met die oog op die onderhandelinge, te gee.[9]

Die gebrek aan goeie stellings sou die terugval van die OVS magte aansienlik bemoeilik. Die versuim om goeie stellings in te neem, indien wel beskikbaar, getuig weer van pligsversuim aan die kant van Prinsloo en sy offisiere. Oorgawe, sonder moontlike vervolging vir gekweste majesteit, kan alleen plaasvind indien dit geregverdig is. Versuim om goeie stellings in te neem, indien beskikbaar, dui egter op versuim.

Lagden, die Britse resident-kommissaris in Basoetoland, het op 29 Julie 1900 aan die Britse opperbevelvoerder, veldmaarskalk lord Roberts, getelegrafeer dat klein groepe burgers daagliks by die Bethlehem-grenspos oorgegee het. Volgens Lagden het hierdie groepe almal verklaar dat die oorgrote meerderheid van burgers ten gunste van oorgawe was, maar deur hulle bevelvoerder verhoed is om hieraan effek te gee.[10] Hier is daarom nie alleen getuienis van 'n swak gedissiplineerde mag nie, maar ook 'n

---

8 Sien ook onderafdeling 8.2, hoofstuk 9, *supra*, waar ook met die omstandighede gehandel word waarin Prinsloo hom bevind het. Sien ook The National Archives (TNA), War Office (WO), 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 231).

9 VAB, A119/8: G.P. Kriek, "Oorgawe van generaal Prinsloo, 29 Julie 1900 en daarna", p. 10; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), 4203/35: Dagboek, P.H. Fick, p. 66; OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers, "'n Kort lewenskets van oorlede kommandant Paul Hendrik de Villiers van Ficksburg, OVS" [hierna P.H. de Villiers-lewenskets], p. 3.

10 TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram).

totale onwilligheid aan die kant van die burgers om te veg. In sodanige omstandighede kon dit nodig wees om oor te gee.

Veldkornet I.A. Meyer verklaar ook dat burgers, na afloop van die geveg te Slaapkrans, in verdere skermutselinge onwillig was om stelling in te neem. Hunter self het op 29 Julie 1900 aan die Britse opperbevelvoerder getelegrafeer dat gerugte die rondte doen dat 1 200 burgers gereed was om oor te gee, op voorwaarde dat hulle as krygsgevangenes, en nie as rebelle nie, gevange geneem sou word. Die Britse opperbevelvoerder het nog dieselfde dag geantwoord dat Hunter die versekering kon gee dat burgers, wat oorgee, as krygsgevangenes behandel sou word.[11] Laasgenoemde versekering van die Britse opperbevelvoerder, byna twee maande na die rebelle-proklamasie van 1 Junie 1900, dui daarop dat hy self ook geweet het dat die posisie, soos in die proklamasie uiteengesit, regtens onverantwoordbaar was.[12] Die gerugte van oorgawe het nietemin niks goeds vir enige verdere poging voorspel om nog 'n verdere Britse aanslag af te weer nie.

Vanuit 'n militêre oogpunt het dit wel sin gemaak om nuwe stellings in te neem, om sodoende aan soveel moontlik kommando's, vee en vlugtelinge die geleentheid te gee om die Brandwaterkom deur Golden Gate te verlaat. Die versuim, of onwilligheid om dit te doen, wys daarop dat Prinsloo en sy offisiere hulle hoop nie langer op militêre weerstand geplaas het nie, maar op onderhandelinge met die Britse magte.

Volgens Meyer het Prinsloo egter geen ander keuse gehad nie. Meyer verklaar dat die toestand, na afloop van die geveg te Slaapkrans, van so aard was dat die Britse magte met grofgeskut op die wanordelike, vlugtende kommando's kon losbrand. Prinsloo het daarom, volgens Meyer, in die haglike omstandighede geen ander keuse gehad as om hom tot die onderhandelingstafel te wend nie.[13]

Die vraag ontstaan of die militêre situasie, na afloop van die verlies van die Slaapkransstellings, nog te redde was. Indien nie, was Prinsloo se optrede, om 'n wapenstilstand aan te vra en met onderhandelinge om oor te gee te begin, geregverdig. Indien nie, ontstaan die vraag weer waarom Prinsloo tot hierdie optrede oorgegaan het. Aan die hand van voorafgaande bespreking is daar alreeds sekere

---

11 VAB, A119/1056: Meyer, p. 20; TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 231); *Telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, 19 June 1900 – 7 August 1900* 3, p. 110: F.S. Roberts — A. Hunter, 29.7.1900 (afskrif van telegram C. 3123).

12 Vir 'n bespreking van dié proklamasie, sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

13 VAB, A119/1056: Meyer, p. 20.

moontlikhede vir die oorgawe voorgestel. Die eerste is die gedagte van hoogverraad. Die tweede handel oor die moontlike uitslag van die waarnemende bevelvoerderverkiesing. Dit wil byna voorkom of Prinsloo gevrees het dat hy die verkiesing gaan verloor. Hy het dus so spoedig moontlik die onderhandelinge afgehandel, om sodoende te verseker dat Roux nie in hierdie posisie aangewys word nie. Beide moontlikhede bevat 'n element van hoogverraad. Dit word later volledig bespreek.[14]

Die derde moontlikheid is dat Prinsloo doodeenvoudig nie opgewasse vir die taak was nie. Ten opsigte van hierdie punt moet in gedagte gehou word dat die staatspresident vir Prinsloo in die posisie geplaas het. Ten tyde van hierdie aanstelling is besware wel geopper, wat met die geskiktheid van Prinsloo as bevelvoerder gehandel het. Hierdie besware, sowel as ander faktore, is deur die staatspresident geïgnoreer.[15] In dié opsig is daar dus 'n verband tussen die besluite van die staatspresident, en die gevolge daarvan. In sy besluit om nie op die besware te let nie, het hy moontlik ook nie in die beste belang van die OVS se verdediging gehandel nie.[16]

Prinsloo het verder die konvensionele skool van aanvoerders in die OVS verteenwoordig. Hierdie skool was verknog aan waens en 'n meer konvensionele wyse van oorlogvoering. Prinsloo het waarskynlik die voortsetting van die oorlog daarsonder moeilik voorgestel. Daarbenewens was Prinsloo reeds oud en waarskynlik ook nie 'n geskikte bevelvoerder, wat aan die vereistes van guerrilla-oorlogvoering kon voldoen nie.

Talle persone wat by die oorgawe betrek word, verklaar dat dit op 29 en 30 Julie 1900 steeds moontlik was om die Britse omsingeling deur Golden Gate te ontsnap.[17] Die

---

14 VAB, Oorlogsmuseum-versameling (A155/7): C.C. Froneman — C.R. de Wet, 3.8.1900 (brief); J.J. Oberholster (red.), "Dagboek van Oskar Hintrager: Saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900", *Christiaan de Wet-annale* 2, 1973, p. 126; P.H. Kritzinger en R.D. McDonald, *In the shadow of death*, p. 11. 'n Verdere afskrif van die skrywe van Froneman word gevind in O. Hintrager, *Met Steijn en de Wet op kommando: Een dagboek uit den oorlog in Zuid-Afrika*, pp. 107-109. Sien ook onderafdeling 5.2.2, hoofstuk 12, *infra*, waar spesifiek met die bewerings van hoogverraad gehandel word.

15 Vir 'n verdere bespreking van die besware, sien onderafdeling 4 en 5, hoofstuk 6, *supra*.

16 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 6, hoofstuk 12, *infra*.

17 OMBR, 6967/1: W.J. Kolbe, "Leevensgeschiedenis van generaal W.J. Kolbe" [hierna verwys as Kolbe-manuskrip], pp. 369, 373-374; J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 91; G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*, p. 30; Keulemans, p. 28 (vn. 1). Die aantekeninge van Keulemans verskyn as kommentaar in die vorm van voetnote tot die beskrywing van G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*. Vir doeleindes van die proefskrif word na Keulemans as 'n afsonderlike bron verwys om sodoende 'n duidelike onderskeid tussen die weergawes van Boldingh en Keulemans te tref. OMBR, 4128/42: S. Haasbroek, "Die oorgawe van generaal Prinsloo", p. 3; Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Slegtkamp-herinneringe (A 235): Slegtkamp-manuskrip, 1, p. 140.

kommandant van die Ficksburg-kommando het daarenteen aan sy kommando verklaar dat hulle op 30 Julie 1900 omsingel was, en dat die "saak hopeloos" was.[18] Die hopelose saak waarna die kommandant hier verwys, sou sekerlik ook kon verwys na die toestand waarin die perde en trekosse verkeer het.[19] Sonder geskikte trekosse en perde was dit sekerlik onmoontlik om so spoedig moontlik deur Golden Gate te beweeg. Weer kan die onvermoë om terug te val waarskynlik die oorgawe geregverdig het.

Van Rensburg verklaar dat De Wet vir Prinsloo in haglike omstandighede binne die Brandwaterkom agtergelaat het.[20] Hierdie omstandighede verwys nie alleen na die militêre situasie nie, maar is ook 'n verwysing na 'n gebrekkige krygsplan, wat na alle waarskynlikheid nie aan die meeste offisiere binne die Brandwaterkom en Caledonvallei bekend was nie.[21] Van Rensburg versuim egter om die geskiktheid van moontlike terugvalsroetes op 29 en 30 Julie 1900 te verdiskonteer in die besluit van Prinsloo om te onderhandel. Verder versuim Van Rensburg ook om Prinsloo se eie aandeel in die omstandighede, waarbinne hy hom bevind het, uit te wys. Daarom kan hierdie standpunt nie sonder meer aanvaar word nie.

Pakenham verklaar dat die Golden Gate-roete die oggend van 29 Julie 1900 (dus die dag waarop Prinsloo die onderhandelinge met Hunter begin het) deur die Britse magte afgesluit is.[22] Hy steun op die amptelike verslag van Hunter van 4 Augustus 1900.[23] Vir doeleindes van hierdie studie is gebruik gemaak van die verslag van 25 September 1900, soos vervat in die skrywe van die Britse opperbevelvoerder, waarby die amptelike verslag van Hunter aangeheg is. In hierdie verslag vermeld Hunter uitdruklik dat skermutselinge op 29 Julie 1900, tussen generaal-majoor B. Hamilton en die OVS magte, op die plaas Eerste Geluk aan die buitekant van die Caledonvallei plaasgevind het.[24] In 'n vertroulike skrywe aan Roberts, gedateer 4 Augustus 1900, skryf Hunter verder soos volg: "I could never be sure where they [MacDonald en Hamilton] were,

---

18 OMBR, 4203/35: Dagboek van P.H. Fick, p. 68.

19 OMBR 4283/1: L.J. Greyling, "Reis jornaal [sic] naar Ceylon", p. 1; OMBR, 5301/1: C. Liebenberg, "De overgave te Witzeeshoek en ons reis na Ceylon"; OMBR, 5777/3: "Reisjoernaal van I.D. Terblanché" (geen paginering nie); OMBR, 6024/1: C.P. Pretorius, "Gedachtenes boek van my gevangeschap", pp. 13, 14; Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 91; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 82.

20 A.P.J. van Rensburg, "Die skandkol wat nie wou toegroei nie", *Die Huisgenoot*, 8.8.1969, p. 20.

21 Vir 'n bespreking van die verwarring rakende die weergawes van die krygstrategieë, sien hoofstuk 5, *supra*.

22 T. Pakenham, *The Boer War*, p. 443.

23 WO 105/18.

24 TNA, WO 32/7998: "Operations of Sir A. Hunter's force from 28/6 to 1/8" [hierna TNA: WO 32/7998: Hunter-verslag], p. 10.

nor if they were really blocking the exits."[25] Dit wil dus voorkom of ook Pakenham fouteer en dat dit steeds moontlik was om die roete as terugvalsroete te gebruik.

Prinsloo het hom verder na alle waarskynlikheid ook nie van die juiste militêre situasie vergewis nie. Hierdie nalate kon moontlik die resultaat wees van die toestand van die roete, wat deur talle bronne as ongeskik vir gebruik deur waens en vee aangedui word.[26] So kon Prinsloo geoordeel het dat die waens en vee nie langs hierdie roete kon beweeg nie, en dat geen verdere sinvolle stellings bestaan het om 'n terugval langs die roete te waarborg nie. In so 'n moontlike argument val die klem weer op die waens en nie op die voortsetting van die oorlog, by wyse van guerrilla-oorlogvoering nie. Oorgawe om dié rede sou daarom nie sonder meer as 'n geregverdigde oorgawe beskou kan word nie.

Die Golden Gate-roete het wel een voordeel gehad, naamlik dat die Britse magte, onder bevel van generaal-majoor H.A. MacDonald en Hamilton in 'n poging om die uitgange te blokkeer, deur die magte onder bevel van veggeneraal C.J. de Villiers verhinder is om die uitgange so spoedig moontlik te bereik. Die resultaat was dat 1 500 burgers en offisiere daarin kon slaag om deur die roete terug te val, voordat MacDonald en Hamilton die weg finaal kon afsluit.[27] Gevolglik wil dit voorkom of die situasie tog te redde was. Die voorveronderstelling vir 'n suksesvolle uittog deur Golden Gate het egter 'n bevelvoerder vereis, wat in hierdie krisisoomblik met militêre presisie en beslistheid kon handel, en ook alle hindernisse sou agterlaat in 'n poging om langs hierdie weg terug te val. Die OVS magte binne die Brandwaterkom en Caledonvallei het nie oor die dienste van so persoon beskik nie.

Die twee aangewese bevelvoerders, Prinsloo en Roux, was verder in 'n verkiesingstryd gewikkel oor wie die mantel as waarnemende hoofkommandant van die gesamentlike magte sou dra.[28] Daarmee tesaam was die OVS krygsorganisasie nie gerat om vinnig en doelgerig op te tree nie en was die krygsplan, soos in die tweede krygstrategie vervat, nie duidelik of behoorlik aan dié twee offisiere (Prinsloo

---

25 TNA, WO 105/24: "Confidential, Genl Prinsloo's surrender negotiations: A. Hunter — F.S. Roberts", 4.8.1900, p. 3.

26 Boldingh, p. 20; Kritzinger en McDonald p. 11; OMBR, 4128/ 42: Haasbroek, p. 2.

27 L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, pp. 335-336; TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 28.7.1900 (afskrif van telegram A. 234), A. Hunter — F.S. Roberts, 28.7.1900 (afskrif van telegram M. 02); TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 6. Sien ook onderafdeling 3, hoofstuk 9, *supra*.

28 Sien onderafdeling 5.1, hoofstuk 9, *supra*.

en Roux) gekommunikeer nie.[29] Die versuim om hierdie krygstrategie na behore te kommunikeer, is 'n verdere aanduidende oorsaak van die versuim van Roux om sy krygsafdeling aan die gebied te onttrek.[30]

Wat Hunter betref, het hy sy posisie ten tyde van die onderhandelinge, betreffende die oorgawe, soos volg beskryf: “To be quite candid, I must confess surprise that the Boer Generals thought of surrendering; yet they did, in spite of having an unlimited choice of positions & ample food & ammunition [...] I was anxious to bring matters to a finish. MacDonald was calling for more ammunition. He started with ample from Retief’s Nek on 25.7.1900. I did not know how much he had left. I had fired a great deal myself. To get news from MacDonald or B. Hamilton took a long time. I could never be sure where they were, nor if they were really blocking the exits. They had bad time to do so if they could find them. The more I pushed forward, the more I drove the enemy [[31]] the exits. I was in a defile, with Prinsloo at the one end & a possibility of C de Wet escaping, to block the other end. Getting food was a serious question, with emaciated oxen, over such awful roads.”[32]

Prinsloo en sy offisiere het uit die aard van die saak nie hiervan kennis gedra nie. Tog verklaar Boldingh dat “door de bergen vanaf Slaapkrans langs Nauwpoort naar Salomon Raats te bezetten, kon men een sterke geheel gesloten stelling innemen met slechts drie passen als toegangen, eene veilige schuilplaats voor al onze wagens en het vee”.[33] Die militêre situasie was daarom nie geheel en al hopeloos nie. Dit is duidelik dat Prinsloo en sy offisiere, net soos in die geval van hulle besluit om van Nauwpoort as uitgangsroete gebruik te maak, nie van goeie militêre inligting en verkenning gebruik gemaak het nie.[34] Weer eens is hier sterk aanduidings dat 'n oorgawe nie noodwendig die enigste alternatief was nie. In dié opsig is daar gevolglik reeds hier 'n sterk vermoede dat die besluit om oor te gee, moontlik gekweste majesteit kon daarstel.[35]

---

29 Sien onderafdeling 6.2, hoofstuk 5, *supra*.
30 Vir 'n verdere bespreking, sien hoofstuk 7, *supra*.
31 Woord onleesbaar.
32 TNA, WO 105/24, p. 3: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).
33 Boldingh, p. 20.
34 Vir die besluit om van Nauwpoort gebruik te maak, sien onderafdeling 8.2, hoofstuk 8, *supra*.
35 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5.3, hoofstuk 12, *infra*.

3. Die besluit om te onderhandel

Die omstandighede hierbo geskets het moontlik die indruk by Prinsloo gelaat dat hy geen ander keuse gehad het as om die krygsvergaderingsbesluit van 27 op 28 Julie 1900, in werking te stel nie. Daar is egter ook aanduidings dat Prinsloo nie oor voldoende militêre inligting beskik het nie. In dié opsig was Prinsloo dus die slagoffer van sy eie indrukke of persepsie.

Volgens die besluit van die krygsvergadering is goedkeuring aan die tydelike waarnemende hoofkommandant verleen om die Britse magte te nader met 'n versoek om 'n wapenstilstand. Hierdie wapenstilstand het ten doel gehad om die OVS krygsmag 'n geleentheid te bied om met die OVS regering oorleg te pleeg.[36]

Dit behoort uit die staanspoor duidelik te wees dat Hunter nie 'n wapenstilstand vir dié rede sou toestaan nie. Prinsloo het waarskynlik ook om hierdie rede besluit om die versoek om 'n wapenstilstand te motiveer, met die doel om onderhandelinge te begin om vrede te sluit. So 'n handeling het nie binne die mandaat deur die krygsvergadering van 27 op 28 Julie 1900 verleen, geval nie.[37]

Volgens Kriek en die seun van De Villiers is Prinsloo in dié besluit deur kommandant P.H. de Villiers van Ficksburg bygestaan. Kriek en De Villiers junior sinspeel op die gedagte van 'n vergadering, wat na afloop van die geveg te Slaapkrans plaasgevind het. In hierdie vergadering, volgens Kriek en De Villiers, het Prinsloo, P.H. de Villiers en ander offisiere daar teenwoordig besluit om onderhandelinge, met die doel om oor te gee, te begin.[38]

Hoewel dit onseker is of so 'n vergadering wel plaasgevind het, en wat die inhoud daarvan was, gee die bronne geraadpleeg wel die volgende indrukke. Vir P.H. de Villiers veral, en waarskynlik ook vir Prinsloo, was die voortsetting van die oorlog

---

36 Sien onderafdeling 5.2, hoofstuk 9, *supra*.

37 Van Rensburg verklaar dat Prinsloo, in ooreenstemming met die krygsvergaderingsbesluit opgetree het. (Van Rensburg, p. 19.) Tot hier stem die vertolking van die krygsvergaderingsbesluit deur Van Rensburg met my eie bespreking ooreen. Van Rensburg versuim egter om te vermeld dat Prinsloo met Hunter in verbinding getree het met die doel om te onderhandel rakende die sluit van vrede, en nie met die doel om met die OVS regering in verbinding te tree nie. Om tot sodanige optrede oor te gaan, sou Prinsloo weer die krygsvergadering byeen moes roep. Verder aan in onderafdeling 3 word gesien dat Prinsloo na alle waarskynlikheid met sy eie onmiddellike vertrouelinge omtrent 'n oorgawe oorleg gepleeg het.

38 VAB, A119/8: Kriek, p. 9; OMBR, 3559/2: P.H. de Villiers — Opsigter van die Oorlogsmuseum, 9.10.1963 (brief). Met verwysing na die De Villiers-skrywe is dit nie duidelik of De Villiers moontlik na die krygsvergadering gehou in die nag van 27 op 28 Julie 1900 verwys nie. De Villiers verklaar alleen dat Prinsloo die voorsitter van die vergadering was. Roux was egter die voorsitter van die vergadering en nie Prinsloo nie. Sien onderafdeling 5, hoofstuk 9, *supra*.

sinneloos en sou dit alleen tot onnodige lewensverlies en skade aan eiendom aanleiding gee. Die gesamentlike magte, onder bevel van Prinsloo, was na afloop van die geveg te Slaapkrans in 'n toestand van totale wanorde. Voorts het gerugte daarop gedui dat alle uitgange geblokkeer was. Die meeste trekdiere was vermoeid en uitgeput, wat weer enige moontlike terugval vanuit die Britse omsingeling ernstig bemoeilik het. Hoewel daar aanduidings was dat ook die oorlogsmoeë burgers 'n besluit tot oorgawe sou steun, was dit belangrik dat enige oorgawe sou geskied op voorwaardes wat vir die meerderheid van offisiere en burgers aanvaarbaar was. Een so 'n voorwaarde was dat ten minste die burgers, na afloop van die oorgawe, toegelaat moes word om na hulle wonings terug te keer.[39]

4. Prinsloo se skrywe aan Hunter

Vroeg die oggend van 29 Julie 1900 het Prinsloo twee burgers met 'n skrywe na Hunter, wat te Schoonzicht gestasioneer was, gestuur. Dit wil voorkom of P.H. de Villiers die skrywe van Prinsloo aan die twee burgers oorhandig het.[40] Hierdie handeling dui waarskynlik op die vertrouensverhouding tussen hom en Prinsloo, en is ook aanduidend van die rol wat P.H. de Villiers in die oorgawe gespeel het. In hierdie skrywe het Prinsloo vir Hunter om 'n wapenstilstand van vier dae versoek, met die doel “to refer to the whole of the fighting line in the direction of Harrismith to enable me *to enter into peace negotiations*[41] with your honour”.[42] Enkele aspekte van die skrywe verdien verdere aandag.

---

39 OMBR, 3559/2: P.H. de Villiers — Opsigter van die Oorlogsmuseum, 9.10.1963 (brief); Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 91; VAB, A119/8: Kriek, pp. 9-11; TNA, WO 105/18: G. Lagden — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram); Amery (red.), 4, p. 339.

40 VAB, A119/8: Kriek, p. 9; OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers-lewenskets, p. 3. Hierdie twee burgers was waarskynlik ene Kriek en Grobbelaar. (VAB, A119/8: Kriek, p. 9.) Daarenteen verklaar Amery die volgende: “The emissary he chose was singular; it was Vilonel, the man who had just been sentenced by a court-martial to five years’ hard labour for treason.” (Amery (red.), 4, p. 339.) Hierdie bewering strook met geen van die ander weergawes gevind nie. Vilonel is eers later die dag gestuur. (Sien onderafdeling 8, *infra*.) Wilson en Penning verklaar dat drie burgers opdrag ontvang het om die skrywe na Hunter te neem. H.W. Wilson, *After Pretoria: the guerilla war: the supplement to “With the flag to Pretoria”* 3, p. 32; L. Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika: de strijd tusschen Engeland en de verbonden Boeren-republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschetst* 3, p. 882.

41 My kursivering.

42 TNA, WO 105/24, p. 5: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 1); TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 230). Delport verwys foutiewelik na Alfred en nie na Archibald Hunter nie. (P.J. Delport, “Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog” (verhandeling), p. 185.) Die weergawe van Van Everdingen verskil ook in enkele opsigte met dié hierbo. Volgens hom het Prinsloo 'n wapenstilstand van vier dae aangevra waarna Hunter redes vir sodanige wapenstilstand versoek het. (W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: een beschrijving*, Tweede Tijdvak 2, p. 52). In sy skrywe aan die Britse opperbevelvoerder meld Hunter nie dat sy korrespondensie met Prinsloo op daardie dag deur so 'n versoek voorafgegaan is nie. (TNA, WO

4.1 Die status van die dokument

Die weergawe van die skrywe van Prinsloo hier geraadpleeg word gevind in die vorm van 'n afskrif van 'n verslag van Hunter aan die Britse opperbevelhebber. Die oorspronklike Nederlandse korrespondensie kon ook nie gevind word nie. Daar is wel aanhalings in die herinneringe van Roux en Van Everdingen se boek, wat daarop dui dat dié persone dit wel geraadpleeg het. Wanneer sodanige aanhalings nagespoor word, blyk dit spoedig dat geeneen van dié twee persone die oorspronklike Nederlandse skrywe geraadpleeg het nie. Die vertaalde skrywe vermeld spesifiek dat dit ten doel gehad het om vredesonderhandelinge te begin.

In teenstelling hiermee verklaar Van Everdingen dat Prinsloo sy versoek aan Hunter as volg gemotiveer het: “Om tot nadere onderhandelingen te mogen geraken.”[43] Vir gesag verwys Van Everdingen na Roux. Ongelukkig kon die oorspronklike herinneringe van Roux, deur Van Everdingen geraadpleeg, nie gevind word nie. Twee ander weergawes van die herinneringe van Roux bestaan wel in die Vrystaatse Argiefbewaarplek.

Die eerste weergawe is rowwe aantekeninge deur Roux gemaak in 'n aantekeningboek met die volgende opskrif op die voorblad: “Paul H. Roux, Diwatalawa, 3 Nov. 1900”. Die tweede weergawe is op los bladsye geskryf met die titel “De overgawe van Prinsloo”. Die tweede weergawe is ongetwyfeld 'n verwerking van dié in die aantekeningeboek. Van Everdingen se aanhaling uit die skrywe van Prinsloo staan woordeliks net so in die tweede weergawe van die herinneringe van Roux. Roux verklaar in die los bladsye sy eie kennis van die onderhandelinge, wat tussen Hunter en Prinsloo plaasgevind het, soos volg: “Daar Prinsloo geene copieën van zijn onderhoud met Hunter hield & Hunter op Roux aanvraag weigerde hem er van te voorzien kan slechts ‘t volgende gestaafd worden.”[44] Roux het daarom nie

---

105/24, p. 1: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).) Die eerste skrywe van Prinsloo verklaar uitdruklik die rede waarom Prinsloo die wapenstilstand aangevra het, naamlik om te onderhandel met die doel om vrede te sluit. Sien die aanhaling, *supra*. De Wet verklaar dat Prinsloo 'n wapenstilstand van ses dae aangevra het. C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 124.

43 Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 52. Van Everdingen verwys as gesag na die rekords van die *Nieuwe Rotterdamsche Courant*. Hierdie rekords is nie in die studie geraadpleeg nie.

44 VAB, A305: P.H. Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 9. Hierdie gedeelte van die herinneringe word nie in die aantekeningboek van Roux gevind nie. Hierdie aantekeninge is waarskynlik in November 1900 opgestel. (VAB, A305: P.H. Roux, “Paul H. Roux, Diwatalawa, 3 Nov. 1900”.) Dit mag wees dat Roux ten tyde van sy krygsgevangeneskap sy herinneringe gefinaliseer het, deur ook na die vertolking van die gebeure deur ander krygsgevangenes te verwys. Roux het waarskynlik ook die gefinaliseerde weergawe aan Van Everdingen beskikbaar gestel. Bostaande benadruk die keuse om alleen van die vertaalde

toegang tot die korrespondensie gehad nie. Dus is nòg die weergawe van Roux, nòg die weergawe van Van Everdingen gesaghebbend rakende die inhoud van die skrywe. By gebrek aan die oorspronklike Nederlandse korrespondensie is daar geen ander keuse nie behalwe om met die vertaalde weergawe, soos aan die verslag van Hunter aangeheg, te werk nie.

4.2 Die hoedanigheid waarin Prinsloo die skrywe onderteken

Prinsloo het die skrywe aan Hunter in sy hoedanigheid as hoofkommandant van die OVS magte onderteken. Die skrywe maak geen melding van die feit dat Prinsloo slegs oor 'n bepaalde gedeelte van die OVS magte bevel gevoer het nie, en dat hy in dié hoedanigheid waargeneem het nie. Prinsloo versoek egter uitdruklik dat die wapenstilstand slegs van toepassing sou wees vanaf sy stellings in die rigting van Harrismith.[45]

Hieruit sou Hunter moontlik die afleiding kon maak dat Prinsloo slegs oor hierdie gedeelte van die OVS magte bevel gevoer het. Tog sou Hunter ook die afleiding kon maak dat Prinsloo oor die geheel van die OVS magte bevel gevoer het. Hoewel die rang van hoofkommandant op daardie tydstip die hoogste militêre rang in die OVS was, moet egter onthou word dat wetgewing in die OVS voorsiening gemaak het vir die verkiesing van meerdere hoofkommandante, en dat daar trouens in daardie stadium nog twee ander hoofkommandante te velde was, naamlik hoofkommandant C.R. de Wet en waarnemende hoofkommandant F.J.W.J. Hattingh.

Prinsloo was wel tydens hierdie onderhandelinge die verkose waarnemende hoofkommandant, tot en met die afhandeling van die hoofkommandantsverkiesing. Die krygsvergadering, wat hom tot hierdie rang verkies het, het egter nie aan die prosedurele vereistes, soos deur wetgewing bepaal, voldoen nie.[46] Nog 'n vorm van gekweste majesteit is waar 'n persoon staatsfunksies verrig sonder dat hy oor die nodige bevoegdheid beskik. Hierdie vorm van gekweste majesteit mag moontlik hier toepassing vind deurdat Prinsloo 'n wapenstilstand gevra het met die doel om vredesonderhandelinge te begin. Hierdie bevoegdheid was slegs in die staatspresident en Volksraad gesetel.[47] Die brief van Prinsloo kan ook getuienis van

---

skrywe, wat as 'n afskrif tot die verslag van Hunter aangeheg is, te gebruik.

45 TNA, WO 105/24, p. 5: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no.1).

46 Vir 'n bespreking van die wyse waarop Prinsloo verkies is, sien onderafdeling 5.1, hoofstuk 9, *supra*.

47 Artikel 38 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*.

hoogverraad bied, deurdat Prinsloo hom tot 'n vreemde moondheid gewend het sonder tussenkoms van die Volksraad.[48]

4.3 Die bevel van Prinsloo

Ten opsigte van die bespreking hier, sowel as in die volgende hoofstuk, is dit belangrik om te bepaal namens wie Prinsloo die onderhandelinge aangeknoop het. Die eerste skrywe van Prinsloo aan Hunter word met die volgende sin ingelei: “In accordance with decision of our Council of War in the Wittebergen district of Bethlehem [...].”[49] Kort hierna het Hunter aan sy opperbevelvoerder getelegrafeer dat Prinsloo, die bevelvoerder van die Wittebergen-afdeling, 'n wapenstilstand van vier dae aangevra het.[50] Hoewel daar in 'n vertaling baie foute gemaak kan word, is dit besonder interessant dat die beskrywing 'n sterk ooreenkoms toon met die beskrywing van die krygsafdeling, soos deur De Wet in die tweede krygstrategie aangedui. Volgens De Wet sou Prinsloo kragtens dié krygstrategie oor die Bovenwijk Wittebergen bevel voer.[51] In hierdie opsig wil dit voorkom of Prinsloo wel kennis van die tweede krygstrategie gehad het. In hierdie sin weerspreek die gevolgtrekking 'n vroeëre aanvanklike gevolgtrekking, naamlik dat geen kennis van die tweede krygstrategie by Prinsloo veronderstel kan word nie.[52] Wanneer die bespreking van De Wet saam met die eerste brief van Prinsloo gelees word, onderskryf dit die moontlikheid dat Prinsloo moontlik kennis van die tweede krygstrategie gehad het. Weer eens is die gegewens op die betrokke punt so karig dat daar nie afdoende bewyse bestaan om Prinsloo se kennis, en gevolglike opsetlike dwarsboming van die tweede krygstrategie, te aanvaar nie.

4.4 Wapenstilstand

'n Wapenstilstand in die eng sin van die woord is 'n ooreenkoms tussen vyandelike magte ingevolge waarvan vyandighede, binne 'n bepaalde gebied en vir 'n bepaalde tyd, gestaak word. Gewoonlik het so 'n wapenstilstand ten doel om gewondes van 'n slagveld te verwyder, dooies te begrawe of om aan 'n bevelvoerder geleentheid te bied om instruksies van sy bevelvoerders te ontvang. In hierdie verband is dit

48 Vir 'n verdere bespreking van hoogverraad, sien onderafdeling 5.2, hoofstuk 12, *infra*.
49 TNA, WO 105/24, p. 5: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 1).
50 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 230).
51 Sien onderafdeling 6.3.1(e), hoofstuk 5, *supra*.
52 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 6, *supra*.

belangrik om daarop te let dat 'n wapenstilstand alleen met militêre bedrywighede binne 'n bepaalde gebied handel, en nie beleid van owerheidsweë oor die voer of voortsetting van die oorlog kan verander nie. Daar is ook 'n wapenstilstand in die wyer sin van die woord, waar 'n algehele wapenstilstand tussen oorlogvoerende partye toegestaan word. Enige bevelvoerder is by magte om 'n wapenstilstand in die eng sin aan te vra. Daarenteen, is die bevoegdheid om 'n algehele wapenstilstand aan te vra, die uitsluitlike bevoegdheid van die opperbevelhebber.[53]

Wanneer gekyk word na die bewoording van Prinsloo se brief is dit onseker of 'n wapenstilstand in die eng of wye sin bedoel word, aangesien die area waarbinne dit van toepassing sou wees, tot 'n gedeelte van die OVS beperk was. Tog word die wapenstilstand met die doel aangevra om vredesonderhandelinge te begin, wat daarop dui dat dit moontlik as 'n wapenstilstand in die wye sin bedoel is. Laasgenoemde punt verg nadere ondersoek.

4.5 Bevoegdheid om vrede te sluit of oor te gee

Dit is hier belangrik om te bepaal of Prinsloo wel by magte was om vrede te sluit of oor te gee. As die waarnemende bevelvoerder van die offisiere en burgers binne die gebied, was Prinsloo volgens die volkereg by magte om oor te gee, sou omstandighede hom noodsaak om dit te doen. Hy kon ook 'n wapenstilstand aanvra, wat spesifiek met sy militêre aktiwiteite verband hou. Die gebruik van krygsvergaderings as militêre besluitnemingsliggame in die OVS, kon egter die bevoegdheid van Prinsloo beperk het. Wat vrede betref, was die staatspresident, met toestemming van die Volksraad, die enigste staatsregtelike liggaam binne die OVS by magte om vrede te sluit.[54]

Hier is voorts 'n sterk aanduiding dat Prinsloo hom moontlik aan hoogverraad skuldig gemaak het deur hom sonder toestemming van die Volksraad tot 'n vreemde moondheid te wend. Hierdie is egter slegs een vereiste van die definisie van

---

53 L. Oppenheim, *International law: a treatise* 2, pp. 290-294; J.M. Spaight, *War rights on land*, pp. 250-251; F. Snow, *International law: lectures delivered at the Naval War College*, p. 113.

54 Artikel 38 van die *Constitutie van de Oranjevrijstaat;* Oppenheim, 2, pp. 547-548. Sien ook Spaight, pp. 249-250; J.A. Cohan, "Legal war: When does it exist, and when does it end?", *Hastings International & Comparative Law Review* 27, 2003-2004, p. 303; C.E. Martins, "The legal position of war and neutrality during the last twenty-five years", *American Society of International Law Proceedings* 25, 1931, p. 141; W. McClellan, "Response to the paper of C.C. Shears, 'Some legal implications of unconditional surrender'", *American Society of International Law Proceedings* 39, 1945, pp. 53-54; C.C. Shears, "Some legal implications of unconditional surrender", *American Society of International Law Proceedings* 39, 1945, p. 46.

hoogverraad, soos in die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* omskryf is.[55] Daar bestaan ook ander vereistes vir dié misdaad, waarmee later volledig gehandel sal word. Voorts sou Prinsloo ook bepaalde redes kon aanvoer waarom hy sy skrywe so verwoord het. Dit mag wees dat Prinsloo, in die lig van die oorgawe van A.B. Roberts en ander OVS amptenare te Fouriesburg, sowel as die onsekerheid betreffende die situasie van die staatspresident en opperbevelvoerder, geoordeel het dat die OVS nie by magte was om vrede te sluit nie en dat hy daarom ook dié rol moes vervul. Geen korrespondensie of ander bestudeerde bron onderskryf egter so 'n stelling nie. Ten einde enige ander sodanige bedoelings te probeer vasstel, is dit nodig om die gebeure verder te bespreek.

Kragtens 'n krygsvergaderingsbesluit van 27 op 28 Julie 1900 kon Prinsloo vir Hunter versoek om 'n wapenstilstand toe te staan om met die OVS regering in verbinding te tree. Dit wil tog voorkom of dieselfde krygsvergadering nie 'n wapenstilstand, met die oog op die oorgawe van die magte onder Prinsloo se beheer, in die vooruitsig gestel het nie. Prinsloo sou daarom weer 'n krysgvergadering moes belê waarin hy sy krygsvergadering moes oortuig om oor te gee.[56] In dié opsig wil dit voorkom of Prinsloo nie 'n bevoegde offisier was, kragtens die bepalings van OVS militêre gewoontereg, om oor te gee nie. Gevolglik lyk dit of die OVS in dié opsig van die beginsel van die volkereg afgewyk het.

Ten einde so 'n mandaat te verkry, het Prinsloo daarom na alle waarskynlikheid 'n vergadering van enkele offisiere belê, waar besluit is om 'n wapenstilstand aan te vra om òf vrede te sluit, òf oor te gee. Sou so 'n vergadering wel plaasgevind het, is dit belangrik om daarop te let dat die vergadering, wat daartoe ingestem het, nie 'n volle krygsvergadering soos die krygsvergadering van 27 op 28 Julie 1900 was nie. So 'n kleinere krygsvergadering het verder ook die besluit van die groter krygsvergadering gewysig, midde in die verkiesing van 'n waarnemende hoofkommandant.[57] Hierdie besluit word veral bevraagteken deurdat dit byna voorkom of Prinsloo gepoog het om in aller haas die oorgawe af te handel. Hierdie wyse van optrede is veral belangrik wanneer later in hoofstuk 12 met misdade, voortspruitend uit die oorgawe, gehandel word.

---

55 Sien artikel 1(A) van Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.

56 Sien onderafdeling 5.2, hoofstuk 9, *supra*.

57 Kritzinger en McDonald, p. 11.

Die versoek van Prinsloo vir 'n wapenstilstand, met die doel om vredesonderhandelinge te begin, is om 'n verdere rede belangrik. Vir 'n oomblik word hier veronderstel dat Prinsloo geglo het dat die versoek toegestaan sou word, en dat hy deur middel van Hunter met die OVS staatspresident in verbinding gestel kon word. In so 'n verbinding sou Prinsloo die staatspresident met sy militêre omstandighede ingelig het, en versoek het om oor te gee. In die alternatief sou hy die haglike omstandighede as rede waarom daar vrede gesluit moet word kon aanvoer. Die formulering van die krygstrategie getuig daarvan dat die OVS besluit het om die oorlog voort te sit.[58] Die vraag is dus of Prinsloo, in sy gesprekke met die staatspresident, op een of ander stadium die gedagte om die oorlogspoging tot 'n einde te bring bespreek het. Geen so 'n aanduiding kon gevind word nie. Die bespreking hieronder wys ook op die teendeel, naamlik dat selfs ná die oorgawe op 30 Julie 1900 die OVS oorlogspoging vir bykans 'n verdere twee jaar voortgesit is.

Die versuim om eers die waarnemende hoofkommandantsverkiesing af te handel, mag die afleiding van enkele bronne onderskryf, wat daarop neerkom dat Prinsloo uit eie eersug oorgegee het. Sodoende, volgens die bronne, het Prinsloo in sy doel geslaag om die verkiesing van Roux tot die posisie van hoofkommandant te verhoed. Die teendeel mag egter ook waar wees, naamlik dat die verlies van Slaapkrans vir Prinsloo genoop het om so spoedig moontlik 'n ordelike oorgawe te finaliseer. Sodoende is 'n wanordelike en gewelddadige oorgawe voorkom.[59] In hierdie poging het hy, sonder dat dit beplan was, 'n geleentheid aan bepaalde offisiere en burgers gebied om aan die oorgawe te ontsnap.

Wat Prinsloo wel nie tot eer strek nie is die feit dat hy nooit, op enige stadium tydens of na afloop van sy onderhandelinge, aan Hunter openbaar het dat hy in 'n waarnemende hoedanigheid, midde in 'n verkiesing, die oorgawe gefinaliseer het nie. Voorts was dit nie nodig om die geheel van die magte onder sy tydelike bevel oor te gee nie. Prinsloo sou byvoorbeeld net die agterste magte onder sy bevel kon oorgee, met die doel om aan die voorste kommando’s die geleentheid te bied om terug te val.

---

58 Vir 'n bespreking van die eerste krygstrategie, sien onderafdeling 6.3.2, hoofstuk 5, *supra*.

59 VAB, A119/1056: Meyer, p. 20.

5. Die antwoord van Hunter

Hunter het feitlik onmiddellik op die skrywe van Prinsloo geantwoord en hom in kennis gestel dat hy nie aan sy versoek kon voldoen nie. Hunter was wel bereid om die onvoorwaardelike oorgawe van die offisiere en burgers, onder bevel van Prinsloo, te aanvaar. Hunter het Prinsloo ook in kennis gestel dat hy die inhoud van Prinsloo se skrywe aan die Britse opperbevelhebber gestuur het en hom sou verwittig indien die Britse opperbevelhebber anders gelas. Ten slotte het Hunter ook aan Prinsloo kennis gegee dat krygsverrigtinge sou voortgaan. Hy het daarom ook sy troepe aangespoor om die magte van die OVS daadwerklik te agtervolg.[60]

Die Britse opperbevelhebber het ook vir Hunter per telegram in kennis gestel dat sy antwoord aan Prinsloo korrek was. Hunter moes ook onder geen omstandighede tot 'n wapenstilstand toestem nie, en moes onverwyld met militêre operasies voortgaan totdat die OVS magte binne die gebied onvoorwaardelik oorgee. In hierdie stadium is die telegrafiese verbinding tussen Hunter en sy opperbevelvoerder verbreek. Hunter was dus genoodsaak om self die aangeleentheid verder te hanteer.[61]

Dit is insiggewend dat beide die Britse opperbevelvoerder en Hunter die versoek van Prinsloo, om vredesonderhandelinge te begin, geïgnoreer het en onvoorwaardelike oorgawe die fokus van verdere onderhandelinge gemaak het. Die vraag ontstaan waarom hierdie aspek van die skrywe geen aandag geniet het nie. Dit mag wees dat beide bevelvoerders, veral in die geval van die Britse opperbevelhebber, dit as 'n militêre set gesien het om aan Prinsloo se magte die geleentheid te bied om terug te val. 'n Ander alternatief was dat die versoek reeds daarop gewys het dat Prinsloo sy eie situasie as hopeloos beskou het. Militêr gesproke, het onvoorwaardelike oorgawe in so 'n geval veel meer beteken as 'n onderhandelde vrede, veral in ag genome die feit dat hoofkommandant De Wet, sy offisiere en burgers nie in so 'n oorgawe ingesluit was nie.

---

60 TNA, WO 105/24, pp. 5, 8: A. Hunter — M. Prinsloo, 29.7.1900 (afskrif van brief no. 2), A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 230); TNA, WO 32/7998: Hunter-verslag, p. 6.

61 TNA, WO 105/24, pp. 3, 6, 8: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief), A. Hunter — M. Prinsloo, 29.7.1900 (afskrif van brief no. 4), F.S. Roberts — A. Hunter, 29.7.1900 (afskrif van telegram C. 3104); TNA, WO 105/17: Hunter — Roberts, 28.7.1900 (afskrif van telegram A. 234). Die datum in telegram A. 234 is foutief en behoort 29.7.1900 te lees. 'n Verdere afskrif van telegram C. 3104 kan gevind word in *Telegrams and letters* 3, p. 108.

Later word ook gesien dat die Britse opperbevelvoerder inderdaad probeer het om veral De Wet te oortuig dat die voortsetting van die oorlog, na afloop van die oorgawe, sinneloos was. Dit is belangrik om daarop te let dat enige onderhandelinge en verdrag wat daarop kon volg, die Britse magte teenoor Prinsloo en sy offisiere gebind het. 'n Voorwaardelike oorgawe sou ook as 'n verdrag vertolk kon word. Uit die verloop van die gebeure, tot en met die onderhandelinge, blyk dit dat die skaal in die guns van die Britse magte geswaai het en dat die einde van die oorlog in die OVS binne dae in sig was. Daar was dus geen rede om met tussenkoms van Prinsloo vrede te sluit nie.[62]

Die mees ooglopende rede waarom die versoek om vredesonderhandelinge geïgnoreer is, word in 'n beginsel van die volkereg vervat. Hiervolgens is 'n bevelvoerder bevoeg om rakende oorgawe te onderhandel, maar nie oor politieke besluite nie.[63] Prinsloo was kragtens dié beginsel nie bevoeg om sodanige onderhandelinge te begin nie. Indien so 'n versoek sy oorsprong in die OVS staatspresident gehad het, sou die Britse opperbevelvoerder en Hunter sekerlik anders gehandel het.

6. Prinsloo se antwoord

Prinsloo het feitlik onmiddellik weer op die skrywe van Hunter geantwoord. In sy antwoord het hy verklaar dat hy wel bereid was om oor te gee, op die voorwaarde dat sy burgers hulle perde, saals, tome en ander eiendom kon behou en dat hulle na afloop van die oorgawe toegelaat word om na hulle wonings terug te keer. Hy het die skrywe onderteken as M. Prinsloo, Hoofkommandant, OVS magte, distrik Wittebergen.[64] Hierdie skrywe van Prinsloo het die punte van onderhandelinge tussen Prinsloo en Hunter aansienlik vereng, aangesien onderhandelinge rakende vrede nie meer 'n besprekingspunt was nie. Dit het daarenteen nou uitsluitlik oor oorgawe gehandel, en die voorwaardes waaronder sodanige oorgawe sou plaasvind.

'n Oorgawe word omskryf as 'n ooreenkoms wat 'n einde aan vyandelikhede maak. So 'n ooreenkoms kan voorwaardelik of onvoorwaardelik geskied. Die besluit tot oorgawe berus, volgens die volkereg, ook in die uitsluitlike diskresie van die bevelvoerder. Ten

62 Sien ook Shears, pp. 49, 50-51.

63 Spaight, p. 249.

64 TNA, WO 105/24, pp. 3, 6, 9: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief), M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 3), A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 232). Vir 'n verdere afskrif van telegram A. 232, sien TNA, WO 105/17.

opsigte van die OVS is daar aanduidings dat 'n bevelvoerder sy krygsvergadering ten minste in dié opsig moes raadpleeg. Die besluit om oor te gee is 'n militêre besluit. Hierdie besluit geskied ook waar voortgesette militêre optrede hopeloos is en verdere verset alleen tot onnodige bloedvergieting en verlies van 'n krygsmag aanleiding kan gee. Die uitkomste van 'n oorgawe moet ook nie wees om die uitslag van die oorlog te beïnvloed nie, maar moet 'n suiwer militêre besluit wees.[65] Indien nie, was die gevaar dat 'n OVS bevelvoerder hom moontlik, na afloop van die oorlog, aan vervolging vir 'n vorm van gekweste majesteit kon blootstel.

Die eiesoortigheid van die *Krijgs- en Commandowet*,[66] sowel as die gewoonteregtelike aard van krygsvergaderings, laat die vraag ontstaan of Prinsloo as bevelvoerder, sonder tussenkoms van 'n krygsvergadering, 'n bevoegde persoon was om oor te gee.[67] Indien Prinsloo nie die bevoegde offisier was nie, maar 'n krygsvergadering wel, kan aangevoer word dat die onderhandelinge 'n onwettige oorgawe tot gevolg gehad het.[68] Die mandaat waaronder die onderhandelinge begin is, was 'n mandaat van 'n krygsvergadering. Dit wil gevolglik voorkom of Prinsloo, in opdrag van sy krygsvergadering, bevel gevoer het. Prinsloo sou daarom ook die goedkeuring van die krygsvergadering moes ontvang om oor te gee.

Hierdie punt is van besondere belang, deurdat talle offisiere en burgers hulle later nie aan die bevel van Prinsloo gebonde geag het nie. Hierdie groep offisiere en burgers sou kon aanvoer dat Prinsloo nie die bevoegdheid gehad het om oor te gee nie, en dat hulle daarom regtens hier met 'n onwettige bevel om oor te gee te make het. Die *Krijgs- en Commandowet*[69] het alleen streng gehoorsaamheid aan wettige bevele vereis.

Die foutiewe uitoefening van diskresie, in terme van die volkereg, beïnvloed egter nie die geldigheid van die ooreenkoms gesluit nie. Die blaam vir so 'n uitvoering is 'n saak vir nasionale howe en regering, wat na afloop van die oorlog verder gevoer kan

---

65 Spaight, p. 249; Oppenheim, 2, pp. 284-285, 287; S. Baker, *Halleck's international law or rules regulating the intercourse of states in peace and war* 2, p. 319; C.C. den Beer-Poortugael, *Krijgsgebruiken in den oorlog te land (oorlogsrecht in de rechten der neutralen)*, pp. 178,192.

66 Wet 10/1899.

67 Vir 'n bespreking van die gewoonteregtelike aard van krygsvergaderings, sien onderafdeling 4, hoofstuk 2, *supra*.

68 Oppenheim, 2, p. 287.

69 Artikel 64 (Wet 10/1899).

word.[70] Ten opsigte van die OVS, was die misdade van hoogverraad en gekweste majesteit in dié opsig van belang.[71]

Prinsloo het Hunter verder versoek om tyd aan hom te gee om die inhoud van die korrespondensie aan sy offisiere deur te gee.[72] Volgens Van Everdingen het die laaste gedeelte van hierdie skrywe van Prinsloo egter anders gelees, naamlik “die stap niet te kunnen nemen, alvorens de gevoelens der andere officieren *geraadpleegde*[73] te hebben”,[74] en nie soos in die vertaalde weergawe aangedui om tyd “to *inform*[75] my officers who are at present apart from each other of the nature of our correspondence”.[76] Hier is dus weer eens 'n belangrike klemverskuiwing, deurdat Prinsloo in die Van Everdingen-weergawe die aangeleentheid na sy offisiere vir raadpleging wou verwys. In die vertaalde skrywe van Hunter dui Prinsloo egter aan dat hy alleen sy offisiere van die aard van die onderhandelinge in kennis wou stel, en nie 'n besluit van sy offisiere rakende die oorgawe verlang het nie.

Die vertaalde skrywe van Prinsloo word verkies bo dié van Van Everdingen.[77] Met verwysing na die vertaalde weergawe wil dit voorkom of Prinsloo, gerugsteun deur enkele van sy offisiere, onvoorwaardelik oorgawe aangebied het en dat hy nie van plan was om die aangeleentheid vir bespreking na 'n groter krygsvergadering te verwys nie.[78] Die vraag ontstaan of Prinsloo regtens verplig was om oorgawe met sy groter krygsvergadering te bespreek, en of hy wel by magte was om die aangeleentheid met 'n kleiner korps van sy offisiere af te handel. Die gewoonteregtelike aard van die gebruik van krygsvergaderings sou so 'n verwysing na 'n groter krygsvergadering meer verkieslik gemaak het.[79]

Om redes onbekend het Prinsloo slegs 'n klein groepie offisiere in die onderhandelinge vertrou. 'n Moontlike verklaring mag wees dat Prinsloo geweet het

---

70 Oppenheim, 2, pp. 284-285, 287; Baker, p. 319; Den Beer-Poortugael, pp. 178,192; Spaight, p. 249.

71 Vir 'n toepassing van die misdade op die gebeure, sien onderafdelings 5.2 en 5.3, hoofstuk 12, *infra*.

72 TNA, WO 105/24, p. 6: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 3).

73 My kursivering.

74 Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 52. Hierdie aanhaling is weer op die oorlogsherinneringe van Roux gebaseer. (VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 9.) Hierbo is reeds daarop gewys dat Roux na alle waarskynlikheid nie toegang tot die korrespondensie tussen Prinsloo en Hunter gehad het nie. Sien onderafdeling 4.1, *supra*.

75 My kursivering.

76 TNA, WO 105/24, p. 6: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 3).

77 Sien onderafdeling 4.1, *supra*.

78 Van Rensburg, p. 19.

79 Vir 'n verdere bespreking van die gewoonteregtelike aard van krygsvergaderings, sien onderafdeling 4, hoofstuk 2, *supra*.

dat hy nie die meerderheidsteun van offisiere gehad het nie. Nog 'n moontlike rede mag wees dat Prinsloo geweet het dat hy in stryd met die mandaat van die krygsvergadering, van die nag van 27 op 28 Julie 1900, gehandel het. Hoe dit ook al sy, is dit insiggewend dat Prinsloo nie sy offisiere in sy besluit tot onderhandelinge geken het nie. Ten opsigte van die beweging op die Golden Gate-roete, sou militêre inligting van besondere belang wees rakende 'n besluit of oorgawe nodig was of nie.

7. Hunter se antwoord

In antwoord het Hunter weer aan Prinsloo geskryf. Hunter het Prinsloo in kennis gestel dat hy die inhoud van die tweede skrywe van Prinsloo aan die Britse opperbevelvoerder deurgestuur het. Hy het dit weer benadruk dat hy alleen bereid was om die onvoorwaardelike oorgawe van Prinsloo, sy offisiere en burgers te aanvaar en dat Prinsloo verseker kon wees dat hy sy offisiere en burgers met die nodige respek en agting as krygsgevangenes sou hanteer. Laasgenoemde punt was veral vir die OVS krygsmagte belangrik, wat ooreenkomstig die Britse proklamasie van 1 Junie 1900 as rebelle en nie as krygsgevangenes nie hanteer sou word. Hierdie proklamasie was regtens gebrekkig en die OVS krygsmag hoef gevolglik in dié verband geen vrees te gehad het nie.[80] Geen aanduiding kon egter gevind word dat die OVS die posisie aan die lede van sy krygsmag verduidelik het nie.[81] Hoewel dit regtens die posisie was, moet hier in gedagte gehou word dat die persepsie wat die proklamasie tot gevolg gehad het, sekerlik die een of ander uitwerking moes gehad het; des te meer op 'n krygsmag wat op die punt gestaan het om oor te gee. Dit wil dus voorkom of Prinsloo reeds daarin geslaag het om 'n toegewing vir sy krygsmag te beding, naamlik krygsgevangeskap.

Hunter het Prinsloo voorts ook daarop gewys dat ook hy, net soos Prinsloo, enige verdere bloedvergieting wou vermy. Hy het Prinsloo daarom op die hart gedruk om so spoedig moontlik oor te gee. Hunter het Prinsloo versoek om geen voorwaardes te stel nie en hom aan enige besluite van die Britse opperbevelhebber te onderwerp. Hy het

---

80 TNA WO 105/24, p. 6: A. Hunter — M. Prinsloo (afskrif van brief no. 4); Onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*. Sien ook Wilson, 3, p. 32.

81 Sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

Prinsloo ook daarop gewys dat hy op daardie stadium, vanweë probleme met die telegraaflyn, nog geen antwoord van die Britse opperbevelvoerder ontvang het nie.[82]

Hunter het hierdie skrywe aan luitenant-kolonel P.W. le Gallais (hoof van die staf van Hunter) en kaptein J.E.H. Balfour (aid-de-camp) gegee, met die opdrag om die skrywe na Prinsloo te neem en op sy antwoord te wag. Meyer verklaar dat hy en P.H. de Villiers vir Le Gallais en Balfour voorgekeer het. Die twee Britse offisiere het daarop aangedring om self met Prinsloo te praat. Hierdie versoek is nie toegestaan nie. P.H. de Villiers het wel vir Prinsloo kennis van die versoek gegee, wat op sy beurt op 'n ontmoeting tussen Prinsloo en die Britse offisiere uitgeloop het. Onderweg na die ontmoeting verklaar die seun van P.H. de Villiers dat die twee Britse offisiere aangedui het dat die burgers, na afloop van die oorgawe, toegelaat sou word om na hulle wonings terug te keer.[83]

7.1 Persone teenwoordig

Meyer verklaar dat hyself teenwoordig was in die eerste rondte van gesprekvoering tussen Prinsloo, Le Gallais en Balfour. Roux, wat nie teenwoordig was nie, meld dat Prinsloo, P.H. de Villiers, S.G. Vilonel asook die ongeïdentifiseerde sekretaris van Prinsloo tydens die ontmoeting teenwoordig was. Volgens Roux was Vilonel “de taalman en voornaamste woordvoerder bij de onderhandeling”.[84] Hier moet reeds vermeld word dat S.G. Vilonel 'n veroordeelde landsveraaier was.[85] Ten opsigte van die mededeling van Roux is dit onseker of Vilonel reeds by die gesprek aanwesig was aangesien Meyer, wat teenwoordig was, geen verwysing na Vilonel maak nie.

7.2 Plek van die ontmoeting

Meyer verwys nie na die plek waar die ontmoeting plaasgevind het nie. Roux, aan die anderkant, vermeld dat Prinsloo, P.H. de Villiers, Vilonel en die sekretaris van Prinsloo die Britse offisiere tegemoet gery het.[86] Kriek gee te kenne dat die ontmoeting

---

82 TNA WO 105/24, pp. 6-7: A. Hunter — M. Prinsloo (afskrif van brief no. 4).

83 TNA, WO 105/24, p. 3: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief); VAB, A119/1056: Meyer, p. 20. Die seun van De Villiers verklaar dat Hunter ook in die gesprek teenwoordig was. Hy gee verder te kenne dat Hunter onderneem het om nie op privaateiendom beslag te lê nie. Voorts het Hunter verklaar dat hy alle burgers billik sal behandel. (OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers-lewenskets, p. 3.) Daarenteen verklaar Hunter uitdruklik dat alleen Le Gallais en Balfour teenwoordig was. In dié opsig blyk dit dat De Villiers in die lewenskets gefouteer het. Die ander alternatief sou wees dat De Villiers junior vir Le Gallais of Balfour as Hunter aangesien het.

84 VAB, A119/1056: Meyer, p. 20; VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 10.

85 Vir 'n verdere bespreking van Vilonel, sien onderafdeling 9, *infra*.

86 VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 10. In die rowwe aantekening van Roux vermeld hy dat

plaasgevind het op 'n plek waar Le Gallais en Balfour in die nabyheid van die stellings van die OVS magte was.[87] Aan die hand van die skrywe van Hunter aan die Britse opperbevelvoerder wil dit voorkom of Le Gallais en Balfour met die toestande in die kamp van Prinsloo vertroud was.[88] Dit wil dus voorkom of die plek van ontmoeting veel nader aan die kamp van Prinsloo was as die plek wat deur Roux voorgestel is.[89] Volgens Kriek het Prinsloo juis hierdie plek gekies om aan die twee Britse offisiere te wys dat alles in gereedheid gebring word vir die voortsetting van die stryd. Prinsloo het opdrag aan die aanwesige OVS magte gegee om voor te gee dat alles in gereedheid gebring word om 'n moontlike Britse aanval af te weer.[90]

Hierdie bewering word bykans 50 jaar na die oorgawe gemaak. Die vraag ontstaan of daar veel gewig daaraan gegee moet word. Wat Kriek self betref, is dit belangrik om daarop te let dat hy die adjudant van P.H. de Villiers van Ficksburg was en dat daar dus redelikerwys verwag kon word dat hy insae in die beplanning gehad het. Indien sy weergawe aanvaar word, en die bewering daarin vervat as korrek aanvaar word, was die onderhandelinge alleen 'n skynvertoning wat die oorgawe voorafgegaan het.

Die keuse van die partye in die onderhandelinge dui tog op 'n bepaalde gesindheid van Prinsloo. So het P.H. de Villiers se handelinge voor die oorgawe reeds daarop gedui dat hy ten gunste van die beëindiging van die stryd was. Vilonel self was 'n veroordeelde landsverraaier, wat alleen baat kon vind indien die stryd in die guns van die Britse magte beklink word. Weer moet benadruk word dat die aanwesigheid van Vilonel in die gesprek onseker is. Dit wil verder voorkom of Prinsloo partye, wat ten gunste van die voortsetting van die stryd was, van die onderhandelinge uitgesluit het. Dit mag egter wees dat Prinsloo, vanweë tyd en afstand, dit nie raadsaam geag het om meer offisiere by die onderhandelinge te betrek nie. Voorts kon hy ook van voorneme gewees het om 'n krygsvergadering na afloop van die onderhandelinge te belê, waarin hy die uitkomste sou kommunikeer. Prinsloo se optrede gedurende die loop van die dag spreek egter tot die teendeel.

Prinsloo vir Le Gallais en Balfour halfpad ontmoet het. VAB, A305: Roux, “Paul H. Roux, Diwatalawa, 3 Nov. 1900”.

87 VAB, A119/8: Kriek, p. 10.

88 TNA, WO 105/24, p. 3: A. Hunter —F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).

89 Dit was ongelukkig nie moontlik om uit geraadpleegde bronne vas te stel wat die naam van die plaas/plek was waar die onderhandelinge plaasgevind het nie.

90 VAB, A119/8: Kriek, p. 11.

7.3 Die inhoud van die gesprek

Prinsloo het, volgens Meyer, as voorwaarde vir die oorgawe gestel dat alle burgers toegelaat moet word om na afloop van die oorgawe na hulle wonings terug te keer, en dat alleen offisiere gevange geneem sou word. Aan die hand van Meyer wil dit voorkom of hierdie die enigste gestelde voorwaarde was.[91] Dit mag egter ook wees dat Le Gallais en Balfour die forum gebruik het om toegewings te maak oor die behoud van perde om mee te ry en dat daar nie op privaatgoedere beslag gelê sou word nie.[92] Laasgenoemde berus uitsluitlik op mededelings gemaak deur Le Gallais aan Hunter na afloop van die gesprekke: "[S]ome wanted peace, some did not; they resented the idea of walking on foot as prisoners; they welcome his [Le Gallais] suggestion that they might ride where they had to go; that other generals were a long way off & communication with them difficult."[93]

Hunter het later soos volg aan Prinsloo, rakende die gesprekke tussen Prinsloo en die twee Britse offisiere, geskryf: "I confirm what Le Gallais said about granting one horse to each burgher to ride" en "[a]s regards the actual disposal of yourself and men I am now wiring to Lord Roberts and hope to be in a position tomorrow morning to give you every information".[94] Die briewe, saamgelees met Meyer se opsomming, is daarom vatbaar vir verskillende vertolkings. Hierna word later weer teruggekeer.[95]

Soos reeds gemeld het Roux nie die onderhandelinge bygewoon nie en die inhoud daarvan was dus vir hom onseker. Ten spyte daarvan gaan Roux voort en verklaar dat dit nie onmoontlik was dat Prinsloo en die ander OVS onderhandelaars teenwoordig, vir hulleself toegewings tydens die gesprekke beding het om nie as krygsgevangenes weggestuur te word nie.[96] Geen ander bron bevestig of ontken sodanige bewerings nie. By gebrek aan afdoende bewys, word met dié verwysing volstaan. Die verwysing word alleen ingesluit omdat hierdie punt gebruik word om aan te toon dat Prinsloo en ander moontlik reeds in die onderhandelinge verraad gepleeg het.

---

91 VAB, A119/1056: Meyer, p. 20. Sien ook Kritzinger en McDonald, pp. 12-13.
92 VAB, A119/8: Kriek, p. 10; TNA, WO 105/24, p. 3: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).
93 TNA, WO 105/24, p. 3: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).
94 TNA, WO 105/24, pp. 7-8: A. Hunter — M. Prinsloo, 29.7.1900 (afskrif van brief no. 6).
95 Sien onderafdeling 14*, infra*.
96 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo"*,* pp. 9-10; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 53 (vn. 5).

8. Prinsloo se finale skrywe

Le Gallais en Balfour het omstreeks 15:30, na afloop van die gesprekke met Prinsloo, by die hoofkwartier van Hunter opgedaag. Le Gallais het Hunter ingelig oor die toestande in die kamp van Prinsloo. Hy het Hunter daarop gewys dat die offisiere, onder bevel van Prinsloo, oor 'n groot afstand versprei was en dat die burgers in daardie stadium verdeeld was rakende die moontlikheid van oorgawe. Volgens Le Gallais was die burgers, wat wel ten gunste van oorgawe was, nie ten gunste daarvan om na afloop van so 'n oorgawe te voet weggevoer te word nie. Hierdie groep burgers was wel bereid om oor te gee mits hulle te perd na die plek van gevangeskap weggevoer sou word.[97] Hierdie vertolking is weer eens kensketsend van die demokratiese wyse waarop die OVS krygsmag geopereer het. Burgers sou hiervolgens wel gehoor gee aan 'n bevel om oor te gee indien hulle met die uitslag van die onderhandelinge tevrede was. Indien nie, sou hulle na goeddunke handel.

Le Gallais het ook 'n verdere skrywe van Prinsloo aan Hunter oorhandig. In die skrywe het Prinsloo versoek dat 24 uur toegestaan word om die aangeleentheid met sy offisiere te bespreek. Laasgenoemde is 'n afwyking van die vorige skrywe, waarin Prinsloo aangedui het dat hy alleen tyd benodig om sy offisiere van die inhoud van die onderhandelinge in kennis te stel. Dit is weer eens belangrik om daarop te let dat die skrywe 'n vertaling is, en dat die oorspronklike Nederlandse korrespondensie kan verskil. Prinsloo het verder ook vir S.G. Vilonel in hierdie skrywe aan Hunter bekend gestel en aangedui dat Vilonel by magte was om namens hom die onderhandelinge verder te voer. Die skrywe van Prinsloo het dit duidelik gemaak dat enige voorwaardes deur Vilonel beding, onderworpe aan die goedkeuring van sy krygsvergadering was.[98]

Hieronder word egter gesien dat Vilonel in werklikheid blanko volmag gehad het, wat daarop dui dat die versoek om tyd, met die doel om die aangeleentheid met sy offisiere te bespreek, alleen 'n taktiese skuif was.[99] Voordat daar met die skrywe gehandel word, is dit nodig om enkele opmerkings oor Vilonel self te maak.

---

97 TNA, WO 105/24 p. 3: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).

98 TNA, WO 105/24, p. 7: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 5). Sien ook onderafdeling 6, *supra*.

99 Sien onderafdeling 10, *infra*.

9. S.G. Vilonel

Voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was Stephanus Gerhardus Vilonel (1865-1918) 'n prokureur werksaam te Senekal. Met die uitbreek van die oorlog is hy tot kommandant verkies, waar hy hom in verskeie veldslae en gevegte tot en met Maart 1900 onderskei het. Met die Britse inname van Bloemfontein het Vilonel begin twyfel of dit enigsins nog 'n doel gedien het om die oorlogspoging voort te sit. Gedurende 'n krygsvergadering in Maart 1900 het Vilonel ook voorgestel dat die oorlogspoging gestaak moes word. Hierdie voorstel is eenparig van die hand gewys. Hierna het verskeie konfrontasies tussen hoofkommandant C.R. de Wet en Vilonel plaasgevind, wat daartoe aanleiding gegee het dat De Wet vir Vilonel voor 'n keuse gestel het om òf te bedank, òf uit die rang van kommandant onthef te word, waarop Vilonel toe bedank het.[100]

Hierna het Vilonel as 'n gewone burger by sy kommando aangebly. In hierdie tyd was sy bydrae tot die stryd van so aard dat die burgers van die kommando, waar Vilonel diens gedoen het, hom na die dood van veggeneraal A.I. de Villiers in Junie 1900 genader het om De Villiers op te volg. Hierdie aanbod is deur Vilonel van die hand gewys. Dit wil voorkom of Vilonel ten tyde van hierdie aanbod van mening was dat die oorlog nie meer lank sou duur nie, dat die deputasie in Europa niks sou vermag nie en dat die oorgrote meerderheid van burgers gereed was om onder die Britse proklamasies die wapens neer te lê.[101]

In Junie 1900 het Vilonel ook berig ontvang dat, sou hy nie in die afsienbare toekoms oorgee nie, die Britse magte sy kantoor met alle dokumentasie daarin sou vernietig. So 'n vernietiging sou, volgens Vilonel, 'n geweldige effek op die regsposisie van burgers/onderdane na afloop van die oorlog gehad het. In die daaropvolgende jaar skryf Vilonel ook as volg in die *Bloemfontein Post* rakende sy besluit om oor te gee: “[Our] independence was hopelessly lost, that the Free State had ceased to exist, and that it was absolute folly to continue the struggle, as it would only lead to total

---

100 A. Grundlingh, *Die rasionaal en verskynsel van verraad*, pp. 307-309. Sien ook onderafdeling 2.1, hoofstuk 6, *supra*.

101 Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 69-70; Grundlingh, p. 309. A. Fischer, C.H. Wessels en A.D.W. Wolmarans het as lede van die deputasie vertrek met die doel om die saak van die twee republieke in die buiteland te stel. Die deputasie het Nederland (April 1900), die Verenigde State van Amerika (Mei-Julie 1900) en Frankryk, Duitsland en Rusland (Augustus 1900) besoek. Die deputasie het egter nie daarin geslaag om buitelandse intervensie in die oorlog te bewerkstellig nie. (A. Wessels (red.), *Lord Roberts and the war in South Africa 1899-1902*, p. 286 (vn. 107). Sien ook onderafdeling 3.2, hoofstuk 2, *supra*; vn. 14, onderafdeling 3, hoofstuk 4, *supra*; hoofstuk 4, *supra*; vn. 64, hoofstuk 5; *supra*; Aanhangsel B, *infra*.

destruction of private property and ultimate destitution and starvation in many cases [...]."[102]

Hierdie standpunt het Vilonel ook in 'n skrywe aan die OVS staatspresident aangevoer. In dié skrywe verklaar Vilonel dat hy sy wapens neergelê het, aangesien die onafhanklikheid van beide die Oranje-Vrystaat en Zuid-Afrikaanse Republiek "hopeloos verloren waren, en dat wij geen recht hadden den oorlog voort te zetten, die niets anders konden te weeg brengen dan de totale ondergang en vernietiging van volk en land [...]."[103] Gedurende Junie 1900 het Vilonel sy wapens neergelê en ook gepoog om ander lede van sy voormalige kommando tot dié sienswyse oor te haal. Hierdie poging het tot sy arrestasie en veroordeling aan hoogverraad gelei.[104] Hierna was Vilonel waarskynlik tot en met sy vrylating 'n gevangene op kommando.[105]

Vilonel was daarom, ten tyde van die opdrag om met Hunter te onderhandel, 'n veroordeelde landsverraaier. In die lig van bogenoemde kan die vraag met reg gevra word of Vilonel enigsins iets anders as onvoorwaardelike oorgawe sou onderhandel, en of hy nie ook sou poog om Prinsloo tot sy persoonlike sienswyse oor te haal nie. Geen getuienis ter stawing van sodanige feit kon egter gevind word nie.[106]

Vilonel was na alle waarskynlikheid ten gunste van 'n oorgawe. Hy sou waarskynlik ook so 'n standpunt in sy gesprekke met beide Prinsloo en Hunter bevorder. Vilonel het waarskynlik ook nie sy vertrouensposisie met Prinsloo gebruik om Prinsloo tot daadwerklike verset oor te haal nie. Oorgawe van die OVS magte sou in effek die vrysetting van Vilonel beteken. Die einde van die OVS as staat sou ook die

---

102 *Bloemfontein Post*, 19.3.1901: S.G. Vilonel — die redakteur (brief). Sien ook Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 69-70.

103 OMBR, 1679/7: S.G. Vilonel — M.T. Steyn, 11.1.1902 (brief).

104 *De Bazuin*, 17.7.1900; Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 70-77; M.C.E. Van Schoor (red.), "The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers", *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 11; P. Pienaar, *With Steyn and De Wet*, pp. 135-137; Grundlingh, pp. 310-311; De Wet. pp. 83-84.

105 Vilonel is saam met die Britse krygsgevangenes in Fouriesburg aangehou. Daar bestaan twee weergawes, wat met Vilonel ten tyde van die ontruiming van Fouriesburg gebeur het. Die eerste is dié van kommandant W.J. Kolbe en Kriek, 'n adjudant van kommandant P.H. de Villiers. Volgens Kolbe en Kriek was Vilonel op 25.7.1900 nog in die tronk ten tyde van die samekoms van die OVS magte in Fouriesburg. Hy is ook met die ontruiming van Fouriesburg deur die OVS krygsmag uit die tronk geneem en onder bewaking saam met die kommando's geneem. (OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, p. 350; VAB, A119/8: Kriek, p. 6.) T. Wessels, 'n burger onder bevel van kommandant Haasbroek, bevestig die teenwoordigheid van Vilonel in die krygsgevangenekamp. Volgens Wessels is Vilonel egter agtergelaat en deur die Britse magte vrygelaat. (VAB, A119/52: T. Wessels — Renier 25.6.1944, p. 2 (brief).) Hierdie weergawe laat die vraag ontstaan oor hoe Vilonel weer met Prinsloo in verbinding getree het. Hunter maak ook die eerste keer melding van Vilonel met sy aankoms in sy kamp op 29.7.1900. (Sien onderafdeling 8, *supra*.) Voorts moet in gedagte gehou word dat Wessels saam met Haasbroek na Nauwpoort gegaan het. Dit dui daarop dat Wessels nie met die ontruiming van Fouriesburg teenwoordig was nie. Kolbe en Kriek, aan die anderkant, was wel teenwoordig. Hieronder word ook gesien dat Kriek, net soos Kolbe, die aand voor die ontruiming van die dorp besoek afgelê het. VAB, A119/8: Kriek, p. 6.

106 Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 77; Grundlingh, p. 312.

skuldigbevinding en vonnis van Vilonel *pro non scripto* maak.[107] Prinsloo se keuse van Vilonel as enigste onderhandelaar kan gevolglik met reg bevraagteken word.

10. Volmag om te onderhandel

Prinsloo het in sy skrywe aan Hunter die volmag van Vilonel soos volg verduidelik "[T]o enter into such terms and conditions as may be desirable and will accept them conditionally to submit to my [Prinsloo's] Council of War."[108] Sonder dat Hunter dit egter geweet het, het Vilonel 'n tweede skrywe by hom gehad met blanko volmag, wat as volg gelees het: "I [Prinsloo] accept *the conditions* to surrender unconditionally [...]."[109] Dit is belangrik om daarop te let dat 'n veroordeelde landsverraaier as *enigste* onderhandelaar blanko volmag gehad het om die oorgawe van Prinsloo, sy offisiere en burgers te finaliseer.[110]

Laasgenoemde dui op 'n besondere vertrouensverhouding wat tussen Prinsloo en Vilonel bestaan het. Dit sou immers meer verkieslik gewees het dat twee persone in hierdie tipe onderhandelinge gebruik word. Die versuim aan die kant van Prinsloo het 'n situasie geskep, waarvolgens Prinsloo alleen die woord van 'n veroordeelde verraaier gehad het, wat voorts belang daarby gehad het om die onderhandelinge op 'n bepaalde wyse te beklink, en as einddoel sy eie vrysetting te bewerkstellig. Derhalwe ontstaan die vraag of Vilonel sy vertrouensposisie kon gebruik het om Prinsloo in sy besluit tot oorgawe te beïnvloed. Indien laasgenoemde korrek is, kan Prinsloo alleen vir hierdie situasie geblameer word.

11. Waarom het Prinsloo vir Vilonel as onderhandelaar gebruik?

Waarom het Prinsloo vir Vilonel as tussenganger en enigste onderhandelaar gebruik? Blanko volmag aan 'n veroordeelde verraaier word deur talle bronne as vreemd, onverstaanbaar en selfs treurig aangestip.[111] Die argumente in sodanige bronne kan in twee hoofgroepe verdeel word. Die eerste poog om die aanstelling van Vilonel te

---

107 Grundlingh, p. 312.

108 TNA, WO 105/24, p. 7: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 5).

109 TNA, WO 105/24, p. 7: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 5A).

110 Sien ook Delport, p. 190.

111 Boldingh, p. 40; J.J. van Tonder, "Generaal Marthinus Prinsloo", *Taalgenoot*, November 1977, 46(12), p. 37; Delport, p. 189.

gebruik om die verraad van Prinsloo en ander te bewys. Ander weer verwys na die gunstige voorwaardes deur Vilonel vir sy eie oorgawe beding. Hieruit word weer die gevolgtrekking gemaak dat Prinsloo die hoop gekoester het dat Vilonel daarin sou slaag om soortgelyke voorwaardes vir sy burgers en offisiere te beding. Hieronder word kortliks met dié twee standpunte gehandel.

Veggeneraal C.C. Froneman skryf, kort na die oorgawe, aan hoofkommandant C.R. de Wet dat "[h]et aller treurigste is dat Prisonier Vilonel de Adviseur van Ou Prinsloo was".[112] De Wet gaan verder en skryf dat die gebeure die een of ander kleur van verraad gehad het, wat blyk uit die besondere posisie waarin Vilonel hom ten tyde van die oorgawe bevind het.[113] Boldingh vra ook die vraag of die gebruik van Vilonel as onderhandelaar "alleen domheid [was] [o]f heeft Generaal Prinsloo reeds van den beginne af het denkbeeld gehad verraad te willen plegen?"[114] J.A.J. de Villiers, die waarnemende staatsprokureur ten tyde van die oorgawe, verklaar dat Prinsloo voorsien het dat hy die verkiesing teen Roux sou verloor. Prinsloo moes daarom so spoedig moontlik die oorgawe finaliseer en Vilonel was besonder geskik om hom in hierdie daad by te staan.[115]

Brink aan die anderkant verwys na Vilonel se suksesvolle bedingde voorwaardes in sy eie oorgawe in Junie 1900. Volgens Brink was Prinsloo en Vilonel geesgenote en het Prinsloo juis om hierdie rede soveel vertroue in Vilonel gestel.[116] Hierdie stelling is besonder belangrik as dit met die bespreking hierbo saamgelees word, naamlik dat Vilonel reeds in Maart 1900 oortuig was dat die voortsetting van die oorlog sinneloos was. Prinsloo se skrywe, waarin hy homself, sy offisiere en burgers oorgegee het, wys ook duidelik daarop dat Prinsloo die oorlog as 'n verlore saak beskou het. In die skrywe verklaar Prinsloo dat sy burgers aan die OVS regering getrou was en dat hulle in die toekoms ook getroue onderdane sou wees.[117] Hierdie woorde het 'n indirekte ondertoon dat die oorlog iets van die verlede was.

In Junie 1900 het Vilonel ook daarin geslaag om bepaalde toegewings vir sy eie oorgawe te verkry. Hoewel Vilonel ten tyde van sy oorgawe 'n gewone burger was, het

112 VAB, A155: C.C. Froneman — C.R. de Wet, 3.8.1900 (brief).
113 De Wet, p. 125.
114 Boldingh, p. 40.
115 J.A.J. de Villiers soos meegedeel aan O. Hintrager. Sien Oberholster (red.), p. 126.
116 Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 91; Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 90. Sien ook Grundlingh, p. 312.
117 TNA, WO 105/24, p. 7: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 5A).

hy vroeër as 'n kommandant diens gedoen en was hy dus uitgesluit van die vergunning om na sy oorgawe op parool na sy woning terug te keer.[118]

Tog het die Britse owerhede aan Vilonel 'n vergunning gemaak om na afloop van sy oorgawe op parool in Senekal te woon. P.D. de Wet, wat in 'n soortgelyke poging deel van die opperbevel van die OVS gevorm het, kon nie daarin slaag om 'n soortgelyke toegewing te beding nie.[119] Vilonel was egter ten tyde van sy eie poging nie meer 'n offisier nie. P.D. de Wet was wel 'n offisier verbonde aan die opperbevel van die OVS krygsmag.

Met laasgenoemde ter agtergrond kon Prinsloo dus hoop dat Vilonel 'n tweede keer daarin kon slaag om 'n soortgelyke toegewing vir hom (Prinsloo), sy offisiere en burgers te beding.[120] Die aanvaarding van gunstige voorwaardes, deur Vilonel beding, sou voorts ook Prinsloo se hand aansienlik sterk in die oortuiging van offisiere en burgers om hul wapens neer te lê.[121]

Vilonel se onderhandelinge met die vyand moes vanweë sy skuldigbevinding aan hoogverraad ook 'n ernstige waarskuwing vir Prinsloo ingehou het. Dit was vir Prinsloo duidelik dat sy staatshoof besluit het om die oorlog voort te sit. Indien Prinsloo daarom nie die poging ondersteun het nie, moes hy bedank.

Die gebruik van 'n persoon, wat in stryd met sy verpligting om krygsdiens te verrig gehandel het, is verder strydig met die algemene besluit om die oorlog voort te sit. Voet verklaar ook dat 'n verstandige bevelvoerder die raad van oorlopers met agterdog moet bejeën en dat hulle raad nie geglo moet word nie.[122] Dit is moeilik om hier van die veronderstelling uit te gaan dat daar in die krygsafdelings van Prinsloo nie ook 'n ander geskikte persoon was, wat vir die doel aangewend kon word nie.

12. Finalisering van die oorgawe

Le Gallais en Balfour het aangedui dat talle burgers ten gunste van oorgawe sou wees, indien hulle te perd as krygsgevangenes weggevoer sou word.[123] Daarenteen

118 Vir 'n bespreking van die proklamasies, sien onderafdeling 2, hoofstuk 3, *supra*.
119 Sien onderafdeling 7, hoofstuk 4, *supra*.
120 VAB, A119/8: Kriek, pp. 10-11; Amery (red.), 4, p. 340; Grundlingh, pp. 309-310, 312.
121 Kritzinger en McDonald, p. 11.
122 G. van der Westhuizen, "J. Voet: die militêre reg uit die oorspronklike Latyn vertaal" (verhandeling) [hierna verwys as Voet], pp. 156, 167-169.
123 Sien onderafdeling 8, *supra*.

het Vilonel in sy gesprek met Hunter uitdruklik verklaar dat die burgers nie sou oorgee tensy hulle na afloop van die oorgawe op vrye voet gestel word, en toegelaat sou word om hulle persoonlike eiendom te behou nie. Hierdie voorwaarde was in ooreenstemming met die Britse proklamasie van Maart 1900. Die vrysetting van burgers en die behoud van eiendom was, volgens Vilonel, noodsaaklik vir die voortsetting van boerdery aktiwiteite. Versuim van die Britse magte om hieraan gehoor te gee, sou ook tot die ondergang van talle aanleiding gee. Die posisie, soos deur Vilonel verduidelik, benadruk weer die punt dat die persoonlike eiendom van die offisiere en burgers ter sprake was. Die gebondenheid aan eiendom moet ook teen dié agtergrond gelees word. Weer het Hunter by Vilonel daarop aangedring dat Prinsloo en sy magte onvoorwaardelik moes oorgee. Hunter het tog onderneem om die trant van die gesprekke aan die Britse opperbevelvoerder te telegrafeer.[124]

In lig van die besondere omstandighede het Hunter die volgende toegewing aan Prinsloo gemaak: “I confirm what Colonel Le Gallais said about granting one horse to each burgher to ride”[125] en “I do not intend to confiscate any private property or personal effects of your men”.[126] Tot verbasing van Hunter het Vilonel 'n vierde skrywe van Prinsloo om 16:30 te voorskyn gebring, wat as volg gelees het: “I accept the conditions to surrender unconditionally, but trust that your Honour wil have the goodness to give my burghers every consideration in connection with their horses and other private property, because they were true burghers of their Government and will certainly be true subjects now [...].”[127] Hunter het ook in die gebeure hierbo voorwaardelik tot onvoorwaardelike oorgawe toegestem. Hierdie voorwaardes het

---

124 TNA, WO 105/24: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief), p. 3. Vir 'n bespreking van proklamasie III van 1900, sien onderafdeling 2.2, hoofstuk 3, *supra*.

125 Volgens Wilson het Hunter vir Prinsloo in kennis gestel dat aan elke burger wat oorgee, 'n perd gegee sou word om tot die naaste spoorweg mee te ry. Vandaar sou die burgers as krygsgevangenes weggevoer word. (Wilson, 3, p. 32.) Die korrespondensie van Hunter is onduidelik op hierdie punt.

126 TNA, WO 105/24, pp. 3, 7-8: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief), A. Hunter — M. Prinsloo, 29.7.1900 (afskrif van brief no. 6). Volgens Wilson wil dit voorkom of Hunter met die toegewings beoog het om die OVS magte met 'n set uit te oorlê. (Wilson, 3, p. 32.) Die skrywe van Hunter aan die Britse opperbevelvoerder spreek egter duidelik tot die teendeel.

127 TNA WO 105/24, pp. 3, 7: Prinsloo — Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van skrywe no. 5A) Hunter — Roberts, 4.8.1900 (brief). Dit is interessant om hier te meld dat Wilson 'n ander weergawe van die gebeure skets. Volgens hom het Hunter na ontvangs van die eerste skrywe gedreig om onmiddellik met die bombardering van die OVS magte se posisie te begin sou hulle nie onmiddellik onvoorwaardelik oorgee nie. Volgens Wilson het Vilonel in hierdie stadium ook die skrywe van Prinsloo uit sy sak gehaal waarin Prinsloo onvoorwaardelik oorgee. (Wilson, 3, p. 32. Sien ook Penning, 3, p. 882.) Hierdie weergawe is duidelik foutief deurdat dit nie verwys na die korrespondensie tussen Hunter en Prinsloo, wat deur die loop van daardie dag gevoer is nie. Voorts het Vilonel, volgens Hunter self, eers die middag in sy kamp gearriveer. Volgens P.H. de Villiers was dit hy wat die berig van die aanvaarding van die onvoorwaardelike oorgawe na die Britse magte geneem het. (Barry, p. 33.) Laasgenoemde weergawe is duidelik in stryd met die mededeling hierbo deur Hunter gemaak.

egter nie die finale goedkeuring van die Britse opperbevelvoerder gehad nie en was ook vatbaar vir verskillende vertolkings.[128]

Dit wil voorkom of Hunter en Vilonel in hulle gesprek die oorgawe gefinaliseer het. Hunter het ook in sy skrywe aan Prinsloo, na afloop van die onderhandelinge, verklaar dat hy alle inligting aangaande die onderhandelinge aan die Britse opperbevelvoerder getelegrafeer het, en gehoop het om Prinsloo die volgende môre van die antwoord in kennis te stel. Die skrywe van Hunter het Prinsloo versoek om die volgende oggend om 09:00 op te daag en oor te gee, asook dat Prinsloo sou reël dat sy burgers dieselfde sou doen. Hunter sluit sy skrywe as volg af: “Meanwhile I and all my officers beg you to accept for yourself and all your men our sincere admiration for your loyal and gallant conduct while acting against us, and I hope you will allow me to express the sincere hope that we may all live in peace and [...][129] together in the future.”[130] Hunter het in sy telegram aan die Britse opperbevelhebber verklaar dat hy onderneem het om nie op privaateiendom beslag te lê nie. Intussen het Hunter ook instruksies aangevra rondom wat hy met die krygsgevangenes moes maak.[131]

13. Bekendheid van die onderhandelinge

Die aanstelling van Vilonel as tussenganger en enigste onderhandelaar was verdag. Die vraag ontstaan of Prinsloo daarom ook die onderhandelinge, wat met sy oorgawe geeïndig het, in die geheim gevoer het. Bronne is nie eenstemmig rakende die bekendheid van die onderhandelinge nie. Volgens Kriek, 'n adjudant van P.H. de Villiers, het die burgers kennis gedra van die onderhandelinge en het die inhoud daarvan die goedkeuring van die burgers weggedra. Na die twee Britse offisiere en Vilonel vertrek het, vermeld Kriek ook dat voorbereidings in die kamp getref is vir oorgawe, wat die volgende oggend sou plaasvind.[132]

Brink, die adjudant van veggeneraal J. Crowther, ontken weer enige kennis van die onderhandelinge en vermeld uitdruklik dat die onderhandelinge nie sy, of die ander

128 Vir 'n bespreking van die voorwaardes, sien onderafdeling 14, *infra*.
129 Woord onleesbaar.
130 TNA, WO 105/24, pp. 7-8: A. Hunter — M. Prinsloo, 29.7.1900 (afskrif van brief no. 6). Afskrifte van die brief bestaan ook in die volgende lêers: VAB, A155/139/1(a); VAB, A305.
131 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 233).
132 VAB, A119/8: Kriek, pp. 9-11.

burgers se goedkeuring sou weggedra het indien hulle daarvan geweet het nie.[133] Die kommando van Senekal, waar Brink hom ten tyde van die oorgawe bevind het, was egter reeds in die omgewing van Nauwpoort. Die Ficksburg-kommando, waar Kriek was, het hom op sy beurt in die onmiddellike omgewing van Slaapkrans bevind. Voorts is dit ook belangrik om daarop te let dat Britse krygsoperasies ten tyde van die onderhandelinge voortgegaan het. Laasgenoemde was ook in ooreenstemming met die skrywe van Hunter aan Prinsloo, en die opdrag deur Hunter ontvang van sy opperbevelvoerder.[134] Die agterste kommando's was daarom nader aan die Britse magte en ook getaak om enige aanslag teen die vlugtende kommando's af te weer. In sodanige omstandighede kon dié offisiere en burgers ook 'n ander sienswyse rakende die onderhandelinge gehad het, wat weer by die voorste kommando's, wat op die punt gestaan het om met die roete oor Golden Gate te ontsnap, ontbreek het.

14. Die bedingde voorwaardes

Dit is nodig om die inhoud van die onderhandelinge krities te evalueer. Op die oog af wil dit voorkom of die wesensaard van die voorwaardes op die nie-konfiskering van privaatgoedere, en die reg van die behoud van 'n perd om op te ry, neergekom het. Was hierdie werklikwaar bedingde voorwaardes, of was die offisiere en burgers, kragtens die bepalings van die volkereg, wel op die behoud van privaatgoedere geregtig? In tye van oorlog is nie alleen die oorlogvoerende state vyande nie, maar ook die inwoners van die onderskeie state. Aanvanklik het oorlogvoerende partye daarom die reg gehad om enige saak te neem, wat tot die vermoë van 'n staat bydra om oorlog te voer.[135]

Dié reël is mettertyd getemper deur gebruike en regsreëls, wat oor jare heen tussen volke geformuleer is. So is 'n onderskeid getref tussen die goedere, wat behoort aan 'n vyandige staat en die goedere, wat aan sy onderdane behoort.[136] Die Brusselse Konsep Deklarasie van 1874 verklaar dat 'n besettingsmag slegs besit van goedere

133 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 89.

134 VAB, A119/1056: Meyer, p. 20.

135 Baker, 2, p. 58; C. van Bynkershoek, *A treatise on the law of war translated from the original Latin of Cornelius van Bynkershoek being the first book of his Quaestiones juris publici*, p. 27; D.S. van Emden, "Bijdrage tot de geschiedenis der verzachting van het oorlogsrecht te land in de negentiende eeuw" (proefskrif), pp. 133-147; J.J. Henning, "Die *occupatio* van *res hostiles*", *Meditationes Medii* 2, 1970, pp. 50-55.

136 Baker, 2, p. 58.

kan neem, wat aan die vyandige staat behoort.[137] Voorts bepaal artikel 38 van die dokument ook dat daar nie op privaatgoedere beslag gelê mag word nie.[138] Hierdie artikels het later ook in 'n soortgelyke gedaante deel van die Haagse Konvensie van 1899 geword. Net soos artikel 38 van die Brusselse Konsep Deklarasie, het artikel 46 van die Haagse Konvensie van 1899 uitdruklik bepaal dat daar op geen privaatgoedere beslag gelê mag word nie.[139]

Baker, in die 1893-uitgawe van *Halleck's international law*, verklaar uitdruklik dat privaatgoedere as 'n algemene reël nie vatbaar vir beslaglegging is nie. Den Beer-Poortugael verklaar ook dat die volkereg die veiligheid van 'n persoon en sy goedere in 'n besette gebied waarborg.[140] Baker voeg egter dadelik by dat daar drie uitsonderings op dié reël bestaan. Hierdie uitsonderings kan die vorm van 'n sanksie aanneem, waar persone hulle skuldig gemaak het aan onwettige handelinge kragtens die bepalings van die volkereg. In die tweede plek kan goedere gekommandeer word vir doeleindes van proviand vir die onderhoud van die vyandelike magte, waar hulle hul in besette gebiede bevind. Laastens kon daar op privaatgoedere beslag gelê word, wat op die slagveld gevind word.[141]

Ongelukkig gee Baker geen verdere beskrywing van wat bedoel word met goedere wat op die slagveld gevind word nie. By 'n gebrek aan 'n verdere omskrywing kan hier aanvaar word dat waens, trekosse en perde deel van die oorgawe geword het in dié opsig dat dit op die slagveld gevind is. In die omstandighede sou die eienaar se krygsgevangeskap ook beteken dat die goedere agtergelaat word. Die gevegte, en daaropvolgende oorgawe, staan dus in regstreekse verband met militêre operasies gevoer teen die OVS, wat op sy beurt weer die verlies daarvan deur beslaglegging verklaar.

Die oorgawe op 30 Julie 1900 het gevolglik beteken dat die Britse magte op privaatgoedere beslag kon lê, wat deel van die OVS oorlogspoging gevorm het.

---

137 "The army occupying a territory shall take possession only of the specie, the funds and realisable securities (*valeurs exigibles*) which are the property of the State in its own right, the depôts of arms, means of transport, magazines and supplies, and, in general all the personal property of the State which is of a nature to aid in carrying on the war." Artikel 6 van die Brusselse Konsep Deklarasie van 1875. Sien A. Pearce Higgins, *The Hague Peace Conferences and other international conferences concerning the laws and usages of war: texts of conventions with commentaries*; W.I. Hull, *The two Hague conferences and their contribution to international law*.

138 "Private property cannot be confiscated." Artikel 38 van die Brusselse Konsep Deklarasie van 1874.

139 Haagse Konvensie van 1899. Sien ook artikel 54 van die Haagse Konvensie van 1899 wat feitlik 'n herhaling van artikel 6 van die Brusselse Konsep Deklarasie van 1874 is.

140 Baker, 2, pp. 67-68; Den Beer-Poortugael, p. 124.

141 Baker, 2, pp. 67-70.

Hierdie eiesoortige situasie moet ook aan die hand van die *Krijgs- en Commandowet*[142] verstaan word, wat die gebruik van privaatgoedere deur burgers in oorlogstye vereis het. Die skrywe van Hunter het voorts uitdruklik verklaar dat hy op geen privaatgoedere beslag sou lê nie. Die skrywe verwys trouens alleen na wapens, grofgeskut en ammunisie, wat die volgende dag ingehandig moes word.[143] Gevolglik wil dit voorkom of Prinsloo in dié opsig 'n toegewing beding het, naamlik die beskerming van die privaateiendom van sy burgers.

Die bewoording van die skrywe van Hunter dui geensins daarop dat Prinsloo, sy offisiere en burgers met hul oorgawe krygsgevange geneem sou word nie. Die moontlikheid het daarom nog bestaan dat offisiere en burgers, kragtens die bepalings van die proklamasie van 1 Junie 1900, as rebelle gevange geneem kon word en dat daar dienooreenkomstig met hulle gehandel sou word. Die skrywe verseker Prinsloo slegs van Hunter se welwillendheid teenoor hom, sy offisiere en sy burgers, asook dat Hunter die versoek van Prinsloo rakende billike behandeling na afloop van oorgawe aan die Britse opperbevelvoerder sou kommunikeer.[144]

Die gebruik van 'n ryperd is verder onduidelik. So dui die skrywe van Hunter nie aan waarvoor die perd aangewend sou kon word nie. Sou daarmee gery kon word na die plek van gevangeskap of sou dit deur die burgers gebruik kon word om na hulle wonings terug te keer? Die vraag ontstaan of die brief doelbewus so geskryf was om die offisiere en burgers te mislei. Tog verklaar Hunter duidelik as volg: “As regards the actual disposal of yourself and men I am now wiring to Lord Roberts and I hope to be in a position tomorrow morning to give you every information [...].”[145]

Hierdie bedingde voorwaardes is ook deur Prinsloo aanvaar. In die tweede skrywe, wat Prinsloo aan Vilonel oorhandig het, het Prinsloo aangedui dat hy die voorwaardes om onvoorwaardelik oor te gee, aanvaar het. Die vraag bly egter wat die sinsnede “voorwaardes vir onvoorwaardelike oorgawe” beteken het. In dié verband het Prinsloo slegs die woord van Vilonel gehad, wat die bedingde voorwaardes vir onvoorwaardelike oorgawe duidelik kon maak. Die skrywe van Prinsloo gee tog 'n blyk van wat hy verwag het die voorwaardes sou wees, naamlik dat gunstige oorweging

142 Wet 10/1899.

143 Artikel 37 (Wet 10/1899). Sien ook TNA, WO 105/24, pp. 7-8: Hunter — Prinsloo, 29.7.1900 (afskrif van skrywe no. 6).

144 TNA, WO 105/24, pp. 7-8: A. Hunter — M. Prinsloo, 29.7.1900 (afskrif van skrywe no. 6). Vir 'n bespreking van die proklamasie, sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

145 TNA, WO 105/24, pp. 7-8: A. Hunter — M. Prinsloo, 29.7.1900 (afskrif van brief no. 6).

gegee sou word wanneer met die perde en privaateiendom van die burgers gehandel sou word.[146]

Amery verklaar dat Prinsloo die volgende voorwaardes vir die oorgawe aanvaar het: (1) daar word nie op privaatgoedere beslag gelê nie; (2) daar kon wel op perde, waens en karre, sowel as osse en muile beslag gelê word; (3) burgers word van 'n perd voorsien om na die plek te ry vanwaar hulle as krygsgevangenes weggevoer sou word; (4) burgers bly krygsgevangenes tot na afloop van die oorlog; (5) alle wapens en ammunisie word ingehandig; (6) daar word op alle eiendom van die OVS beslag gelê.[147]

Aangesien die OVS se magte hoofsaaklik 'n burgermag was, het waens, karre, perde en osse in die meeste gevalle aan die burgers self behoort. In baie gevalle was die gebruik van privaatgoedere nodig gewees om die oorlogspoging van die staat te versterk. Hierdie privaatgoedere is inderwaarheid sonder vergoeding tot die beskikking van die staat gestel. Die burgers het uit die aard van die saak die voordeel gehad om die privaateiendom tot eie voordeel te benut. Voorwaarde (2) is daarom 'n kwalifikasie op (1). Hierdie goedere is dus as staatsgoedere in die gebruik van die oorlogspoging gesien.

Amery is verder die enigste bron wat met die voorwaardes handel. Prinsloo het alleen die skrywe van Hunter ontvang, wat besonder vaag betreffende die voorwaardes is. Dit mag wees dat Vilonel tot die voorwaardes toegestem het. Indien wel, het hy dit nie duidelik aan Prinsloo gekommunikeer nie. Die alternatief sou wees dat Prinsloo hierdie voorwaardes verswyg het.

15. Gevolgtrekkings

Die gebeure hierbo gee wel indrukke van ongunstige omstandighede, wat oorgawe geregverdig het. Dit wil egter voorkom of hierdie omstandighede nie noodwendig die deurslag gegee het in die onderhandelinge nie, maar dat die beskerming van privaatgoedere van groter belang geag is. In dié opsig is daar dus reeds sterk aanduidings dat Prinsloo hom in die oorgawe moontlik aan 'n vorm van gekweste majesteit skuldig gemaak het.

146 TNA, WO 105/24, p. 7: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 5A).
147 Amery (red.), 4, p. 340.

Ten opsigte van die misdaad, sowel as hoogverraad, is dit hier belangrik om weer op die bevindinge van hoofstukke 3 en 4 te wys. In dié hoofstukke is aangetoon dat Brittanje aangevoer het dat die OVS verower is. Voorts het feitlik alle staatsdiensfunksionarisse hulle betrekkings neergelê. Daarmee tesaam was dit onmoontlik om die Volksraad byeen te roep en die liggaam, met betrekking tot die voortsetting van die oorlog, te raadpleeg. Daar was trouens aanduidings dat sommige Volksraadslede nie ten gunste van die voortsetting van die oorlog was nie. Hoewel die OVS tot en met 30 Julie 1900 regtens nog bestaan het, moes die geweldige effek van die vernietiging van 'n staat duidelik gevolge vir sy krygsmag ingehou het. In dié opsig kon Prinsloo homself die posisie aangematig het om ook namens die OVS te probeer om oor te gee. Aan die anderkant, het Prinsloo in so 'n besluit ook die einde van die OVS verhaas, wat nie die geval sou gewees het indien hy en ander offisiere hulle bevele nagekom het nie.

Verder vermeld talle persone dat hulle onder die indruk was dat daar nie op perde en ander persoonlike eiendom beslag gelê sou word nie. Hulle het ook gedink dat burgers na afloop van die oorgawe, en na die uitreiking van 'n pas, toegelaat sou word om na hulle wonings terug te keer.[148] Het Prinsloo en sy offisiere doelbewus die burgers probeer mislei om hulle so te oortuig om die wapens neer te lê? Hier moet uitdruklik gemeld word dat 'n kommando nie 'n suiwer leermag, geskool op militêre dissipline, was nie. 'n Kommando is eerder bestuur op die beginsels van demokrasie. 'n Offisier moes daarom eerder die samewerking van sy burgers verkry, deur hulle tot sy standpunt te oortuig. Prinsloo en die meeste van sy offisiere sou daarom nie sonder meer kon gelas dat alle offisiere en burgers moes oorgee nie. Dit kan wees dat Prinsloo en sy offisiere gepoog het om hul burgers, deur so 'n wanvoorstelling te maak, te oortuig om die oorgawe te aanvaar. Laasgenoemde is besonder vreemd, aangesien die redes vir die oorgawe dan nie die militêre dilemma was waarin Prinsloo hom bevind het nie. Die oorgawe was eerder die gevolg van goed bedingde voorwaardes. Sodanige argument bevat 'n ernstige aanklag teen Prinsloo en sy offisiere.

---

148 Boldingh, p. 40; Keulemans, p. 27; VAB, A305: Roux, “De overgawe van Prinsloo”, p. 10; OMBR 3559/2: P.H. de Villiers — Opsigter, Oorlogsmuseum 9.10.1963 (brief); OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers-lewenskets, p. 3; OMBR, 4203/35: Dagboek van P.H. Fick, pp. 68-69; OMBR 4128/302: “Dagboek van my vader Gideon Francois Steyn gehou tydens Boere-Engelse oorlog (1899-1902)”; OMBR 4283/1: L.J. Greyling, “Reis jornaal [sic] naar Ceylon”, p. 2; OMBR, 5301/1: C. Liebenberg, “De overgave te Witzeeshoek [sic] en ons reis na Ceylon”; OMBR, 5777/3: “Reisjoernaal van I.D. Terblanché”; OMBR, 6024/1: C.P. Pretorius, “Gedachtenes boek van my gevangeschap”, p. 15.

Ten slotte is dit belangrik om spesifiek aandag aan die slotgedeelte van Prinsloo se skrywe te skenk, waarin die voorwaardes aanvaar word. Dié voorwaardes was dat die burgers getroue onderdane sou word.[149] Hierdie woorde het 'n ondertoon dat die oorlog iets van die verlede was. Krygsgevangenes kon immers vrygelaat word, sou die skaal in die guns van die OVS swaai en ook later in die guns van die republieke beklink word. Hierdie persone sou dan as burgers na die republiek kon terugkeer. Laasgenoemde benadruk weer die moontlikheid dat Prinsloo in sy oorgawe gehoop het om die oorlogspoging van die OVS te versaak.

Dit mag egter wees dat Prinsloo hom in die oorgawe deur Vilonel laat mislei het. Prinsloo het alleen die woord van Vilonel, rakende die inhoud van die onderhandelinge tussen hom en Hunter gehad. Daarmee saam was die inhoud van die brief van Hunter aan Prinsloo van so aard dat dit nie onmoontlik was om 'n gunstige vertolking daaraan te gee nie.

Dié brief van Hunter is later ook deur Prinsloo tot sy eie brief aangeheg, waarin hy (Prinsloo) sy offisiere van die oorgawe in kennis gestel het. Prinsloo vermeld in sy eie skrywe aan sy offisiere dat hy met groot moeite daarin geslaag het om onvoorwaardelik oor te gee.[150] 'n Onvoorwaardelike oorgawe beteken dat daar geen beperking op die handelinge van die oorwinnaar geplaas word nie, en dat daar gevolglik met die burgers gehandel kon word ooreenkomstig die proklamasie van 1 Junie 1900, of selfs dat die burgers krygsgevange geneem kon word.[151] Dit is dus duidelik dat nòg die skrywe van Hunter, nòg die skrywe van Prinsloo vir die mistasting, wat kort hierna oor die bedingde voorwaardes ontstaan het, verantwoordelik was.

149 TNA, WO 105/24, p. 7: M. Prinsloo — A. Hunter, 29.7.1900 (vertaalde afskrif van brief no. 5A).

150 VAB, A155/139/1(b): M. Prinsloo — Veggeneraal Fourie en ander offisiere, 27.7.1900 (brief). In teenstelling vermeld Kritzinger en McDonald dat “[the] terms, if tested and analysed, amounted to unconditional surrender”. Kritzinger en McDonald, pp. 11-12.

151 Cd. 426, Proklamasie XV van 1 Junie 1900, p. 8; Oppenheim, 2, p. 553.

Hoofstuk 11

Die oorgawe op 30 Julie 1900 en daarna

"[O]p 29 Julie het plaasgevind wat, naas die ramp aan Perdeberg, moet opgeteken staan in die geskiedenis van die oorlog as die mees ontmoedigende onheil wat die Republieke getref het – die onvoorwaardelike oorgawe van Marthinus Prinsloo."[1]

1. Inleiding

Op 29 Julie 1900 het waarnemende hoofkommandant M. Prinsloo die onderhandelinge, rakende die krygsafdelings onder sy bevel se onvoorwaardelike oorgawe aan die Britse magte, gefinaliseer. Die oorgawe het op 30 Julie 1900 'n aanvang geneem. Talle statusvraagstukke het egter 'n skadu oor die Britse oorwinning gegooi. So het 'n nuwe hoofkommandant op 30 Julie 1900 bevel van die gesamentlike krygsafdelings oorgeneem. Die vraag ontstaan of hierdie hoofkommandant aan die onderhandelinge gebonde was, soos deur Prinsloo gevoer. Voorts was die bedingde voorwaardes alles behalwe seker. Al wat wel seker was, is dat Prinsloo en die twee krygsafdelings onder sy bevel onderneem het om op 30 Julie 1900 onvoorwaardelik oor te gee. Hierdie onderneming was die gevolg van Prinsloo se onderhandelinge op 29 Julie 1900.

Hierdie hoofstuk handel met die gebeure op 30 Julie 1900 en daarna. Hieronder word gekyk na die rol van hoofkommandant P.H. Roux in die oorgawe. Op hierdie dag moes Roux bevel neem van die twee krygsafdelings nadat hy die meeste stemme in die hoofkommandantsverkiesing op hom verenig het. Roux het egter versuim om dit te doen. Weer is die misdaad gekweste majesteit ter sprake, deurdat dit 'n vorm van gekweste majesteit daarstel indien 'n bevelvoerder sy bevel in die steek laat.

[1] J.D. Kestell, *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing*, p. 80.

Die bespreking handel ook met die poging van Roux om die oorgawe deur protes ongedaan te maak. In hierdie opsig bespreek die hoofstuk ook die regsgeldigheid van die oorgawe, binne die konteks van die volkereg. Voorts word ook met die inwerkingstelling van die bedingde voorwaardes gehandel, sowel as Prinsloo se eie rol in die oorgawe. Ten opsigte van Prinsloo is dit nodig om te bepaal of hy in sy doelwit geslaag het, naamlik om die eiendom van sy offisiere en burgers te beskerm. Voorts is die moontlikheid geopper dat veral burgers nie krygsgevange geneem sou word nie. Die vraag ontstaan of hierdie onderneming gemaak is en indien wel, of die onderneming gestand gedoen is. Ook moet bepaal word of Prinsloo, in die versaking van die oorlogspoging, gehoop het om só 'n einde daaraan te maak. In dié opsig is dit belangrik om te bepaal of Prinsloo se handelinge moontlik hoogverraad, of andersins gekweste majesteit daargestel het.

Die oorgawe van 30 Julie 1900 kon daarom moontlik die slothoofstuk in die Britse verowering van die Oranje-Vrystaat (OVS) wees. In die daaropvolgende paar dae het meer as 4 000 burgers en offisiere die wapen neergelê. Harrismith en Vrede is ook deur die Britse magte beset. Juis om hierdie rede het die Britse magte gepoog om alle OVS kommando’s te oortuig om hulle wapens neer te lê. Weer eens was dit nie 'n suiwer militêre poging nie, maar is 'n spesiale bedeling voorgehou waaronder oorgawe kon geskied. Hierdie poging was nie alleen gemik op die kommando’s, wat aan die oorgawe ontsnap het nie, maar ook op die krygsafdeling onder bevel van hoofkommandant C.R. de Wet. Indien die kommando’s sou oorgee, sou dit na alle waarskynlikheid die einde van die oorlog in die OVS beteken het.

2. 'n Dilemma vir Hunter

Op die dag van die onderhandelinge is die telegrafiese verbinding tussen die Britse opperbevelvoerder en luitenant-generaal A. Hunter verbreek. Dit het beteken dat Hunter, tot en met omstreeks 16:00 die middag van 29 Julie 1900, sy eie diskresie in die onderhandelinge met Prinsloo en Vilonel gebruik het.[2] In dié opsig bepaal die volkereg dat 'n bevelvoerder alleen 'n ooreenkoms kan sluit, wat vir sy eie krygsafdeling uitvoerbaar is. Indien 'n bevelvoerder voorwaardes toestaan, wat buite

[2] Sien onderafdeling 5, hoofstuk 10, *supra*.

sy bevoegdheid val, kan sodanige voorwaardes later deur sy opperbevel tersyde gestel word.[3]

Die finalisering van die oorgawe, sonder die finale goedkeuring van die Britse opperbevelvoerder, het daarom 'n risiko vir beide partye ingehou. Hunter het hierdie risiko aan Prinsloo uitgewys, deurdat hy telkemale verklaar het dat hy die beginsels, waartoe ooreengekom is, vir verdere instruksies/bevele aan die Britse opperbevelvoerder getelegrafeer het. Hoewel Prinsloo van dié feit kennis geneem het, het hy nooit gewag om te bepaal wat die Britse opperbevelvoerder se instruksies was nie.[4]

Indien Prinsloo, sy offisiere en Vilonel enigsins bevoegde onderhandelaars was, sou hulle vir die verdere instruksies van die Britse opperbevelvoerder gewag het. Prinsloo was daarom as onderhandelaar onbevoeg, of het gepoog om die onderhandelinge so spoedig moontlik af te handel uit vrees vir die finale uitslag van die hoofkommandantsverkiesing. Indien dit wel so is, het dit beteken dat Prinsloo moontlik gekweste majesteit gepleeg het, deurdat sy oorgawe nie deur oorlogstoestande gemotiveer was nie.

Prinsloo het ook nie sy opponent, Roux, in die onderhandelinge geken nie. Roux se afwesigheid dien moontlik as verklaring vir die versuim. Tog moes Prinsloo geweet het dat dít, wat hy beding het, deur Roux, indien hy tot hoofkommandant verkies sou word, tot uitvoering gebring moes word. Prinsloo was dus seker dat hy die verkiesing gaan wen. Die ander alternatief is dat Prinsloo wou verseker dat Roux nie by magte was om die onderhandelinge, en uitkomste daarvan, ongedaan te maak nie.

Die behoud van perde, saals, tooms en privaateiendom was besonder belangrik in die onderhandelinge. Perde, saals en tooms was in baie gevalle die persoonlike eiendom van burgers, wat deur die *Krijgs- en Commandowet*[5] verplig was om persoonlike eiendom in militêre ekspedisies of oorlog te gebruik. Hunter het onderneem om nie op persoonlike eiendom beslag te lê nie. Omdat perde, saals en tooms die persoonlike eiendom van offisiere of burgers was, was dit nie in terme van Hunter se onderneming onderworpe aan beslaglegging nie.[6]

---

3 L. Oppenheim, *International law: a treatise* 2, p. 287.
4 Sien die bespreking in hoofstuk 10, *supra*.
5 Artikel 37 (Wet 10/1899).
6 Sien onderafdeling 14, hoofstuk 10, *supra*.

Die Britse opperbevelvoerder het om 14:15 op 30 Julie 1900 die telegram van Hunter van vroeër die oggend (om 10:30) geantwoord. Hy het weer benadruk dat alleen onvoorwaardelike oorgawe aanvaar sou word, en dat "[r]ifles ammunition and cannons of every description horses and other possesions must be given up, and the burghers must be conveyed as prisoners of war".[7] Hierdie telegram het Hunter bereik nadat sy onderhandelinge met Vilonel afgehandel was.[8] Indien die telegram vroeër ontvang is, sou Hunter waarskynlik nie die onderneming rakende privaateiendom gemaak het nie. Die feit dat Hunter egter nie kennis van die Britse opperbevelvoerder se 14:15-telegram gedra het nie, word in die 16:50-telegram benadruk: "[Hunter has] promised not to confiscate private property or personal effects of the burghers [...]."[9]

In antwoord hierop het die Britse opperbevelvoerder vir Hunter gelukgewens met die suksesvolle afsluiting van die militêre bedrywighede. Met die oog op die ontmoeting die volgende môre tussen Prinsloo en Hunter, het die Britse opperbevelhebber ook die volgende geskryf: "You can assure General Prinsloo and his burghers that they will be treated leniently, neither their private property nor their personal effects, except horses, will be confiscated. They will of course be considered prisoners of war and dealt with as such till peace is made [...]."[10] In ruil vir die "generous treatment" moes Prinsloo geen wapens, kanonne, ammunisie of perde versteek nie. Ten slotte het die Britse opperbevelvoerder vir Hunter versoek om twee divisies noordwaarts te stuur en hom die volgende oggend in kennis te stel watter reëlings getref is om die veiligheid van die krygsgevangenes te verseker.[11]

Die afhandeling van Hunter se taak het Britse divisies in staat gestel om elders op die oorlog te konsentreer. Dit is duidelik dat Prinsloo se oorgawe nie alleen met die situasie waarin hy hom bevind het, verband gehou het nie. Sy versaking van die oorlogspoging het daarom ook beteken dat die Britse oorlogspoging meer manskappe gehad het om elders in die oorlogspoging aan te wend.

Hunter het hierna weer getelegrafeer en daarop gewys dat hy die ondernemings in die onderhandelinge met Vilonel gemaak het, in die hoop dat dit die Britse

---

7 The National Archives (TNA), War Office (WO), 105/24, p. 9: F.S. Roberts — A. Hunter, 29.7.1900 (afskrif van telegram C. 3121). 'n Verdere afskrif van die telegram C. 3121 kan gevind word in *Telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, 19 June 1900 – 7 August 1900* 3, p. 109.

8 TNA: WO 105/24 p. 3 : A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).

9 TNA, WO 105/24 p. 9: A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 233).

10 TNA, WO 105/24 p. 9: F.S. Roberts — A. Hunter, 29.7.1900 (afskrif van telegram C. 3127A). Vir 'n verdere afskrif van telegram C. 3127 sien *Telegrams and letters* 3, pp. 110-111.

11 TNA, WO 105/24 p. 9: F.S. Roberts — A. Hunter, 29.7.1900 (afskrif van telegram C. 3127A).

opperbevelvoerder se goedkeuring sou wegdra. Hunter het weer eens op die onderbreking in die kommunikasie vroeër die dag gewys. Die Britse opperbevelhebber het in antwoord daarop verklaar dat hy enige onderneming, wat Hunter gemaak het, sou onderskryf. Ten opsigte van perde, saals en tooms het hy weer daarop gewys dat dit as militêre toerusting beskou word en dat daarop beslag gelê moet word. Die Britse opperbevelhebber was wel bereid om, indien nodig, 'n kwitansie vir elke perd, waarop die Britse magte beslag gelê het, te gee. Laastens het die Britse opperbevelhebber daarop gewys dat Prinsloo, sy offisiere en burgers op geen spesiale bedeling kon aandring nie, behalwe om as krygsgevangenes hanteer te word.[12]

Dit is onseker of Prinsloo met die oorgawe sou voortgegaan het indien hy kennis van die instruksies ontvang het. Dit word hier betwyfel of Prinsloo enigsins oor voldoende kennis, rakende die voorwaardes beding, gehad het om 'n ingeligte besluit teneem. So het hy net die woord van Vilonel gehad en 'n brief, met talle onduidelikhede, betreffende wat presies beding is.[13] Indien hy wel kennis gehad het, sou hy kon poog om die kwitansies te verkry en na afloop van die oorlog vergoeding vir die perde, waarop beslag gelê is, te ontvang.

Die beginsels van die volkereg het bepaal dat privaatgoedere nie vatbaar vir beslaglegging was nie. Een van die uitsonderings op dié reël, is dat privaateiendom, afgeneem in gevegte, wel op beslag gelê kan word.[14] Perde, saals, tooms en waens was duidelik 'n belangrike bestanddeel van die OVS krygsmag se oorlogspoging. Hierdie goedere het deel van die oorgawe op 30 Julie 1900 geword en was daarom vir beslaglegging vatbaar. Die voorwaardes, soos aanvanklik beding, gee die indruk dat die goedere nie vir beslaglegging vatbaar was nie.

Hunter het egter nie die bevoegdheid gehad om tot so 'n voorwaarde toe te stem nie. Hy het dit ook aan Prinsloo duidelik gemaak dat die Britse opperbevelvoerder verdere instruksies in verband met die oorgawe moes gee. Prinsloo het egter verkies om nie vir hierdie finale instruksies te wag voordat hy onvoorwaardelik oorgegee het nie. Die Britse opperbevelvoerder het daarom, ooreenkomstig sy eie bevoegdheid, die bedingde voorwaardes ongedaan gemaak.[15]

---

12 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 29.7.1900 (afskrif van telegram A. 234); *Telegrams and letters* 3, p. 111: F.S. Roberts — A. Hunter, 30.7.1900 (afskrif van telegram C. 3166).

13 Sien onderafdeling 14, hoofstuk 10, *supra*.

14 *Ibid*.

15 *Ibid*.

Hieronder word ook met 'n verdere probleem gehandel, naamlik dat Hunter met een OVS bevelvoerder onderhandel het, wat die volgende dag deur 'n ander vervang is. Hunter het dus ook deel van die struweling tussen die twee bevelvoerders geword deurdat die een, desnieteenstaande die feit dat hy nie meer die bevelvoerder op die dag van oorgawe sou wees nie, steeds met die finalisering van die oorgawe voortgegaan het.[16]

3. Bevel tot oorgawe

Prinsloo het op 29 Julie 1900, na afloop van die onderhandelinge tussen Hunter en Vilonel, 'n skrywe aan veggeneraal Fourie en alle ander offisiere onder sy bevel gerig. In hierdie skrywe het Prinsloo aan alle offisiere en burgers onder sy bevel kennis gegee dat hy "na veele moeite overeengekomen ben met den bevelvoerder van de Britsche krigjsmacht alhier om onvoorwaardelijk aan hem over te geven".[17] Prinsloo het ook die skrywe van Hunter ingesluit. Laasgenoemde skrywe is die enigste verwysing na die toegewings wat deur Hunter gemaak is.[18] Hierdie skrywe het, volgens Kolbe, die indruk geskep dat burgers ook 'n pas sou kry om na hulle wonings terug te keer.[19]

Daarenteen verklaar Kritzinger en McDonald dat Prinsloo 'n verslag, waarin die voorwaardes vir die oorgawe uiteengesit is, aan die offisiere gestuur het. Prinsloo het in die verslag, volgens die skrywers, aangedui dat hy daarin geslaag het om goeie

16 Sien onderafdeling 4, *infra*.

17 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Oorlogsmuseum-versameling (A155/139/1(b)): M. Prinsloo — P.J. Fourie en alle ander offisiere onder bevel van Prinsloo, 27.7.1900 (brief); Kritzinger en McDonald, p. 12. Dieselfde brief kan ook in OMBR, 3628/4 gevind word. Beide briewe vermeld die datum as 27.7.1900. Dit is duidelik dat hierdie datum foutief is.

18 VAB, Oorlogsmuseum-versameling (A155/139/1(a)): A. Hunter — M. Prinsloo, 29.7.1900 (brief). 'n Afskrif van die skrywe is ook vervat in VAB: A305, TNA: WO 105/24. Volgens Brink het die skrywe van Prinsloo ook versoek dat dit na afloop van die raadpleging daarvan, aan die volgende offisier gestuur moes word en dat Prinsloo "ook aan Commandant Hattingh [laat] weten dat hij zich insgelijks moet overgeven". (J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 89-90. Sien ook van G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*, p. 40.) Volgens Brink berus laasgenoemde verwysing na die skrywe en my aanhaling daaruit op herinneringe. (Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 90.) Die skrywe vervat in die argiewe van die Oorlogsmuseum bevat geen so 'n versoek aan Hattingh nie. (VAB, A155/139/1(b): M. Prinsloo — P.J. Fourie en alle ander offisiere onder bevel van Prinsloo, 29.7.1900 (brief).) Dit mag egter wees dat daar 'n tweede skrywe was. Die aangehaalde gedeelte uit die skrywe, soos deur Brink hierbo vermeld, is interessant. Sou die aangehaalde gedeelte 'n bevel aan Hattingh wees om oor te gee of is dit eerder 'n voorstel aan Hattingh? Indien dit 'n bevel was, was Prinsloo van mening dat hy bevel oor Hattingh gevoer het. Indien die aanname soos gemaak in hoofstuk 5 korrek is, dat die OVS magte in drie verdeel is, het Prinsloo waarskynlik geredeneer dat hy ook die bevelvoerder van Hattingh was.

19 OMBR, 6967/1: W.J. Kolbe, "Leevensgeschiedenis van generaal W.J. Kolbe" [hierna verwys as Kolbe-manuskrip], p. 367.

voorwaardes vir die oorgawe te beding. Hulle verklaar onomwonde dat, indien die voorwaardes geanaliseer en getoets word, dit niks anders as 'n onvoorwaardelike oorgawe daargestel het nie.[20] Wanneer met die werk van Kritzinger en McDonald gehandel word, wil dit voorkom of die skrywers na die skrywe van Hunter, aangeheg tot die skrywe van Prinsloo, verwys. Die skrywe van Hunte is onduidelik oor die betrokke punt rakende wat met krygsgevangenes sou gebeur na afloop van die oorgawe. Prinsloo sou ook nie vir sodanige afleidings verantwoordelik gehou kan word nie.

Die oorgawe het druk bespreking deur die nag van 29 op 30 Julie 1900 ontlok. In die woorde van Brink: “Onder de besprekingen werd het alleen duidelijk [...] wat Generaal Hunter betref ‘niet voornemens’ was te doen, volstrek geen maatstaf leverde voor het geen Lord Roberts wel zou mogen bevelen.”[21] P.H. Fick verklaar dat sy kommando die aand van 29 Julie 1900 tyding van die oorgawe ontvang het. Volgens Fick sou burgers hulle perde (uitgesluit “vet” perde) en ander eiendom behou. Burgers sou, volgens Fick, na afloop van die oorgawe passe ontvang om na hulle wonings terug te keer. Offisiere, daarenteen, sou as krygsgevangenes weggestuur word. Fick vermeld wel dat daar ontevredenheid geheers het dat daar nie skriftelik oor die voorwaardes ooreengekom is nie. In die woorde van Fick was die oorgawe niks anders as 'n onvoorwaardelike oorgawe nie.[22] Kritzinger en McDonald skryf dat P.H. de Villiers uitdruklik verklaar het dat die burgers, na afloop van die oorgawe, toegelaat sou word om na hulle onderskeie wonings terug te keer.[23] Gerugte het verder die rondte gedoen dat burgers, wat nie oorgegee het nie, met later gevangeneming as rebelle, en nie as krygsgevangenes nie, hanteer sou word.[24]

Olivier het sy kommando byeen geroep en aangemoedig om nie op 'n ooneervolle wyse oor te gee nie. Hy het voorts aangedui dat daar nie veel waarde aan die beloftes van die Britse magte geheg moet word nie. Voorts het hy 'n beroep op sy kommando

---

20 P.H. Kritzinger en R.D. McDonald, *In the shadow of death*, pp. 11-12.

21 Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 91. Sien ook Keulemans, p. 28 (vn.). Die aantekeninge van Keulemans verskyn as kommentaar in die vorm van voetnote tot die beskrywing van G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*. Vir doeleindes van die proefskrif word na Keulemans as 'n afsonderlike bron verwys om sodoende 'n duidelike onderskeid tussen die weergawes van Boldingh en Keulemans te tref. Sien ook J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's: mijne ervaringen als veldprediker*, p. 71; W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: een beschrijving*, Tweede Tijdvak 2, pp. 54-56.

22 Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), 4203/35: Dagboek van P.H. Fick, pp. 66-67, 68-69.

23 Kritzinger en McDonald, pp. 12-13.

24 OMBR, 4203/35: Dagboek van P.H. Fick, p. 68; OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 3; Kritzinger en McDonald, p. 13.

gedoen om hom na veiligheid te volg. Volgens Kritzinger en McDonald het slegs 70 burgers uit 400 aan die oproep gehoor gegee. Olivier het voorts ook beheer van die OVS grofgeskut geneem, om sodoende te verhoed dat dit nie ook deel van die oorgawe word nie.[25]

In die kamp van die Senekal-kommando is besluit om op die terugkoms van Roux, Crowther en Van der Merwe te wag voordat enige besluit geneem word. Van der Merwe het, volgens Brink, met sy aankoms die brief van Prinsloo voorgelees. Hierna het hy sy bedanking as kommandant aangekondig. Daarenteen verklaar Van der Merwe weer dat hy aanvanklik geweier het om aan die bevel om oor te gee, gehoor te gee. Hy gaan voort en verklaar dat Roux en Crowther hom beïnvloed het om ook die Senekal-kommando oor te gee. In die Ladybrand-kamp het die kommandant die kommando toegespreek en verklaar dat die oorgawe, sonder die medewete van die krygsvergadering, geskied het. Burgers wat wou vlug, kon so op eie risiko doen.[26] Die weergawe van Brink, ten opsigte van laasgenoemde punt, dien weer as bevestiging dat talle die besluit tot oorgawe as 'n onregmatige besluit beskou het.[27]

Brink verklaar dat Roux ook die burgers toegespreek het. Volgens Brink het Roux opgewonde soos volg verklaar: “Wat ik wel weet, is dat wij verkocht zijn; wat ik niet weet, is die prijs wat die voor ons betaald is. Wat mij aanbetreft, ik heb nog altijd getracht mij plicht te doen; thans ga ik niet ontrouw zijn aan de bevelen van iemand die boven mij geplaast is.”[28] Roux het verder onderneem om na Hunter te gaan in 'n poging om die oorgawe te herroep, op grond van die feit dat Prinsloo buite die mandaat van die krygsvergadering gehandel het.[29]

---

25 Kritzinger en McDonald, p. 13; Boldingh, p. 37.

26 Brink, *Ceylon en de bannelingen,* pp. 91-93; J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 94-97; M.C.E. Van Schoor (red.), “The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers”, *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 99: Van der Merwe (afskrif van verklaring). Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 57. Die weergawes van Brink in die twee onderskeie boeke hierbo vermeld, verskil in geringe opsigte. Die eerste werk gee blyke dat Brink saam met die ander burgers op die terugkeer van Crowther en Van der Merwe gewag het. In die tweede boek kry Brink van Crowther opdrag om Roux te vind en hom die nuus van die oorgawe mee te deel. Hierna vergesel Brink vir Roux na die wa van Prinsloo en haal hy ook gedeeltes uit die gesprekke aan. In die eerste boek doen Roux nie aan in die kamp van Brink nie, maar ry reguit na die staanplek van Prinsloo. In hierdie opsig wil dit voorkom of Brink, hoewel hy na gedeeltes van die gesprek verwys, nie aanwesig was nie. Dit mag wees dat Brink later die inligting van Roux verkry en geboekstaaf het. Die ooglopende aanwesigheid tydens die gesprekke tussen Prinsloo en Roux wat in die latere werk beskryf word, is egter moeilik verklaarbaar. Weer eens is die gevolgtrekking dat Brink die inligting van Roux ontvang het.

27 Sien onderafdeling 4, *infra*.

28 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 92; Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 98.

29 Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 92.

In 'n ander kamp het Prinsloo en sy offisiere die burgers toegespreek. Volgens G.J.S. van den Heever, is die voorwaardes vir oorgawe in die toespraak verduidelik. Volgens Van den Heever het Prinsloo en offisiere teenwoordig uitdruklik verklaar dat alleen goedere, wat aan die OVS regering behoort het, op beslag gelê sou word. Voorts sou burgers 'n eed van getrouheid moes neem en kon hulle na afloop daarvan na hulle wonings terugkeer.[30] Talle burgers sou later ook vermeld dat dít die voorwaardes was waaronder hulle oorgegee het. Ander burgers was weer van mening dat De Wet teruggedraai het in 'n poging om hulle te ontset.[31]

Boldingh en Kestell skryf dat Prinsloo aan sy offisiere verklaar het dat burgers toegelaat sou word om te perd na die plek van gevangenskap weggevoer te word. Burgers sou daar aangehou word tot tyd en wyl hulle na hulle wonings kon terugkeer. Boldingh verklaar daarom dat "[w]anneer een deel der menschen dus dacht, dat zij naar huis toe zouden gaan is zulks een domheid".[32] Die vraag ontstaan of Prinsloo en die offisiere dieselfde boodskap aan hulle burgers oorgedra het? Geen duidelike getuienis hieroor kon gevind word nie. Talle burgers verklaar dat hulle nie daarvan bewus was dat hulle in krygsgevangeskap aangehou sou word tot na die oorlog nie.[33]

Voorts is dit insiggewend dat die indrukke van die burgers in wese met die inhoud van Proklamasie III van 1900 ooreenstem.[34] In kort het die proklamasie aan burgers die reg verleen om, indien hulle hul aan die OVS oorlogspoging sou onttrek en 'n eed van onthouding aan verdere deelname aan die oorlog afgelê het, met 'n pas na hulle onderskeie wonings kon terugkeer. Slegs persone, wat vrywillig so aan die oorlog sou onttrek, het vir die vergunning gekwalifiseer. Aktiewe burgers op kommando, daarenteen, is krygsgevange geneem en weggestuur. Die burgers in die oorgawe van 30 Julie 1900 het in laasgenoemde kategorie geval, deurdat hulle in 'n verpligte oorgawe ingesluit is, wat op bevel van hul bevelvoerende offisier plaasgevind het.

---

30 VAB, Renier-versameling (A119/1099): G.J.S. van den Heever, "Oorlogsherinneringe", pp. 16-17. Sien ook VAB: A119/60, skrywe, G.J.S. van den Heever — Stop van Myne, 27.6.1949 (brief).

31 Boldingh, p. 40; Keulemans, p. 27; VAB, A305: P.H. Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 10; OMBR 3559/2: P.H. de Villiers — Opsigter, Oorlogsmuseum 9.10.1963 (brief); OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers, "'n Kort lewenskets van oorlede kommandant Paul Hendrik de Villiers van Ficksburg, OVS" [hierna P.H. de Villiers-lewenskets], p. 3; OMBR 4128/302: "Dagboek van my vader Gideon Francois Steyn gehou tydens Boere – Engelse oorlog (1899-1902)"; OMBR, 4283/1: L.J. Greyling, "Reis jornaal [sic] naar Ceylon", p. 2; OMBR, 5301/1: C. Liebenberg, "De overgace te Witzeeshoek en ons reis na Ceylon"; OMBR, 5777/3: "Reisjoernaal van I.D. Terblanché"; OMBR, 6024/1: C.P. Pretorius, "Gedachtenes boek van my gevangeschap", p. 15. Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 56-57.

32 Boldingh, p. 42 (sien ook pp. 36, 40); Kestell, *Met den Boeren-commando's*, p. 71. Sien ook Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, p. 54.

33 Sien vn. 29, *supra*.

34 Sien onderafdeling 2.2, hoofstuk 3, *supra* vir 'n verdere bespreking van die proklamasie.

Hulle het daarom nie vrywillig aan die OVS oorlogspoging onttrek nie, en moes gevolglik krygsgevange geneem word.

4. Die nuwe hoofkommandant

Roux was op 28 en 29 Julie 1900 besig om te verken en hom van die situasies by die voorste kommando's te vergewis. Crowther en Van der Merwe was weer besig om die waarnemende hoofkommandantsverkiesing af te handel. Dit wil voorkom of Roux onbewus van die onderhandelinge tussen Hunter en Prinsloo was. Op die dag waarop Prinsloo met die onderhandelinge rakende die oorgawe besig was, is Roux tot die posisie van hoofkommandant verkies met 'n meerderheid van drie stemme.[35]

Na afloop van die verkiesing was Crowther en Van der Merwe onderweg na Prinsloo met die verkiesingsuitslag. Volgens Van der Merwe het hulle vir Roux onderweg ontmoet, waarna Roux hom by hulle aangesluit het. Hulle het Roux ook van die verkiesingsuitslag in kennis gestel. Onderweg na Prinsloo het die drie offisiere twee berigte ontvang. Die eerste was die skrywe van Prinsloo aan sy offisiere waarin hy hulle van die onderhandelinge tussen hom (Prinsloo) en Hunter in kennis gestel het, en 'n vergadering vir die bespreking daarvan belê het. Die tweede berig was 'n skrywe van Vilonel waarin hy (Vilonel) die burgers van die oorgawe in kennis gestel het, en hulle versoek het om nie verder te beweeg nie.[36] Roux werp self nie veel lig op die terugreis nie. Hy verklaar alleen dat daar gerugte van moeilikheid die rondte gedoen het, maar dat hy nooit vermoed het dat verraad gepleeg is nie. Voorts het hy alle moed gehad dat die situasie nog gered kon word.[37]

---

35 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", pp. 8-9; Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 98: Van der Merwe (afskrif van verklaring); Kritzinger en McDonald, p. 11.

36 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 99: Van der Merwe (afskrif van verklaring); L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, p. 340.

37 VAB, A305: Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 9; A.M. Heyns, *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*, p. 18: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief). Dit moet gemeld word dat Brink twee weergawes van die gebeure voorhou, naamlik dat hy deur Crowther gelas is om Roux in kennis te stel van die onderhandelinge tussen Prinsloo en Hunter. Hierdie weergawe word in 'n latere werk en brief aan *Die Volksblad* voorgehou: "Intussen is ek deur my generaal gelas om dadelik met alle haas na Goue Poort te ry en 'n rapport oor te bring aan genl. Roux met betrekking tot wat plaasgevind het tussen Prinsloo en die Engelse" (Brink, *Oorlog en ballingskap,* p. 94) en "[e]k was by die agterhoede deur Generaal Crowther gelas om in aller haas in die rigting van Golden Gate aan Generaal Roux te gaan berig, dat Prinsloo onderhandelinge met die vyand aangeknoop het en daarvoor Fanie Vilonel, wat nog steeds gevangene was weens hoogverraad, na die Engelse linies gestuur het". (VAB, A119/42, p. 3: J.N. Brink — *Die Volksblad*, "17.6.1949 (brief).) Volgens die eerste boek van Brink is daar in die kamp op die terugkoms van Roux, Crowther en Van der Merwe gewag: "Dien nacht werden Generaal Roux en Generaal Crowther en Commandant G. v.d. Merwe in het Senekal lager terug verwacht van Goudenpoort, waar zij een uitweg waren gaan zoeken." (Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 91.) Daar is wel een moontlikheid om die

Roux het Prinsloo aangetref waar hy onder 'n wa geslaap het. Hier het Prinsloo aan hom 'n nota oorhandig waarin Hunter sy onvoorwaardelike oorgawe aanvaar het. Prinsloo het Roux ook meegedeel dat hy hom by name oorgegee het, aangesien Roux vir daardie dag nog onder sy bevel was. Volgens Roux het hy deur sy onderneming, om nie langer bevel te voer nie, so die "prooi voor de lage wraakzucht & jaloesie" geword. Roux was, volgens Van der Merwe, duidelik ontsteld en het Prinsloo as 'n landsverraaier uitgemaak. Prinsloo het Roux op sy beurt daarop gewys dat, terwyl hy besig was om sy verkiesingsveldtog te bevorder, hy wat Prinsloo was, die vyand in onuithoudbare posisies beveg het. Een van Roux se adjudante wou in een stadium ook vir Prinsloo skiet. Roux het dit egter belet.[38]

Daarenteen verklaar Hunter dat Prinsloo aan hom meegedeel het dat hy nie bewus was dat Roux intussen tot hoofkommandant verkies is nie. Hy gaan voort en verklaar dat Prinsloo uitdruklik aan hom gesê het dat alle offisiere en burgers, tussen Hunter en Harrismith, in die oorgawe ingesluit is. Hierna het Rundle aan Prinsloo gevra of ook Roux ingesluit is. Prinsloo het bevestigend geantwoord.[39] Die getuienis van Roux, en veral van Van der Merwe, spreek duidelik tot die teendeel. Prinsloo het daarom op eie gesag, sonder tussenkoms van sy bevelvoerende offisier, Roux, op 30 Julie 1900 met die oorgawe voortgegaan.[40] In dié opsig is daar getuienis dat Prinsloo geweier het om sy bevel te ontruim. So 'n handeling kan gekweste majesteit daarstel.[41]

Roux het ook vir Prinsloo versoek om afskrifte van die korrespondensie tussen hom en Hunter te verkry. Prinsloo het hom egter meegedeel dat hy nie afskrifte daarvan gehou het nie.[42] Roux het dus voor twee keuses gestaan, naamlik om die oorgawe,

---

teenstrydighede, vervat in die twee weergawes van Brink, te versoen, naamlik die aanwesigheid van twee Crowthers: veggeneraal J. Crowther en kommandant R. Crowther van Thaba 'Nchu. (Sien vn. 88, hoofstuk 5, *supra*, vir gesag.) Die moontlikheid bestaan daarom dat R. Crowther belas was met die tel van stemme en dat die Senekal-kommando gewag het vir die terugkoms van hom en Van der Merwe. Dit sou dan moontlik wees dat J. Crowther aan Brink opdrag gegee het om die berig na Roux te neem. Roux en Van der Merwe verwys egter uitdruklik na generaal Crowther, en nie kommandant Crowther, wat tesame met Van der Merwe vir die tel van stemme verantwoordelik was. Brink se weergawe word gevolglik betwyfel.

38 Heyns, p. 18: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief); VAB, A305: Roux, "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900"; Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 99: Van der Merwe (afskrif van verklaring); Brink, *Oorlog en ballingskap*, pp. 96-97. Sien ook Brink, *Ceylon en de bannelingen,* p. 91; Van Everdingen, Tweede Tijdvak 2, pp. 55, 58.

39 TNA, WO 105/24, p. 4: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).

40 Sien onderafdeling 5, *infra*.

41 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5.3.2(b), hoofstuk 12, *infra*.

42 Heyns, p. 18: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief); Van Everdingen, p. 55 (vn. 2); Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 91. Van der Merwe verskil oor die doel van die korrespondensie tussen Roux en Hunter. Volgens hom het hy vir Roux beweeg om protes by Hunter aan te teken. Roux het dit ook gedoen. Hunter het egter geweier om met hom te onderhandel en die standpunt gehuldig dat Roux deel van die Winburg-kommando vorm, wat Prinsloo oorgegee het.

soos deur Prinsloo en Hunter ooreengekom, te aanvaar of te weier om die ooreenkoms te erken.

Hier moet weer benadruk word dat Roux tot en met 29 Julie 1900 onder die bevel van Prinsloo gestaan het. Prinsloo was ook die bevelvoerende offisier op 28 en 29 Julie 1900. Sy handelinge, veral ten opsigte van die oorgawe, het die krygsafdelings onder sy bevel gebind. Roux, as die nuut verkose hoofkommandant, kon daarom nie strydig met die onderhandelinge deur Prinsloo aangegaan, handel nie. Roux, as die verkose hoofkommandant, moes voortgaan en alles in plek stel om die oorgawe die volgende dag af te handel. Prinsloo moes aan die bevele van sy nuwe hoofkommandant voldoen.

Dit wil voorkom of Roux besluit het om die geldigheid van die oorgawe te bevraagteken. Roux het daarom, volgens Kolbe, 'n brief aan alle offisiere geskryf waarin hy hulle as hoofkommandant beveel het om hulle posisies te handhaaf. Hy het voorts aan die offisiere die oorgawe, soos deur Prinsloo ooreengekom, vermeld en verklaar dat hy in persoon teen die oorgawe sou protes aanteken. Hier moet vemeld word dat die weergawe, soos hier beskryf, ontleen word aan herinneringskrifte en dagboeke. Die oorspronklike skrywe kon nie gevind word nie.[43] Kolbe vermeld dat Roux die brief soos volg afgesluit het: “Vaarwel Broeders, als wij elkander niet weeder zien.”[44] In dié opsig het Roux 'n besondere waagstuk onderneem, wat sy offisiere en burgers in 'n baie moeilike situasie geplaas het. Sou hy nie terugkeer nie, het hulle geen verdere instruksies gehad nie.

Kolbe verklaar dat hy die brief van Roux aan kommandant J.F. Potgieter oorhandig het, wat dit op sy beurt verder moes aanstuur. Potgieter het sy ontsteltenis teenoor Kolbe te kenne gegee omdat Roux hom in dié skrywe as die hoofkommandant aangedui het. Volgens Kolbe het Potgieter nie geweet dat die stemme van die afwesige offisiere nog getel moes word nie. Potgieter was daarom onder die indruk dat Prinsloo die verkose hoofkommandant was. Potgieter het wel verklaar dat hy die brief sou aanstuur. Dit wil egter voorkom of dit nie gebeur het nie en dat Potgieter die brief

---

43 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 360-361. Sien ook Kritzinger en McDonald, p. 12; Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 97; OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 3.

44 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, p. 361.

hierna vernietig het. Vir hierdie handeling is Potgieter later deur Fourie van verraad beskuldig.[45]

Kolbe verklaar dat hy agter Roux aangery het in 'n poging om hom te oortuig om nie teen die oorgawe protes aan te teken nie. Onderweg het Kolbe vir Fourie ontmoet, wat verklaar het dat Roux reeds in die vyandelike linies was en dat hulle hom nie meer sou kon inhaal nie. Dit wil voorkom of Fourie ook vir Roux uitdruklik teen sy besluit om protes aan te teken, gewaarsku het. Roux het egter nie op die waarskuwing ag geslaan nie. Kritzinger en McDonald skryf dat Fourie hierna vir Roux soos volg gegroet het: “Good-bye, General; I greet you never to see you again in the Boer ranks.”[46] Fourie, Kolbe en ander offisiere het waarskynlik ook met dié wete hierna beraadslaag oor wat hulle in die afwesigheid van die nuut verkose hoofkommandant te doen staan.[47] Met hierdie gebeure word later gehandel.[48]

Roux het hom hierna per skrywe tot Hunter gewend. In die skrywe het hy versoek dat Hunter 'n nota van hom aan Vilonel oorhandig, en dat Vilonel ook as Roux se woordvoerder moes optree. Roux het dus, net soos Prinsloo, van 'n veroordeelde landsverraaier gebruik gemaak om onderhandelinge namens sy krygsafdeling te voer. Ongelukkig kon geen verdere inligting rakende Roux se nota aan Vilonel gevind word nie. Hunter verklaar wel dat hy op 30 Julie 1900 'n skrywe van Roux ontvang het. In hierdie skrywe vermeld Hunter dat Roux verklaar het dat hy, onafhanklik van Prinsloo, die bevelvoerder van die agterste kommando’s was en dat hy eie voorwaardes wou onderhandel. In hierdie opsig het Roux, net soos Prinsloo, 'n wanvoorstelling rakende sy bevel gemaak. Roux was die verkose hoofkommandant van beide krygsafdelings. Hunter het Roux geantwoord dat Prinsloo almal in die oorgawe ingesluit het, en dat hy op grond van Prinsloo se oorgawe nie bereid was om met Roux te onderhandel nie. Hunter het dit benadruk dat hy wel bereid was om Roux in sy kamp te ontvang, maar dat verdere samesprekings rakende die oorgawe buite die kwessie was.[49]

---

45 VAB, A155/42: C.C. Froneman — C.R. de Wet, 3.8.1900 (brief); OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 363, 367; Kritzinger en McDonald, p. 12. 'n Verdere afskrif van die skrywe van Froneman word gevind in Hintrager, pp. 107-109.

46 Soos deur Kritzinger en McDonald aangehaal, p. 12. Sien ook OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 363-365.

47 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 363-365.

48 Sien onderafdeling 7, *infra*.

49 TNA, WO 105/24, p. 11: P.H. Roux — A. Hunter, 30.7.1900 (afskrif van brief), A. Hunter — P.H. Roux, 30.7.1900 (afskrif van brief); TNA, WO 105/17: Hunter — Roberts, 30.7.1900 (afskrif van telegram A. 237); Heyns, p. 18: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

Vanuit die skrywe van Roux sou Hunter kon aflei dat hy homself moontlik vergis het met betrekking tot die omvang van die oorgawe. Ten opsigte van laasgenoemde punt, sou Hunter moontlik kon dink dat slegs die krygsafdeling onder die bevel van Prinsloo oorgegee het, en dat ander afdelings onder die bevel van Roux nie by so 'n oorgawe ingesluit was nie.

Hunter het op 4 Augustus in 'n skrywe aan die Britse opperbevelvoerder verklaar dat hy kennis geneem het dat, wanneer meer as een kommandant in 'n krygsafdeling teenwoordig was, 'n kommandant-generaal verkies moes word. Hunter se kennis hier verwys na die posisie soos vervat in die OVS militêre wetgewing. Dit wil egter voorkom of die OVS nie 'n kommandant-generaal verkies het nie. Voorts het Hunter kennis geneem van die feit dat Prinsloo, vir doeleindes van die eerste skrywe aan hom, deur die ander kommandante gemagtig was om 'n wapenstilstand aan te vra. Hy het ook kennis geneem dat, sou die wapenstilstand nie aanvaar word nie, die aangeleentheid na die offisiere terugverwys moes word. Laastens getuig Hunter dat hy ook kennis gehad het dat 'n onvoorwaardelike oorgawe nie aanvaarbaar was nie. Hoe en waar Hunter die kennis verkry het, is egter nie duidelik nie. Dit is wel waarskynlik dat Hunter, na afloop van die gesprek met Roux, meer duidelikheid gehad het. Dit wil egter voorkom of die inligting nie van Prinsloo verkry is nie. Hunter verklaar uitdruklik dat Prinsloo hom meegedeel het dat hy (Prinsloo) nie kennis ontvang het dat Roux tot hoofkommandant verkies is nie.[50] Dit blyk dat Prinsloo dus self 'n wanvoorstelling met betrekking tot sy rang geskep het.[51]

Roux het slegs die skrywe van Hunter gehad waarin hy die onvoorwaardelike oorgawe van Prinsloo aanvaar het. Prinsloo het verder òf nie rekord van die korrespondensie gehou nie, òf verkies om dit nie aan Roux te oorhandig nie. Die gebrek aan korrespondensie is veral problematies, deurdat Roux as die nuwe hoofkommandant die besluite van Prinsloo, sy voorganger, op 30 Julie 1900 tot uitvoer moes bring. Ten opsigte van die skrywe moes dit wel duidelik gewees het dat Prinsloo die vorige dag onvoorwaardelik oorgegee het. Die skrywe van Hunter het voorts aangedui dat die hele krygsmag onder Prinsloo in die oorgawe ingesluit is. Gevolglik is dit duidelik dat die twee krygsafdelings van Prinsloo en Roux, na afloop van die krygsvergadering, onder die gesamentlike bevel van Prinsloo gestaan het. Roux behoort daarom geen

50 TNA, WO 105/24, p. 4: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).

51 Sien onderafdeling 5, *infra*.

twyfel te gehad het dat die woorde na die geheel van die twee krygsafdelings verwys het nie.[52]

Voorts dui die skrywe van Hunter daarop dat luitenant-kolonel P.W. le Gallais (hoof van Hunter se staf) onderneem het om 'n perd aan elke persoon te gee om op te ry. Soos reeds uitgewys is dit nie duidelik wie hierdie persone was nie. Dit mag daarom wees dat Le Gallais se belofte, indien vanuit die oogpunt van Roux beredeneer word, slegs na offisiere verwys het. Meer belangrik egter is dat die doel van die plek waarheen persone sou ry, nie aangedui is nie. Roux moes in hierdie stadium sekerlik geweet het dat talle offisiere en burgers onder die indruk was dat die burgers, na afloop van die oorgawe, toegelaat sou word om na hulle wonings terug te keer.[53]

Hierdie aspek is besonder problematies, aangesien die oorgawe onvoorwaardelik was. Sou die onderneming nie gegee gewees het nie, sou Roux kon aanvoer dat Hunter in stryd met die bedingde voorwaardes gehandel het. Die gebruik van privaatgoedere in die oorlog het die posisie met betrekking tot perde, waens en osse verder bemoeilik. Roux sou wel, indien hy die moeite wou doen, die aspekte met Hunter kon opneem. Trouens, indien hy dit gedoen het, sou hy die persepsie, dat almal vrygelaat sou word, aan sy offisiere en burgers as 'n mistasting kon uitwys. Hy het egter verkies om teen die oorgawe te protesteer. Sy versuim as hoofkommandant om nie die oorgawe, of enige ander stap, na behore te bestuur nie, het die oorgawe verder bemoeilik. In dié opsig kon Roux ook van gekweste majesteit aangekla word, deurdat hy sy bevel in die steek gelaat het.[54]

De Wet skryf ook soos volg: “[Roux] deed daar een stap, die niet van een zeer voorzichtigen man [...] verwacht kon worden, maar wel van een kind. Hij ging persoonlijk naar Gen. Hunter’s kamp om te protesteeren tegen de overgave, op grond dat zij onwettig was, daar hij en niet Prinsloo hoofdcommandant was [...] Wat moet de Engelsche Generaal in de stilte geamuseerd geweest zijn over zulk kinderspel. Men behoeft zich niet te vragen wat van Gen. Roux werd? Er kan maar één antwoord zijn: Gen. Hunter had één prisonier meer!”[55] In teenstelling verklaar Roux dat hy nie na Hunter gegaan het om protes aan te teken nie, maar om oor te gee: “Ik deed toen wat

52 Sien onderafdeling 5.1, hoofstuk 9, *supra*.

53 Sien onderafdeling 14, hoofstuk 10, *supra*.

54 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5.3.2(b), hoofstuk 12, *infra*.

55 C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 125.

ik 10 maanden lang als een beginsel aan de Burgers gepredikt had: *in gehoorsaamheid aan onze meerderen ons te onderwerpen al koste't ons leven.* Door den drang der omstandigheden had ik my tydelik onder Prinsloos bevel geplaast, nooit vermoedend dat tydelik bevel in verraad zou gekeerd worden."[56] Roux het later ook sy redes vir sy eie oorgawe beskryf. Volgens hom was Prinsloo die wettige bevelvoerder. Sy opdrag om oor te gee moes daarom gehoorsaam word. Daarmee tesaam was dit aan Roux duidelik dat die kommando's nie bereid was om verder te veg nie. Voorts verklaar Roux dat die kommando's van Harrismith en Vrede gevlug het. Roux verklaar voorts dat kommandante, soos Haasbroek en Olivier, vir Prinsloo gestem het. Tog het hierdie kommandante nie aan Prinsloo se bevel om oor te gee, gehoor gegee nie. In dié opsig blyk dit dat Roux nie bereid was om kommandante aan te voer, wat duidelik hulle miskenning van sy persoon te kenne gegee het nie.[57]

Roux gaan voort en verklaar dat hy hom nie aan die OVS krygsmag wou opdring nie. Verder was dit aan hom duidelik dat afguns en jaloesie die bevel van die OVS krygsmag lamgelê het. Voorts was Roux onseker waar De Wet hom bevind het en kon daarom moeilik 'n doel sien om verder met verset aan te gaan. Van Everdingen verklaar dat Roux, nog voor sy vertrek na Hunter se kamp, oorweging geskenk het om 'n tweede brief te skryf, waarin hy aandui dat Prinsloo nie by magte was om al die kommando's oor te gee nie. Roux het, volgens Van Everdingen, egter besef dat so 'n argument nutteloos was. Roux het daarom, in sy eie woorde, verkies om onder die omstandighede met die voorreg van evangelieprediking in ballingskap te gaan.[58]

Op 31 Julie 1900 arriveer Roux in die kamp van Hunter. Volgens Hunter het Roux hom meegedeel dat hy die oorgawe van Prinsloo verwerp het. Hunter gaan voort en verklaar dat Roux hom egter verplig gevoel het om aan die bevel van Prinsloo, om oor te gee, gehoor te gee. Roux het dit onomwonde gestel dat, indien sake in sy eie hande gelaat was, daar nie oorgegee sou word nie. Roux het Hunter ook meegedeel dat hy van mening was dat die meeste offisiere en burgers wel sou oorgee. Hunter verklaar dat Roux hom ingelig het dat enkeles nie aan die bevel gehoor sou gee nie. Hunter het wel gepoog om Roux te oortuig om sy invloed te gebruik om Fourie, Haasbroek en Olivier oor te haal om aan die bevel gehoor te gee. Roux het egter

---

56 Heyns, p. 18: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

57 VAB, A305: Roux, "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900".

58 VAB, A305: Roux, "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene: Paul Roux, 3 Nov 1900"; Van Everdingen, Tweede tijdvak 2, pp. 58-59.

geweier. Volgens Hunter het Roux verklaar dat hy (Roux) wel deur Prinsloo se bevel gebind was, maar dat die offisiere en burgers onder hom nie daardeur gebonde was nie. Hunter gaan voort: “I fail to follow his [Roux’s] argument.”[59] Hierdie standpunt is later deur Roux in 'n brief aan De Wet soos volg verduidelik: “Ik heb geen enkel Burger overgegeven noch enigeen geraden zich te gaan overgeven omdat ik myzelven als buiten bevel beschouwde, en ware ik in bevel gebleven, ik zou voorwaar nooit overgegeven hebben en anderen evenmin geraden hebben zulks te doen.”[60]

Roux verdedig hom soos volg op die aanklag van De Wet: “Ik heb noch in geschrift, noch in *persoon* (zooals gy in uw Boek beweert) geprotesteerd tegen de overgave, omdat de commandos die reeds by Salmon Raath voorby waren, my voorbij kwamen op weg naar Hunter, het zou dus klare onzin geweest zyn om nog te gaan protesteeren.”[61] Dit wil voorkom of daar oral bespiegel is wat met Roux gebeur het. Hierdie onsekerheid het die krygsmoreel verder laat versleg. Daarmee tesaam het talle gevrees dat hulle as rebelle gevange geneem sou word. Enkele dae na afloop van die gebeure het MacDonald versoek dat Roux moes bevestig dat hy oorgegee het, en nie gevange geneem is nie. Dit blyk verder dat die offisiere, aan die begin van Augustus 1900, steeds onder die indruk was dat Roux die kamp van Hunter onder die wit vlag binnegegaan het, en dat Hunter die wit vlag misken het deur Roux gevange te neem. Daarmee saam het talle burgers gevrees dat hulle met oorgawe gefusillieer sou word, en dat alle eiendom op beslag gelê sou word.[62]

5. Die oorgawe van Prinsloo

Die gesprek tussen Roux en Prinsloo het nie daarin geslaag om Prinsloo tot ander insigte te bring nie. Prinsloo, tesame met Crowther, het die volgende oggend vir Hunter om 09:00 ontmoet, waar hulle oorgegee het. Op die betrokke dag het Prinsloo weer versoek dat burgers, ter wille van die toekomstige belang van die land, nie

---

59 TNA, WO 105/24, p. 4: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief). Sien ook TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 31.7.1900 (afskrif van telegram A. 251); TNA, WO 105/24, p. 4: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief). Brink verklaar ook dat Roux vir Hunter versoek het om afskrifte van die korrespondensie te verkry. Hierdie versoek is deur Hunter geweier. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 98.

60 Heyns, p. 18: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

61 *Ibid*.

62 VAB, A155/42: C.C. Froneman — C.R. de Wet, 3.8.1900 (brief); Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 98; National War Museum of Scotland (NWMS): “MacDonald’s despatches”, pp. 27-28, 30-32: H.A. MacDonald — F.S. Roberts en A. Hunter, 5.8.1900 (afskrif van brief); Offisier (onleesbaar) — A. Hunter, 6.8.1900 (afskrif van brief); TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 7.8.1900 (afskrif van telegram A. 363).

krygsgevange geneem word nie, maar toegelaat word om na hulle wonings terug te keer. Prinsloo het ook aangebied dat hy, sy offisiere, alle burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek en Kaapse rebelle krygsgevange geneem kon word. Hierdie versoek is deur die Britse opperbevelvoerder geweier. Volgens Hunter het hy dit ook aan Prinsloo duidelik gestel dat alle offisiere en OVS burgers krygsgevange geneem sou word.[63]

Bostaande aspek van die ontmoeting tussen Hunter en Prinsloo is besonder insiggewend. Indien aanvaar word dat Prinsloo wel aan sy burgers voorgehou het dat hulle nie krygsgevange geneem sal word nie, moes die ontdekking in die kamp van Hunter sekerlik 'n groot skok gewees het. Weer ontstaan die vraag of Prinsloo in hierdie omstandighede die slagoffer van sy eie wanvoorstelling met betrekking tot die brief van Hunter geword het. Die alternatief is dat 'n wanvoorstelling deur Vilonel geskep is.

Prinsloo was die bevelvoerder op 29 Julie 1900. Hy het van 'n veroordeelde landsverraaier as enigste onderhandelaar in die finale stadium van die onderhandelinge gebruik gemaak. Met ander woorde, Prinsloo het slegs die woord van Vilonel gehad om enige onduidelikheid met betrekking tot die skrywe van Hunter uit die weg te ruim. In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die inhoud van die brief alles behalwe duidelik was. Die onderhandelinge was verder nie op militêre doelwitte gegrond nie, maar eerder deurspek met persoonlike belange, wat in werklikheid nie veel met die voortgesette oorlogspoging van die OVS te make gehad het nie.[64] Prinsloo was daarom verantwoordelik vir die oorgawe van 30 Julie 1900, wat duidelik nie in belang van die OVS oorlogspoging was nie. Dit was, inteendeel, eerder 'n versaking daarvan. In dié opsig is dit nodig om te bepaal of Prinsloo se handelinge 'n moontlike beskuldiging van hoogverraad, of gekweste majesteit regverdig.[65]

Die Britse opperbevelvoerder het sekerlik ook kennis geneem dat die vergunning gemaak in Proklamasie III van 1900, naamlik om burgers na wapenneerlegging op parool vry te laat, misbruik is deurdat sommige van hulle weer aan die oorlog deelgeneem het. Indien die Britse opperbevelvoerder ook die regsposisie na behore

---

63 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 30.7.1900 (afskrif van telegram A. 235), A. Hunter — F.S. Roberts, 31.7.1900 (afskrif van telegram A. 243); *Telegrams and letters* 3, p. 113: F.S. Roberts — A. Hunter, 30.7.1900 (afskrif van telegram C. 3156).

64 Sien onderafdelings 8 en 11, hoofstuk 10, *supra*.

65 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5, hoofstuk 12, *infra*.

bestudeer het, moes dit opmerklik gewees het dat krygspligtige burgers nie die bevoegdheid gehad het om so 'n onderneming te gee nie. Hy het daarom hier vir die eerste maal in ooreenstemming met die volkereg, en in besonder die regsposisie kragtens die bepalings van die oorlogsreg, gehandel. Dit word betwyfel of Prinsloo enigsins onderhandelinge sou begin het in die hoop dat burgers op parool vrygelaat sou word, indien die Britse magte nie reeds vroeër so 'n vergunning gemaak het nie. Dit is egter opmerklik dat die Britse magte in die oorgawe die voordeel verkry het, wat die direkte gevolg van die regtens gebrekkige proklamasies was.[66]

Hierbo is reeds melding gemaak van die morele dilemma waarin Hunter hom ten aansien van sy belofte oor die nie-konfiskering van eiendom bevind het. Die gesprek tussen Hunter en Prinsloo het waarskynlik ook 'n meer praktiese element van die dilemma uitgelig, naamlik wat na afloop van die krygsgevangeneming van offisiere en burgers met privaateiendom sou gebeur. Vir dié doel het Hunter aan sy opperbevelvoerder voorgestel dat enkele persone vrygelaat sou word om die eiendom na die offisiere en burgers se wonings te neem. Ten slotte het Hunter sy verskoning aangebied vir die feit dat hy nie ooreenkomstig die wense van sy opperbevelvoerder gehandel het, met betrekking tot die vergunnings oor die waens gemaak nie.[67]

Die antwoord van die Britse opperbevelvoerder het sekerlik 'n verdere dilemma vir Hunter daargestel. Die Britse opperbevelvoerder het gelas dat alleen die aantal waens wat absoluut nodig was, afgestaan kon word om die eiendom van die burgers na hulle wonings te neem. Hy het voorts opdrag gegee dat minder geskikte waens vir die doel gekies moes word, en dat die waens deur ouer burgers, of burgers ongeskik vir militêre diens vergesel word. Wat die ander waens betref, het die Britse opperbevelhebber beveel dat dit verder in die Britse oorlogspoging gebruik moes word. Daarmee tesame het die Britse opperbevelvoerder aangedui dat die Kaapse rebelle aanwesig in Prinsloo se krygsafdeling voorlopig as krygsgevangenes hanteer moet word. Hierdie groep persone sou wel later vir strafregtelike vervolging aan die Kaap uitgelewer word.[68] Ironies het die privaateiendom, wat Prinsloo ten alle koste beskerm het, uiteindelik in die hande van die Britse magte geval.

---

66 Vir 'n bespreking van die regsposisie betreffende Proklamasie III van 1900, sien onderafdeling 2.2, hoofstuk 3, *supra*. Sien ook T.E. Holland, *The laws of war on land (written and unwritten)*, pp. 49-50.

67 TNA WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 30.7.1900 (afskrif van telegram A. 235), A. Hunter — F.S. Roberts, 30.7.1900 (afskrif van telegram A. 243).

68 *Telegrams and letters* 3, pp. 113-114: F.S. Roberts — A. Hunter, 30.7.1900 (afskrif van telegram C. 3156), F.S. Roberts — A. Hunter, 1.8.1900 (afskrif van telegram C. 3181).

Dit is onseker of Hunter en Prinsloo wel die voorwaardes, met betrekking tot die oorgawe, afgehandel het. Hieronder word gesien dat beide die twee hoofkommandante, naamlik Prinsloo en Roux, in die finalisering van die oorgawe 'n onaktiewe rol gespeel het.[69] Wat die oorgawe betref, het Hunter die voorwaardes later per memorandum soos volg aan sy offisiere uiteengesit: (1) Met die uitsondering van perde, saals en tooms, mag privaateiendom van offisiere en burgers wat oorgegee het, nie op beslaggelê word nie. (2) Die oudste persone wat oorgegee het, tesame met jong seuns, sal gebruik word om waens met persoonlike eiendom na die wonings van persone wat oorgegee het, terug te neem. Vir dié doel is alleen waens beskikbaar gestel, wat nie vir militêre doeleindes geskik was nie. (3) 'n Offisier op Winburg sou besluit watter waens gehuur en watter waens gekoop sou word. Persone, wie se waens gehuur of gekoop is, het 'n kwitansie as bewys van die transaksie ontvang. (4) Slagvee is voorts ook op dieselfde wyse van die persone wat oorgegee het, aangekoop.[70]

Een verdere aspek van die ontmoeting tussen Hunter en Prinsloo verdien aandag, naamlik die posisie van Roux. Hierbo is reeds uitvoerig met die punt gehandel. Volgens Hunter het Prinsloo in die ontmoeting aangedui dat alle OVS offisiere en burgers, tussen die magte van Hunter en Harrismith, in die oorgawe ingesluit is. Prinsloo het ook aangedui dat Roux onder sy bevel gestaan het en daarom in die oorgawe ingesluit is. Tegnies is die posisie, soos deur Prinsloo vertolk, korrek. Die onderhandelinge rakende die oorgawe is op 29 Julie 1900 afgehandel. Op die betrokke dag het Prinsloo, en nie Roux nie, die bevel gevoer. Prinsloo se besluit tot oorgawe was egter in stryd met die krygsvergaderingsbesluit van 27 op 28 Julie 1900. Prinsloo het verder nie op 30 Julie 1900 bevel gevoer nie, maar wel Roux. Prinsloo was daarom nie by magte om enige verdere bevele te gee nie. Hieronder word gesien dat Prinsloo, op die dag van die finalisering van die oorgawe, weinig gedoen het om die oorgawe af te handel. Sodanige optrede is heelwaarskynlik verklaarbaar aan die hand van die feit dat hy nie meer op die betrokke dag 'n hoofkommandant was nie. Roux, die verkose hoofkommandant het op die betrokke dag self weinig leiding aan sy krygsafdelings verskaf.[71]

---

69 Sien onderafdeling 6, *infra*.

70 TNA, WO 105/24, pp. 12-13: "Memorandum regarding 'Treatment of prisoners' addressed to Major-General Paget, Commanding 20th Brigade", 3.8.1900 (afskrif van memorandum).

71 Sien onderafdeling 4, *infra*.

In dié opsig het Prinsloo waarskynlik self sy rang as hoofkommandant ontruim. Dit het beteken dat hy die bevel aan Roux afgestaan het. In die proses het hy egter verseker dat die oorgawe wel sou voortgaan. Daar is dus aanduidings dat Prinsloo versuim het om sy bevel te ontruim, wat wel gekweste majesteit kon daarstel.[72] Voorts het Roux versuim om bevel te neem en in dié opsig kan aangevoer word dat hy sy bevel in die steek gelaat het. Hierdie optrede kan ook gekweste majesteit daarstel.[73]

6. Verdere oorgawes

Talle offisiere en burgers het gehoor gegee aan die bevel om oor te gee. Hunter was egter bekommerd dat 'n groot aantal kommando's hulle 'n hele ent voor sy eie magte bevind het. Dit was verder duidelik dat die oorgawe van Fourie en Olivier problematies kon wees. Voorts kon Prinsloo geen inligting aan Hunter gee met betrekking tot die posisie van Hattingh en sy krygsafdeling nie. Prinsloo het ook aan Hunter die versekering gegee dat die meeste offisiere en burgers sy oorgawe sou erken, en dat alleen enkeles sou probeer om aan die oorgawe te ontsnap. Hunter het daarom op 31 Julie 1900 met sy magte vorentoe begin beweeg in 'n poging om die oorgawe af te dwing.[74]

Op 31 Julie 1900 telegrafeer Hunter dat die Winburg-kommando ook oorgegee het. Hunter verklaar voorts dat die kommando's van Wepener en Rouxville op dieselfde dag oorgegee het. Die kommandante van die twee kommando's het Hunter meegedeel dat die kommando's van Smithfield en Bethulie onderweg was om oor te gee. Hunter het ook van die twee kommandante kennis gekry dat Olivier besig was om voort te beweeg en nie beplan het om oor te gee nie. Hy het daarom vir veggeneraal J. Crowther na Golden Gate gestuur om sy invloed te gebruik om die ander kommandante te oortuig om oor te gee.[75]

Die kommando's van kommandante R. Crowther, F.J. du Plooy, P.J. Joubert en J.F. Potgieter het hulle intussen op die plaas van Salmon Raath bevind. Dit kom verder voor of die kommandante geen verdere instruksies van Prinsloo ontvang het nie. Hulle het dus aan die bevelvoerende offisiere van die Britse magte geskryf, met die doel om

72 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5.3.2(b), hoofstuk 12, *infra*.
73 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5.3.3(c), hoofstuk 12, *infra*.
74 TNA WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 31.7.1900 (afskrif van telegram A. 245).
75 TNA WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 31.7.1900 (afskrif van telegram A. 248), A. Hunter — F.S. Roberts, 1.8.1900 (afskrif van telegram A. 274).

oorgawe aan te bied en om op die wyse waarop die oorgawe moes geskied, ooreen te kom. Die onsekerheid van die offisiere, rakende die oorgawe, blyk uit die versoek van Hamilton aan MacDonald om die voorwaardes vir die oorgawe te verkry. Dit is voorts insiggewend dat die offisiere op Raath se plaas vir Hamilton meegedeel het dat die offisiere, en ongeveer 2 000 burgers, hulle daar bevind het.[76] Hierdie kommando's het dus op die punt gestaan om ook die Brandwaterkom te verlaat. Hamilton het kort hierna die oorgawe van die kommando's van Crowther, Du Plooy, Joubert en Potgieter aanvaar. Die voorwaardes vir die oorgawe het benadruk dat alle offisiere en burgers in die oorgawe krygsgevangenes was, totdat vrede gesluit word.[77]

7. Verdere besluite

Kolbe verklaar dat hy kort na afloop van sy mislukte poging, om Roux te verhoed om protes aan te teken, na die plaas van Raath teruggekeer het. Hier het 'n kort krygsvergadering plaasgevind. Hierdie vergadering het tot gevolg gehad dat 'n aantal offisiere besluit het om nie oor te gee nie. Hierdie offisiere het veggeneraals P.J. Fourie en C.C. Froneman, kommandante W.J. Kolbe, P.J. Visser en H.J. Pretorius ingesluit. Tydens die vergadering is Fourie as waarnemende hoofkommandant verkies. Froneman is op sy beurt in die plek van Fourie as veggeneraal verkies. Hierdie groep offisiere het ook kennis van kommandante Olivier en Haasbroek ontvang dat die pad deur Golden Gate steeds oop was, en dat dié twee offisiere reeds daarin geslaag het om die Brandwaterkom te verlaat.[78] Die aanwysing van Fourie as die waarnemende hoofkommandant wys weer daarop dat die gewysigde opperbevel, soos deur De Wet beskryf, nie ten tyde van die oorgawe in plek was nie.[79]

Kolbe verklaar dat hy hierna teruggery het om aan die ander kommandante te berig dat die pad steeds oop was, en dat hulle en hul burgers nie moes oorgee nie. Die

---

76 NWMS, "MacDonald's despatches", pp. 1-2: B. Hamilton — H.A. MacDonald, 31.7.1900 (afskrif van brief), F.J. du Plooy, P.J. Joubert, R. Crowther en J.F. Potgieter — hoof van die Britse magte, 30.7.1900 (afskrif van brief).

77 "1. Private property & personal affects are not to be confiscated. 2. Horses, wagons & other vehicles and all [...] whether oxen, horses, or mules are to be confiscated. 3. The surrendered commandos are to be considered as prisoners of war until peace is declared. 4. All arms, cannons & ammunition are to be given up. 5. All Orange Free State Govt. property is to be confiscated." NWMS, "MacDonald's despatches", pp. 3-5: H.A. MacDonald — B. Hamilton, 31.7.1900 (afskrif van brief), pp. 4-5: H.A. MacDonald — B. Hamilton, 31.7.1900 (afskrif van brief); TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 1.8.1900 (afskrif van telegram A. 259).

78 VAB, A155/42: C.C. Froneman — C.R. de Wet, 3.8.1900 (brief); OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 368-369; OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 3.

79 Vir 'n bespreking van die gewysigde opperbevel, sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

eerste kamp waar Kolbe aangedoen het, was dié van Potgieter. Potgieter het Kolbe meegedeel dat hy nie op 'n lafhartige wyse sou vlug nie en dat hy, sy offisiere en burgers die volgende dag sou oorgee. Kolbe het hierna nog 'n poging aangewend om te verhoed dat die regeringsgelde in Britse hande val, maar het kort daarna met onverrigter sake na die plaas van Raath teruggekeer.[80]

Olivier het hom intussen nie aan die bevel om nie verder te trek, gesteur nie. Dit het Hamilton genoodsaak om op 31 Julie 1900 só posisie in te neem, dat die pad vanaf Raath se plaas beheer kon word. MacDonald het ook opdrag gegee dat die voorwaardes vir die oorgawe weer per brief aan Olivier gekommunikeer moes word. Olivier was egter op dié betrokke datum reeds buite die Brandwaterkom onderweg na Vrede. Dit was verder duidelik dat MacDonald nie daarin sou slaag om Olivier suksesvol te agtervolg nie. Hunter het gevolglik besluit om MacDonald terug te roep en aan Rundle opdrag te gee om in die rigting van Harrismith op te ruk.[81]

Olivier en andere het in stryd met die bedingde voorwaardes gehandel, deur nie aan die bevel van Prinsloo gehoor te gee nie. Le Gallais het Hamilton ook in kennis gestel dat, indien daar enige bewyse bestaan dat Olivier poog om te ontsnap, die ooreengekome voorwaardes vir die oorgawe nie op hom van toepassing sou wees nie. Hierdie voorwaardes het beteken dat persoonlike eiendom, in die geval van Olivier en sy burgers, vir beslaglegging vatbaar was. Voorts sou nòg Olivier, nòg sy burgers toegelaat word om te perd na die plek van krygsgevangenskap geneem te word.[82]

Dit blyk dat Olivier, met die doel om tyd te wen, voorgegee het dat hy nie kennis van die oorgawe van Prinsloo ontvang het nie. MacDonald het daarom afskrifte van die korrespondensie tussen Prinsloo en Hunter, rakende die oorgawe, gestuur. Intussen het Olivier egter aangehou om met sy kommando voort te trek. MacDonald het Olivier weer daarop gewys dat, sou hy met sy weiering om oor te gee volhard, hy en sy burgers van die bedingde voorwaardes vir die oorgawe uitgesluit sou word. Op 1 Augustus 1900 was dit duidelik dat Olivier hom reeds buite die Brandwaterkom in die omgewing van Harrismith bevind het. 'n Dag later het Olivier ook aangedui dat hy nie

---

80 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 371-373.

81 NWMS, “MacDonald’s despatches”, pp. 1, 3-5: B. Hamilton — H.A. MacDonald, 31.7.1900 (afskrif van brief); H.A. MacDonald — B. Hamilton, 31.7.1900 (afskrif van brief), H.A. MacDonald — B. Hamilton, 31.7.1900 (afskrif van brief); TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 2.8.1900 (afskrif van telegram A. 280). Sien ook Kritzinger en McDonald, pp. 13-14; Boldingh, pp. 38-39.

82 NWMS, “MacDonald’s despatches”, pp. 7-8: P.W. le Gallais — B. Hamilton, 31.7.1900 (afskrif van brief).

die oorgawe erken het nie. Volgens Olivier was die oorgawe onwettig aangesien Prinsloo nie die bevoegdheid gehad het om oor te gee nie. Olivier het voorts aangedui dat hy geen verdere boodskappers onder die wit vlag sou ontvang nie.[83]

Haasbroek het sy kommando as 'n losse kommando beskou, wat afsonderlik geopereer het. Hy het hom derhalwe nie as ingesluit by die oorgawe beskou nie, aangesien nòg Prinsloo, nòg Roux sy bevelvoerende offisier was. Aanvanklik het Haasbroek wel gesante onder die wit vlag in sy kamp ontvang, maar het later aangedui dat, sou daar weer 'n gesant onder die wit vlag gestuur word, sy kommando nie sou aarsel om op so 'n gesant te skiet nie.[84]

Veggeneraal C.J. de Villiers het ook intussen die kommando's van Harrismith en Vrede laat ontbind. Na die aankoms van die Britse magte te Harrismith het talle burgers hulle wapens vrywillig ingehandig as teken van oorgawe. Hierdie persone se name is geneem en hulle is toegelaat om voorlopig na hulle wonings terug te keer. Hunter het ook aan sy opperbevelvoerder voorgestel dat burgers van die Harrismith- en Vrede-kommando's, wat ten tyde van die oorgawe op 30 Julie 1900 kommandodiens verrig het, krygsgevange geneem word.[85]

8. 'n Poging om die oorlog tot 'n einde te bring

Op 26 Julie 1900 gee P.D. de Wet, die broer van C.R. de Wet, homself aan die Britse magte oor. P.D. de Wet het verklaar dat sy broer, C.R. de Wet, hom ook aan die Britse magte sou oorgee indien hy kennis van die oorgawe van Prinsloo se krygsafdelings ontvang. C.R. de Wet se oorgawe sou ook die einde van die OVS oorlogspoging beteken het. Die Britse opperbevelhebber het daarom vir Hunter versoek om 'n betroubare persoon uit die krygsafdelings van Prinsloo te kies, en hom onder begeleiding van 'n offisier na die kamp van Broadwood te stuur.[86] Vir dié doel is

---

83 NWMS, "MacDonald's despatches", pp. 13-15, 26: H.A. MacDonald — J.H. Olivier, 2.8.1900 (afskrif van brief), J.H. Olivier — Britse magte, 2.8.1900 (afskrif van brief); TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 1.8.1900 (afskrif van telegram A. 260), A. Hunter — F.S. Roberts, 7.8.1900 (afskrif van telegram A. 363). Sien ook Kritzinger en McDonald, pp. 13-14; Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Olivier-herinneringe (A1237): "Herinneringe van mnr. Henning Olivier", p. 11.

84 NWMS, "MacDonald's despatches", pp. 30-32: Offisier (onleesbaar) — A. Hunter, 6.8.1900 (afskrif van brief).

85 Kestell, *Met den Boeren-commando's*, p. 73; NWMS, "MacDonald's despatches", pp. 27-28: H.A. MacDonald — F.S. Roberts en A. Hunter, 5.8.1900 (afskrif van brief); TNA WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 6.8.1900 (afskrif van telegram A. 335); OMBR, 4128/42: Haasbroek, p. 3.

86 *Telegrams and letters* 3, p. 99, 113: Cowan — T. Kelly-Kenny, 27.7.1900 (afskrif van telegram), F.S. Roberts — A. Hunter, 30.7.1900 (afskrif van telegram).

adjudant Grobler, tesame met majoor King, met 'n brief van Prinsloo na De Wet gestuur. Grobler en King het op 3 Augustus 1900 in die kamp van Broadwood gearriveer. Op hierdie dag het Broadwood 'n boodskap aan De Wet gestuur. Broadwood het in die boodskap aangedui dat hy bereid was om Grobler met die brief van Prinsloo na hom (de Wet) te stuur, op voorwaarde dat Grobler toegelaat sou word om na sy kamp terug te keer.[87]

C.R. de Wet het die onderneming gegee. Grobler het kort hierna die volgende skrywe aan C.R. de Wet oorhandig: “Ik heb de eer u Ed mits dezes in kennis te stellen, dat ik genoodzaakt was wegens de overgroot macht van de Britsche Krygsmacht, onvoorwaardelyk over te geven met alle O.V.S. commandos hier ten krygsvelde.”[88] Die brief word ook deur Prinsloo onderteken in sy hoedanigheid as 'n hoofkommandant.[89] In die skrywe het Prinsloo hom dus as 'n hoofkommandant voorgedoen, terwyl Roux in werklikheid die nuut verkose hoofkommandant was. Roux se versuim om in dié verband bevel oor te neem, sou sekerlik daarop kon dui dat Prinsloo verder as hoofkommandant moes waarneem.

C.R. de Wet antwoord nog dieselfde dag soos volg: “Ik [...] moet myne verbasing en sterke afkeuring te kennen geven dat gy U rechten aanmatigt die gy geenszins bezit. *Daar gy slechts als Waarnemende. Hoofd aangesteld werd over de paar kleine afdelingen die de passen moesten bewaken*[90] had gy geen recht U eenige machten als Hoofd Commandant aan te matigen.”[91]

Dit moet gemeld word dat die skrywe, soos in die Vrystaatse Argiefbewaarplek[92] bewaar en die afskrif daarvan in die werk van J.A.J. de Villiers vervat,[93] verskil van dié skrywe in die boek van De Wet vervat.[94] Van Schoor maak ook melding van die verskille in sy Afrikaanse vertaling van C.R. de Wet se boek. Volgens hom is die verskille egter nie groot nie.[95] Daar is 'n weglating, wat nie deur Van Schoor gemeld

87 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 31.7.1900 (afskrif van telegram).

88 VAB, A155/139: M. Prinsloo — C.R. de Wet, 31.7.1900 (brief). Die skrywe word ook aangehaal in Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 22; De Wet, p. 134. Die werk van De Wet vermeld dat die datum 30.7.1900 was, terwyl die eerste twee genoemde bronne dit as 31.7.1900 aangee.

89 VAB, A155/139: M. Prinsloo — C.R. de Wet, 31.7.1900 (brief); Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 22.

90 My kursivering.

91 VAB, A155/139: C.R. de Wet — M. Prinsloo, 3.8.1900 (brief). Hierdie skrywe word ook in die dagboek en herinneringe van J.A.J. de Villiers vermeld. Sien Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 22.

92 VAB, A155/139: C.R. de Wet — M. Prinsloo, 3.8.1900 (brief).

93 Van Schoor (red.), “Jacob de Villiers”, p. 22.

94 De Wet, p. 155.

95 M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit: die herinneringe van die Boere-generaal C.R. de Wet*, p. 155 (vn. 34).

word nie. Dit handel oor die aanstelling van Prinsloo as hoof van 'n paar kleinere afdelings, wat die passe moes bewaak. Hierdie gedeelte is ook in die aanhaling hierbo gekursiveer. De Villiers verklaar dat C.R. de Wet ook in die skrywe wou invoeg dat "gy [Prinsloo] u skuldig gemaakt hebt aan Hoogverraad".[96] Na 'n bespreking is besluit om hierdie gedeelte eerder weg te laat, aangesien die skrywe weer deur die hande van die Britse magte aan Prinsloo gestuur sou word.[97]

Intussen is Hertzog na die kommando's gestuur om daar die aangeleentheid te hanteer.[98] Hunter verklaar ook dat hy op 'n proklamasie, gedateer 19 Julie 1900, van die OVS staatspresident beslaggelê het. In die proklamasie word bepaal dat enige burger, wat na afloop van die proklamasie nie by sy kommando aansluit nie, ter dood veroordeel sou word en dat daar op al sy goedere beslag gelê sou word.[99] Hertzog het hom op 12 Augustus 1900 te Heilbron bevind. Hier het hy gepoog om die kommando's van Haasbroek en Olivier te verenig. Britse inligting het ook daarop gedui dat talle persone met geweld gekommandeer word.[100] Die poging om die oorlog tot 'n einde te bring deur kennis van die oorgawe op 30 Julie 1900 te gee, het dus misluk. Die vraag ontstaan of die oorgawe nie die status van die OVS krygsmag verander het nie. Hierdie vraag word in die volgende hoofstuk bespreek.

9. Uitsonderings op die bedingde voorwaardes

Daar bestaan enkele uitsonderings op die bedingde voorwaardes vir die oorgawe van 30 Julie 1900. Hierdie uitsonderings is belangrik, deurdat dit die agterdog van iets duister in die oorgawe versterk. Die eerste is die geval van Prinsloo. Prinsloo en sy

96 Van Schoor (red.), "Jacob de Villiers", p. 23.

97 *Ibid*.

98 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, p. 378. Van der Heever, die biograaf van Hertzog, gee te kenne dat Hertzog in die Brandwaterkom met die vertrek van die regering, agtergebly het. (C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog*, p. 110.) Die gevolgtrekking van Van den Heever berus in hoofsaak op 'n dokument getiteld "War dates" soos gevind in die Hertzog-argiewe. (TAB, Hertzog-versameling (SAB A32/1): "War dates".) Laasgenoemde dokument bevat die volgende aantekeninge: "5 Juli – Trekken Slabbertsnek binnen; 18 Juli – Gevecht Slabbertsnek - nek gedreven door vijand tegen avond; 19 Juli – door Fouriesburg – 5 000 man – met lagers; 29 Juli – Prinsloo verraad". Die herinneringe van Du Preez en Hintrager meld uitdruklik dat Hertzog in die kamp van C.R. de Wet teenwoordig was op die tydstip toe De Wet die nuus van die oorgawe in die Brandwaterkom ontvang het. (VAB, 119/526: J.N. Brink, "Oorlogsherinneringe van kolonel Corneel Johannes du Preez, D.T.D., D.S.O., oud-adjudant van president M.T. Steyn", p. 27; J.J. Oberholster (red.), "Dagboek van Oskar Hintrager: Saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900", *Christiaan de Wet-annale* 2, 1973, p. 116). In reaksie het die staatspresident Hertzog as waarnemende hoof van die regering na Harrismith en Vrede gestuur om kontak met die kommando's te maak wat daarin geslaag het om aan die oorgawe te ontsnap.

99 TNA, WO 105/17: Hunter — Roberts, 11.8.1900 (afskrif van telegram K. 85).

100 TNA, WO 105/17: Hunter — Roberts, 12.8.1900 (afskrif van telegram K. 87).

vrou het Fouriesburg op 2 Augustus 1900, onder die begeleiding van 'n Britse offisier, verlaat en na Winburg vertrek. Mevrou Prinsloo was op hierdie stadium reeds 'n invalide, wat die reis na Winburg redelik bemoeilik het.[101] Prinsloo is, tesame met die ander offisiere, na Groenpunt, in die Kaap geneem. Anders as die ander offisiere is hy later op parool vrygelaat, en het sy vrou ook by hom aangesluit. Parool om na Bloemfontein terug te keer, is hom egter geweier.[102]

Kommandant P.H. de Villiers is na afloop van die oorgawe toegelaat om na sy huis terug te keer. Volgens Hunter het hy aan die begin van Augustus 1900, op versoek van die distrikskommissaris van Ficksburg, aan P.H. de Villiers parool toegestaan. Die versoek van die distrikskommissaris is deur die militêre goewerneur in Bloemfontein tot Hunter gerig. De Villiers was in dié sin bevoorreg, deurdat hy nie soos ander offisiere en burgers in krygsgevangenskap weggestuur is nie. Verskillende redes vir die bevoorregting word aangevoer. P.H. de Villiers se seun verklaar dat daar aanvanklik ses dae verlof aan De Villiers toegestaan is, met die doel om na sy siek vrou om te sien. Dit wil voorkom of P.H. de Villiers, na afloop van die verlof te Winburg, as krygsgevangene moes aanmeld. De Villiers junior verklaar dat P.H. de Villiers senior deur die bemiddeling van vriende toegelaat is om op parool by sy huis agter te bly, aangesien hy daardeur baie kon doen vir families van burgers wat in armoede agtergebly het.[103]

Dit kom voor of P.H. de Villiers aanvanklik ontsteld was dat die Britse magte nie die voorwaardes, soos ooreengekom vir die oorgawe, nagekom het nie. P.H. de Villiers het van die veronderstelling uitgegaan dat burgers toegelaat sou word om na afloop van die oorgawe na hulle wonings terug te keer. Voorts het hy hom ook tot die Britse opperbevelvoerder gewend in 'n poging om parool vir sy burgers te onderhandel. In antwoord hierop, het die Britse opperbevelvoerder hom daarop gewys dat talle burgers reeds van sy vergunning, soos verleen was in Proklamasie III van 1900, misbruik gemaak het. Om hierdie rede is ook besluit om die burgers in die oorgawe van 30 Julie 1900 as krygsgevangenes weg te stuur. Die seun van De Villiers skryf dat P.H. de Villiers self aangebied het om saam met sy burgers in krygsgevangenskap

---

101 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 2.8.1900 (afskrif van telegram A. 287).

102 P.J. Delport, “Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog” (verhandeling), pp. 208-209.

103 TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 7.8.1900 (afskrif van telegram A. 370); OMBR 3559/2: P.H. de Villiers — Opsigter, Oorlogsmuseum 9.10.1963 (brief); OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers-lewenskets, p. 3. Sien ook A. Barry, *Ons Japie: dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog*, pp. 27-28, 30.

weggestuur te word. Die Britse owerhede het P.H. de Villiers egter oorreed om in die Ficksburg-distrik agter te bly, en hulp aan behoeftige gesinne te verskaf. Vir dié doel het De Villiers 'n aantal melkkoeie van die Britse magte ontvang. De Villiers is egter later na Basoetoland gestuur.[104]

10. Gevolgtrekkings

Teen 2 Augustus 1900 het reeds 3 621 man oorgegee. Daarmee tesaam het die Britse magte 4 172 perde buit gemaak. In die daaropvolgende dae sou talle ander persone ook oorgee. Op 7 Augustus 1900 telegrafeer Hunter dat die getal man wat oorgegee het, reeds op 4 100 te staan gekom het. Op 10 Augustus 1900 het die Britse opperbevelvoerder getelegrafeer dat talle persone nog steeds besig was om oor te gee.[105]

Aan die anderkant het meer as 'n 1 000 burgers en offisiere daarin geslaag om deur Golden Gate die gebied te verlaat. Die offisiere het ook 'n hoofkommandantsverkiesing gehou. Hierdie verkiesing is weer eens in skerp teenstelling met die gewysigde bevelstruktuur, soos in hoofstuk 2 beskryf. Dit wil dus voorkom of die gewysigde bevelstruktuur eers na die oorgawe in die Brandwaterkom werklikwaar inslag gevind het, en dat die bespreking van die oorgawe binne konteks van die 1899 militêre wetgewing juis is.

Hierbo is aangetoon dat Roux geen noemenswaardige rol as hoofkommandant in die oorgawe op 30 Julie 1900 gespeel het nie. Roux as hoofkommandant was gebonde aan die onderhandelinge soos deur Prinsloo aangegaan. Dit wil voorkom of Roux nie bereid was om onder die omstandighede bevel te neem nie. In werklikheid het hy die uitslag van die verkiesing verwerp. Daarmee tesaam het Roux ook 'n wanvoorstelling teenoor Hunter gemaak. Hy het voorgegee dat hy bevel gevoer het oor 'n afsonderlike krygsafdeling, wat nie onder die bevel van Prinsloo gestaan het nie. Hierdie wanvoorstelling is des te meer vreemd omdat Roux die persoon was wat op die verkiesing aangedring het. Met hierdie versuim het Roux hom waarskynlik ook aan gekweste majesteit skuldig gemaak.

---

104 OMBR, 3559/3: P.H. de Villiers-lewenskets, p. 4; OMBR 5141/12: I.H. de Villiers, “Reflections on Ficksburg”, p. 6. Sien ook Barry, p. 32.

105 TNA, WO 32/7998: “Statement regarding the number of Boers surrendering in the Caledon Valley”; TNA, WO 105/17: A. Hunter — F.S. Roberts, 7.8.1900 (afskrif van telegram A. 370); TNA, WO 105/33: F.S. Roberts — Lord Lansdowne, 10.8.1900 (telegram).

Roux se poging om die geldigheid van die oorgawe te bevraagteken, getuig van 'n persoon wat geen kennis van militêre aangeleenthede gehad het nie. Indien Prinsloo vir die versaking van die OVS oorlogspoging vervolg kon word, sou die OVS hiervoor verantwoordelikheid moes neem. Die oorgawe het egter in werklikheid 'n einde aan die OVS gemaak. Vervolging na afloop van die oorlog was daarom onmoontlik. Die moontlike strafregtelike aanspreeklikheid het egter nie die geldigheid van die ooreenkoms om oor te gee, beïnvloed nie.

Prinsloo het ook 'n wanvoorstelling ten opsigte van sy hoedanigheid as hoofkommandant geskep. Op die dag van oorgawe was Roux, en nie hy nie, die hoofkommandant. Voorts het Prinsloo ontken dat hy enige kennis van die Roux se verkiesing gehad het. Net soos Roux het Prinsloo geen daadwerklike rol in die uiteindelike finalisering van die oorgawe gespeel nie. Hoewel Prinsloo hom op die betrokke dag as die hoofkommandant voorgedoen het, het hy, net soos Roux, geen daadwerklike leiding in die oorgawe gegee nie. Tog skryf Prinsloo aan De Wet in die hoedanigheid van 'n hoofkommandant. Ook hierdie optrede kan gekweste majesteit daarstel.

Voorts was daar geen sprake van 'n spesiale bedeling vir die persone wat oorgegee het nie. Die oorgawe was in werklikheid niks anders as 'n onvoorwaardelike oorgawe nie. Die eiendom, wat Prinsloo wou beskerm, het ook in Britse hande geval. Daarmee tesaam is die burgers krygsgevange geneem. Daar is ook geen sprake dat Prinsloo werklikwaar deur sy oorgawe bevoordeel is nie. Hy self is ook krygsgevange geneem en het later vir parool in die Kaap gekwalifiseer. Prinsloo is egter nie toegelaat om na die OVS terug te keer nie. Daarenteen is kommandant P.H. de Villiers toegelaat om na sy woning terug te keer. In dié opsig is P.H. de Villiers bevoordeel, met die gevolglike vraag of hy homself nie skuldig aan hoogverraad of gekweste majesteit gemaak het nie.

Die poging om C.R. de Wet te oortuig om ook die oorlogspoging te staak, het misluk. Die oorgawe op 30 Julie 1900 kon moontlik as die finale moment in die verowering van die OVS aangestip word. Op hierdie dag het meer as die helfte van die oorblywende OVS magte oorgegee, en is die laaste onbesette dorpe ook deur die Britse magte beset.

Afdeling C

Die gevolge van die oorgawe

Hoofstuk 12
Gevolge, verowering, redes en misdade

"Laten wij nu afschijdt neemen van de plats, genamd de Ramkraal en al zijn Treurige gebeurtenesen."[1]

1. Inleiding

Hierdie hoofstuk handel met die vernaamste gevolge van die oorgawe. Die voorafgaande studie word gebruik om die redes, wat in verband met die oorgawe staan, aan te stip en te bespreek. Daarna word die gevolge van die oorgawe vir die OVS uitgewys. Van besondere belang, soos reeds telkemale in die studie uitgewys, is die moontlikheid dat talle misdade in aanloop tot en tydens die oorgawe gepleeg is. Die hoofstuk handel gevolglik ook met misdade soos hoogverraad, gekweste majesteit, pligsversuim en ander oorlogsmisdade. Gedurende die verloop van die bespreking word ook met persone, wat hulle moontlik aan dié misdade skuldig gemaak het, gehandel. Ten slotte word spesifiek met die rol en aandeel van die OVS staatspresident, M.T. Steyn, in die gebeure gehandel.

2. Die verowering van die OVS

2.1 Vereistes vir verowering

Die volkereg stel die volgende vereistes vir verowering van 'n gebied: (1) Die besetting van die gebied, (2) die onderwerping daarvan en (3) die proklamering daarvan tot eie gebied.[2] Hierdie studie het aangetoon dat met die besetting van

1 Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR), 6967/1: W.J. Kolbe, "Leevensgeschiedenis van generaal W.J. Kolbe" [hierna verwys as Kolbe-manuskrip], p. 376.

2 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.

Harrismith en Vrede, die hele OVS deur die Britse magte beset is.[3] Die besetting van die OVS blyk verder duidelik uit 'n skrywe van M.T. Steyn aan die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, lord Kitchener, in Augustus 1901:

> "Een jaar geleden, na de overgave van Generaal Prinsloo, was de Kaap kolonie geheel en al rustig en vrij van onze commando's. De O.V.S. was bijna geheel en al in uwe handen, niet alleen hoofdsteden, spoorlijnen en andere dorpen, maar ook het geheele land, behalve daar waar Commandant Hasebroek met zijn commando was."[4]

Die besetting van die hele OVS, sowel as die skrywe van Steyn, is bewys dat daar aan die eerste vereiste vir besetting voldoen is. Besetting is egter slegs een van die vereistes van verowering. Die vraag ontstaan of die OVS ook onderwerp is, en of die Britse magte die staatsgesag van die OVS met 'n eie staatsgesag vervang het.

Ten opsigte van die eerste vraag is dit nodig om met die getalsterkte van die OVS krygsmag te handel. Regter J.B.M. Hertzog verklaar dat die OVS tussen 22 000 en 23 000 burgers gehad het, wat aan die oorlog kon deelneem. Volgens hom was daar egter nooit meer as 16 000 burgers in die veld nie.[5] Hierdie getalle word deur kaptein C. Reichman bevestig. Hy plaas die getalsterkte van die OVS krygsmag op 22 314 burgers. Volgens hom het nooit meer as 14 834 man tot en met Mei 1900 aan militêre operasies deelgeneem nie.[6]

Volgens waarnemende hoofkommandant P.H. Roux was ongeveer 7 800 burgers en offisiere aan die begin van Julie 1900 nog aktief in die oorlog.[7] Indien Roux se getalle as korrek aanvaar word, beteken dit dat die OVS krygsmag ongeveer die helfte van die aktiewe getal burgers reeds teen Julie 1900 verloor het. Hierdie verlies sluit 1 327 burgers in, wat op 27 Februarie 1900 te Paardeberg oorgegee het.[8] Die lys van OVS krygsgevangenes, soos in die *Government Gazette* van 6 Julie 1900 gepubliseer, gee die name van ongeveer 2 100 OVS krygslui wat krygsgevange

---

3 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 11, *supra*.

4 Soos aangehaal in N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n lewensbeskrywing* 2, p. 30.

5 M.C.E. van Schoor (red.), "Gen. J.B.M. Hertzog's war experiences", *Christiaan de Wet-annale* 10, 2000, p. 33. Sien ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 1, p. 36.

6 C. Reichmann, "Extracts from the report of Captain Carl Reichmann, Seventeenth Infantry on the operations of the Boer Army" in *Boer War operations in South Africa 1899-1901*, p. 105.

7 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Roux-versameling, A305: P.H. Roux, "Boekie met aantekeninge oor persoonlike redes vir oorgawe & ervaring as gevangene".

8 Breytenbach, 1, p. 424.

geneem is. Hierdie lys van name het ook die persone, wat te Paardeberg oorgegee het, ingesluit. Weer, met verwysing na die getalle van Roux, beteken dit dat ongeveer 5 000 van die krygslui, wat wel op die een of ander tyd te velde was, die OVS oorlogspoging versaak het. Indien slegs die aktiewe of hoogste getal burgers, soos deur Reichmann aangedui, in aanmerking geneem word, beteken dit dat die OVS krygsmag tot en met Julie 1900 meer as 50% van sy aktiewe krygsmag verloor het.

Indien aanvaar word dat die OVS krygsmag 22 314 burgers sterk was, beteken dit dat die krygsmag aan die begin van Julie 1900 bykans 65% van sy burgers verloor het. Hier moet weer daarop gelet word dat alle krygspligtiges op 25 Mei 1900 by wyse van proklamasie in die staatskoerant opgeroep is.[9] Dit beteken dat slegs 35% van burgers, volgens die getalle soos deur Roux vermeld, nog aktief was. Die verdere verlies van 4 100 burgers en offisiere, met die oorgawe op 30 Julie 1900 en daarna, was daarom 'n finale slag vir die OVS oorlogspoging.[10]

Weer, met verwysing na die skrywe van Steyn, het die grootste gedeelte van die oorblywende krygsmag van die OVS hulle buite die grense van die staat bevind. In hierdie opsig het onderwerping van die OVS krygsmag ook plaasgevind. Voorts het 'n beduidende aantal krygslui en krygspligtiges hulle reeds, by wyse van die neem van 'n eed, aan die Britse staatsgesag in die gebied onderwerp.[11]

Ten tyde van die oorgawe het die Britse magte ook reeds 'n eie staatsgesag in die Orange River Colony (ORC) gevestig.[12] Behalwe vir die OVS staatspresident en regter J.B.M. Hertzog, wil dit voorkom of alle ander OVS funksionarisse òf bedank het, òf deur oorlogsomstandighede nie verder in diens van die OVS gestaan het nie.[13] Voorts is daar ook aanduidings dat talle Volksraadslede in die onmiddellike maande voor en na afloop van die oorgawe ten gunste van die beëindiging van die oorlog was.[14]

---

9 Soos gepubliseer in 'n *Buitengewone Gouvernements Courant van den Oranje Vrijstaat*, 28.5.1900. Sien ook onderafdeling 4.1, hoofstuk 4, *supra*.

10 Sien onderafdeling 10, hoofstuk 11, *supra*.

11 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 3, *supra*.

12 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 4, *supra*.

13 Vir 'n bespreking van die uitwerking van die oorlog op die staatsgesag van die Oranje-Vrystaat, sien hoofstuk 4, *supra*.

14 Vir 'n verdere uiteensetting van die standpunte van individuele Volksraadslede, sien Aanhangsel B, *infra*.

Voorts het die Britse magte, by wyse van proklamasie, ook hulle verowering van die gebied aangekondig. Hierdie aansprake was voortydig en het op 'n tydstip plaasgevind toe die OVS nog nie in sy geheel beset en onderwerp was nie.[15] Op 30 Julie 1900 was die gebreke in die Britse aansprake egter anders daaruit gesien. Die Britse magte het hierna nie weer by wyse van proklamasie die gebied geproklameer het nie. So 'n proklamasie sou ook erken dat die proklamasie van 24 Mei 1900 gebrekkig was. Die voortydige proklamering het daarom veral ten opsitge van die OVS 'n dilema geskep wat verhoed het om die oorgawe te gebruik om verowering aan te dui. Gevolglik ontstaan die vraag of daar aan die derde vereiste voldoen is.

Die teenkant is dat De Wet en sy krygsmag tot en met 6 en 7 Augustus 1900 hulle steeds in die OVS bevind het. Die krygsmag van De Wet het hierna na die grondgebied van die ZAR, die bondgenoot van die OVS, uitgewyk. Van hier was dit wel moontlik om steeds militêre operasies in die OVS van stapel te stuur. Voorts is De Wet se besluit om na die ZAR uit te wyk, nie alleen geneem op grond van die posisie in die OVS nie. Die besluit is ook geneem om die OVS staatspresident met sy ampsbroer, S.J.P. Kruger in verbinding te stel. Vir die doel was dit nodig om hom na veiligheid te vergesel. Indien dit nie geval was nie, kon dit wees dat De Wet nooit die besluit geneem het om die ZAR in te beweeg nie.[16]

Die argument sou ook gevoer kon word dat De Wet deur middel van herkommandering daarin geslaag het om 'n sy krygsmag met 2500 te vergroot.[17] Hier moet ingedagte gehou word dat talle van die persone wat weer by die stryd aangesluit het, hulle in alle waarskynlikheid reeds aan die Britse magte onderwerp het. Die teenkant is ook waar. Talle van die persone wat dit gedoen het, was nie by magte om hulle deur middel van 'n eed aan die Britse magte te onderwerp nie. Hierdie persone was inteendeel krygspligtig. Hierdie feit word benadruk deur die krygsinstruksies waarkragtens alle OVS krygslui vir krygsdiens opgeroep is.[18]

Die besluit om van vrywillige kommandering gebruik te maak, is ook interessant.[19] Die vrywillige onderwerping van die persone het beteken dat hulle 'n ooreenkoms

---

15 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.

16 F. Pretorius, "Die eerste dryfjag op hoofkmdt C.R. de Wet", *Christiaan de Wet-annale* 4,1976, pp. 98 *et seq*; L. Scholtz, *Generaal de Wet as veldheer*, pp. 148-149.

17 Scholtz, p. 153.

18 *Buitengewone Gouvernements Courant van den Oranje Vrijstaat,* 28.5.1900

19 C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, pp. 155-156.

met die Britse magte gesluit het om hulle aan verdere deelname van die oorlog te ontrek. Dit is duidelik dat die persone nie bevoeg was om so 'n ooreenkoms te sluit nie. Hierdie persone was trouens krygsdiens aan die OVS verskuldig. Die weiering om krygsdiens te verrig, sou die persone aan vervolging van OVS-kant kon blootstel. Aan die anderkant sou die verrigting van krygsdiens hierdie persone aan vervolging van Britse kant blootstel.

Waarskynlik is die gebruik van vrywillige krygsdiens juis om hierdie geneem. Daarmee te saam het die gebruik van onwilliges vir krygsdiens die OVS voortgesette oorlogspoging in gevaar gestel. Laasgenoemde sou weer deur die Britse magte gebruik kon word om onderwerping aan te stip. Die OVS, volgens die argument, het nie meer die bevoegdheid gehad om gesag oor sy onderdane uit te oefen. Die gebrek aan gesag is verder aanduidend van die onderwerping van die gebied.

Die suksesvolle vrywillige herkomrnandering van die krygslui het die OVS krygsmag aan die begin van Augustus 1900 aansienlik vergroot. Hierdie getal, te same met die magte onder De Wet, waarnemende hoofkommandante P. Fourie en Hattingh, het die getalsterkte van die OVS krygsmag in hierdie tyd in die omgewing van tussen 4 000 en 5 000 geplaas.[20] Weer is die teenkant dat die verlies meer as 4 000 man in die oorgawe die OVS oorlogspoging aansienlik geknou het.

Die Britse magte sou ook kon aantoon dat die kans gering was dat hierdie krygsmag hoegenaamd 'n kans sou staan om die besetting van die OVS ongedaan te maak. In die opsig sou aangevoer kan word dat die Britse magte die OVS beset het en in effektiewe besetting gehou het. Die OVS krygsmag se besetting was daarenteen beperk tot die gebied waar hulle hul op daardie stadium bevind het.

Ten opsigte van die vernietiging van die OVS regering sou die OVS moes toegee dat die Britse oorlogspoging 'n geweldig tol op sy regeringsamptenare geëis het. Tog sou die OVS ook kon aanvoer dat die bevoegdheid om regeringsamptenare aan te stel, in die OVS staatspresident gesetel was. Die staatspresident was daarom bevoeg om tydelike aanstellings te maak ter vervanging van persone wat vanweë oorlogsomstandighede hulle ampte neergelê het.[21] Meer problematies was die feit dat daar aanduidings was dat Volksraadslede besig was om die oorlog te versaak. Hierdie persone was die gekose verteenwoordigers wat die volkswil in die OVS

[20] Pretorius, pp. 88. 115.

[21] Artikels 28, 31 en 35 van die *Constitute van den Oranjevrijstaat.*

verteenwoordig het.[22] Hulle onttrekking of ontsegging van verdere ondersteuning van die oorlog moes daarom besondere gevaar vir die voortsetting van die oorlog gesein het. Voorts het talle persone hulle vrywillig aan die Britse magte onderwerp. Dit te same met die verandering in die gesindheid van talle Volksraadslede kan daarom nie sondermeer geïgnoreer word nie. Ten slotte het die OVS sy krygsmag ook tot vrywilligers beperk wat weer daarop gedui het dat die OVS se staatsgesag in hierdie tye aansienlik het.

Aan die hand van die beskikbare gegewens is dit duidelik dat die OVS aan die begin van Augustus 1900 beset was. Die vraag ontstaan of hierdie besetting as effektief beskou kan word. Dit is verder duidelik dat gedeeltes van die OVS krygsmag en regering steeds na afloop van die oorgawe bestaan het. Hierbo is reeds uitgewys dat die volkeregtelike skrywers dit nie eens is oor wat presies met onderwerping bedoel word nie. Sommige van hulle vereis totale vernietiging terwyl ander weer handel met die oorblyfsels van dit wat nie vernietig is nie.[23]

---

22 Sien Aanhangsel B, *infra*. Sien ook onderafdeling 3, hoofstuk 4, *supra*.

23 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*. In Augustus 1901 het Lord Kitchener, die opvolger van Roberts, weer 'n soortgelyke proklamasie uitgevaardig. Anders as die proklamasie van 24 Mei 1900, het Kitchener in sy Augustus 1901 proklamasie meer breedvoerig met die Britse veroweringsaansprake gehandel. Hy het daarop gewys dat die OVS reeds 'n geruime tyd reeds deur die Britse magte beheer word. Die Britse magte het verder die hoofstad, vernaamste dorpe, asook die hele spoorwegnetwerk beheer. Ook het die Britse magte, aldus Kitchener, daarin geslaag om die meerderheid van die krygspligtige burgers van die republiek krygsgevange te neem. Ander voormalige OVS onderdane het hulle aan die gesag van die Britse regering onderwerp. Volgens die Kitchener proklamasie het hierdie groep persone rustig in Britsbeheerde dorpe en kampe gewoon. In die lig van bogenoemde het Kitchener verklaar dat die republikeinse magte min in getal was, en oor weinig krygsbehoeftes en oor geen behoorlik georganiseerde militêre magte beskik het nie. Hulle was daarom, aldus sy proklamasie, nie in staat om enige behoorlike militêre verset te bied nie. Tog het hulle voortgegaan met aanvalle op kleiner afdelings van die Britse magte en het hulle die eiendom van hut koning beskadig en besteel. Die proklamasie het voorts beweer dat die republikeinse krygsmagte se voortgesette verset die landbou en ekonomie in die ORC geknou het, en nuttelose bloedvergieting tot gevolg gehad het. In kort het hierdie optrede van die republikeinse magte alleen daarin geslaag om die onderdane van die ORC te ontneem van die vrede waarna hulle gesmag net. (Proklamasie van 6 Augustus 1901(ORC nr. 8 van 1901 gepubliseer in die *Government Gazette of the Orange River Colony*, 8.8.1901). Anders as 'n jaar gelede, het Steyn per brief en nie per proklamasie geantwoord. Hierdie brief is van besondere belang deurdat Steyn daarin die OVS-saak gestel het. Hy het toegegee dat 'n jaar tevore, met die oorgawe van Prinsloo, daar byna geen republikeinse kommando's in die OVS en die Kaapkolonie was nie. In daardie stadium (Augustus 1900) was feitlik die hele OVS in die hande van die Britse magte. Hierdie toestand het, aldus Steyn, egter intussen verander. Die Kaapkolonie was teen Augustus 1901 weer vol republikeinse kommando's, wat groot gebiede beheer het en wat na willekeur daar kon opereer. In die OVS self, het Steyn toegegee, was Kitchener in beheer van die hoofstad, die spoorwegnetwerk en die naby geleë dorpe was. Die republikeinse kommando's was egter in beheer van die res van die OVS. Steyn het Kitchener daarop gewys dat sy regering landdroste in hierdie gebiede aangestel het, wat ook verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde was. Kitchener, aan die ander kant, se jurisdiksie het bloot so ver gestrek soos wat sy kanonne kon skiet. Wat die republikeinse strydmagte betref, het Steyn onomwonde verklaar dat die meerderheid van die kommandopligtige burgers steeds aan die oorlog deelgeneem het. Hy het toegegee dat sommige burgers onder verleiding van Britse proklamasies hulle wapens neergelê het, maar hulle was gelukkig min in getal. Volgens Steyn was die meerderheid krygsgevangenes ook nie kommandopligtig nie. (M.T. Steyn — H. Kitchener, 15.8.1901 soos aangehaal deur Van der Merwe, 2, pp. 30-31.) Die Steyn-brief het sekerlik 'n element van bravade bevat. Dit is ook interessant dat skrywers soos Oppenheim verklaar dat verowering wel in 1901 plaasgevind het. Met verwysing na die toestande in die OVS in 1901, verklaar hy dat die OVS magte in klein en onbeduidende afdelings verdeel is. Volgens hom het die Britse magte ook die effektiewe beheer van die

2.2 Die Vrede van Vereeniging

Daar is egter ook die argument dat die OVS tot en met 31 Mei 1902 bestaan het. Op hierdie dag het verteenwoordigers van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en OVS die Vrede van Vereeniging onderteken. Die vrede het die amptelike einde van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beteken. Daar word aangevoer dat Brittanje, in sy onderhandelinge met verteenwoordigers van die OVS regering, erken het dat die OVS tot op die betrokke datum nie onderwerp was nie. Die argument verder is dat Brittanje deur die Vrede van Vereeniging erken het dat sy proklamering van die OVS en die ZAR tot Britse gebied ongeldig was.[24]

Phillipson voer verder aan dat die Vrede van Vereeniging nie regtens as 'n vredesverdrag beskou kan word nie. Hy beskryf die ooreenkoms tussen Brittanje en die verteenwoordigers van die ZAR en OVS as 'n ooreenkoms om die krygsmagte van die voormalige state oor te gee. Volgens hom verwys die Vrede van Vereeniging soos volg na Brittanje: “[...] Kitchener [...] and [...] Milner [...] on behalf of the British Government [...].” Daarenteen word soos volg na die OVS verwys: “[...] Messrs. C.R. de Wet, W.J.C. Brebner, J.B.M. Hertzog, and C.H. Olivier, acting as the Government of the Orange Free State, on behalf of their respective burghers [...].”[25] In dié opsig verklaar Phillipson dat die woorde “handelende as die regering van die OVS” beteken het dat Brittanje nie die OVS as staat erken het nie, maar slegs die krygsmagte wat dié verteenwoordigers te Vereeniging verteenwoordig het.[26]

Aan die anderkant, verwys die aanhef van die Vrede na die verteenwoordigers van Brittanje as die verteenwoordigers van die Britse regering. Die begrip “handelende as” word dus nie gebruik nie. Phillipson gaan voort en verklaar dat die verwysing, wat in die Vrede van Vereeniging gebruik word, nie in standaard vredesooreenkomste gebruik word nie. Sy gevolgtrekking is dat die Britse regering

---

grotere dorpe, stede en kommunikasieverbindings gehad. In die lig hiervan was die beheer van die Britse magte van so 'n aard dat hulle met redelike gemak enige aanvalle van die OVS magte kon afweer. (L. Oppenheim, *International law: a treatise* 2, pp. 209-210.) Phillipson, wat ook duidelik verklaar dat die proklamasie van 24 Mei 1900, gebrekkig was, verklaar dat verowering wel in 1901 plaasgevind het. Op daardie stadium beskryf hy die republikeinse magte se getalle van so 'n aard was dat dit onbenullig klein was. (C. Phillipson, *Termination of war and treaties of peace*, p. 14.)

24 Vir 'n soortgelyke argument, sien *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS p. 401 *et seq*.

25 Soos aangehaal deur Phillipson, p. 423.

26 Phillipson, p. 17. Sien ook *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS p. 401: p. 424. Pagina 401 verwys na die eerste bladsy waarop die uitspraak begin. Die inligting hierbo word op pagina 424 gevind.

derhalwe nooit afstand van hulle aansprake, dat die OVS verower is, gedoen het nie.[27]

Hierdie was ook die uitgangspunt van die hof in *Van Deventer v Hancke and Mossop*.[28] Volgens die hof: "[I]t seems to me that scrupulous care was taken by those who represented the British Government to refrain from any recognition of the South African Republic or its Government, while at the same time they fully recognised the position of certain leaders of a force entitled to all privileges of belligerents, as being persons with whom it was proper and necessary to treat in regard to the terms upon which that force should lay down its arms."[29] Hier is daarom geen sprake van die herstel van die OVS as 'n verowerde staat na sy voormalige status, vir doeleindes vir die sluit van die Vrede van Vereeniging nie.

Sekerlik een van die belangrikste gevolge van die oorgawe op 30 Julie 1900 was dat, vir die eerste maal in die oorlog, aangevoer kon word dat die OVS moontlik verower is. Ongelukkig vir Brittanje het sy opperbevelvoerder in Suid-Afrika voortydig die troefkaart gespeel. 'n Tweede proklamering van die gebied sou weer 'n ernstige knou vir die Britse oorlogspoging beteken, deurdat so 'n stap ook as 'n erkenning gesien word van die feit dat die OVS die eerste maal op 'n regtens gebrekkige wyse tot Britse grondgebied geproklameer is.

Die studie het trouens aangetoon dat die voortydige proklamering van die OVS in werklikheid talle probleme geskep het. Daar is voorts geen twyfel dat een so 'n probleem ook vrese in die OVS magte laat ontstaan het, dat die deelname van offisiere en burgers, na afloop van die proklamering, onwettig was nie. Op sy beurt, het dit die vrese vergroot dat die eiendom van die individuele lede van die OVS krygsmag as gevolg van hulle voortgesette deelname vir beslaglegging vatbaar was. Dit moet egter in gedagte gehou word dat talle van die Britse proklamasies regtens gebrekkig was.[30]

Die afwesigheid van die OVS regering ten tyde van die oorgawe het vrese versterk dat die oorblywende konvensionele magte sonder 'n regering was. Die regering kan nie *per se* vir hulle afwesigheid tydens die oorgawe verantwoordelik gehou word nie. Daarenteen kan die argument wel gevoer word dat die regering die grootste

27 Phillipson, p. 17. Sien ook *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS p. 401: p. 424.
28 1903 TS p. 401.
29 *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS p. 401: pp. 411, 424. Sien ook Phillipson, p. 18.
30 Sien hoofstuk 3, *supra*.

gedeelte van sy krygsmag in een van die grootste krisis oomblikke van die oorlog sonder 'n bevoedgde bevelvoerder gelaat het.[31] Voordat egter verder met dié punt gehandel word, is dit nodig om met die redes, wat met die oorgawe verband hou, te handel.

3. Redes vir die oorgawe

3.1 Bevel

Die studie het aangetoon dat die OVS bevel, wat aan die begin van die oorlog geskep is, gedurende die verloop van die oorlog ondoelmatig geword het. Voorts is 'n ernstige vraagteken geplaas oor die staatspresident se versuim om aanvanklik 'n meer leidende rol in die bevel van die OVS krygsmag te neem. Ter versagting kan wel aangetoon word dat die ZAR kommandant-generaal, kragtens die bepalings van die *Aanvulling van Hoofdstuk XL* (OVS) van 1897, die opperbevelvoerder van die gesamentlike magte was. Dit is daarom nie onmoontlik dat die OVS staatspresident aanvanklik van die veronderstelling uitgegaan het dat die kommandant-generaal van die ZAR as opperbevelvoerder van beide krygsmagte opgetree het nie. Die wyse waarop die OVS opperbevel gestruktureer is, het egter in effek beteken dat die OVS staatspresident, as opperbevelhebber en opperbevelvoerder van die OVS krygsmag, 'n ondergeskikte van die ZAR kommandant-generaal geword het.[32]

Die OVS opperbevel het ook spoedig krake begin toon. Hierdie gebreke was aan die staatspresident bekend. Met die samekoms van die OVS krygsafdelings in Maart en April 1900 het dit duidelik geword dat daar 'n behoefte aan 'n OVS opperbevelvoerder bestaan het. Die gebeure te Lindley, gedurende Junie 1900, waar beide Prinsloo en P.D. de Wet gelyk in rang bevel gevoer het, het voorts daarop gewys dat die OVS bevel ernstige gebreke gehad het. Die benoeming/aanstelling van C.R. de Wet as opperbevelvoerder is verder met teenstand begroet. Voorts is die posisie van C.R. de Wet ondermyn deur die aanstelling/verkiesing van verdere hoofkommandante.[33] Die studie het ook aangetoon dat die OVS bevel deur afguns en jaloesie gekenmerk is.

---

31 Vir 'n verdere bespreking, sien hoofstukke 3 en 4, *supra*.

32 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 3, hoofstuk 2, *supra*.

33 Sien onderafdeling 6 *et seq.*, hoofstuk 2, *supra*. Vir 'n verdere verwysing na die gebeure te Lindley, sien

Die staatspresident het wel die bevoegdheid gehad om die gebreke in die militêre wetgewing te hanteer. Voor die oorlog het die Volksraad vir dié doel uitgebreide magte aan die staatspresident, in die vorm van die *Wet ter bestrijking van eenige koste tijdens eenen oorlog*,[34] verleen. Hierdie magte is ook by verskeie geleenthede deur die staatspresident uitgeoefen.[35] Tog het die staatspresident versuim om die gebreke in die OVS bevel, kragtens die bevoegdhede verleen, by wyse van 'n wysiging te hanteer.

Hierdie versuim staan in direkte verband tot die oorgawe van 30 Julie 1900. In die gebeure hierbo word gesien dat meerdere hoofkommandante steeds die reël was, sonder dat daar aan die posisie van 'n opperbevelvoerder aandag gegee is. So bevind waarnemende hoofkommandante M. Prinsloo en P.H. Roux hulle na afloop van die vertrek van die hoofmag binne dieselfde operasionele gebied. Voorts is daar blyke dat die geformuleerde krygstrategie nie duidelike bevele rakende die Wepener-kommando gegee het nie. Hierdie gebrekkige instruksies het 'n twispunt geword, wat die uitvoering van die krygstrategie lamgelê het. Die gebrek aan 'n oorhoofse bevelvoerder het die oplossing van die geskil eindeloos bemoeilik. Die gevolg was dat twee krygsafdelings in die oorgawe vasgevang is.[36]

Na afloop van die oorgawe is daar vir die eerste maal aan die vereiste vir verowering voldoen.[37] Dit dui veral op die ernstige gevolge van die versuim van die staatspresident om die gebreke in die bevel by te lê. Indien C.R. de Wet in Julie 1900 effektief as opperbevelvoerder opgetree het, kan sy versuim om oorhoofs bevel oor die uitvoering van die krygstrategie te neem, as 'n verdere versuim aangestip word. In die alternatief sou daar ten minste verwag kon word dat hy 'n oorhoofse bevelvoerder, wat in sy afwesigheid bevel oor die uitvoering van verdere fases van die krygstrategie sou neem, aangestel het. Met hierdie punt word later gehandel.[38]

Die aanwesigheid van verskeie hoofkommandante sou om twee verdere redes problematies wees. Eerstens, sou dit besonder moeilik wees om 'n onderskeid tussen 'n hoofkommandant as opperbevelvoerder en ander hoofkommandante as

---

onderafdeling 2.2, hoofstuk 6, *supra*.

34 Wet 34/1899.

35 Vir 'n uiteensetting van die uitoefening van die bevoegdhede, sien Aanhangsel A. Vir 'n bespreking van die wet, sien onderafdeling 3.3, hoofstuk 2, *supra*.

36 Vir 'n bespreking van wat tot die gebeure aanleiding gegee het, sien hoofstukke 7 en 8, *supra*.

37 Sien onderafdeling 2, *supra*.

38 Sien onderafdeling 5.5.1, *infra*.

krygsafdelingsbevelvoerders te tref. Tweedens, sou die gebruik van die amp van 'n hoofkommandant as opperbevelvoerder ook 'n leemte binne die bestaande militêre opperbevel skep, deurdat daar nie verder voorsiening vir krygsafdelingbevelvoerders gemaak sou word nie. Om hierdie rede het C.R. de Wet, as hoofkommandant en opperbevelvoerder, die rang van assistent-hoofkommandant ingestel, wat nie binne die bestaande bevelstruktuur van die OVS bestaan het nie. Hierdie wysiging, soos deur die gebruik van 'n hoofkommandant as die opperbevelvoerder genoodsaak, kon ook nie in wetswysigings by wyse van die magte verleen aan die staatspresident gevind word nie.[39]

Ten slotte is dit belangrik om te benadruk dat die aanstelling van persone tot die rang van hoofkommandant teen die gees en strekking van die Grondwet en *Krijgs- en Commandowet*[40] was. Geen wysiging aan die bestaande militêre wetgewing kon ook gevind word, om vir die aanstelling van persone tot die amp van hoofkommandant voorsiening te maak nie. Dit mag wel wees dat so 'n aanpassing om bepaalde redes nodig was. Die staatspresident het wel die nodige magte gehad om aanpassings aan militêre wetgewing te maak, indien dit nodig of wenslik was. By gebrek aan enige proklamasie tot die teendeel, kom dit voor of die staatspresident versuim het om sodanige aanpassings te maak. Hierdie versuim, of die versuim om die opperbevel van die krygsmag behoorlik te struktureer, blyk een van die redes te wees waarom daar uiteindelik op 30 Julie 1900 oorgegee is.

Daarmee tesaam het die *Krijgs- en Commandowet*[41] hom nie geleen tot die oplos van die probleme wat ontstaan het waar meerdere offisiere, gelyk in rang, aanwesig was nie. J.C. Smuts raak ook dié problematiese aspek in sy oorlogsherinneringe aan: “[Marthinus Prinsloo and Piet de Wet] tried to surrender the forces under their command; the blundering Piet failed and sought consolation in the infamy and pay of a National Scout; the more subtle Prinsloo succeeded in handing over to Hunter a force only smaller than Cronjé surrendered at Paardeberg. It was only after the Free State army had been purged by these losses and defections that the authority of Christiaan de Wet became undisputed. And then the Free State had already been annexed and the war carried into the heart of the Transvaal.”[42]

---

39 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

40 Wet 10/1899.

41 *Ibid*.

42 S.B. Spies en G. Nattrass (reds.), *Jan Smuts: memoirs of the Boer War*, p. 71.

3.2 Status van offisiere

Die studie het ook aangetoon dat aanvullingswette op die vooraand van die oorlog die status van bepaalde offisiere bemoeilik het. So het artikel 5 van die *Wet omtrent het kiezen van Hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet*[43] gepoog om bevelvoerende offisiere vir kommando's, wat verdeel word, te verkies. Met die bedoeling van die wetgewing kan geen fout gevind word nie. In die verloop van die oorlog het dit egter gebeur dat meerdere kommandantskappe so ontstaan het, wat nie in ooreenstemming met die distrikte, soos in die *Wetboek van den Oranjevrijstaat,* bepaal was nie.[44]

Hierdie posisie is veral belangrik ten opsigte van Prinsloo, wat die bevelvoerder van die konvensionele magte op 29 Julie 1900 was. Die statusvraagstuk rakende Prinsloo se rang voor sy aanstelling as waarnemende hoofkommandant, is direk herleibaar tot die aanvullingswet van 1899.[45] Prinsloo was ook nie sonder meer voor die aanstelling net 'n gewone burger, soos deur C.R. de Wet voorgegee nie, maar na alle waarskynlikheid nog die kommandant van die Winburg-kommando. Die studie het verder ook aangetoon dat Prinsloo, reeds voor sy aanstelling, misbruik van sy posisie gemaak het. Hierdie posisie was ook aan die staatspresident bekend.[46]

Weer het die staatspresident nie van sy buitengewone bevoegdhede gebruik gemaak om die posisie te hanteer nie. In hierdie opsig wil dit egter voorkom of die verdeling van kommandantskappe wel gerieflik, en ook tot voordeel van die nuwe wyse van oorlogvoering was. 'n Gewysigde posisie, deur middel van 'n proklamasie, sou wel regsekerheid betreffende die status van nuwe kommandantskappe kon gee. Weer eens kom dit voor of die staatspresident ook in dié opsig versuim het om van sy buitengewone magte gebruik te maak ten einde die problematiek van meerdere kommandante in 'n distrik op te los.

In alle billikheid teenoor die staatspresident was dit sekerlik verkieslik om die verdeling van kommandantskappe vloeibaar te hou. Die problematiek rakende Prinsloo se eie status, en misbruik daarvan, moes die staatspresident egter tot

---

43 Wet 33/1899.
44 Sien hoofstuk XXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.
45 Sien artikel 5 (Wet 33/1899).
46 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdelings 2 tot 4, hoofstuk 6, *supra*.

kommer gestem het. Desnieteenstaande het die staatspresident met die heraanstelling van Prinsloo voortgegaan.[47]

3.3 Britse proklamasies

Die Britse proklamasies, wat aan veral burgers die geleentheid gebied het om hulle aan die oorlog te onttrek en na hulle wonings terugkeer, moes sekerlik ten tyde van die oorgawe 'n geweldige uitwerking op die gemoedere van die burgers op kommando gehad het. In teenstelling met dié groep, is talle krygspligtiges ongestoord toegelaat om met hulle gewone lewens voort te gaan, terwyl die krygsmag in die Brandwaterkom die stryd volgehou het. Die onvermoë van die OVS regering om die onwilliges aan te spreek, moes dit des te meer aanloklik gemaak het om die oorlogspoging te versaak.[48] Hierdie punt onderstreep weer die noodsaak om die oorlogspoging na alle OVS distrikte te neem. In dié opsig was die eerste krygstrategie 'n verkeerde keuse, wat alleen tot die verdere versaking van die stryd aanleiding kon gee. Daarenteen beskryf C.R. de Wet 'n beter krygstrategie, wat die probleem sou kon oplos. Dit wil egter voorkom of C.R. de Wet nie hierdie gewysigde krystrategie aan sy offisiere gekommunikeer het nie.

3.4 Krygsvergaderings, verkiesings en dissipline

Die OVS krygsmag was hoofsaaklik 'n burgermag. Daarmee tesaam was daar 'n duidelike gebrek aan militêre dissipline.[49] Hierdie gebrek het ongetwyfeld tot die oorgawe bygedra. Voorts het die sterk demokraties-gedrewe militêre bestuurstelsel, dissipline verder ondermyn. So is talle krygsvergaderings in aanloop tot die oorgawe gehou. Dit wil byna voorkom of offisiere geen handeling/bevel kon uitvoer sonder om eers 'n krygsvergadering te belê nie.[50] Dit is voorts duidelik dat die vergaderings nie daarin geslaag het om die posisie van die OVS krygsmag enigsins te verbeter nie.

---

47 Vir 'n verdere bespreking van die aanstelling van Prinsloo, sien onderafdeling 4, hoofstuk 6, *supra*.

48 Sien ook J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 89.

49 Hierdie gebrek blyk duidelik vanuit die wyse waarop bevele in die gebeure tot en met 30 Julie 1900, en selfs daarna verontagsaam is. Die versuim om bevele te gehoorsaam is deurlopend in hoofstukke 7 *et seq.* uitgewys. Sien ook F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 203-249. In dié gedeelte handel Pretorius met dissiplinêre probleme op kommando.

50 Die volgende gedeeltes van die studie handel met die krygsvergaderings gehou in aanloop tot die oorgawe op 30 Julie 1900: onderafdeling 8, hoofstuk 7, *supra*; onderafdeling 8, hoofstuk 8, *supra*; onderafdeling 5, hoofstuk 9, *supra*.

Wat die krygsvergaderings betref, is dit verder opmerklik dat die *Krijgs- en Commandowet*[51] dit nie as 'n vereiste vir bevel gestel het nie. Die vraag ontstaan derhalwe waarom soveel gewig aan hierdie instellings gegee is. Laasgenoemde is waarskynlik die gevolg van swak leiding van die bevel, sowel as gebreke in die *Krijgs- en Commandowet*.[52] So bevat die wet geen artikel, wat uitdruklik bepaal dat die kommandant die bevelvoerder van die kommando is nie. Dieselfde is ook van toepassing op die posisie van die kommandant-generaal en hoofkommandante. Die enigste leiding wat die wet wel gee, is dat die staatspresident die verantwoordelikheid moes neem vir die gee van bevele.[53] Dit mag wees dat offisiere, by gebrek aan duidelike omskrewe bevele vanaf die staatspresident en struktuur van die krygsmag, gepoog het om krygsvergaderings te raadpleeg. Weer eens was die versuim dan die verantwoordelikheid van die staatspresident.[54]

3.5 Verkeerde krygstrategie

Smuts beweer: “One of the cardinal mistakes of the Boer plan of campaign was the concentration of all possible forces from all possible parts in defensive positions to stop or delay the advance of the main force of the enemy [...] The Free State committed the same blunder, with the result that de Wet and other Free State officers were fighting with more or less 8 000 men in the Heilbron-Bethlehem districts while all the southern and western districts of the Free State were in undisturbed occupation of the enemy, and the great majority of the burghers of those districts surrendered at leisure and were living quietly on their farms as if no war existed any more. The concentration of the war into such a small area gave the enemy, with his enormous preponderance of forces, a great opportunity of surrounding and crushing the remaining commandos; and as a matter of fact before the end of July half of the Free State forces had surrendered under Prinsloo and with the other half de Wet was being chased into the Transvaal.”[55]

Die krygstrategie soos deur C.R. de Wet in sy boek beskryf, was daarom ongetwyfeld die beter keuse om te verhoed dat besetting nie plaasvind nie.[56] Hierdie

---

51 Wet 10/1899.
52 *Ibid*.
53 Sien artikels 2, 3 en 4 (Wet 10/1899).
54 Vir 'n verdere bespreking van die status van krygsvergaderings, sien onderafdeling 4, hoofstuk 2, *supra*.
55 Spies en Nattrass (reds.), pp. 72, 75-76.
56 Vir 'n bespreking van die krygstrategie, sien onderafdeling 6.3.1, hoofstuk 5, *supra*.

krygstrategie, sou dit suksesvol uitgevoer geword het, sou ook daartoe lei dat die Britse veroweringsaansprake regtens betwyfel kon word, aangesien so 'n krygstrategie die besetting van die OVS deur die Britse magte frustreer het. Die onvermoë van die opperbevel om laasgenoemde krygstrategie òf tydig, òf voldoende te kommunikeer, sou daartoe aanleiding gee dat dié weergawe van die krygstrategie nooit geïmplementeer is nie.[57]

Die keuse vir die frustrasie van die besetting van die OVS was daarom in die heil van die eerste krygstrategie gesetel. Ook laasgenoemde krygstrategie is as gevolg van verskeie redes nooit suksesvol uitgevoer nie. In dié hoofstuk word slegs twee redes vir die onsuksesvolle uitvoering van die tweede en derde doelwitte van die eerste krygstrategie aangestip, naamlik die keuses van Prinsloo en Roux as bevelvoerders van die twee krygsafdelings. Die onvermoë en geskiktheid van dié twee persone (Prinsloo en Roux) om saam te werk en bevel te voer, het die Britse oorlogspoging in die OVS aansienlik vergemaklik.[58]

Die oorgawe van 30 Julie 1900 was moontlik ook die slothoofstuk in die konvensionele fase van die OVS se oorlogspoging deurdat die Britse besetting van die gebied effektief voltooi. Daarenteen was die kanse goed dat die suksesvolle uitbeweeg van drie OVS krygsafdelings uit die Brandwaterkom die voortgesette OVS oorlogspoging aansienlik kon versterk. Ten opsigte van hierdie punt is dit belangrik om daarop te let dat daar duidelike getuienis bestaan dat die krygsafdelings in die Brandwaterkom oorlogsmoeg was.[59] Die suksesvolle inwerkingstelling van die tweede krygstrategie mag moontlik 'n uitwerking op die kwynende krygsmoreel gehad het.

Die tweede krygstrategie was vanuit 'n volkeregtelike perspektief die beter keuse. Hierdie krygstrategie was egter onbekend aan die twee krygsafdelings, wat in die Brandwaterkom agtergebly het.[60] By gebrek aan enige verdere duidelikheid is die gevolgtrekking dat C.R. de Wet die krygstrategie geformuleer het, en versuim het om dit na behore te kommunikeer. Hierdie versuim, om 'n gewysigde krygstrategie te kommunikeer, staan in direkte verband tot die oorgawe van 30 Julie 1900.

---

57 Vir die gebrekkige kennis van die krygstrategie, sien onderafdeling 6.3, hoofstuk 5, *supra*.

58 Sien hoofstuk 7, *supra*.

59 Onderafdeling 5, hoofstuk 5, *supra*; onderafdeling 9, hoofstuk 7, *supra*; onderafdeling 6, hoofstuk 8, *supra.*

60 Sien onderafdeling 6.3.2, hoofstuk 5, *supra*.

3.6 Die aanstelling van Prinsloo

Prinsloo was die bevelvoerder van die konvensionele magte op die dag wat die onderhandelinge rakende die oorgawe gevoer is. Op dié dag het hy in die rang van hoofkommandant waargeneem, nadat hy 'n enkele dag vantevore tydelik tot die posisie verkies is.[61]

Die saamgevoegde konvensionele magte was verder nie die skepping van die krygstrategie nie. Hierdie samevoeging van die twee krygsafdelings, naamlik dié van Prinsloo en Roux, was die gevolg van Roux se aandrang op die verkiesing van een hoofkommandant vir twee krygsafdelings.[62] In dié opsig was Prinsloo se aanwysing tot die rang van waarnemende hoofkommandant die gevolg van 'n verkiesing. Voorts is daar geen twyfel dat Prinsloo op die betrokke dag van die verkiesing bevel van 'n ongedissiplineerde krygsmag geneem het, waarvan die krygsmoreel op dié betrokke stadium sekerlik 'n laagtepunt bereik het.[63]

Die oorgawe was egter die gevolg van 'n reeks gebeure, wat na afloop van 7 Julie 1900 'n aanvang geneem het. Een van die belangrikste oomblikke in die reeks gebeure, was die aanstelling van Prinsloo tot die rang van 'n waarnemende hoofkommandant. Gegewe Prinsloo se eie militêre loopbaan gedurende die oorlog, kan met reg gevra word of hy wel 'n geskikte keuse vir die amp was.[64]

Prinsloo was ten tyde van die aanstelling, vanweë sy ouderdom, nie krygspligtig nie. Voorts het hy hom in voorafgaande gebeure tydens die oorlog, nie as 'n offisier onderskei nie. Daarmee tesaam was twee aspekte van Prinsloo se militêre loopbaan besonder problematies. Die eerste was sy versuim om aan die versoeke van sy opperbevelhebber gehoor te gee, om die Heilbron-kommando af te staan. Binne enkele dae na sy aanstelling as waarnemende hoofkommandant, in soortgelyke omstandighede, sou Prinsloo weer eens versuim om die Wepener-kommando af te staan, of sy samewerking in dié verband te gee.[65]

Daar is ook reeds na die gebeure te Lindley verwys. Die geskil rakende die Wepener-kommando sou, net soos in die geval van Lindley, weer problematies wees

---

61 Sien hoofstukke 9 en 10, *supra*.
62 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 9, *supra*.
63 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 5, *supra*; onderafdeling 7, hoofstuk 8, *supra*; onderafdeling 6, hoofstuk 8, *supra*.
64 Sien hoofstuk 6, *supra*.
65 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 6, *supra*; onderafdeling 6 *et seq.*, hoofstuk 7.

vanweë die posisie van Prinsloo. Die gebeure, soos deur Roux geskets, skep ook die indruk dat Prinsloo sy status hier misbruik het ten einde nie onmiddellik aan die opdragte, soos in die tweede krygstrategie bepaal, te voldoen nie.[66]

Prinsloo se versuim om met ander offisiere saam te werk en aan opdragte gehoor te gee, was sonder twyfel aan sy opperbevelhebber bekend. Ten spyte van talle waarskuwings, het sy opperbevelhebber, M.T. Steyn, met die aanstelling voortgegaan.[67] Prinsloo het hom ook gedurende sy bevel in die Brandwaterkom nie as 'n militêre offisier onderskei nie. Sy bevel spreek inteendeel van 'n offisier wat versuim het om sleutelposisies in die nag, tydens die gevegte te Retiefsnek te bewaak.[68] Voorts gee Prinsloo se bevel die indruk van 'n totale gebrek aan militêre inligting.[69] Dit blyk veral uit die posisie te Nauwpoort, sowel as die Golden Gate-uitgangsroetes. Daar is geen twyfel dat Prinsloo se onbevoegdheid as militêre offisier regstreeks met die oorgawe van 30 Julie 1900 verband gehou het.

Prinsloo is in die rang van 'n waarnemende hoofkommandant deur sy opperbevelhebber, M.T. Steyn, aangestel. Die feit dat Steyn van Prinsloo se onvermoë/onbevoegdheid kennis gedra het, beteken dat hy deur die aanstelling ook vir die oorgawe verantwoordelik gehou kan word. Hierdie punt word des te meer ernstig, in ag genome die waarskuwings wat in dié verband ontvang is. Voorts dui die oorgawe die oomblik aan waar daar aan die volkeregtelike vereistes vir verowering voldoen is.

3.7 Versuim om die gewysigde krygstrategie te kommunikeer

Daar is geen twyfel dat die krygstrategie, soos deur C.R. de Wet in sy boek beskryf, die beter krygstrategie was om te verhoed dat die Britse magte die OVS verower. Die uitvoering daarvan sou beteken dat die Britse besetting van die hele OVS ten minste deur die teenwoordigheid van die OVS magte gefrustreer sou word. Voorts sou talle OVS krygslui, wat hulle aan die Britse magte onderwerp het, weer opgeroep kon word. Die teenwoordigheid van die OVS krygmag in ander gedeeltes van die staat sou ook beteken dat OVS staatsgesag in dié gebiede herstel word.

---

66 Sien onderafdeling 2.2, hoofstuk 6, *supra*; onderafdeling 6 *et seq.*, hoofstuk 7.

67 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 6, *supra*.

68 Sien onderafdeling 3.1, hoofstuk 8, *supra*.

69 Onderafdeling 8, hoofstuk 7, *supra*; onderafdeling 7, hoofstuk 8, *supra*; onderafdeling 3, 4 en 9, hoofstuk 9, *supra*; onderafdeling 2 en 6, hoofstuk 10, *supra*.

Gevolglik sou die Britse magte nie daarop kon aanspraak maak dat die OVS verower is nie.[70]

Dit is egter duidelik dat hierdie krygstrategie aan talle offisiere onbekend was.[71] In dié opsig is daar blyke dat die krygstrategie nie na behore gekommunikeer is nie. By gebrek aan verdere getuienis, is die gevolgtrekking dat C.R. de Wet versuim het om die krygstrategie na behore te kommunikeer. Hierdie versuim is besonder ernstig, deurdat die offisiere in die Brandwaterkom besig was om die eerste krygstrategie, waarop besluit is, tot uitvoer te bring. Die versuim om die Wepener-kommando na die Roux-krygsafdeling oor te plaas, staan in direkte verband tot die versuim om die nuwe krygstrategie na behore te kommunikeer.[72] Gevolglik staan die versuim in direkte verband tot die oorgawe, wat op 30 Julie 1900 gevolg het.

3.8 Gebruik van persoonlike eiendom in die oorlog

Die studie het ook die gevaar van die gebruik van persoonlike eiendom in die OVS oorlogspoging uitgewys. Die gebruik van persoonlike eiendom, soos perde, osse, waens, karre en ander eiendom is 'n direkte uitvloeisel van die *Krijgs- en Commandowet*.[73] As gevolg van dié vereiste was dit nie vir die OVS nodig om ten tyde van oorlog 'n uitgebreide kommissariaat te befonds nie. Feitlik die hele OVS krygsmag, met die uitsondering van offisiere en die staatsartillerie, was ook nie vergoed vir hulle dienste nie. 'n Minder vermoënde staat, soos die OVS, kon daarom betreklik goedkoop oorlog voer. Die gevaar was egter groot dat offisiere en burgers hulle eiendom tydens die verloop van die oorlog kon verloor, of dat sodanige eiendom beskadig kon word. Hierdie gevaar het veral vergroot waar eiendom deur die vyand gebuit en verbeurd verklaar kon word. Die oorgawe van 30 Julie 1900 beklemtoon die gevaar van die gebruik van persoonlike goedere. Die studie het daarop gewys dat die uiteindelike beskerming van goedere vir talle offisiere en burgers deurslaggewend in hulle besluit tot oorgawe was. Daarenteen het militêre prioriteite, soos die voortsetting van die oorlog, 'n minder belangrike prioriteit geword.[74]

---

70 Vir 'n uiteensetting van die vereistes van verowering, sien onderafdeling 2.1, *supra*.
71 Sien onderafdeling 6.3.2, *supra*.
72 Sien onderafdeling 6 *et seq.*, hoofstuk 7, *supra*.
73 Wet 10/1899.
74 Sien hoofstuk 10, *supra*.

4. Gevolge van die oorgawe

Wat het dit beteken indien daar wel aan die vereistes van verowering voldoen is? Die OVS sou op so 'n datum opgehou het om as 'n staat te funksioneer. Tog het die OVS na afloop van enige van die moontlike veroweringsdatums die oorlog wel voortgesit. Die vraag ontstaan gevolglik in watter hoedanigheid Steyn, De Wet en ander lede van die OVS krygsmag die oorlog voortgesit het. In *Van Deventer v Hancke and Mossop*[75] het die hof verklaar dat 'n unieke situasie in die Anglo-Boereoorlog ontstaan het. Met verwysing na die ZAR krygsmag, het die hof verklaar dat dié krygsmag, na afloop van verowering, steeds oor die regte van 'n oorlogvoerende party beskik het. Hierdie posisie was sekerlik ook van toepassing op die voormalige OVS krygsmag.

Die ZAR en OVS krygsmagte sou daarom in so 'n geval bestempel kon word as die oorblyfsels van die krygsmagte van state, wat nie meer bestaan het nie. In die geval van die OVS sou die krygsmag van De Wet daarom nie meer 'n staat verteenwoordig het nie. Die oorblyfsels is ook deur die hof as “a community of persons, bound together by ties of blood, actuated by a common purpose, and capable of contracting” erken.[76] In *Lemkuhl v Kock*[77] het die hof, met verwysing na die Van Deventer-beslissing, soos volg met betrekking tot die voormalige OVS krygsmag verklaar: “[Y]et the burghers of the late Free State were a body of men bound together in fighting for a common cause, and in any case exercising control over that part of the country where they happened to be carrying out operations. Their warfare was not illegal, and they enjoyed belligerent rights.”[78]

Hierdie beskrywing is in ooreenstemming met die volkereg, wat bepaal dat guerrilla-magte 'n groep self-georganiseerde persone is, wat oorlog teen 'n publieke vyand voer. Hierdie groep persone is egter nie onder die gesag van 'n staat nie. Baker, in die 1893-uitgawe van *Halleck's International Law*, beskryf die handelinge van guerrilla-vegters as moord en diefstal. Volgens hom behoort daar ook met guerrilla-vegters dienooreenkomstig gehandel word wanneer hulle gevange geneem word.[79]

---

75 1903 TS p. 401: p. 424.
76 *Van Deventer v Hancke and Mossop* 1903 TS p. 401: p. 424.
77 1903 ORC p. 73.
78 *Ibid*., p. 77.
79 Baker, 1, pp. 559-560.

Den Beer-Poortugael, in sy 1893-uitgawe van *Krijgsgebruiken in den oorlog te land*, verwys na “partijgangers en vrijscharen”, wat wel in bepaalde gevalle as oorlogvoerendes, kragtens die bepalings van die volkereg, beskou kan word. Hy beskryf “partijgangers” as 'n groep persone, wat sonder magtiging van 'n staat op eie inisiatief handel. “Vrijscharen” is ook 'n groep, wat sonder magtiging van 'n staat handel, met 'n bepaalde selfsugtige oogmerk. Die toets, volgens Den Beer-Poortugael, is of die onderskeie groepe in hulle stryd 'n politieke doel voor oë het. Indien wel, word hulle as oorlogvoerendes beskou en geniet hulle die regte van oorlogvoerendes, kragtens die bepalings van die volkereg.[80]

Die Haagse Konvensie van 1899 het verder die status van die guerrilla-vegters erken, indien daar aan die volgende vier vereistes voldoen is: (1) dat persone nie as individue handel nie, maar as deel van 'n mag wat aangevoer word deur 'n persoon verantwoordelik vir die persone onder sy bevel; (2) die mag op 'n afstand herkenbaar is en (3) openlik gewapend is; (4) en dat die mag hulle operasies in ooreenstemming met die oorlogsreg uitvoer.[81] Oppenheim verwys ook na guerrilla-oorlogvoering, wat volg na afloop van konvensionele oorlogvoering. Hy verklaar dat guerrilla-oorlogvoering, in so 'n geval, die oorblyfsels van die oorlog is. Hy verklaar verder dat dié vorm van oorlog nie in terme van die volkereg erken behoort te word nie, aangesien die staat, wat deur sodanige oorblywende magte verteenwoordig word, opgehou het om te bestaan. Voorts is die hoop nie meer om die oorlog deur oorlogvoering te wen nie, maar is dit eerder geskoei op 'n onsekere gebeurtenis wat die oorlog sal beëindig.[82]

Tog pleit Oppenheim dat, hoewel die veroweraar geregtig is om met so 'n mag as rebelle, en nie oorlogvoerendes nie, te handel, dat die volkereg wel van toepassing bly. Hiervoor stel hy, in teenstelling met die Haagse Konvensie, slegs twee vereistes,

---

80 J.C.C. den Beer-Poortugael, *Krijgsgebruiken in den oorlog te land (oorlogsrecht) en de rechten der neutralen: handleiding voor officieren en ten dienste van het militair onderwijs*, p. 61.

81 Artikel 1 van die reëls van 'n oorlog op land van die Haagse Konvensie van 1899. A. Pearce Higgings, *The Hague Peace Conferences and other international conferences concerning the laws and usages of war: texts of conventions with commentaries*.

82 “And, secondly, there is no longer in progress a contention between armed forces. For although the guerilla-bands are still fighting when attacked, or when attacking small bodies of enemy soldiers, they try to avoid a pitched battle, and contend themselves with the constant harassing of the victorious army, the destroying of bridges and railways, cutting off communications and supplies, attacking convoys, and the like, always in the hope that some event or events may occur which will induce the victorious army to withdraw from the conquered territory.” Oppenheim, 2, p. 71.

naamlik dat daar (1) 'n bevoegde bevelvoerder is, wat (2) sy krygsoperasies in ooreenstemming met die reëls van oorlogvoering voer.[83]

Die *Van Deventer*-beslissing het die posisie, wat in die Anglo-Boereoorlog na afloop van die verowering van die ZAR en OVS ontstaan het, as uniek beskryf. Derhalwe sou daar 'n afwyking van die reëls, soos deur Baker beskryf, aangevoer kan word. Indien daar daarom wel aan die vereistes van verowering voldoen is, het De Wet en sy krygsmag, na afloop van die daarvan, as die enigste verteenwoordiger van die OVS oorlogspoging na vore getree. In dié opsig sou Steyn, as die voormalige staatspresident van die OVS, daarom bykans irrelevant geword het. Die Britse magte het die krygsmag van De Wet ook dienooreenkomstig as 'n oorlogvoerende party erken. Ten slotte moet hier vermeld word dat De Wet daarin geslaag het om na afloop van die oorgawe 'n krygsmag te organiseer. Sy beskrywing van die gewysigde bevelstruktuur het daarom vir die eerste maal, na afloop van die oorgawe, die bevelstruktuur geword. In terme van sy nuwe rol as bevelvoerder van die magte het hy sekerlik ook die bevoegdheid gehad om, sonder tussenkoms van sy voormalige staatshoof, die krygsmag te organiseer. Hierdie guerrilla-krygsmag was, met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902, slegs 6 455 burgers en offisiere sterk.[84]

5. Misdade

5.1 Inleiding

Die beskikbare bronne is van so aard dat dit onmoontlik is om enige afdoende afleiding betreffende die pleeg van misdade hier te maak. Die uitgangspunt van die bespreking is dus om die vereistes van die toepaslike misdade te bespreek en die feite, soos uit die gebeure blyk, daarop van toepassing te maak. Hierna sal aangetoon word of daar 'n *prima facie*-saak bestaan waarop 'n persoon sou moes antwoord.

Voorts is dit weer nodig om te benadruk dat die OVS op 30 Julie 1900, met die oorgawe van sy konvensionele magte, opgehou het om te bestaan. Dit beteken dat

---

83 *Ibid*., pp. 71-72.

84 *Despatch by General Lord Kitchener, dated 23rd June 1902, relative to military operations in South Africa* (Cd. 988), p. 37: “Surrenders in the Orange River Colony”.

persone, wat misdade gepleeg het, nie deur die OVS as staat vervolg kon word nie. Persone, wat ook van misdade teen die voormalige staat beskuldig is, is krygsgevange geneem en kon daarom nie deur die krygsmag van C.R. de Wet gevange geneem word en vervolg word nie. Hierdie persone is dus deur die geskiedenis en die ongelukkige nalatenskap van die oorgawe van 30 Julie 1900 geoordeel en veroordeel.

Juis om hierdie rede is besluit om met die misdade te handel, ten einde te bepaal of daar wel 'n saak uitgemaak kan word waarop persone moes antwoord. Vir dié doel is nie alleen met hoogverraad gehandel nie, maar alle toepaslike misdade, soos aan die hand van die studie geïdentifiseer. Hierdie misdade sluit die volgende in: hoogverraad, gekweste majesteit, pligsversuim, verraderlike verstandhouding met die vyand en oorlogsmisdade.

5.2 Statutêre omskrywing van hoogverraad

5.2.1 Die misdaad omskryf

Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van die Oranjevrijstaat* verwys na twee misdade teen die staat, naamlik hoogverraad en gekweste majesteit.[85] Die hoofstuk behandel drie verskillende vorme van dié twee misdade. Artikel 1(A) bepaal dat 'n ingesetene, wat sonder verlof van die Volksraad hom tot 'n vreemde moondheid wend met die doel om die OVS in enige opsig van sy vryheid en onafhanklikheid te ontneem, of onder die gesag van 'n vreemde moondheid probeer plaas, skuldig aan hoogverraad of in die alternatief gekweste majesteit is. Voorts bepaal artikel 1(B) dat ingesetenes, wat mondelings of deur geskrifte poog om die OVS van sy onafhanklikheid of vryheid te ontneem, skuldig aan hoogverraad of in die alternatief gekweste majesteit is. Laastens bepaal artikel 1(C) dat ingesetenes, wat geskrifte versprei wat ten doel het om die OVS van sy onafhanklikheid of vryheid te ontneem, ook skuldig aan hoogverraad of in die alternatief gekweste majesteit is. Artikels 1(B) en (C) is nie van toepassing op die gebeure in die oorgawe op 30 Julie 1900 nie.

[85] Artikel 58 van die *Krijgs- en Commandowet* (Wet 10/1899) verwys ook na die misdaad hoogverraad. Geen nadere omskrywing word in dié wet gevind nie. Die veronderstelling is daarom dat hoogverraad dieselfde omskrywing as dié in die wetboek gehad het.

5.2.2 Die misdade onderskei

Die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* bied geen duidelike onderskeid tussen hoogverraad en gekweste majesteit nie. Dit is daarom nodig, om aan die hand van die gemenereg, die twee misdade te onderskei. Die bespreking hieronder geskied derhalwe met verwysing na die gemenereg en die ontwikkeling daarvan.

Crimen maiestatis, of gekweste majesteit is afkomstig uit die Romeinse reg.[86] Met verwysing na die *Digesta* verwys dit na handelinge, wat teen die Romeinse volk of die veiligheid daarvan gepleeg word. Die uiteensetting, soos in die *Digesta* vervat, verwys ook na hoogverraad. Vir doeleindes van die verdere bespreking sal hier na hoogverraad in sy gemeenregtelike verskyningvorm as *perduellio* verwys. Die misdaad, soos deur die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* omskryf, sal as hoogverraad beskryf word.[87]

Perduellio, sowel as *crimen maiestatis* was reeds aan die vroeë Romeinse reg bekend gewees.[88] 'n Bespreking van die vroeë Romeinse reg val egter buite die bestek van die studie, deurdat die meerderheid van die geraadpleegde, gemeenregtelike skrywers nie met die ontwikkeling van die Romeinse reg handel nie, maar slegs met die *Digesta*. Die gevolgtrekking is daarom dat die vroeë Romeinse reg nie deel van die gemenereg van die OVS gevorm het nie. Waar nodig, ter opheldering van bepaalde aspekte van die bespreking, sal wel na die vroeë ontwikkelingsgang van die misdaad verwys word.

Perduellio verwys na 'n handeling, wat met 'n vyandige oogmerk uitgevoer word deur 'n persoon, wat trou aan 'n staat verskuldig is en wat poog om die soewereiniteit van die staat aan te tas, of te vernietig. Dit is ook 'n verskyningsvorm van *crimen maiestatis*. Gedurende die latere Romeinse reg het *crimen maiestatis* 'n generiese

---

86 Daar is ook ander name wat na die misdaad verwys, naamlik hoogste magskending of majesteitskennis. Hier word egter gebruik gemaak van gekweste majesteit met verwysing na die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* en *crimen maiestatis* as verwysing na die misdaad in sy gemeenregtelike verskyningsvorm. Sien ook Artikel 2 van Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*. Sien ook Bauman, pp. vii-viii. Sien ook M.L. Hewett en B.C. Stoop, *On crimes: a commentary on Books XLVII and XLVIII of the Digest by Antonius Matthaeus J.C.* (geredigeer en vertaal deur M.L. Hewett en B.C. Stoop) 2, p. 220; Gonin, p. 1; De Wet en Swanepoel, pp. 519, 525; C.R. Snyman, *Strafreg*, pp. 331-332; C.E. Brand, *Roman military law*, p. 38.

87 *D 48.4.1* soos vertaal deur J.E. Spruit, R. Feenstra en F.B.J. Wubbe. *Corpus Iuris Civilis: teks en vertaling* 6, p. 584. Sien ook *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 80.

88 Vir 'n volledige bespreking sien R.A. Bauman, *The crimen maiestatis in the Roman Republic and Augustan Principate*. Sien ook B. Beinart en P. van Warmelo, *D.G. van der Keessel praelectiones ad jus criminale lectures on criminal law* 2, p. 635; H.L. Gonin, "Perduellio", *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 1951, pp. 1, 5 *et seq*; P.M.A. Hunt, *South African criminal law and procedure* 2, p. 2; J.C. de Wet en H.L. Swanepoel, *Die Suid-Afrikaanse strafreg* (tweede uitgawe), pp. 518-519.

term geword, wat handel met die aantasting van die staatsgesag. Dit is ook duidelik dat alle vorme van die misdaad, soos in die *Digesta* uiteengesit, nie 'n vyandige oogmerk, of die aantasting van staatsgesag vereis nie.[89] In die woorde van De Wet en Swanepoel: "Teenoor *crimen laesae majestatis* kan *perduellio* slegs in die volgende sin gestel word: elke landsvyandelike handeling (*perduellio*) is tegelyk 'n *crimen laesae majestatis*, maar alle gevalle van *crimen laesae majestatis* is nie landsvyandelike handelinge nie. *Perduellio* is dus iets enger as *crimen laesae majestatis*."[90] Hierdie woorde word verbesonder op die reg, soos van toepassing in die OVS, deurdat die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* na hoogverraad of gekweste majesteit verwys.[91]

Marshall onderskei die verskyningsvorme van *crimen maiestatis*, soos uiteengesit in die *Digesta*, in drie groepe: (1) misdade gerig teen die persoon van die keiser, of 'n aantasting van sy waardigheid; (2) misdade wat die eksterne veiligheid van die staat aantas; en (3) misdade wat die openbare orde versteur.[92] Die gemeenskaplikheid hier is dat alle misdade saamgegroepeer onder *crimen maiestatis* in een of ander vorm 'n aantasting van die gesag van die staat is.[93] *Crimen maiestatis*, volgens *D 48.4.11*, stel *perduellio* daar, indien dit met 'n vyandige oogmerk teen die staat of keiser gepaard gegaan het.[94]

Volgens De Wet en Swanepoel het die gemeenregtelike skrywers die Romeinse reg net so oorgeneem. Volgens die skrywers het dit daartoe aanleiding gegee dat daar in die gemenereg geen duidelike onderskeid tussen die *perduellio* en *crimen maiestatis* gemaak is nie.[95] Dit mag wees dat die verwarring ook tot die onderskeid aanleiding gegee het, soos deur artikel 2 van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* bepaal, naamlik dat dit na hoogverraad of gekweste majesteit verwys.[96] Van Zyl is

---

89 *D 48* soos vertaal deur Spruit *et al*, 6, pp. 584-587. Sien ook A.H.J. Greenidge, "The conception of treason in Roman law", *Jurical Review*, 1895, p. 233; Bauman, pp. vii-viii; Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 220; Snyman, pp. 331-332; G. Mousourakis, *The historical and institutional context of Roman law*, pp. 226-228.

90 De Wet en Swanepoel, p. 522.

91 Artikel 2 van Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.

92 T.W. Marshall, "The law of treason under the Roman Empire", *Law Magazine and Law Review*, 1896-1897, p. 35.

93 *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 80; T.R. Robinson, "Treason in Roman law", *Georgetown Law Journal*, 1919-1920, p. 15. Sien ook C.P. Joubert, *Romeinse reg vir praktisyns en akademici*, p. 383.

94 Soos vertaal deur Spruit *et al*, 6, p. 587.

95 De Wet en Swanepoel, p. 525.

96 "Personen, die zich zchuldig [sic] maken aan een of meer der hiervoor vermelde feiten, zullen naar gelang der omstandigheden, waaronder de feiten bedreven zijn, schuldig zijn aan de misdaad van hoogverraad of van gekweste majesteit, en onderworpen zijn aan de daarop bestaande straffen." Artikel 2, Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.

ook van mening dat daar in die OVS "betreklike onkunde oor die Romeins-Hollandse bronne aanwesig moes gewees het".[97]

Damhouder (1507-1581) verwys in sy werk na die misdaad "tijdelijcke Majesteyt". Hy gee egter geen duidelike omskrywing van die betekenis daarvan nie, maar verwys na die doding van die staatshoof, hulpverlening aan die vyand, oproer en vervalsing van munte as verskyningsvorme van die misdaad.[98] Vreemd genoeg, verwys Hugo de Groot (1583-1645) nie na die misdade teen die staat in sy *Inleidinge tot de Hollandsche rechts-geleerdheid* nie.[99] Matthaeus (1601-1654) verklaar dat 'n aantal verskyningsvorme van *crimen maiestatis*, soos in die *Digesta* gevind word, eerder *perduellio*, en nie *crimen maiestatis* nie, daarstel. Hy skryf dat die oogmerk, waartoe die handeling verrig word, van deurslaggewende belang is om te bepaal of 'n persoon hom aan *perduellio* skuldig gemaak het.[100] Huber (1636-1694) handel alleen met *perduellio*. Volgens hom is *perduellio* enige vyandige handeling, wat teen die veiligheid of waardigheid van die oppergesag van die staat gerig is.[101] Voet (1647-1713) onderskei drie vorme van *crimen maiestatis*: (1) *perduellio*; (2) 'n aantasting van die waardigheid van die staat (*crimen laesae venerationis*); en (3) die versteuring van openbare orde.[102]

Moorman (1696-1743), met verwysing na Cicero, verklaar dat "[majesteitschennis] is de waardigheid of hoogheid, of macht des volks, ofte der geenen, dien het volk deeze macht gegeeven heeft, te kort doen, en benadeelen".[103] Moorman, in navolging van Voet, groepeer *crimen maiestatis* in dieselfde drie groepe.[104] Van der Keessel (1738-1816) omskryf *crimen laesae maiestatis* soos volg: "The crime of lèse

---

97 D.H. van Zyl, *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse reg*, p. 468.

98 J. Damhouder, *Practycke in criminele saecken*, pp. 112-114. Die toeligting van die geboortejaar en sterfjaar van Damhouder, sowel as die ander gemeenregtelike skrywers wat volg, is aan die hand van W. de Vos, *Regsgeskiedenis*, ingevoeg. Sien ook De Wet, wat met die gemeenregtelike skrywers handel. J.C. de Wet, *Die ou skrywers in perspektief*.

99 De Groot handel wel met misdade teen die lewe, liggaam, goedere, hoon, laster, en misdade soos deur wetgewing omskryf. In die verband sien L.J. van Apeldoorn, *Inleidinge tot de Hollandsche rechts-geleerdheid beschreven bij Hugo de Groot met aantekening van Mr. S.J. Fockema Andreae* 1, pp. 189-196.

100 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 220.

101 "The crime of high treason is committed by all, who with an evil intention make any plan against the safety or dignity of the sovereign power of the Province." P. Gane, *The jurisprudence of my time (Heedensdaegse rechtsgeleertheyt) translated from the fifth edition by Percival Gane* 2, p. 437.

102 P. Gane, *The selective Voet being the commentary on the Pandects [Paris edition of 1829] by Johannes Voet [1647-1713] and the supplement to that work by Johannes van der Linden [1756-1835]* (vertaal deur P. Gane), pp. 346-347. Sien ook G. van der Westhuizen, "Johannes Voet se *De jure militari*: 'n hermeneutiese evaluasie" (proefskrif), pp. 205-206.

103 J.J. van Hasselt, *Verhandelingen over de misdaden en der zelver straffen voor een groot gedeelte opgestelt by wylen Mr. Johan Moorman*, p. 45.

104 Moorman in Van Hasselt, p. 56.

majesty is the wrongful plotting by a subject against the majestas, whereby something is committed, either directly or indirectly, against its dignity, safety, or sovereign authority."[105] Van der Keessel verklaar dat *crimen laesae maeistatis* nie 'n vyandige gesindheid teenoor die staat vereis nie. Volgens hom word hierdie gesindheid slegs vereis waar met *perduellio* gehandel word.[106]

Hierdie onderskeid word ook deur Van der Linden gebruik. Hy verklaar dat *crimen laesae majestatis* nie 'n vyandige oogmerk vereis nie.[107] Die straf in die geval van *crimen laesae majestatis* is selde die doodstraf, maar eerder gevangenisstraf of verbanning.[108]

In die Romeins-Hollandse reg verwys 'n aantal van die verskyningsvorme van *crimen maiestatis* daarom ook na *perduellio*. Dit is verder duidelik dat 'n skuldigbevinding, op 'n aanklag van *perduellio,* slegs kan volg indien 'n vyandige oogmerk ook teen die staat bewys kan word. Indien nie, is dit in die alternatief moontlik om op 'n aanklag van *crimen maiestatis* skuldig bevind te word. *Perduellio* is daarom die meer ernstige vorm van *crimen maiestatis*, terwyl *crimen maiestatis* 'n minder ernstige vorm daarvan is.[109]

In die Romeins-Hollandse reg het 'n vyandige oogmerk daarom ook 'n vereiste vir die misdaad *perduellio* geword. Ten tyde van oorlog was die bewys van 'n vyandige oogmerk veel makliker, deurdat daar 'n vyand van die staat bestaan het. Waar hulp op een of ander wyse aan die vyand verleen is, sou dit aanduidend van *perduellio* kon wees.[110]

Wat *perduellio* betref, is die posisie vergemaklik deurdat die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* hoogverraad in artikel 1(A) van hoofstuk CXXXIX omskryf. Artikel 1(A) stel die volgende vereistes vir 'n skuldigbevinding aan hoogverraad of gekweste majesteit: 'n (a) Ingesetene, (b) wat sonder toestemming van die Volksraad hom (c) tot 'n vreemde moondheid wend, (d) met die doel om (e) die OVS (f) van sy vryheid of onafhanklikheid te ontneem. Hier word eers met hoogverraad, soos in die

105 Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 637.

106 "[T]he difference between the crime of *majestas* and treason is to be sought [...] in the fact that the crime of treason is committed with hostile intent, being, for instance, so termed from the word *preduellis*, which means the enemy, whereas the crime of *majestas* is perpetrated without an intent to destroy." Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 639.

107 Van der Linden, p. 316.

108 Voet vertaal deur Gane, 7, p. 346; Van der Linden, pp. 316-317.

109 *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 80. Sien ook *D 48.4.11* soos vertaal deur Spruit *et al*, 6, p. 587.

110 *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 80.

Wetboek van den Oranjevrijstaat omskryf, gehandel. Daarna word die gemeenregtelike verskyningsvorm van *perduellio* en *crimen maiestatis* bespreek.[111]

(a) 'n Ingesetene

Die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* omskryf nie die begrip “ingesetene” nie. Ten opsigte van die eerste vereiste is dit dus nodig om in die algemeen met die woord te handel. Volgens die *Woordenboek der Nederlandsche taal* verwys die verouderde vorm na 'n persoon, wat homself in 'n streek gevestig het, maar nie 'n burger van daardie streek is nie.[112] Matthaeus en Moorman gebruik 'n soortgelyke onderskeid en verklaar dat 'n persoon permanent woonagtig in 'n gebied hom ook aan die misdaad van hoogverraad skuldig kan maak. Volgens hulle is die toets hier of sodanige persoon onderhorigheid aan die staat verskuldig is.[113] Dit blyk daarom dat ingesetene hier na 'n persoon verwys wat onderhorigheid aan die staat verskuldig is deurdat hy/sy permanent in die gebied woonagtig was. 'n Ingesetene het daarom ook 'n burgers ingesluit.

Die vraag ontstaan of OVS ingesetenes of burgers aan die verpligting, om krygsdiens te verrig, kon onttrek deur die eed van onthouding aan verdere deelname aan die oorlog af te lê. Burgers, of te wel OVS krygspligtiges, het nie die bevoegdheid gehad om die eed te neem nie. Die OVS was ook nie gebonde om die eed te erken nie, maar kon krygspligtiges dwing om aan hulle verpligtinge, kragtens die Grondwet, te voldoen.[114]

Voorts het die OVS ook nie op 24 Mei 1900, met die proklamering van die area tot Britse gebied, opgehou om te bestaan nie.[115] Persone in die oorgawe sou daarom nie kon aanvoer dat hulle deur dié Britse proklamasie van hulle onderhorigheid aan die OVS vrygestel is nie. Hulle teenwoordigheid ten tyde van die gebeure getuig ook van die feit dat hulle hulself steeds aan die OVS staat en sy oorlogspoging gebonde geag het.

111 Sien onderafdeling 5.3, *infra*.
112 A. Beets en J.A.N. Knuttel, *Woordenboek der Nederlandsche taal* 6, p. 1656.
113 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 215; Moorman in Van Hasselt, p. 50.
114 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 2, hoofstuk 3, *supra*.
115 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.

(b) Sonder toestemming

Die tweede vereiste is dat 'n ingesetene hom tot 'n vreemde moondheid wend, sonder die toestemming van die Volksraad. In dié opsig was slegs die staatspresident, met toestemming van die Volksraad, bevoeg om met vreemde moondhede te kontrakteer, oorlog te verklaar en vrede te sluit.[116] Sonder toestemming kan hier ook na 'n handeling verwys, wat hoogverraad daarstel. Hierdie handeling kan 'n verskeidenheid vorme aanneem, wat ook dié insluit wat hieronder, onder *crimen maiestatis,* bespreek word. Die bewoording van die artikel 1(A) verwys hier na 'n handeling, wat poog om die OVS, met tussenkoms van 'n vreemde moondheid, van sy vryheid of onafhanklikheid te ontneem.[117]

Die studie het daarop gewys dat die oorlogsomstandighede van so aard was dat dit onmoontlik was om die Volksraad byeen te roep. Die Volksraad het trouens, met die oog op 'n oorlog, buitengewone magte aan die staatspresident toegeken.[118] Die staatspresident het verder op 'n geheime wyse die Brandwaterkom verlaat. In die veranderde oorlogsomstandighede was beide die staatspresident en opperbevelvoerder van die OVS krygsmag, C.R. de Wet, nie maklik bereikbaar nie.[119] Hierdie indrukke en verloop van gebeure moet wel in aanmerking geneem word, waar 'n persoon in die omstandighede, wat tot die oorgawe van 30 Julie 1900 aanleiding gegee het, hom sonder tussenkoms van die Volksraad tot 'n vreemde moondheid gewend het.

(c) Vreemde moondheid

Die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* gee geen verdere verduideliking van 'n vreemde moondheid nie. Brittanje was ten tyde van die onderhandelinge rakende die oorgawe wel 'n vreemde moondheid. Die bestaan van die oorlog is verder aanduidend dat die OVS vir Brittanje in dié hoedanigheid erken het. Ten opsigte van die vereistes, soos in (b) en (c) vervat, is dit nodig om hier weer te benadruk dat 'n

---

116 Sien artikel 38 en 39 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*.

117 Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van die Oranjevrijstaat*. Vir 'n bespreking van gekweste majesteit, sien onderafdeling 5.3, *infra*. Sien ook M.F. Ackerman, *Die reg insake openbare orde en staatsveiligheid*, p. 10. In Maart 1900, het 'n proklamasie van die staatspresident hoogverraad, ten opsigte van 'n handeling wat die daad daarstel, omskryf as “raad of daad, eenige hulp aan den vijand zal verleenen, of diegenen der burgers, die zonder daartoe door noodzakelijkheid gedwongen, hunne wapens zullen neerleggen om leven en eigendom te beschermen en te redden, daardoor den vijand bevoordeelende, zal en zullen beschouwd worden zich schuldig gemaakt te hebben aan Hoogverraad.” Sien proklamasie van 19 Maart 1900, soos gepubliseer in die *Gouvernments-Courant van den Oranje Vrijstaat*, 27.3.1900.

118 Hierdie buitengewone magte is in die vorm van die *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens eenen oorlog* (Wet 34/1899) toegeken. Vir 'n bespreking van die magte sien onderafdeling 3.3, hoofstuk 2, *supra*.

119 Onderafdeling 6.3.4, hoofstuk 5, *supra*; onderafdelings 2 en 3, hoofstuk 7, *supra*.

bevelvoerder, in terme van die volkereg, 'n bevoegde persoon was om hom tot 'n vreemde moondheid te wend, met die doel om 'n wapenstilstand aan te vra, of oorgawe aan te bied.[120]

(d) Doel

Artikel 1(A) van hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* verwys na doel. Ongelukkig gee die artikel geen verdere omskrywing nie. “Doel” sou daarom hier na opset of nalatigheid kon verwys. Die bewyslas moet dus teen 'n gemeenregtelike agtergrond beskryf word.

Huber vereis opset vir 'n skuldigbevinding.[121] Van der Linden verwys na 'n vyandige oogmerk, terwyl Voet en Hasselt na 'n vyandige opset verwys. Met vyandige opset bedoel Voet in sy *Pandectas* dat 'n beskuldigde ten doel het om die staat se onafhanklikheid tot 'n einde te bring. In sy *De jure militari* skryf Voet dat hoogverraad gepleeg word wanneer 'n beskuldigde op 'n bedrieglike wyse vir die vyand tot voordeel is, of tot voordeel wil wees. Huber verklaar ook dat waar 'n persoon doelbewus versuim om na behore aandag aan sy handelinge te gee, dit ook as opsetlik beskou moet word.[122] Aan die hand van die skrywers is dit dus duidelik dat opset 'n vereiste vir 'n skuldigbevinding aan hoogverraad is.

(e) Die OVS

Die vereiste, dat die gewraakte handelinge teen 'n soewereine moondheid gerig moet wees, is van besondere belang in die geval van die oorgawe van 30 Julie 1900. Persone, wat van die misdaad van hoogverraad beskuldig is, sou kon aanvoer dat die OVS op dié betrokke datum nie meer bestaan het nie. As gesag sou die Britse proklamasie, waarin aangevoer word dat die OVS verower is, gebruik kon word.[123] Gemeenregtelike skrywers is dit ook eens dat daar geen sprake van

---

120 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdelings 4.4 en 4.5, hoofstuk 10, *supra*. Vreemde moondheid hier sou ook kon verwys na 'n openbare vyand. Die gevolglike implikasie sou daarom wees dat hoogverraad alleen ter sprake is waar die bestaan van so 'n vyand bewys kan word in die vorm van 'n vreemde moondheid. In dié sin beteken dit dat 'n sameswering om die staat omver te werp, sonder tussenkoms van 'n vreemde moondheid, nie hoogverraad daarstel nie.

121 Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van die Oranjevrijstaat*.

122 Voet vertaal deur Gane, 7, pp. 347, 349; Huber vertaal deur Gane, 2, p. 437. J. van der Linden, *Institutes of the laws of Holland by Johannes van der Linden, LL.D., and judge of the court of the first instance at Amsterdam*, p. 315; Moorman in Van Hasselt, p. 56; G. van der Westhuizen, “J. Voet: die militêre reg uit die oorspronklike Latyn vertaal” (verhandeling), p. 202.

123 *Proclamations issued by Field-Marshal Lord Roberts in South Africa* (Cd. 426): Proklamasie XI/1900, p. 6. Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.

hoogverraad kan wees, sonder dat 'n staat met majesteit beklee is nie.[124] Indien die veroweringsaansprake van die Britse magte wel regsgeldig was, het dit beteken dat die OVS van sy majesteit gestroop was. Dit is verder ook duidelik dat die OVS nie op die betrokke datum deur die Britse magte verower was nie.[125]

(f) Vryheid en onafhanklikheid

Dit is duidelik dat die Britse oorlogspoging daarop gemik was om die OVS van sy vryheid as 'n onafhanklike staat te ontneem. Die Britse magte was steeds op 30 Julie 1900 met die poging besig.[126]

5.2.3 Waarom hoogverraad

Talle persone, soos hieronder vermeld, het deur die verloop van jare heen beweer dat die oorgawe van 30 Julie 1900 deur een of ander vorm van verraad gekenmerk is. Verraad, in dié opsig, mag moontlik op twee verskillende wyses vertolk word. So mag verraad verwys na 'n trouelose wyse waarop die oorgawe geskied het. Verraad kan ook na hoogverraad, wat op sy beurt na die misdaad soos hierbo omskryf, verwys.[127]

Wat het die persone met verraad bedoel? Na afloop van die oorlog verwys Roux na die verraad van Prinsloo.[128] In sy herinneringe verklaar Roux dat hy, tot en met sy besoek aan Prinsloo gedurende die nag van 29 op 30 Julie 1900, nooit vermoed het dat verraad gepleeg is nie.[129] Roux gee egter geen besonderhede van wat hy met verraad bedoel nie. Die enigste moontlike verwysing, na wat presies Roux met die woorde bedoel het, word in 'n aanhaling gevind van 'n toespraak, wat deur Roux gemaak is. Hierdie aanhaling word in die boek van J.N. Brink gevind. Volgens Brink het Roux verklaar dat hy weet dat hulle in die oorgawe uitverkoop is. Al wat Roux nie geweet het nie, is wat die bedrag was, wat vir hulle betaal is.[130] Wanneer Roux en Brink daarom saamgelees word, word die indruk geskep dat Roux geoordeel het dat hoogverraad in die oorgawe gepleeg is.

---

124 Voet vertaal deur Gane, 7, p. 345.
125 Vir 'n verdere bespreking van dié proklamasie, sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.
126 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5, hoofstuk 4, *supra*.
127 F.F. Odendal en R.H. Gouws, *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1268.
128 A.M. Heyns, *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*, p. 19: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).
129 VAB, A305: P.H. Roux, "De overgawe van Prinsloo", p. 9.
130 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 92.

Net soos Roux, verwys kommandant W.J. Kolbe na die verraad wat deur Prinsloo gepleeg is. Kolbe gee egter ook geen besonderhede nie, behalwe dat die staatspresident gewaarsku is, maar verkies het om nie daarop ag te slaan nie.[131] Die veronderstelling hier is dat Kolbe verwys na die feit dat oorgawe nie noodwendig die enigste keuse vir Prinsloo was nie. In dié opsig gee Kolbe se verwysing eerder indrukke van trouelose oorgawe, wat moontlik onder *crimen maiestatis* tuisgebring kan word. Met hierdie verskyningsvorm word later gehandel.[132]

Luitenant G. Boldingh vra die vraag of die oorgawe van 30 Julie 1900 die gevolg van dwaasheid of verraad was. In antwoord op sy vraag verklaar hy dat dit wel verraad was. As stawing vir die bewering, verwys Boldingh na Prinsloo se poging om ook die magte onder hoofkommandant F.J.W.J. Hattingh oor te gee.[133] Hierdie beskrywing omvat ook blyke van hoogverraad deurdat Prinsloo nie alleen gepoog het om sy krygsmag oor te gee nie, maar ook die krygsafdeling van Hattingh. Die indruk van Boldingh is egter dat Hattingh nie onder die bevel van Prinsloo gestaan het nie. Weer is die verskil tussen die twee krygstrategieë ter sprake. Ingevolge die eerste krygstrategie sou Hattingh se krygsafdeling posisie binne die Brandwaterkom inneem. Dit is verder nie duidelik of Hattingh se krygsafdeling deel van Prinsloo se krygsafdeling sou word nie.[134] Indien wel, beteken dit dat Prinsloo wel by magte was om ook die krygsafdeling van Hattingh oor te gee.

Hoofkommandant C.R. de Wet skryf soos volg rakende bewerings van verraad: “Dit één en ander heeft de kleur, alsof door den heer Prinsloo of iemand anders verraad kan gepleegd geweest zijn; en, wat alles des te bedenkelijker maakt, is dit Vilonel, een gevangene, die wegens hoogverraad een termijn van gevangenschap aan het ondergaan was, een hand in de onderhandelingen had.”[135] Ongelukkig gee C.R. de Wet geen verdere besonderhede nie. Advokaat J.A.J. de Villiers verklaar dat C.R. de Wet, toe hy kennis van die oorgawe ontvang het, ook in sy skrywe aan Prinsloo wou insluit dat Prinsloo hom aan hoogverraad skuldig gemaak het.[136] Hiervolgens kom dit voor of C.R. de Wet na die misdaad hoogverraad, soos in die *Wetboek van den*

131 OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 360-361.
132 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 5.3.2, *infra*.
133 G. Boldingh, *Een Hollandsche officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh*, p. 40.
134 Vir 'n bespreking van die eerste krygstrategie, sien 6.3.2, hoofstuk 5, *supra*.
135 De Wet, p. 125.
136 M.C.E. Van Schoor (red.), “The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers”, *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, p. 23.

Oranjevrijstaat omskryf, verwys. Dit kan ook wees dat die gemeenregtelike verskyningsvorm *perduellio* hier bedoel word.

Brink maak die stelling dat dit later bekend geword het dat ook ander verantwoordelike kommandante, tydens en voor die oorgawe sonder die wete van Roux, of veggeneraal J. Crowther, of die staatspresident met die Britse magte onderhandel het.[137] Ongelukkig gee Brink nie besonderhede betreffende die aard van die onderhandelinge nie. Dit is daarom nie moontlik om te bepaal of die onderhandelinge onder een van die misdade hier bespreek, tuisgebring kan word nie.

Ander persone handel nie met verraad nie, maar met die wyse waarop die oorgawe geskied het. So verklaar burger P.H. Fick dat die burgers bedrieg is.[138] Ongelukkig vermeld hy nie in watter opsig die bedrog plaasgevind het nie. Daarenteen verklaar burger L.J. Greyling dat daar voorgegee is dat alle uitgangsroetes deur die Britse magte afgesny is.[139] Greyling se standpunt, tesame met dié van Fick, kan moontlik die verwysing na bedrog in die oorgawe verklaar. Hierdie verwysing is nie noodwendig die gevolg van bedrog of 'n wanvoorstelling nie, maar kan ook na gebrekkige militêre inligting verwys. Hierdie punt is reeds in die bespreking van die gebeure uitgewys. Gebrekkige inligting dui eerder op pligsversuim, en nie hoogverraad of *crimen maiestatis* nie. Indien bepaalde offisiere wel geweet het dat die Golden Gate-roete steeds oop was, is die wanvoorstelling van 'n meer ernstige aard. In dié opsig mag dit moontlik ook 'n verwysing na hoogverraad of *crimen maiestatis* insluit.

5.2.4 M. Prinsloo

Op 29 Julie 1900 het Prinsloo hom in 'n skrywe tot luitenant-generaal A. Hunter gewend. In dié skrywe was 'n versoek vir 'n wapenstilstand, met die doel om vredesonderhandelinge te begin. Nòg Hunter, nòg Prinsloo was bevoeg om vredesonderhandelinge namens hulle onderskeie state te voer.[140] Dit beteken egter nie dat Prinsloo die bedoeling gehad het om self die onderhandelinge te voer nie. So sou dit kon wees dat Prinsloo hom hierna tot die OVS staatspresident sou wend met

137 Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 98.
138 OMBR, 4203/35: Dagboek van P.H. Fick, p. 36.
139 OMBR 4283/1: L.J. Greyling, “Reis jornaal [sic] naar Ceylon”, p. 1.
140 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 10, *supra*.

'n versoek dat die staatspresident met die Britse magte in verbinding sou tree, om vredesonderhandelinge namens die OVS te voer.

Prinsloo het egter in sy onderhandelinge met die Britse magte gepoog om so spoedig moontlik die hele krygsmag onder sy bevel oor te gee.[141] Voorts het Prinsloo in sy finale onderhandelinge met Hunter van 'n persoon (Vilonel), wat skuldig bevind is aan hoogverraad, as enigste onderhandelaar gebruik gemaak.[142] Prinsloo se finale skrywe aan Hunter gee duidelik indrukke dat Prinsloo sy oorgawe as die einde van die oorlog gesien het.[143]

Prinsloo, 'n burger van die OVS, het daarom sonder toestemming van die staatspresident of Volksraad hom tot die Britse magte gewend, met die doel om die geheel van sy krygmag onder sy bevel oor te gee.[144] In laasgenoemde opsig is daar wel getuienis dat bepaalde gedeeltes van die OVS krygsmag onder sy bevel besig was om die Brandwaterkom te verlaat. Voorts is daar ook voldoende bronne wat daarop wys dat dit steeds vir die OVS krygsmag moontlik was om die gebied te verlaat.[145] Prinsloo het daarom nie oor voldoende militêre inligting beskik nie, of verkies om die feite te ignoreer. Indien hy wel verkies het om die inligting te ignoreer, is daar verdere getuienis dat hy ten doel gehad het om die OVS oorlogspoging deur sy handelinge tot 'n einde te bring. Sy skrywe aan C.R. de Wet, na afloop van sy oorgawe, bied verdere getuienis dat hy sy oorgawe as die einde van die oorlog gesien het.[146]

Ten opsigte van die doel van die oorgawe is daar dus getuienis, tensy anders aangetoon kan word, dat Prinsloo se oorgawe nie alleen die gevolg van oorlogsomstandighede was nie, maar ook 'n bewuste keuse was om die oorlog tot 'n einde te bring. Daarom is hier voldoende gronde vir 'n aanklag van hoogverraad, kragtens die bepalings van artikel 1(A) van Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van die Oranjevrijstaat*. As verweer sou Prinsloo wel kon aanvoer dat sy krygsmag ongedissiplineerd en ongeorganiseerd was. Tog sou Prinsloo moes verduidelik waarom hy uit eie beweging besluit het om die oorlogspoging van die OVS, deur sy

141 Sien hoofstuk 10, *supra*.
142 Sien onderafdeling 8-12, hoofstuk 10, *supra*.
143 Sien onderafdeling 12, hoofstuk 10, *supra*.
144 Sien hoofstuk 10, *supra*.
145 Sien onderafdeling 7, hoofstuk 11, *supra*.
146 Sien onderafdeling 8, hoofstuk 11, *supra*.

oorgawe, tot 'n einde te probeer bring. In dié opsig is daar voldoende getuienis vir 'n klag van hoogverraad, waarop Prinsloo sou moes antwoord.

5.2.5 Moontlike versagting

Die Britse proklamasies het die vrees geskep dat persone, wat gevange geneem word, as rebelle en nie as krygsgevangenes nie, behandel sou word. Hierdie vrees kon Prinsloo en sy offisiere noop om met die onderhandelinge te begin. Die vrees kon verder versterk word deur die feit dat die OVS regering afwesig was, en dat daar nie met hulle in verbinding getree kon word nie.[147] Dit wil egter voorkom of dit alleen as strafversagting sou dien, na skuldigbevinding op 'n aanklag van hoogverraad.

5.3 *Perduellio* of *crimen maiestatis*

5.3.1 Die misdaad omskryf

Geen omskrywing van gekweste majesteit word in die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* gevind nie. Gekweste majesteit is wel in *Het Gouvernment ca Gibson*[148] as 'n misdaad erken, wat deel van die OVS reg gevorm het. In die uitspraak het regter Hertzog moeite gedoen om die vereistes vir 'n aanspraak op majesteit te omskryf. Hy het egter nagelaat om die presiese omskrywing van gekweste majesteit te gee.

Artikel 3 van hoofstuk CIXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* stel dit dat die hoofstuk nie die bestaande wette rakende misdade, met dié hoofstuk wysig, afskaf of herroep nie. Die hoofstuk stel daarom nie 'n kodifisering van die misdaad hoogverraad daar nie. Dit beteken dat die gemeenregtelike bepalings hier geraadpleeg kan word, ten einde gekweste majesteit te omskryf. Volledigheidshalwe word hier vermeld dat artikel 57 van die Grondwet bepaal het dat die Romeins-Hollandse reg “de hoofdwet” van die OVS was. Dit beteken dat die reg van die provinsie Holland, sowel as die Romeinse reg, moontlik hier toepassing kan vind.[149]

---

147 Vir 'n verdere bespreking van die proklamasies, sien hoofstuk 3, *supra*. Vir die wyse van die onttrekking van die staatspresident, sien onderafdeling 6.3.4, hoofstuk 5, *supra* en onderafdeling 2 en 3, hoofstuk 7, *supra*.

148 1898 Cape Law Journal pp. 1-10.

149 Hierdie benadering is ook gevolg in *S v Mayekiso and others* 1988 (4) SA p. 738 W: p. 741. In die *Gibson*-beslissing het die hof verklaar dat die woord *maiestas* reeds in die Romeinse reg gedefinieer is. Volgens die hof: “The word itself indicates that its legal meaning had already been defined by the old Romans, from whom we have borrowed nearly all penal enactments with regard to infringement thereof – *crimen laesae majestatis*.” (*Het Gouvernment ca Gibson* 1898 Cape Law Journal p. 3.) Verskillende vorme van gekweste majesteit is daarom hier te sprake. Hierdie vorme van gekweste majesteit kan ook, waar 'n vyandige

Ten einde die twee begrippe te onderskei, word hieronder na die gemeenregtelike verskyningsvorm as *crimen maiestatis* verwys. Volledigheidshalwe word hier ook met die gemeenregtelike verskyningsvorm van hoogverraad, naamlik *perduellio* gehandel.

Die *Digesta* verwys na talle handelinge wat *crimen maiestatis* daarstel. Vir doeleindes van dié bespreking, is slegs verwys na handelinge wat met die oorgawe van 30 Julie 1900 in verband gebring kan word. Voorts is vorme, wat binne die trefwydte van artikels 1(A), (B), of (C) val, nie herhaal nie. In 1988 het die Witwatersrandse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof in *S v Mayekiso and others*[150] ook met *Digesta*, en spesifiek *D 48*, gehandel. In dié uitspraak het die hof eerste na *D 48* verwys, waarna met die volgende gemeenregtelike skrywers gehandel is: (a) Damhouder (1507-1581); Antonius Matthaeus II (1601-1654); Van Leeuwen (1626-1686); Huber (1636-1694); Johannes Voet (1647-1713); Moorman (1696-1743); Van der Keessel (1738-1816) en Van der Linden (1756-1835).[151]

Hierdie benadering, in ooreenstemming met die regshistoriese metode, handel eerste met die Romeinse reg, waarna die reg soos van toepassing in die provinsie Holland oorweeg word.[152] Voordat hierdie werkswyse gevolg word, is dit tog belangrik om aan te stip dat die *Gibson*-beslissing ook met die werke van Van Leeuwen, Moorman en Voet gehandel het. Dié skrywers, soos in die *Mayekiso*-beslissing aangestip,[153] handel almal met *crimen maiestatis* soos in die *Digesta* omskryf. Dit is dus duidelik dat die reg, soos van toepassing in die provinsie Holland, in dié opsig steeds van die Romeinse reg in die vorm van *D 48* gebruik gemaak het. Daar word aanvaar dat *D 48* steeds toepassing in die OVS gevind het, gegewe die feit dat die OVS gemenereg ook die Romeins-Hollandse reg was. Dit word ook gesien in die feit dat die hof in die *Gibson*-beslissing,[154] sowel as in die *Mayekiso*-beslissing,[155] met die *Digesta* gehandel het.

---

oogmerk aanwesig is, hoogverraad insluit. Sien ook *Celliers v The Queen* (1877-1881) TS p. 237: p. 241; *R v De Wet* 1915 OPD p. 157: p. 7.

150 1988 (4) SA p. 738 W.

151 *S v Mayekiso and others* 1988 (4) SA p. 738 W: p. 741.

152 Vir 'n bespreking van die regshistoriese metode, sien Van Zyl, *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse reg.*

153 1988 (4) SA p. 838 W.

154 1898 Cape Law Journal pp. 1-10

155 1988 (4) SA p. 838 W.

Die *Digesta* omskryf gekweste majesteit as 'n misdaad wat teen die Romeinse volk, of teen die veiligheid daarvan, gepleeg word.[156] Vir doeleindes van die OVS was die majesteit in die volk gesetel, wie se wil in die Grondwet vergestalting gevind het.[157]

Die vertaling van *Digesta 48* deur Spruit, Feenstra en Wubbe verklaar verder soos volg: “Het misdrijf dat majesteitsschennis genoemd, ligt heel dicht tegen heiligschennis aan. Majesteitsschennis is een misdrijft dat tegen het Romeinse volk of tegen diens veiligheid begaan word.”[158] Die vertaling van Mommsen, Krueger en Watson gebruik nie die woord “majesteitskending”, soos Spruit, Feenstra en Wubbe nie, maar “treason” of verraad.[159] Dit is verder ook duidelik dat die *Digesta* 'n onderskeid tref tussen die verskillende vorme van *crimen maiestatis*. Volgens die vertaling van Spruit, Feenstra en Wubbe, tref *D 48.4.11* 'n onderskeid tussen persone beskuldig van *crimen maiestatis*, en persone beskuldig van *perduellio*. *Perduellio* hier verwys na 'n handeling teen die staat of die keiser met 'n vyandige oogmerk. Volgens die *Digesta* word persone, wat van *crimen maiestatis* beskuldig is, deur hulle teregstelling van die misdaad kwytgeskeld. In die geval van skuldigbevinding aan *perduellio* word so 'n veroordeelde, selfs deur die voltrekking van die vonnis, nie van die misdaad kwytgeskeld nie.[160] Hierdie onderskeid word ook in die vertaling van Mommsen, Krueger en Watson aangetref. Volgens die vertalers: “Clearly, not everyone charged with treason under the *lex Iulia* is on the same footing, but he who is charged with *perduellio* animated by a hostile spirit against the state or emperor (is liable after death); he who is charged under the *lex Julia* on treason on other grounds is cleared of the charge after his death.”[161] Dit is daarom duidelik dat hier twee vorme van *crimen maiestatis* ter sprake is. Die eerste is die generiese vorm, wat talle verskyningsvorme aanneem. Die tweede is *perduellio*. Ten opsigte van die misdaad van *perduellio* word 'n verdere vereiste gestel, naamlik dat die beskuldigde 'n vyandige oogmerk teen die staat of keiser moes gehad het.

Dit is opmerklik dat nie alle vorme van *crimen maiestatis* 'n bose opset in die *Digesta* vereis nie. *D 48.4.1* vereis 'n bose opset vir alle vorme daarin gelys, terwyl *D 48.4.2*

156 *D 48.4.1.1* soos vertaal deur Spruit *et al*, 6, p. 584. Sien ook *R v Endemann* 1915 TPD p. 142: p. 145.
157 *Het Gouvernement ca Gibson* 1898 Cape Law Journal p. 3.
158 Spruit *et al*, 6, p. 584.
159 “Closest to sacrilege is that crime which is called *treason*. The crime *treason* is that which is committed against the Roman people or against their safety” (my kursivering); T. Mommsen, P. Krueger en A. Watson (reds.), *The Digest of Justinian* 4, p. 802.
160 Spruit *et al*, 6, p. 587.
161 *D 48.4.11* soos vertaal deur Mommsen *et al*, 4 p. 804.

nie so 'n vereiste stel nie. *D 48.4.3* handel weer met 'n aantal vorme, maar slegs een vorm vereis uitdruklik 'n bose opset. Hier is ook twee onderskeie standpunte. Die eerste is dié van L.I. Coertze. Coertze verwys spesifiek na die werke van Matthaeus, Voet, Van Leeuwen, Huber en Van der Linden in sy gevolgtrekking dat *crimen maiestatis* alleen ter sprake is waar daar 'n publieke vyand bestaan.[162] Die tweede standpunt is dié van professor H.L. Gonin. Sy gevolgtrekking is dat 'n staat van oorlog nie noodwendig vir *crimen maiestatis* of *perduellio* vereis word nie. Volgens hom is 'n vyandige gesindheid 'n vereiste vir skuldigbevinding aan *perduellio*. Gonin gaan voort: "Dit geskied wanneer daar 'n vyand van die staat voor die hande is en die burger hom dan aan vyandelikhede skuldig maak, dit wil sê aan 'n gesindheid 'wat vriendeliker teenoor die vyand van die staat ingestem is as teenoor die staat self.'"[163] Met verwysing na die artikel van Gonin, het die hof in die *Mayekiso*-beslissing[164] tot die gevolgtrekking gekom dat twee vereistes ter sprake is, naamlik 'n publieke vyand en samewerking met daardie vyand. 'n Staat van oorlog is daarom nie 'n vereiste nie. In die geval van die Anglo-Boereoorlog het so 'n publieke vyand wel in die gedaante van Brittanje bestaan.

Waar ook met die toepaslike onderskeie vorme van *crimen maiestatis* gehandel word, sal telkemale uitgewys word dat die vorme, behalwe vir een uitsondering, nie so 'n bose oogmerk vereis het nie. In die bespreking hieronder sal ook uitgewys word dat die gemeenregtelike skrywers in bepaalde gevalle wel so 'n vereiste gestel het. Hierdie vereiste het dan beteken dat die betrokke handeling *perduellio* daargestel het. Voordat verder gegaan word, is dit nodig om ook kortliks met die ontwikkeling van *perduellio* in die Romeins-Hollandse reg te handel. Hierbo is reeds uitvoerig met die *crimen maiestatis* in die Romeins-Hollandse reg gehandel.[165]

Damhouder is die eerste Romeins-Hollandse skrywer wat met *crimen maiestatis* handel. Hy gebruik egter nie die woord *perduellio* nie. Volgens Damhouder stel die volgende handelinge *perduellio* daar: (1) 'n sameswering teen die staat (2) deur die aanstigting van oproer, en/of (3) deur hulpverlening aan die vyand. Oproer vind

---

162 "Hoogverraad word gepleeg met 'n vyandelike gesindheid, hieruit volg dat daar 'n vyand moet wees as onvermydelike voorwaarde vir hoogverraad. Dieselfde handeling word sedisie as daar geen vyand is nie." L.I. Coertze, "Hoogverraad of *perduellio* as *species* van *crimen majestatis imminutae*", *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 1, 1937, p. 282. Sien ook *S v Mayekiso and others* 1988 (4) SA p. 738 W: p. 742.

163 Gonin, p. 29. Sien ook *S v Mayekiso and others* 1988 (4) SA p 738 W: p. 742.

164 1988 (4) SA p. 838 W: p. 742.

165 Sien onderafdeling 5.2.1, *supra*.

plaas waar persone op 'n onwettige wyse oproer aanstig met die bedoeling om die staat omver te werp. Damhouder verwys ook na 'n minder ernstige vorm van die misdaad, naamlik die uitoefening van staatsgesag sonder die goedkeuring van die staat.[166]

Matthaeus verwys na die definisie, soos vervat in die *D 48*. Volgens hom word die misdaad gepleeg waar die veiligheid of vrede van die volk aangetas word. Matthaeus verklaar dat persone skuldig is aan *perduellio* indien hulle poog om die regering omver te werp of staatsgesag te ondermyn. As vereiste vir 'n skuldigbevinding vereis Matthaeus 'n vyandige bedoeling teenoor die staat.[167] Van Leeuwen verwys na twee vorme van *crimen laesae maiestatis*. So stel enige poging om staatsgesag met 'n vyandige oogmerk aan te tas, *crimen maiestatis* daar. Die misdaad kan ook gepleeg word waar 'n persoon, sonder toestemming, staatgesag uitoefen. Die misdaad *perduellio* vorm deel van die eerste groep handelinge, wat *crimen laesae maiestatis* daarstel.[168]

Huber verklaar ook dat *crimen laesae maistatis* plaasvind waar 'n persoon, met 'n bose opset, die veiligheid of waardigheid van 'n staat in gevaar stel.[169] In *R v Eramus*[170] het die hof verklaar dat die vorme, soos deur Huber omskryf, na *perduellio* verwys. Voet, aan die hand van Gothofredus, verwys na drie vorme van *crimen maiestatis*. Die eerste is *perduellio* terwyl die tweede groep na handelinge, wat die oppergesag van die staat skend, verwys. Die tweede groep word deur Voet as *crimen laesae venerationis* beskryf. Die laaste groep is die uitoefening van staatsgesag, sonder toestemming van die staat. Die meer ernstige vorm van die misdaad, *perduellio* of *crimen laesae maiestatis,* word gepleeg waar 'n persoon met 'n vyandige oogmerk poog om die staatsgesag omver te werp.[171] Dit is insiggewend dat die *Erasmus*-beslissing Voet se bespreking van *D 48* as teleurstellend beskryf, en verklaar dat sy bespreking hier aan duidelikheid ontbreek.[172]

---

166 Damhouder, pp. 112-114; *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 84-85.

167 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 220; *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 85.

168 C.W. Decker, *Het Roomsch Hollandsch recht; beschreeven door Mr. Simon van Leeuwen in zyn leven subsituit griffeir van den Hogen Rade van Holland, Zeeland en Westvriesland: waar in de Roomsche wetten, met het hedendaagsche Neerlandsch recht, in alles, dat tot de dagelyksche onderhouding kan dienen, met een byzonder kortheid, zo wel in de vaste rechtstoffen, als in de manier van rechtsvordering, overeengebragt werden*, pp. 231-244; *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 85.

169 Huber vertaal deur Gane, 2, p. 437; *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: pp. 85-86.

170 AD 1938 p. 73: p. 86.

171 Voet vertaal deur Gane, 7, pp. 346-347; *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: pp. 86-87.

172 "The commentary of *Voet* on the title *De lege Majestatis* is somewhat disappointing, and not written with

Hierna is die groepering van *crimen maiestatis,* soos deur Voet uiteengesit, in die Romeins-Hollandse reg aanvaar.[173] Moorman omskryf *perduellio* as 'n handeling met "een vyandelyk opset, iets doen of onderneemen, ten nadeele van den Staet, of van 's Lands Hooge Overigheit".[174] Moorman verklaar verder dat waar 'n handeling, soos in *D 48* uiteengesit met 'n vyandige oogmerk geskied, dit *perduellio* daarstel.[175]

Van der Keessel handel met *perduellio* en *crimen maiestatis*. Volgens hom vereis *perduellio* 'n vyandige bedoeling teenoor die staat. Hierdie vereiste word nie vir *crimen maiestatis* gestel nie. Hierna handel Van der Keessel met *perduellio* en verdeel dit in vier groepe. Die eerste verwys na handelinge, wat die eksterne veiligheid van die staat aantas, terwyl die tweede groep na handelinge, wat die interne veiligheid van die staat bedreig, verwys. Die derde groep verwys na handelinge, wat die staatsgesag aantas, terwyl die vierde groep na handelinge, wat teen die persoon van die keiser gerig is, verwys.[176]

Van der Linden is die laaste van die gemeenregtelike skrywers wat met *crimen laesae maiestatis* handel. Net soos die ander gemeenregtelike skrywers, vereis Van der Linden ook 'n vyandige bedoeling vir skuldigbevinding aan *perduellio*.[177] Hy tref wel onderskeid tussen *perduellio* en *crimen laesae maiestatis*. Volgens Van der Linden: "[*Crimen laesae maiestatis*] so far resembles that of high treason that is likewise committed by such acts as violate or endanger the security of the state; but differs from it in this respect, that it does not require that *hostile intention* without which high treason cannot exist."[178]

Die bespreking hierbo is aanduidend van die feit dat twee alternatiewe misdade hier ter sprake is. Die eerste is *perduellio*, waarmee reeds hierbo gehandel is. Die tweede is *crimen maiestatis*.

Hieronder word met die verskillende verskyningsvorme van *crimen maiestatis* en *perduellio* gehandel, wat toepassing vind op die gebeure tydens die oorgawe. Waar

---

his usual clearness of exposition." *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: pp. 86-87.

173 Moorman in Van Hasselt, p. 56; Decker, pp. 231-232 (vn).

174 Moorman in Van Hasselt, p. 56. Sien ook *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 87.

175 "Indien de beleediger, of hooner met syn segger of doen iets vyandlyks bedoelt, is het seeker, dat hy aen Hoogverraet, en dus aen het eerste lid van de *Lex Julia Majestatis* schuldigh is [...]." Moorman in Van Hasselt, pp. 78-79. Sien ook *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 87.

176 Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 653.

177 Van der Linden, p. 316. Sien ook *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 87.

178 H. Juta, *Institutes of Holland or manual of law, practice and mercantile law, for the use of judges, lawyers, merchants, and all who wish to have a general view of the law* [vertaal deur H. Juta vanuit die oorspronklike Nederland], pp. 202-203. Sien ook *R v Erasmus* AD 1923 p. 73: p. 87.

so 'n handeling ook met 'n vyandige oogmerk gepaard gegaan het, stel so 'n handeling *perduellio* daar. Indien dit ontbreek, stel dit *crimen maiestatis* daar.[179] Hier moet weer daarop gelet word dat Hoofstuk CXXXIX nie 'n kodifisering van hoogverraad of gekweste majesteit daargestel het nie.[180] Dit beteken dat *perduellio* en *crimen maiestatis*, soos deur die gemeenregtelike skrywers bespreek, ook deel van die OVS reg gevorm het.

Die gemeenregtelike skrywers is dit eens dat *crimen maiestatis* alleen teen 'n moondheid gepleeg kan word wat soewerein is. Met soewerein word hier bedoel 'n moondheid, wat geen ander gesag erken nie.[181] Voet en Moorman stel dit duidelik dat soewereiniteit nie met mag verwar moet word nie. Indien 'n staat, volgens Voet, geen ander gesag erken nie, is dit 'n soewereine staat. Die omvang van sy krygsmag is daarom nie bepalend van sy soewereiniteit nie. Soewereiniteit, volgens Voet, sluit die mag in om oorlog te verklaar en berus in 'n volk/nasie wat vry is. Ten opsigte van 'n vrye volk verwys dit na 'n volk wat geen ander gesag erken of daaraan onderworpe is nie.[182] Die proklamasie, waarin Brittanje aangekondig het dat die OVS verower is, en dat die ORC in die plek daarvan as deel van die Britse ryk tot stand gekom het, sou dus die majesteit van die OVS kon beëindig. Die veroweringsaansprake van Brittanje was egter duidelik voortydig.[183]

Net soos in die geval van *perduellio*, kan *crimen maiestatis* alleen gepleeg word deur 'n persoon, wat onder die gesag van die majesteit of mag van 'n soewereine moondheid staan.[184] Die indruk word ook geskep dat die *Digesta,* onder die generiese vorm van *crimen maiestatis*, 'n onderskeid tref tussen handelinge teen die staat met 'n vyandige oogmerk, en handelinge wat die majesteit van die staat minag, oneerbiedig of die waardigheid daarvan aantas. Laasgenoemde handelinge vereis nie 'n vyandige oogmerk nie. Die handeling is egter strafbaar, deurdat dit op 'n

---

179 Vir 'n verdere bespreking van die verskyningsvorm van gekweste majesteit, sien onderafdeling 5.3.2, *infra*.

180 "Niets in de voorgaande artikels vervat zal beschouwd worden de bestaande wetten, betreffende de in het vorige artikel vermelde misdaden, te wijzigen, af te schaffen, of te herroepen." Artikel 3, Hoofstuk CXXXIX van die *Wetboek van den Oranjevrijstaat*.

181 Voet vertaal deur Gane, 7, pp. 345, 351; Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 213; Moorman in Van Hasselt, pp. 34, 44-45; D. Hogendorp, *Verhandeling der lyfstraffelyke misdaaden en haare berchtinge, naar voorschrift des gemeenten rechts, getrokken uyt de schritften van den heer Benedictus Carpzovius, R.C. Raad van 't keurvorstendom Saxen*, pp. 301-303.

182 Voet vertaal deur Gane, 7, p. 351; Moorman in Van Hasselt, p. 45; Huber vertaal deur Gane, 2, p. 930.

183 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 6, hoofstuk 3, *supra*.

184 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, pp. 211-215; Huber vertaal deur Gane, 2, p. 930; Moorman in Van Hasselt, p. 50; Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 641. Sien ook A. Hewett en J Hallebeek, "The prelate, the praetor and the professor: Antonius Matthaeus II and the *crimen laesae majestatis*, Utrecht 1639-1640", *Tijdschrift voor Rechtsgeschiedenis*, p. 142.

afkeurenswaardige wyse die waardigheid of veiligheid van die volk aantas.[185] Die geraadpleegde skrywers is dit egter nie eens rakende die vraag of die meer ernstige vorm van *crimen maiestatis* opset vereis nie.[186] Dit is verder onduidelik wat met opset bedoel word. Huber verwys na 'n bose opset. Hy verklaar egter dat waar opset ontbreek, 'n minder ernstige straf opgelê moet word. Huber skryf verder dat 'n minder ernstige straf opgelê moet word waar die beskuldigde uit gierigheid, of vrees vir onvoorsienigheid gehandel het.[187] Dit is egter nie duidelik of Huber hier na die minder ernstige vorm van *crimen maiestatis*, soos vervalsing, verwys nie. Ander skrywers bespreek opset of gesindheid onder die verskillende vorme van *crimen maiestatis*. Met hierdie standpunte word hieronder gehandel.

5.3.2 Vorme van gekweste majesteit

(a) Oorgawe sonder 'n geldige rede

D 48.4.3 is van besondere belang vir die gebeure in die Brandwaterkom. Die betrokke gedeelte handel spesifiek met 'n bevelvoerder, wat sonder goeie rede oorgegee het, en lees soos volg: “De *lex Iulia* ter zake van majesteitsschennis heeft echter voorgeschreven dat wie het openbaar gezag beledigd heeft daarvoor aansprakelijk word gehouden. Als zodanig geld degene die in de oorlog is uitgeweken of zijn vesting of legerkamp zonder goede reden heeft overgeven”.[188] Ulpianus het hierdie verskyningsvorm as *crimen maiestatis* geklassifiseer.[189] Voorts is dit duidelik dat 'n vyandige opset nie in die betrokke gedeelte vereis word nie. Dit beteken dat die oorgawe die veiligheid van die staat in gevaar moet stel, en dat daar nie 'n verweer of geldige rede vir die oorgawe aangevoer kan word nie.[190]

Hier moet ook uitgewys word dat die vertalings van Spruit en Mommsen weer eens verskil. Mommsen vertaal die betrokke gedeelte met “recklessly yields a citadel or camp”.[191] Die vertaling van Spruit verwys na 'n bevelvoerder wat 'n vesting “sonder goeie rede oorgee”, terwyl Mommsen weer na 'n bevelvoerder verwys wat “roekeloos” of “onverskillig” handel. Hieronder word gesien dat beide vertolkings vir

185 Voet vertaal deur Gane, 7, p. 346; Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 211.
186 Huber vertaal deur Gane, 2, p. 929.
187 *Ibid*., pp. 929, 931.
188 Spruit *et al*, 6, pp. 548-585.
189 In die verband sien Greenidge, p. 238.
190 Spruit *et al*, 6, pp. 548-585.
191 Mommsen *et al*, 4, p. 803.

die gemeenregtelike skrywers aanvaarbaar is, ten einde skuldig bevind te word aan *crimen maiestatis,* of in die alternatief *perduellio*.

Verder is dit duidelik dat 'n bevelvoerder, volgens die volkereg, 'n bevoegde persoon is om oorgawe aan te bied.[192] Die *Digesta* verbied voorts nie oorgawe nie, maar vereis dat daar goeie redes moet bestaan voordat oorgawe aangebied word. Voet, in sy *De jure militari*, gee te kenne dat ongunstige toestande nie noodwendig gronde tot oorgawe daarstel nie. Volgens hom moet oorweging ook geskenk word aan 'n poging om terug te val, en sodoende 'n krygsmag se behoud vir verdere gebruik in die oorlog te verseker. Derhalwe ontstaan die vraag wanneer oorgawe geregverdig is.[193]

Voet antwoord dat daar nie van 'n bevelvoerder verwag kan word om die onmoontlike te vermag nie. Hy verwys ook na gevalle waar dit nie moontlik is om weerstand te bied nie. Weer eens is dit duidelik dat Voet ook in so 'n geval 'n terugval, eerder as oorgawe, meer wenslik ag.[194] Van der Keessel verklaar dat die misdaad van *crimen laesae maiestatis* hier gepleeg word deurdat die bevelvoerder versuim om sy plig uit te voer, naamlik om sy land te verdedig.[195]

Matthaeus en Moorman handel met omstandighede, waarin dit geregverdig sou wees om oor te gee. Hierdie omstandighede sluit in 'n tekort aan voedsel, en 'n oormag waarteen geen weerstand gebied kan word nie. Moorman verklaar ook dat oorgawe geregverdig is waar dit nie menslik moontlik is om langer die stryd vol te hou nie.[196]

Matthaeus, Voet in sy *De jure militari*, en Van der Keessel handel wel met 'n vyandige opset ten opsigte van die misdaad. Volgens hulle moet 'n hof bepaal of die bevelvoerder met 'n kwaadwillige bedoeling, of uit nalatigheid, onkunde, paniek of op grond van gebrekkige ervaring oorgegee het.[197] Waar 'n bevelvoerder met 'n vyandige bedoeling oorgegee het, verklaar Van der Keessel onomwonde dat so 'n daad hoogverraad daarstel.[198] Voet verklaar dat faktore soos nalatigheid, onkunde,

---

192 Sien onderafdeling 4.5, hoofstuk 10, *supra*.

193 Voet vertaal deur Van der Westhuizen, p. 213.

194 Voet vertaal deur Van der Westhuizen, pp. 214-215.

195 Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 657.

196 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 230; Moorman in Van Hasselt, pp. 70-71.

197 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 229; Voet vertaal deur Van der Westhuizen, pp. 216-217; Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 657.

198 Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 657.

paniek of 'n gebrek aan ervaring wel ten opsigte van straf in aanmerking geneem word. In hierdie opsig is dit duidelik dat die doodstraf nie sonder meer toepaslik is nie. Moorman is dit ook eens dat in so 'n geval die doodstraf nie noodwendig 'n gepaste straf is nie.[199] Anders as Voet, is Matthaeus en Van Hasselt van mening dat lafhartigheid en vrees nie hoogverraad daarstel nie.[200]

Ten opsigte van onervare, of verskrikte (bang of bevreesde) bevelvoerders verklaar Voet dat die persone verantwoordelik vir hulle aanstelling nie van aanspreeklikheid vir hulle oorgawe vrygespreek is nie. Volgens hom behoort die handeling van so 'n bevelvoerder die persoon, wat vir die aanstelling verantwoordelik was, toegereken te word. In dié opsig skryf Voet dat die persoon, wat so 'n aanstelling gemaak het, oor die nodige kennis van die vermoëns van persone deur hulle aangestel, moet beskik.[201]

Ten opsigte van die verwysing na Voet is dit derhalwe nodig om ook met M.T. Steyn, die staatspresident van die OVS wat vir die aanstelling verantwoordelik was, te handel.[202] Hieronder word eers met Prinsloo, die bevelvoerder op die dag wat oorgawe aangebied is, gehandel. Indien hier wel 'n saak bestaan waarop Prinsloo sou moes antwoord, beteken dit dat M.T. Steyn in bepaalde omstandighede ook genoop sou wees om hom teen so 'n beskuldiging te verweer.

(i) M. Prinsloo

Dit is duidelik dat Prinsloo die oorgawe van sy hele krygsafdeling aangebied het, terwyl dit steeds moontlik was om deur Golden Gate terug te val. Prinsloo het verder die geheel van die krygsmag onder sy bevel oorgegee, wat beteken het dat kommando's wat hulle reeds te Golden Gate bevind het, ook in die oorgawe ingesluit is.[203] As verweer sou Prinsloo weer op die wanorde in sy krygsmag kon wys, sowel as die onwilligheid om stellings in te neem. Die teendeel is egter dat Prinsloo, indien hy slegs die agterhoede van sy krygsmag oorgegee het, aan die groter meerderheid die geleentheid kon gee om deur Golden Gate terug te val. Daar is ook voldoende getuienis om aan te toon dat oorgawe nie noodwendig die enigste opsie ter

199 Voet vertaal deur Van der Westhuizen, pp. 216-217. Sien ook Moorman in Van Hasselt, p. 71.
200 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 230; Moorman in Van Hasselt, pp. 71-72.
201 Voet vertaal deur Van der Westhuizen, p. 216.
202 Voet vertaal deur Van der Westhuizen, p. 216. Sien onderafdeling 5.3.2(a)(ii), *infra*, waar met M.T. Steyn gehandel word.
203 Sien onderafdeling 2, hoofstuk 10, *supra*; onderafdeling 7, hoofstuk 11, *supra*.

beskikking van Prinsloo was nie. Verder is daar getuienis dat Prinsloo in sy oorgawe hom ook aan hoogverraad skuldig gemaak het.[204]

In *Het Gouvernment ca Gibson*[205] het die hof beslis dat die OVS volk met majesteit beklee is. In dié opsig het die grootste gedeelte van krygspligtiges, wat ook OVS stemgeregtigde burgers ingesluit het, die OVS oorlogspoging teen Julie 1900 versaak.[206] Dit is dus onduidelik hoe 'n hof sou bevind dat Prinsloo in die oorgawe die volk in groter gevaar gestel het as die ongeveer 6 000 OVS ingesetenes, wat in daardie stadium reeds 'n eed geneem het om hulle aan die verdere OVS oorlogspoging te onttrek.

Prinsloo was egter die bevelvoerder van die grootste krygsafdeling van die OVS mag op die dag wat hy oorgawe aangebied het. Die wyse waarop die oorgawe geskied het, getuig daarvan dat Prinsloo nie net gepoog het om oor te gee nie, maar ook om die oorlog te beëindig.[207] Dit spreek van 'n vyandige bedoeling, wat ook hier gronde stel vir 'n klag van hoogverraad of *perduellio*. Indien dit nie die geval was nie, is hier wel gronde vir 'n klag van gekweste majesteit, of *crimen maiestatis*.

(ii) M.T. Steyn

Voet verklaar soos volg in sy *De iure militari*: “Selfs diegene wat 'n bang of onervare bevelvoerder vir verdediging aangestel het, spring nie alle aanspreeklikheid vry nie. Indien so 'n bevelvoerder dus een of ander fout begaan het, moet dit in 'n sekere mate selfs aan diegene wat hom aangestel het, toegeskryf word. Die persoon wat die bevelvoerder aangestel het, behoort immers te weet wat die vermoëns is van die bevelvoerder aan wie se sorg hulle sulke belangrike aangeleenthede toevertrou.”[208] Die staatspresident, M.T. Steyn, was vir die aanstelling van Prinsloo as waarnemende hoofkommandant van die Brandwaterkom-krygsafdeling verantwoordelik. Hy het, ten spyte van talle waarskuwings rakende die geskiktheid van Prinsloo in dié hoedanigheid, besluit om wel so 'n aanstelling te maak. Die staatspresident het, ten tyde van dié aanstelling van Prinsloo, wel van die onvermoë of onbevoegdheid van Prinsloo kennis gedra. Hierdie gebreke het onder andere ingesluit dat Prinsloo hom nie as hoofkommandant in Natal onderskei het nie. Voorts

204 Sien onderafdeling 5.2.4, *supra*.
205 1898 Cape Law Journal p. 3.
206 Sien onderafdeling 3, hoofstuk 3, *supra*.
207 Sien hoofstukke 10 en 11, *supra*.
208 Voet vertaal deur Van der Westhuizen, p. 216.

het Prinsloo geweier om sy samewerking te gee ten opsigte van die afstaan van 'n kommando ter beskerming van Bloemfontein. Prinsloo se status as hoofkommandant het te Lindley ook tot spanning tussen hom en P.D. de Wet aanleiding gegee het.[209] Voorts plaas offisiere, soos waarnemende hoofkommandant P.H. Roux en kommandant W.J. Kolbe, onomwonde die skuld van die oorgawe voor die deur van M.T. Steyn.[210] Roux skryf ook soos volg na afloop van die oorlog aan C.R. de Wet: "En beide de President en gy waart bewust dat Prinsloo zoodanige aanstelling in zyn zak droeg, want de President schreef my na de oorgawe, betreurende zyne handelwyze in dezen. Daar deze aanstelling van Prinsloo de aanleidende oorzaak is geweest van al de later ontstane moeilykheden."[211]

Voet verklaar dat die persoon verantwoordelik vir die aanstelling van 'n onbekwame of onbevoegde persoon, ook aanspreeklik is indien so 'n persoon oorgee.[212] Dit wil egter voorkom of Voet nie noodwendig strafregtelike aanspreeklikheid bedoel nie. Dit is duidelik dat Prinsloo nie vir so 'n aanstelling geskik was nie. Hierdie feite was aan M.T. Steyn bekend. Dit het Prinsloo se onvermoë ingesluit om hom as offisier te onderskei, die versuim om opdragte uit te voer, en die probleme rakende sy status te Lindley. In die gevegte te Retiefsnek, sowel as in die verdediging van die Brandwaterkom, het Prinsloo weer gefaal om hom as offisier te onderskei. Die gebeure, wat handel met die Wepener-kommando, het weer eens daarop gewys dat Prinsloo die nakoming van bevele of opdragte nie eerste gestel het nie, maar eerder die belange van sy eie bevel. Hierdie gebeure het weer eens aangetoon dat Prinsloo nie geskroom het om sy rang as waarnemende hoofkommandant te misbruik ten einde sy eie bevel te bevoordeel nie, ongeag duidelike oorhoofse oogmerke soos deur die krygstrategie bepaal. Gevolglik word M.T. Steyn, vanweë sy besluit om Prinsloo aan te stel, ook in die oorgawe wat gevolg het geïmpliseer.[213]

(b) Versuim om bevel neer te lê

Die *Digesta* verwys verder na 'n persoon wat versuim om sy bevel aan sy opvolger op die afgespreekte tyd te oorhandig: "Op grond van diezelfde wet is ook

209 Sien onderafdelings 2.2, 4 en 5, hoofstuk 6, *supra*.

210 "De Pressedent, moet hem zelf verwijten. Hij was gewaarschiewd, en hij heeft het niet geloven", aldus Kolbe (OMBR, 6967/1: Kolbe-manuskrip, pp. 375-376). Sien ook Heyns: p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

211 Heyns: p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).

212 Voet vertaal deur Van der Westhuizen, p. 216.

213 Sien ook onderafdeling 3.6, *supra*.

aanspraakelijk [...] [wie] het bevel over het leger niet aan de opvolger heeft overdragen."[214] Weer is dit opmerklik dat 'n bose opset, of vyandige gesindheid nie in die betrokke gedeelte vereis word nie.[215] Net soos in die geval van 'n oorgawe sonder 'n geldige rede, het Ulpianus hierdie verskyningsvorm as *crimen maiestatis* geklassifiseer.[216]

Matthaeus verklaar dat versuim om bevel te oorhandig alreeds van 'n vyandige bedoeling teenoor die staat getuig.[217] Moorman bevraagteken die rede waarom 'n persoon versuim om sy bevel te ontruim nadat 'n opvolger aangewys is. Volgens hom is 'n bevelvoerder, gesteun deur 'n gewapende mag, ook die meester van die burgerlike regering. In hierdie opsig skryf Moorman alreeds 'n vyandige bedoeling toe aan 'n bevelvoerder, wat versuim om sy bevel te ontruim.[218]

Slegs Prinsloo se handelinge is van toepassing op die vorm van *crimen maiestatis* of *perduellio*. Hy is gedurende die nag van 27 op 28 Julie 1900 as waarnemende hoofkommandant verkies. Die krygsvergadering het ook bepaal dat die verkiesing van 'n waarnemende hoofkommandant eers afgehandel moet word.[219] Gedurende die nag van 29 op 30 Julie 1900 het Crowther, Van der Merwe en Roux vir Prinsloo besoek en hom in kennis gestel van die uitslag van die verkiesing. In daardie stadium was Prinsloo nie meer die hoofkommandant nie.[220] Hy moes gevolglik die rang ontruim en verder aan die bevele van Roux gehoor gee.

Dit is onduidelik of Roux enigsins gepoog het om bevele aan Prinsloo te gee. Daar is verder geen aanduiding dat Roux vir Prinsloo gearresteer het, of belet het om met die oorgawe voort te gaan nie. Prinsloo het hom egter nie soos 'n privaatburger gedra nie. Hy het met die oorgawe voortgegaan en op 30 Julie 1900 vir die afspraak met Hunter opgedaag. Gedurende die ontmoeting het hy ook aan Hunter verklaar dat hy nie kennis gehad het dat Roux intussen tot waarnemende hoofkommandant verkies is nie.[221]

---

214 *D 48.4.3* soos vertaal deur Spruit *et al*, 6, p. 584. Sien ook Robinson, p. 23.
215 *Ibid*.
216 In die verband sien Greenidge, p. 238.
217 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 228.
218 Moorman in Van Hasselt, pp. 68-69.
219 Sien onderafdeling 5.1, hoofstuk 9, *supra*.
220 Sien onderafdeling 4 en 5, hoofstuk 11, *supra*.
221 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 11, *supra*.

Geen verdere getuienis kon gevind word dat Prinsloo, na afloop van die gesprekke met Hunter, die oorgawe as 'n hoofkommandant afgehandel het nie. Die gebeure hierbo spreek ook van 'n wanordelike oorgawe, waar offisiere op die plaas van Salomon Raath kennis van die oorgawe ontvang het, maar geen verdere bevele vir die oorgawe ontvang het nie.[222]

Aan die anderkant is dit duidelik dat Prinsloo wel met die oorgawe voortgegaan het. Deur met die ontmoeting met Hunter voort te gaan, het Prinsloo te kenne gegee dat hy steeds die bevelvoerder was. So het hy ook die voorbeeld vir ander offisiere en burgers gestel om met die oorgawe voort te gaan. Prinsloo het sodoende die posisie van Roux as sy bevelvoerende offisier ondermyn.[223]

Prinsloo het verder ook 'n skrywe aan C.R. de Wet gerig, waarin hy hom van die oorgawe in kennis gestel het. In die skrywe het Prinsloo aangedui dat hy 'n hoofkommandant was. Dit is egter duidelik dat Prinsloo, vanweë die afhandeling van die verkiesing op die betrokke dag, nie meer in dié hoedanigheid opgetree het nie.[224]

Die beskrywing deur Moorman toegepas op die oorgawe van 30 Julie 1900, skep weer eens die indruk dat Prinsloo versuim het om die bevel te ontruim, met die doel om die oorgawe te finaliseer. In so 'n motief is reeds 'n vyandige bedoeling, naamlik om die oorlog tot 'n einde te bring. So 'n einde kon beteken dat die OVS deur die Britse magte onderwerp is. Hier is daarom weer eens sprake van *perduellio*. Indien so 'n vyandige oogmerk nie bestaan het nie, is *crimen maiestatis* 'n gepaste aanklag.

Ter versagting van die posisie moet vermeld word dat die krygsafdeling, onder bevel van Prinsloo, aan die besluit tot oorgawe gebonde was. Hierdie besluit is reeds op 29 Julie 1900 geneem. Roux, as die opvolger van Prinsloo, was daarom in eer gebonde om die oorgawe, soos deur sy voorganger aangebied en deur Hunter aanvaar, af te handel. Dit is duidelik dat Roux nie hiervoor kans gesien het nie. Dit het in effek beteken dat die krygsafdelings in die Brandwaterkom nie oor die dienste van Prinsloo of Roux beskik het nie. Die wanorde van die voorafgaande dae was dus ook tekenend van die oorgawe op 30 Julie 1900 en die daaropvolgende dae.

222 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 11, *supra*.
223 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 11, *supra*.
224 Sien onderafdeling 8, hoofstuk 11, *supra*.

(c) Bevel in die steek laat

D 48.4.3 verklaar voorts dat 'n persoon, wat sy bevel of die Romeinse leër in die steek laat, aan *crimen maiestatis* skuldig is.[225] Net soos in die geval van oorgawe sonder 'n geldige rede, en versuim om bevel neer te lê, het Ulpianus hierdie verskyningsvorm as *crimen maiestatis* geklassifiseer.[226]

Matthaeus, Voet, Moorman en Van der Keessel verklaar dat die staat só die dienste van 'n bevelvoerder verloor. Voorts stel die afwesigheid van 'n bevelvoerder 'n krygsmag aan wanorde bloot. Dit lei gewoonlik ook daartoe dat die krygsmag minder vasberade en bekwaam in gevegsituasies optree, en dit kan tot grootskaalse vrees aanleiding gee. 'n Bevelvoerder is daarom, volgens Voet, belet om sonder toestemming van die opperbevel sy pos te verlaat.[227] Net soos in die geval van oorgawe sonder 'n geldige rede, lys Voet en Van der Keessel dié vorm van *crimen maiestatis* onder die hoof van *perduellio*. Hierbo is reeds uitgewys dat die *Digesta* in hierdie verband nie 'n vyandige of bose opset vereis nie.[228]

Dit is ironies dat Roux, wat op die hoofkommandantsverkiesing aangedring het, versuim het om op die dag wat die oorgawe plaasgevind het bevel te neem. Sy aandrang op die verkiesing het sekerlik tot die verwarring rakende die bevel aanleiding gegee, wat in die dae voor sy verkiesing geheers het. Tog versuim Roux om gedurende die nag van 29 op 30 Julie 1900 instruksies aan Prinsloo te gee. Hy skep inderwaarheid, deur hierdie versuim, 'n geleentheid vir Prinsloo om die oorgawe af te handel.[229]

Op 30 en 31 Julie 1900 doen Roux verder niks om die oorgawe te finaliseer, of om bevele te gee ten einde van die geleentheid, om aan die oorgawe te ontsnap, gebruik te maak nie. Roux, hoewel hy dit ontken het, se eie handelinge as die nuwe waarnemende hoofkommandant, is beperk tot 'n oorgawe onder protes. Hierdie oorgawe geskied voorts op so 'n geheimsinnige wyse, dat die oorblywende magte onder sy bevel nie daarvan kennis ontvang het nie.[230] Roux se aandeel in die

---

225 "Als zodanig geld degene [...] voorts wie zijn commando of het leger van het Romeinse volk in de steek heeft gelaten [...]." *D 48.4.3* soos vertaal deur Spruit *et al*, 6, p. 585.

226 Sien ook Greenidge, p. 238.

227 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 228; Voet vertaal deur Van der Westhuizen, pp. 231-232; Moorman in Van Hasselt, p. 70; Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 655.

228 *D 48.4.3* soos vertaal deur Spruit *et al*, 6, pp. 584-585. Sien ook Voet vertaal deur Van der Westhuizen, pp. 231-232; Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 655.

229 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 11, *supra*.

230 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 11, *supra*.

oorgawe word goed in die herinnering van T. Wessels saamgevat. Volgens Wessels was Roux nie vir die oorgawe verantwoordelik nie, maar wel vir die feit dat so 'n groot aantal offisiere by die uiteindelike oorgawe ingesluit is.[231] Roux se handeling hier, met verwysing na Voet en Van der Keessel, kan daarom *perduellio* daarstel. In die alternatief is 'n aanklag van *crimen maiestatis* geregverdig. Roux se versuim en die ernstige gevolge van die oorgawe, naamlik die verowering van die OVS, is eerder aanduidend van die meer ernstige aanklag van *perduellio*.

In alle billikheid teenoor Roux, moet gemeld word dat hy as die waarnemende hoofkommandant in eer gebonde was om die oorgawe te finaliseer. Indien Roux egter so sou verkies, kon hy net soos Fourie, Olivier en Froneman ook aan die oorgawe ontsnap het. Roux sou in so geval met latere gevangeneming van 'n oorlogsmisdaad beskuldig kon word.[232] In so geval sou hy as verweer kon opper dat die oorgawe op 'n onregmatige wyse geskied het, of dat Prinsloo sy mandaat oorskry het. Die studie het duidelik aangetoon dat Roux, net soos Prinsloo, 'n onbevoegde bevelvoerder was. Dit was ongelukkig nie moontlik om te bepaal wie vir Roux se aanstelling verantwoordelik was nie. Indien dit wel moontlik was, sou dié persoon ook so 'n aandeel in die oorgawe verkry het.[233]

(d) Die uitvoering van staatsfunksies sonder magtiging

Nog 'n vorm van *crimen maiestatis* is waar 'n amplose burger hom wederregtelik en met bose opset voordoen as 'n funksionaris, wat met staatsgesag beklee is.[234] Net soos in die geval van oorgawe sonder 'n geldige rede, versuim om bevel neer te lê en 'n bevel in die steek laat, het Ulpianus hierdie verskyningsvorm *crimen maiestatis* geklassifiseer.[235]

Matthaeus verklaar dat dit ook persone insluit wat wel funksionarisse is, en hulle magte oorskry.[236] Dit is duidelik dat so 'n handeling alleen *crimen maiestatis* daarstel, indien dit die veiligheid of die waardigheid van die staat aantas. So 'n handeling kan ook *perduellio* daarstel waar dit met 'n vyandige oogmerk uitgevoer word.[237]

---

231 VAB, A118/52: T. Wessels — Stop van Myne, 25.6.1944 (brief).

232 Sien onderafdeling 5.6, *infra*.

233 Vir die beginsels van toepassing, sien onderafdeling 5.3.2, *supra*.

234 "[V]oorts wie welbewust en met boos opzet als ambteloos burger heeft gehandeld als ware hij bekleed met enig gezag of ambt [...]." *D 48.4.3* vertaal deur Spruit *et al*, 6, p. 585.

235 In die verband sien Greenidge, p. 238.

236 Matthaeus vertaal deur Hewett en Stoop, 2, p. 231. Sien ook Hogendorp, p. 306.

237 Van der Keessel vertaal deur Beinart en Van Warmelo, 2, p. 665.

Wanneer hierdie verskyningsvorm van *crimen maiestatis* op die oorgawe van 30 Julie 1900 van toepassing gemaak word, oorvleuel dit met die vorm om te versuim om die bevel te ontruim. In dié opsig sou Prinsloo daarvan beskuldig kon word dat hy hom voorgedoen het as 'n hoofkommandant, wetende dat Roux op daardie stadium reeds tot die rang verkies is. Prinsloo het die oorgawe egter op 29 Julie 1900 gefinaliseer. Op dié betrokke dag was hy wel die bevelvoerder.

Dit is egter nie duidelik of Prinsloo, kragtens die OVS militêre reg, bevoeg was om oorgawe sonder die tussenkoms van 'n krygsvergadering aan te bied nie. In hierdie opsig is aangetoon dat daar geen regsplig, kragtens die *Krijgs- en Commandowet*,[238] op 'n bevelvoerder gerus het om hoegenaamd van 'n krygsvergadering in sy bevel gebruik te maak nie. Daar is wel sterk aanduidings gevind dat daar 'n gevestigde gewoonte in dié verband bestaan het.[239] Hierdie gewoonte kan teruggevoer word na die Tweede Vrystaat-Basoeto Oorlog (1865-1866). Dit mag ook wees dat die OVS die gebruik van die ZAR oorgeneem het, waar krygsvergaderings gebruik is om militêre besluite te neem. In dié verband sou aangevoer kon word dat Prinsloo sy bevoegdhede in die oorgawe oorskry het.

Dit is verder duidelik dat Prinsloo in die gebeure in aanloop tot die oorgawe op 30 Julie 1900 nie van krygsvergaderings gebruik gemaak het nie. Die krygsvergaderings wat wel gehou is, het op aandrang van Roux geskied. In dié opsig mag dit wees dat Prinsloo wel van mening was dat dit nie nodig was om 'n krygsvergadering vir doeleindes van oorgawe byeen te roep nie. Voorts is die besluite van die krygsvergadering van 27 op 28 Julie 1900 onduidelik, deurdat slegs twee persone met die inhoud van die vergadering handel.[240]

Tog gee Roux en Van der Merwe aanduidings dat die krygsvergadering van 27 op 28 Julie 1900 uitdruklik teen oorgawe besluit het. Die mandaat aan Prinsloo was om 'n wapenstilstand aan te vra, met die doel om met die regering in verbinding te tree.[241] Prinsloo het daarom sy mandaat oorskry, deurdat hy, in stryd met die krygsvergadering se besluit, oorgawe aangebied het. Weer gee die gebeure die

238 Wet 10/1899.

239 Artikels 47 en 48 van die *Wet voor den krijgsdiens in de Zuid-Afrikaansche Republiek* (Wet 20/1898 (ZAR)). Sien ook onderafdelings 2 en 4, hoofstuk 2, *supra*.

240 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 9, *supra*.

241 Sien onderafdeling 5.2, hoofstuk 9, *supra*.

indruk dat Prinsloo gepoog het om die oorgawe so spoedig moontlik af te handel.[242] Hy het waarskynlik ook verkies om nie van 'n krygsvergadering gebruik te maak nie. Ten opsigte van die vorm van *crimen maiestatis*, sou dit ook vir Prinsloo nodig gewees het om te verduidelik waarom hy, in stryd met die krygsvergaderingsbesluit van 27 op 28 Julie 1900, gehandel het. Prinsloo sou na alle waarskynlikheid aangevoer het dat Roux en Van der Merwe se vertolking van dié besluit verkeerd was. By gebrek aan 'n duidelike besluit, is dit besonder moeilik om te bepaal of Prinsloo sy mandaat oorskry het al dan nie.

(e) Oproer

Prinsloo het volgens Roux en Brink, kort na afloop van die vertrek van die staatspresident en C.R. de Wet, bepaalde uitlatings ten opsigte van dié twee persone gemaak.[243] Die vraag ontstaan of Prinsloo hom deur sy woorde skuldig gemaak het aan “gekweste majesteit” of in die alternatief *perduellio*. In die opsig verwys die *Digesta* na 'n persoon wat soldate tot oproer aanmoedig deur hulle woorde of gedrag. Die *Digesta* vereis dat die woorde 'n opstand tot gevolg moes gehad het.[244] Die herinneringe van Roux en Brink dui daarop dat die gewraakte woorde van Prinsloo, indien hy dit wel geuiter het, nie oproer tot gevolg gehad het nie. Dit mag egter wees dat die woorde die reeds tanende krygsmoreel 'n verdere knou toegedien het en uiteindelik ook tot die oorgawe op 30 Julie 1900 bygedra het.

Voorts was die staatspresident nie met majesteit beklee nie. Hierdie gevolgtrekking is gegrond op *Het Gouvernement ca Gibson*.[245] In die beslissing het die OVS hooggeregshof beslis dat majesteit in die volk en nie die Volksraad gesetel was nie. Die beslissing stel die volgende kriteria vir 'n suksesvolle aanspraak op majesteit: die reg om oorlog te verklaar en vrede te sluit; die oppergesag oor alle burgers van die staat; die mag om godsdiensbeoefening te reguleer; die mag om reg in persoon of deur ander funksionarisse te spreek; die mag om reg te skep, te wysig of te herroep; en die mag om funksionarisse van die staat aan te stel. Die staatspresident, vir doeleindes van die oorlog, het wel oor uitgebreide bevoegdhede beskik, wat ingesluit

242 Sien die bespreking in hoofstuk 10, *supra*.
243 Vir 'n verdere bespreking, sien onderafdeling 8, hoofstuk 7, *supra*.
244 *D 48.4.1* vertaal deur J.E. Spruit, R. Feenstra en F.B.J. Wubbe, *Corpus iuris civilis: teks en vertaling* 6, p. 584.
245 1898 *Cape Law Journal*, pp. 1-10.

het om reg te skep.[246] Dit word egter betwyfel of die staatspresident die uitsluitlike bevoegdheid gehad het om reg te spreek. Ten tyde van die beweerde gewraakte woorde van Prinsloo was hierdie bevoegdheid hoofsaaklik in die hande van krygsrade en ander howe. Die staatspresident het nie die uitsluitlike bevoegdheid gehad om oorlog te verklaar of vrede te sluit, sonder toestemming van die Volksraad nie.[247] Met inagneming van die toestande sou wel aangevoer kon word dat Prinsloo hom daarvan moes weerhou het om sulke uitsprake in die openbaar te maak, veral as gelet word op die oorlogsmoegheid wat reeds onder offisiere en burgers geheers het.[248]

5.4 Verraderlike verstandhouding met die vyand

Artikel 58 van die *Krijgs- en Commandowet*[249] verwys na die misdaad verraderlike verstandhouding met die vyand, of hulpbetoning aan die vyand. Hierdie misdaad word nie spesifiek in die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* omskryf nie. Die wet lys die oortreding as 'n misdaad, wat binne die jurisdiksie van 'n krygsraad berus. Geen verdere besonderhede kon egter oor die misdaad verkry word nie. By gebrek aan 'n verdere omskrywing, kan die misdaad nie op die oorgawe van toepassing gemaak word nie.

5.5 Pligsversuim

Artikel 64 van die *Krijgs- en Commandowet*[250] verwys ook na die misdaad pligsversuim. Die wet bevat geen duidelike omskrywing van die misdaad nie. Die betrokke artikel verklaar slegs dat burgers en ander persone strikte gehoorsaamheid aan die bevele van hul offisiere verskuldig is. Hierdie misdaad berus ook binne die jurisdiksie van 'n krygsraad. Dit is duidelik dat die wet pligsversuim nie as 'n besondere ernstige misdaad beskou nie. So bepaal artikel 64 dat 'n krygsraad, na gelang van die aard en omstandighede van die misdaad, 'n boete van hoogstens £10 of een maand gevangenisstraf kan oplê. Daarenteen is die straf om nie oor die

246 Sien artikels 2 en 3 van die *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens eenen oorlog* (34/1899).
247 Sien artikel 38 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*.
248 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 5, *supra*. Sien ook onderafdeling 9, *infra*.
249 Wet 10/1899.
250 Wet 10/1899.

voorgeskrewe uitrusting te beskik nie, strafbaar met £ 37 S 10 of drie maande gevangenisstraf.[251]

Gedurende die groter krygsvergadering van die OVS en Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gehou in Maart 1900 is aan krygsrade die mag verleen om offisiere, wat versuim het om hulle plig uit te voer, van hulle range te onthef. Hierdie besluit het gevolg op 'n voorstel van C.R. de Wet.[252] Vervolgens word gehandel met die optrede van 'n aantal rolspelers, ten einde te bepaal of hulle hul wel aan pligsversuim skuldig gemaak het al dan nie.

5.5.1 C.R. de Wet

Dit is nodig om weer te vermeld dat die posisie van C.R. de Wet as die opperbevelvoerder, tot en met die oorgawe van 30 Julie 1900, onseker is. Vir doeleindes van die bespreking word aanvaar dat hy wel in dié hoedanigheid opgetree het. Ten opsigte van sy bevel is dit opmerklik dat hy 'n gewysigde bevel daargestel het. Hierdie bevel het nie kragtens die 1899 militêre wetgewing bestaan nie. Voorts is dit duidelik dat C.R. de Wet tot na die oorgawe nie die bevoegdheid gehad het om verandering aan die militêre wetgewing te maak nie.[253]

Die rebelle-proklamasie is ook nie deur C.R. de Wet weerspreek nie.[254] Die vrese wat daaruit ontstaan het, kon die indruk by talle offisiere geskep het dat die Britse magte wel bereid was om 'n toegewing rakende die status van krygsgevangenes, in stede van rebelle, te maak.[255] Die organisasie van die OVS krygsmag ten tyde van die vertrek van C.R. de Wet in die nag van 15 op 16 Julie 1900, laat ook veel te wense oor. So is daar duidelik aangetoon dat talle offisiere nie kennis van die gewysigde krygstrategie gekry het nie. Dit het weer beteken dat die krygsafdeling van Prinsloo en Roux in 'n geskil betrokke geraak het, wat direk met die versuim verband gehou het. Voorts is ook aangetoon dat die bevele rakende die toewysing van die Wepener-kommando waarskynlik van so aard was dat dit die oplossing van die geskil verder bemoeilik het. C.R. de Wet het laastens die twee krygsafdelings sonder

---

251 Sien artikel 38 (Wet 10/1899).

252 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Kommandant-generaal-versameling (KG) 854: “Extract uit de Notulen van den Krygsraad, te Kroonstad vergaderd op Zaterdag, den 17de Maart 1900”; W.L. von R. Scholtz en I.M.E. Scholtz (reds.), “Dagboek van C.J. Asselbergs”, *Christiaan de Wet-annale* 5, 1978, p. 52; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 5, pp. 164-165.

253 Sien onderafdelings 5 en 6, hoofstuk 2, *supra*.

254 Vir 'n bespreking van die rebelle-proklamasie, sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

255 Sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

'n oorhoofse bevelvoerder, wat toesig oor die uitvoering van die gekose krygstrategie moes hou, gelaat.[256] Ter versagting van die posisie, moet hier weer gewys word op die inmenging in militêre aangeleenthede aan die kant van die staatspresident. Die aanstelling van Prinsloo is sekerlik 'n sprekende voorbeeld hiervan.[257]

5.5.2 M. Prinsloo

Prinsloo se handelinge in die oorgawe bied moontlike getuienis van hoogverraad of in die alternatief *perduellio* of *crimen maiestatis*.[258] Het Prinsloo egter kennis van die tweede krygstrategie, soos deur De Wet beskryf, ontvang? Slegs een bron verklaar uitdruklik dat Prinsloo wel kennis van die tweede krygstrategie ontvang het.[259] Daar is ander omstandigheidsgetuienis wat daarop dui dat Prinsloo wel kennis van die gewysigde krygstrategie gehad het. So het Prinsloo hom nie in verbinding met hoofkommandant F.J.W.J. Hattingh gestel nie, maar verkies om die geskil met Roux, rakende die Wepener-kommando se posisie, uit te rek. Waarom het Prinsloo nie onverwyld daarop aangedring dat Hattingh onmiddellik sy krygsafdeling tot die Brandwaterkom-krygsafdeling voeg nie?[260] Die argument sou hier gevoer kon word dat Prinsloo kennis gehad het dat die krygstrategie gewysig is en om dié rede verkies het om hom nie met Hattingh in verbinding te stel nie. Hierdie is egter 'n afleiding uit die gebeure, met geen bron wat die bepaalde punt weerlê of bevestig nie.

Daarmee tesaam was Prinsloo verantwoordelik daarvoor dat 'n groot aantal waens, osse en perde in die hande van die Britse magte geval het. Hierdie verlies, hoewel nie van wesenlike belang vir 'n guerrilla-krygsmag nie (behalwe vir die perde), het weer die Britse oorlogspoging versterk, deurdat die goedere ter beskikking van die Britse oorlogspoging gestel is. Prinsloo het die beskerming van die goedere ook as prioriteit gestel. Sy moontlike mistasting dat die goedere nie vir beslaglegging vatbaar was nie, mag moontlik daarvoor verantwoordelik wees dat hy dit nie vernietig het nie. In die lig van die aanwesigheid van persoonlike eiendom word egter betwyfel of enige opdrag om die goedere te vernietig, gehoorsaam sou word.

---

256 Sien hoofstuk 7, *supra*.
257 Sien onderafdelings 4 en 5, hoofstuk 6, *supra*.
258 Sien onderafdelings 5.2.1 en 5.3.2 (a), (b) en (d), *supra*.
259 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 6, *supra*; onderafdeling 4.3, hoofstuk 10, *supra*.
260 Sien onderafdeling 7, hoofstuk 7, *supra*.

Nòg Prinsloo, nòg Roux het verder verseker dat hulle bevel oor voldoende militêre inligting beskik. Nie een van die twee bevelvoerders was bewus van die verwikkelinge te Nauwpoort nie.[261] Hunter verklaar ook dat, indien Roux of 'n ander bekwame bevelvoerder op die betrokke dag bevel gevoer het, sake na alle waarskynlikheid anders kon verloop het.[262] In hierdie opsig wil dit voorkom of Hunter ook geen vertroue gehad het in die wyse waarop Prinsloo bevel gevoer het nie.

5.5.3 P.H. Roux

Roux het versuim om uitvoering te gee aan die opdrag om sy krygsafdeling na sy toegekende gebied te verplaas. Hy het die versuim voor die deur van Prinsloo geplaas, wat geweier het om die Wepener-kommando na sy krygsafdeling oor te plaas. Die bevele verbonde aan die eerste krygstrategie kon egter nie gevind word nie. Die geskil, wat tussen Prinsloo en Roux rakende die Wepener-kommando ontstaan het, is daarom eerder die gevolg van swak geformuleerde bevele.[263]

Met reg kan die vraag gevra word of Roux, in die lig van bostaande bevinding, enigsins die skuld vir sy versuim om aan die bevel om die Brandwaterkom te verlaat, toegereken kan word. In dié opsig is daar blyke dat Roux nie opgewasse was om hom teenoor Prinsloo te laat geld nie. Voorts het Roux die skuld vir sy versuim om sonder die Wepener-kommando uit te trek, aan sy krygsvergadering toegeskryf, wat geweier het om sonder die kommando die Brandwaterkom te verlaat.[264]

Daarmee tesaam het die studie daarop gewys dat Roux se bevel deur 'n gebrek aan militêre inligting gekenmerk is.[265] Ter verdediging van Roux kan wel gemeld word dat hy waarskynlik nie die ondersteuning van sy offisiere gehad het nie. By gebrek aan dié ondersteuning, het Roux telkemale krygsvergaderings belê. Die vergaderings het onnodig tyd geneem en het weinig tot die oplossing van die inherente probleem, naamlik Roux se onvermoë om bevel te voer, bygedra.[266] Roux se onvermoë om langs hierdie weg sukses te behaal, blyk verder uit die feit dat Prinsloo daarin geslaag het om sonder die tussenkoms van 'n krygsvergadering oor te gee.[267] Die studie kon egter nie bepaal wie vir die aanstelling van Roux verantwoordelik was nie.

---

261 Sien onderafdeling 8, hoofstuk 7, *supra*.
262 The National Archives (TNA), War Office (WO) 105/24, p. 4: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).
263 Sien onderafdeling 6 *et seq.*, hoofstuk 6, *supra*.
264 Sien onderafdeling 6 *et seq.*, hoofstuk 6, *supra*.
265 Sien onderafdeling 10, *supra* waar die punt reeds uitgewys is.
266 Sien onderafdelings 7 en 8, hoofstuk, 7, *supra*; onderafdeling 5, hoofstuk 9, *supra*.
267 Sien hoofstukke 10 en 11, *supra*.

So 'n persoon het ook versuim om sy plig uit te voer om 'n meer ervare en geskikte bevelvoerder aan te stel.

Ten slotte het die studie talle weerspreking tussen die herinneringe van Roux en ander bronne aangestip. In hierdie opsig het die herinneringe van Roux in bepaalde opsigte geblyk om 'n weergawe daar te stel, wat hom bevoordeel het. Die verskille tussen Roux se weergawe en ander weergawes word na afloop van die oorlog soos volg verduidelik: “Ik respecteer de gedachtenis dergenen die hun leven voor hun land hebben neergelegd, doch dit zal my niet verhinderen te verklaren, dat er officieren uit Nauwpoort zyn ontvluch voor wier dapperheid of eerlykheid, of karakter, ik geen duit wil geven, en zyn ’t die rapporten droegen van wat *met* my by Prinsloos overgave plaats vond.”[268]

5.5.4 F.J.W.J. Hattingh

Kragtens die bepalings van die tweede krygstrategie sou die krygsafdeling, onder bevel van veggeneraal J. Crowther, deel van die Hattingh-krygsafdeling word. Hierdie was die gevolg van 'n wysiging van die krygstrategie. Dit is verder duidelik dat talle offisiere nie kennis van die krygstrategie gehad het nie.[269] Vir doeleindes van die oorgawe ontstaan die vraag egter of die Drakensberg-krygsafdeling deel van die Brandwaterkom-krygsafdeling moes word. Die wysiging van die krygstrategie het beteken dat dié krygsafdeling nie deel van die Brandwaterkom-krygsafdeling sou word nie. Die gebrek aan kennis, rakende die wysiging, het beteken dat offisiere binne die Brandwaterkom onder die indruk was dat die krygsafdeling wel deel van die Brandwaterkom-krygsafdeling was. Vir dié rede het Prinsloo waarskynlik ook die Drakensberg-krygsafdeling in onderhandelinge rakende die oorgawe ingesluit.[270]

Hierdie argument het die Britse posisie aansienlik bemoeilik, deurdat die krygsafdeling wel tot en met die oorgawe aan krygsoperasies deelgeneem het, maar nie in die oorgawe ingesluit was nie. Met die aankoms van die Britse magte in die distrikte Harrismith en Vrede is ook gevind dat die krygsafdeling ontbind het. Die vraag het daarom regtens ontstaan of die offisiere en burgers, verbonde aan die

268 Heyns, p. 18: P.H. Roux — C.R. de Wet, 23.2.1903 (afskrif van brief).
269 Sien onderafdelings 6.3.1 en 6.3.2, hoofstuk 5, *supra*.
270 L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 4, p. 338.

krygsafdeling, ook krygsgevange geneem moes word, of andersins toegelaat moes word om met hulle gewone bedrywighede voort te gaan.[271]

5.5.5 J.F. Potgieter

Die aanklagte teen kommandant J.F. Potgieter is besonder ernstig, deurdat hy in die eerste plek versuim het om die opdragte van waarnemende hoofkommandant P.H. Roux uit te voer, deur die skrywe van Roux te vernietig. Daarenteen het Potgieter die opdrag van waarnemende hoofkommandant M. Prinsloo aangestuur, wat ongetwyfeld daartoe aanleiding gegee het dat talle ander burgers en offisiere uiteindelik in die oorgawe ingesluit is. Dit moet egter onthou word dat Roux in eer gebonde was om die oorgawe, soos deur sy voorganger Prinsloo beding, uit te voer. Dit was egter nie vir Potgieter om hieroor te besluit nie. Ter versagting moet hier vermeld word dat Potgieter na alle waarskynlikheid die slagoffer van die verwarrende omstandighede, rakende die verkiesing van 'n hoofkommandant, was.[272] Weer is dit ironies dat die verkiesing op aandrang van Roux geskied het.

5.5.6 Burgers

Die vraag ontstaan of die OVS burgers, wat aan die bevel tot oorgawe gehoor gegee het, ook van oneervolle gedrag beskuldig kon word. Hierdie burgers was, kragtens die bepalings van die *Krijgs- en Commandowet*,[273] gehoorsaamheid aan die wettige bevel van hulle offisiere verskuldig. Ten opsigte van die volkereg, was offisiere bevoeg om 'n oorgawe te gelas. Daarmee tesaam was die burgers waarskynlik ook nie ten volle vertroud met die gebeure, soos dit in talle krygsvergaderings afgespeel het nie. Burgers sou daarom nie sonder meer die wettigheid van die bevel tot oorgawe kon bevraagteken nie.

Die sogenaamde gunstige voorwaardes beding is ook deur die offisiere aan die burgers voorgehou. Voorts was dit die offisiere, en nie die burgers nie, wat moes bepaal of voortgesette weerstand enige verdere doel gedien het al dan nie. Die burgers, wat daarom oorgegee het, het op bevel van hulle offisiere gehandel. Indien die betrokke offisiere 'n wanvoorstelling, met betrekking tot die juiste militêre situasie en voorwaardes beding, gemaak het, kan dit nie die burgers toegereken word nie. In

---

271 Sien onderafdeling 7, hoofstuk 11, *supra*.
272 Sien onderafdeling 4, hoofstuk 11, *supra*.
273 Wet 10/1899.

so 'n geval was die offisiere vir die handelinge aanspreeklik. Die jurisidiksie om die offisiere tot verantwoording te roep, was in die OVS gesetel, wat na afloop van die oorgawe opgehou het om te bestaan. Geen verdere regshandelinge is daarom teen die betrokke offisiere geneem nie.

5.6 Oorlogsmisdade

Oppenheim verklaar dat 'n skending van 'n oorgawe 'n oorlogsmisdaad daarstel.[274] Het die OVS burgers en offisiere, wat nie aan die bevel tot oorgawe gehoor gegee het nie, derhalwe 'n oorlogsmisdaad gepleeg?. Die studie het ook daarop gewys dat die wyse waarop die oorgawe geskied het, die OVS nie tot eer gestrek het nie. In dié omstandighede het Prinsloo, in sy poging om die oorlog tot 'n einde te bring, sommige offisiere en burgers genoodsaak om nie sy opdragte uit te voer nie. Wat pligsversuim betref, is die handelinge van die offisiere sekerlik verskoonbaar. Prinsloo het ook kennis gedra dat offisiere en burgers, wat versuim om gehoor te gee aan die bevel om oor te gee, 'n oorlogsmisdaad pleeg. Die gevolg was dat hierdie persone, in 'n poging om gehoor te gee aan die bevele van hulle opperbevelhebber en in die beskerming van onafhanklikheid en vryheid van die staat, van hulle status as oorlogvoerendes gestroop kon word. Die gevaar was derhalwe groot dat dié groep offisiere en burgers later met gevangeneming gefusilleer kon word.

Wat Hunter betref, blyk sy vertroulike skrywe aan sy opperbevelvoerder dat hy simpatie met die offisiere gehad het. Die verwarring binne die OVS opperbevel, volgens Hunter, het die optrede van dié groep offisiere verskoon.[275] Hierdie groep offisiere het waarskynlik aangevoer dat Prinsloo buite die mandaat van die krygsvergadering gehandel het deur oorgawe aan te bied. Daarmee tesaam was talle van die offisiere nie deel van die groter Brandwaterkom-krygsafdeling nie, maar deel van die Roux-krygsafdeling. Die samevoeging van die twee krygsafdelings het op aandrang van Roux geskied. Hierdie stap sou ook as onreëlmatig bestempel kon word, deurdat nòg Roux, nòg Prinsloo die bevoegdheid gehad het om so 'n verkiesing te gelas. Tog het alle offisiere aan die verkiesing deelgeneem, om later weer te redekawel dat die verkiesing onreëlmatig was. Haasbroek was die aanvoerder van 'n los kommando, wat nie deel van die Brandwaterkom- of Roux-

274 Oppenheim, 2, p. 312.

275 TNA, WO 105/24, p. 4: A. Hunter — F.S. Roberts, 4.8.1900 (brief).

krygsafdeling gevorm het nie. Hy het hom daarom nie as deel van die oorgawe beskou nie.[276] Die omstandighede waarbinne die oorgawe geskied het, sou sekerlik as verweer kon dien waar hierdie persone later gevange geneem sou word.

6. Die rol van die OVS staatspresident in die oorgawe

Die OVS staatspresident was die opperbevelhebber van die OVS krygsmag. Hy was ook die verantwoordelike persoon, wat uitsluitlik met die verdediging van die OVS belas was.[277] Die staatspresident sou wel van 'n kommandant-generaal as opperbevelvoerder vir die OVS krygsmag gebruik kon maak. M.T. Steyn het egter verkies om dit nie te doen nie. In sy hoedanigheid as opperbevelhebber het hy eerder besluit om van 'n krygskommissie gebruik te maak. Hierdie liggaam se bevoegdhede en werksaamhede is na alle waarskynlikheid nooit by wyse van regulasies of wetgewing daargestel nie.[278]

Die staatspresident het van hoofkommandante as krygsafdelingbevelvoerders gebruik gemaak. Die persone, wat in dié range opgetree het, was gelyk in rang. By gebrek aan 'n kommandant-generaal was hulle direk aan die staatspresident ondergeskik.[279] Tot en met Maart 1900 het dié bevelstruktuur wel doeltreffend gefunksioneer. Hierna is daar wel aanduidings dat die bevel nie na behore gewerk het nie. So het die voormalige hoofkommandant, J.H. Olivier, op die verkiesing van 'n nuwe hoofkommandant aangedring. Die staatspresident het egter besluit om waarnemende hoofkommandant, C.R. de Wet, tot die rang van hoofkommandant en opperbevelvoerder van die OVS krygsmag te benoem.[280]

Die woord benoem is nie aanduidend daarvan of die proses daaropvolgend wel afgehandel is nie. So 'n proses het volgens wet vereis dat 'n verkiesing gehou moes word.[281] C.R. de Wet getuig van die feit dat die probleme, rakende die bevel, egter nie so bygelê is nie. Hy het daarom 'n verkiesing op eie inisiatief gelas, waartydens

---

276 OMBR, 4128/42: S. Haasbroek, “Die oorgawe van generaal Prinsloo”, pp. 3, 4. Vir dieselfde standpunt sien onderafdeling 5.3, hoofstuk 9, *supra*. Sien ook onderafdeling 6.3.1(d), hoofstuk 5, *supra* vir 'n bespreking van die status van die Haasbroek-kommando.

277 Artikel 2 (Wet 10/1899).

278 Sien onderafdeling 3.2, hoofstuk 2, *supra*.

279 Sien onderafdeling 5, hoofstuk 2, *supra*.

280 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

281 Sien die *Wet omtrent het kiezen van hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet* (Wet 33/1899).

hy ook as hoofkommandant verkies is. In dieselfde tyd getuig die studie dat ander persone ook tot die rang van hoofkommandant verkies is, of in die rang werksaam was. Weer is die staatspresident gekonfronteer met 'n posisie waar meerdere offisiere, gelyk in rang, in dieselfde krygsmag teenwoordig was. Die uiteindelike effek is dat die staatspresident steeds self die opperbevelskap van die krygsmag moes waarneem.[282]

Die probleme word verder treffend te Lindley geïllustreer, waar M. Prinsloo en P.D. de Wet beide as hoofkommandant bevel gevoer het. Ten einde die situasie te ondersoek, stuur die staatspresident vir regter J.B.M. Hertzog. Hoewel dit nie seker is wat Hertzog hierna aan die staatspresident gerapporteer het nie, is dit duidelik dat die staatspresident wel bewus moes gewees het van die probleme, wat met die bevel van die OVS krygsmag bestaan het.[283]

Tog kan geen aanduiding gevind word dat die staatspresident, by wyse van proklamasie, gepoog het om die probleme op die een of ander wyse op te los nie. Dit is voorts ook duidelik dat die Volksraad buitengewone magte in die vorm van die *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens oorlog*[284] aan die staatspresident verleen het. Talle ander voorbeelde word wel gevind waar die staatspresident die bevoegdheid gebruik het.[285] Dit is daarom insiggewend dat die staatspresident nooit gepoog het om die probleme, met betrekking tot die bevel van sy krygsmag, op te los nie. Die ander alternatief was om die verkiesing van 'n kommandant-generaal te gelas. Hierdie rang is nie deur die aanvullingswet van 1899 gewysig nie en sou 'n duidelike onderskeid tussen die kommandant-generaal as opperbevelvoerder, en hoofkommandante as krygsafdelingsbevelvoerders, getref het.

In die praktyk het die teenoorgestelde gebeur. By gebrek aan 'n behoorlike bevelstruktuur, was C.R. de Wet genoodsaak om nuwe range te skep, wat ook nie in die 1899 krygswetgewing bestaan het nie.[286] Weer is dit opvallend dat C.R. de Wet, voor die oorgawe op 30 Julie 1900, nie oor wetgewende bevoegdhede beskik het nie. Voorts kon geen aanduiding gevind word dat die staatspresident, voor die oorgawe, so 'n gewysigde bedeling deur middel van wetgewing erken het nie. Net so

---

282 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.
283 Sien onderafdeling 2.2, hoofstuk 6, *supra*.
284 Wet 34/1899.
285 Vir 'n uiteensetting van die bevoegdhede, sien Aanhangsel A, *infra*.
286 Sien onderafdeling 6, hoofstuk 2, *supra*.

kon geen aanduiding gevind word dat die staatspresident gepoog het om die rebelle-proklamasie te verduidelik nie.[287]

Dit is hier ook belangrik om daarop te let dat die staatspresident self 'n juris was. In Januarie 1880 het die staatspresident sy toelatingseksamen vir die Inner Temple in Londen afgelê, en op 17 November 1882 het hy 'n lid van die balie geword.[288] Sy loopbaan as advokaat, en later regter van die OVS, beteken dat hy nie onkundig behoort te gewees het ten opsigte van die talle regsaspekte, soos reeds in die studie uitgewys nie. Voorts het die staatspresident ook oor die dienste van 'n prokureur-generaal en ander juriste, soos regter J.B.M. Hertzog en advokaat J.A.J. de Villiers, beskik. Die enigste afleiding wat hier gemaak kan word, is dat die staatspresident versuim het om die gebreke rakende bevel in wetgewing te hanteer, of daadwerklik gewig te gee aan sy onregmatige benoeming van C.R. de Wet. Die rede hiervoor blyk voor die hand liggend te wees, naamlik dat die bevel van die krygsmag met jaloesie en afguns geworstel het. Enige duidelike, ferm optrede deur die staatspresident kon daarom ernstige gevolge vir die voortgesette oorlogspoging ingehou het.

Tog versuim die staatspresident nie net om die gebreke in die bevel van die krygswetgewing te hanteer nie. Na afloop van die benoeming meng hy hom steeds met die operasionele sake van die OVS krygsmag in. So volg die aanstelling van Prinsloo as 'n waarnemende hoofkommandant. Daar is verder geen aanduiding dat die staatspresident in dié hoedanigheid hoegenaamd met sy benoemde opperbevelvoerder, C.R. de Wet, beraadslaag het nie.[289]

Voorts is daar ook aanduidings dat Prinsloo, vir doeleindes van die voortgesette oorlogspoging, nie noodwendig 'n geskikte bevelvoerder was nie. Hierdie aanduidings sluit Prinsloo se handelinge in Natal, sowel as die gebeure te Lindley, in. Desnieteenstaande gaan die staatspresident met die aanstelling van 'n persoon voort, wat later tot die onderhandelinge om oorgawe op 30 Julie 1900, gelei het. Die versuim van Prinsloo om uitvoering aan krygsinstruksies te gee, is ook gedrag wat in Natal gemanifesteer het. Die geskil met Roux kan vergelyk word met die gebeure te

---

287 Vir 'n bespreking van die proklamasie, sien onderafdeling 8, hoofstuk 3, *supra*.

288 Van der Merwe, 1, pp. 36, 41.

289 Sien hoofstukke 5 en 6, *supra*.

Lindley.[290] In dié opsig is die staatspresident daarom ook mede-verantwoordelik vir die oorgawe van 30 Julie 1900.[291]

Die Grondwet van die OVS het bepaal dat die staatspresident die hoof van die uitvoerende gesag was. Die staatspresident was in die uitoefening van sy funksies aan die beheer van die Volksraad onderworpe.[292] Die Grondwet bevat geen verdere besonderhede van die trou wat die staatspresident aan die staat verskuldig was nie. Artikel 2 van die *Krijgs- en Commandowet*[293] stel die opdrag aan die staatspresident om maatreëls vir die verdediging van die staat in plek te stel. In hierdie hoedanigheid het die staatspresident ook as die opperbevelhebber van die OVS krygsmag gedien.[294] Voorts het die Grondwet voorgeskryf dat die bevoegdheid, om te bepaal of die staatspresident en ander amptenare hulle aan hoogverraad of ander ernstige misdade skuldig gemaak het, in die Volksraad gesetel was. Die Grondwet het voorts 'n twee-derde meerderheid vereis vir 'n skuldigbevinding in so 'n geval. Die Volksraad kon egter alleen die staatspresident of amptenaar uit sy pos onthef. Die ontheffing van die staatspresident of amptenaar het nie die persoon van vervolging in 'n hof vrygestel nie.[295] Die vraag ontstaan of die staatspresident in die gebeure, wat tot die oorgawe aanleiding gegee het, hom doeltreffend van sy taak gekwyt het. Anders gestel, het die staatspresident in sy handelinge die onafhanklikheid en vryheid van die staat in gevaar gestel?

Die staatspresident, M.T. Steyn, het in sy hoedanigheid as staatshoof versuim om wysigings aan die militêre wetgewing gedurende die oorlog na behore te publiseer. Hierdie versuim was waarskynlik gemotiveer deur die onderlinge afguns en jaloesie, wat onder die bevel van die OVS krygsmag teenwoordig was. Dit is duidelik dat M.T. Steyn voorkeur aan C.R. de Wet as bevelvoerende offisier gegee het. Daarmee saam het Steyn waarskynlik die gevolge gevrees indien hy hierdie voorkeur sou publiseer. Die gevolg was dat hy ook ander aanstellings gemaak het en met die bevel van die krygsmag ingemeng het, sonder die medewete van C.R. de Wet.

290 Sien onderafdelings 2.2, 4 en 5, hoofstuk 6, *supra*.

291 Vir 'n bespreking van gekweste majesteit en moontlike aanspreeklikheid vir die aanstelling van Prinsloo, sien onderafdeling 5.3.2(a), *supra*.

292 Sien artikel 31 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*. Sien ook onderafdeling 3.1, hoofstuk 2, *supra*.

293 Wet 10/1899.

294 Sien onderafdeling 3.1, hoofstuk 2, *supra*.

295 Artikel 17 van die *Constitutie van den Oranjevrijstaat*.

Hierdie handelinge van M.T. Steyn het besonder ernstige gevolge vir die bevel van die OVS krygsmag beteken.

Die studie het voorts aangetoon dat M.T. Steyn eerder self die rol van opperbevelvoerder moes vertolk het, of die verkiesing van 'n kommandant-generaal moes gelas het. Sy onvermoë, of onwilligheid om een van die twee roetes te volg, staan in direkte verband tot die oorgawe. Daarmee saam het die versuim om die opperbevel behoorlik te struktureer, ook die onderlinge geskille tussen Prinsloo en Roux tot gevolg gehad. Dit is opmerklik dat hierdie offisiere met die wapenstilstand gehoop het om met die staatspresident in verbinding te tree, en nie met hulle bevelvoerende offisier, C.R. de Wet, nie. Dit beklemtoon weer die feit dat die staatspresident in bepaalde opsigte sy eie gekose opperbevelvoerder ondermyn het.

Roux het aangevoer dat een van die vernaamste redes vir die oorgawe die aanstelling van Prinsloo as 'n waarnemende hoofkommandant was. Hy het voorts ook geskryf dat M.T. Steyn, na afloop van die oorlog, aan hom geskryf het en sy handelswyse in die aanstelling van Prinsloo betreur het.[296] Roux het voorts aangevoer dat De Wet ook kennis van die aanstelling gehad het en in sy boek verswyg het.[297]

7. Gevolgtrekkings

Hoofkommandant C.R. de Wet, die bevelvoerder van die Boere-krygsmag in die OVS, verklaar dat die oorgawe van 30 Julie 1900 'n “grywelijke moord gepleegd op Regeering, Land en Volk” was.[298] Op dié betrokke datum sou die Britse magte kon aanvoer dat daar aan die vereistes vir verowering voldoen is. Die oorgawe is verder nie alleen die produk van suksesvolle militêre operasies gewees nie, maar die laaste van 'n reeks gebeure, wat in noue verband met handelinge eie aan die regering en bevel van die OVS gestaan het.

Voorts is daar voldoende feite om die pleeg van talle misdade, in die gebeure in aanloop tot die oorgawe, te veronderstel. Ironies genoeg is die handelinge van M.T. Steyn en C.R. de Wet deel van die gruwelike moord, soos deur C.R. de Wet beskryf.

---

296 “[D]e President schreef my na de overgave, betreurende zyne handelwyze in dezen.” Heyns, p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 13.2.1903 (afskrif van brief).

297 Heyns, p. 16: P.H. Roux — C.R. de Wet, 13.2.1903 (afskrif van brief).

298 De Wet, p. 126.

Prinsloo se moontlike hoogverraad kan teruggevoer word na sy aanstelling deur M.T. Steyn, deurdat hy (Steyn) 'n onbevoegde en eersugtige persoon tot die rang benoem het. C.R. de Wet se wysiging van die krygstrategie ter elfder ure, en versuim om dit na behore te kommunikeer, is ook onlosmaaklik deel van Roux en Crowther se versuim om die Brandwaterkom tydig te verlaat.

Ten slotte is dit betreurenswaardig dat M.T. Steyn, die laaste staatspresident van die OVS, versuim het om die OVS krygsmag tydig te hervorm. Sy gebrekkige leiding en vrese om die probleme in die OVS bevel te hanteer, getuig van versuim om die OVS in sy hoedanigheid na behore te verdedig, of gepaste maatreëls te tref, ten einde die voortsetting van die OVS oorlogspoging te verseker.

Hoofstuk 13

Slot

Hoofstukke 2 en 3 het aan die hand van die volkereg, en in die besonder die reëls van die oorlogsreg, aangetoon dat die Britse oorlogspoging tydens die Anglo-Boereoorlog nie alleen op die vernietiging van die Oranje-Vrystaat (OVS) se krygsmag gerig was nie. Dit het ook die vernietiging van die OVS as staatkundige entiteit as oogmerk gehad, om sodoende die proklamering van die grondgebied moontlik te maak. Die vernietiging van die OVS het daarom nie alleen deur middel van militêre strategieë en doelwitte geskied nie, maar ook deur middel van proklamasies, met die doel om OVS ondergeskiktes te oortuig om hulle nie teen die Britse besetting van die OVS te verset nie.

Hoofstuk 3 wys daarop dat die Britse oorlogspoging aan die hand van die toegeldende volkereg bemoeilik is, deurdat OVS ondergeskiktes in tye van oorlog die krygsmag van die OVS uitgemaak het. Enige proklamasie aan OVS ondergeskiktes sou daarom noodwendig die OVS krygsmag te velde geraak het.

Hoofstuk 4 handel spesifiek met die invloed van die oorlogspoging op die staatsorgane van die OVS. Die juridiese aspek van die Britse oorlogspoging, naamlik die proklamasies, sou egter voortydig op 28 Mei 1900 (terugwerkend na 24 Mei 1900) tot die proklamering van die OVS gevoer word. Op laasgenoemde stadium was die OVS krygsmag nog te velde, en het hulle nog aktief aan die OVS oorlogspoging deelgeneem. Daarmee tesaam was die OVS nog nie in geheel deur die Britse magte beset en in effektiewe besetting gehou nie. Dié datum, 28 Mei 1900, sou daarom nie as die staatkundige einde van die OVS beskryf kan word nie. Die gebrekkige veroweringsaansprake is spoedig met nuwe Britse militêre operasies in die OVS opgevolg, en het teen 7 Julie 1900 daartoe aanleiding gegee dat die grootste gedeelte van die OVS krygsmag hulle òf in die Brandwaterkom, òf in die onmiddellike omgewing daarvan bevind het.

Op hierdie kritieke oomblik moes die OVS dus herbesin oor sy eie oorlogspoging, of as alternatief ernstige oorweging skenk om die oorlogspoging te staak, en met onderhandelinge vir die sluit van vrede te begin. Die studie het aangetoon dat die OVS besluit het om die oorlogspoging voort te sit. Ten tyde van die besluit was die bevel van die OVS krygsmag egter gebrekkig. Hierdie gebreke was aan beide die staatspresident, M.T. Steyn, en sy gekose opperbevelvoerder, C.R. de Wet, bekend. Enige poging tot die voortsetting van die oorlog sou daarom van dié probleem moes kennis neem, en poog om die voortgesette oorlogspoging in dié kritieke stadium nie deur sulke gebreke in gevaar te gestel nie. Geen poging tot dien effek kon egter gevind word nie.

Die volgende ses hoofstukke het met die redes, wat regstreeks in verband met die oorgawe gebring kan word, gehandel. In hierdie ses hoofstukke is duidelik aangetoon dat die OVS staatspresident M.T. Steyn, hoofkommandant C.R. de Wet en waarnemende hoofkommandante M. Prinsloo en P.H. Roux, se handelinge in noue verband met die uiteindelike oorgawe op 30 Julie 1900 staan. Voorts het hoofstuk 5 duidelik aangetoon dat twee weergawes van die krygstrategie, vir 'n voortgesette OVS oorlogspoging, kort voor die oorgawe geformuleer is.

Die een weergawe, soos deur C.R. de Wet beskryf, was gegewe die oorlogsomstandighede waarin die OVS hom bevind het, die meer korrekte krygstrategie. Hierdie krygstrategie sou in hoofsaak die Britse besetting van die OVS frustreer en sodoende die ongeldige Britse aansprake, rakende die verowering van die OVS, herbevestig en uitwys. Dié krygstrategie, soos deur C.R. de Wet beskryf, is egter nie die krygstrategie wat deur Prinsloo en Roux tot uitvoering gebring is nie, maar wel 'n vroeëre weergawe daarvan. Volgens dié krygstrategie sou 'n wesenlike gedeelte van die OVS krygsmag in die Brandwaterkom agtergelaat word.

Die Brandwaterkom kan beskryf word as 'n gebied aangrensend tot die huidige Lesotho, en sluit vandag dorpe soos Fouriesburg en Clarens in. Die gebied word deur 'n reeks berge omring met 'n beperkte aantal toegangsroetes, wat die beskerming van die toegangsroetes tot die gebied vergemaklik het. Die nadeel was dat die toegangsroetes tot die gebied ook maklik deur die Britse magte beleër kon word. Die vroeëre weergawe van die krygstrategie sou dus beteken dat bykans die helfte van die oorblywende OVS krygsmag 'n klein gedeelte van die OVS moes

beskerm, terwyl die ander helfte vir die frustrasie van die hele Britse besetting van die OVS verantwoordelikheid moes neem.

Die gevaar van die ander weergawe van die krygstrategie, soos duidelik hierbo blyk, was dat die Britse magte 'n groot gedeelte van die OVS krygsmag in die Brandwaterkom kon insluit, beleër en tot oorgawe kon dwing. Indien vir die oomblik aanvaar word dat C.R. de Wet as opperbevelvoerder van die OVS krygsmag diens gedoen het, beteken die alternatiewe weergawe van die krygstrategie dat C.R. de Wet se bevele, met betrekking tot die krygstrategie, nie deur sy offisiere, by name Prinsloo en Roux, uitgevoer was nie, óf dat C.R. de Wet se offisiere nie van die alternatiewe krygstrategie kennis gedra het nie. Daarmee tesaam word die staatspresident as opperbevelhebber, en C.R. de Wet in sy hoedanigheid as opperbevelvoerder van die OVS krygsmag, verwyt dat hulle ten tyde van die inwerkingstelling van die krygstrategie nie self direkte bevel oor die uitvoering daarvan geneem het nie, maar dit aan twee minder geskikte bevelvoerders toevertrou het.

Hoofstuk 6 handel met die aanstelling van Prinsloo in die rang van 'n waarnemende hoofkommandant. Prinsloo was ook die bevelvoerende offisier, wat die grootste oorgawe in die geskiedenis van die OVS krygsmag gefinaliseer het. Met verwysing na die kritieke omstandighede waarin die OVS krygsmag hom in die weke voor die oorgawe bevind het, het hoofstuk 6 duidelik daarop gewys dat Prinsloo die verkeerde keuse as bevelvoerder was. Hierdie aanstelling word ook direk met die OVS staatspresident verbind. Voorts is aangetoon dat Prinsloo hom nie in die mindere posisie bevind het, soos deur C.R. de Wet beskryf word nie.

Hoofstuk 7 handel oor die versuim om die alternatiewe krygstrategie, soos aan Prinsloo en Roux bekend, tot uitvoering te bring. Hierdie hoofstuk toon dat die twee bevelvoerders, na die onttrekking van die staatspresident en C.R. de Wet aan die Brandwaterkom, in 'n bittere twis gewikkel was. Bepaalde aspekte van hierdie twis kan met die gebrekkige opperbevel verbind word, soos in hoofstuk 3 beskryf. Daarmee tesaam kan die twis ook direk met gebrekkige opdragte, betreffende die inhoud van die alternatiewe krygstrategie en die onvermoë van Prinsloo en Roux om tot 'n vergelyk oor die bevele van sodanige alternatiewe krygstrategie te kom, verbind word. In die tydsverloop van enkele dae, waarin die twee OVS bevelvoerders nie daarin kon slaag om 'n geskilpunt op te los nie, het die Britse

insluiting van die Brandwaterkom 'n werklikheid geword. Die beskrywing benadruk die bevindinge in hoofstuk 5, naamlik dat Prinsloo nie 'n geskikte persoon was om die krygstrategie, soos deur oorlogsomstandighede vereis, tot uitvoering te bring nie.

Hoofstuk 8 handel met die inval van die Brandwaterkom deur die Britse magte. Hierdie suksesvolle Britse operasies kan direk aan die onvermoë van Prinsloo en Roux, om hulle stellings tydens 'n Britse nagtelike beweging voldoende te beskerm, toegereken word. Die inval van die Brandwaterkom deur die Britse magte, het Prinsloo en Roux gedwing om 'n verdere alternatiewe krygstrategie te formuleer met die doel om hulle eie krygsafdelings na veiligheid te lei. Prinsloo het ook 'n groot aantal vlugtelinge en privaateiendom in die vorm van vee en waens, wat aan sy krygsafdeling toevertrou was, gehad om na veiligheid te neem. Vir Prinsloo het hierdie aspek van sy opdragte voorkeur bo die voortsetting van die oorlogspoging geniet.

Dié hoofstuk en die daaropvolgende hoofstukke wys verder dat nòg Prinsloo, nòg Roux daarin kon slaag om hulle onderskeie krygsafdelings na veiligheid te neem. In dié gebrekkige poging het die twee krygsafdelings in so toestand van verwarring geraak, dat dit moeilik was om die verskillende krygsafdelings operasioneel te kon onderskei. Roux het daarom by Prinsloo aangedring dat die twee krygsafdelings moes verenig, en dat òf Prinsloo, òf hy (Roux) bevel van die verenigde krygsafdeling moes neem.

Hoofstuk 9 handel oor die mislukte poging om die twee krygsafdelings, sowel as vlugtelinge en privaateiendom, na veiligheid te neem. In dié omstandighede het die twee krygsafdelings verenig en Prinsloo het tydelik bevel daarvan geneem, totdat die verkiesing van 'n nuwe bevelvoerder afgehandel kon word. In hierdie tyd het Prinsloo nie daarin geslaag om belangrike stellings te Slaapkrans te verdedig nie. Die gevolg was dat die vlugtelinge en persoonlike eiendom in die hande van die Britse magte sou val indien die OVS krygsmag aan die gebied onttrek. Prinsloo het daarom, kort na die verlies van die stellings, met die Britse magte begin onderhandel om voorwaardelik oor te gee. Hierdie onderhandelinge het spoedig tot 'n onvoorwaardelike oorgawe aanleiding gegee.

Hierdie onderhandelinge is die onderwerp van die bespreking in hoofstuk 10. In dié hoofstuk is aangetoon dat Prinsloo in sy onderhandelinge van 'n persoon (Vilonel) as

enigste onderhandelaar gebruik gemaak het, wat kort tevore aan hoogverraad skuldig bevind is. Voorts is aangetoon dat die onderhandelinge tussen Prinsloo en die Britse magte hoofsaaklik daarop gefokus het om aan offisiere en burgers, verbonde aan die verenigde krygsafdeling, onmiddellik na oorgawe parool te verleen, en te verseker dat Britse magte nie op privaateiendom beslag lê nie. Hierdie voorwaardes van oorgawe kan direk verbind word met die inhoud en vergunnings in die Britse proklamasies gemaak, soos in hoofstuk 3 bespreek. Kort na die finalisering van die oorgawe, is Roux as waarnemende hoofkommandant van die verenigde krygsafdeling verkies. Roux het die oorgawe afgehandel deur persoonlik protes by die Britse magte aan te teken, gebaseer daarop dat Prinsloo, ten tyde van die finalisering van die oorgawe, nie gemagtig was om oor oorgawe te onderhandel nie. In dié proses is Roux ook krygsgevange geneem.

Die gevolg was die grootste oorgawe van die OVS magte in die geskiedenis van dié staat. Op die betrokke dag van die oorgawe, en kort daarna, sou die Britse magte ook die laaste onbesette gebiede van die OVS beset. Gevolglik sou 'n klein mag van ongeveer 5 000 burgers en offisiere die OVS oorlogspoging moes voortsit, terwyl meer as 4 000 burgers en offisiere deel van die oorgawe geword het. In die daaropvolgende weke het die Boerekrygsmag, onder bevel van C.R. de Wet, hulle ook buite die grense van die staat bevind.

Kort hierna het die magte van C.R. de Wet daarin geslaag om weer die OVS binne te dring, 'n krygsmag in die gebied te herorganiseer, en beperkte militêre operasies van stapel te stuur. Die hernieude pogings van C.R. de Wet, tesame met M.T. Steyn, het 'n nuwe fase van die oorlog ingelei. Die Britse magte het ook die groep persone, wat onder bevel van C.R. de Wet geveg het, as 'n oorlogvoerende party erken.

Die Britse magte het waarskynlik ook geoordeel dat die oorgawe die einde van die OVS oorlogspoging beteken het. Die proklamasies, wat in September 1900 gevolg het, het daarom ten doel gestel om die oorblywende magte van beide die OVS en ZAR te oortuig om die stryd te staak. Proklamasie 21 van 1900, wat die eerste maal op 7 September 1900 in die *Government Gazette of the Orange River Colony* verskyn het, verwys na die bedanking van die ZAR staatspresident en sy vertrek na Europa. Volgens dié proklamasie kan afgelei word dat die ZAR staatspresident die voortgesette oorlog as vergeefs beskou het, en daarom op dié optrede besluit het. Voorts word verwys na 15 000 krygsgevangenes, wat deur die Britse magte in

aanhouding gehou is. Daar is uitdruklik verklaar dat geeneen van hierdie gevangenes vrygelaat sou word totdat die stryd gestaak word en die oorblywende magte van die twee state onvoorwaardelik oorgegee het nie.[1]

Proklamasie 21 het voorts verklaar dat daar geen hoop op tussenkoms van enige moondheid in die oorlog was nie en dat die Britse magte vasbeslote was om die oorlog, wat deur die twee voormalige republieke begin is, tot 'n logiese einde te bring. Laasgenoemde word as volg verwoord: “[T]he British Empire is determined to complete the work […] and to carry to its conclusion the war declared against her […] – a war to which there can be but one ending.”[2] Voorts beskryf die proklamasie die Boere se voortgesette oorlogvoering as ongereeld en onverantwoordelik (“irregular and irresponsible”), wat deur “small and, in very many cases, insignificant bodies of men” voortgesit word. Daarom het die Britse opperbevelhebber gewaarsku dat, sou hierdie wyse van oorlogvoering nie gestaak word nie hy gedwing sou wees “to adopt […] the customs of war prescribed as being applicable”. Laasgenoemde het, volgens hom, beteken 'n oorlog “ruinous to the country [and] entail endless suffering on the burghers and their families”.[3] Sodanige wyse van oorlogvoering sou met verloop van tyd inderdaad meer kragdadig gevoer word, iets wat tot veel verwoesting en gepaardgaande dood en trauma aanleiding gegee het.

1 *Government Gazette of the Orange River Colony* gepubliseer op 14.9.1900.
2 Proklamasie 21 van 1900, ORC.
3 Proklamasie 21 van 1900, ORC.

Aanhangsel A

Kennisgewings en proklamasies uitgevaardig kragtens die bepalings van Wet 34/1899

Kennisgewing	Datum van publikasie in staatskoerant	Samevatting van inhoud
No.563-1899	27.10.1899	Die verspreiding van valse gerugte oor die oorlog word tot 'n misdaad verklaar
No.557-1899	3.11.1899	Samestelling van die krygsraad[1]
No.558-1899	3.11.1899	"[E]ene beperking te stellen op de prijzen thans door winkeliers en slachters gevraagd voor huismiddelen en vleesch"
No.672-1899	10.11.1899	"[E]ene beperking te stellen op de prijzen [...] gevorderd voor slachtvee"
No.526-1899	17.11.1899	"[V]oorzieningen te maken voor de rechtspleging in Crimineele zaken van grootere enormiteit, de behandeling waarvan niet thuis behoort voor eenen Krijgsraad"
No.577-1899	24.11.1899	"[V]erdere voorzieningen te maken regelende de betalings van premies van Levens Assurantie in tijd van oorlog"
No.578-1899	24.11.1899	"[M]aatregelen [...] om het thans te velde staande gezaaide in den Staat zoo spoedig mogelijk te doen afoesten"

[1] Dit wil voorkom of daar ook 'n behoefte aan 'n krygsraad by afgesonderde geledinge van 'n krygsonderafdeling bestaan het. Die staatspresident het daarom by wyse van proklamasie verorden dat afgesonderde kleinere onderonderafdelings 'n krygsraad kon saamstel wat uit ten minste vyf lede moes bestaan wat die kommandant, veldkornette en assistent-veldkornette ingesluit het. Die krygsraad van sodanige onderafdeling was in jurisdiksie beperk tot voorvalle van geringe oortredinge en krygstug wat met die onderafdeling verband gehou het. Dit is belangrik om daarop te let dat die proklamasie slegs van toepassing op afgesonderde geledings binne 'n groter krygsonderafdeling was.

No.579-1899	24.11.1899	“Nademaal in Artikel 7 van Wet No.33-1899 geen voorziening is gemaakt door welke Hof de strafbepalingen in dat artikel genoemd zullen worden opgelegd”
No.580-1899	24.11.1899	Verkiesing van amptenare wie se termyn verval sal in amp tot 1 Maart 1900 aanbly
No.599-1899	15.12.1899	“[D]e wijze van verkiezing van Veldcommandanten en Veldcornetten [...] [zal] plaats vinden op dezelfde wijze als bij Art 26, van Wet 10 van 1899”
No.600-1899	15.12.1899	“[D]er Wet omtrent het presenteeren ter betalings en protesteeren van wisselbrieven, promessen en ander handelspapieren [...] tijdelijk buiten werking te stellen”
No.602-1899	15.12.1899	Bepalings oor buit gemaak op kommando
No.608-1899	29.12.1899	Die uitreiking van verlofbriewe aan burgers op kommando
No.16-1900	9.2.1900	Opheffing van bepalings rakende onderwys
No.17-1900	9.2.1900	Bepalings rakende delwerye in Griekwaland-Wes
No.18-1900	9.2.1900	Jurisdiksie van krygsrade wat hulle buite die grense van die staat bevind
No.19-1900	9.2.1900	“[B]epalingen voor het vrije weiden van het vee van grensbewoners”
No.26-1900	23.2.1900	Vermeerdering van banknote
No.27-1900	23.2.1900	Verlenging van termyn van verkose amptenare in dorpe tot verdere kennisgewing
Proklamasie: 12.3.1900	9.3.1900	Kroonstad tot hoofstad verklaar
Proklamasie: 26.3.1900	27.3.1900	Verdere reëlings oor verlof van burgers op kommando
Proklamasie: 29.3.1900	30.3.1900	Instelling van 'n spesiale militêre geregshof
Proklamasie: 7.4.1900	10.4.1900	Bepalinge oor plaasvervangers vir krygsdiens
Proklamasie: 26.4.1900	27.4.1900	Belet die uitvoer van saals en tooms
Proklamasie: 10.5.1900	11.5.1900	Lindley tot hoofstad verklaar
Proklamasie: 14.5.190	14.5.1900	“[W]et over de verkooping van eenige door den Gerechtsbode in beslag genoemen goederen te veranderen en te wijzen”
Proklamasie: 15.5.1900	15.5.1900	Verdere reëlings oor verlof van burgers op kommando

Aanhangsel B

Volksraadslede[1]

(A = afwesig, O = oorlede, T = teenwoordig)				
Naam[2]	**Distrik**	**2-April 1900[3]**	**Wyk**	**Notas**
Beddy, W.H.	Fauresmith	A	Dorp	Grundlingh maak melding van 'n W.H. Beddy, wat as 'n "national scout" in 1900 diens gedoen het. Dit is onseker of die Beddy, waarna Grundlingh verwys, die Volksraadslid was.[4]
Bergstedt, T.C.L.	Winburg	T	Winburg (dorp)	Bergstedt het in November 1900 gepoog om burgers, onder bevel van kommandant S. Haasbroek, te oortuig om oor te gee. Bergstedt word deur die Britse hoë kommissaris in November 1900 genoem as 'n persoon wat bereid was om die Britse militêre owerheid by te staan, in 'n poging om die oorlog tot 'n einde te bring.[5]
Beukes, M.J.	Vrede	T	Dorp	Beukes het in Januarie 1901 gepoog om burgers te oortuig om oor te gee.[6]
Bornman, C.J.	Kroonstad	T	Onder Rhenosterrivier	Bornman was 'n lid van die sentrale vredeskomitee, onder leiding van P.D. de Wet. In hierdie hoedanigheid het hy en

1 Dit is belangrik om daarop te let dat die gegewens in Aanhangsel B in baie gevalle op sekondêre navorsing berus. Voorts was dit besonder moeilik om Aanhangsel B op te stel, deurdat talle primêre bronne slegs met voorname en vanne handel, sonder om noodwendig te verklaar of sodanige persoon 'n Volksraadslid was of nie.

2 Die name hieronder vemeld is die name soos gevind in die *Notulen der verrichting van den HED. Volksraad in zijne buitengewone zitting aanvangende op Donderdag 21 September 1899*.

3 Inligting in die kolom verkry uit The National Archives (TNA), War Office (WO), 32/8092, "Translation of the minutes of the proceedings of the honrle [sic] Volksraad in the general sitting commencing on Monday, 2nd April, 1900, at 10 A.M."

4 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners": die rasionaal en verskynsel van verraad*, pp. 92, 202.

5 Grundlingh, pp. 92, 202; S.B. Spies, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics: January 1900 - May 1902*, p. 104; L. Marquard (red.), *Letters from a Boer parsonage: letters of Margaret Marquard during the Boer War,* pp. 112-115.

6 Grundlingh, p. 134.

				ander lede gepoog om die oorlog tot 'n einde te bring.[7]
Botha, P.M.	Kroonstad	T	Dorp	Botha het op 18 Mei 1900 aan die voorsitter van die Volksraad geskryf dat die oorlog geen doel meer dien nie en dat vrede so spoedig moontlik gesluit moet word. Hy het op 17 September 1900 gepoog om C.R. de Wet te oortuig om oor te gee. Botha was ook 'n lid van die sentrale vredeskomitee. Botha het later 'n brosjure gepubliseer waarin hy sy teenkanting teen die voortgesette oorlog uitgespreek het.[8]
Cloete, C.J.	Bethlehem	T	Dorp	Cloete is aan die begin van Augustus deur Hunter gevange geneem. Sy saak is hierna na die Britse opperbevelvoerder vir beregting verwys. Die Britse hoë kommissaris verwys in November 1900 na Cloete as 'n persoon wat bereid was om die Britse militêre owerheid by te staan in 'n poging om die oorlog tot 'n einde te bring. Cloete was ook 'n lid van die sentrale vredeskomitee.[9]
Cronjé, A.P.	Winburg	A	Zandrivier	Cronjé is met die uitbreek van die oorlog as lid van die krygskommissie aangestel. Kort na die aanstelling het hy na Natal vertrek om òf in die plek van M. Prinsloo as kommandant, òf as veggeneraal aan die Natal-front diens te doen.[10] Op 25 Januarie 1901 word hy as lid van die uitvoerende raad gekies. Cronjé is op 14 Julie 1901 saam met ander lede van die regering krygsgevange geneem.[11]
De Villiers, I.B.W.	Jacobsdal	A	Dorp	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
De Waal, J.C.	Caledonrivier	A	Sliks pruit	De Waal het in die eerste gedeelte van die oorlog die besluite van die regering en krygsmag gekritiseer. Beson-

7 Grundlingh, p. 484; Spies, p. 220.

8 National Army Museum, 7101/23/178: Botha en McDonald — Luyt, 18.5.1900 (brief); Grundlingh, pp. 84, 135, 202-203; C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet*, p. 87.

9 TNA, WO 105/17: Hunter — Roberts, 10.8.1900 (afskrif van telegram A. 407); Grundlingh, pp. 117, 202.

10 Sien 3.2, hoofstuk 2 *supra*.

11 L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902* 5, p. 133 (vn.); M.C.E. van Schoor (red.) "'Dagboek' van Rocco de Villiers en bylaes, 3", p. 29.

				derhede rakende sy kritiek word egter nie deur die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* vermeld nie. Die plaas van De Waal is deur die Britse magte verwoes en hy is op 13 Mei 1901 deur die Britse magte gevange geneem. De Waal word later deur die Britse magte vrygelaat en word toegelaat om in sy huis op Bethulie te woon.[12]
Eksteen, H.J.	Vrede	T	Wilgerivier	Volgens C.R. de Wet het Eksteen die republikeinse saak getrou gebly.[13]
Ferreira, I.S.	Ladybrand	O	Korannaberg	Ferreira is in die plek van Wessels as hoofkommandant van die wesfront verkies. In hierdie hoedanigheid sterf hy op 19 Februarie 1900.[14]
Fouchee, S.P.	Rouxville	A	Dorp	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Fraser, J.G.	Bloemfontein	A	Stad	Fraser was betrokke by die oorgawe van Bloemfontein. Hy was ook die voorsitter van die Bloemfontein subkomitee van die sentrale vredeskomitee. In hierdie hoedanigheid het hy gepoog om die oorlog tot 'n einde te bring.[15]
Grabe, P.D.C.	Bethlehem	T	Midden Liebenbergsvlei	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Greyling, B.C.[16]	Hoopstad	T	Hoopstad (dorp)	Greyling het ten aanvang van die oorlog aan die slag van Magersfontein deelgeneem.[17] Geen verdere inligting kon gevind word rakende sy deelname aan die verdere verloop van die oorlog nie.
Grobler, E.N.	Philippolis	A	Dwarsrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Grobler, E.R.	Philippolis	A	Dorp	E.R. Grobler is in 1899 tot hoofkommandant vir die suidelike kommando's verkies.[18] Hy het in Maart 1900 sy wapens neergelê. Later in die oorlog het hy voorgestel dat die Volksraad byeen geroep moes

12 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, p. 240.

13 De Wet, p. 194.

14 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Leyds, 709/10: OVS staatspresident, 19.2.1900 (afskrif van telegram); M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit: die herinneringe van die Boere-generaal C.R. de Wet*, pp. 44 (vn.), 72 (vn.).

15 Grundlingh, pp. 23-24, 117; Spies, pp. 28, 220.

16 Van Schoor verklaar dat B.C. Greyling te Paardeberg gevange geneem is (M.C.E. van Schoor (red.), "Gen. J.B.M. Hertzog's war experiences", p. 32 (vn.)). Aan die hand van die vertaalde notule wil dit voorkom of hierdie stelling verkeerd is.

17 C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 5, p. 322.

18 *De Express*, 17.10.1899.

				word om die oorlog op 'n konstitusionele wyse te beëindig.[19] In teenstelling hiermee vermeld die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* dat Grobler in 1900 met siekteverlof na sy huis teruggekeer het, en dat hy wel in April en Mei 1900 aan skermutselings deelgeneem het. Dieselfde bron vermeld voorts dat Grobler in 1901 krygsgevange geneem is en na die Bloemfontein-konsentrasiekamp gestuur is.[20]
Janse, J.P.	Heilbron	T	Kromellenboog	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Jooste, P.J.S.	Boshof	A	Middenveld	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Keyter, J.G.	Ficksburg	T	Ficksburg (dorp)	Daar is getuienis dat Keyter en die landdros van Ficksburg aan die begin van 1900 deur die Britse magte gearresteer is.[21] Teen middel Julie 1900 het gerugte die rondte gedoen dat Keyter hom aan die Britse magte oorgegee het.[22] Daar is ook getuienis dat Keyter later in 1900 te Kalkoenkrans die kommando van kommandant P.H. de Villiers aangemoedig het om oor te gee.[23]
Klynveld, H.	Bethulie	A	Dorp	Volgens die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* het Klynveld aktief aan die oorlog deelgeneem.[24]
Kolbe, J.C.	Bethulie	A	Bosjesspruit	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Kriek, N.P.J.[25]	Ficksburg	T	Ficksburg (wyk)	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Lategaan, J.L.	Winburg	T	Vetrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.

19 Grundlingh, p. 138.

20 Beyers (red), 4, p. 212.

21 P. Hadley (red.), *Doctor to Basuto, Boer & Briton 1877-1906: memories of Dr. Henry Taylor*, p. 173.

22 A. Barry, *Ons Japie: dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog*, p. 21.

23 VAB: A119/44: Fourie — Renier, 24.6.1949 (brief).

24 Twee verskillende skryfwyses word vir Klynveld in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* vermeld, naamlik Klijnveld en Kleijnveld. Die skryfwyse hierbo is dié gevind in die *Notulen der verrichting van den HED. Volksraad in zijne buitengewone zitting aanvangende op Donderdag 21 September 1899.* D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Die Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3, p. 484.

25 Van Rensburg verwys na 'n persoon met dieselfde van en voorletters van die Ficksburg-distrik wat te Paardeberg gevange geneem is. (T. van Rensburg (red.), *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger: 1899-1902*, Bylae B.) Aan die hand van die vertaalde notule wil dit voorkom of dit nie dieselfde persoon was nie, deurdat Kriek die sitting in April 1900 bygewoon het.

Luyt, J.G.	Heilbron	T	Dorp	Luyt het in Julie 1900 aan die Britse magte oorgegee. Hy is vrygelaat en het vir die duur van die oorlog as prokureur gepraktiseer.[26]
Macfarlane, R.	Harrismith	A	Harrismith (dorp)	Macfarlane word deur die Britse hoë kommissaris vermeld as 'n persoon wat bereid was om die Britse militêre owerheid by te staan in 'n poging om die oorlog tot 'n einde te bring.[27]
Marais, C.G.	Boshof	A	Dorp	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Maree, P.J.C.	Harrismith	T	Harrismith (wyk)	Volgens C.R. de Wet was Maree daarvoor verant-woordelik dat die burgers van Harrismith, ná die oorgawe van die konvensionele krygsmag op 30 Julie 1900, oorgegee het.[28]
McDonald, P.	Wepener	A	Wepener (dorp)	McDonald skryf op 18 Mei 1900 aan die voorsitter van die Volksraad dat die oorlog geen doel meer dien nie en dat vrede so spoedig moontlik gesluit moet word. Hy word deur die Britse hoë kommissaris in November 1900 vermeld as 'n persoon wat bereid was om die Britse militêre owerheid by te staan in 'n poging om die oorlog te beëindig.[29]
Meyer, I.J.	Harrismith	A	Molenrivier	Meyer is in Julie 1900 as 'n waarnemende hoof-kommandant verkies/aangestel. Amery verklaar dat Meyer op 25 Januarie 1901 as 'n lid van die uitvoerende raad aangestel is. Volgens C.R. de Wet het Meyer die republikeinse saak getrou gebly. Meyer is op 27 Februarie 1902 krygsgevange geneem.[30]
Oberholzer, J.H.	Ladybrand	A	Ladybrand (wyk)	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Odendaal, J.P.W.	Rouxville	T	Onder Caledonrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Olivier, J.H.	Rouxville	T	Vechtkop	Olivier het te Stormberg as hoofkommandant diens ge-doen. Hy het hierna as kommandant gedien en slaag daarin om die oorgawe van die konvensionele magte op 30 Julie te ontsnap. Olivier is egter

26 *Telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, 19 June 1900 – 7 August 1900*: F.S. Roberts — A. Milner, 9.7.1900, p. 50; Van Schoor (red.), "Rocco de Villiers", pp. 34-35, 50 (vn.).

27 Grundlingh, p. 202.

28 De Wet, p. 126.

29 NAM: 7101-23-178: P.M. Botha en P. McDonald — J.G. Luyt, 18.5.1900 (brief); Grundlingh, p. 202.

30 De Wet, pp. 194, 289; Amery (red.), 5, pp. 133 (vn.), 490-491. Sien ook onderafdeling 6.3.2(b), hoofstuk 5, *supra*.

				op 27 Augustus 1900 te Winburg krygsgevange geneem. Dit wil voorkom of Olivier in Januarie 1901 aangebied het om die vrede in sy distrik te handhaaf, indien hy vrygelaat sou word.[31]
Pepler, H.L.	Bloemfontein	A	Boven Modderrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Potgieter, J.H.	Caledonrivier	T	Wilgeboomspruit	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Prinsloo, J.J.P.	Bloemfontein	A	Midden Modderrivier	Prinsloo is in Oktober 1899 as 'n lid van die krygskommissie aangestel. Hy is kort daarna as veggeneraal aangestel, waarna hy sy lidmaatskap van die krygskommissie bedank het.[32] Dit wil voorkom of Prinsloo in Maart 1900 aan die stryd onttrek het.[33]
Roux, J.P.	Wepener	A	Wepener (wyk)	Roux het tydens die oorgawe van die konvensionele magte op 30 Julie 1900 as kommandant van die Wepener-kommando diens gedoen.[34]
Schoeman, A.S.	Philippolis	A	Knapzakrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Schutte, J.H.T.	Winburg	T	Onder Wittebergen	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Serfontein, H.P.	Kroonstad	A	Valschrivier	Volgens C.R. de Wet het Serfontein die republikeinse saak getrou gebly.[35]
Steyl, J.P.	Bloemfontein	A	Moroka	Volgens C.R. de Wet het Steyl die republikeinse saak getrou gebly.[36]
Steyn, D.W.	Heilbron	T	Vechtkop	Volgens C.R. de Wet het Steyn die republikeinse saak getrou gebly.[37]

31 M. Davitt, *The Boer fight for freedom*, p. 455; J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)*, p. 48; Spies, p. 219. Sien ook onderafdeling 6, hoofstuk 2 en onderafdeling 6.3.1(c), hoofstuk 5, *supra*.

32 *De Express*, 17.10.1899.

33 Sien onderafdeling 6.3.2, vn. 25, hoofstuk 2, *supra*.

34 J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 58; Malan, p. 122. Sien ook TAB, Preller 81, p. 87: "Die geskiedenis van Louw Wepener-kommando".

35 De Wet, p. 194.

36 *Ibid*.

37 *Ibid.*

Theron, J.S.	Bloemfontein	A	Kaalspruit	Theron was 'n lid van die Bloemfontein subkomitee van die sentrale vredeskomitee. Hy het as lid van die subkomitee gepoog om burgers, onder bevel van kommandant Van den Berg, te oortuig om hulle wapens neer te lê. In dié poging is Theron gearresteer, verhoor en vrygespreek.[38]
Theunisen, J.M.	Hoopstad	T	Onder Vet- en Vaalrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Turvey, G.H.	Ladybrand	A	Ladybrand (dorp)	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Van der Merwe, P.F.	Fauresmith	A	Vanzijlspruit	Van der Merwe is op 27 Februarie 1900 te Paardeberg krygsgevange geneem.[39]
Van der Merwe, S.W.	Fauresmith	A	Midden Riet- en Grootrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Van der Post, C.W.H.	Fauresmith	A	Middenveld	Neem aan die oorlog deel en word op 13 September 1900 krygsgevange geneem. Na afloop van sy gevangeneming word hy deur die Britse magte op parool in die Kaapkolonie vrygelaat.[40]
Van Niekerk, J.H.	Jacobsdal	A	Onder Rietrivier	Van Niekerk was moontlik 'n lid van die Bloemfontein sub-komitee van die sentrale vredeskomitee.[41]
Van Niekerk, J.J.	Fauresmith	A	Boven Rietrivier	Van Niekerk was aan die begin van die oorlog 'n lid van die krygskommissie. Volgens C.R. de Wet het Van Niekerk die republikeinse saak getrou gebly.[42]
Van Rensburg, N.J.J.	Bethulie	T	Grootrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Venter, J.A.	Bloemfontein	A	Kafferrivier	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Viljoen, H.S.	Bethlehem	T	Wittebergen	Viljoen het hom as krygsgevangene vir die beëindiging van die oorlog beywer. Hy is later vrygelaat om in die konsentrasiekampe in Winburg en Kroonstad persone ten gunste van vrede te be-ïnvloed.[43]

38 Grundlingh, pp. 117, 134-135; J.G. Fraser, *Episodes in my life*, p. 289; Spies, p. 220.

39 Van Schoor (red.), "Hertzog", p. 25 (vn.).

40 Beyers (red.), 4, p. 727. Sien ook onderafdeling 3.2, hoofstuk 2, *supra*.

41 Beide Fraser en Grundlingh verwys na D.J.H. van Niekerk. Die naam in die eerste kolom is dié vermeld in die tweede sitting van die Volksraad in September 1899. Die veronderstelling is egter dat D.J.H. en J.H. van Niekerk een en dieselfde persoon is, aangesien Fraser uitdruklik verklaar dat D.J.H. van Niekerk 'n Volksraadslid was. Daarenteen vermeld De Wet uitdruklik dat J.J. van Niekerk van Fauresmith die oorlogspoging end-uit deurgemaak het. Fraser, p. 289; De Wet, p. 194. Sien ook Grundlingh, p. 117.

42 De Wet, p. 194; Malan, p. 141. Sien ook onderafdeling 3.2, hoofstuk 2, *supra*.

43 Grundlingh, pp. 145, 148, 179-180; Fraser, p. 289.

Viviers, H.J.	Winburg	T	Taaiboschspruit	Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Wessels, A.B.	Kroonstad	T	Midden Valschrivier	Wessels het hom op 1 Julie 1900 aan die oorlog onttrek. Gedurende November poog hy om die magte, onder bevel van C.R. de Wet, te oortuig om die wapens neer te lê en word in hierdie poging gevange geneem. Op 10 Januarie 1901 word Wessels deur 'n militêre hof aan hoogverraad skuldig bevind en ter dood veroordeel. Die vonnis is egter nie voltrek nie.[44]
Wessels, C.H.	Boshof	A	Modderrivier	Wessels was 'n lid van die Europese deputasie wat die saak van die twee republieke in Europa gestel het.[45]
Wessels, C.J.	Hoopstad	T	Hoopstad (wyk)	Wessels is aan die begin van die oorlog as hoofkommandant van die westelike afdeling verkies.[46] Geen verdere inligting kon gevind word nie.
Wessels, J.B.	Winburg	A	Winburg (wyk)	Wessels is op 14 Julie 1901 saam met ander lede van die regering krygsgevange geneem. Ten tyde van sy gevangeneming was Wessels 'n lid van die krygskommissie.[47]
Wessels, J.M.	Caledonrivier	A	Smithfield	Volgens die Britse hoë kommissaris het Wessels hom aan die kant van die bittereinders geskaar.[48]
Wessels, W.M.J.	Vrede	T	Kliprivier	Volgens C.R. de Wet het Wessels die republikeinse saak getrou gebly.[49]

44 *Further correspondence relating to affairs in South Africa* (Cd. 903), pp. 79 – 81; Grundlingh, pp. 130-134. Sien ook I.J.C. de Wet, *Met genl. De Wet op kommando*, pp. 74-80.

45 Van Schoor (red.), *De Wet*, p. 215 (vn.).

46 In die plek van Wessels is B.C. Greyling tot waarnemende kommandant van die Hoopstad-kommando verkies. *De Express*, 13.10.1899.

47 Grundlingh, p. 223. Sien ook onderafdeling 2.3, hoofstuk 4, *supra*.

48 Grundlingh, p. 407.

49 De Wet, p. 194.

Bronnelys

1. Argivale bronne

1.1 The National Archives, Londen, Kew (TNA)

1.1.1 Dominions Office (DO):

119/442: “Orange Free State: Administration of the territory after occupation by British forces / Proclamation by President Steyn refuting British claims to annexation of the territory”.

119/599: “Misc. unregistered lets [sic] & corespon [sic] including measures taken in consequence of annexation of O.R.Colony / Military & intelligence reports etc., etc. / Possibility of Kruger’s surrender”.

1.1.2 Foreign Office (FO):

881/7786X: “Translation of consular correspondence and other official document of the late Orange Free State found buried in the Orange River Colony”.

1.1.3 War Office (WO):

32/7998: “Overseas: South Africa: Boer War: Report by Lt General Sir A. Hunter on operations in Eastern districts of Orange River Colony, June 25 to Aug 1”.

32/8092: “Overseas: South Africa: Boer War: Translations of Boer documents and applications by Burghers for compensation, 1899-1902”.

105: “Telegrams and reports between Lord Roberts - Commander in the Field - Lord Roberts - Officials in South Africa”.

1.2 National Army Museum, Londen (NAM)

1975/05/19/1: “Diary of Cpt George Henry Kirton of the Sutherland Highlanders”.

1975/05/19/1: “Transcript of a diary kept by William George Mumford from 1st January to 21st October 1900 and covering his period of service with the City Imperial Volunteers in South Africa during the Boer War”.

1988/0/83/1: H.R. Kelhalm, “The 1st Battalion of the Highland Light Infantry in South Africa 1899-1902”.

7101/23/178: P.M. Botha en P. McDonald — J.G. Luyt, 18.5.1900 (brief).

1.3 National War Museum of Scotland, Edinburgh (NWMS)

Twee boeke met “MacDonald’s despatches”.

1.4 Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein (OMBR)

1679/1: “Herinneringe van J.W. Kok, kommandant van die Winburg-onderafdeling”.

1679/6: P.D. de Wet — C.R. de Wet, 11.1.1901 (brief).

1679/7: S.G. Vilonel — M.T. Steyn, 11.1.1902 (brief).

3559: P.H. de Villiers — Opsigter: Oorlogsmuseum, 9.10.1963 (brief); P.H. de Villiers, “'n Kort lewensskets van oorlede kommandant Paul Hendrik de Villiers van Ficksburg, O.V.S.”.

4128/42: S. Haasbroek, “Die oorgawe van generaal Prinsloo”.

4128/302: “Dagboek van my vader Gideon Francois Steyn gehou tydens Boere-Engelse oorlog (1899-1902)”.

4203/35: Dagboek van P.H. Fick.

4283/1: L.J. Greyling, “Reis jornaal [sic] naar Ceylon”.

4310/3: “Dagboek van 'n onbekende persoon”.

5141/12: I.H. de Villiers, “Reflections on Ficksburg”.

5301/1: C. Liebenberg, “De overgave te Witzeeshoek [sic] en ons reis na Ceylon”.

5777/3: “Reisjoernaal van I.D. Terblanché”.

5797/1: Dagboek van H.S. van der Walt.

6024: C.P. Pretorius, “Gedachtenes boek van my gevangenschap”.

6967: W.J. Kolbe, “Leevensgeschiedenis van generaal W.J. Kolbe”.

Röhn-versameling: “Bo-op en tussen die berge”; “Transvaaltoe [sic] en terug”.

Ander dokumente: Manuskrip voorberei met die oog op publikasie in die *Christiaan de Wet-annale*. Van Schoor, M.C.E. (red.), “Seven months of commando by Alfred Lester Thring”.

1.5 Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB)

1.5.1 Hertzog-versameling (A32):

1: Genl. Hertzog, 1890-1938, korrespondensie.

95: Genl. Hertzog, Anglo-Boereoorlog 1899-1902.

1.5.2 Kommandant-Generaal (KG):

715: Inkomende telegramme, 11 en 12 Oktober 1899.

854: Krygsraadnotule en krygshofstukke 1899-1901.

1.5.3 Leyds:

709/10: Versamelde oorlogstelegramme, Oktober-Maart 1900.

718/5: Versamelde oorlogstelegramme, Maart 1900.

719/1: Versamelde oorlogstelegramme, Maart 1900.

721/6: Versamelde oorlogstelegramme, April 1900.

728/7: Versamelde oorlogstelegramme, Julie 1900.

734: Buitengewone staatskoerant en oorlogsberigte te velde gedruk, Junie tot September 1900.

785/1: Oorlogstelegramme (afkomstig van jonkheer Sandberg, Maart-September 1900).

1.5.4 Olivier-herinneringe (A1237):

H. Olivier, “Herinneringe van mnr. Henning Olivier, seun van wyle genl. Jan Olivier van Olifantsbeen, dist. Zastron. So aan my vertel in Bloemfontein in 1940”.

1.5.5 Preller-versameling:

74: “Oorlogsherinneringe en korrespondensie”.

81: “Kommando geskiedenis, Anglo-Boereoorlog”.

1.5.6 Slegtkamp-versameling (A235):

Afskrifte van Slegtkamp se aantekeninge.

1.6 Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (VAB)

1.6.1 Fischer-versameling (A59):

9/4-7 Houer met oorlogskorrespondensie.

1.6.2 Goewermentsekretaris van die Oranje-Vrystaat (GS):

1512: “Brievenboek, staats-president, Maart 1865-July 1867”.

1660: “Brieven, onder Gouvts, Sekr: 12 Aug 1899-12 Dec 1899”.

1976: Korrespondensie: 1899.

2170: Korrespondensie: 1900.

1.6.3 Hooggeregshof (HG):

4/7/1/6: Uitsprake, September 1897-Maart 1900.

1.6.4 Oorlogmuseum-versameling (A155):

42/1: “Regter Jacob de Villiers”.

139: “H.J. Olivier, Ramoth, Jacobsdal”.

1.6.5 Uitvoerende Raad (UR):

17: Notule boek, 1899.

1.6.5 Renier-versameling (A119):

8: G.P. Kriek, “Oorgawe van Generaal Prinsloo 29 Julie 1900 en daarna”, 30.4.1949.

42: J.N. Brink — *Die Volksblad*, 17.6.1949, p. 2 (brief).

43: P.D. Potgieter — Renier, geen datum (brief).

52: T. Wessels — Stop van Myne, 25.6.1944 (brief).

63: G.T. Harmse en C. Henn, "Staatsdokumente".

519: Dagboek van J.C. van der Walt.

526: J.N. Brink, "Oorlogs herinneringe [sic] van Kolonel Corneel Johannes du Preez, D.T.D., D.S.O., oud-adjudant van president M.T. Steyn".

1056: I.A. Meyer, "Die ervaringe van 'n veldkornet in die Engelse oorlog 1899-1902", *s.a.*, *s.l*.

Roux-versameling (A305):

Twee houers met oorlogskorrespondensie, notules en herinneringe van P.H. Roux.

2. Staatspublikasies

2.1 Wette

2.1.1 OVS

Constitutie van den Oranje Vrijstaat soos gewysig in 1898.[1]

Wetboek van den Oranjevrijstaat, 1892.[2]

14/1894: *Verdeeling van het district Harrismith in wijken.*[3]

25/1894: *Wijks verklaring district Moroka*.[4]

13/1997: *Aanvulling van Hoofdstuk XL*.[5]

10/1899: *Krijgs- en Commandowet*.[6]

---

1 Die *Constitutie* soos vervat in die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* soos gewysig in 1898. Vir die wysigingswet, sien *De Constitutie* soos aangeheg tot die *Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad in zijne gewone jaarlijksche zitting aanvangende Maandag, den 4den April 1898*.

2 Bloemfontein: Oranjevrijstaatsche Nieuwsblad Maatschapij, 1892.

3 Soos aangeheg tot die *Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad gedurende de gewone zitting van het jaar 1894* (OVS).

4 *Ibid*.

5 Soos aangeheg tot die *Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad van den Oranje Vrijstaat in zijne gewone jaarlijksche zitting aanvangende op Maandag, den 5den April 1897.*

33/1899: *Wet omtrent het kiezen van Hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet*.[7]

34/1899: *Wet ter bestrijking van eenige kosten tijdens oorlog*.[8]

2.1.2 Zuid-Afrikaansche Republiek

20/1898: *Wet voor den krijgsdiens in de Zuid-Afrikaansche Republiek*.

2.2 Ander

Correspondence with the presidents of the South African Republic and of the Orange Free State respecting the war [Cd. 35]. Londen: Harrison and Sons, *s.a*.

Despatches by General Lord Kichener, dated 9th August, 8th September and 8th October, 1901, relative to military operations in South Africa, including a supplementary despatch, dated 18 October, on the actions at Itala Mount, Fort Prospect, and Moedwill [Cd. 820]. Londen: Harrison and Sons, 1901.

Despatch by General Lord Kichener, dated 23rd June 1902, relative to military operations in South Africa [Cd. 988]. Londen: Harrison and Sons: Londen, 1902.

Further correspondence relating to affairs in South Africa [Cd. 903]. Londen: Darling and Sons, 1902.

Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat: 11.10.1865; 17.1.1866; 24.1.1866; 28.1.1866; 31.1.1866; 9.3.1866; 16.3.1866; 13.4.1866; 20.4.1866; 13.10.1899; 20.10.1899; 27.10.1899; 3.11.1899; 10.11.1899; 17.11.1899; 24.11.1899; 15.12.1899; 29.12.1899; 9.2.1900; 23.2.1900; 9.3.1900; 12.3.1900; 27.3.1900; 29.3.1900; 30.3.1900; 10.4.1900; 27.4.1900; 11.5.1900; 15.5.1900; 28.5.1900.

Government Gazette of the Orange River Colony: 29.6.1900; 20.7.1900; 8.8.1901.

---

6 Soos aangeheg tot die *Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad in zijne gewone jaarlijksche zitting aanvangende Dinsdag, den 4den April 1899*.

7 *Ibid*.

8 *Ibid*.

Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad [1894, 1897, 1898, 1899, OVS]. *S.l.*: Sonder uitgewer, *s.a*.

Proclamations issued by Field-Marshal Lord Roberts in South Africa [Cd. 426]. Londen: Harrison and Sons, 1900.

South African War, 1899-1902. *Confidential telegrams, 12th October 1899-1 October 1902*. *S.l*: Sonder uitgewer, *s.a.*

Telegrams and letters sent by Field-Marshal Lord Roberts, K.P., G.C.B., V.C., & c., & c. 2 en 3. *S.l*: sonder uitgewer, *s.a*.

3. Hofuitsprake[9]

Celliers v The Queen (1877-1881) TS 237.

Het Gouvernement ca Gibson 1898 Cape Law Journal 1.

Lemkuhl v Kock 1903 ORC 73.

R v Celliers 1903 ORC 1.

R v De Wet 1915 OPD 157.

R v Endemann 1915 TPD 142.

R v Erasmus AD 1923 73.

S v Mayekiso and others 1988 (4) SA 838 W.

Van Deventer v Hancke and Mossop 1903 TS 401.

4. Koerante

De Bazuin: 17.7.1900; 24.7.1900.

De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad: 13.10.1899, 17.10.1899, 14.11.1899.

The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette: 17.10.1899.

9 Die hofuitsprake word in die tradisionele regsformaat weergegee. Die afkortings hierbo is soos volg: AD: Appellate Division Law Reports; OPD: Orange Free State Provisional Division Law Reports; ORC: Orange River Colony Law Reports; TPD: Transvaal Provisional Division Law Report; SA: South African Law Reports; TS: Supreme Court of the Transvaal Law Reports.

Utrechtsch Provinciaal en Stedelijk Dagblad: 30.9.1900.

Die Volksblad: 15.6.1926.

5. Boeke

Ackerman, M.F. *Die reg insake openbare orde en staatsveiligheid*. Durban: Butterworh, 1984.

Amery, L.S. (red.). *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 2-4. Londen: Sampson Low, Marston & Company, 1902-1906.

Ayala, B. *Three books on the law of war and on the duties connected with war and military discipline* [vertaal deur J.P. Bate]. Washington: Carnergie Institution of Washington, 1912.

Badenhorst, C.C.J. *Uit den Boeren-oorlog 1899-1902. Ervaringen en aanteekeningen van C.C.J. Badenhorst, ex-Asst.Hoofdcommd. der Westelijke Afdeeling van den Oranje-Vrijstaat.* Amsterdam: Höveker & Wormser, 1903.

Baker, S. *Halleck's international law or rules regulating the intercourse of states in peace and war* 1 en 2. Londen: Kegan Paul, Trench, Trübner & Co, 1893.

Baker, S. *First steps in international law.* Londen: Kegan Paul, Trench, Trübner & Co, 1899.

Barry, A. *Ons Japie: Dagboek gehou gedurende die Driejarige oorlog*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, *s.a*.

Baty, T. *International law in South Africa.* Londen: Stevens and Haynes, 1900.

Baty, T. *War: Its conduct and legal results.* Clark: The Lawbook Exchange, Ltd, 2005.

Bauman, R.A. *The crimen maiestatis in the Roman Republic and Augustan Principate*. Johannesburg: Witwatersrad University Press, 1967.

Beets A. en J.A.N. Knuttel. *Woordenboek van der Nederlandsche taal* 6. 's Gravenhage: Martinus Nijhof, 1912.

Belli, P. *A treatise on military matters and warfare in eleven parts* (vertaal deur H.C. Nutting). Buffalo: William S. Hein & Co., Inc., 1995.

Beyers, C.J. (red.) *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers, 1977.

Brand, C.E. *Roman military law*. Austin: University of Texas Press, 1968.

Beinart B. en P. van Warmelo. *D.G. van der Keessel praelectiones ad jus criminale lectures on criminal law* 2. Kaapstad: Juta & Company Limited, 1972.

Breytenbach, J.H. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 1 en 5. Pretoria: Staatsdrukker/Protea Boekhuis, 1969-2000.

Brink, J.N. *Ceylon en de bannelingen.* Amsterdam: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1904.

Brink, J.N. *Oorlog en ballingskap.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1940.

Boldingh, G. *Een Hollandsch officier in Zuid-Afrika: nagelaten geschriften van luitenant Gerrit Boldingh.* Rotterdam: B. van de Watering, 1903.

Churchill, W.S. *Ian Hamilton's march*. Londen: Longmans, Green and Co., 1900.

Creswicke, L. *South Africa and the Transvaal War* 6. Londen: Blackwoord, Les Bas & C, *s.a.*

Damhouder, J. *Practyke in criminele saecken*. Rotterdam: Van Waesberge, 1642.

Davitt, M. *The Boer fight for freedom*. New York: Funk & Wagnallis Company, 1902.

De Kock, W.J (red.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1. Pretoria: Nasionale Boekhandel Beperk, 1968.

De Vos, W. *Regsgeskiedenis*. Kaapstad: Juta & Kie, 1992.

Den Beer-Poortugael, J.C.C. *Krijgsgebruiken in den oorlog te land (oorlogsrecht) en de rechten der neutralen: handleiding voor officieren en ten*

dienste van het militair onderwijs. 's Gravenhage: De Gebroeders van Cleef, 1893.

De Wet, C.R. *De strijd tusschen Boer en Brit: De herinneringen van den Boerengeneraal Chr. de Wet* (25ste druk). Thielt: J. Lannoo, s.a.

De Wet, I.J.C. *Met genl. de Wet op kommando. S.l*: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1954.

De Wet, J.C. *Die ou skrywers in perspektief*. Durban: Butterworths, 1988.

De Wet J.C. en H.L. Swanepoel, *Die Suid-Afrikaanse strafreg* (2de uitgawe). Durban: Butterworths & Co. (Africa) Limited, 1960.

Decker, C.W. *Het Roomsch Hollandsch recht; beschreeven door Mr. Simon van Leeuwen in zyn leven subsituit griffier van den Hogen Rade van Holland, Zeeland en Westvriesland: waar in de Roomsche wetten, met het hedendaagsche Neerlandsch recht, in alles, dat tot de dagelyksche onderhouding kan dienen, met een byzonder kortheid, zo wel in de vaste rechtstoffen, als in de manier van rechtsvordering, overeengebragt werden*. Amsterdam: Te Houten, 1780.

Doolittle, D.H. *A soldier's hero*. Narragansett: Anawan Publishing Company, 1991.

Fraser, J.G. *Episodes in my life*, Kaapstad: Juta, 1922.

Gane, P. *The jurisprudence of my time (Heedensdaegse Rechtsgeleertheyt) translated from the fith edition by Percival Gane* 2. Durban: Butterworths & Co, 1939.

Gane, P. *The selective Voet being the commentary on the Pandects [Paris edition of 1829] by Johannes Voet [1647-1713] and the supplement to that work by Johannes van der Linden [1756-1835]* [vertaal deur P. Gane]. Durban: Butterworths, 1957.

Gilson, C.J.L. *History of the 1st Batt. Sherwood Foresters (Notts. And Derby Regt.) in the Boer War: 1899-1902*. Londen: Swan Sonnenschein & Co., Ltd, *s.a*.

Grobler, M.J. *Met die Vrystaters onder die wapen.* Bloemfontein: Nasionale Pers, *s.a*.

Grundlingh, A.M. *Die "hendsoppers" en "joiners": die rasionaal en verskynsel van verraad*. Pretoria: Protea Boekhuis, 1999.

Gunter, E. *Outlines of military law and customs of war with new tables*. Londen: William Clowes and Sons, 1897.

Hadley, P. *Doctor to Basuto, Boer & Briton 1877-1906: memoirs of Dr. Henry Taylor*. Kaapstad: David Philip, 1972.

Hall, W.E. *A treatise on international law* (5de uitgawe). Oxford: Clarendon Press, 1904.

Hancock W.K. en J. van der Poel. *Selections from the Smuts papers*. Cambridge: Cambridge University Press, 1966.

Headlam, C. *The Milner papers*. Londen: Cassell & Company Ltd, *s.a*.

Hefer, W.J. "Vlugtige sketse van oorlogsondervindinge en awonture van oud-luit. Willie J. Hefer" soos in Brink, *Oorlog en Ballingskap*.

Heyns, A.M. *Lewenskets van generaal ds. Paul H. Roux*. *S.l*: sonder uitgewer, 1930.

Hewett M.L. en B.C. Stoop. *On crimes: a commentary on Books XLVII and XLVIII of the Digest by Antonius Matthaeus J.C* [geredigeer en vertaal deur M.L. Hewett en B.C. Stoop] 2. Pretoria: UNISA, 1993.

Hintrager, O. *Met Steijn en de Wet op kommando: Een dagboek uit den oorlog in Zuid-Afrika: Uit het Duitsch.* Rotterdam: Nijgh & Van Ditmar, 1902.[10]

Hogendorp, D. *Verhandeling der lyfstraffelyke misdaaden en haare berchtinge, naar voorschrift des gemeenten rechts, getrokken uyt de schritften van den heer Benedictus Carpzovius, R.C. Raad van 't Keurvorstendom Saxen*. Rotterdam: Jan Daniel Beman, 1752.

Holland, T.E. *The laws of war on land (written and unwritten)*. Clark: The Lawbook Exchange, Ltd, 2009.

[10] Hierdie werk is anoniem gepubliseer. Dit is egter duidelik dat die werk 'n vertaling van die dagboek van O. Hintrager is en word daarom so in die proefskrif vermeld.

Hopkins, H.C. *Maar één soos hy: die lewe van kommandant C.A. van Niekerk*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers, 1963.

Hull, W.I. *The two Hague conferences and their contribution to international law*. Boston: Ginn & Company, 1908.

Hunt, P.M.A. *South African criminal law and procedure* 2. Kaapstad: Juta & Co., 1970.

Hunter, A. *Kitchener's sword-arm: The life and campaigns of General Sir Archibald Hunter G.C.B., G.C.V.O., D.S.O.* Staplehurst: Spellmount, *s.a*.

Joubert, C.P. *Romeinse reg vir regspraktisyns en akademici*. Kaapstad: IBEAR, 2004.

Juta, H. *Institutes of Holland or manual of law, practice and mercantile law, for the use of judges, lawyers, merchants, and all who wish to have a general view of the law* [vertaal deur H. Juta vanuit die oorspronklike Nederland]. Kaapstad: J.C. Juta & Co., 1891.

Kennedy, W.P.M. and H.J. Schlosberg. *The law and custom of the South African Constitution: a treatise on the constitutional and administrative law of the Union of South Africa, the mandated territory of South-West Africa, and the South African crown territories*. Londen: Oxford University Press, 1935.

Kestell, J.D. *Christiaan de Wet: 'n lewensbeskrywing.* Kaapstad: De Nationale Pers, 1920.

Kestell, J.D. *Met de Boeren-commando's: mijne ervaringen als veldprediker.* Amsterdam: Boekhandel voorheen Höveker & Wormser, *s.a*.

Kotze, J.G. *Simon van Leeuwen's commentaries on Roman-Ducth law. Revised and edited, with notes in two vols. by C.W. Dekcker* [vertaal deur J.G. Kotze]. Londen: Stevens en Haynes, 1886.

Lombard, P.S. *Uit die dagboek van 'n wildeboer. S.l.*: sonder uitgewer, s.a.

Kritzinger, P.H. en R.D. McDonald, *In the shadow of death*. Londen: William Clowes, 1904.

Malan, J. *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*. Pretoria: J.P. van der Walt, 1990.

Maritz, M. *My lewe en strewe*. Pretoria: Manie Maritz, 1938.

Marquard, L. (red.). *Letters from a Boer parsonage: letters from Margaret Marquard during the Boer War*. Kaapstad: Pur Nell, 1967.

Maurice, F. (red.) *History of the war in South Africa 1899-1902* 3. Londen: Hurst & Blackett Limited, 1908.

Mommsen, T., P. Krueger en A. Watson (reds.). *The Digest of Justinian* 4. Philadelphia: University of Pennsylvania Press, 1985.

Montgomery, B.L. *The memoirs of Field-Marshal the Viscount Montgomery of Alamein, K.G.* Londen: Collins, 1958.

Mousourakis, G. *The historical and institutional context of Roman law.* Aldershot: Ashgate Publishing Limited, 2003.

Neff, S.C. *War and the law of nations*. Cambridge: Cambridge University Press, 2007.

Oberholster, A.G. (red.). *Dagboek van Jan F.E. Celliers*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1978.

Odendal F.F. en R.H. Gouws. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor, 2000.

Oppenheim, L. *International law: a treatise* (2de uitgawe). Londen: Longmans, Green & Co., 1912.

Pakenham, T. *The Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers, 1979.

Pearce Higgins, A. *The Hague Peace Conferences and other international conferences concerning the laws and usages of war: texts of conventions with commentaries*. Cambridge: Cambridge University Press, 1909.

Penning, L. *De oorlog in Zuid-Afrika: de strijd tusschen Engeland en de verbonden Boeren-republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschetst* 3. Rotterdam: D.A. Daamen, *s.a*.

Phillipson, C. *Termination of war and treaties of peace*. Clark: The Law Book Exchange, 2008.

Pienaar, P. *With Steyn and De Wet* (tweede uitgawe). Londen: Methuen, 1902.

Preller, G.S. *Kaptein Hindon: Oorlogsaventure van 'n baas verkenner*. Pretoria: J.L. van Schaick, 1916.

Pretorius, F. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (2de uitgawe). Kaapstad: Human & Rousseau, 1999.

Raath, A.W.G. *De la Rey: 'n stryd vir vryheid*. Brandfort: Kraal-Uitgewers, 2007.

Reitz, D. *Commando: a Boer journal of the Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers, 1998.

Rompel, F. *Marthinus Theunis Steijn*. Amsterdam: L.J. Veen, *s.a*.

Scholtz, L. *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2003.

Scholtz, G.D. *Die Konstitusie en die staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902.* Amsterdam: N.V. Swets & Zietlinger Boekhandel & Uitgeversmaatschappij, 1937.

Shanor, C.A. en T.P. Terrell. *Military law in a nutshell*. St. Paul: West Publishing Co, 1980.

Snyman, C.R. *Strafreg* (derde uitgawe). Butterworths: Durban, 1992.

Snow, F. *International law: Lectures delivered at the Naval War College*, Washington: Government Printing Office, 1895.

Spaight, J.M. *War rights on land*. Londen: Macmillan and Co. Limited, 1911.

Spies, S.B, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics January 1900-May 1902*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers (Pty) Ltd, 2001.

Spies, S.B. en G. Nattrass. *Jan Smuts: memoirs of the Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers, 1999.

Spruit, J.E., R. Feenstra en F.B.J. Wubbe. *Corpus Iuris Civilis: teks en vertaling* 6. Zutphen: Walburg Pers, 2001.

Stamperius, J. *Met generaal de Wet in 't veld: de strijd tusschen Boer en Brit: den Boerengeneraal C.R. de Wet naverteld.* Amsterdam: Boekhandel, *s.a*.

Van Apeldoorn, L.J. *Inleidinge tot de Hollandsche rechts-geleerdheid beschreven bij Hugo de Groot met aantekening van Mr. S.J. Fockema Andreae* 1. Arnhem: S. Gouda Quint, 1939.

Van Bynkershoek, C., *A treatise on the law of war translated from the original Latin of Cornelius van Bynkershoek being the first book of his Quaestiones juris publici*. Clark: The Lawbook Exchange, 2008.

Van Zyl, D.H. *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse reg*. Durban: Butterworth, 1979.

Van den Heever, C.M. *Generaal J.B.M. Hertzog.* Johannesburg: A.P.-Boekhandel, 1944.

Van der Linden, J. *Institutes of the laws of Holland by Johannes van der Linden, LL.D., and judge of the court of the first instance at Amsterdam*. Londen: J & W.T. Clarke, 1828.

Van der Merwe, N.J. *Marthinus Theunis Steyn: 'n lewensbeskrywing* 1 en 2. Kaapstad: Nationale Pers, 1921.

Van Everdingen, W. *De oorlog in Zuid-Afrika: een beschrijving,* Tweede Tijdvak 1 en 2. Delft: Technische Boekhandel en Drukkerij J. Waltman jr, 1915 en 1920.

Van Hasselt, J.J. *Verhandelingen over de misdaden en der zelver straffen voor een groot gedeelte opgestelt by wylen Mr. Johan Moorman*. Leyden: Jacob Meerburg en Hendrik Hoogenstraaten, 1779.

Van Rensburg, T. (red.). *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger: 1899-1902.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977.

Van Schoor, M.C.E. (red.). *Die stryd tussen Boer en Brit: die herinneringe van die Boere-generaal C.R. de Wet.* Kaapstad: Tafelberg, 1999*.*

Van Zyl, P.H.S. *Die helde-album: verhale en foto's van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd.* Johannesburg: Die Afrikaanse Pers Boekhandel, 1944.

Ver Loren van Themaat, H. *Twee jaren in den Boerenoorlog.* Haarlem: Tjeenk Willink & Zoon, 1903.

Wessels, A. *Lord Roberts and the war in South Africa*. Sparkford: Sutton Publishing Limited, 2000.

Wessels, A. *The phases of the Anglo-Boer War: 1899-1902*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1998.

Wessels. A. (red.). *Lord Roberts and the war in South Africa 1899-1902*, Stroud: Sutton Publishing Limited for the Army Records Society, 2000.

Wilson, H.W. *After Pretoria: the guerilla war: the supplement to "With the flag to Pretoria"* 3. *S.l*: Amalgamated Press, Limited, 1902

Wilson, K. (red.). *The international impact of the Boer War*. New York: Acumen, 2001.

6. Tydskrifartikels

Black, F.R. "The termination of hostilities", *American Law Review* 62, 1928, pp. 248-256.

Coertze, L.I. "Hoogverraad of *perduellio* as species van *crimen majestatis imminutae*", *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 1, 1937, pp. 274-285.

Coetzee, J.H. (red.). "H.S. van der Walt: Oorlogsdagboek", *Christiaan de Wet-annale* 8, November 1990, pp. 109-153.

Cohan, J.A. "Legal war: when does it exist, and when does it end?", *Hastings International & Comparative Law Review* 27, 2003-2004, pp. 221-318.

Gonin, H.L. "Perduellio", *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, Mei/Augustus 1951, pp. 1-33.

Greenidge, A.H.J. "The conception of treason in Roman law", *Jurical Review* 7(3), 1895, pp. 233-240.

Henning, J.J. "Die *occupatio* van *res hostiles*", *Meditationes Medii* 2, 1970, pp. 50-55.

Henning J.J. en J.H. de Bruin, “Enkele opmerkings oor die *privilegia militum* voor, tydens en na afloop van die Anglo-Boereoorlog”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), Mei 2002, pp. 167-183.

Hewett A. en J. Hallebeek. “The prelate, the praetor and the professor: Antonius Matthaeus II and the *crimen laesae majestatis*, Utrecht 1639-1640”, *Tijdschrift voor Rechtsgeschiedenis* 66, 1998, pp. 115-150.

Holdsworth, W.S. “Martial law historically considered”, *The Law Quarterly Review* 18(2), 1902, pp. 117-137.

Kelsen, H. “The international legal status of Germany to be established immediately upon termination of the war”, *American Journal of International Law* 38, 1944, pp. 689-694.

Marshall, T.W. “The law of treason under the Roman Empire”, *Law Magazine and Law Review*, 1896-1897, pp. 33-40.

Martins, C.E. “The legal position of war and neutrality during the last twenty-five years”, *American Society of International Law Proceedings* 25, 1931, pp. 137-167.

McClellan, W. “Response to the paper of C.C. Shears, ‘Some legal implications of unconditional surrender’”, *American Society of International Law Proceedings* 39, 1945, pp. 53-54.

Oberholster, J.J. (red.). “Dagboek van Oskar Hintrager: Saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900”, *Christiaan de Wet-annale* 2, Oktober 1973, pp. 3-146.

Oppenheim, L. “The legal relations between an occupying power and the inhabitants”, *Law Quarterly Review* 33, 1917, pp. 363-370.

Oppenheim, L. “On war treason”, *Law Quarterly Review* 33, 1917, pp. 266-286.

Pollock, F. “What is martial law”, *Law Quarterly Review* 18(2), 1902, pp. 152-158.

Pretorius, F. “Die eerste dryfjag op Hoofkmdt. C.R. de Wet”, *Christiaan de Wet-annale* 4, Oktober 1976, pp. 1-220.

F. Pretorius, “Kommentaar op ‘Die strategiese oogmerke van genl. C.R. de Wet tydens die eerste dryfjag: Julie-Augustus 1900’”, *Historia* 22(1), Mei 1977, pp. 20-26.

Richards, H.E. “Martial law”, *Law Quarterly Review* 18(2), 1902, pp. 133-142.

Robinson, T.R. “Treason in Roman law”, *Georgetown Law Journal*, 1919-1920, pp. 14-31.

Scholtz, L. “Die strategiese oogmerke van genl. C.R. de Wet tydens die eerste dryfjag, Julie-Augustus 1900”, *Historia* 22(1), Mei 1977, pp. 12-19.

Scholtz W.L von R. en I.M.E. Scholtz (reds.). “Dagboek van C.J. Asselbergs”, *Christiaan de Wet-annale* 5, Oktober 1978, pp. 1-64.

Shears, C.C. “Some legal implications of unconditional surrender”, *American Society of International Law Proceedings* 39, 1945, pp. 44-52.

Tansill, C.C. “The termination of war by mere cessation of hostilities”, *Law Quarterly Review* 38, 1922, pp. 26-37.

Van Schoor, M.C.E. (red.). “‘Dagboek’ van Rocco de Villiers en bylaes, 3”, *Christiaan de Wet-annale* 3, Oktober 1975, pp. 3-103.

Van Schoor, M.C.E. (red.). “Dagboek van Hugo H. Van Niekerk”, *Christiaan de Wet-annale* 1, Oktober 1972, pp. 1-207.

Van Schoor, M.C.E. (red.). “The diaries and recollection of Jacob Abraham Jeremias de Villiers”, *Christiaan de Wet-annale* 8, November 1990, pp. 3-106.

Van Schoor, M.C.E. (red.). “Gen. J.B.M. Hertzog’s war experiences”, *Christiaan de Wet-annale* 10, Oktober 2000, pp. 1-68.

Van Rensburg, A.P.J. “Die skandkol wat nie wou toegroei nie”. *Huisgenoot*, 8 Augustus 1969, pp. 18-21.

Van Tonder, J.J. “Generaal Marthinus Prinsloo”, *Taalgenoot* 46(12), November 1977, pp. 14, 37.

Wessels, A. “Die fases van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): 'n Funksionele indeling”, *Acta Academica* 23(2), Mei 1991, pp. 52-79.

Wessels, A. “Lord Roberts en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): 'n kritiese evaluering van sy opperbevelhebberskap na verloop van 'n honderd jaar”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), Mei 2002, pp. 45-67.

Wessels, A. (red.). “Die oorlogsherinneringe van kommandant Jacob Petrus Neser”, *Christiaan de Wet-annale* 7, Maart 1988, pp. 1-130.

Westlake, J. “The South African railway case and international law: a reply”, *Law Quarterly Review* 21, 1905, pp. 335-339.

7. Verhandelinge en proefskrifte

Delport, P.J. “Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog”. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1972.

Haasbroek, J. “Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat: 1885-1924”. Ph.D-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.

Henning, J.J. “Die ontwikkeling en toepassing van die privileges verleen deur die Moratoriumwet, 1963: 'n regshistoriese en regsvergelykende ondersoek”. LL.D-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1990.

Klerck, R.A. “De toepassings van het oorlogsrecht in den Fransch-Duitschen oorlog van 1870-1871”. Proefskrif, Rijksuniversiteit Leiden, 1878.

Pretorius, F. “Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet”. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975.

Scholtz, W.L. von R. “Generaal Christiaan de Wet as veldheer”. D.Lit-proefskrif, Rijksuniversiteit Leiden, 1978.

Swemmer, T.P.E. “Die geskiedenis van die Vrystaatse artillerie”. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1953.

Van Emden, D.S. “Bijdrage tot de geschiedenis der verzachting van het oorlogsrecht te land in de negentiende eeuw”. Proefskrif, Rijksuniversiteit van Leiden, 1875.

Van Heerden, J.J. “Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek”. Proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1949.

Van der Westhuizen, G. “J. Voet: Die militêre reg uit die oorspronklike Latyn vertaal”. Verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1988.

Van der Westhuizen, G. “Johannes Voet se De Jure Militari: 'n Hermeneutiese evaluasie”. Proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1995.

Visser, G.R. “Pres. M.T. Steyn se rol in die Anglo-Boereoorlog”. Verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1977.

Wessels, A. “Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase”. Proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.

8. Brosjures

Wessels, A. *Militêre krygstrategie tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): 'n herbesinning.* Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing XXX, Pretoria, 19 September 2001.

Keywords

Anglo-Boer War

Surrender of the Orange Free State forces

International law

Law of war

Legality of British proclamations

Illegal acts

Crimes

Reasons for surrender

Consequences of surrender

Opsomming

Hierdie studie handel met die oorgawe van die konvensionele magte van die Oranje-Vrystaat (OVS) aan die Britse magte op 30 Julie 1900. Die oorgawe mag moontlik die einde van die bestaan van die OVS as staatkundige entiteit beteken deurdat daar geargumenteer kan word dat daar in hierdie tyd aan die vereistes vir verowering voldoen is. Die studie handel uit 'n regshistoriese perspektief met die gebeure aanleidend tot die oorgawe, die oorgawe as sodanig en die gevolge daarvan. Daar word voorts ook in die studie gehandel met beweringe van hoogverraad en ander misdade in die aanloop tot die oorgawe, sowel as bewerings van onwettige handelinge voortspruitend uit die oorgawe.

Summary

This study investigates the surrender of the conventional forces of the Orange Free State (OFS) to the British forces on the 30th July 1900. The surrender might signify the end of the existence of the OFS as a state, and implied that the British forces had successfully conquered the OFS. The study provides a legal historical perspective on the events that led to the surrender, the surrender itself and its consequences. The study further explores allegations of high treason, as well as other crimes committed, and allegations of illegal acts with regard to the surrender.